# AWEREGS

## DIE RUSTELOSE LEWE VAN BEN VILJOEN

1868–1917

deur
Willem Carel van der Merwe

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Wysbegeerte (Geskiedenis)
in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
aan die Universiteit Stellenbosch

Promotor: Prof. Albert Mauritz Grundlingh

Desember 2018

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

# VERKLARING

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore óf in die geheel óf gedeeltelik ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Desember 2018

Kopiereg © 2018 Stellenbosch Universiteit
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# OPSOMMING

Hierdie proefskrif is ’n kritiese vertolkende biografie van Barend (later Benjamin) Johannes Viljoen, wat in 1868 in Temboeland, Suid-Afrika gebore is en in 1917 in die Amerikaanse deelstaat Nieu-Mexiko op 48-jarige ouderdom aan natuurlike oorsake oorlede is. Ben Viljoen het ná sy aankoms as arm 18-jarige trekboerseun in die Zuid-Afrikaansche Republiek binne twaalf jaar van ’n gewone konstabel tot joernalis, koeranteienaar, kommandant van die Johannesburgse kommando en lid van die Tweede Volksraad vir die Johannesburg kiesafdeling geklim. Tydens die Anglo-Boereoorlog het hy aan talle veldslae deelgeneem en is hy tot veggeneraal en assistent-kommandant-generaal van die Transvaalse magte bevorder. Aan die begin van 1902 is hy gevange geneem en na St. Helena verban.

Ná verskeie onsuksesvolle pogings om hom ná die oorlog in die Transvaalkolonie te vestig, was Viljoen die mede-organiseerder van en ’n deelnemer aan die Boereoorlogskouspel by die 1904 St. Louis World’s Fair. Hierna het hy in die VSA agtergebly en met ’n Amerikaanse vrou getrou nog voor sy egskeiding in Suid-Afrika afgehandel was. Ná ’n onsuksesvolle poging van hom en “generaal” Willem Snyman om ’n Boerekolonie in die noorde van Mexiko tot stand te bring, het Viljoen en ander Afrikaners hulle aan die einde van 1905 in die suidwestelike Amerikaanse deelstaat Nieu-Mexiko gevestig, waar hulle suksesvolle lusernboere geword het. Hier het Viljoen ook aktief deelgeneem aan die plaaslike gemeenskapslewe en staatspolitiek. In 1911 was hy tydens die Mexikaanse revolusie ’n militêre adviseur van die revolusionêre leier (en latere Mexikaanse president) Francisco Madero, wat hom daarna as vredeskommissaris onder die Yaqui Indiane van Mexiko aangestel het. Ná ’n kortstondige aanstelling as ’n Mexikaanse konsul in Duitsland het hy saam met prominente Amerikaanse kapitaliste by verskeie komplotte betrokke geraak om ’n Mexikaanse deelstaat te probeer verower, iets waarvoor hy in 1915 in Kalifornië gearresteer is.

Hierdie proefskrif is gebaseer op uitgebreide primêre navorsing in Suid-Afrika, Nederland, Brittanje, Mexiko en die VSA. Dit dra daartoe by om die onderstrominge in Afrikanergeledere en Afrikanernasionalisme in die eerste paar jaar ná die oorlog te belig. In die geheel beskou is hierdie biografie van Ben Viljoen ’n herbeskouing van die heersende sienings oor hoe die Boereleiers by die naoorlogse bestel aangepas het. Dit ondersoek ook die strategieë wat Viljoen gebruik het om hom in die Zuid-Afrikaanse Republiek, Mexiko en die VSA te vestig en opgang in daardie lande te maak. Deur Viljoen se lewe en die invloede wat hom gevorm het, te ondersoek, poog hierdie proefskrif om meer lig op daardie tydperk te werp en sodoende ’n meer genuanseerde begrip van die Suid-Afrikaanse verlede te bevorder.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# ABSTRACT

This thesis is a critical interpretative biography of Barend (later Benjamin) Johannes Viljoen, who was born in Thembuland, South Africa in 1868 and died in New Mexico, USA in 1917 at the age of 48 from natural causes. After his arrival at the age of eighteen in the South African Republic as a the eldest son of a poor migrant farming family, Ben Viljoen rose within twelve years from an ordinary policeman to a journalist, newspaper owner, commandant of the Johannesburg commando and member of the *Tweede Volksraad* (Second House of Assembly) for the Johannesburg constituency. During the Anglo-Boer War he participated in numerous engagements and was promoted to general and assistant commandant-general of the Transvaal forces. He was captured at the beginning of 1902 and banished to St. Helena.

Following several unsuccessful attempts to establish himself in the Transvaal Colony after the war, Viljoen was the co-organiser of and a participant in the Boer War Spectacle at the 1904 St. Louis World's Fair. Afterwards he remained in the USA and married an American woman even before his divorce in South Africa was finalised. After an unsuccessful attempt by him and "general" Willem Snyman to establish a Boer colony in northern Mexico, Viljoen and other Afrikaners settled at the end of 1905 in the southwestern American state of New Mexico where they became successful alfalfa farmers. Here Viljoen played an active role in the local community life and state politics. During the Mexican revolution in 1911 he acted as a military adviser to the revolutionary leader (and later Mexican president) Francisco Madero, who afterwards appointed him as peace commissioner to the Yaqui Indians of Mexico. After a short appointment as a Mexican consul in Germany he was involved in several filibustering attempts in northern Mexico with prominent American capitalists.

This thesis is based on extensive primary research in South Africa, the Netherlands, Britain, Mexico and the USA. It contributes to an understanding of the undercurrents in the ranks of the Afrikaners and Afrikaner nationalism during the first few years after the war. Considered as a whole this biography of Ben Viljoen is a re-evaluation of the prevailing notions of how the Boer leaders adapted to the post-war dispensation. It also examines the strategies that Viljoen used to establish and further himself in the South African Republic, Mexico and the USA. By examining Viljoen's life and the influences that formed him, this thesis seeks to throw more light on that period and thus promote a nuanced understanding of the South African past.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# ERKENNINGS

Hierdie proefskrif sou nie moontlik gewees het sonder die ondersteuning van talle persone en instansies nie. My besondere waardering aan my promotor, prof. Albert Grundlingh, nie net vir sy bereidwilligheid om my as student te aanvaar nie, maar ook vir sy volgehoue ondersteuning en betekenisvolle insigte en kommentaar. ’n Groot woord van dank ook aan prof. Charles van Onselen, wat my in verskeie gesprekke en e-posse ryke stof tot nadenke oor die proses van geskiedskrywing gegee het. Dan is ek oneindige dank verskuldig aan die onderskeie kleinkinders en agterkleinkinders van Ben Viljoen wat my in hul huise verwelkom het en hul familieversamelings aan my beskikbaar gemaak het. In die VSA was hierdie nasate Joy Koekemoer van High Bridge, New Jersey; Benjamin Viljoen III van Fallon, Nevada; Michele Bottaro van Santa Rosa, Kalifornië; en Barbara Fonseca van Pacific Grove, Kalifornië. In Suid-Afrika was hulle Eleanor Mego in Roodepoort en Wesley Wiseman in Oos-Londen. Waar my opinies in hierdie proefskrif oor Ben Viljoen hulle mag kwets, vra ek by voorbaat om verskoning.

Dank ook aan Nicol Stassen en dr. Arnold van Dyk, wat my van waardevolle inligting en wenke voorsien het, asook toegang tot hul privaatversamelings gegee het. Spesiale melding moet gemaak word van prof. Andrew Offenburger van Oxford University in Ohio, wat oor jare uitgebreide navorsing oor die Boerekolonies in Mexiko en die VSA gedoen het en geredelik sy navorsing met my gedeel het. Verder het hy my gehelp om met van Ben Viljoen se Amerikaanse nasate in verbinding te tree en om my weg in Mexiko te vind. Dank is dan ook verskuldig aan Noé Casas Rodríguez en Benjamín Alonso, wat my geduldige Mexikaanse gidse en tolke in onderskeidelik Chihuahua en die Yaquivallei was. René Tripp was van groot hulp met die opspoor van dokumente in Mexikaanse argiewe en die vertaling daarvan. Mary Penner van Nieu-Mexiko het gehelp met die verkryging van dokumente en inligting in Nieu-Mexiko, Missouri en Kalifornië. In Pretoria het Derick Griessel en Liesl du Preez vir my dokumente in die Staatsargief in Pretoria op kort kennisgewing opgespoor en gekopieer wanneer ek nie daar kon uitkom nie. Dr. Ria Smit het geduldig en bekwaam soms moeilike leesbare Nederlandse briewe en dokumente vir my ontsyfer en vertaal. Ander persone wat ook kommentaar op verskillende dele van die proefskrif gelewer het, of op ander maniere gehelp het, sluit in prof. Fransjohan Pretorius, prof. Lou-Marie Kruger, dr. Lindie Koorts, Dianne Coetzee, Maydene de Villiers, Karen Minnaar, Selby Vorster, Braam Botha, Karen Stein Daniel, Judith Mason en Shiko Boxman. Dankie ook aan John Hall vir die opstel van die kaarte. ’n Studie soos hierdie sou ook nie moontlik gewees het sonder die hulp van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bekwame personeel van talle argiewe en biblioteke in Suid-Afrika, Nederland, Brittanje, Mexiko en die VSA nie. Hulle name is te veel om hier te noem, maar my opregte dank aan ’n ieder en elk.

Hierdie studie is gebaseer op navorsing wat gedeeltelik deur die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika ondersteun is (toekenningsnommer 110798), waarvoor ek my dank uitspreek. Nieteenstaande hierdie finansiële bystand is alle opinies in hierdie proefskrif egter my eie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# INHOUDSOPGAWE

Lys van afkortings in verwysings.......................................................... III

Lys van kaarte ......................................................................... V

Lys van fotos's......................................................................... VI

Inleiding.................................................................................. 1

Hoofstuk 1 – Swerfboere (1868 – 1889)........................................... 10

Hoofstuk 2 – Duiwelsdorp (Okt 1889 – Jan 1896).............................. 31

Hoofstuk 3 – Goue jare (Feb 1896 – Sep 1899)................................... 48

Hoofstuk 4 – Kommandant (Okt 1899 – Jun 1900) .............................. 76

Hoofstuk 5 – Veggeneraal (Jul 1900 – Feb 1901) ............................... 101

Hoofstuk 6 – Strydmoeg (Mar 1901 – Jan 1902)................................. 120

Hoofstuk 7 – Krygsgevangene (Feb 1902 – Jun 1902).......................... 142

Hoofstuk 8 – Lojale vyand (Jul 1902 – Nov 1902)................................ 161

Hoofstuk 9 – Nuwe wêrelde (Des 1902 – Mei 1903).............................. 190

Hoofstuk 10 – Laaste besoek (Jun 1903 – Nov 1903)............................ 209

Hoofstuk 11 – Terugslae (Des 1903 – Mei 1904)................................. 227

Hoofstuk 12 – Boeresirkus (Jun 1904 – Jan 1905)................................ 248

Hoofstuk 13 – 'n Nuwe lewe (Feb 1905 – Des 1905)............................. 270

Hoofstuk 14 – Opgang in Nieu-Mexiko (Jan 1906 – Okt 1910)................. 286

Hoofstuk 15 – Revolusie (Nov 1910 – Jun 1911)................................... 310

Hoofstuk 16 – Onder die Indiane (Jul 1911 – Apr 1912)......................... 331

Hoofstuk 17 – Invalide (Mei 1912 – Sep 1913)..................................... 354

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 18 – Komplotte in Kalifornië (Okt 1913 – Mar 1915)........................................ 371

Hoofstuk 19 – Laaste trekke (Apr 1915 – Jan 1917)......................................................... 391

Hoofstuk 20 – Ben Viljoen in perspektief............................................................................ 408

Bronnelys.............................................................................................................................. 422

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# LYS VAN AFKORTINGS IN VERWYSINGS

| | |
|---|---|
| **AGN** | Archivo General de la Nación, Mexikostad. |
| **AHGE** | Archivo Historico 'Genaro Estrada', Secretaria de Relaciones Exteriores, Mexikostad. |
| **AHGES** | Archivo Historico del Gobierno del Estado de Sonora, Hermosillo, Mexiko. |
| **BF-versameling** | Barbara Fonseca-versameling, Pacific Grove, Kalifornië. (Kleindogter van Ben Viljoen.) |
| **BJV-versameling** | Benjamin Johannis Viljoen III-versameling, Fallon, Nevada, VSA. (Agterkleinseun van Ben Viljoen.) |
| **BOI** | Bureau of Investigation. (Voorganger van die huidige Amerikaanse FBI.) |
| **BNM** | Biblioteca Nacional de México, Mexikostad. |
| **CC** | The Claremont College, Honnold/Mudd Library, Special Collections, Claremont, Kalifornië. |
| **Cd** | British Parliament Command Paper. |
| **CJC** | Archives of the Central Judicial Commission, Transvaal. |
| **CO** | Colonial Office Records. |
| **CS** | Archives of the Colonial Secretary, Transvaal. |
| **CT** | Archives of the Colonial Treasurer, Transvaal. |
| **EM-versameling** | Eleanor Mego-versameling, Roodepoort. (Agterkleindogter van Ben Viljoen.) |
| **FO** | Foreign Office Records. |
| **GOV** | Archives of the Private Secretary of the Governor. |
| **HC** | Archives of the High Commissioner for South Africa. |
| **JV-versameling** | Jeanine Viljoen-versameling, Santa Rosa, Kalifornië. (Afgestorwe kleindogter van Ben Viljoen.) |
| **LAJ** | Archives of the Legal Assistant to the Military Governor, Johannesburg. |
| **LD** | Archives of the Law Department, Transvaal. |
| **MEM** | Privaatsekretaris van genl. L. Botha. |
| **MHS** | Missouri Historical Society, St. Louis. |
| **MM** | Archives of the Secretary of Mines. |

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

| | |
|---|---|
| **NARA** | National Archives and Records Administration, Washington. |
| **NGKSA** | NG Kerk in SA Argief, Stellenbosch. |
| **NMSRCA** | New Mexico State Records Center & Archives, Santa Fe, Nieu-Mexiko. |
| **PMO** | Archives of the Provost Marshal at the Army Headquarters. |
| **SAB** | Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria. |
| **SHCP** | Secretaria de Hacienda y Credito Publico, Mexikostad. |
| **SP** | Argief van die Staatsprokureur van die ZAR. |
| **SS** | Argief van die Staatsekretaris van die ZAR. |
| **TAB** | Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria. |
| **TNA** | The National Archives, Londen. |
| **TPD** | Office of the Sheriff of the Transvaal. |
| **UCT** | University of Cape Town. |
| **UZKN** | University of KwaZulu-Natal. |
| **WLD** | Archives of the Witwatersrand High Court, Transvaal. |
| **WW-versameling** | Wesley Wiseman-versameling, Oos-Londen. (Agterkleinseun van Ben Viljoen.) |
| **ZTPD** | Supreme Court of the Transvaal. |

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# LYS VAN KAARTE[1]


1. Kaapkolonie en Transkei (1868 – 1886)……………………………………………. 11
2. Transkei………………………………………………………………………….... 16
3. Noord-Natal gevegsarea………………………………………………………….. 78
4. Vaalkrans (5 – 7 Feb 1900)………………………………………………………. 88
5. Noord- en Oos-Transvaal……………………………………………………… 104
6. Oos-Transvaal bevelsarea……………………………………………………... 121
7. St. Helena……………………………………………………………………… 147
8. VSA en Mexiko – Plekke van belang (1902 – 1917) …………………………… 198
9. Chihuahua en Nieu-Mexiko…………………………………………………… 271
10. La Hacienda Santa Rosalia……………………………………………………….. 275
11. Die Mesillavallei………………………………………………………………. 289
12. Sonora…………………………………………………………………………….. 333
13. Die Yaquivallei………………………………………………………………... 338
14. Baja Kalifornië en Kalifornië……………………………………………….…... 374


[1] Alle kaarte is deur die kartograaf John Hall saamgestel deur gebruik te maak van 'n aantal hedendaagse en historiese bronne wat deur die skrywer verskaf is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# LYS VAN FOTO'S

1. Die ingang na die grot waar Ben gebore is…… 13
2. Lady Grey doopregister…… 14
3. Die NG Kerk op Robertson…… 21
4. Hedendaagse omgewing van Varkiesdraai…… 23
5. Markstraat in Johannesburg 1887…… 28
6. 'n Jong Ben in Johannesburg…… 30
7. Eugène Marais…… 36
8. Ben en Lenie met Wynand Eugène…… 37
9. Douglas Blackburn…… 42
10. Die jong redakteur en koeranteienaar…… 45
11. Ben in sy deftige Vrywilligerskorpsuniform…… 50
12. Ben se drie jonger broers…… 58
13. Miss May Belfort…… 69
14. Die nuwe volksraadlid vir Johannesburg en sy gade…… 73
15. Kmdt.-genl. Piet Joubert…… 85
16. Ben en ander Boereoffisiere by Kliprivier in Noord-Natal…… 87
17. Wynand, Ben en Jan in Roodepoort…… 91
18. Kmdt. Chris Muller…… 111
19. Kmdt.-genl. Botha en lord Kitchener by Middelburg…… 118
20. Luit.-genl. sir Bindon Blood……;;…… 128
21. Kmdt.-genl. Louis Botha…… 130
22. Ben en offisiere in Pelgrimsrus…… 132
23. Ben en kapt. A.J. Bester kort ná hul gevangenisneming…… 138
24. Ben se sakboekie met koeëlgat bo regs…… 141
25. Lord Kitchener…… 143
26. Broadbottom-kamp…… 148
27. Ben en metgeselle by Myrtle Grove…… 151
28. Ben en metgeselle op St. Helena…… 154
29. Ben en metgeselle by Rose Cottage…… 157
30. Ben se getrouheidseed…… 159
31. Ben in Stellenbosch…… 163
32. Ben en Willem Snyman …… 168
33. Dr. W.J. Leyds…… 173
34. Ben se toespraak by Queen's Hall…… 176
35. Ben in Londen…… 180
36. Joseph Chamberlain…… 185
37. Edward Reeve Merrit, Willem Snyman en Marshall Bond…… 187
38. Ben op een van sy vele skeepsreise in 1902 en 1903…… 190
39. Pres. Porfirio Díaz…… 199
40. May Belfort…… 208
41. Lenie en Minnie Viljoen…… 213
42. Lord Milner…… 215
43. Arthur Waldo Lewis…… 222
44. Frank Fillis…… 223
45. Die berigte wat al die moeilikheid veroorsaak het…… 230
46. VSA visitekaartjie…… 233
47. Pres. Teddy Roosevelt…… 234
48. Myrtle Dickerson…… 236
49. Tentkamp van deelnemers aan Boereoorlogskouspel…… 242
50. Die swartes se kraal in St. Louis…… 244

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

51. Alice Roosevelt langs Ben in sy vlootuniform…………………………………………... 245
52. Kmdt. J.N. Boshoff, genl. Piet Cronjé, Ben en kmdt. G.M. van Dam…………………… 249
53. Geveg by Colenso tussen Boere en Britte……………………………………........... 250
54. Genl. Cronjé gee nogmaals oor by Paardeberg……………………………………... 250
55. ’n Boer ontstnap deur die Britse linies………………………………………………… 251
56. Genl. Piet Cronjé tree in die eg………………………………………………………... 253
57. Ben voor sy tent in die St. Louis Boerelaer…………………………………………… 260
58. May op ’n perd…………………………………………….……………………….... 264
59. May ransel Ben af…………………………………….……………………………….. 267
60. Myrtle en haar ma………………………………………………………………….... 273
61. Boere aan die skoffel by Santa Rosalia…………………………………………….... 276
62. Hedendaagse toneel by Santa Rosalia…………………………………………………. 278
63. Enrique Creel…………………………………………………………………………….. 279
64. Hedendaagse lugfoto van ’n gedeelte van die Mesillavallei……………………………... 283
65. Ben se ouers in die Mesillavallei……………………………………………………… 290
66. Lusernboerdery op Goodhope Ranch………………………………………………… 291
67. Plaashuis op Goodhope Ranch…………………………………………………….... 292
68. Getekende foto 1908…………………………………………………………………... 297
69. Hedendaagse uitsig oor dorpsplein vanaf ligging van Ben se La Mesa huis…………….. 299
70. John Hays Hammond…………………………………………………………………….. 303
71. Francisco Madero………………………………………………………………………… 311
72. Felix Martinez……………………………………………………………………………. 313
73. Pancho Villa……………………………………………………………………………… 314
74. Ben en Madero buite Juárez……………………………………………………………… 318
75. Na die slag van Juárez……………………………………………………………………. 322
76. Dan de Villiers…………………………………………………………………………… 324
77. Eerste vergadering in Mexikostad met die Yaquis………………………………………. 335
78. Die Hotel Albin en hawe van Guaymas…………………………………………………... 336
79. Hedendaagse foto van Yaquivallei en Bacateteberge……………………………………. 339
80. Ben en goew. Maytorena…………………………………………………………….... 343
81. Luit. Jack Malan……………………………………………………………………….…. 344
82. Ben en die Yaqui-afvaardiging………………………………………………………... 347
83. Straat waar Ben en Myrtle in Breslau gewoon het………………………………………. 360
84. Uitsig oor Karlsbad……………………………………………………………………… 362
85. Die sanatorium in Bad Reichenhall waar Ben meer as ’n maand deurgebring het………. 364
86. Harry Chandler en genl. Harrison Gray Otis…………………………………………….. 372
87. Kol. Estaban Cantú………………………………………..………………………….. 376
88. Hoofkantoor van die C-M Ranch, Calexico……………………………………………... 380
89. Advertensie in *El Paso Herald*…………………………………………………………... 381
90. Hedendaagse foto van oorspronklike Albion Apartments gebou in Los Angeles……… 384
91. Hedendaagse foto van Ben en Myrtle se oorspronklike huis in Sierra Madre…………… 393
92. Sierra Madre in die tyd toe Ben daar gewoon het……………………………………... 397
93. Een van die laaste fotos wat van Ben geneem is…………………………………..…….. 403

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# INLEIDING

My belangstelling in genl. Ben Viljoen het uit die navorsing vir my boek, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* ontstaan.[1] In hierdie proses het ek in die Staatsargief in Pretoria op 'n brief afgekom wat ene dr. Emil Schulz kort ná die afloop van die Anglo-Boereoorlog aan dr. W.J. Leyds, voormalige staatsekretaris asook buitelandse gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), gestuur het. Schulz het Leyds hierin meegedeel dat hy deur 'n afgesant van lord Alfred Milner, goewerneur van die Transvaalkolonie, ingelig is dat genl. Ben Viljoen by die Britse owerheid in Suid-Afrika vir 'n aanstelling in die Transvaalkolonie se nuwe polisiediens aansoek gedoen het.[2] Dit was vir my eienaardig, aangesien Viljoen in sy boek *An exiled general* (1906) verklaar het dat hy na Amerika geëmigreer het omrede hy ná die Anglo-Boereoorlog nie onder Britse heerskappy wou leef nie en dus geweier het om die getrouheidseed aan die Britse koning af te lê.[3] Indien Schulz se stelling waar was, het dit skynbaar Viljoen se verklaarde beweegrede heeltemal weerspreek, iets wat uitgeroep het om verder ondersoek te word. My belangstelling is ook geprikkel deur Sonja Loots se bekroonde roman *Sirkusboere*, waarin sy haar interpretasie van Viljoen se deelname aan die Boereoorlogskouspel by die 1904 St. Louis World's Fair onderhoudend weergegee het. Sy het ook sydelings na sy latere deelname aan die Mexikaanse revolusie en aanstelling as Mexikaanse konsul in Duitsland verwys.[4] Dit het die vraag by my laat ontstaan oor hoe dit gebeur het dat 'n Afrikaner van sy era by sulke uiteenlopende gebeure in verskeie ander lande betrokke geraak het.

Die vertrekpunt met hierdie proefskrif was om 'n kritiese vertolkende werk oor Ben Viljoen se lewe te skryf. Dit sluit aan by 'n tendens in Afrikaner-historiografie sedert die 1980's om Afrikanernasionalisme te demitologiseer deur die herinterpretasie van bestaande en ontginning van nuwe primêre bronne.[5] My navorsing en gevolgtrekkings word as 'n biografie aangebied,

[1] C. van der Merwe, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 1915).
[2] TAB, Leyds-argief, vol. 314 (II), G1132, dr. E. Schulz – dr. W.J. Leyds, 23 Augustus 1902.
[3] B.J. Viljoen, *An exiled general* (St. Louis: A. Noble Printing Company, 1906), 44.
[4] S. Loots, *Sirkusboere* (Kaapstad: Tafelberg, 2011).
[5] L. Korf, 'D.F. Malan: a political biography' (DPhil-tesis, Universiteit Stellenbosch, 2010), 6-7.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat deur talle historici vir lank as 'n minderwaardige vorm van geskiedskrywing beskou is, alhoewel daar in die vorige eeu uitstekende biografiese bydraes op die gebied van die Suid-Afrikaanse geskiedenis was.[6] In hoofsaak het strukturele interpretasies van die geskiedenis egter hoogty gevier en is die rol van die individu grootliks as onbelangrik geag. Met die krisis in Marxisme en strukturalisme het biografiese herbesinning egter gedurende die laaste twee dekades van die twintigste eeu weer na die kern van historiografie teruggekeer.[7] Renders en De Haan meen dat die tydvak van strukturele interpretasies aan die kwyn is, en dat historici al hoe meer aandag begin skenk aan die bydraes wat persoonlike agtergronde tot die studie van geskiedenis kan maak.[8] Soos F.A. Mouton dit stel:

> The crucial contribution of biography is that it humanizes history as it reflects life – its heroism, nobility, endurance, folly, ignorance, weaknesses and brutality. For the British biographer, Michael Holroyd, biographers are the messengers of the dead calling to us out of the past, asking to be heard, remembered and understood. As G.M. Trevelyan hauntingly summarized it: "The poetry of history lies in the quasi-miraculous fact that once, on this earth, once on this familiar ground walked other men and women, as actual as we are today, thinking their own thoughts, swayed by their own passions, but now all gone, one generation vanishing into another, gone as utterly as we ourselves shall shortly be gone, like ghosts at cockcrow." [9]

Kennis is geneem van die post-modernistiese benadering tot biografie wat deur skrywers soos Peter Ackroyd en Adam Phillips gevolg word.[10] Maar soos 'n historikus opmerk: "For a 'conventional' historian, such as myself, postmodernism risks emptying every historical biography of the past life it is supposed to present by freely creating a life that may or may not mirror the one dead figure selected as a case study. It is neither the narrative nor the literary

---

[6] Sien byvoorbeeld W.K. Hancock, *Smuts: The sanguine years 1870-1919* (Cambridge, Engeland: Cambridge University Press, 1962) en P, Lewsen, *John X. Merriman: Paradoxical South African statesman* (New Haven, Conn: Yale University Press, 1982).

[7] S. Loringa, 'The role of the individual in history: Biographical and historical writing in the nineteenth and the twentieth century' in H. Renders and B. De Haan, *Theoretical discussions of biography: Approaches from history, microhistory, and life writing* (Lewiston, New York: The Edwin Mellen Press, 2013), 113, 119-132.

[8] Renders, *Theoretical Discussions of Biography,* 3.

[9] F.A. Mouton, "The good, the bad and the ugly": Professional historians and the political biography of South African parliamentary politics, 1910 – 1990, *Journal for Contemporary History* (University of the Free State, vol. 36, No. 1, June 2011), 74.

[10] Sien byvoorbeeld P. Ackroyd, *The last testament of Oscar Wilde* (Londen: Hamish Hamilton, 1983) en A. Phillips, *Becoming Freud: The making of a psychoanalyst* (Yale: Yale University Press, 2014).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

form that is at stake, but the fact that, as all 'pomo' critics recall, there is no past in the content of that (pseudo)history'.[11]

Hierdie biografie volg daarenteen die konvensionele benadering, en sover moontlik volgens die riglyne wat Renders en De Haan vir 'n ideale biografie uiteensit. "[It] is well written, with a form that owes to journalism. It must make it also clear that a life can only be understood in its relation to a whole historical context. The research methodology must include use of all available resources, with oral sources approached in an even-handed way, and every assertion substantiated by a source, which is the norm both in journalism and history. The subject's private life should be used to explain and provide context for what is public…A good biographer does not strive towards comprehensiveness: there is nothing so dull as the biographer who tries to incorporate every fact that has been collected". Die Victoriaanse biograaf Lytton Strachey se vermaning is ook in gedagte gehou, naamlik dat 'n biografie met 'n verteller sonder 'n duidelike standpunt soos 'n 'very large heap of sawdust' lyk, en dat 'uninterpreted truth like buried gold' is. Ag is ook geslaan op die uitgangspunt van Richard Holmes, die bekroonde Britse biograaf, vir wie biografiese geskiedskrywing rus op die "subliminal battle of imagination between subject and biographer".[12]

Die formaat en struktuur wat gebruik is, is dié van 'n chronologiese biografie waarin verskillende temas naatloos saamgevleg is. 'n Literêre styl is gebruik, maar wat ten alle tye deur bronmateriaal ondersteun word. Die beoordeling en kritiek van verskillende bronne is in die voetnotas gedoen om te verhoed dat die vlotheid van die narratief versteur word. Verder is hierdie werk hoofsaaklik in die teenwoordige tyd geskryf om dit so leesbaar moontlik te maak. Die onderwerp van 'n biografie is 'n mens se lewe, en die gebruik van die teenwoordige tydvorm leen hom myns insiens beter daartoe om die dinamiese vloei van 'n lewe uit te beeld. Hierdie benadering word ook deur talle vooraanstaande Afrikaanse biograwe gebruik.[13] Die gebruik van die verlede tydvorm in 'n biografie neig daarenteen om 'n lewe baie staties uit te beeld. Verder is die onvermydelike en herhaaldelike gebruik van die "het" hulpwerkwoord en die "ge" + werkwoord-samevoeging in 'n biografie dikwels lomp en steurend. Soos Renders en De Haan opmerk word dit nou algemeen aanvaar dat 'n biograaf sy werk so interessant en

---

[11] J.M. Sardica, 'The content and form of "conventional" historical biography', *Rethinking History: The Journal of Theory and Practice*, 17-3 (2013), 391.
[12] Renders, *Theoretical discussions of biography,* 60.
[13] Sien byvoorbeeld L. Rousseau, *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2005); E. Dommisse, *Sir David Pieter de Villiers Graaf: die erfridder van De Grendel* (Kaapstad: Tafelberg, 2001); J.C. Kannemeyer, *JM Coetzee: 'n geskryfde lewe* (Johannesburg: Jonathan Ball, 2012).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

leesbaar moontlik moet aanbied, en dat dit eerder sy of haar navorsing is "that is a proper subject of critical discussion".[14]

Die bestaande gepubliseerde literatuur (uitgesonderd algemene boeke oor die ABO en J.W. Meijer se biografie[15]) oor Ben Viljoen kan rofweg in drie kategorieë met wisselende grade van betroubaarheid verdeel word. Die eerste is grotendeels hagiografiese artikels en hoofstukke in boeke geskryf deur nasionalistiese historici, en het titels soos 'Met God en die Mauser', 'Hoera vir Ben Viljoen!', 'Die Viljoens in die VSA', 'Boere-generaal maak revolusie in vreemde land', en 'Die merkwaardige Viljoen'.[16] Terwyl hierdie werke wel nuttige (maar soms teenstrydige) inligting bevat, is daar weinig poging tot kritiese vertolking en ook 'n gebrek aan voetnotas met naspeurbare bronne, wat hulle dus van mindere waarde vir 'n historikus of biograaf maak. Daar is ook groot gapings wat Viljoen se latere lewensjare betref. Gustav Preller se 'Met God en die Mauser" is 'n uitsondering wat die verheerliking van Viljoen betref, aangesien hy wel kritiese kommentaar oor laasgenoemde se optrede tydens die Anglo-Boereoorlog gelewer het.

Die tweede kategorie is artikels geskryf deur Ben Viljoen en sy jonger broer Jan, asook twee boeke deur eersgenoemde.[17] Hierdie bronne is waardevol in sekere aspekte, maar moet ook omsigtig benader word. Vanselfsprekend verswyg hierdie werke inligting wat negatief op die skrywers daarvan mag reflekteer. 'n Voorbeeld hiervan is Ben Viljoen se 1906-boek *An exiled general*, wat onder andere handel oor sy doen en late ná die oorlog en waarin hy belangrike inligting verswyg het, soos sy rol in die Boereoorlogskouspel by die St. Louis World's Fair in 1904 en sy egskeiding en mislukte verhuising na Mexiko die volgende jaar. Hy het hierin ook onwaarhede vertel soos oor wanneer en hoekom hy besluit het om na die VSA te emigreer, en oor sy kwansuise weiering om die eed van getrouheid aan Brittanje af te lê.

---

[14] Renders, *Theoretical Discussions of Biography,* 1, 65, 80-81.
[15] J. W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen, 1868-1917* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2000).
[16] G. Preller, 'Met God en die Mauser', *Die Brandwag*, 20 Januarie 1917; 'Hoera vir Ben Viljoen!' en 'Die Viljoens in die V.S.A.' in H.C. Viljoen, *Viljoen-Gedenkboek* (Stellenbosch: Viljoen-Familiebond, 1977), 111-123; D.W. Krüger, 'Boere-generaal maak revolusie in vreemde land', *Die Huisgenoot,* 25 Januarie 1974 asook 'Die merkwaardige Viljoen', in C.J.S. Strydom (samesteller), *Afrikaners in die vreemde* (Kaapstad, Tafelberg, 1976), 243-254. Krüger was ook verantwoordelik vir Ben Viljoen se biografiese inskrywing in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* Vol IV (Durban en Pretoria: Butterworth & Kie, 1981).
[17] B.J. Viljoen, *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-oorlog* (Amsterdam: W. Versluys, 1902), asook *An exiled general* (St. Louis: A. Noble Printing Company, 1906). Vir artikels sien Viljoen, B.J. en Viljoen, J.C. in bronnelys.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die derde kategorie is artikels oor spesifieke gebeure in Viljoen se naoorlogse lewe,[18] of boeke oor algemene aangeleenthede soos die Boereoorlogskouspel by die 1904 St. Louis World's Fair en die Boere-nedersettings in Mexiko en Nieu-Mexiko.[19] Geen samehangende geheelbeeld van Viljoen se naoorlogse lewensloop kan egter uit 'n bestudering van hierdie skrywes gevorm word nie. Van hulle bevat egter goed gedokumenteerde bronne wat met vrug opgevolg kon word.

J.W. Meijer se 1993 D Phil-tesis 'Generaal Ben Viljoen, 1868-1917'[20] wat later ook as 'n boek uitgegee is, was die eerste vollengte werk wat Viljoen as onderwerp gehad het. Terwyl Meijer uitstekende navorsing oor Viljoen se doen en late in die vooroorlogse ZAR en tydens die Anglo-Boereoorlog gedoen het, het hy erken dat hy nie 'n volledige biografie geskryf het nie. Eerstens kon hy nie primêre bronne in Mexiko en die VSA nagaan nie, waar Viljoen 'n groot deel van sy volwasse lewe deurgebring het. Dit is dan opmerklik dat slegs sowat 20 van die 300 bladsye van Meijer se boek handel oor Viljoen se lewensloop ná die oorlog, 'n tydperk wat ongeveer die helfte van sy volwasse lewe beslaan. Hieroor het een resensent opgemerk dat dit jammer is, 'want sonder dié avontuurlike draai is sy storie bra dun',[21] terwyl 'n ander van mening was dat hierdie gedeelte van Meijer se werk vergeleke met die res daarvan swak nagevors is.[22] Tweedens het prof. H.C. Viljoen, wat in besit is van persoonlike dokumente van Ben Viljoen wat deur sekere van laasgenoemde se nasate aan hom toevertrou is, geweier om dit aan hom beskikbaar te stel, soos ook aan hierdie skrywer 25 jaar later.[23]

---

[18] Sien byvoorbeeld A. Offenburger, 'A Boer colony in Mexico, 1902-1905', *Bulletin of the National Library of South Africa*, 69/1, 2015, asook 'Cultural imperialism and the romanticized frontier: From South Africa and Great Britain to New Mexico's Mesilla valley', *Amerikastudien/American Studies,* 54/4, 2014; C.D. Maluy, 'Boer colonization in the Southwest', *New Mexico Historical Review*, LII/2, 1977; L.D. Taylor Hansen, 'La colonizacion Boer en Chihuahua y el suroeste de Estados Unidos, 1903-1917', *Historia Mexicana*, 12/2, 2002, asook 'Benjamin J. Viljoen y la pacificación de Los Yaquis, 1911-12' in Universidad de Sonora (red.), *XXI Simposia de Historia y Antropologia de Sonora: Memoria: Sonora y la región,* 1996; Anoniem, 'Boere-Viljoen tuis in Amerika', *Suid-Afrikaanse Panorama*, November 1961; Anoniem, 'Viljoen and his Boers in New Mexico', *Collier's Weekly*, 45, 1910; J.D. Eaton, 'The Boer colony in Mexico: An interesting Christian settlement and its bearing on the future', *The Congregationalist and Christian World,* 90/48, 1905; J. A. Honeij, 'Boers in Mexico', *The Tufts College Graduate,* II/1 (1904), 1-3 en M. Morris, 'Boer general's brave new world', *The Argus*, 30 November 1994 en

[19] F. van der Merwe, *Die Boere-Sirkus van St. Louis (1904)* (Stellenbosch: FJG Publikasies, 2012) en B.M. du Toit, *Boer settlers in the Southwest* (El Paso: Texas Western Press, 1995).

[20] J.W. Meijer, 'Generaal Ben Viljoen, 1868-1917' (D Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1993).

[21] A. van Wyk, 'Viljoen dalk na dese nie 'n held', *Beeld,* 16 April 2001.

[22] B. Theron, 'Remembering the Anglo-Boer War', *Kleio,* 33/2001, 140.

[23] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 13 (voetnota 2, brief, H.C. Viljoen – J.W. Meijer, 2 Februarie 1990); E-pos van H.C. Viljoen aan skrywer, 7 Augustus 2015. As rede hiervoor het prof. H.C. Viljoen aan hierdie skrywer gemeld dat hy al lank beplan om 'n biografie van Ben Viljoen te skryf.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

’n Ander punt van kritiek wat teen Meijer se boek gerig kan word, is dat hy die tydperk 1890 tot 1900, ’n kritieke vormingstydperk in Viljoen se vroeë volwasse jare in die ZAR, tematies eerder as chronologies aangepak het. Hierdie periode beslaan sowat ’n derde van sy boek. Alhoewel Meijer beweegredes hiervoor gehad het, is dit vir die doeleindes van ’n samehangende biografie verwarrend wanneer dieselfde jare van Viljoen se lewe in verskillende hoofstukke bespreek word. Die leser verloor die draad van Viljoen se lewensloop en dit is moeilik om ’n geheelbeeld van sy karakter op enige gegewe tydstip te vorm. ’n Lewe verloop chronologies en die wisselwerking van verskillende faktore op enige gegewe tydstip vorm ’n mens se karakter en die handelinge wat daaruit voortspruit. ’n Verdere hindernis is Meijer se beoordeling van bronne in die teks self, wat aan die narratief se vlotheid afbreuk doen.

Soos Meijer uitwys, het Viljoen nooit ’n volksheld geword nie, alhoewel al die noodsaaklike elemente daarvoor in sy lewensloop aanwesig skyn te gewees het.[24] Viljoen was ’n prominente jonger generaal in die Boeregeledere; Fransjohan Pretorius wys daarop dat dit juis hierdie jonger leiers was wat ná die oorlog die nuwe politieke elite van die Afrikaners gevorm het, en in die eerste dekade van die twintigste eeu ’n Afrikanernasionalisme gedryf het wat minder republikeins was, maar geensins minder vurig nie.[25] Viljoen het groot politieke ambisies gehad en is kort voor die uitbreek van die oorlog as die Johannesburgse lid van die Tweede Volksraad verkies. Maar ná die oorlog het hy nie die politieke rol in Suid-Afrika ingeneem wat sy vooroorlogse posisie en rol as bekende Boeregeneraal oënskynlik vir hom bestem het nie, en het hy eerder besluit om na Mexiko en daarna die VSA te emigreer. Meijer antwoord egter nie bevredigend die allerbelangrike vraag hoekom Viljoen dan nie sy regmatige naoorlogse rol ingeneem het nie maar eerder die land verlaat het.[26] Alhoewel Meijer verwys na wrywing tussen Viljoen en ander prominente Boeregeneraals soos Louis Botha, Koos de la Rey en Christiaan Smuts, het hy hierdie aspek nie verder ondersoek nie.[27]

Albert Grundlingh wys daarop dat Afrikanerhistorici in die 1980’s van die gebruiklike beskrywings van die Boere se militêre operasies na ’n meer genuanseerde prentjie begin beweeg het.[28] Maar oor die bittereinder-Boeregeneraals bestaan daar oor die algemeen nog die stereotipiese beeld van leiers wat altyd slegs ten belang van volk en vaderland opgetree het, en wat ná die oorlog te alle tye teen die Britse koloniale owerheid verenig was. Hierdie biografie

[24] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 11.
[25] F. Pretorius, ‘Afrikaner nationalism and the burgher on commando’ in G. Cuthbertson, A. Grundlingh and M. Suttie (eds.), *Writing a wider war* (Athens: Ohio University Press, 2002), 79-80.
[26] Theron, *Remembering the Anglo-Boer War,* 140.
[27] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 247-248.
[28] A. Grundlingh, ‘The war in twentieth-century Afrikaner consciousness’ in Omissi, D. and Thompson, A.S. (eds.), *The impact of the South African War* (Basingstoke: Palgrave, 2002), 26-29.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

dra daartoe by om die onderstrominge in Afrikanergeledere en Afrikanernasionalisme in die eerste paar jaar ná die oorlog te belig en nog ’n venster op hierdie traumatiese tydperk in die Afrikaner se geskiedenis oop te maak. In die geheel beskou is hierdie biografie ’n herbeskouing van die lewe van ’n Boeregeneraal en heersende sienings oor hoe die Boereleiers by die naoorlogse bestel aangepas het. Dit ondersoek dus ook die strategieë wat Viljoen gebruik het om hom in die ZAR, Mexiko en die VSA te vestig en opgang in daardie lande te maak.

My navorsing vir *Donker stroom – Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* het my laat besef dat biograwe en historici soms onbewustelik belangrike feite oorsien, of selfs doelbewus ignoreer wanneer dit ongunstig op hul onderwerp reflekteer, of nie by die geheelbeeld inpas wat hulle wil skep nie. Ek het dus waar ek dit nodig geag het vorige skrywers se bronne oor Ben Viljoen weer nagegaan en soms herinterpreteer. In talle gevalle het hierdie revisionistiese proses dan ook nuwe leidrade en primêre bronne na vore gebring wat verder nagevolg kon word. In sommige gevalle het ek egter staatgemaak op wat reeds breedvoerig nagevors is, soos die veldslae waarby Ben Viljoen betrokke was, en word die leser na daardie werke verwys.

Met die tekortkominge en hindernisse in Meijer se navorsing oor Ben Viljoen se naoorlogse lewensloop in gedagte, het ek Nederland, Brittanje, Mexiko en die VSA besoek om nuwe primêre bronne in argiewe, biblioteke en familieversamelings van Viljoen se nasate te ontgin. Terwyl verskeie van Ben Viljoen se nasate my oor kwansuise insidente in sy lewe vertel het, het ek gou besef dat ek nie van hierdie mondelingse getuienis gebruik kan maak nie. Van die familiestories het duidelik nie met die bewese feite gestrook nie, of is oor geslagte heen ooglopend verdraai of aangedik. Viljoen was in sy tyd ’n bekende figuur in Europa, Mexiko en die VSA, en daar is ook met groot vrug van aanlyn- en fisiese argiewe van daardie lande se historiese koerante gebruik gemaak. Verder word van ’n biograaf vereis om sy of haar verbeelding te gebruik om insae in die leefwêreld van sy of haar onderwerp te probeer verkry. Soos Richard Holmes het hierdie skrywer dan ook letterlik die voetspore van sy onderwerp in Suid-Afrika, Mexiko en die VSA gevolg met die doel “to produce the living effect, while remaining true to the dead fact.”[29]

[29] Renders, *Theoretical Discussions of Biography*, 80-81.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Nota aan die leser**

Die era waarin Ben Viljoen geleef het, was 'n tydperk waarin min wittes "die natuurlike meerderwaardigheid van die Europeërs" bevraagteken het.[30] Ben Viljoen was 'n man van sy tyd, en in sy werke en korrespondensie het hy soms rassistiese en neerhalende terme gebruik wanneer hy na swartes en die Yaqui Indiane (laasgenoemde onder wie hy in 1911/1912 in Mexiko werksaam was) verwys het, en wat vandag aanstootlik is. Vir historiese akkuraatheid is hierdie terme behou, met [sic] daarna bygevoeg. Waar aanhalings uit Engelse en Nederlandse brondokumente verskaf word, is dit vir doeleindes van egtheid in die hoofsaak onvertaald gelaat in die aanname dat 'n Afrikaanse leser dit sal kan verstaan. Waar spelwyses in aanhalings vreemd aandoen, kan aanvaar word dat dit brongetrou is.

Die benaming "Suid-Afrikaanse Oorlog" vandag toenemend vir die stryd tussen die twee Boererepublieke en die Britse ryk gebruik om erkenning daaraan te gee dat hierdie stryd die hele bevolking van veral die twee Boererepublieke betrek het. So het derduisende swart en bruin Suid-Afrikaners dan ook in die konsentrasiekampe gesterf, asook in verskeie hoedanighede by al twee kante aangesluit. Maar uit Ben (en sy teenstanders) se oogpunt was dit 'n "witmansoorlog" tussen Boer en Brit, en word die benaming "Anglo-Boereoorlog" dus in hierdie werk gebruik, sonder enige bedoeling om die ander deelnemers se rol gering te skat of te ignoreer. Wat betref die verloop en veldslae van die Anglo-Boereoorlog, omvangryke onderwerpe waaroor daar al breedvoerig geskryf is, word slegs in meer besonderhede bespreek sover dit Ben Viljoen se doen en late betrek.

Die koopkrag en wisselkoerse van geldeenhede was relatief stabiel gedurende die jare wat Ben in Suid-Afrika, Brittanje, Nederland, Mexiko en die VSA deurgebring het, aangesien dié lande se geldeenhede almal aan die goudstandaard gekoppel was. Hierdie lande het egter in die jare daarna hul geldeenhede van die goudstandaard ontkoppel en weens inflasie het die koopkrag van geld sedertdien geweldig afgeneem. Die omvang van die bedrae wat in hierdie proefskrif genoem word, kan onderskat word tensy 'n mens poog om dit in hedendaagse randwaardes uit te druk. Dit word bereken dat £1 in daardie jare gelykstaande aan ongeveer R1 000 vandag is.[31] In die jare wat Ben Viljoen in die buiteland was, het £1 sowat vyf

[30] C. de Wet en E. van Heyningen, E. (reds.), *Seleksies uit die briewe van President M.T. Steyn, 1904-1910* (Kaapstad: Van Riebeeck-Vereniging, 2017), xxiv.
[31] Van der Merwe, *Donker stroom*, ix-x. Hierin word 'n volledige uiteensetting van hierdie berekening gegee.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Amerikaanse dollars[32] en 12.5 Nederlandse gulden gekoop.[33] Op sy beurt het \$1 twee Mexikaanse peso's gekoop.[34] Ek het hierdie verhoudings gebruik om in sommige gevalle waar 'n bedrag in destydse ponde, gulden, dollars of peso's genoem word, ook die bedrag in vandag se geld tussen hakies aan te dui. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie hedendaagse waardes weens die lang verloop van tyd slegs 'n baie rowwe beraming is.

Bladsynommers van bronne word sonder "p." vooraan gegee, buiten waar hierdie konvensie verwarring sou kon veroorsaak weens opeenhoping van syfers in bv. argief-versamelings.

[32] 'Tables of historical exchange rates to the United States dollar', Wikipedia (geraadpleeg op 16 Mei 2018).
[33] 'Wisselkoersen 1900', http://www.nederlandsepoezie.org/jl/1900/geldwaarde.html#wisselkoersen (geraadpleeg op 16 Mei 2018).
[34] R. W. Vincent, 'Mexico today and tomorrow: An outline of her present earning power and future possibilities of her railroad systems' (New York: The New York News Bureau Association, 1906), 10.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 1

# SWERFBOERE

## (1868 – 1889)

### Temboeland

Op Maandag, 7 September 1868[1] gee Ben sy eerste asemteug in ’n groot grot.[2] Die ander bewoners van die grot is Ben se 27-jarige pa en sy 24-jarige ma, Wynand en Sannie, asook sy drie susters, Mimmie, Hennie en Sannie, onderskeidelik ses, vier en twee jaar oud.[3] Hul blyplek is in ’n klofie op hul huurplaas aan die voet van die Drakensberg, langs ’n sytak van die Slangrivier. Die uitsig vanaf die heuwel bokant die grot is pragtig: hoër op is die berg met sy eienaardige sandsteenformasies, na benede ’n golwende groen landskap sover die oog kan sien.[4] Die Viljoens bevind hulle nou net duskant die Kaapkolonie se oosgrens in Temboeland, ’n onafhanklike land onder die heerskappy van die jong opperhoof Ngangelizwe en die tuiste van sowat honderdduisend van sy onderdane. Temboeland strek ongeveer 120 km van die Stormberge in die weste tot by die Umtatarivier (huidige Mthatharivier) in die ooste,

[1] NGKSA, Lady Grey doopregister 1854-1876.

[2] Die inligting dat hy in ’n grot gebore is, het Ben in ’n latere outobiografiese artikel verskaf (B.J. Viljoen, ‘In the days of my youth: Chapters of an autobiography’, *Otago Witness* (Dunedin, Nieu-Seeland), 28 Januarie 1903). Soos in hierdie proefskrif sal blyk moet Ben se latere vertellinge oor sy lewe met omsigtigheid benader word, maar sy oudste seun Wynand Eugène het ook van sy pa se geboorte in hierdie grot by Ben se broer Jan gehoor (JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota G). Eugène het vir baie jare beoog om ’n biografie van sy pa te skryf. Deur sy lewe het hy notas hiervoor gemaak, gebaseer op wat hy by sy pa en ander familielede uitgevind het. Hierdie notas is deur sy dogter Jeanine alfabeties gelys.

[3] Ben se ouers se ouderdom is bepaal volgens hul ouderdom ten tye van hul huwelik. (Sien voetnota 7 hierna.) Sy susters se ouderdom is uit hul dooprekords afgelei (NG Kerk Moedergemeente Robertson, doopregister 1854-1876). Maria Elizabeth Johanna (Mimmie) gebore 13 April 1862, Hendrina Catharina (Hennie) gebore 7 Mei 1864, Susanna Magdalena (Sannie) gebore 13 Februarie 1866.

[4] Ben het in sy outobiografiese artikel gemeld dat die dorpie Elliot later op sy pa se voormalige plaas “Slang River” tot stand gekom het (B.J. Viljoen, ‘In the days of my youth’). Met ’n persoonlike besoek aan die Elliot-omgewing op 20 April 2017 het die skrywer ’n groot grot op die plaas Observatory ongeveer 7 km noord-oos van Elliot besigtig. Hierdie grot is geleë in ’n klofie langs ’n stroom wat die Slangrivier voed. Volgens Selby Vorster, ’n derde-generasie boer van die omgewing en voormalige voorsitter van die plaaslike landbouvereniging, is hierdie al groot bewoonbare grot naby Elliot en die Slangrivier. Op ’n ou kaart van die area word die huidige plaas Observatory se vorige naam as Slangrivierhoek aangedui, wat dan waarskynlik die latere naam van Wynand se plaas Slang River was (Steyn, J.; *Elliot 1885-1985* (Elliot: Elliot Eeufeeskomitee, 1985), ongenommerde bladsy).

en ongeveer 150 km van die Drakensberg in die noordweste tot die Indiese Oseaan in die suidooste.[5]

**KAAPKOLONIE EN TRANSKEI (1868 – 1886)**




In 1865 het Wynand nog op die plaas Karpad in die Robertson-distrik van die Breederiviervallei geboer, sowat 22 km oos van Robertson, en 'n paar kilometer oos van die hedendaagse Ashton.[6] Soos Wynand se huidige plaas in Temboeland was Karpad ook aan die voet van 'n bergreeks, die Langeberg, ook met 'n rivier wat daardeur loop. Vier jaar tevore het hy met Sannie Storm van Houtbaai in die Robertson NG Kerk getrou.[7] Maar dit was nie 'n goeie jaar om in die eg te tree en met 'n gesin te begin nie, want in hierdie tyd was daar in die Robertson-distrik terselfdertyd 'n uitgerekte droogte, 'n swamplaag wat baie wingerde vernietig het, en 'n maagkoorsepidemie wat die lewens van meer as 'n tiende van die distrik se

---

[5] J.S. Bergh, J.S. and J.C. Visagie, *The Eastern Cape frontier zone 1660-1980: A cartographic guide for historical research* (Durban: Butterworths, 1985), 63; G.M.Theal, *History of South Africa since September 1795* (Londen: Swan Sonneschein & Co, 1908), Vol V, 181.

[6] Ben se broer Jan het hierdie plaas se naam aan Eugène meegedeel, asook dat dit in die destydse Robertson-distrik was (JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota I). Op 'n 1880 kaart van die Robertson-distrik word Karpad se ligging aangedui (Robertson Museum, historiese kaarte-versameling). Ashton het eers in 1897 tot stand gekom.

[7] NG Kerk Moedergemeente Robertson, huweliksregister 1854-1864. Ten tye van hul huwelik op 8 April 1861 is Wynand Jacobus Viljoen aangeteken as 20 jaar oud, en Susanna Magdalena Storm as 17 jaar oud. H.C. Viljoen meld dus verkeerdelik dat Wynand en Sannie beide in 1842 gebore is (H.C.Viljoen, *Viljoen Familieregister* (Franschhoek: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, 2012), 1551-1552). Wynand is verder in die huweliksregister aangeteken as 'n landbouer van die plaas Vrolijkheid, ongeveer 10 km suid van Robertson (volgens Robertson Museum, historiese kaarte-versameling).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bevolking geëis het. Die plaaslike ekonomie het nog nie herstel nie, toe 'n ernstige ekonomiese depressie skielik in 1865 in die Kaapkolonie ontstaan weens 'n ineenstorting in beleggersvertroue. Talle banke het ondergegaan en daar was vrese dat die hele land bankrot sou speel. Ook hierdie distrik is nie ongeskonde gelaat nie en op Robertson is die groot handelsfirma Barry en Neefs gelikwideer. Die firma se skulde moes derhalwe summier ingevorder word, iets wat talle mense in die distrik bankrot gelaat het.[8]

Ook Wynand se geldsake het benard geraak.[9] Teen hierdie tyd het hy 'n vrou en twee dogtertjies gehad om voor te sorg, met nog 'n kind op pad. Die produksie en uitvoer van wol was egter een bedryf wat nog floreer het weens die immer stygende aanvraag in die Britse tekstielbedryf.[10] Ngangelizwe het op daardie tydstip besluit om grond in Temboeland by die Slangrivier op gunstige terme aan wit boere te verhuur. Sy oogmerk hiermee was om op sy land se grense 'n buffersone teen ander vyandige stamme te skep.[11] Volgens berigte wat die Kaapkolonie bereik het, was daar volop water en oorvloedige weiding in hierdie gebied, wat dit uiters geskik vir skaapboerdery gemaak het. Ook het wolhandelaars in Kaapstad reeds 'n uitgebreide handelsnetwerk in die oostelike distrikte van die Kaapkolonie gevestig, wat skaapboere in staat gestel het om hul produkte na binnelandse handelsposte te bring en betaal te word sonder die onkoste en ongerief van 'n lang tog na die hawedorpe.[12]

In 1867 het Wynand gevolglik besluit om groener weivelde by Slangrivier te gaan soek.[13] Sy vooruitsigte in die Robertson-distrik moes baie sleg gewees het om so 'n drastiese stap te neem, want hy moes met 'n vrou en drie klein dogtertjies die gevestigde Kaapkolonie en die res van sy uitgebreide familie in die Robertson-distrik agterlaat vir 'n onsekere toekoms in 'n veraf swart land sonder enige noemenswaardige administrasie. Die trek oor die Outeniekwaberge en Cradockpas was uitmergelend.[14] Ná 'n tog van sowat duisend kilometer

---

[8] A.H. Tromp, *Robertson, 1853-1933* (Robertson: Die Eeufeeskomitee van Robertson, 1953), 80-81, 104-105; J. Belich, *Replenishing the earth: The settler revolution and the rise of the Anglo-World, 1783 - 1939* (Oxford: Oxford University Press, 2009), 199.

[9] Ben het in sy latere outobiografiese artikel geskryf dat sy pa "limited resources" ten tye van hul trek na Temboeland gehad het (B.J. Viljoen, 'In the days of my youth').

[10] Belich, *Replenishing the earth*, 375, 377; M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa* (Juta & Co: Kaapstad, 1924), 103. Die Kaapkolonie se woluitvoer het van 11 000 ton in 1860 tot 22 000 ton in 1875 toegeneem.

[11] W. Stanford, *The Reminiscences of Sir Walter Stanford, 1850-1885* (Kaapstad: The Van Riebeeck Society, 1958), 59; Theal, *History of South Africa,* Vol V, 56.

[12] Belich, *Replenishing the earth,* 101; T. Kirk, 'The Cape economy and the expropriation of the Kat river settlement, 1846-53', in S. Marks en A. Atmore (reds), *Economy and society in pre-industrial South Africa* (Londen: Longman, 1980), 227-231.

[13] Ben se broer Jan het Eugène Viljoen meegedeel dat Wynand 25 jaar oud was ten tye van sy trek, wat volgens laasgenoemde se geboortedatum beteken dat hulle ná 15 April 1867 uit die Robertson-distrik moes vertrek het (JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota I). Hierdie vertrekdatum word ook ondersteun deurdat Wynand en Sannie se dogter Susanna Magdalena (Sannie) op 8 April 1866 nog in die NG Kerk Robertson gedoop is (NG Kerk Moedergemeente Robertson, doopregister 1854-1876).

[14] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota H.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het Wynand toe ’n plaas in Temboeland wat hy “Slang River” gedoop het vir £6 (R6 000) per jaar by Ngangelizwe gehuur. Benewens sy plaas het hy hiervoor ook beskerming van Ngangelizwe teen veediefstal deur sy onderdane gekry. Uiteindelik sal talle wit families plase by die Slangrivier huur, en mettertyd sal die dorpie Elliot hier ontstaan.[15] Dit lê egter nog in die toekoms.[16]



*Die ingang na die grot waar Ben gebore is en sy familie aanvanklik gewoon het.*
(Persoonlike versameling)


Op hierdie tydstip is die naaste beduidende nedersettings in die Kaapkolonie ver hiervandaan: Dordrecht ongeveer 100 km na die weste, Lady Grey en Queenstown onderskeidelik 130 km noord- en suidwes. Die wit boere wat hulle hier gevestig het, is in alle opsigte selfregerend – of liewer, daar is geen regering nie, want hier geld die reëls en wette van die Kaapkolonie se regering nie, en aan ’n swart heerser se wette onderwerp hulle hul nie.[17]

Sewe weke ná sy geboorte word Ben in die NG Kerk op die Noordoos-Kaapse dorpie Lady Grey gedoop. Sy doopname is Barend Johannes, want hy kry as eersgebore seun die name

[15] Stanford, *Reminiscences*, 59; Theal, *History of South Africa*, Vol V, 56. Ben het in sy outobiografiese artikel gemeld dat die naam van sy pa se plaas hier “Slang River” was (B.J. Viljoen, ‘In the days of my youth’).
[16] Die eerste dorpserwe in Elliot is eers in 1882 afgemeet (Steyn, *Elliot 1885-1985*, 27).
[17] Theal, *History of South Africa,* Vol V, 56.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van sy oupa aan vaderskant.[18] Maar 22 jaar later sal Ben op ’n huweliksregister sy name as Benjamin Johannes aanteken en só sal hy deur sy lewe bekend staan. Hy het klaarblyklik nooit amptelik sy naam verander nie, want geen inskrywing is op die doopregister aangebring soos vereis was vir ’n naamsverandering in hierdie jare nie. ’n Jonger broer van sy pa se doopname is ook Barend Johannes, maar hy staan as Ben bekend,[19] moontlik die rede hoekom Wynand en Sannie hul oudste seun hierdie noemnaam gee.


96
1868
Oct. 25. Barend Johannes, geb. 7 Sep. 1868.
Viljoen
Ouders:- Wijnand Johannes Viljoen
Susanna Magdalena Storm
Get:- Barend Johannes Viljoen
Hendrina Catharina Rabe
Barend Johannes van Rensburg
Johanna Catharina Magdalena van Graan

*Lady Grey doopregister.* (NGKSA)

Teen hierdie tyd het Wynand reeds ’n groot kudde skape en plant hy ook mielies, maar slegs vir sy gesin se eie gebruik. Hy is besig om vir sy gesin ’n huis te bou, maar weens die gebrek aan geskikte boumateriaal vorder hy maar stadig. Eers twee jaar ná Ben se geboorte neem die gesin hul intrek in ’n eenvoudige struktuur. Die jong Ben is glad nie hiermee ingenome nie, want hy verkies die grotwoning.[20] Vroeg in 1870 word sy vierde suster, Johanna, gebore en ook op Lady Grey gedoop.[21]

[18] NGKSA, Lady Grey doopregister 1854-1876. Ben is gedoop op 25 Oktober 1868. Sy oupa aan vaderskant, Barend Johannnes, en sy vrou, Hendrina Catharina (Rabe), was getuies. Die name van Ben se oupa en ouma aan vaderskant is ontleen aan H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister*, 1551.

[19] H.C. Viljoen, *Viljoen-Gedenkboek* (Stellenbosch: Viljoen-Familiebond, 1977), 94.

[20] B.J. Viljoen, ‘In the days of my youth’; JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota G; BF-versameling, BF-versameling, B.J. Viljoen, ‘In Memoriam, Obituary written by BJV for his father Wynand Johannes Viljoen’, c.1914. Ben het in eersgenoemde artikel op sy gebruiklike dramatiese wyse vertel dat sy teenstand om in dié huis te gaan woon “the result of a natural, innate antipathy to being confined within a restricted area” was. Laasgenoemde bron is ’n getikte, maar sover bekend ongepubliseerde, huldeblyk van Ben aan sy pa ná sy dood in 1914.

[21] NGKSA, Lady Grey doopregister 1862-1886. Johanna Aletta, gebore 7 Januarie 1871, gedoop 4 Junie 1871.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## Varkiesdraai

In teenstelling met die berigte oor goeie weiding wat hulle hierheen gelok het, vind Wynand en die ander wit boere mettertyd uit dat die gras by die Slangrivier suur is en byna geen voedingswaarde het nie. Verder is die grond meestal van 'n lae gehalte en lewer dit swak oeste wat soms deur haelstorms verwoes word. Ook veroorsaak aanhoudende somerreëns wat tot twee weke lank kan aanhou allerlei siektes onder hul vee en gesaaides. Die gras word dan boonop so lank dat dit moeilik is vir die skape om te wei, en in die laat somermaande is dit so vol roes dat geen dier dit wil vreet nie. Wanneer die winter kom verdroog die eerste ryp die gras en verwoestende veldbrande breek gereeld uit.[22]

In ongeveer 1872, ná 'n verblyf van sowat vyf jaar by Slangrivier, besluit Wynand Viljoen en 'n paar ander families dus om tagtig kilometer verder suidoos te trek na 'n ander strook grond wat Ngangelizwe nou by die Umtatarivier as buffer teen die vyandige Pondo's vir verhuring aan wit boere beskikbaar gestel het.[23] Wynand huur 'n plaas 'n paar kilometer wes van die latere dorpie Umtata (hedendaagse Mthatha) wat hy Varkiesdraai doop, waarskynlik omrede die Umtatarivier en sy sytak die Cicirarivier hier verskeie S-vormige kronkels maak.[24] Soos die meeste witmense in hierdie gebied woon die Viljoens nou in rondawels van lat en klei. Die grond behoort nie aan hulle nie, so daar is geen rede om geld en moeite aan meer permanente strukture te bestee nie.[25] Die wit inwoners in die Umtata-distrik op hierdie tydstip is hoofsaaklik Afrikaanse boere en Engelse handelaars.[26] Ben leer nou in sy

[22] Steyn, *Elliot*, 115-116.

[23] Die presiese datum van hul trek is onbekend. Ben het in sy huldeblyk aan sy pa slegs gemeld dat hulle en ander families ná "some years" op Slang River verder oos getrek het (BF-versameling, B.J. Viljoen, 'In Memoriam'. Soos in voetnota 21 aangedui, is Ben se suster Johanna in Junie 1871 nog op Lady Grey gedoop. Maar hul volgende kind, Christiaan Andries, is op 9 September 1873 in Umtata gebore (H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister*, 1559). Dit is ook aangeteken dat die eerste wit inwoners in 1872 in die Umtata-distrik aangekom het, waaronder daar ses (onbekende) Afrikanerfamilies was (C. Zinn, en G.A. Maeder, *Ons Kerk Album van Hollansche Kerken en Leeraren* (Kaapstad: Ons Kerkalbum Maatschappij Bpkt, 1917), 135).

[24] Ben se seun Eugène het gemeld dat hierdie plaas se naam Varkiesdraai was en dat dit naby Umtata was (JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota I). Uit 'n mededeling van sy suster aan hom kan dit afgelei word dat Varkiesdraai nie verder as 10 km van die latere Umtata was nie (WW-versameling, brief, Minnie Viljoen–Eugène Viljoen, 14 Desember 1959). Op sy beurt het Gustav Preller gemeld dat Ben gebore is op 'n plaas 'aan die Tsitsa (Citca) rivier, naby Oemtata" (G. Preller, 'Met God en die Mauser', *Die Brandwag*, 20 Januarie 1917). Maar Preller se stelling oor Ben se geboorteplek was inkorrek, ook wat betref die ligging van die Viljoens se plaas. Die Tstitsarivier loop ongeveer veertig kilometer noordoos van Umtata deur die destydse Niemandsland (later Griekwaland-Oos) en Pondoland. Preller het waarskynlik die Citcarivier verwar met die Cicirarivier, 'n sytak van die Umtatarivier enkele kilometer wes van Umtata. Varkiesdraai was dus waarskynlik 'n paar kilometer wes van Umtata, en begrens deur die Umtata- en Circirarivier.


[25] H.L. Potgieter, *The Transkei and its places* (Umtata: Transkei Publications, 1960), 10. Ben se broer Jan het ook aan eersgenoemde se seun Eugène vertel dat die Viljoens in rondawels op Varkiesdraai gewoon het (JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota I).

[26] 'n Besoeker in 1876 aan die area waar Umtata 'n paar jaar later sou onstaan, het melding gemaak van die handelspos White and Griffin's Store en wit inwoners soos Louis Goldsmid, Tom James, Charlie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vormingsjare Engels.[27] Die mense en invloede waaraan hy blootgestel word, verskil dus hemelsbreed van dié waarmee ’n tipiese plattelandse Transvaalse of Vrystaatste Boerekind van die era te doen kry. Hy sal sy lewe lank goeie Engelse vriende hê; anders as vele van sy latere volksgenote sal hy geen onderskeid tussen Boer en Brit maak as dit by vriendskap kom nie.[28]

**TRANSKEI**




Morrison, die Berrys, Ingram Loumas, James Usher en Richard Calverly (W.L. Davies, *Trooper and trader: Being the reminiscences of W.l. (“Jeff”) Davies of early days in the Transkei.* (Alice: Alice Times, Seymour & Peddie Gazette, 1929), 4-5).

[27] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota B.

[28] Die *Rand Daily Mail* het op 17 Januarie 1917 in sy sterfberig oor Ben gemeld dat hy “entirely devoid of racial prejudices” was. Ras in hierdie konteks het na Boer en Brit verwys.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sowat ’n jaar na hulle aankoms word Wynand en Sannie se tweede seun, Christiaan (Chris) Andries, hier gebore[29] en ’n paar jaar later hul derde seun, Wynand Johannes.[30] Die Viljoens bevind hulle nou op ’n plek waar Temboeland, Pondoland-Wes en Niemandsland aan mekaar grens. Die Keirivier wat ongeveer 120 km suidwes lê, is op hierdie tydstip die oosgrens van die Kaapkolonie. Die gebied oos van die Keirivier het sedert die einde van die Agtste Grensoorlog ongeveer ’n kwarteeu tevore wat die wit boere betref ’n relatiewe vreedsame tydperk beleef.[31] Mens moet egter in hierdie gebied maniere vind om met jou onafhanklike swart bure saam te lewe, want hier geld die baas en klaas situasie van die Kaapkolonie nie: Onderhandeling en samewerking is die sleutel tot vreedsame naasbestaan.[32] Die Pondo’s boer ook met vee en oesgewasse en hulle en die wit setlaars dryf oor een weer handel. Wit handelaars, meestal Engelse, reis hiernatoe uit die Oos-Kaap en Natal om goedere te verruil vir die swart en wit boere se produkte en vee, wat hulle dan na die koloniale markte terugneem.[33] Maar die lewe in die Umtata-distrik is hard. In die somer val misreën soms weke lank, wat veroorsaak dat die riviere in vloed bly en verbinding met die buitewêreld afgesny is. Nie dat daar in elk geval behoorlike paaie is om van te praat nie. Boonop groei die gras dan meer as ’n meter hoog en laat enigeen papnat wat sy weg daardeur wil baan. Verder maai bosluiskoors onder die boere se vee, en perde hou nie lank in hierdie klimaat nie. In die hoofsaak is die boere hier dan ook armoedig.[34]

[29] H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister*, 1559. Voorgenoemde bron dui Chris Viljoen se geboorteplek as Umtata aan. Kerkdienste in Umtata in hierdie jare is in ’n kerkgeboutjie van sooie gehou en eers in 1891 het ’n selfstandige NG Kerk-gemeente hier tot stand gekom wat van die NG Kerk-gemeente in Dordrecht afgestig het. Daar is dus nie ’n doopregister vir hierdie gemeente in Umtata voor 1891 nie. Op hierdie tydstip was Maclean (of Macleantown), ’n dorpie ongeveer 40 km noordwes van Oos-Londen en naby die Kaapkolonie se oosgrens, die maklikste bereikbare NG Kerk-gemeente vanaf die Umtata-distrik en die Afrikanerkinders van die omgewing is daar gedoop. Chris Viljoen se doopdatum kon egter nie in die NG Kerk Maclean se doopregister vir hierdie jare opgespoor word nie, so ook nie in dié van Dordrecht of Lady Grey nie, die ander naaste bestaande NG Kerk-gemeentes. Sy naam verskyn ook nie in die NG Kerk Robertson doopregister nie. Die Umtata kerkgangers is wel in hierdie jare van tyd tot tyd besoek deur ds. E.Z. de Beer van Dordrecht, so moontlik is Chris dan in Umtata deur hom gedoop, maar is dit nooit formeel in ’n bestaande NG Kerk-gemeente se doopregister aangeteken nie (Zinn, *Ons Kerk Album*, 135; P.L. Olivier en N. Geldenhuys,, *Ons gemeentelike feesalbum: ’n Oorsig van die ontstaan en groei van gemeentes van die Gefed. Ned. Geref. Kerke met geleentheid van die Van Riebeeck-fees, 1952* (Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, 1952), 121).
[30] Wynand Johannes Viljoen gebore 29 Februarie 1876, gedoop 16 April 1876 (NGKSA, Maclean (later Komga) doopregister 1859-1882).
[31] P. Gon, ‘The Last Frontier War’, *Military History Journal*, 5/6 (1982), 207.
[32] R. Wagner, ‘Zoutpansberg: The dynamics of a hunting frontier, 1848-67’, in Marks, *Economy and society)*, 313-349. Hierin word die dinamika tussen wit boere en hul swart bure in die tweede helfte van die 19de eeu, in hierdie geval in die Soutpansberg grensgebied in die Noord-Transvaal, breedvoerig uiteengesit. Sien ook M. Legassick oor die verhouding tussen wit setlaars en hul swart bure in M. Leggasick, ‘The frontier tradition in South African historiography’, in Marks, *Economy and society*, 64-66.
[33] W. Beinart, ‘Production and the material basis of chieftainship: Pondoland c.1830-1880’ in Marks, *Economy and society*, 156.
[34] ‘NG gemeente Mthatha’, Wikipedia (geraadpleeg op 7 September 2017).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Viljoens is ’n tipiese Boeregesin van die era wat vroegaand en -oggend in hul eenvoudige woning met hul bediendes huisgodsdiens hou, met die paterfamilias wat uit die Familiebybel voorlees. Ben word in hierdie jare deur sy ma met behulp van hierdie Bybel geleer om te lees.[35] Ten spyte van hierdie vroeë blootstelling aan godsdiens, sal hy nooit juis gelowig wees nie.[36] Hy het wel ’n aanleg vir tale en leer maklik, en raak gou lief vir boeke.[37] Alle lede van ’n trekboerfamilie moet hul deel doen, en Ben kan reeds van jongs af perdry en akkuraat skiet. Hy moet nou lang tye op sy eie in die veld deurbring om ’n waaksame oog oor die familie se kuddes te hou, want selfs in hierdie relatiewe rustige jare is daar nog veediefstal deur die Bacas, Temboes en Pondo’s.[38]

Vroeg in 1875, toe Ben ses jaar oud is, veroorsaak Ngangelizwe groot probleme vir sy mense toe hy een van sy byvroue wreed aanrand en vermoor. Gewoonlik sal geen haan daarna kraai as die Temboekoning so iets doen nie, maar ongelukkig is die slagoffer hierdie keer die niggie van Sarhili, die hoof van die Galeka-stam en ook die opperhoof van die Xhosas. Uit vrees vir vergelding deur die wraaksugtige Sarhili plaas Ngangelizwe homself en sy land nou onder die beskerming van die Kaapkolonie se regering. Ingevolge sy reëling met die koloniale regering mag die Temboehoofmanne steeds hul onderdane soos van ouds regeer en tradisionele reg toepas, maar die land word nou in magistraatswyke opgedeel en die Temboes het die reg om hulle na die koloniale magistrate te wend vir ’n finale beslissing indien hulle met ’n hoofman se besluit ontevrede is. ’n Britse magistraat word ook vir die Umtata-distrik aangestel, en dié vestig hom waar die gelyknamige dorpie geleidelik begin ontwikkel.[39]

[35] BF-versameling, Jeanine Viljoen notas. Jeanine Viljoen, afgestorwe dogter van Eugène Viljoen, het uitvoerige notas gemaak vir ’n beoogde biografie van haar ouma Lenie, Ben se eerste vrou. Hierdie notas is saamgestel uit haar pa se notas, asook uit familievertellings.
[36] In sy oorlogsherinneringe het Ben gemeld hoe hy gesukkel het om ’n gebed voor sy manskappe te doen met sy aanstelling as generaal in 1900 (B.J. Viljoen, *My reminiscences of the Anglo-Boer War* (Cape Town: C. Struik (Pty) Ltd, 1973), 168). In 1916 het hy in ’n ongepubliseerde artikel ook spottenderwys na die Boere se oordrewe godsdiensbeoefening op St. Helena verwys (BF-versameling, ‘On Napoleon’s Rock: Experiences of a Boer general on St. Helena’). Ook in sy vele latere geskrifte het hy geensins van God melding gemaak nie, in teenstelling met baie ander Boereleiers se herinneringe (J.W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen, 1868-1917* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2000), 57).
[37] BF-versameling, Jeanine Viljoen notas.
[38] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota B; B.J. Viljoen, ‘In the days of my youth’. In sy latere huldeblyk aan sy pa het Ben ook gemeld dat die wit boere vele kere aangeval is deur die “savage tribes of the Transkei Pondoland, and the vicious Bacta tribe, more than once having many of their party murdered and all their stock taken”. Veediefstal het wel plaasgevind, maar in 1914 naby aan die einde van sy lewe het Ben oordryf met sy beskrywings van die talle moorde op wit boere in Temboeland, iets wat nie aangeteken is nie. Hy het ook gemeld dat hulle in hul trek van Slangrivier na die Umtata-distrik leeus, renosters, tiere en ander wilde diere moes trotseer, iets wat ook onwaarskynlik klink (BF-versameling, B.J. Viljoen, ‘In Memoriam’).
[39] Theal, *History of South Africa,* Vol V, 167-170.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Terugvlug**

Ná die dekades van relatiewe vrede raak die oosgrensbied in 1877 weer onrustig. Veediefstal deur swart stamme neem toe en pres. Burgers se Transvaalse kommando's is die vorige jaar in Sekhukhuneland verslaan, wat die grensboere laat vrees die swart volkere in Suidelike Afrika gaan saamsweer om hulle weg te dryf. In hierdie jaar breek 'n struweling ook tussen die Galeka- en die Fingo-stam (Mfengu-) uit. Die Fingo's is lojaal aan die koloniale regering, wat daartoe lei dat laasgenoemde aan hul kant ingryp. So breek die Negende en laaste Grensoorlog in September 1877 uit. Aan die einde van die jaar kom ook die Gaika-stam (Ngqika-) aan die Kaapkolonie se kant van die Keirivier in opstand.[40] Die 10-jarige Ben hoor nou vir die eerste keer in sy lewe die woord "oorlog".[41] Die stryd sal 'n jaar lank voortduur, waartydens swart krygers elke nou en dan strooptogte op die wit setlaars se plase uitvoer.[42] Tydens hierdie gebeure vlug meeste van die wit setlaars weg van die Umtata-distrik.[43] Ook Wynand en Sannie en hul sewe kinders trek terug na die veiligheid van die Robertson-distrik.[44] Wynand snr. se vier jonger broers boer nog hier,[45] asook sy pa, op wie se plaas Goedemoed hy en sy gesin nou aanvanklik gaan woon, ongeveer 9 km suid-oos van Robertson.[46]

Hierna gaan boer Wynand op die buurplaas Zandvliet, sowat 10 km van die plaas Karpad waarvandaan hy 'n dekade tevore na Temboeland getrek het.[47] Wynand huur slegs 'n

---

[40] Gon, *Last Frontier War*, 207, 209.

[41] Viljoen het in sy latere outobiografiese artikel gemeld: "I was but ten years of age when my ears became familiarised with the word "war", referring to that of the Gheika disturbance in '78'" (B.J. Viljoen, 'In the days of my youth').

[42] Gon, *Last Frontier War,* 210.

[43] Olivier, *Ons gemeentelike feesalbum,* 121. Hierin word gemeld dat al die wit boere by Umtata teen 1880 weens hierdie oorlog gevlug het. Die tydgenootlike geskiedkundige Theal het ook gemeld dat die Kaapse regering in 1882 "an abandoned tract of land along the Umtata, on which European farmers had been located by Gangelizwe" gekoop het om gemeenskaplike weigrond vir inwoners van die nuwe dorp Umtata beskikbaar te maak (Theal, *History of South Africa,* Vol V*,* 179-180).

[44] Sover bekend het geen ander skrywer oor Ben hierdie terugkeer van die Viljoens na die Robertson-distrik gemeld nie. Soos hierna uiteengesit kan dit egter afgelei word uit die geboorte van twee van Wynand en Sannie se kinders, asook die huwelik van 'n derde een, in die Robertson-distrik tussen 1879 en 1881. Wynand Viljoen het ook by die geleentheid van die huwelik van sy dogter in September 1879 in Robertson se NG Kerk as 'n getuie geteken (NG Kerk Moedergemeente Robertson, doopregister 1876-1899 en huweliksregister 1878-1895). Verder het Jan Viljoen, Ben se jongste broer, soos hierna in voetnota 62 aangedui, Ben se seun Eugène meegedeel dat hulle eers omstreeks 1884 van die Robertson-distrik na die omgewing van Umtata teruggetrek het.

[45] H.C. Viljoen, *Viljoen-Gedenkboek*, 94.

[46] Die 17-jarige Mimmie Viljoen het haar woonplek ten tye van haar huwelik op 2 September 1879 in Robertson as Goedemoed aangedui (NG Kerk Moedergemeente Robertson, doopregister 1854-1864). Ben se oupa se plaas se naam was Goedemoed (H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister*, 1551). Op 'n 1880 kaart van die Robertson-distrik word Goedemoed se ligging aangedui (Robertson Museum, historiese kaarte-versameling).

[47] Soos deur Jan Viljoen, Ben se broer, aan Ben se seun Eugène meegedeel (JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota I). Op 'n 1880 kaart van die Robertson-distrik word Zandvliet se ligging aangedui (Robertson Museum, historiese kaarte-versameling).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

stuk grond, want Zandvliet behoort aan ene Jacobus de Wet.[48] In die Robertson-distrik is wynbou in hierdie jare die vernaamste bedryf, maar daar word ook met volstruise geboer en perde geteel. Waarskynlik is laasgenoemde die oorsprong van Ben se liefde vir perde, waarmee hy self in later jare in die ZAR en VSA sal teel. Op Robertson self is wamakery 'n groot bedryf. Dié distrik het nie 'n hoë reënvalsyfer nie, maar 'n paar jaar tevore is die eerste kanaal uit die Breërivier aangelê om grond aan beide kante vir 'n stuk van die rivier te benat.[49] Dit is iets wat Wynand sal onthou en meer as twee dekades later met groot vrug in die Amerikaanse deelstaat Nieu-Mexiko sal toepas.

In Januarie 1879 word Ben se derde (en laaste) broer, Jan, hier gebore[50] en nege maande later trou sy oudste suster, Mimmie, in die NG Kerk Robertson met Burgert van Dyk, 'n wamaker op dié dorp.[51] In die sowat vyf jaar wat Ben in die Robertson-distrik woon, gaan hy hier skool. Hy het in later jare teenstrydige inligting oor sy skoolopvoeding verskaf. Aan een Amerikaanse koerant het hy verklaar dat hy op Robertson self skoolgegaan het,[52] aan 'n ander dat hy slegs 'n paar maande lank 'n plaasskooltjie bygewoon het.[53] Volgens sy broer Jan het hy egter tot op 14-jarige ouderdom skool bygewoon.[54]

Op beide die plase Goedemoed en Zandvliet is daar op hierdie tydstip plaasskole. Hier word klasgegee deur private onderwysers, meestal rondreisende Hollanders wat die meer welgestelde boere aanstel om die opvoeding van hul kinders en hul naaste bure s'n te behartig.[55] Dan is daar ook die Breederivier Distrikt Kerkschool op Robertson met 'n koshuis, asook die Eerste Klas Onsektariese Openbare Skool.

---

[48] J.S. de Wet het Zandvliet in 1867 gekoop en dit in die 1890's tussen sy twee seuns verdeel (Zandvliet plaas, uitstalling van die plaas se geskiedenis).
[49] Tromp, *Robertson*, 118-119, 132-134.
[50] NG Kerk Moedergemeente Robertson, doopregister 1854-1876. Johan Sebastian, gebore 2 Januarie 1879, gedoop 2 Februarie 1879.
[51] NG Kerk Moedergemeente Robertson, huweliksregister 1878-1895. Huweliksdatum is 2 September 1879. Wynand Viljoen snr. het as getuie geteken.
[52] *El Nuevo Mexicano* (Sante Fe), 18 April 1908.
[53] *El Paso Morning Times*, 28 Februarie 1909.
[54] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota B. Hiervolgens het Jan Viljoen vir Eugène meegedeel dat Ben "until the age of fourteen, did attend school".
[55] I. du Plessis, *Ned. Geref. Kerk Ashton: Kwarteeufees gedenkboek: 1949-1974* (Suid Afrika: s.n.), 69, 71.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Die NG Kerk op Robertson waar vier susters en een broer van Ben gedoop is.* (Tromp, *Robertson*)

Op beide skole word hoofsaaklik in Engels klasgegee, met leerlinge in laasgenoemde skool wat in die laer grade volgens die skool se leerplan onderrig word in "reading, writing and grammar, political and physical geography, outlines of history, and the elements of natural science". In die hoër grade word hulle geleer van die "Greek and Latin languages, English literature, history, higher mathematics, and one at least of these specific subjects – chemistry, geology, mineralogy, botany, animal physiology principles of agriculture."[56] Watter skool Ben ook al bywoon, verbeter sy Engels gedurende sy verblyf in die Robertson-distrik sodanig dat dit later selfs aanhoorders in Brittanje sal beïndruk.[57] Talle onderhoudende Engelse artikels van hom sal ook in later jare in die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse pers verskyn.[58]

## **Oponthoud in Robertson**

Teen 1879 is die Negende Grensoorlog verby. Fingoland en Niemandsland word nou deur die Kaapkolonie geannekseer, en Niemandsland tot Griekwaland-Oos herdoop.[59] Onrus breek

[56] Tromp, *Robertson*, 105-108.
[57] Sien byvoorbeeld die Londense *The Times* op 17 Oktober 1902 wat oor 'n toespraak van Ben in Londen gemeld het dat "He speaks perfect English," asook *The Scotsman* wat op 10 November 1902 oor 'n toespraak van hom in Edinburgh meld: "Speaking, however, in very good English".
[58] Breedvoerig bespreek later in hierdie proefskrif.
[59] J.A. Kalley, *The Transkei region of Southern Africa 1877-1978 – an annotated bibliography* (Boston: G.K. Hall & Co, c1980).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

egter kort hierna in Griekwaland-Oos uit en dra vermoedelik by tot die Viljoens se besluit om vir tyd en wyl in die Robertson-distrik aan te bly. Die Mpondomise-stam in Griekwaland-Oos het ’n paar jaar tevore ingewillig om hulself onder die voogdyskap van die Kaapkolonie se regering te plaas. Om vir die administrasie van hul gebied te betaal, het die koloniale regering daarna hutbelasting op die Mpondomises begin hef. Weens ’n swak oesjaar en lae wolpryse, asook onvoldoende geleenthede om lone te kan verdien, kan baie Mpondomises in 1880 nie meer dié belasting bybring nie en loop hul skuld aan die koloniale regering ál verder op. Hulle besluit om eerder die koloniale juk af te gooi. In Oktober 1880 vermoor Mpondomise-krygers die koloniale magistraat van die Qumbu-distrik asook twee van sy wit klerke, met die voorneme om hierna vir Umtata, die hoofsetel van die koloniale regering in Temboeland, in ’n verrassingsaanval te verwoes. Maar hul aanvalsmag is nog nie gereed teen die tyd wat majoor sir Henry Elliot, die hoofmagistraat van Umtata, van sy kollega se moord te hore kom nie. Hy versterk die dorpie vinnig met die hulp van omliggende boere. Die Mpondomise-krygers beleër Umtata, maar binne ’n paar dae daag koloniale versterkings op en beëindig die beleg. Die gevegte in die distrik sleep egter nog agt maande voort en eers teen die middel van 1881 word die opstand uiteindelik deur die koloniale magte beëindig.[60] Op hierdie tydstip word Cornelia, die vyfde Viljoen dogter en negende kind in die Robertson-distrik gebore.[61]

Na die beëindiging van die Mpondomise-rebellie raak toestande weer rustiger, en omstreeks 1883 besluit Wynand om met sy gesin na Varkiesdraai terug te keer.[62] Hierdie keer reis die Viljoens na Mosselbaai en dan verder per skip na Oos-Londen, waarvandaan hulle met ’n ossewa na Umtata trek. Die tog is veeleisend en in die hitte van die dag slaap die gesin onder die wa.[63]

[60] S. Redding, ‘Sorcery and sovereignity: Taxation, witchcraft, and political symbols in the 1880 Transkeian rebellion’, *Journal of South African Studies*, 22/22 (1996), 250- 256, 260-261.
[61] NG Kerk Moedergemeente Robertson, doopregister 1876-1899. Cornelia Sofia, gebore 12 Mei 1881, gedoop 26 Junie 1881. H.C. Viljoen gee dus verkeerdelik haar geboortedatum as 12 Mei 1880 aan (H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister*, 1562).
[62] Jan Viljoen, Ben se broer, het aan Eugène Viljoen vertel dat hy vyf jaar oud was (dus omstreeks 1884) toe hulle na Temboeland teruggetrek het (JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota I). Die laaste Viljoen kind, Francina Elizabeth, is egter op 29 September 1883 gebore en eers op 28 April 1884 in Macleantown gedoop. In die doopregister is aangeteken dat sy van Umtata is (NGKSA, Maclean (later Komga) doopregister 1883-1939). Die lang tydsverloop tussen haar geboorte en doop sou aandui dat sy in die Umtata-distrik gebore is, want die Viljoen-kinders wat in Robertson gebore is, is in alle gevalle ’n maand of twee na geboorte gedoop. Macleantown was sowat 200 km van Umtata, en inwoners van laasgenoemde het slegs een of twee keer per jaar die lang tog afgelê om kinders te laat doop of aanneem. Francina se ouer suster, Susanna (Sannie), is dan ook op dieselfde dag as Francina se doop in Macleantown aangeneem (NGKSA, Maclean (later Komga) lederegister 1860-1890).
[63] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota I.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za



*Hedendaagse omgewing van Varkiesdraai. Die Cicirarivier is op die voorgrond.*
(Persoonlike versameling)

In die jare wat die Viljoens in die Robertson-distrik vertoef het, het Umtata tot ongeveer 150 geboue uitgebrei, onder andere ’n magistraatshof en koloniale regeringskantore, verskeie kerke en sendelingstasies, ’n hoërskool, ’n teater en verskeie winkels. Dit het ook die belangrikste koloniale militêre basis duskant die Keirivier geword. Uitgesonderd koloniale soldate beloop Umtata se wit bevolking in hierdie jaar ongeveer 500 mense. Francina, die tiende en laaste Viljoen kind, word in September 1883 hier gebore[64] en in 1885 word Temboeland formeel deur die Kaapkolonie geannekseer.[65]

## Napoleon

Met die Viljoens se terugkeer na Varkiesdraai besluit Ben dat sy skoolloopbaan verby is. Vol selfvertroue verklaar hy aan sy ma dat hy net soveel, indien nie meer nie, as sy onderwysers weet. Hy bly egter ’n ywerige leser. Veral *Life of Napoleon* is ’n gunstelingboek en oefen ’n blywende invloed op hom uit.[66] Kort voor sy dood sal Ben ’n artikel oor Napoleon skryf waarin

[64] Sien voetnota 62.
[65] Theal, *History of South Africa,* Vol V, 180.
[66] Ben se ma het sy seun Eugène vertel dat “he was fond of books, especially the *Life of Napoleon.*” Sy het ook gemeld dat hierdie boek “made an indelible effect on his life” (JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, Biografiese nota B). Op sy beurt het Les Wiseman, ’n seun van Ben se

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hy verklaar dat "this wonderful man…the greatest of all soldiers" was, 'n "man of men" wat "first place in the pages of history" beklee.[67] Ben lees in vervoering oor die meteoriese opgang van hierdie merkwaardige Korsikaan van relatief nederige afkoms, wat reeds in sy twintigs militêre roem met sy briljante krygsvernuf verwerf het. Wat moontlik verder indruk op hom gemaak het, is hoe hierdie buitestaander in die Franse samelewing sy oorlogsroem gebruik het om op dertig die heerser van Frankryk te word en daarna groot dele van Europa te onderwerp.

Wat Ben, self van nederige afkoms, sekerlik ook sou geval is Napoleon se beleid dat almal gelyke kanse moet hê en dat 'n man die beroep moet kan volg waarvoor hy aangelê is. 'n Paar jaar later, toe Ben self as 'n inkommer deur die ouer Transvalers beskou is, het pres. Paul Kruger se baantjies-vir-boeties-regering hom dwars in die krop gesteek.[68] En natuurlik is daar ook die Viljoens se Franse herkoms (soos in daardie stadium geglo is) wat Ben by Napoleon laat aanklank vind. Ben sal vir die res van sy lewe baie trots wees op sy sogenaamde Franse voorvader Francois Villion, wat in 1671 in die Kaap geland het. [69] Hy het dan ook talle male in sy lewe na sy Hugenote herkoms verwys.[70]

## Ben en Lenie

Intussen het Ockert Els en sy gesin hulle ook in die Transkei-distrik gevestig. Die tweetalige Els familie is afkomstig uit die Peddie-omgewing naby King William's Town, waar hulle geboer het.[71] Toe Temboeland in 1885 deur die Kaapkolonie geannekseer is, word die plaas

---

dogter Minnie, ook melding gemaak van Ben se bewondering vir Napoleon, inligting wat hy by haar gekry het (BF-versameling, L. Wiseman, 'Recollections of a General's family'). Al twee bronne het die titel van die boek gemeld, maar nie die skrywer nie. William Hazlitt se *Life of Napoleon* (1828) was egter 'n bekende boek oor die onderwerp wat in hierdie era in omloop was.

[67] B.J. Viljoen, 'A paroled Boer general on St. Helena: In Napoleon's prison', *Los Angeles Times Illustrated Weekly,* 26 Februarie 1916.

[68] Ben het neerhalend in sy oorlogsherinneringe hieroor geskryf, onder meer dat hierdie Transvalers "had for years been fattening on State funds…Not only had they enjoyed the spoils of high office in the State Service offices, to which a fabulous remuneration was attached, but they belonged to the Boer aristocracy, members of honourable families whose high birth and qualities had secured for them preference over thousands of other men and the unlimited confidence of the Head of State" (B.J. Viljoen, *Reminiscences*, 155-156).

[69] Nuwe navorsing dui daarop dat Francois Villion waarskynlik nie 'n Hugenoot (of selfs Franssprekend) was nie, maar eerder van Vlaandere in hedendaagse Noord-België afkomstig was. (Sien http://www.eggsa.org/sarecords/index.php/muster-rolls/muster-rolls-den-haag-copies/264-vrijboek-1681-intro, asook https://www.stamouers.com/stamouers/surnames-v-z/583-viljoen-francois. Geraadpleeg op 6 Desember 2016.)

[70] Sien byvoorbeeld B.J.Viljoen, *Reminiscences*, 15; B.J. Viljoen, *An exiled general* (St. Louis: A. Noble Printing Company, 1906), 49; *El Nuevo Mexicano*, 18 April 1908 en *El Paso Morning Times*, 4 April 1909. Ben het ook gerieflikheidshalwe die feit geïgnoreer dat Villion etlike jare voor die Hugenote-vlugtelinge in die Kaap aangekom het.

[71] Ben en Lenie se dogter Minnie het hierdie inligting van haar ma gekry, en aan haar broer Eugène verskaf (WW-versameling, brief, Minnie Viljoen – Eugène Viljoen, 14 Desember 1959).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Amalinda naby Umtata deur die regering aan Ockert toegeken. Hy koop ook hierna die plaas Stoneridge in dieselfde omgewing, ongeveer dertien kilometer van Umtata, en aangrensend aan Varkiesdraai.[72]

Een van Ockert se ses dogters is die mooi en talentvolle 15-jarige Lenie.[73] Soos haar susters is Lenie van haar vroeë kinderjare aan musiek en letterkunde blootgestel en het sy musiek- en kunsopleiding gekry.[74] Op sy beurt is die 17-jarige Ben nou ’n aantreklike jong man met bruin hare en grysblou oë. Hy is aan die korterige kant, 5 voet 10 duim, korter as sy drie jonger boers.[75] Ben ontmoet vir Lenie by ’n partytjie op Stoneridge, en die Els en Viljoen families raak vriende wat gereeld oor en weer kuier. Toe Lenie en Ben op ’n dag op die stoep van haar ouerhuis sit, neem hy haar hand in syne. Gou is daar troupraatjies.[76]

Ben se karakter is nou gevorm. Vir ’n groot deel van sy jeug het hy op afgeleë plase gewoon waar sy familie deur swart stamme omring was. Terwyl die Viljoens in Temboeland soms aan ’n mate van koloniale administrasie en wette onderworpe was, was dit ’n baie ligter bestel as waaraan mense in die gevestigde deel van die Kaapkolonie gewoond was. Om te oorleef was konstante waaksaamheid aan die orde van die dag: Veediefstal was algemeen en sonder waarskuwing kon onrus onder hul swart bure uitbreek, waartydens wit boere se wonings soms afgebrand is, of selfs erger, hulle om die lewe gebring is. Dit was ’n onsekere bestaan, waar families moes saamstaan en die geleenthede aangryp wat hulle voorgedoen het.

Ná sulke grootwordjare sal sommige mense in hul volwasse jare na stabiliteit smag, terwyl ander weer nie sal terugdeins van onsekerheid en uitdagings nie. Ben val in laasgenoemde groep. Eienskappe is nou by hom gevorm wat soos ’n goue draad deur die res van sy lewe sal loop: aanpasbaarheid en avontuurlustigheid, ’n ongebondheid aan enige spesifieke plek, pragmatisme bo idealisme, familie bo volk. Maar die ander kant van hierdie munt is eiesinnigheid en hardkoppigheid, ’n ongeduld met reëls en wette, die vooropstelling van eie- en familiebelang bo enigiets anders. Hieroor kan mens maar net bespiegel, maar

[72] Die inligting oor Stoneridge se ligging is ontleen aan voorgenoemde brief van Minnie. Die oordragte van die plase Amalinda en Stoneridge aan Ockert Johannes Marthinus Francois Els is aangeteken in die Mthatha Akteskantoor, Register van aktes, Registrasie-afdeling Umtata, folio’s 45 en 49. Hierdie oordragte het onderskeidelik op 24 September 1885 en 17 Oktober 1888 plaasgevind. Minnie het na die Else se plaas as “Stone” verwys, wat sekerlik Stoneridge was. Geen rekord van Wynand Viljoen of die naam Varkiesdraai kon in die Umtata Register van aktes opgespoor word nie, wat sou aandui dat hy nooit ’n plaas besit het nie. Dit lyk dus of hy slegs grond gehuur het, en Varkiesdraai die naam is wat hy sy huurplaas gegee het.

[73] Helena Beatrice Els, gebore 4 Junie 1870 (H.C.Viljoen, *Viljoen Familieregister*, 1554). Lenie en haar vyf susters het op ’n foto gedateer 1916 verskyn (WW-versameling).

[74] WW-versameling, brief, Minnie Viljoen–Eugène Viljoen, 14 Desember 1959.

[75] Inligting oor die kleur van Ben oë en hare asook sy lengte is ontleen aan sy aansoek om lidmaatskap van die Scottish Rite-vrymesselaarslosie in El Paso, Nieu-Mexiko (Scottish Rite Library, Santa Fe, Nieu-Mexiko, VSA, B.J. Viljoen membership record 1907). Dit is duidelik uit foto’s waar die Viljoen broers saam poseer dat Ben die kortste is.

[76] WW-versameling, brief, Minnie Viljoen–Eugène Viljoen, 14 Desember 1959.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moontlik het Ben se onstabiele jeugjare en nederige omstandighede ’n brandende ambisie in hom geplant om soos sy held Napoleon ook bo sy nederige agtergrond uit te styg en ’n merk op die geskiedenis te maak.

## Fortuinsoekers

In 1886, sowat drie jaar na die Viljoens se terugkeer na Varkiesdraai, kom opwindende nuus uit die Transvaal – ’n baie belowende goudneerslag is op die Witwatersrand ontdek. Van tyd tot tyd besoek reisigers onderweg na die goudvelde die Viljoens op hul plaas. In die aande sit Ben aandagtig en luister na hierdie manne se boeiende avontuurverhale. Sy pa weerhou hom met moeite daarvan om met sy perd en geweer by hul transportwaens aan te sluit en die tog oor die Drakensberge en deur Basoetoeland na die Transvaal mee te maak.[77]

Die goudgogga byt egter ook nou vir Wynand, en aan die einde van hierdie jaar besluit hy om by die derduisende fortuinsoekers aan te sluit wat nou van heinde en verre na die Transvaal stroom. Saam met hom neem hy sy twee oudste seuns, die 18-jarige Ben en 13-jarige Chris, en hulle vertrek op ’n muilwa saam met onder andere ene Albertus en Johannes Peach na pres. Paul Kruger se Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR). [78] Die res van die Viljoen-gesin moet in Umtata agterbly tot tyd en wyl Wynand vermoedelik vasgestel het of die vooruitsigte aan die Witwatersrand die moeite werd is vir hulle om ook te verhuis.[79] Moontlik behartig Burgert van Dyk, die man van Ben se oudste suster Mimmie, nou die boerdery op Varkiesdraai in Wynand se afwesigheid.[80]

[77] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota B.

[78] Ben het by verskeie geleenthede 1886 as die datum van sy verhuising na Transvaal gegee, onder meer aan die Transvaal Labour Commission in 1903 (*Transvaal Leader,* 23 September 1903), asook aan ’n Mexikaanse koerant in 1903 (*Mexican Herald*, 16 Januarie 1903). Verder het Gustav Preller Januarie 1887 as die datum van Ben Viljoen se aankoms in Transvaal gemeld, ’n datum wat min of meer ooreenstem met Ben se stellings (Preller, ‘Met God en die Mauser’). Preller het sy inligting by ene Albertus Peach gekry, wat gemeld het dat hy saam met Wynand, Ben en Chris na die Witwatersrand in Januarie 1887 gereis het (TAB, A787, Gustav Preller-aanwins, vol 276, p. 2). Ben se broer Jan het ook vir Ben se seun Eugène vertel dat sy pa en sy broers Ben en Chris voor die res van die familie saam met drie ander mans na die ZAR vertrek het, alhoewel hy 1888 as die datum van hul vertrek aangedui het (JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota G). Ben en Preller se inligting rakende die vertrekdatum word egter vir doeleindes hiervan as betroubaarder as Jan Viljoen s’n beskou, want laasgenoemde was maar sewe jaar oud in 1886. H.C. Viljoen dui daarenteen ’n verhuisingsdatum van 1889 aan sonder om ’n bron te noem, wat in die lig van die voorafgaande tydgenootlike getuienis as verkeerd beskou word (H.C. Viljoen, *Viljoen-Gedenkboek*, 91).

[79] Hierdie afleiding word ondersteun deurdat Ben se suster Johanna Aletta eers ná haar pa en broers se vertrek na Transvaal op 22 September 1888 in Umtata aangeneem is (NGKSA, Umtata lederegister).

[80] Dit wil voorkom of Ben se oudste suster Mimmie van Dyk en haar man Burgert saam met die res van die Viljoens na Umtata teruggekeer het in 1883, want hulle was getuies ten tye van haar suster Sannie se doop in Macleantown in 1884 (NGKSA, Maclean (later Komga) doopregister 1883-1939).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Omstreeks die begin van 1887 kom die geselskap aan in die delwerskamp wat later die stad Johannesburg sal word.[81] Tot nou toe was die ZAR ’n betreklik arm en onontwikkelde land met ’n hoofsaaklik landelike bevolking. Dié land, dikwels ook die Transvaal of die Republiek van Transvaal genoem, se ongeveer 60 000 oorspronklike wit inwoners was tot kort tevore oorwegend die afstammelinge van die Voortrekkers, met net ’n klein vreemde element, meestal handelaars, wat in die wydverspreide dorpe gewoon het. Hierdie nuwelinge was egter oor die algemeen goed geassimileer en kon ’n vroeë vorm van Afrikaans praat. Die meeste van hulle het ook burgerskap van die ZAR verkry en is grootliks deur die ouer bevolking aanvaar. Met die ontdekking van goud verander dié leefwêreld egter onherroeplik. Skielik stroom derduisende enkellopende mans van orals die land binne. Waar ’n jaar tevore ’n uitgestrekte grasvlakte was waarvan die rustigheid slegs nou en dan deur ’n ossewa of perderuiter versteur is, verrys skielik ’n stad op die Witwatersrand.[82]

Op hierdie tydstip is Johannesburg nie veel meer as ’n raserige en stowwerige delwerskamp nie. Markplein is die middelpunt van alles, want hier kom die transportryers in hul ossewaens aan met die kos en voorrade wat die delwers nodig het om te oorleef en ’n bestaan te maak. In grondstrate om die plein onstaan nou vinnig talle besighede – handelaars, winkels, kantore, kroeë en banke, wat almal wil munt slaan uit die duisende prospekteerders, myners, handelaars, avonturiers, agente en spekulante. In hierdie beginjare bestaan die bevolking van Johannesburg en sy omliggende dorpe grotendeels uit volwasse mans, want die meeste fortuinsoekers – soos Wynand Viljoen – bring nie sommer hul gesinne saam na ’n goudveld waarvan die langtermynvooruitsigte nog onseker is nie. Hulle is hier om hopelik vinnig hul fortuin te maak en dan weer te verkas.[83]

[81] Preller, ‘Met God en die Mauser’.
[82] C. van der Merwe, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 2015), 25.
[83] C. Van Onselen, *New Babylon New Nineveh: Everyday life on the Witwatersrand 1886-1914* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball Publishers, 2001), 5-6.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Markstraat in Johannesburg 1887.* (Pinterest)

Onder hierdie prospekteerders is ook Afrikaners uit die Transvaalse platteland. Reeds voor die ontdekking van goud op die Witwatersrand was die ekonomiese en klassesituasie van die ZAR besig om vinnig te verander. In die eerste twee dekades nadat Brittanje die onafhanklikheid van die ZAR in 1852 erken het, was die land se burgers redelik welvarend. Grond was volop en die handel en uitvoer van ivoor, vee, velle en wol het aan hulle ’n redelike inkomste besorg. Teen die vroeë 1870’s het hierdie situasie egter begin verander. Die wild was uitgedun en ’n dominante groep grondbesitters het onder die Boere ontstaan. Baie van diegene wat ná die aanvanklike grondtoekenning in die land aangekom het, moet nou op die grond van hierdie grondbesitters boer in ruil vir ’n deel van hul oes of arbeid en staan as bywoners bekend. Die gebruik van die Boere om hul plase onder hul seuns te verdeel het ook oor die jare veroorsaak dat talle plase in klein, onekonomiese eenhede omskep is. Soos die Viljoens word hierdie bywoners en klein grondbesitters nou deur drome van vinnige rykdom na die Witwatersrand gelok.[84]

Vermoedelik probeer Wynand en sy twee seuns soos die ander nuwe aankomelinge ook om vir goud te prospekteer. Soos die ander prospekteerders sal hulle egter ook gou agterkom dat dit nie so maklik is om op die Witwatersrand ’n fortuin te maak nie.[85] Anders as op die meeste ander goudvelde is die neerslae hier yl in die hoofrif versprei, ’n rif wat boonop skuins

[84] E.L.P. Stals, *Afrikaners in die Goudstad, Deel 1, 1886-1924* (Pretoria: HAUM, 1978), 33; S. Trapido, ‘Land, office and wealth in the SAR’ in Marks, *Economy and society*, 356-359.
[85] B.J. Viljoen, ‘In the days of my youth’.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en baie diep loop. Tonne erts moet vergruis word om die goud te ontgin, ’n tipe mynbou wat baie kapitaal vereis – iets wat gewone prospekteerders nie het nie.[86] Boonop is werksgeleenthede vir Afrikaners in die mynbedryf maar skaars. Die groter en goedkoper swart arbeidsmag, die oorheersing en etniese eksklusiwiteit van die buitelandse myners wat hulself vinnig in ’n vakbond organiseer, asook die Afrikaners se gebrek aan nywerheidsvaardighede, maak dit amper onmoontlik vir hulle om werk op die myne te kry.[87] Verder is die meeste Transvaalse Boere wat hulle nou hier bevind ongeskoold en nie Engels magtig nie, dus ook nie geskikte werknemers vir die oorwegend Britse werkgewers op die Rand nie.[88] Die meer ondernemende Afrikaners in Johannesburg wend hulle dus maar tot transportry, die vervaardiging van bakstene en die bedryf van “kebdienste” met kapkarre.[89] Omstandighede dwing ook die meeste Afrikaners – wat op hierdie tydstip slegs ’n klein deel van die groter kosmopolitiese stedelike gemeenskap verteenwoordig – om in die randgebiede van Johannesburg te gaan woon.[90]

Reeds in hierdie vroeë stadium is daar ’n rigiede sosiale hiërargie op die Witwatersrand. Heel bo is mynmagnate soos Alfred Beit, J.B. Robinson, George Albu, Hermann Eckstein, Lionel Phillips en dies meer. Die tweede trap bestaan uit die direkteure en bestuurders van die magnate se maatskappye, en wat vir die vooruitgang van die mynbedryf verantwoordelik is. Die volgende trap is die handelaars, hoofsaaklik Britte en Jode wat die handelslewe van die stad beheer, gevolg deur diegene wat by professionele dienste betrokke is. Heel onder is die werkersklas, die industriële proletariaat,[91] die stand waarin die Viljoens hulle nou bevind.

Ook Wynand en sy twee seuns verhuis kort ná hul aankoms na Roodepoort op die westelike grens van Johannesburg.[92] Hulle het egter een voordeel bo die deursnee Transvaalse Boer op die Witwatersrand – hulle kan Engels praat, en uit hul ondervinding op die Oosgrens weet hulle hoe om hulself in ’n Engelse gemeenskap te handhaaf. Wynand Viljoen begin nou as ’n bouer werk,[93] terwyl Ben en ’n vennoot ’n vendusie-afslaerbesigheid in Johannesburg begin.[94] Dié besigheid misluk egter ná ’n jaar of wat. Oor sy eerste besigheidservaring op die

[86] Van der Merwe, *Donker stroom*, 30.
[87] Van Onselen, *New Babylon*, 312.
[88] Stals, *Afrikaners in die Goudstad*, *Deel 1,* 58.
[89] Van Onselen, *New Babylon*, 313-314.
[90] Stals, *Afrikaners in die Goudstad*, *Deel 1,* 170.
[91] Ibid., 172-173.
[92] TAB, A787, Gustav Preller-aanwins, vol 276, p.2.
[93] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota G. Eugène het hierin aangeteken sy oupa ’n kontrak gekry het om ’n tronk te bou, inligting wat hy by Ben se broer Jan gekry het.
[94] Preller, ‘Met God en die Mauser’. Volgens Preller was hierdie vennoot ’n “sekere Bezuidenhout”, oor wie niks verder bekend is nie (TAB, A787, Gustav Preller versameling, vol 276, p.2).

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

Witwatersrand het Ben later in sy lewe ietwat sardonies opmerk: "[T]he golden reports from Johannesburg…proved illusions, for I eventually became financially ruined."[95]



*'n Jong Ben in Johannesburg.*
(JV-versameling)

[95] B.J. Viljoen, 'In the days of my youth'.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 2

## DUIWELSDORP

### (Okt 1889–Jan 1896)

**Die jong polisieman**

Na die mislukking van sy vendusiebesigheid sluit die 21-jarige Ben in Oktober 1889 as ’n gewone konstabel aan by die Krugersdorp-eenheid van die Zuid-Afrikaansche Republiek Politie (ZARP), die land se voet- en berede polisiemag wat agt jaar tevore tot stand gekom het.[1] Sy eerste pos is in die wagkamer van die polisiekantoor, en hy trek nou na dié dorp.[2] In hierdie jare is die ZARP die heenkome van talle jong Afrikanermans wat nie elders op die Witwatersrand ’n werk kan kry nie.[3] Die ZARP het egter ’n slegte reputasie. Salarisse is laag en arm, ongeletterde Afrikaners uit die onderste laag van die landelike bevolking is nie juis die beste mensemateriaal om wette toe te pas in rowwe myngebiede wat deur buitelandse myners en handelaars oorheers word nie. Geen wonder dat talle Zarps dus omkoopbaar is nie en wel geld van die talle bordeel- en kantieneienaars op die Witwatersrand aanvaar om weg te kyk wanneer laasgenoemde ’n wet oortree. Die hoof van die ZARP het ook nie behoorlike reëls en regulasies waarmee hy sy manskappe kan dissiplineer nie en die organisasie van dié mag laat veel te wense oor.[4] Sersant Frederick Tossel, ’n genaturaliseerde burger uit

---

[1] G. Preller, ‘Met God en die Mauser’, *Die Brandwag*, 20 Januarie 1917; TAB, SS 3023, R 11806/91, brief, Viljoen – Staatsekretaris, 19 September 1891. In hierdie brief het Ben gemeld dat hy 18 maande in die ZARP gedien het voor hy sy ontslag in April 1891 geneem het, wat dui op ’n indiensnemingsdatum van Oktober 1889.

[2] TAB, A787, Gustav Preller-aanwins, vol 276, p2.

[3] C. van Onselen, *New Babylon New Nineveh: Everyday life on the Witwatersrand 1886-1914* (Johannesburg & Cape Town: Jonathan Ball Publishers, 2001), 312.

[4] C. Jeppe, *The kaleidoscopic Transvaal* (Cape Town: J.C. Juta and Co, 1906), 146; C.F. Dugmore, ‘The making of Krugersdorp, 1887-1923’ (Phd-tesis, Universiteit van die Witwatersrand, 2004), 121; Van Onselen, *New Babylon*, 66-67. Van Onselen meld ook hier dat die Kommandant van die ZARP, D.E. Schutte, in 1894 in ’n ope brief geskryf het: “I acknowledge the rottenness of the entire police force, but decline to accept the disgrace attached thereto, having striven to reorganise the same, but failed through a lack of support.”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Cornwall, Engeland,[5] is die hoof van die Krugersdorpse Zarps en benewens Ben het hy in hierdie stadium slegs drie swart konstabels en ses berede manskappe onder sy bevel vir ’n gebied wat strek van Langlaagte in die ooste tot Gatsrand en Rustenburg in die weste.[6]

Op hierdie tydstip is Ben weens sy Kaapse herkoms nog ’n Britse burger en het hy in die bykans drie jaar wat hy al in die ZAR is nog geen poging aangewend om vir ZAR burgerskap aansoek te doen nie. Een van die vereistes om ’n genaturaliseerde burger van die ZAR te word, is dat ’n voornemende burger sy huidige burgerskap moet prysgee. Dit is ’n gewigte besluit vir ’n Britse burger: Die ZAR is nog ’n klein en onbenullige landjie wat maar skaars drie dekades lank bestaan, terwyl ’n Britse burger die beskerming geniet van die magtigste land ter wêreld en die voordele wat dit meebring.[7] Verder begin die naturalisasietydperk vir ZAR burgerskap eers loop vanaf die datum wanneer ’n persoon se naam in ’n veldkornet se lyste aangeteken word.[8] As staatsamptenaar is Ben egter verplig om sy naam in die plaaslike veldkornet se boeke te laat aanteken, wat hy op 12 Oktober 1889 doen.[9] Sy besluit om vir ZAR burgerskap aansoek te doen, is dus skynbaar deur praktiese oorwegings eerder as ideologiese oortuigings gedryf.

## Krugersdorp

Ben se dekade lange verbintenis met Krugersdorp het nou begin, waar hy mettertyd ’n bekende (en volgens sommige ’n berugte) figuur sal word. Dié dorp is geleë aan die noordelike hange van die Witwatersrand, ongeveer 30 km wes van Johannesburg en ongeveer 70 km suidwes van Pretoria.[10] Dit is nog nuut wanneer Ben daar aankom, want die eerste standplase is slegs twee jaar tevore uitgelê, kort na die proklamasie van die gouddelwerye in hierdie area. Die gouderts van die Krugersdorpse delwerye is egter

---

[5] M. Vorster, ‘Frederick de Witt Tossel – Krugersdorp se “ingevoerde” polisiehoof’, *Servamus*, November 1986. Tossel is gebore Llewellyn May, maar het sy naam verander om ’n aanstelling in die ZARP te vergemaklik.
[6] W. de Klerk en P. Coetzer, *Krugersdorp 100 Jaar/Years* (Krugersdorp: Stadsraad van Krugersdorp, 1987), 135.
[7] Jeppe, *Kaleidoscopic Transvaal*, 147.
[8] M.J. Hugo, ‘Die Stemreg-Vraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek’, *Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1947* (Kaapstad: Cape Times, 1947), 31.
[9] SS 3211, R 2103/91, verklaring deur veldkornet J.C. Bodenstein, 13 Februarie 1892.
[10] M.A. Schutte, ‘Die Geskiedenis van Krugersdorp, 1887-1900’, (MA-tesis, Potchefstroomse Universiteit, 1976), 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van 'n laer graad as dié van ander Randse goudvelde, wat veroorsaak dat die dorp heelwat stadiger as Johannesburg ontwikkel. In hierdie vroeë jare word dit as 'n vuil, gehawende en gevaarlike plek beskou. Soos elders die geval is met paddastoeldorpe wat naby mineraalneerslae in afgeleë gebiede onstaan, is die lewenskoste in Krugersdorp so hoog dat omtrent net jong, enkellopende mans kan bekostig om hier te werk. Weens 'n gebrek aan vrouegeselskap en die anker van 'n stabiele familielewe, omhels hierdie mans 'n kultuur wat wentel om dobbelary, prostitute, baklei en drankmisbruik. Die mans bly in hierdie jare meestal in seiltente en aanmekaar getimmerde sink- en houthuisies. Hulle is grotendeels van Britse afkoms en het geen emosionele verbintenis met Suid-Afrika nie. Hulle weet baie goed dat paddastoeldorpe tot dusver in Suid-Afrika se voorspoedjare nog altyd vlietend was, soos in die geval van Kimberley en Pelgrimsrus. Hulle is hier om geld te maak en wanneer die gouderts uitgemyn is, soos nog altyd elders gebeur het, of hul prospekteerdery onsuksesvol is, beweeg hulle aan. Van 'n permanente gemeenskap is daar dus geen sprake nie – hier is dit elke man vir homself. Vir Zarps soos Ben Viljoen het hulle geen vrees nie, en dispute word eerder met die vuis as in die hof besleg. 'n Ekstreme vorm van machismo geld hier, met openlike aggressie teenoor mededingers en 'n luidrugtige gespog en gevloek aan die orde van die dag. Mense begin gou vergelykings tref tussen dié Wes-Randse dorp en die pioniersdorpe van die Amerikaanse Wilde Weste en doop dit "Duiwelsdorp".[11]

Die klein ZARP-teenwoordigheid, asook die dorp se afstand van Pretoria en Johannesburg, veroorsaak dat wetstoepassing ontoereikend en oneffektief is, en die inwoners glo letterlik dat hulle met moord kan wegkom. Weens Krugersdorp se relatiewe afsondering en die groot stukke onbewoonde plaasgrond tussen die myne, verkoop talle handelaars hier onwettig drank aan swart myners. Omdat die Zarps so min betaal word, is dit nie ongewoon vir van hulle om geld by hierdie drankhandelaars te leen en hulself sodoende aan omkopery bloot te stel nie. Daar is dan ook elke nou en dan 'n geval van 'n Zarp op Krugersdorp wat omgekoop word om bewyse van onwettige drankhandel te vernietig of, nog erger, self aan die onwettige handel in drank deelneem.[12] Ben se bevorderingsmoontlikhede is ook maar skraal, want die hoër range van die ZARP word deur beter opgevoede en bekwame manne beklee. Hy laat egter nie

[11] Dugmore, 'Krugersdorp', 73-75. Die eerste 200 standplase is op 31 Oktober 1887 per publieke veiling verkoop.
[12] Ibid., 121.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gras onder sy voete groei nie en wanneer die tyd dit toelaat, kry hy privaatonderrig om homself beter te kwalifiseer.[13]

## Huwelik en sakewêreld

In 1889 besluit Wynand Viljoen sy toekomsvooruitsigte is goed genoeg dat hy sy vrou en die meeste van sy ander kinders nou na Krugersdorp kan laat verhuis.[14] Sy jongste seun Jan word egter na Wellington gestuur om sy skoolopleiding daar te voltooi, met die gedagte dat hy eers die volgende jaar by hulle sal aansluit.[15] Noudat Ben ’n vaste werk het, draai sy gedagtes weer na Lenie Els. In Augustus 1890 reis hy en sy suster Sannie na Umtata, waar hy op 5 September, twee dae voor sy 22ste verjaardag, met die 20-jarige Lenie in die Wesleyaanse kerk trou.[16] Die onthaal vind in die Grosvenor Hotel op die dorp plaas. Lenie se pa Ockert is egter teen die huwelik gekant, en alhoewel hy die huweliksregister as getuie teken, woon hy nie die onthaal by nie.[17] Moontlik bekommer die bruidegom se onbelowende toekomsvooruitsigte as gewone polisieman hom. Ná die onthaal vertrek die jong egpaar na Krugersdorp, waar Ben sy diens in die ZARP hervat.[18]

---

[13] Preller, ‘Met God en die Mauser’; F. De Witt Tossel, ‘Put up your hands! Stirring days in early Krugersdorp’, *Africa*, September 1937. In laasgenoemde artikel het Tossel gemeld dat Viljoen altesaam drie jaar onder hom gedien het.
[14] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota G. Eugène het hierdie inligting by Ben se broer Jan gekry.
[15] Ibid.; J.C. Viljoen, ‘Door den Anglo-Boer Oorlog met het Johannnesburg-Commando’, *De Goede Hoop*, 1 Oktober 1903. Jan Viljoen het ook in 1949 aan Eugène gemeld dat hy en sy ouers en sommige van sy jonger sibbe eers in Krugersdorp gewoon het voor hulle na ’n huurplaas genaamd Rooikrans ongeveer 10 kilometer buite die dorp verhuis het (JV-versameling, Questionnaire Gene to Oom Jan, c.1949).
[16] TAB, A787, Gustav Preller-aanwins, vol 276, p.2; D.K. Stein, ‘“Out of Africa” - an Africa to New Mexico Connection: Another Look At the Boers (Part 3)’, *New Mexico Genealogist*, 43/4 (2004), 239. (Afskrif van huweliksregister verskyn hierin.) Ben se suster Sannie was een van die getuies wat die huweliksregister geteken het. D.W. Krüger (D.W. Krüger, 'Viljoen, Benjamin Johannes', in Beyers, C.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* Vol IV (Durban en Pretoria: Butterworth & Kie, 1981), 780; H.C. Viljoen (H.C.Viljoen., *Viljoen-Gedenkboek* (Stellenbosch: Viljoen-Familiebond, 1977), 91) en J.W. Meijer ((J.W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen, 1868-1917* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2000), 17) meld dus verkeerdelik dat Ben en Lenie reeds in September 1889 getroud is, en dat hy eers daarna na Transvaal verhuis het en toe by die ZARP in Krugersdorp aangesluit het. Ben was inderdaad ten tye van sy huwelik reeds in die Krugersdorp polisiekantoor werksaam, soos hy op die huweliksregister aangetoon het.
[17] WW-versameling, brief, Minnie Viljoen–Eugène Viljoen, 14 Desember 1959.
[18] J.W. Meijer meld foutiewelik dat dit Viljoen se eerste indienstrede by die polisie was.(Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 17). Gustav Preller daarenteen het gemeld dat Viljoen nou sy werk in die ZARP hervat het (Preller, ‘Met God en die Mauser’).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die ZAR regering het die vorige maand besluit dat alle staatsamptenare, lede van die ZARP ingesluit, binne ses maande – dit wil sê teen nie later as Maart 1891 nie – genaturaliseerde burgers moet wees.[19] Op hierdie tydstip kan 'n voornemende burger egter slegs vir naturalisasie aansoek doen indien hy ten tyde van sy aansoek al minstens twee jaar in die ZAR gewoon het, en mits sy naam twee of meer jaar tevore op 'n veldkornetslys aangeteken is. Ben voldoen wel aan die eerste vereiste, maar nie aan die tweede nie, want hy het slegs elf maande tevore sy naam laat aanteken en sal eers in Oktober 1891 kwalifiseer vir naturalisasie. Die wet laat wel toe dat die ZAR-regering in uitsonderlike gevalle van hierdie vereiste kan afwyk.[20] Ben is duidelik nie een van hierdie gevalle nie, want in April 1891 moet hy sy ontslag uit die ZARP neem en sy eie potjie begin krap.[21]

Die loopbaanverandering kom nie op 'n goeie tyd vir Ben nie. Nie alleen is Lenie nou al ses maande verwagtend met hul eerste kind nie, maar boonop het 'n depressie die vorige jaar aan die Rand ontstaan toe dit begin blyk het dat die oorblywende goudneerslae op dieper vlakke geleë is wat nie koste-effektief met bestaande metodes ontgin kan word nie.[22] Nieteenstaande dié ongunstige handelsomstandighede in Krugersdorp moet Ben hom nou in die sakewêreld begewe.[23] Hy en Lenie verhuis na Roodepoort, waar hy en sy swaer Johnny van Wyk 'n drankkantien in vennootskap begin bedryf.[24] Verder neem hy bestellings vir sy pa en broers se rioolverwyderingsfirma in Roodepoort. Hy kry ook aanstellings as verteenwoordiger en agent van onder meer 'n lewensversekeringsmaatskappy, 'n skryfbehoeftemaatskappy, 'n snelskrifmaatskappy en 'n tikmasjienvervaardiger.[25]

---

[19] Hugo, 'Die Stemreg-Vraagstuk in die ZAR', 16.

[20] Wet no. 5, 1890, De Locale Wetten en Volksraadbesluiten der Zuid-Afr. Republiek, Staatsdrukkerij van de Z.A. Republiek, Pretoria, 1894.

[21] TAB, SS 3211, R 2103/91, brief, B.J. Viljoen–Staatsekretaris, 19 September 1891. Hierin het Ben gemeld dat hy vyf maande tevore uit die ZARP bedank het.

[22] Dugmore, 'Krugersdorp', 79- 80. Eers aan die einde van 1892 is 'n nuwe ekstraksiemetode ontwikkel wat die ontginning van hierdie dieperliggende goud koste-effektief gemaak het. Dit het nuwe lewe in die goudmynbedryf en algemene ekonomie geblaas.

[23] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 20-21. Meijer meen dat Viljoen uit die ZARP bedank het omdat hy tydens sy polisiediens met baie mense in aanraking gekom het, en "die tyd gunstig gelyk [het] om sy geluk in handel in besigheid te beproef". Dit lyk egter onwaarskynlik, vir die redes aangedui.

[24] TAB, A787, Gustav Preller-aanwins, vol 276, p.2.; Preller, 'Met God en die Mauser'; Sterfberig in *Rand Daily Mail* van 19 Januarie 1917. Johnny se volle name was Hermanus Johannes van Wyk, en hy was getroud met Ben se ouer suster Hendrina (H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister* (Franschhoek: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, 2012), 1553).

[25] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 24, 26.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Eugène Marais.*
(TAB-fotoversameling)

Die belangrikste agentskap wat sy toekoms betref, is egter die een om in Krugersdorp en die omliggende omgewing intekenare vir die Pretoriase koerant *Land en Volk* te werf, want so raak hy bevriend met Eugène Marais, die redakteur.[26] Marais is 'n gebore Transvaler, maar het sy laaste drie hoërskooljare in die Paarl deurgebring en na Pretoria teruggekeer 'n jaar nadat Ben in Johannesburg aangekom het. Marais is twee jaar jonger as Ben en 'n vurige teenstander van pres. Paul Kruger en sy regering se beleid.[27] Uit bewondering vir sy jonger vriend vernoem Ben drie maande na hy uit die ZARP bedank het sy eerste seun – Wynand Eugène – na beide sy pa en Marais.[28] Hierdie is 'n vroeë aanduiding van Ben se aweregsheid wat later so sterk in sy lewe sal deurslaan, want Eugène is nie 'n gebruiklike Viljoen familienaam nie.


**<u>Eerste joernalistieke en politieke treë</u>**

Die ekonomiese klimaat bly egter ongunstig, veral vir 'n nuwe toetreder tot die sakewêreld, met die gevolg dat Ben maar sukkel. Boonop het hy nou 'n vrou en kind om te onderhou. In September 1891, ses maande na hy uit die ZARP bedank het, doen hy dus weer aansoek vir 'n pos in dié organisasie, alhoewel 'n paar weke nog moet verloop voor sy naam twee jaar in die veldkornet se boeke aangeteken sal wees. Hy versoek dus dat die staatsekretaris dr. Willem Leyds, 'n Hollander, hom van hierdie bepaling kwytskeld en onderneem dat hy onmiddellik sal naturaliseer sodra hy kan. Sy

[26] H.C. Viljoen, 'Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900', (1988), 1.
[27] C. van der Merwe, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 2015), 24-16, 37.
[28] H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister*, 1555.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

versoek word egter geweier en die ZAR se burokratiese prosesse neem sy tydsame loop.[29] Eers ses maande later word Ben genaturaliseer nadat hy ’n eed van getrouheid aan die ZAR afgelê en sy Britse burgerskap afgesweer het. In April 1892, ’n jaar na sy bedanking, kan hy weer by die ZARP aansluit en hy en Lenie verhuis terug na Krugersdorp.[30]



*Ben en Lenie met Wynand Eugène.*
(TAB-fotoversameling)

Ben is egter nou slegs ’n tweedeklas burger van die ZAR. Genaturaliseerde burgers soos hy mag slegs stem vir verteenwoordigers in die Tweede Volksraad, ’n liggaam wat pres. Kruger twee jaar tevore in die lewe geroep het weens sekere prominente Uitlanders se gedurige agitasie vir stemreg. Hierdie liggaam kan besluite neem insake die belange van die mynwese en die nuwe aankomelinge, maar dié besluite is onderhewig aan die bekragtiging van die Eerste Volksraad, die hoogste wetgewende liggaam. Volle burgerskap, wat die reg meebring om vir lede van die Eerste Volksraad te stem en vir daardie liggaam verkiesbaar te wees, asook om in die verkiesing van die president en kommandant-generaal te stem, kan nuwe burgers eers na ’n verdere twaalf jaar se verblyf verkry. Dan is daar nog ’n verdere bepaling dat volle burgerskap eers verkry kan word nadat ’n genaturaliseerde burger vir tien jaar vir die Tweede Volksraad verkiesbaar was. Om vir hierdie liggaam verkiesbaar te wees, moet ’n burger egter minstens dertig jaar oud wees. Dit beteken dus al woon ’n genaturaliseerde burger reeds meer as 14 jaar in die land, kan hy nie voor die ouderdom van veertig volle burgerskap verkry nie. Ben sal dus onder normale omstandighede eers in 1908 vir volle burgerskap kan kwalifiseer. Pres. Kruger se oogmerk met die skep van dié ingewikkelde stemstelsel is om beheer van die land in die hande van die gevestigde

[29] TAB, SS 3023, R 11806/91, brief, Viljoen–Staatsekretaris, 19 September 1891.
[30] TAB, A787, Gustav Preller-aanwins, vol 276, p2-3; H.C. Viljoen, *Benjamin Viljoen*, 2; TAB, SS 3211, R 2103/91, aantekening in lêer, 19 Oktober 1892.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bevolking te hou. Vooraanstaande Uitlanders is vanselfsprekend nie tevrede met hierdie geringe toegewing deur die ZAR-regering nie, veral aangesien die Tweede Volksraad nie eens ’n begroting van sy eie het nie. Hulle beskou dit as net nog ’n poging van Kruger om die stemreg te weerhou van diegene wat omtrent al die belasting in die land betaal.[31]

Onder baie Boere heers in hierdie stadium ook groot ongelukkigheid oor Kruger se beleid. Nie alleen is hulle bekommerd oor die weerhouding van volle stemreg van die Uitlanders nie, maar ook oor die skadelike gevolge van roekelose staatsbesteding, onnodige konsessies en monopolieë wat deur Kruger aan vriende en familie uitgedeel word, die ondoeltreffende en korrupte staatsadministrasie, asook die aanstelling van Hollanders in sleutelposisies in die staatsdiens. Hierdie Transvalers, wat as die progressiewes bekend staan, vrees dat as dié kwessies nie bevredigend opgelos word nie, dit mettertyd tot oorlog met Brittanje sal lei. Die progressiewes skaar hulle nou agter Piet Joubert, die kommandant-generaal van die ZAR en ’n politieke teenstander van Kruger. Joubert glo die stemreg moet gewysig word om vir die nuwe aankomelinge voorsiening te maak – slegs so sal die Boere hul kosbare onafhanklikheid kan behou. Die mondstuk van die progressiewes is Eugène Marais se koerant *Land en Volk*.[32] Joubert besluit om in die presidentsverkiesing van Februarie 1893 teen Kruger te staan. Beide Marais en Ben dien in sy verkiesingkomitee, wat gelei word deur Ewald Esselen, ’n voormalige regter wat nou ’n bekende Pretoriase advokaat is.[33] As ’n inkommer in die ZAR en tweedeklas burger geval die progressiewes se politieke sienswyses Ben vanselfsprekend meer as dié van Kruger en sy volgelinge. So begin Ben se betrokkenheid by die politiek, wat toenemend ’n groot belangstelling sal word.

Intussen vind Ben die lewe van ’n polisieman egter sieldodend. Hy het ’n brandende ambisie om uit te styg in die lewe en voel hom aangetrokke tot die joernalistiek.[34] Hy word gevolglik ’n joernalistieke medewerker van *Land en Volk.* Omdat hy ’n staatsamptenaar is, skryf hy sy rubriek egter onder die skuilnaam Klein

---

[31] Hugo, ‘Die Stemreg-Vraagstuk in die ZAR’, 14, 29-31, 35; Jeppe, *Kaleidoscopic Transvaal*, 132-133.
[32] Van der Merwe, *Donker stroom*, 35.
[33] Ibid., 41.
[34] B.J. Viljoen, ‘In the days of my youth: Chapters of an Autobiography’, *Otago Witness* (Dunedin, Nieu-Seeland), 28 Januarie 1903. Hierin het Ben op sy kenmerkende dramatiese wyse oor sy lewe as polisieman en joernalistieke ambisies geskryf: “I found the life deadly dull and trying to a man of restless spirit, with an ever present desire to do something better…[my] soul continually chafed at the confinement of a policeman’s uniform, and hungered to pour forth its aspirations in type.”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Joggom. Dit verskyn die eerste keer kort na sy herindienstrede in die ZARP.[35] Hy is hewig gekant teen pres. Kruger se nepotisme en baantjies-vir-boeties-aanstellings, en voel ook dat die president deur buitelandse konsessiejagters tot nadeel van die land uitgebuit word.[36] As Klein Joggom skryf hy op spottende wyse dat Kruger nou maar op pensioen kan gaan in die lig van al die belangrike dienste wat hy aan die land gelewer het.[37] In sy sporadiese rubrieke daarna bly sy spottery ongeskik en op die man af – die hamer eerder as die rapier is Ben se keuse as dit by satire kom. Volksraadslede raak soms ontsteld oor sy grappies ten koste van hulle, maar selfs hulle erken dat sy rubrieke amusant is. Die byname wat hy hulle gee, word ook gou algemeen in die volksmond.[38] Die joernalistiek het hom nou stewig beet, wat sy tweede groot belangstelling in die lewe sal word.

Aan die begin van 1893 word Ben en Lenie se tweede seun gebore en doop hulle hom Ockert Bertrand de Lesseps.[39] Ben is erg trots op wat hy glo sy Hugenote-herkoms is, want alhoewel soos gebruiklik met die tweede seun Ockert die naam van Lenie se pa is, verwys Bertrand de Lesseps egter na die Franse koninklike wag wat in 1572 die toekomstige Franse koning Hendrik IV uit ’n Paryse tronk help ontsnap het. Hendrik IV het later die Edik van Nantes uitgevaardig wat godsdiensvryheid in Frankryk toegelaat en dus aan die Hugenote gelyke regte met Katolieke gegee het. Ben se aweregsheid slaan nou weer deur, want soos Benjamin en Eugène is Bertrand de Lesseps ook nie ’n Viljoen familienaam nie.

Intussen woed ’n fel verkiesingstryd, met Marais se *Land en Volk* aan die voorpunt wat die pers betref en Ben wat ywerig in Krugersdorp werk om stemme vir Joubert te werf. In die maand na die geboorte van Ben se tweede seun verloor Joubert die presidentsverkiesing naelskraaps, tot die groot woede en ontnugtering van talle progressiewes, wat beweer dat die Kruger-aangestelde kiesbeamptes die uitslae gemanipuleer het. Hieroor braak Eugène Marais gal in *Land en Volk*,[40] met Klein Joggom wat lustig uit Krugersdorp saam kla.[41]

---

[35] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 32.
[36] B.J. Viljoen, ‘In the days of my youth’.
[37] *Land en Volk*, 26 April 1892.
[38] F. Rompel, *Heroes of the Boer War* (Londen: Review of Reviews, 1903), 12. Rompel was ’n tydgenoot van Viljoen wat voor die ABO as joernalis by *De Volksstem* in Pretoria gewerk het.
[39] H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister*, 1554. Ockert Bertrand de Lesseps, gebore 19 Januarie 1893 in Krugersdorp.
[40] Van der Merwe, *Donker stroom*, 41.
[41] Preller, ‘Met God en die Mauser’, *Die Brandwag*, 20 Januarie 1917.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ben het nou sy eerste smaak van die politieke lewe gekry. In Desember 1893 is hy in Krugersdorp een van die stigters van die organisasie De Volksvereeniging, wat hom beywer om Afrikaners vir die progressiewe saak te mobiliseer. Hy word verkies as sekretaris en werk hard om die organisasie landwyd uit te brei. Sy voorliefde om los en vas met sy naam om te gaan, kom weer na vore, want in die eerste paar maande word amptelike kennisgewings van dié organisasie onder die naam van Bertrand J. Viljoen uitgestuur. De Volksvereeniging is anti-Kruger en deel van die Uitlanders se griewe, onder meer oor die onregverdige stemwet en die roekelose toekenning van monopolieë en konsessies.[42] In reaksie hierop stig Kruger-ondersteuners kort hierna De Burgermacht, 'n konserwatiewe teenvoeter. In 1894 is daar sprake dat dié twee organisasies ter wille van eensgesindheid in die land moet saamsmelt, maar dit misluk weens verskille oor lede se stemreg in die onderskeie organisasies: De Volksvereeniging laat alle lede gelyke stemreg toe, terwyl De Burgermacht 'n onderskeid maak tussen volle burgers en genaturaliseerde burgers. 'n Deel van De Burgermacht se lede loop egter oor na De Volksvereeniging, wat nou as De Volksmacht herdoop word, met Ben wat nog steeds as die sekretaris dien.[43]

Aan die persoonlike front is daar egter slegte nuus vir Ben en Lenie in Junie 1894, want hul seuntjie Ockert Bertrand de Lesseps sterf op die ouderdom van 17 maande.[44] Twee maande later is daar darem troos vir hulle met die geboorte van nog 'n seun, Benjamin Villion,[45] wie se tweede naam verwys na Francois Villion, die kwansuise Hugenote-vlugteling wat hom al in 1671 in die Kaap gevestig het en al die Suid-Afrikaanse Viljoens se stamvader is.[46]

---

42 Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 59-60; Preller, 'Met God en die Mauser'.
43 Preller, 'Met God en die Mauser'; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 60-63. Meijer gee hier 'n baie breedvoerige uiteensetting van die geskiedenis en werksaamhede van *De Volksvereeniging* en *De Burgermacht.*
44 H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister*, 1554.
45 Ibid., 1554.
46 Ibid., 5.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## Uitlandervriende en Vrymesselaars

Benewens Eugène Marais sluit Ben nou ander vriendskappe wat hom later goed te staan sal kom. Hy het geen vooroordele as dit by iemand se herkoms, taal of geloof kom nie.[47] Onder die Uitlanders met wie hy in aanraking kom, staan hy bekend as ’n vriendelike kêrel met ’n onnutsige streep.[48] Een van Ben se nuwe vriende is Joseph van Gelder,[49] ’n Nederlandse Jood wat in 1894 die assistent-redakteur is van die *Standard & Diggers’ News*,[50] ’n Engelse Johannesburgse koerant wat die ZAR-regering oor die algemeen goedgesind is. Ben word nou dié koerant se Krugersdorpse korrespondent,[51] terwyl hy steeds as Klein Joggom vir *Land en Volk* skryf. Ben maak ook vriende onder die Ierse Uitlanders, wat net so teen Engelse oorheersing gekant is as die Boere. Hy word gereeld by hul dinees gesien, waar hy lustig saamkuier.[52]

Twee ander Britte wat baie goeie vriende van Ben sal word, vestig hulle ook in Krugersdorp: Douglas Blackburn, ’n gesoute joernalis uit Engeland,[53] asook Ramsay Macnab, ’n Skotse afslaer en waardeerder.[54] Blackburn en Macnab is onderskeidelik elf en agtien jaar ouer as Ben, maar hierdie ouderdomsverskil staan nie in die pad van ’n hegte en soms berugte vriendskap wat tussen die driemanskap ontwikkel nie. Hulle kuier hard saam, en staan bekend as poetsbakkers wat gereeld sensasie op Krugersdorp veroorsaak.[55]

Blackburn sal ’n paar jaar later as ’n romanskrywer ontpop met werke soos *Prinsloo of Prinsloosdorp* (1899), *A Burgher Quixote* (1903) en *I Came and Saw* (1908),[56] waarvoor hy uit sy jare in Krugersdorp put.[57] In *A Burgher Quixote* maak

---

[47] Volgens sterfberig in *Rand Daily Mail,* 19 Januarie 1917.
[48] M. Nathan, *Not heaven itself: An autobiography* (Durban: The Knox Publishing Company, 1944), 112. Nathan het Ben in hierdie jare beskryf as “a friendly fellow, but rather mischievously inclined.”
[49] B.J. Viljoen, ‘In the days of my youth.’
[50] TAB, SS 4064, R 16321, Introductie heer Van Gelder, 19 Desember 1893.
[51] Volgens sterfberig in *Rand Daily Mail,* 19 Januarie 1917.
[52] D.P. McCracken, *Macbride’s Brigade: Irish Commandos in the Anglo-Boer War* (Dublin: Four Courts Press, 1999), 21.
[53] S. Gray, ‘Douglas Blackburn: Journalist into novelist (1857-1929)’, *English in Africa*, 5/1 (1978), 5.
[54] Dugmore, ‘Krugersdorp’, 131.
[55] Ontleen uit S. Gray, ‘Keeping the Records Straight: The literary afterlife of three Boer generals’, *Literator*, 35/1 (2014), 8, asook Ben se sterfberig in *Rand Daily Mail,* 19 Januarie 1917.
[56] ‘Douglas Blackburn’, Wikipedia (geraadpleeg op 6 Februarie 2015).
[57] Gray, 'Douglas Blackburn,’ 5.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Douglas Blackburn.*
(Gray, *Douglas Blackburn*)

selfs sy vriend Ben 'n verskyning.[58] Blackburn is 'n sosialis en anti-imperialis wat in sy boeke poog om die Boere aan die Britte te verduidelik en te verdedig. In sy werke propageer hy sy visie van kulturele kruisbestuiwing tussen Boer en Brit en swart Transvaler in 'n oop en gemengde samelewing, 'n breë Suid-Afrikanisme wat geen onderskeid tref op grond van taal, ras of klas nie. Ben en Blackburn sal later medewerkers in die koerantwese word en Blackburn se invloed (ten minste wat die vreedsame naasbestaan van Boere en Uitlanders betref) beïnvloed sekerlik ook Ben se politieke uitkyk tot 'n mate.[59]

Ben het intussen ook by die Vrymesselaars aangesluit.[60] Vir 'n ambisieuse jong man met groot toekomsplanne is lidmaatskap 'n goeie skuif, want in hierdie jare behoort talle vooraanstaande Transvalers – Boere én Uitlanders – aan dié organisasie. Verskeie leidende progressiewe Boere is ook Vrymesselaars, onder meer Ben se vriend Eugène Marais, kmdt.genl Piet Joubert, Louis Botha, en Ewald Esselen.[61] Vir 'n nuwe aankomeling in 'n land is dit 'n uitstekende manier om waardevolle kontakte op te bou, want die vrymesselaars het 'n etos van broederskap wat kennismaking met lede van ander losies vergemaklik.

---

[58] D. Blackburn, *A Burgher Quixote* (Edinburgh: Blackwood, 1903), 33.
[59] Gray, 'Douglas Blackburn', 1, 2, 5.
[60] Ben het aan 'n Spaanstalige koerant in Sante Fe, Nieu-Mexiko, gemeld dat hy in 1892 by die Gordon Lodge No. 496 in Jeppestown aangesluit het. (*Nuevo Mexicano*, 18 April 1908). Hierdie losie is egter eers in 1893 gevestig, dus moes Ben in dié jaar of later aangesluit het (A.A. Cooper, *The Freemasons of South Africa* (Cape Town: Human & Rousseau, 1986), 67).
[61] J.J. van der Merwe, 'Vrymesselary voor die aanvang van die Suid-Afrikaanse oorlog', *Litnet* (http://www.litnet.co.za/vrymesselary-voor-die-aanvang-van-die-suid-afrikaanse-oorlog. Geraadpleeg op 8 Desember 2016).

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

## **Onrus in Johannesburg**

Na die teleurstellende uitslag van die 1893-presidentverkiesing het van die meer prominente Britse Uitlanders hulself polities begin mobiliseer. Hul organisasie, die National Union, beywer hom luidrugtig vir onder meer die billike toekenning van volle burgerskap aan die Uitlanders. Groot mynhuise soos Alfred Beit en Julius Wernher se Wernher, Beit & Co en Cecil John Rhodes se Consolidated Gold Fields gooi hul gewig, geld en koerante agter hierdie politieke agitasie in. Die mynhuise koop ook *Land en Volk* en verskaf daaraan ’n subsidie, met Eugène Marais wat teen ’n salaris as redakteur aanbly.[62]

Die Uitlanders bearbei ook De Volksmacht om progressiewe kandidate vir die volgende volksraadsverkiesing vroeg in 1895 beskikbaar te maak. Ben ontmoet verskeie kere hieroor met Rowland Bettington, ’n Johannesburgse aandelemakelaar en prominente figuur in die National Union.[63] Ben verklaar aan Bettington dat hy persoonlik niks teen pres. Kruger het nie, maar dat hy polities geheel en al van hom verskil en dat meer aandag aan die griewe van die Uitlanders gegee moet word.[64] Ben doen nou alles in sy vermoë om aan kiesers die gevare van Kruger se beleid uit te wys, en hulle te beïnvloed om progressiewe kandidate te ondersteun.[65] Die verkiesing verloop goed en die anti-Kruger groep in die Volksraad word aansienlik versterk.[66]

Aan ’n persoonlike front is daar nogmaals slegte nuus vir Ben en Lenie in Junie 1895, want hul seuntjie Benjamin Villion sterf. Hy is nog nie eens ’n jaar oud nie.[67] In minder as ’n jaar staan hulle dus twee seuns aan die dood af. Verder is Ben se poging om hom in hierdie maand los te wikkel uit sy pos by die ZARP, ’n werk wat hy as sieldodend beskou,[68] ook onsuksesvol, want sy aansoek om as paaie-inspekteur van die Krugersdorp-distrik aangestel te word, word deur staatsekretaris Leyds afgekeur.[69]

---

[62] Van der Merwe, *Donker stroom*, 44, 48-49.
[63] C. van Onselen, *The Cowboy Capitalist: John Hays Hammond, the American West & the Jameson Raid* (Johannesburg & Cape Town: Johanathan Ball Publishers, 2017), 119.
[64] TAB, SP 238, Geheime verslag no 16, 10 November 1894. Hierin skryf ’n ZAR geheime agent dat “the Imperial party…are trying to work Volksvereeniging as much as they can” en “I have seen him (Viljoen) on two occasions lately in very close communication with Bettington.”
[65] Ibid., Geheime verslag no 25, 13 Januarie 1895.
[66] J.S. Marais, *The fall of Kruger’s republic* (Oxford: Claredon Press, 1961), 59.
[67] H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister*, 1554.
[68] B.J. Viljoen, ‘In the days of my youth’.
[69] TAB, SS 0, R 6103/95, brief, B.J. Viljoen – Staatsekretaris, 17 Junie 1895.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Leyds is een van die Hollanders waarvoor Ben later baie min ooghare sal hê, en moontlik is dit waar sy weersin begin het.[70]

Die eerste toets – in die oë van die National Union – vir die nuwe Volksraad kom binne twee maande na Benjamin Villion se dood, wanneer die Uitlanders 'n massapetisie vir die uitbreiding van stemreg aan dié liggaam voorlê. Lukas Meyer, een van die progressiewe lede, stel in die Eerste Volksraad voor dat aan Uitlanders wat al vyf jaar in die land woon en die ouderdom van 31 bereik het, volle stemreg toegeken moet word, onderhewig aan 'n eiendomskwalifikasie. Na 'n lang en vurige debat word sy voorstel deur die meerderheid van die volksraadslede verwerp, maar 'n derde van hulle stem wel ten gunste van die mosie.[71]

Hierdie belowende tekens van politieke verandering stel sekere groot mynhuise egter nie tevrede nie. Hul geduld is nou op. Consolidated Gold Fields se *de facto* hoof, die Amerikaanse Uitlander John Hays Hammond, het reeds die vorige jaar by Cecil John Rhodes die saad geplant om die ZAR-regering omver te werp.[72] Onder instruksie van Rhodes en Alfred Beit het die besture van Consolidated Gold Fields en Wernher, Beit & Co, die grootste mynhuise, in Johannesburg planne hiervoor begin beraam, met die National Union op sleeptou. Hul plan is dat die Uitlanders in Johannesburg aan die einde van dié jaar in opstand moet kom en die ZAR-regering se wapenarsenaal in Pretoria moet beset, terwyl Rhodes se getroue luitenant Leander Starr Jameson hulle terselfdertyd vanuit Betsjoeanaland (huidige Botswana) met 'n groot gewapende mag te hulp sal snel. Joseph Chamberlain, die aggressiewe en imperialistiese nuwe Britse minister van kolonies, word ook deur Rhodes in die komplot betrek. Die uiteindelike doel is dat die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, sir Hercules Robinson, die opstand en inval as 'n verskoning sal gebruik om hom na die ZAR te haas om vrede tussen die Uitlanders en Boere te bewerkstellig, en dan 'n dekreet uit te vaardig dat die land se toekoms bepaal moet word deur 'n algemene stemming van alle volwasse wit mans of 'n konstituerende vergadering wat hulle verteenwoordig. Die Uitlanders glo op hierdie tydstip dat hulle in die meerderheid is en so 'n verkiesing sal wen.[73]

[70] TAB, HC98, Verslag van Britse geheime agent in Nederland, 2 Oktober 1902. Hierin het agent D/233 verklaar dat "Ben Viljoen openly discusses his hatred and disgust of Leyds."
[71] Marais, *Kruger's Republic*, 59.
[72] Van Onselen, *Cowboy Capitalist*, 151.
[73] Van der Merwe, *Donker stroom*, 51.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## ***Ons Volk***

Na sy onsuksesvolle aansoek vir ’n staatspos slaan die 27-jarige Ben ’n ander rigting in. Sy eersug en ambisie kan nie bevredig word deur bloot humoristiese sketse in ander mense se koerante te skryf nie.[74] Sy koerantwerk en joernalisvriende het hom ook laat besef dat daar ’n lesersmark vir ’n Nederlandstalige koerant in Krugersdorp is. En moontlik onthou hy dat sy held Napoleon ook op 27-jarige ouderdom twee koerante op die been gebring het om sy politieke ambisies te ondersteun.[75]



*Die jong redakteur en koeranteienaar.*
(BJV-versameling)

Ben bedank gevolglik uit die ZARP, en met die hulp van verskeie ander prominente Krugersdorpers loods hy in Oktober 1895 die weeklikse koerant *Ons Volk*. Ben word aangestel as die besturende direkteur en besit ’n kwart van die aandele. Hierdie nuwe mededinger (boonop met ’n naam wat herinner aan *Land en Volk*) op die Witwatersrand geval sy vriend Eugène Marais glad nie, en sy en Ben se vriendskap begin geleidelik versuur. Alhoewel Ben nie aanvanklik die redakteur van *Ons Volk* is nie, bepaal hy grootliks die redaksionele leiding en inhoud van die koerant,[76] wat soos *Land en Volk* ’n progressiewe rigting inslaan.[77] *Ons Volk* se beleid is op hierdie tydstip sterk anti-regering en anti-Hollander, en om genuanseerd te skryf, is nie in Ben se aard nie. Die koerant vind egter gou byval by lesers en die sirkulasie styg vinnig na bykans 3 000 eksemplare per week.[78]

[74] Frederik Rompel, ’n joernalis en tydgenoot van Ben, het in ’n skets van hom opgemerk dat “Scherz in de journalistiek alleen kon de eerzucht van een Ben Viljoen echter niet bevredigen” (*Bataviaasch Nieuwsblad*, 2 Oktober 1900).
[75] P. Dwyer, *Napoleon: The path to power* (Yale: Yale University Press, 2008), 306.
[76] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 33-34; H.C. Viljoen, *Benjamin Viljoen*, 2.
[77] W.W. Caddell and D. Blackburn, *Secret service in South Africa* (Londen: Cassel and Company Limited, 1911), 295.
[78] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 40, 42.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ben doen die woeste reputasie van die Duiwelsdorpers kort na die koerant se eerste verskyning gestand toe hy in die kroeg van Johannesburg se Central Hotel in ’n woordewisseling met die kleimsinpekteur van Florida betrokke raak. Die inspekteur beskuldig Ben dat hy kwaadwillig oor die Florida amptenary in die *Critic* geskryf het, ’n koerant waarvoor Ben soms ’n bydrae lewer.[79] Kort voor lank verloor Ben sy humeur en gee die man ’n opstopper.[80] Op sy beurt word Ben getakel deur die vrederegter van Florida en kom hy die slegste van die onderonsie af.[81]

## Die Jameson-inval

Teen Desember 1895, noudat die beplande dag van afrekening met die Boere op hande is, het die leiers van die Uitlanders se vroeëre entoesiasme vir ’n opstand verdamp. Hulle wil die ZAR-regering nou eerder met propaganda oor hul veggereedheid en wapentuig intimideer om aan hul eise toe te gee. Hul leiers verbied Jameson ook om sonder hul uitdruklike goedkeuring die Transvaal met sy manne binne te val. Ná weke se gewag in die versengende somerhitte van Betsjoeanaland is die impulsiewe Jameson se geduld egter op. Op Sondag, 29 Desember 1985 steek hy die Transvaalse grens met sowat 500 manskappe oor, oortuig dat sy waaghalsige optrede die bangbroekerige Johannesburgers uiteindelik sover sal kry om hul lank beplande opstand te loods.[82]

Die oggend van Woensdag, 1 Januarie 1896 is Jameson se mag naby Krugersdorp. Ben en omtrent veertig ander lede van die Krugersdorpse kommando onder leiding van veldkornet J.C. Bodenstein ruk nou op om by die ander Boerekommando’s aan te sluit wat onderweg is om Jameson se mag te stuit. ’n Ent buite Krugersdorp wag die Boeremagte die invalsmag op ’n rif langs die pad na Johannesburg in. Teen die middag kom Jameson se voorhoede in sig. Na sy troepe ’n paar oneffektiewe kanonskote op die goed verskansde Boere losgelaat het, loods Jameson se perderuiters ’n stormlopie. Die Boere wag tot hulle binne skietafstand is en trek met ’n verwoestende sarsie los. Die lewensverlies onder die aanvallers is groot en hulle retireer vinnig.[83]

---

[79] Preller, ‘Met God en die Mauser’.
[80] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 35-37. Viljoen is hiervoor later ’n boete deur die hof opgelê.
[81] H.C. Viljoen, *Benjamin Viljoen*, 3.
[82] Van der Merwe, *Donker stroom*, 55-56.
[83] D. Saks, ‘The Jameson Raid: A failed dress rehearsal for the Anglo Boer War’, *Military History Journal*, 12/5 (2003), 162-163..

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Later dieselfde aand probeer Jameson se mag om verby die Boere se stellings te beweeg, maar word deur hewige geweervuur gestuit. Hierna val Boereskerpskutters voortdurend die aanvalsmag lastig waar hulle vir die nag kamp opgeslaan het. Na ’n laaste, hewige skermutseling die volgende oggend by Doornkop naby Krugersdorp hys Jameson die wit vlag. Ben en twee ander Boere word afgevaardig om te verneem op watter voorwaardes hy oorgee. Ben-hulle kom terselfdertyd as kmdt. Piet Cronjé van Potchefstroom by Jameson aan. Laasgenoemde gee nou onvoorwaardelik oor en versoek dat sy manne – wat 48 uur laas ’n maaltyd gehad het – iets te ete kry.[84]

Die gevangenes word hierna na Krugersdorp geneem. Terwyl hulle op die dorp se markplein aangehou word, kom ’n groep Boere uit die Waterberg-distrik aangegalop. Weens die afstand wat hulle moes aflê, het hierdie burgers die geveg misgeloop. Hulle is erg omgekrap en trippel op hul perde om die gevangenes met gewere dreigend gerig terwyl hulle luidkeels aan hul woede uiting gee. ’n Bejaarde Waterberger met ’n lang wit baard verklaar skielik dat hulle summier die gevangenes moet skiet. Dié idee vind by sy makkers byval. Ben tree egter tussenbeide en berispe die ou burger wat die voorstel gemaak het in sterk taal. Die ander Waterbergers is hoogs ontstoke dat ’n jong man so ongeskik is met iemand wat oud genoeg is om sy pa te wees. Vir ’n minuut of so lyk dit of geweld gaan uitbreek. Gelukkig het ’n poskantoorklerk intussen vir kmdt. Cronjé ontbied, wat die situasie ontlont.[85] Dis sal egter nie die laaste keer wees wat Ben die patriargie uitdaag nie.

---

[84] Ibid.; B.J. Viljoen, *De Rebellie van 1895-96 in de Z. Afrikaansche Republiek* (Krugersdorp: Ons Volk, 1896), 23-26; ZAR Groenboek, nr. 1, 1896, pp. 97-98, beëdigde verklaring J.S. Celliers (mede-onderteken deur B.J. Viljoen) aan H.J. Coster, 6 Maart 1896. Dit is egter onduidelik hoekom juis Ben een van die afgevaardiges was wat Jameson gaan sien het.

[85] Caddell, *Secret service*, 303-304.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 3

## GOUE JARE

**(Feb 1896–Sep 1899)**

### Winde van verandering

Ná die Jameson-inval verander die politieke klimaat in die ZAR drasties ten gunste van pres. Kruger. Die mislukte inval en opstand in Johannesburg het die land se militêre onvoorbereidheid blootgelê, iets waarvoor Piet Joubert as kommandant-generaal geblameer word. Volgens die meeste burgers is dit hul staatspresident wat die ZAR gered het, en kritiek op Kruger se bewind raak ongewild. Kruger kan nou ook met reg uitwys dat sy waarskuwings oor Brittanje se imperiale grypsug nie vergesog was nie. Die progressiewe beweging onder die Transvalers verloor gevolglik 'n groot deel van die steun wat dit voorheen geniet het.[1] Ook De Volksmacht verval in onguns weens die indruk dat dit Britsgesind is. Die organisasie smelt nou maar saam met De Burgermacht, onder laasgenoemde se grondwet, waarmee Ben se betrokkenheid by die beweging eindig.[2]

Ben sien vermoedelik hoe die politieke winde waai en het sy oog op die toekoms. 'n Watwonderse sakeman is hy nie, en die koerantwese is nou nie juis 'n lonende beroep nie. Wat oorbly is 'n politieke loopbaan of 'n staatsdienspos. Maar die politiek is nie nou al vir hom beskore nie – eers oor drie jaar, wanneer hy dertig word, sal hy vir die Tweede Volksraad kan staan. Dit is dus die staatsdiens waarop hy sy visier rig. Soos hy egter al aan eie lyf gevoel het, word staatsposte in die ZAR deur Kruger aan sy vertrouelinge uitgedeel en dit lyk of die staatspresident nog lank in die kussings gaan wees. Ben is pragmaties en verspil nie tyd nie.

---

[1] C. van der Merwe, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 2015), 66-69, 71. Kruger het dan ook die volgende presidentsverkiesing in 1898 met 'n geweldige meerderheid gewen.
[2] J.W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen, 1868-1917* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2000), 65.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Onmiddellik ná die Jameson-inval skryf hy 'n boekie – *De Rebellie van 1895-96 in de Z. Afrikaansche Republiek* – wat deur *Ons Volk* se pers gedruk word. Hierin verklaar hy onomwonde dat alhoewel sekere griewe van die nuwe inkomelinge billik en gegrond is, dit nie só ernstig is dat dit revolusie of die ingryping van buitelandse magte regverdig nie. Hy verklaar verder dat die staat se belangrikste plig die beskerming van die land se onafhanklikheid is, iets waarvoor die huidige regering uitnemend geskik is.[3] Alhoewel hy hierna in *Ons Volk* steeds krities is oor die ZAR-regering se beleid oor kwessies soos konsessies en die aanstelling van Hollanders, is hy nou in wese 'n Kruger-ondersteuner.[4] Hiervoor sal sy voormalige vriend Eugène Marais se koerant *Land en Volk* hom later as 'n manteldraaier uitkryt.[5]

**<u>Vrywillige soldaat en veldkornet</u>**

Ben weet goed dat wanneer dit by 'n politieke loopbaan in die ZAR kom, manne met krygsondervinding hoog aangeslaan word deur kiesers. Die geleentheid doen hom nou voor om militêre opleiding op te doen, want die Jameson-inval het nuwe stukrag aan die stigting van 'n vrywilligerskorps in Krugersdorp gegee, iets wat die vorige jaar nie van die grond af kon kom nie. Behalwe vir 'n artilleriekorps het die ZAR nie 'n staande leër nie; pleks daarvan is alle burgers van sestien tot sestig krygspligtig en kan hulle opgeroep word wanneer omstandighede dit vereis.[6] Die ZAR-regering se oogmerk met vrywilligerskorpse is om in vredestyd burgers en offisiere se militêre vaardighede en kennis te verskerp. Reeds in Januarie 1896, enkele weke ná die Jameson-inval, word so 'n korps op Krugersdorp gestig, met veldkornet Bodenstein as kommandant en Ben as luitenant-kwartiermeester. Onmiddellik word daar entoesiasties met driloefeninge afgeskop.[7] Ben is lief vir uniforms en het 'n hand in die ontwerp van die korps se swierige drag.[8] Ook ná die Anglo-Boereoorlog sal hy 'n verskeidenheid uniforms besit

---

[3] B.J. Viljoen, *De Rebellie van 1895-96 in de Z. Afrikaansche Republiek* (Krugersdorp: Ons Volk, 1896), 4-6.
[4] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 65-66.
[5] *Land en Volk*, 28 Desember 1898.
[6] J.J. Retief, 'Die Ontwikkeling van die rangstruktuur van die Boerekommando's, Deel 2: 1834-1902', *Military History Journal*, 9/5 (1994), 7.
[7] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 79-80.
[8] *Bataviaasch Nieuwsblad*, 2 Oktober 1900.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat hy by verskillende geleenthede dra, wat geen verband sal hou met die drag wat die ander Boereoffisiere en burgers tydens die oorlog gedra het nie.[9]



*Ben in sy deftige Vrywilligerskorpsuniform.*
(TAB-fotoversameling)

Ben se deelname aan die oorwinning oor Jameson se invalsmag, sy rol in die stigting van die plaaslike vrywilligerskorps, asook sy betrokkenheid by *Ons Volk*, het sy aansien in Krugersdorp nou 'n stewige hupstoot gegee. Hy besluit dus om in Januarie 1896 as kandidaat te staan vir die Krugersdorp gesondheidskomitee, wat in wese die munisipaliteit van die dorp is.[10] Hierdie poging slaag nie, maar hy sal wel die volgende jaar verkies word.[11] Nou probeer hy weer om 'n staatsaanstelling te bekom en doen in Junie 1896 vir die pos van publieke aanklaer in Krugersdorp aansoek.[12] Soos die vorige jaar word sy aansoek egter weer deur staatsekretaris Leyds afgekeur. Ben gooi egter nie tou op nie. Veldkornet Bodenstein word kort hierna aangestel as die regterlike kommissaris van Krugersdorp en gevolglik raak sy veldkornetskap vakant. Ben doen onmiddellik by

[9] Die Boeremagte was in wese 'n volksleër. Behalwe vir die Staatsartillerie van die ZAR, die ZARP, die Artilleriecorps van die Vrystaat, en die vreemdelingvrywilligerkorpse het burgers en hul offisiere nie uniforms gedra nie (F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad & Johannesburg: Human & Rousseau, 1991), 82.)

[10] Gesondheidskomitees is deur die ZAR-regering as 'n beperkte vorm van munisipale bestuur ingestel vir dorpe soos Johannesburg en Krugersdorp, waar die Uitlanders in die meerderheid was. Die regering was bekommerd dat die verlening van volle munisipale status sou lei tot die skepping van regerings binne die regering. Gesondheidskomitees was soos die naam aandui verantwoordelik vir die gesondheidstoestand van 'n dorp en het hulle besig gehou met aangeleenthede soos sanitasie, vullisverwydering en riolering, asook die instandhouding van strate, voorsiening van water en die uitreiking van sakelisensies (M.A. Schutte, 'Die geskiedenis van Krugersdorp, 1887-1900' (MA-tesis, Potchefstroomse Universiteit, 1976), 33-35).

[11] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 67-68. Viljoen moes egter in 1897 hierdie aanstelling op die gesondheidskomitee bedank weens sy aanstelling as veldkornet van Krugersdorp Wyk 1, want staatsamptenare mag nie twee staatsposte beklee het nie.

[12] TAB, SS 0, R 7364/96, brief, Viljoen–Staatsekretaris, 10 Junie 1896.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

pres. Kruger vir dié vakature aansoek. Hy reël ook dat talle Krugersdorpers petisies aan Kruger stuur wat sy aansoek ondersteun.[13] Hierdie keer slaag sy poging en ’n paar weke later word hy deur die Eerste Volksraad as veldkornet van Krugersdorp Wyk 1 aangewys.[14] Buiten die standplaasdorp Krugersdorp val Roodepoort, Florida en Maraisburg ook in Wyk 1 en is dit etlike ure te perd van die westelike na die oostelike grens.[15] Die pos kom met ’n jaarlikse salaris van £250 (R250 000), ’n handige meevaller vir ’n joernalis met ’n jong gesin.[16] Die ekstra geld is nodig, want in September hierdie jaar skenk Lenie geboorte aan nog ’n seun, Silvanus Wilhelmus.[17] Ben se gesin het nou aangegroei tot vier lede.

As veldkornet is Ben onder die gesag van die kommandant van die Witwatersrandse goudvelde. Ben is primêr ’n militêre offisier en die bevelvoerder van Wyk 1 se etlike honderde kommandolede. Hy is onder meer verantwoordelik vir die optrek en bywerk van die lys van krygspligtige burgers, die uitreiking van hul oproepinstruksies wanneer nodig, die aanvraag, bewaring en uitdeel van ammunisie en wapens aan sy kommandolede, die reël van skietkompetisies, asook ’n magdom ander administratiewe sake. Ben is nie een vir papierwerk nie, maar het gelukkig ’n baie bekwame en pligsgetroue klerk wat daarvoor sorg.[18] Ben laat nie sy nuwe amp na sy kop toe gaan nie. Hy bly die grapmaker van vroeër, wat in die hoofsaak met meeste mense goed oor die weg kom.[19]

---

[13] TAB, SS 0, R 8280/96, telegram, Viljoen–Kruger, 25 Junie 1896, asook verskeie petisies hierna gedateer.

[14] In 1894 is ’n nuwe distriksdorp noordwes van die Paardekraal monument aangelê, aan die noordekant van die spruit wat die grens van die bestaande standplaasdorp Krugersdorp was. Die volgende jaar is die Krugersdorp-distrik in drie wyke verdeel. Wyk 1 het die bestaande standplaasdorp suid van die spruit en die delwerye ingesluit, asook Roodepoort, Florida en Maraisburg. Wyke 2 en 3 het die nuwe distriksdorp en alle ongeproklameerde plase omvat, en is uit dele van die distrikte van Pretoria, Potchefstroom, Rustenburg en Heidelberg uitgekerf. Wyk 1 het steeds deel gevorm van die Johannesburg-kiesafdeling vir doeleindes van die verkiesing van verteenwoordigers in die Eerste en Tweede Volksraad, terwyl die ander twee wyke die nuwe Krugersdorp-distrik se kiesafdeling gevorm het. (Schutte, ‘Krugersdorp’, 27-31.) Anders as Wyke 2 en 3, waar die inwoners hul eie veldkornette verkies het, was Wyk 1 (soos die ander wyke in goudvelde) onder die direkte gesag van die ZAR-regering, wat alle staatsamptenare aangestel het.

[15] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 84.

[16] ‘Zuid-Afrikaansche Republiek 1896 Begrooting’, *Staatscourant der Z.A. Republiek*, 28 Oktober 1896.

[17] H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister* (Franschhoek: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, 2012), 1557.

[18] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 99, 104-105; Ancestry.co.za, ‘What is a Veldkornet’ (aanlyn - argief geraadpleeg op 10 Februarie 2016).

[19] F. Rompel, ‘Generaal Ben Viljoen’, *Bataviaasch Nieuwsblad,* 2 Oktober 1900.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Krugersdorp het baie verander in die jare sedert Ben hom hier gevestig het. Van die ongeveer 300 wit delwers wat hier was toe die dorp in 1887 gestig is, het die inwonertal nou aangegroei tot ongeveer 20 000 wit mense in die dorp en omliggende distrik, verdeel in omtrent ’n gelyke aantal mans en vroue. Duiwelsdorp is nou ’n meer respektabele plek as in sy beginjare, met netjieser strate en huise, ’n landdroshof, regeringsgeboue, kerke, ’n spoorwegstasie en ’n gereelde treindiens na Johannesburg, plaaslike koerante, sportklubs, kulturele verenigings, teateropvoerings en danspartye. Meeste van hierdie ontwikkelings is te danke aan ’n nuwe wit Britse middelklas wat nou ’n beduidende deel van die Uitlanderbevolking van die dorp vorm. Gemoedere het gou gekalmeer ná die Jameson-inval en die Afrikaners en Uitlanders op die dorp kom weer goed oor die weg, ’n proses waarin Ben se *Ons Volk* ’n belangrike rol speel.[20] In hierdie jare is Krugersdorp ’n voorbeeld van hoe verhoudinge tussen Boer en Brit in die ZAR sou kon ontwikkel het as dit nie vir die ABO was nie.[21]

Ben se opgang in die sosiale hiërargie van Krugersdorp kry nou momentum. In Oktober 1896 word hy in die vrywilligerskorps tot kaptein verkies. En op 16 Desember 1896 lewer hy die verwelkomingstoespraak toe pres. Kruger die Dingaansdagvieringe by die Paardekraalmonument kom bywoon. Hy is ook die staatspresident se lyfwag toe dié na Pretoria terugkeer.[22] Eugène Marais en sy koerant *Land en Volk* het intussen ná die mislukte Jameson-inval en Johannesburg-opstand by baie Boere in onguns verval, want in sekere kringe word hy verdink van medewete en moontlike medepligtigheid aan dié gebeure.[23] Ben en Marais se vriendskap het ook nou finaal versuur. Marais beskuldig Ben se koerant *Ons Volk* daarvan dat dit rasse-haat aanblaas, en dat Ben in ’n gestig vir kranksinniges hoort. Op sy beurt noem Ben drie dae ná sy toespraak by Paardekraal *Land en Volk* ’n halfslagtige Jingo-koerant.[24] Teen dié tyd is Marais egter reeds op pad Londen toe om daar in die regte te gaan studeer.[25]

Vir Ben is die kersie op die koek in 1896 sekerlik die ZAR-regering se besluit om volle burgerskap toe te ken aan elke persoon wat teen die Jameson-invalsmag geveg het, of ten tyde van die gebeure sy bereidwilligheid verklaar het om die onafhanklikheid

---

[20] Schutte, ‘Krugersdorp’, 44, 53, 64, 73, 80-81; Dugmore, ‘Krugersdorp’, 126, 130-134, 145-159, 177-179, 185, 204, 206-207.
[21] Sien ook Dugmore, ‘Krugersdorp’, 206-208 oor die goeie verhouding tussen die Afrikaners en Uitlanders in Krugersdorp gedurende hierdie tydperk.
[22] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 81, 100.
[23] Van der Merwe, *Donker stroom*, 62-66.
[24] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 33.
[25] Van der Merwe, *Donker stroom*, 62-66.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die land te verdedig.[26] Een van Ben se take as veldkornet is om 'n lys van sodanige persone in sy wyk op te trek en seker te maak dat die inligting korrek is.[27] Benewens sy eie naam verskyn sy pa Wynand en broers Chris en Wynand se name ook op die lys. Ook so dié van sy goeie vriend Ramsay MacNab en sy skoonpa Ockert Els, wat intussen met die res van Lenie se familie na die Transvaal verhuis het. Vroeg in 1897 word volle burgerskap aan al ses van hulle toegeken.[28]

**Huislike en sosiale lewe**

Ben en Lenie en hul twee jong seuns Eugène en Silvanus woon aan die begin van 1897 in 'n sinkdakhuis in Commissionerstraat in die weste van die Krugersdorp standplaasdorp. [29] Lenie het die huis met allerlei snuisterye en sentimentele aandenkinge versier, soos elke stylvolle jong vrou van die era betaam, en op elke rak en tafel is geraamde foto's uitgestal. Plante staan die huis vol en die rugleunings van die gestoffeerde banke is met gehekelde antimakassars bedek om hulle te beskerm teen die olie waarmee die mans hulle hare insmeer. Ben en Lenie het al twee goeie sangstemme en gereeld word sangaande met vriende en familie gehou, tot hul seuntjies se groot genot. Die Viljoen egpaar is 'n moderne een, en hulle hou tred met die nuutste Britse gebruike en modes.[30]

Daar is ook 'n ander kant aan hierdie gemoedelike huislewe. Lenie laat nie alkohol in haar huis toe nie, maar Ben hou daarvan om saam met sy vriende te kuier en kaart te speel, wat hy dan elders moet doen. Boonop is hy goed gebou met fynbesnede gelaatstrekke, gladgeskeerde wange, fatsoenlike kleredrag en hare wat in die jongste Britse mode gesny is, en lyk hy dus glad nie soos die tipiese Afrikaner van die tyd nie.[31]

---

[26] M.J. Hugo, 'Die Stemreg-Vraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek', *Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, *1947* (Kaapstad: Cape Times, 1947), 56, 81.
[27] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 99.
[28] Gouverments-Kennisgeving No. 241, *Staatscourant der Z.A. Republiek*, 2 Junie 1897. Volle burgerskap is op 15 Januarie 1897 aan hulle toegeken.
[29] JV-versameling, Jeanine Viljoen notas vir hoofstuk 7 van beplande biografie van Lenie Viljoen. Haar inligting word ondersteun deurdat Ben se eiendom by erf 363, Commissionerstraat, Krugersdorp in 1908 weens onbetaalde skuld op 'n eksekusieveiling verkoop is. Op dié tydstip het hy reeds in die VSA gewoon (TAB, ZTPD 8/868/695/1908, In the Supreme Court of the Transvaal in the matter of I. Macintyre vs B.J. Viljoen, Report by the Sheriff of the Transvaal for confirmation of the sale in execution, 7 Augustus 1908). Hierdie huis was geleë by die hedendaagse Commissionerstraat 78, waar vandag 'n kantoorgebou staan.
[30] Ibid.
[31] F. Rompel, *Heroes of the Boer War* (Londen: Review of Reviews, 1903), 150.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hy het teen hierdie tyd ’n reputasie as ’n haan onder die henne en gerugte oor sy verhoudings met vroue lê Krugersdorp vol. Baie jare later sal twee mans selfs beweer hulle is sy buite-egtelike kinders. In hierdie konserwatiewe era kyk Lenie egter maar anderpad en almal maak of hulle van niks weet nie.[32]

Ben is ook daarvoor bekend dat sy humeur soms vinnig kan ontvlam. In ’n Krugersdorpse apteek raak hy in ’n relletjie betrokke met ene Griffiths, ’n manlike verpleegster, en stamp hom rond. Griffiths gaan lê hierna ’n klag van aanranding teen hom. Die saak word egter deur die hof uitgegooi.[33] Vanweë sy jeugjare op Robertson is Ben ook baie lief vir resiesperde en hou ’n paar op stal. Soms laat hy hulle in Johannesburg deelneem en vervoer hulle dan per trein vanaf die Krugersdorpse stasie. Op ’n dag kom hy op die afgespreekte tyd by die stasie aan, maar vind ’n ander perd in die trok wat hy bespreek het. Toe hy ontsteld die stasiemeester hieroor gaan sien, probeer laasgenoemde hom met ’n flou verskoning paai. Ben gee die man toe summier ’n pak slae. In die daaropvolgende hofsaak word hy ’n boete van vyf pond opgelê. Ben vra toe die magistraat wat met hom sal gebeur as hy die stasiemeester weer aanrand. Die magistraat verklaar dat hy hom met ’n verdere vyf pond sal beboet vir minagting van die hof. Ben pluk toe twee vyfpondnote uit en plak dit op die magistraat se lessenaar neer. “Hier’s my vyf pond,’ sê Ben. “En sommer nog vyf pond vir minagting van die hof.” Hy storm daarop uit en gee die stasiemeester weer ’n paar opstoppers buite die hof.[34]

---

[32] BF-versameling, Jeanine Viljoen notas. In haar notas vir haar beplande biografie van Lenie Viljoen het Jeanine Viljoen, dogter van Ben se seun Eugène, soos volg oor hierdie tydperk geskryf: “BJV’s reputation grew as a ‘ladies’ man’…And in these hours Helena kept a resolute Victorian silence, that artificial reticence concerning illicit sexual relations…So Helena held her young chin high. Even though everyone knew, everyone pretended not to know.” As bron hiervoor vermeld sy familiestories in die VSA en SA. Ook op een van haar pa Eugène se notas oor hoekom Ben later van Lenie geskei het, het sy die volgende aangeteken: “This note of Dad’s summarized the family legend they created for the public...the irony of it all being that he [Ben] had a wide reputation as a ladies’ man, evidently fathering at least two illegitmate children (Or else, two men claimed to be his sons.)”. (JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota K). Dat Ben se reputasie as iemand met ’n slag met vroue redelik algemeen voor die ABO bekend moes gewees het, kan ook afgelei word uit ’n staaltjie wat genl. Chris Muller in sy oorlogsherinneringe weergegee het. Muller het in Desember 1900 ’n Britse skeepskanon, die “Lady Roberts”, in die Oos-Transvaal buitgemaak, waarna Ben dit in sy besit geneem. Toe Muller se manne later by ’n klompie vroue aankom, wou dié weet waar die kanon nou is. “By Ben Viljoen,” was die antwoord. “Dis net wat ’n mens van hom sal verwag!” het een van die vroue daarop laggend uitgeroep (C.H. Muller, *Oorlogsherinneringe* (Kaapstad, Bloemfontein & Pretoria: Nasionale Pers Beperk, 1936), 105.)

[33] *The Sentinel*, 2 September 1896.

[34] BF-versameling, getikte notas van onderhoud deur Jeanine Viljoen in 1987 gevoer met Les Wiseman, kleinseun van Ben Viljoen (Wiseman was die seun van Silvanus, Ben se jongste seun). Alhoewel Wiseman nie ’n datum vir die insident verskaf het nie, is die Krugersdorpse treinstasie eers in 1896 gebou (Dugmore, ‘Krugersdorp’, 195).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## ***De Voortrekker* en *The Transvaal Sentinel***

Teen November 1897 het *Ons Volk* 'n suksesvolle twee jaar agter die rug. Tot dusver was dié koerant se redaksionele beleid grotendeels pro-Kruger onder die redaksie van Ben en Alphaeus Snell, wat soos eersgenoemde se vriend Douglas Blackburn ook 'n boorling van Engeland is.[35] Ondersteuners van Schalk Burger, wat beplan om in die presidentsverkiesing van Februarie 1898 teen pres. Kruger te staan, kry nou egter die meerderheid van die aandele in die hande. Ben word kort hierna gevra om te bedank weens sy ondersteuning van pres. Kruger.[36]

Vir Ben kry mens egter nie so maklik onder nie. Sy vriend Douglas Blackburn is redakteur van die weeklikse Krugersdorpse koerant *The Transvaal Sentinel*.[37] Ben en Blackburn koukus nou. Hoekom nie sommer 'n Nederlandstalige koerant by die *The Transvaal Sentinel* voeg nie? Dieselfde drukpers kan tog gebruik word, en deur in al twee tale uit te gee, dek hulle die hele lesersmark. Ben laat nie op hom wag nie en op 5 Februarie 1898, skaars twee maande ná sy afdanking by *Ons Volk*, verskyn die weeklikse *De Voortrekker* vir die eerste keer as die Nederlandse half-seksie van die *The Transvaal Sentinel* met Ben in die redakteurstoel en Servaas Fick as sub-redakteur.[38]

Vyf dae later is die uitslag van die 1898-presidentverkiesing bekend – pres. Kruger het weer gewen, dié keer met 'n oorweldigende meerderheid, sy grootste oorwinning ooit.[39] So breek die bejaarde Dopper-president se vierde ampstermyn aan, een wat deur die oorlog beëindig sal word. Ben se redaksionele uitgangspunt by *De Voortrekker* bly dieselfde as in sy dae by *Ons Volk.* Hy ondersteun Kruger en die ZAR-regering, maar skroom nie om wanpraktyke deur staatsamptenare aan die groot klok te hang nie, iets wat hom gereeld lasteraksies op die hals haal. Ben is 'n gewilde man in Krugersdorp en mense hou van sy pittige skryfstyl. Gou wen hy meeste van sy

[35] *South African Who's Who 1908* (Durban: South African Who's Who Publishing Company, 1908), 377.
[36] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 43.
[37] *Men of the Times: Pioneers of the Transvaal and glimpses of South Africa* (Johannesburg: Transvaal Publishing Company, 1905), 79; S. Gray, 'Douglas Blackburn: Journalist into novelist (1857-1929)', *English in Africa*, 5/1 (1978), 5, 29. Dié koerant het sy lewe as *The Sentinel* begin en sy naam in Oktober 1896 na *The Transvaal Sentinel* verander (SP 119, SPR, 9319, beëdigde verklaring van D. Blackburn, 11 November 1896).
[38] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 44; H.C. Viljoen, 'Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900', (1988), 5; Gray, *Douglas Blackburn*, 29.
[39] J.S Marais, *The fall of Kruger's republic* (Oxford: Claredon Press, 1961), 202-203.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voormalige lesers by *Ons Volk* terug, in so 'n mate dat dié koerant 'n paar maande later moet sluit.[40]

Blackburn bedank in Mei 1898 as redakteur van die *The Transvaal Sentinel* om by die ZAR Geheime Diens aan te sluit.[41] Naas sy redakteurskap van *De Voortrekker*, word Ben nou ook die verantwoordelike redakteur van die *The Transvaal Sentinel*.[42] Oor Ben se redakteurskap van dié koerant skryf 'n tydgenoot dat "Subsequently to the retirement of Mr Blackburn, the trenchant pen of Mr. B.J. Viljoen continued in an able manner the policy of the paper."[43] Maar Ben se aktiewe redakteurskap van *De Voortrekker* en die *The Transvaal Sentinel* duur slegs vier maande, want hy kry nou die geleentheid om krygsondervinding op te doen, iets wat hy bitter graag tot sy getuigskrif wil voeg. Sy ambisie het teen hierdie tyd verskuif na 'n groter openbare rol as dié van veldkornet. Die Tweede Volksraadverkiesing vir die Johannesburg-kiesafdeling vind juis oor minder as 'n jaar plaas. Oor enkele maande word hy boonop dertig jaar oud, wanneer hy homself as volksraadslid verkiesbaar mag stel.[44] Hy het reeds die voorafgaande paar jaar seker gemaak dat geen openbare funksie op Krugersdorp plaasvind waarby hy nie op die een of ander manier betrokke is of 'n verskyning maak nie.[45] Hy weet egter meer is nodig vir iemand wat nie 'n gebore Transvaler is nie. In die ZAR word militêre ondervinding in voornemende volksraadlede hoog deur die burgers geag. Toe die geleentheid hom dus in Junie 1898 in Swaziland voordoen, aarsel hy nie.

---

[40] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 44-45. *Ons Volk* het in Oktober 1898 sy deure gesluit.
[41] H.J.G Kamffer, 'Om een scherpe oog in't ziel te houden: Die geheime diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek' (DPhil-tesis, Potchefstroomse Universiteit, 1999), 302-308, 411. Volgens Kamffer was Blackburn egter net 'n maand in diens van die ZAR Geheime Diens, en is dit moontlik dat hy 'n Britse dubbelagent was. Dit lyk egter onwaarskynlik in die lig van Blackburn se voorafgaande joernalistieke optrede. Blackburn het hierna die satiriese tydskrif *Life* in Johannesburg geloods (TAB, SS 7525 R14325/98, Blackburn – Staatsekretaris, 5 November 1898).
[42] TAB, SP 167, SPR 3562/98, Viljoen – Staatsprokureur, kennisgewing van verantwoordelike redakteurskap van *The Transvaal Sentinel,* 13 April 1898.
[43] Gray, 'Douglas Blackburn', 29. Hierdie inligting is ontleen uit die slotartikel van *The Transvaal Sentinel* op 24 Augustus 1898, waarskynlik geskryf deur Servaas Fick, wat soos later gemeld waarnemende redakteur van hierdie koerant en *De Voortrekker* tydens Ben se afwesigheid op militêre diens in Swaziland was.
[44] Hugo, 'Die Stemreg-Vraagstuk in die ZAR', 29.
[45] *Rand Daily Mail*, 19 Januarie 1917; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 58.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## Avonture in Swaziland en die Soutpansberg

Op dié tydstip is Swaziland onder die beheer van die ZAR. ’n Senior Swazi-hoofman word in die koninklike kraal vermoor en die ZAR-regering verdink die Swazi-koning van medepligtigheid. Laasgenoemde word deur die ZAR-regering gedagvaar om in die hof te verskyn, wat hy weier om te doen. Die situasie veroorsaak groot onrus in Swaziland. Om die orde te bewaar besluit die ZAR-regering om versterkings na die land te stuur om die polisie daar by te staan. Ben bied onmiddellik die Krugersdorpse vrywilligerskorps se dienste aan, waarvan hy ’n paar maande tevore as kommandant aangestel is.[46] Sy aanbod word deur kmdt.-genl. Joubert aanvaar en Servaas Fick neem as redakteur van *De Voortrekker* en die *The Transvaal Sentinel* in sy afwesigheid waar.

Aan die begin van Julie 1898 kom Ben en 155 lede van die vrywilligerskorps in Bremersdorp (hedendaagse Manzini) aan. Hy het intussen gesorg dat sy broers in die korps bevorder word, met Chris wat nou ’n tweede luitenant en Wynand ’n sersant is. In Bremersdorp bou die Krugersdorpers ’n sooiwal om hul laer, grawe diep slote daarvoor, rig doringdraad by die ingang op en plaas ’n Maxim-masjiengeweer op ’n strategiese plek. Ben doop dié stelling Fort Viljoen, nie die laaste keer dat hy ’n plek na homself sal vernoem nie.[47] Ben kry ook nou ’n kans om sy dapperheid te bewys, want hy, kmdt. David (“Ou Kat”) Joubert van Carolina en die latere genl. J.G.C. Kemp gaan spreek in ’n stadium die Swazi-koning in sy kraal om hom te oortuig om voor die hof te verskyn. Die drie mans bevind hulle alleen tussen ’n groot aantal gewapende swart krygers; as die situasie sou skeefloop, is daar nie uitkomkans nie.[48] Die herinnering aan wat met Piet Retief gebeur het toe hy Dingaan gaan sien het, kan sekerlik nie ver van hul gedagtes wees nie. Oor hul poging het Ben baie jare later opgemerk dat dit “ended in a miserable failure, because I could not stomach the perfumed blacks, nor jabs with assegais”.[49] Die Swazi-koning vlug hierna na Natal en Britse beskerming. Tydens Ben se drie maande lange verblyf in Bremersdorp lê hy en ’n paar manne ook besoek aan Pietermaritzburg af om ’n noukeurige opname van die Britse garnisoen by Fort Napier te doen ter voorbereiding vir moontlike toekomstige konflik met Brittanje.[50]

[46] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 83.
[47] Ibid, 83, 85-87.
[48] J.C.G. Kemp, *Vir vryheid en reg* (Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1941), 171.
[49] *Los Angeles Times*, 18 Augustus 1915.
[50] D. Blackburn, *A Burgher Quixote* (Edinburgh: Blackwood, 1903), 319.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Ben se drie jonger broers v.l.n.r. Chris, Wynand en Jan.* (JV-versameling)

Intussen het die Independent Printing Company, die eienaars van die *The Transvaal Sentinel*, besluit om publikasie van dié koerant te staak. Servaas Fick is egter vinnig om in die laaste uitgawe van die koerant sy vriend Ben se reputasie te beskerm deur te verklaar die sluiting "is not in any degree due to lack of ability on the part of the latter gentleman who altho' absent latterly in Swaziland continued to exercise control over the paper."[51] Die Independent Printing Company besluit egter om weens die buitegewone sukses van *De Voortrekker* dié koerant nou twee keer 'n week uit te gee.[52]

Teen die einde van September 1898 het die onrus in Swaziland bedaar en die Krugersdorpse vrywilligerskorps keer terug huis toe. Ben het in Swaziland 30 geword en reël onmiddellik ná sy terugkoms dat die vereiste rekwisisies vir hom om as verkiesingkandidaat vir die Tweede Volksraad te mag staan, opgestel en na staatsekretaris Reitz gestuur word. Sy jare van beeldpoetsery werp nou vrugte af, want meer as 'n duisend stemgeregtigde burgers in Krugersdorp teken versoekskrifte namens hom.[53]

[51] Gray, *Douglas Blackburn*, 29. Hierdie inligting en aanhaling is deur Gray ontleen uit die laaste redakteursartikel van *The Transvaal Sentinel* op 24 Augustus 1898.
[52] Ibid.
[53] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 68.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ben kry egter nie kans om lank hieraan aandag te gee nie. Tydens sy diens in Swaziland het moeilikheid met die Vendas in die Soutpansberg-distrik in die noorde van die Transvaal uitgebreek. Mphephu, die nuwe Venda-koning, weier om belasting aan die ZAR-regering te betaal en het sy volk bewapen. Kmdt.-genl. Joubert het reeds kort ná Ben se aankoms in Swaziland met ’n strafekspedisie van 850 burgers na die Soutpansberg vertrek. Nou word daar besluit om nog 2 850 manne op te roep, waaronder 250 uit die Krugersdorp-distrik as deel van die Witwatersrandse Goudvelde kommando.[54]

Johannes de Meillon is op hierdie tydstip die spesiale kommandant van die Witwatersrandse Goudvelde kommando en is deur die ZAR-regering aangestel, soos die gebruik is vir distrikte waarin daar goudvelde geleë is. Hy is dus nie deur die burgers in sy distrik verkies nie, soos in distrikte buite die goudvelde die geval is. De Meillon is ’n ou vyand van Ben,[55] wat weier om sy oproepinstruksies te gehoorsaam en op eie houtjie met sy manne na die Soutpansberg-distrik vertrek.[56] In Ben se afwesigheid neem Servaas Fick waar as redakteur van *De Voortrekker*[57] aangesien Alphaeus Snell betrokke geraak het by die stigting van die *Krugersdorp Standard*.[58]

Die Krugersdorpers kom aan die begin van November 1898 in Joubert se hooflaer aan. De Meillon gaan kla oor Ben se optrede by Joubert, maar laasgenoemde kies Ben se kant en De Meillon word na Pretoria teruggeroep.[59] Die oggend van 16 November omsingel die Boeremagte Mphephu se kraal en val dit van alle kante aan. Die kraal word ná ’n paar uur met geringe lewensverlies aan die Boere se kant ingeneem, maar Mphephu en van sy krygers ontsnap en vlug die berge in.[60] Ben het intussen malaria opgedoen en besluit hierna om na Krugersdorp terug te keer.[61] Die meeste van sy manne bly agter om saam met die ander Boeremagte vir Mphephu en sy oorblywende

---

[54] ZAR Groenboek, nr. 17, 1899, pp.2-3, Rapport van den Commandant-Generaal, voor het jaar 1898.
[55] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 34-35. Reeds in 1895 het Ben vir De Meillon in *Ons Volk* sleggesê.
[56] Ibid., 34-35, 89-90.
[57] Ibid., 46.
[58] *Who’s Who 1908*, 377. *The Krugersdorp Standard* se eerste uitgawe het in Desember 1898 verskyn (British Library, Directory of Newspapers, Standard and West Rand Review, Krugersdorp).
[59] De Meillon het baie outoritêr opgetree en was ongewild by meeste lede van die Johannesburg- en Krugersdorp-kommando’s, wat nie onder hom wou dien nie. Die ZAR-regering was ook bewus van De Meillon se weerbarstigheid. Joubert het meer in die sukses van sy veldtog as struwelinge tussen sy offisiere belang gestel, en toe die regering versoek om De Meillon terug te roep (Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 91).
[60] *ZAR Groenboek*, nr. 17, 1899, p.5, Rapport van den Commandant-Generaal, voor het jaar 1898.
[61] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 94.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

krygers op te spoor.[62] Daar is egter ook ’n ander rede vir Ben se vroegtydige terugkeer – ’n onrusbarende gerug het hom reeds in Swaziland bereik dat ’n Britse telegraafklerk met die naam van Edward Aitchenson by Lenie aanlê.[63]

**Huweliksonmin**

Toe Ben aan die einde van November 1898 by sy huis in Krugersdorp aankom, is Lenie nie daar nie. Hy doen navraag by sy vriend Bob Hogan, hoof van die telegraafkantoor in Krugersdorp, wat hom meedeel dat Lenie by familie in Oos-Londen is en dat Aitchenson daarheen telegramme aan haar gestuur het.[64] Ben hoor ook nou dat Aitchenson tydens sy afwesigheid soms by hul huis in Krugersdorp oorgeslaap het. ’n Malaria-aanval pak hom beet en ’n vriend neem hom na sy ouerhuis in Roodepoort.[65] Ten spyte hiervan skryf hy dieselfde dag ’n brief aan Jan Smuts, die staatsprokureur, met die versoek om vir die pos van speurhoof van Johannesburg oorweeg te word.[66] Ben weet dat hy as veldkornet sal moet bedank wanneer hy vir die Tweede Volksraad in die verkiesing staan en hy wil seker maak dat hy iets het om op terug te val sou hy nie die paal haal nie.

Op dieselfde dag stuur Ben ook ’n briefie aan Bob Hogan met die versoek dat hy Aitchenson na Ben se ouerhuis in Roodepoort stuur,[67] want hy wil hom vra om iets vir hom te doen.[68] Aitchenson gehoorsaam sy hoof en daag dieselfde aand nog op. Hier word hy geneem na ’n klein slaapkamer waar die voornemende volksraadlid op ’n bed

[62] *ZAR Groenboek*, nr. 17, 1899, pp.6-7. Rapport van den Commandant-Generaal, voor het jaar 1898. Hierdie veldtog was teen die begin van Desember verby. Mphephu self het egter die Boeremagte ontwyk.
[63] TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye, vol 85, Siviele saak 726, E.W. Aitchenson vs B.J. Viljoen, 23 Desember 1898. In sy beëdigde verklaring het Aitchenson gemeld dat Ben hom toegesnou het dat hy vir hom (Ben) “bitter dage laat krij het toen ik in Swazieland wast”.
[64] Ibid. Die afleiding dat Hogan Ben se vriend was, word gemaak uit ’n brief in die hoflêer wat Ben kort ná sy aankoms aan Hogan gestuur het waarin hy hom op sy eerste naam aangespreek het: “My dear Bob, please be so kind to send Mr. Aitchenson over to see me.”
[65] *Krugersdorp Standard*, 17 en 24 Desember 1898.
[66] TAB, SP 190, SPR 11380/98, brief, Viljoen–Staatsprokureur, 30 November 1898.
[67] Ben se jongste broer Jan het in 1949 aan Ben se seun Eugène gemeld dat hy en sy ouers en sommige van sy jonger sibbe ná hul aanvanklike verblyf in Krugersdorp vir twee jaar op ’n huurplaas plaas genaamd Rooikrans ongeveer 10 kilometer buite die dorp gaan woon het. Dié plaas het behoort aan ene Swart Abraham Viljoen. Hulle is deur ’n sprinkaanplaag gedwing om te trek, vermoedelik hierdie keer na Roodepoort (JV-versameling, Questionnaire Gene to Oom Jan, c1949).
[68] TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye, vol 85, Siviele saak 726, E.W. Aitchenson vs B.J. Viljoen, 23 Desember 1898.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

lê. Ben se pa, sy broers Wynand en Chris, asook sy swaer Johnny van Wyk, is ook in die slaapkamer. Tot die Engelsman se verbasing spring Ben skielik uit sy siekbed op en begin op hom skree: "Aitchenson, wie gee jou die reg om by my huis te slaap terwyl ek weg is en om telegramme aan my vrou te stuur?" Ben trek hierop los en slaan die telegraafklerk met die vuis in die gesig. "Waarsku die ander hoere. Jy het my bitter dae besorg terwyl ek in Swaziland op kommando was." Hy pluk nou 'n swaard uit en dreig om Aitchenson dood te steek. Chris gryp Aitchenson van agter vas en eerder as om die verdwaasde klerk met sy swaard te deurboor, slaan Ben hom herhaaldelik oor die kop en lyf met 'n dik riem. Mettertyd vorder die aanranding tot buite die huis, waar Ben, Chris en Johnny vir Aitchenson vashou terwyl Wynand jnr. 'n beurt met die riem kry. Hierna strompel Aitchenson weg, pimpel en pers geslaan, en gaan lê onmiddellik 'n klag by die polisie.[69]

'n Paar dae later is daar darem bietjie goeie nuus vir Ben, want uit die Krugersdorpers se laer in die Soutpansberg skryf 'n spesiale korrespondent – vermoedelik Ramsay MacNab, wat saam met die kommando is[70] –- aan die *Krugersdorp Standard* met lof oor Ben en die kommando se optrede tydens die Mphephu-veldtog:

> The behaviour of the Krugersdorp section has all along been most exemplary. "Ben" Viljoen, as an officer, proved himself "a real good 'un", and there is not a man in the crowd who would not follow him if wanted again. There is, it may safely be said, not a single officer in the whole commando more popular in the field than he, and it is safe to predict for him a brilliant future.[71]

Hierdie is uitstekende publisiteit vir 'n kandidaat wat sy verkiesingveldtog vir die Tweede Volksraad binnekort gaan afskop. Soos die redakteur, Viljoen se vriend Snell, elders in dieselfde uitgawe van die koerant meld: "There is no more popular candidate in the field for Volksraad honours than Mr. 'Bennie' Viljoen, whose return to the Second raad as representative of the Rand district is practically assured. He will make an excellent member, and will be a welcome addition to the Progressive ranks."[72]

---

[69] Ibid. Ben se handelinge en woorde is uit Aitchenson se beëdigde verklaring ontleen.
[70] B.J. Viljoen, 'Pathos and humor of war time', *Adventure* (Amerikaanse tydskrif), Desember 1916, 160. 'n Tydgenoot het MacNab ook as "the faithful henchman of Commandant Ben Viljoen" beskryf (T. Froes, *Expelled from the Randt* (Johannesburg: W.M. Taylor, 1899), 21).
[71] *Krugersdorp Standard*, 10 Desember 1898.
[72] Ibid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Op 13 Desember keer die res van die Krugersdorpse kommando terug. Saam met 'n skare ander dorpenaars wag Ben hulle by die stasie in. Hy het egter 'n paar dae tevore as hul veldkornet bedank, want sy nominasie as verkiesingskandidaat is intussen deur staatsekretaris Reitz aanvaar.[73] Die volgende aand word 'n groot onthaal by die Grand Hotel in Krugersdorp vir die kommandolede gehou. Ben lewer 'n toespraak om hulle te bedank vir hul uitstaande diens. In sekere geledere was daar intussen vrae oor sy haastige terugkeer uit die Soutpansberg en die feit dat hy sy kommando verlaat het.[74] Soos dit 'n goeie politikus betaam, gebruik Ben die geleentheid om homself te verdedig. Hierdie aantygings is niks anders as politiekery nie, verklaar hy, daarop gemik om sy kandidatuur vir die Tweede Volksraad skade te berokken.[75]

Die oggend ná die onthaal verskyn Ben, sy pa en sy swaer in die hof van die spesiale regterlike kommissaris[76] van Krugersdorp om hulself te verdedig teen Aitchenson se klag. Ben kry 'n getuie om te verklaar dat malariakoors hom die aand van die aanranding laat yl het en dat hy kwalik iemand kon herken. Die regterlike kommissaris aanvaar Ben se flou verskoning dat hy nie toerekeningsvatbaar was nie en spreek hom vry. Ben se pa en swaer kry egter elkeen 'n boete van £3 (R3 000).[77] Die spesiale regterlike kommissaris is egter niemand anders nie as J.C. Bodenstein, Ben se voorganger as veldkornet van die Krugersdorp-kommando en kommandant van die Krugersdorpse vrywilligerskorps. Skaars twee dae tevore het dié twee saam die lede van die Krugersdorp-kommando by die stasie verwelkom. Dit help om vriende in die regte plekke te hê. Eugène Marais, wat tydelik terug is in die land is,[78] merk in *Land en Volk* sinies hieroor op: "Neef Ben kwam er dus goed van af (dank zy zyn beweerde ylhoofdigheid), beter dan van vorige aanrandingen, waaraan hy deelgeneem het."[79]

Aitchenson is vanselfsprekend ongelukkig oor die uitspraak en gaan lê die volgende dag 'n siviele klag by die spesiale landdros[80] van Krugersdorp, waarin hy £50 (R50 000) skadevergoeding vir naamskending en sy mediese onkoste eis. In sy

---

[73] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 69.
[74] Kmdt.-genl. Joubert het op 'n krygsraadvergadering op 6 Desember 1898 dit betreur dat sommige bevelvoerders hul manskappe in die steek gelaat het. (Ibid., 94-95). *Land en Volk* het die volgende dag in hierdie verband spesifiek na die bevelvoerder van die Krugersdorpse kommando verwys.
[75] *Krugersdorp Standard*, 17 Desember 1898.
[76] Hierdie hof het slegs kriminele sake aangehoor.
[77] *Krugersdorp Standard*, 17 Desember 1898.
[78] Van der Merwe, *Donker stroom*, 124-126. Hierin word Marais se betrokkenheid by *Land en Volk* op hierdie tydstip uiteengesit.
[79] *Land en Volk*, 21 Desember 1898.
[80] In teenstelling met die spesiale regterlike kommissaris was die spesiale landdros verantwoordelik vir siviele sake.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

skriftelike antwoord op Aitchenson se verklaring beweer Ben dat hy weens koors niks kan onthou wat hy die aand van die aanranding gedoen of gesê het nie. Maar Ben het ’n verkiesing op hande en hy kan dit nie bekostig dat sy vuil wasgoed in die openbaar uitgestal word nie. Op 22 Desember bereik hy dus ’n ooreenkoms met Aitchenson waarin hy sekere erkennings maak om die hofverrigtinge die volgende dag te bespoedig, asook om die roep van sekere getuies – soos Lenie – onnodig te maak. Ben erken nou op skrif dat Aitchenson slegs een telegram aan Lenie in Oos-Londen gestuur het om haar op haar versoek op hoogte van die Mphephu-veldtog te hou. Verder erken hy ook dat Aitchenson hom nooit aan slegte gedrag teenoor Lenie skuldig gemaak het nie. Ten slotte verklaar hy dat hy en Lenie nog steeds in liefde en vrede en getroud wil saamwoon. Ben kry die volgende dag ’n £20 (R20 000) boete, maar die landdros beslis dat hy nie skadevergoeding aan Aitchenson hoef te betaal nie. Met die oog op die komende verkiesing appelleer Ben ook sommer teen hierdie ligte vonnis.[81]

**Verkiesingsgevegte**

Ná sy hofsaak werp Ben hom hart en siel in sy verkiesingveldtog in. Die Johannesburg-kiesafdeling sluit die hele Witwatersrand in, van Boksburg in die ooste tot Krugersdorp in die weste. Dit is die rykste kiesafdeling in die ZAR, asook die een met die meeste wit inwoners.[82] Ben het twee teenstanders, sy ou vyand Johannes de Meillon, asook Louw Geldenhuys, die sittende volksraadlid.[83] De Meillon het al voorheen as kandidaat vir die Eerste en Tweede Volksraad gestaan, maar het elke keer verloor. Hy is ’n moeilike kêrel wat elke keer onsuksesvol by die regering oor die verkiesingsuitslae beswaar aangeteken het.[84] Op sy beurt is Geldenhuys, wat ’n fortuin uit eiendomsontwikkeling en -spekulasie op die Rand gemaak het, ’n ondersteuner van kmdt.-genl. Joubert en word hy deur die mynhuise ondersteun.[85] Beide Geldenhuys en De Meillon is gebore Transvalers met ’n natuurlike aanhang onder daardie deel van die kieserskorps.[86] Ben, daarenteen, het maar slegs twee jaar tevore ’n volwaardige burger

---

[81] TAB, Argief Krugersdorpse Delwerye, vol 85, Siviele saak 726, E.W. Aitchenson vs B.J. Viljoen, 23 Desember 1898. Sover bekend het niks van Ben se appèlsaak gekom nie.
[82] E.L.P. Stals, *Afrikaners in die Goudstad, Deel 1, 1886-1924* (Pretoria: HAUM, 1978), 109.
[83] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 71.
[84] Stals, *Afrikaners in die Goudstad*, *Deel 1,* 102-103.
[85] SA Biografiese Woordeboek, V, 305.
[86] Stals, *Afrikaners in die Goudstad*, *Deel 1*, 110. Alle stemgeregtigde burgers (d.w.s. volle en genaturaliseerde burgers) wat die ouderdom van 16 bereik het, kon vir kandidate vir die Tweede

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geword, en noemenswaardige finansiële bronne het hy nie. Boonop is sy reputasie in baie kringe nie watwonders ná sy aanranding van Aitchenson nie. *Land en Volk*, 'n ondersteuner van Geldenhuys, het onmiddellik sy lesers met genoegdoening oor hierdie "vreeselijke daad" van "Neef Ben" ingelig, en hulle daarop gewys dat Geldenhuys daarenteen "zijn kiezers groote dienste heeft bewezen in den Raad".[87]

Op die oog af het Ben dus formidabele hindernisse om te oorkom. Sy voorbereiding kom egter al 'n lang pad. Die voorafgaande paar jaar het hy omtrent geen steen onaangeraak gelaat om homself onder die kiesers se aandag te bring en daar te hou nie. Hy het sosiale funksies bygewoon, toesprake gelewer, koerantrubrieke geskryf en selfs by 'n fietsresies as afsitter opgetree.[88] Vir 'n wyle was hy lid van Krugersdorp se gesondheidskomitee, en op militêre front het hy telkemale bewys dat hy die landsbelang hoog ag, beide as veldkornet en bevelvoerder van die Krugersdorpse vrywilligerskorps.

Nog 'n belangrike wapen in sy arsenaal is die ondersteuning van twee invloedryke vriende by koerante op die Rand wat hom goedgesind is. Die een is Joe van Gelder, wat nou die redakteur van *Standard & Diggers' News* in Johannesburg is, en die ander is Alphaeus Snell, redakteur van die *Krugersdorp Standard* asook *De Voortrekker* nadat Servaas Fick by laasgenoemde koerant weens dronkenskap afgedank is.[89] Soos eersgenoemde koerant later dié jaar in 'n ander konteks sal opmerk: "Ben was made by the press, and the press will continue to keep him in front."[90] Nie net die Uitlanders nie, maar ook die stemgeregtigde Afrikaners in Johannesburg word in hierdie jare in 'n groot mate deur die Engelstalige pers beïnvloed.[91] Hierdie drie koerante besing nou deurentyd Ben se lof. Die *Krugersdorp Standard* is vinnig om sy opinie oor Ben en Geldenhuys uit te spreek.

---

Volksraad stem. Slegs volle burgers van 16 en ouer kon vir kandidate vir die Eerste Volksraad stem. Soos voorheen gemeld, kon 'n genaturaliseerde burger slegs teen die ouderdom van 40 volle burgerskap verkry, tensy die Eerste Volksraad 'n spesiale vergunning gemaak het, soos in die geval van die Jameson-burgers (Hugo, *Die Stemreg-Vraagstuk in die ZAR,* 29, 51, 54, 55).

87 *Land en Volk*, 21 Desember 1898.

88 *Rand Daily Mail*, 19 Januarie 1917; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 58.

89 K. Schoeman, *Op reis na die Kaapkolonie 1887-98* (Ongepubliseerde manuskrip, Nicol Stassen-versameling), 4.

90 *Krugersdorp Standard*, 29 Julie 1899. Op hierdie tydstip was die redakteur van dié koerant waarskynlik Harry Stammers (British Library, Directory of Newspapers, Standard and West Rand Review, Krugersdorp).

91 Stals, *Afrikaners in die Goudstad*, 109.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> According to his lights Mr. Geldenhuys in the Second Raad has been painstaking and energetic in championing the interests of the people who returned him, and these services should not be permitted to go unrecognised; but it is felt that a more enlightened, a more up-to-date man should now be sent to Pretoria to fight our battles and guard our interests… In this direction Mr. Viljoen will have the hearty support of the electors. All that his detractors can say about him is that he is young; but with his well known influence in Pretoria, his energy, his unassuming manner, he should, if returned, which it is to be hoped will be the case, make an ideal member, one who will not neglect his constituency, and who will moreover work towards securing those economical national reforms which are urgently needed.[92]

Die oorgrote meerderheid Uitlanders op die Witwatersrand het nie op hierdie tydstip stemreg nie, met die gevolg dat daar slegs 'n paar duisend kiesers in die Johannesburg-kiesafdeling is.[93] Die verskil tussen wen en verloor is gewoonlik maar 'n paar honderd stemme – elke stem is dus belangrik. Die meeste van die kiesers is Boere, maar daar is wel die duisend of so Uitlanders wat bereid was om hulle vorige burgerskap prys te gee en trou aan die ZAR te sweer, en wat ook nou stemreg het.[94] Hulle is hoofsaaklik Kolonialers (Afrikaners en Engelse), Hollanders, Duitsers en Britte. Hulle is óf genaturaliseerde burgers, óf het ná die Jameson-inval volle burgerskap verkry, soos Ben se vriend Ramsay MacNab. Hierdie Uitlanders is mense wat hul lot by die ZAR ingegooi het en teen Britse imperialisme gekant is, in teenstelling met die groter groep Uitlanders wat óf apaties is, óf hoop dat die land uiteindelik onder Britse beheer sal beland. Hierdie genaturaliseerde Uitlanderburgers vorm dus nou 'n beduidende deel van die totale kieserskorps in die Johannesburg-kiesafdeling. Ben is onder die voormalige Kolonialers gewild, maar ook onder die Britte en Iere, waar sy ondersteuners grotendeels uit die geledere van mynwerkers en ambagsmanne kom.

---

92 *Krugersdorp Standard*, 14 Januarie 1899.

93 In 1896, sewe jaar ná die inwerkstelling van die nuwe naturalisasiewetgewing, was daar 1 039 volle burgers en 516 genaturaliseerde burgers met stemreg in die Johannesburg-kiesafdeling (Hugo, 'Die Stemreg-Vraagstuk in die ZAR', 34). Hierdie getalle het in die daaropvolgende drie jaar gestyg, want in die Tweede Volksraadverkiesing van 1899 is 2 252 stemme in die Johannesburg-kiesafdeling uitgebring (Ibid., 111-112).

94 Die getal Uitlanders met stemreg in die Johannesburg-kiesafdeling word beraam. Soos in voorafgaande voetnota aangetoon, was daar teen 1896 reeds 516 genaturaliseerde Uitlanders in Johannesburg. Verder het naturalisasiesyfers in die ZAR gedurende die 1890's 'n stygende tendens getoon. In 1896 het daar byvoorbeeld 500 Uitlanders in Transvaal genaturaliseer, vergeleke met 353 twee jaar tevore. Bogenoemde inligting, tesame met die honderde Uitlanders in Johannesburg wat volle stemreg ná die Jameson-inval in 1896 verkry het, bring mens gemaklik uit by die syfer van 'n duisend of meer Uitlanders met stemreg in die Johannesburg-kiesafdeling in 1899 (Hugo, 'Die Stemreg-Vraagstuk in die ZAR', 34, 80-85).

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

Onder hulle staan hy bekend as 'n Boer wat diegene wat ZAR burgerskap aangeneem het baie goedgesind is.[95]

Ben hou nou ywerig verkiesingsvergaderings op Krugersdorp, Boksburg, Germiston en Johannesburg, waar hy entoesiasties ontvang word. Sy verkiesingsmanifes vind aanklank by hierdie genaturaliseerde burgers. Hy belowe om, sou hy verkies word, hom te beywer dat hulle vinniger volle burgerskap verkry, om invoertariewe op voedsel te verlaag en werkskepping vir die armes deur die regering aan te moedig, asook om beter polisiebeskerming te organiseer. Verder glo hy ook dat die magte van die Tweede Volksraad uitgebrei moet word en dat die Witwatersrand nog 'n verteenwoordiger in elk van die twee volksrade moet kry. Hy is ook ten gunste daarvan dat die burgers van die Johannesburg-kiesafdeling hul eie landdroste, veldkornette en kommandante moet kan verkies, soos in kiesafdelings buite die goudvelde.[96] Onder Afrikaners, daarteenoor, versprei sy ondersteuners 'n kaartjie wat lees: "Stem vir B.J. Viljoen de Afrikaner kandidaat, hy behoort aan geen kliek."[97]

Maar terwyl Ben goeie vriende in die koerantwêreld het, het hy ook bittere vyande, soos die Hollandergesinde *Rand Post* en Eugène Marais se *Land en Volk.* Dit ontgaan hulle nie dat Ben nou ook by die genaturaliseerde Nederlandse en Duitse burgers flikflooi nie – dit terwyl hy hul invloed in die ZAR-regering heftig gekritiseer het toe hy nog 'n ondersteuner van genl. Joubert en die progressiewe Transvalers was. *Land en Volk* bestempel hom as 'n manteldraaier, maar glo die "Hollanders en Duitschers zullen zich niet licht door kaf laten vangen".[98] Ben kap drie dae later in *De Voortrekker* terug en bestempel *Land en Volk* as 'n Jingo-koerant wat die ZAR onder Britse heerskappy wil sien. "Zy is dat aller verachtelyksch ding, een vyand in de kamp. Zy eet den brood den burgers en wil hen verraden. Een 'Iskariot' Courant sou haar dus met meer juisthuid beschrywen."[99] *Land en Volk* maak hierop 'n lasteraksie teen *De Voortrekker* aanhangig, wat egter op niks uitloop nie omdat die ZAR staatsprokureur, Jan Smuts, weier om vervolging in te stel.[100]

*Land en Volk* beskuldig Ben ook daarvan dat hy Joodse drankbelange verteenwoordig.[101] Op hierdie tydstip is daar al twee jaar lank 'n algehele verbod op die verkoop van drank aan swartes. Geldenhuys, soos die mynbedryf, is 'n voorstander

---

[95] *Rand Daily Mail*, 19 Januarie 1917.
[96] *Krugersdorp Standard*, 7 en 14 Januarie 1899.
[97] Stals, *Afrikaners in die Goudstad, Deel 1,* 112.
[98] *Land en Volk*, 28 Desember 1898.
[99] *De Voortrekker*, 31 Desember 1898.
[100] Van der Merwe, *Donker stroom*, 125.
[101] *Land en Volk*, 8 Februarie 1899.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daarvan dat hierdie verbod gehandhaaf word.[102] Ben, daarenteen, is ten gunste van die verkoop van drank aan swartes mits dit van ’n goeie kwaliteit is, onder streng toesig plaasvind, nie aan dronk persone verkoop word nie, en met swaar strawwe as hierdie bepalings nie deur drankkantiens nagekom word nie.[103] *Land en Volk* vermoed dat Viljoen finansieel ondersteun word deur onwettige drankhandelaars soos die berugte Joodse Joffe-familie van Krugersdorp.[104] Almal weet van Ben se vroeëre betrokkenheid by die drankhandel. Dan is dit ook so dat Isak Joffe ’n aandeelhouer was in *Ons Volk,* Ben se eerste koerant. Ben het egter in sy hoedanigheid as veldkornet die vorige jaar gekla oor Joffe se onwettige drankhandel, en verskeie kere met lokvinke, onder meer sy broer Wynand, probeer om Joffe vas te trek, elke keer onsuksesvol.[105]

Toe verkiesingsdag op 18 Januarie 1899 aanbreek, deel Ben se ondersteuners tog wel ywerig aan kiesers by die stemlokale in Johannesburg koepons uit wat hulle vir drank kan ruil. Die stembusse in Johannesburg word oopgemaak en die stemme getel terwyl die verkiesing in die Krugersdorp- en Boksburg-wyk nog onderweg is. Die uitslag in Johannesburg is bo verwagting goed vir Ben. Hy het 517 stemme op hom verenig, teenoor De Meillon se 694 en Geldenhuys se 420. Alhoewel Ben minder stemme as De Meillon gekry het, weet hy dat laasgenoemde slegter as hy sal vaar in die Krugersdorp-wyk, waar daar nog ’n hele paar honderd stemme op die spel is. En so blyk dit toe wel te wees, want toe die gesamentlike resultaat van al die wyke se uitslae bekend gemaak word, het Ben met 938 stemme gewen teenoor die 717 en 597 stemme van onderskeidelik De Meillon en Geldenhuys.[106] *Land en Volk* is baie teleurgesteld oor dié uitslag. “De Joodsche kaffer [sic]-drankverkoop partij op die WW Rand goudvelden [het] hun Tweede Raadscandidaat, den heer Ben Viljoen, ingekregen.”[107] Frederik Rompel, ’n tydgenoot van Ben wat by *De Volksstem* as joernalis werk, glo egter dat dit ’n “schitterende oorwinning op de millionairs [is], die niet mogelijk was geweest al een minder populair man in het strijdperk was verschenen”.[108]

[102] SA Biografiese Woordeboek, V, 305.
[103] *Krugersdorp Standard*, 14 Januarie 1899.
[104] *Land en Volk*, 8 Februarie 1899.
[105] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 102-103.
[106] Stals, *Afrikaners in die Goudstad*, *Deel 1,* 111-112.
[107] *Land en Volk*, 8 Februarie 1899.
[108] Rompel, ‘Generaal Ben Viljoen’.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## **’n Ierse vriendin**

Tydens sy verkiesingsveldtog het Ben ook met die wulpse donkerkop Ierse variété-arties May Belfort kennis gemaak, wat in Desember 1898 vir ’n reeks vertonings in Johannesburg uit Brittanje aangekom het.[109] Die 25-jarige May is ’n vrou met ’n reputasie weens haar gewaagde vaudeville-vertonings op die verhoë van Londen en Parys se variété-teaters en nagklubs. In Parys het sy ’n paar jaar tevore gereeld opgetree in die nagklub Le Cabaret des Décadents, waar een van die gehoor se gunstelinge haar liedjie “Daddy wouldn’t buy me a bow-bow” was.

In dié nommer het sy op die verhoog verskyn met ’n swart katjie in haar arms en aangetrek soos ’n baba. Terwyl sy die katjie saggies gestreel het, het sy dan in ’n miaau-stemmetjie gesing: “I’ve got a pussy cat, I’m very fond of it.” Die dubbelsinnige betekenis hiervan het haar waarderende mansgehoor nie ontsnap nie. Haar private lewe was selfs in hierdie dekadente kringe berug en onder haar bedmaats was ook talle vroue. In Parys het sy ook die oog van Henri de Toulouse-Lautrec gevang, wat haar in talle van sy werke uitgebeeld en só haar naam verewig het.[110] Ben en May is onmiddellik tot mekaar aangetrokke. In hierdie stadium skyn hul verhouding egter net platonies te wees.[111] May vertrek ná die verkiesing terug na Brittanje om by ’n geselskap na Rusland aan te sluit.[112] Sy sal vir Ben egter nie vergeet nie; hy ook nie vir haar nie.[113]

[109] May Belfort het op 5 November 1898 uit Southampton op die posboot *Moor* na Kaapstad vertrek (Ancestry.com, ‘UK, Outward Passenger Lists, 1890-1960’. Aanlyn-argief geraadpleeg op 25 Desember 2014).

[110] J. Frey, *Toulouse-Lautrec: A Life* (New York: Viking, 1994), 382-383; L. and E. Hanson, *The tragic life of Toulouse-Lautrec* (New York: Secker & Warburg, 1956), 178-179; C. and J. Freches, *Toulouse-Lautrec: Painter of the night* (Londen: Thames & Hudson, 1994), 91-92. Haar ouderdom is afgelei uit haar sterfberig in die *New York Times* op 31 Maart 1929.

[111] *Pitsburgh Press*, 27 Desember 1903. Hierin is berig dat “Five years ago – that is, before the war – Miss Belfort was appearing in Johannesburg; she there met and became interested in the handsome Boer farmer.” In ’n ander berig is Belfort oor hierdie ontmoeting aangehaal: “That was only a casual acquaintance…he seemed to me such a fine manly man, so brave and kind” (*Daily Express*, 9 Desember 1903) Laasgenoemde berig het egter foutiewelik gemeld dat hulle in 1898 in Londen ontmoet het, ’n stad wat Ben in 1902 vir die eerste keer besoek het.

[112] *Daily Mail*, 25 Maart 1899.

[113] *Daily Express*, 9 Desember 1903. Hierin is Belfort aangehaal dat sy tydens die oorlog altyd na Ben se naam in die koerante gesoek het, ook dat hy haar probeer kontak het, maar nie geweet het waar om haar in die hande te kry nie.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za




*Advertensieplakkaat.* (Pinterest)

**Herverkiesing en kommandantskap**

Ten spyte van sy druk verkiesingsprogram, het Ben ook tyd gekry om by die Magatoland Consolidated Mining and Investment Corporation Ltd betrokke te raak, 'n nuwe prospekteringsfirma met ingeskrewe kapitaal van £10 000 (R10 miljoen). Saam

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met sy vriende J.C. Bodenstein en Alphaeus Snell is hy een van die sewe direkteure van die maatskappy, terwyl Ramsay Macnab as sekretaris optree.[114]

Ben se vreugde oor sy verkiesing as Tweede Volksraadslid is egter kortstondig, want De Meillon maak nou kapsie oor die drankkoepons wat Ben se ondersteuners aan kiesers by stemlokale uitgedeel het. Klagtes word ook van ander ontvang dat vals stemme uitgebring is en dat stembusse in Johannesburg voor dié in Boksburg en Krugersdorp oopgemaak is – volgens die beswaarmakers het die bekendmaking van die Johannesburgse uitslag die stempatrone in laasgenoemde twee dorpe beïnvloed.[115]

Die Eerste Volksraad stel staatsprokureur Jan Smuts aan om ’n kommissie van ondersoek na die beweerde ongerymdhede te lei. Terwyl die kommissie beraadslaag, vertrek Ben en sy gesin met vakansie na Somerset-Wes. Die Aitchenson-saak het sekerlik letsels op sy en Lenie se verhouding gelaat en hulle moet aandag aan hul huwelik gee. Op sy beurt vertrek De Meillon na Durban omdat hy kwansuis siek is, en vertraag sodoende die werksaamhede van die kommissie. Eers in Mei 1899 bevind die kommissie dat drank wel deur Ben se ondersteuners aan kiesers beskikbaar gemaak is, maar dat daar geen bewys is dat hy self daarvan bewus was nie. Die kommissie kon ook geen bewyse van vals stemme kry nie. Die kommissie bevind egter wel dat die vroegtydige bekendmaking van Johannesburg se verkiesingsuitslae die uiteindelike uitslag kon beïnvloed het, wat die Tweede Volksraad noop om die verkiesing nietig te verklaar en ’n nuwe een in Junie 1899 uit te roep.[116]

Vir De Meillon is daar nou ’n verdere terugslag. Hy is nog steeds die spesiale kommandant van die Johannesburgse kommando, maar het sonder verlof na Durban gegaan. In die kommissie se verslag was daar ook sterk aanduidings dat De Meillon hom aan omkopery in die onlangse verkiesing skuldig gemaak het. Die ZAR-regering besluit om vir De Meillon as kommandant te ontslaan, maar laasgenoemde spring hulle voor deur self sy bedanking aan te kondig. Wat egter sout in sy wonde smeer, is dat niemand anders nie as sy vyand Ben Viljoen deur die regering as die waarnemende spesiale kommandant van die Johannesburgse kommando aangestel word.[117] Ben se behendige hantering van die Krugersdorpers tydens die Mpephu-veldtog van die vorige jaar het nie ongemerk verbygegaan nie. Kort ná sy aanstelling weier die ZAR-regering

[114] *Krugersdorp Standard*, 20 Januarie 1917. In hierdie berig is onder die rubriek “Glimpses of the Past” ’n artikel van 21 Januarie 1899 weergegee wat hierdie inligting bevat het. Dit kon nie vasgestel word of hierdie maatskappy ooit met werksaamhede begin het, en indien wel, wat die uitkoms daarvan was.
[115] H.C. Viljoen, *Benjamin Viljoen*, 8.
[116] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 72-73.
[117] Stals, *Afrikaners in Die Goudstad*, *Deel 1,* 112.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

egter 'n versoek van Ben om die groot aantal Uitlanders wat gewillig is om die land te help verdedig, te bewapen en op te lei.[118] Die gebrekkige opleiding van die Johannesburgse kommando sal vier maande later 'n bitter nasleep hê.

Teen hierdie tyd is baie Transvalers bekommerd dat die situasie tussen die ZAR en Brittanje vinnig op 'n gewapende stryd afstuur. Pres. Kruger en sir Alfred Milner, die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, het aan die einde van Mei 1899 in Bloemfontein ontmoet om die situasie te probeer beredder. Milner het egter net een doel voor oë gehad: om die samesprekings te laat misluk. Hierin het hy geslaag, en ná hy vir die soveelste keer een van Kruger se voorstelle afgeskiet het, het die ZAR president met trane in sy oë verklaar: "Dit is my land wat julle wil hê."[119]

In wat sekerlik 'n erkenning aan die kant van De Meillon en Geldenhuys is dat Ben wel die regmatige wenner in die vorige verkiesing was, staan dié twee kandidate nie weer in die verkiesing nie. Ben behaal 'n wegholoorwinning oor sy enigste teenstander, C.J. Joubert, die voormalige hoof van mynwese, en op 12 Julie 1899 word hy as die Johannesburg-kiesafdeling se lid van die Tweede Volksraad ingesweer.[120] Hy verdien nou ongeveer £600 (R600 000) per jaar,[121] meer as dubbeld sy salaris as veldkornet. Hy is nie alleen die Tweede Volksraadlid vir Johannesburg, die grootste en rykste kiesafdeling in die land nie, maar ook die waarnemende spesiale kommandant van die Witwatersrandse goudvelde. Op politieke en militêre front het die arm trekboerseun 'n dosyn jaar ná sy aankoms die geledere van die ZAR se Boere-elite binnegedring. Hy het ontsnap uit die geledere van die industriële proletariaat, waarin die meeste van sy volksgenote op die Witwatersrand nog vasgevang is. Ook is omtrent al die ander 52 lede van die twee Volksrade gebore Transvalers en plaas- of grondbesitters, wat Ben se prestasie des te meer merkwaardig maak.[122]

[118] J.C. Roos, 'Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Oktober 1899 - Mei 1900' (DLitt-tesis, Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat, 1949), 277-278.
[119] Van der Merwe, *Donker stroom*, 149.
[120] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 74.
[121] Bijvoegsel tot de Staatscourant van Woensdag, 26 April 1899, Zuid-Afrikaansche Republiek 1899 Begrooting, 2. Hierin is aangedui dat daar vir die 26 lede van die Tweede Volksraad 'n totale toelae van £15 375 begroot was.
[122] Marais, *Kruger's Republic*, 11.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

***God en die Mauser***

Ná sy inhuldiging verhuis Ben en sy gesin na Pretoria, sodat hy sy plek in die Tweede Volksraad kan inneem. Hul nuwe woning is ’n mooi sinkplaathuis in Schoemanstraat wat binne met duur houtpanele uitgevoer is.[123] Die nuwe volksraadslid vir Johannesburg word nou deftig en dra net swart pakke met ’n lang, grys pluiskeil op sy kop. Vroue sien hom as ’n galante heer en sy kollegas ervaar hom as gesellig. Hy neem ook nie meer deel aan die luidrugtighede waarvoor hy vroeër bekend was nie. Ben is ’n goeie spreker, wat hom toewy aan sy nuwe rol.[124] Sy verkiesingsbeloftes het hy ook nie vergeet nie. In die Tweede Volksraad teken hy beswaar aan toe dit blyk dat die gebied in Johannesburg waar arm Afrikaners vir jare al bakstene maak, vir nywerheidsgebruik geoormerk word.[125] Hy begin ook die wetgewende proses om ’n agt-uur werksdag vir wit mynwerkers ingestel te kry.[126]

Ná die mislukking van die Bloemfontein-konferensie ’n paar maande tevore, is daar oor en weer briewewisseling tussen die ZAR en Britse regering. Kruger maak verdere toegewings kort ná Ben sy plek in die Tweede Volksraad ingeneem het, onder meer om die tydperk voordat Uitlanders volle burgerskap kan verkry, tot sewe jaar te verkort. Brittanje dring aan dat ’n gesamentlike kommissie aangestel word om Kruger se toegewings te ondersoek. Kruger gee nie gehoor hieraan nie, maar maak ’n verdere toegewing in Augustus 1899 – die verblyftydperk waaraan Uitlanders moet voldoen om te kan kwalifiseer vir volle stemreg is nou slegs vyf jaar.[127]

Ben is gekant teen hierdie halwe maatreëls en stuksgewyse toegewings, en bepleit in die Tweede Volksraad dat die ZAR-regering ’n duidelike en kragdadige finale aanbod aan Brittanje maak.[128] Hy doen ook iets wat hom later duur te staan sal kom, want hy rig hy ’n lang pamflet aan Afrikaners in die Kaapkolonie as iemand wat self een was.

[123] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota M; BF-versameling, ‘Recollections of a General’s family’. Laasgenoemde stuk is geskryf deur Les Wiseman, kleinseun van Ben en seun van Minnie, Ben se dogter.
[124] F. Rompel, ‘Generaal Ben Viljoen’.
[125] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 75.
[126] J. Hyslop, *J.T. Bain - a Scottish rebel in colonial South Africa* (Johannesburg: Jacana, 2004), 132.
[127] Pakenham, T., *The Boer War* (Kaapstad: Jonathan Ball Publishers, 1982), 78, 81.
[128] F. Rompel, ‘Generaal Ben Viljoen’.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za



*Die nuwe volksraadlid vir Johannesburg en sy gade.* (BJV-versameling)

In hierdie pamflet onder sy naam verklaar hy onder meer dat die ZAR op die drumpel staan van 'n oorlog wat Brittanje doelbewus wil ontketen. Volgens hom is Brittanje se eintlike beweegrede nie die Uitlander-stemregkwessie nie, maar om die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Boererepublieke onder Britse beheer te bring, en sodoende te sorg dat die Kaapse Afrikaners in 'n verenigde Suid-Afrika verswelg word. "If the South African Republic and the Orange Free State no longer exist as Afrikander Republics, the lives of the Afrikanders elsewhere will be rendered intolerable; that is as certain as the sun shines in the heavens",[129] skryf hy. Swartes sal die stemreg kry en oor Afrikaners heers, glo hy, en die woord Afrikaner sal uit die geskiedenis en woordeskat van Suid-Afrika verdwyn. Hy sluit af deur die Kaapse Afrikaners aan te moedig om aan hulself en hul mense getrou te bly – dan kan die kwessie maar met 'n geruste hart aan God oorgelaat word.[130] Die implikasie van die pamflet is duidelik: In die geval van oorlog moet die Kaapse Afrikaners in opstand kom en die Boererepublieke te hulp snel. Dié pamflet word in die Kaapkolonie versprei, waar dit gou onder die aandag van Milner kom. Hy laat weet vir Joseph Chamberlain, die Britse minister van kolonies, van die "very treasonable Circular [which] is being circulated widely in the Colony which calls upon Colonial Boers to help the Transvaal."[131] Milner se geheue is lank, en Ben Viljoen sal hy nie vergewe nie.

Op diplomatieke front het sake nou verby die punt van omkeer beweeg. Brittanje stuur aan die begin van September nog sowat 10 000 troepe na Suid-Afrika. Op sy beurt besluit die ZAR-regering om geen verdere toegewings te maak nie, maar om indien nodig te staan en te veg.[132] Die Boere begin nou voorberei vir die onafwendbare stryd. Ook die Johannesburgse kommando moet in gereedheid gebring word, en dit sal nie deug dat dit deur slegs 'n waarnemende kommandant aangevoer word nie. Ben word nou dus nou as permanente kommandant beëdig.[133] In Pretoria en Londen stel die regerings van die ZAR en Brittanje in die geheim ultimatums wat voorlopig ongestuur bly. Die ZAR se ultimatum eis onder meer dat Brittanje alle troepe onttrek wat sedert 1 Junie 1899 in Suid-Afrika geland het.[134] Ben hoor een aand by sy

[129] Cd 43, Further correspondence relating to affairs in South Africa, Enclosure in No. 50, Circular by Mr. B.J. Viljoen. Aangehaal uit Ben se pamflet wat in hierdie British Parliament Command Paper oorgedruk is.
[130] Ibid. Aangehaal uit Milner se telegram op 30 September 1899 wat wat in hierdie British Parliament Command Paper oorgedruk is.

[131] Ibid., No. 9, telegram, Milner–Chamberlain, 30 September 1899. Chamberlain het hierdie aangeleentheid in 'n ernstige lig beskou, want hy het in Januarie 1900 navraag gedoen of iemand al vir die verspreiding van die pamflet gearresteer is. Milner het geantwoord dat die skuldiges ongelukkig nie opgespoor kon word nie (Ibid., No. 109, telegram, 9 Januarie 1900 en No. 110, telegram, 11 Januarie 1900).
[132] Van der Merwe, *Donker stroom*, 160-161.
[133] Meijer, *Genl. Ben Viljoen* 110.
[134] Van der Merwe, *Donker stroom*, 162.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

joernalisvriend Joe van Gelder van die ZAR se beplande ultimatum. Hierop verklaar Ben: “Net God en die Mauser kan ons nou red.”[135]

[135] B.J. Viljoen, ‘In the days of my youth: Chapters of an autobiography’, *Otago Witness* (Dunedin, Nieu-Seeland), 28 Januarie 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 4

## KOMMANDANT

### (Okt 1899–Jun 1900)

**Die Johannesburgse kommando**

Op Donderdagmiddag, 28 September 1899, tydens ’n sitting van die Tweede Volksraad in Pretoria, word ’n briefie aan Ben oorhandig. Dit is van kmdt.-genl. Piet Joubert, bevelvoerder van die Transvaalse magte: Ben moet die volgende aand met die Johannesburgse kommando per trein na die grens van Natal vertrek. Joubert het reeds instruksies aan dié kommando se veldkornette gestuur om 900 krygspligtige burgers, asook die nodige perde, waens en toerusting, op te kommandeer.[1] Ongeveer 34 000 ander burgers uit die sowat 55 000 krygsgpligtige Transvalers en Vrystaters word ook opgeroep. Op hierdie tydstip is daar net sowat 27 000 Britse soldate in die hele Suid-Afrika.[2] Ben se twee jonger broers, Chris en Wynand, wat naby Pietersburg boer, meld by die Zoutpansberg-kommando aan, [3] terwyl hul jongste broer Jan by die Johannesburgse speurpolisie aansluit.[4]

Ben kry nou te doen met ’n onbelowende klomp manne om mee oorlog te voer. Sy kommando bestaan uit die veldkornetskappe van Johannesburg, Fordsburg en Jeppestown. Die meeste van die krygspligtige burgers in hierdie wyke is genaturaliseerde Uitlanders, dit wil sê voormalige Kolonialers (burgers afkomstig uit die Kaapkolonie en Natal) en buitelanders, onder meer Amerikaners, Iere, Franse,

---

[1] B.J. Viljoen, *My reminiscences of the Anglo-Boer War* (Kaapstad: C. Struik (Pty) Ltd, 1973), 22-23.
[2] C. van der Merwe, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 2015), 162.
[3] TAB, A1063, W.J. Viljoen, ‘Oorlogsherinneringe’, 1.
[4] J.C. Viljoen, ‘Door den Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg-Commando’, *De Goede Hoop*, 1 November 1903.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

Hollanders en Duitsers.[5] Die meeste van Ben se manskappe het hom nog nooit eens ontmoet nie.[6] Baie van hulle is ongedissiplineerde stadsjapies wat nie eens weet hoe om perd te ry of behoorlik te skiet nie. Daarby is ’n goeie derde van die perde wat aan die Johannesburgse kommando toegedeel word, nie vir gevegstoestande opgelei nie. Baie van hierdie gekommandeerde burgers, asook hul vroue, ma’s en susters, kom pleit by Ben met verskonings oor hoekom hulle nie op kommando kan gaan nie.[7] Ook het die Johannesburgse kommando se veldkornette slapgelê met die opstel van akkurate lyste van krygspligtige burgers, asook met die kommandering van perde en waens.[8]


Op die ou end daag slegs 400 van die 900 opgekommandeerde Johannesburgers op.[9] Ten spyte hiervan vertrek die kommando Vrydagaand, 29 September 1899, vanaf Braamfonteinstasie. Toe die trein by Parkstasie stop, klim Ben en sy staf uit. Hy wil eers ’n drankie by die stasiekroeg gaan maak voor hy verder reis, verklaar hy. Ná ’n wyle lui die stasiemeester sy klok dat die trein moet vertrek, maar Ben en sy gevolg hou aan kuier in die kroeg, terwyl van sy manne skote deur die glasdak van die stasie skiet. Die toneel herinner aan ’n klomp seuns wat na ’n piekniek gaan, eerder as soldate wat na die oorlogsfront onderweg is. Hierdie lighartige houding spruit uit die Boere se sukses teen die Britte by Majuba in 1881 en die geloof dat een Boer gelyk aan drie Britse soldate is, aangesien die Boere goeie skuts is en die Britte nie aan die terrein gewoond is nie. Die Johannesburgers kom die volgende middag in Standerton aan, waar perde, tuie en saals aan die kommandolede uitgedeel word.[10] Ben kry nou opdrag om sy kommando onder die bevel van genl. Jan Kock te plaas, wat ook bevel het van die

[5] Oor sy kommando het Ben in sy oorlogsherinneringe geskryf, “the main part...was composed of all nationalities and lacked every element of Boer discipline” (Viljoen, *Reminiscences*, 30) Wynand Viljoen het sy broer later as kommandant van die Johannesburgse kommando opgevolg. In sy oorlogsherinneringe het hy gemeld dat die “Johannesburg kommando byna volkome bestaan het uit Kolonialers en Uitlanders en vir een of ander rede met veragting op neergesien is deur die Landssone” (W.J. Viljoen, ‘Oorlogsherinneringe’, 6). Jan Viljoen het ook gemeld dat toe Wynand kommandant geword het, daar slegs een gebore Transvaler in die Johannesburgse kommando was (J.C. Viljoen, ‘Boereseuns in die verskillende Amerikaanse krygsmagte’, *Kommando*, 17, Augustus 1961).
[6] Viljoen, *Reminiscences,* 25.
[7] Ben het in sy oorlogsherinneringe gemeld dat “many of the new burghers of foreign nationality had not the slightest idea how to ride” (Ibid., 25-26).
[8] J.C. Roos, ‘Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Oktober 1899–Mei 1900’ (DLitt-tesis, Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat, 1949), 294. Ben het sarkasties in sy oorlogsherinneringe gemeld dat hierdie veldkornette plaasvervangers gestuur het omdat hulle moontlik “did not like to expose themselves to the change of air” (B.J. Viljoen, *Reminiscences*, 27).
[9] A. Grundlingh, *Die “Hendsoppers” en “Joiners”: Die rasionaal en verskynsel van verraad* (Protea: Protea Boekhuis, 1999), 19.
[10] J.W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen, 1868-1917* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2000), 112.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hollanderkorps van ongeveer 150 man, asook van die Duitse korps van ongeveer 100 man.[11]

**NOORD-NATAL GEVEGSAREA**




---

[11] Viljoen, *Reminiscences*, 25-28; M. Davitt, *The Boer fight for freedom* (New York & Londen: Funk & Wagnalls Company, 1902), 126.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Viljoensdorp**

Op Woensdag 11 Oktober verstryk die ultimatum wat die ZAR-regering twee dae tevore aan Brittanje gestuur het sonder dat laasgenoemde daaraan gehoor gegee het. Die ultimatum het onder meer geëis dat Brittanje alle troepe onttrek wat hy sedert die begin van Junie 1899 in Suid-Afrika geland het.[12] Dieselfde aand nog steek Ben en 'n voorhoede van sy manne die Natalse grens oor.[13] Vier dae later val die Johannesburgse kommando die onverdedigde Newcastle binne, en Ben hys die Vierkleur by die stadsaal. Soos met Bremersdorp wat die vorige jaar Fort Viljoen geword het, herdoop Ben Newcastle nou Viljoensdorp. Lede van die Johannesburgse kommando plunder die Britse inwoners se huise en winkels en sommige wonings word deur dronk burgers afgebrand, terwyl die Rooms Katolieke kerkie en klooster ook verwoes word.[14]

As kommandant is Ben in 'n moeilike posisie. Die Boeremagte is 'n volksleër, nie 'n professioneel opgeleide weermag nie. Die burgers is dus nie gedril en gewoond om hul offisiere se bevele blindelings te gehoorsaam nie. Op hierdie tydstip van die oorlog beskou die burgers hulself nog as vrywilligers wat die reg het om hul bevelvoerders – wat hulle in elk geval as hul gelykes beskou – se bevele te bevraagteken en te ignoreer wanneer dit hulle pas. Alhoewel hulle ingevolge krygswet gestraf kan word, gebeur dit selde. Anders as in 'n professionele leër moet die Boereoffisiere eerder met hul persoonlikheid, krygsvernuf en invloed gesag oor hul manskappe uitoefen. Boonop is Ben deur die regering as bevelvoerder van die Johannesburgse kommando aangestel, en nie deur sy manne verkies soos in die geval van die meeste ander kommandante nie. Boonop ken hy die meeste van sy manne nie eens nie. Verder het die burgers die demokratiese reg om bevelvoerders wat hardhandig of ontaktvol optree te laat skors en deur ander te laat vervang. 'n Boereoffisier moet dus sorg dat hy die

---

[12] Van der Merwe, *Donker stroom*, 162, 164.
[13] Viljoen, *Reminiscences*, 27.
[14] M.S. Coghlan, 'God en die Mauser: Ben Viljoen – Die vergete Boeregeneraal', *Military History Journal*, 9/2 (1992), 70-71. Sien ook G.L. McCallum, 'A history of Newcastle – Natal – and District' (https://grahamlesliemccallum.wordpress.com/2014/26/newcastle-natal. Geraadpleeg 20 November 2016. Ben het in sy oorlogsherinneringe oor die gebeure in Newcastle geswyg, maar het terloops na plundery deur sy manne verwys. Toe die Johannesburgse kommando die Natalse grens oorgesteek het, het hulle 'n Engelse boer se wa en osse by hom afgeneem, waaroor Ben geskryf het, "I believe this was the first plunder we captured in Natal." En ná die Johannesburgse kommando se nederlaag enkele weke later by Elandslaagte het hy gemeld dat die burgers vir hulself nuwe uitrustings in Newcastle verkry deur "alternately buying and looting, or in other words stealing" (Viljoen, *Reminiscences*, 27).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vertroue en agting van sy manne behou, en hulle ook toelaat om hul eie inisiatief en oordeelsvermoë te gebruik.[15] Anders as in die geval van 'n tipiese plattelandse kommando wat meestal bestaan uit Boere wat behoorlik kan perdry en skiet, is Ben se manne grotendeels 'n klomp rowwe stadsmanne, veral sommige van die buitelanders.[16] Ben het dus 'n moeilike taak op hande om hierdie manne te beheer.

Ben se vriend Douglas Blackburn is ook nou as oorlogskorrespondent by die Johannesburgse kommando.[17] Blackburn skets drie jaar later in sy roman *A Burgher Quixote* 'n onvleiende prentjie van sy vriend gedurende hierdie tydperk. Sarel Erasmus, die hoofkarakter, sluit in hierdie tyd by die Johannesburgse kommando aan en merk op dat Ben vanweë sy verhewe posisie hooghartig en trots geword het. Ben glo selfs dat hy meer geskik as kmdt.-genl. Joubert is om die Boeremagte te lei. Erasmus meld verder dat Ben 'n giftige tong het en sy vyande bitterlik haat. Hy merk ook op dat Ben nie tyd het vir hoogheilige burgers wat heeltyd Bybelversies aanhaal nie, en dat hy met die vrome godsdienstiges die spot dryf.[18]

## Fiasko by Elandslaagte

Op 17 Oktober 1899 roep kmdt.-genl. Joubert 'n krygsraadvergadering in Newcastle byeen. Genl. Kock en sy magte kry opdrag om die Biggarsbergpas in die omgewing van Waschbankstasie ongeveer 80 km suid van Newcastle te beset.[19] Ben se manne vertrek soontoe en los die meeste van hul sowat honderd voorraad- en ammunisiewaens in Newcastle. Hul trek is planloos en wanordelik, maar die manne van die Johannesburgse kommando is op hierdie tydstip nog uitgelate, want tot dusver verloop hul oorlog nie te onaardig nie.[20] Ben se jongste broer Jan het ook intussen by hulle aangesluit.[21] Die landskap verander nou en die talle klowe wat deur gebroke reekse

---

[15] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad & Johannesburg: Human & Rousseau, 1991), 205, 207-209, 213.
[16] L.E. Krause, *The war memoirs of Commandant Ludwig Krause, 1899-1900*, 2nd ser., no.26 (Cape Town: Van Riebeeck Society, 1996 ), 116.
[17] D. Blackburn, *A Burgher Quixote* (Edinburgh: Blackwood, 1903), xviii. Hierdie inligting is ontleen uit 'n brief wat Blackburn op 29 September 1902 aan sy uitgewers gestuur het.
[18] Ibid., 33-35, 37. Dit moet egter in ag geneem word dat Sarel Erasmus 'n fiktiewe karakter is en boonop as 'n lafaard en manteldraaier met 'n groot vrees vir Ben uitgebeeld is. Blackburn was egter 'n vertroueling van Ben en sy karakter se woorde klink nie vergesog nie.
[19] J.H. Breytenbach, *Die Tweede Vryheidsoorlog II: Ontplooiing van die Boereoffensief Oktober 1899* (Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1949), 214.
[20] Viljoen, *Reminiscences*, 26, 28; Breytenbach, *Tweede Vryheidsoorlog II*, 114.
[21] J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 November 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

heuwels verdeel word, sit om in vrugbare oop valleie. Hier is minder defensiewe en offensiewe stellings vir ’n klein mag en die gebied is meer toeganklik vir ’n aanval deur ’n groter mag.[22]

Teenstrydig met hul bevele beweeg ’n voorhoede van die Johannesburgse kommando onder leiding van ’n veldkornet, asook ’n klompie manne van die Duitse korps, uit die omgewing van Waschbank uit en gaan sowat 20 km verder suidwes na Elandslaagte, die volgende stasie op die spoorlyn tussen Ladysmith en Newcastle, waar hulle ’n goederetrein uit Ladysmith buit neem. Ben is woedend hieroor en stuur onmiddellik ’n boodskapper agterna met die bevel om terug te keer nadat hulle die spoorlyn verwoes het. Maar genl. Kock en kapt. Adolf Schiel, die bevelvoerder van die Duitse korps, verontagsaam ook hul krygsraadbevele en besluit om by die voorhoede by die Elandslaagtestasie aan te sluit. Kock beveel Ben en die res van sy kommando om ook soontoe te beweeg.[23] Toe Ben oor hierdie verontagsaming van hul krygsraadbevele by Kock kla, word hy summier afgejak met laasgenoemde wat hom toesnou “Vooruit, jong!”[24]

Ben en sy manne bereik Elandslaagte in gietende reën teen middernag op Donderdag, 19 Oktober. ’n Klompie van sy sopnat manne maak hulle dadelik in die stasiehotelletjie tuis, waar hulle gretig wegval aan die drank wat op die gebuite trein was. Een van die burgers trek op die klavier los en almal teenwoordig sing vrolik saam.[25] Ben is egter buite in die reën, besig om te bepaal of die veldkornet wat sy vroeëre bevele verontagsaam het darem ’n geskikte stelling vir die Johannesburgse kommando uitgesoek het. Toe hy vasstel dat dit nie gedoen is nie, berispe hy hom en gaan soek self ’n plek uit. Nog voor dagbreek laat hy sy kommando in die reën trek na ’n paar koppies sowat 300 voet hoog en ongeveer 2,5 km suidoos van die stasie. Die volgende dag reën dit steeds en met nat klere moet die burgers nog ’n nag op die oop veld sonder tente trotseer. Dit is ’n klomp moeë en bedremmelde manne wat die daglig op Saterdag, 21 Oktober aanskou. Die veglustige houding waarmee hulle ’n paar weke

---

[22] J.A. Hassell and A.R. Hiley, *The mobile Boer: Being the record of the observations of two burgher officers* (New York: The Grafton Press, 1902), 28.

[23] Breytenbach, *Tweede Vryheidsoorlog II*, 150, 154; Viljoen, *Reminiscences*, 28; Davitt, *The Boer Fight for Freedom*, 127.

[24] Breytenbach, *Tweede Vryheidsoorlog II*, 154.

[25] Viljoen, *Reminiscences*, 19; Breytenbach, *Tweede Vryheidsoorlog II*, 155; Hassell, *The mobile Boer*, 31.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tevore so entoesiasties uit Johannesburg vertrek het, het in die mistroostige sonsopkoms verdamp.[26]

’n Klein Britse verkenningsmag maak nou sy verskyning net suid van Elandslaagtestasie. Baie van die onervare kommandolede soek onbeholpe na skuilplek, maar met ’n paar kanonskote verdryf hulle die Britte in ieder geval met min moeite. Die burgers jubel, oortuig dat hulle die vyand se aanslag vir die dag afgeweer het. Maar Ladysmith met sy groot Britse leër is slegs ’n kort treinrit suidwes. Terwyl die burgers afsaal vir middagete, maak ’n groter Britse mag sy opwagting by ’n sytak van die spoorlyn. Ben pleit by genl. Kock dat hul kanonne op die Britte moet laat lostrek terwyl hulle by die aflaaipunt saamgebondel is. Die koppige generaal weier egter en verbeur só sy enigste kans op ’n oorwinning, want teenoor sy ongeveer 700 burgers en twee kanonne is genl.-maj. French se 3 500 man en 18 kanonne nou opgestel, ’n getalsoorwig van sewe tot een. Boonop het French, in teenstelling met Kock, ’n behoorlike gevegsplan. Aan sy linker- en regterflanke is sy kavallerie, in die middel sy infanterie. Ben snap onmiddellik wat French beoog, naamlik om hul flanke met sy kavallerie te swaai en hulle so te omsingel.[27] Die ongedissiplineerde Johannesburgse kommandolede sal nou duur betaal vir hulle gebrekkige opleiding, want dit is nie nou swakker gewapende en gedisorganiseerde swartes teen wie hulle veg nie, maar soldate van die wêreld se grootste ryk.

Omstreeks drie-uur die middag begin French die burgers se stellings bombardeer en gou word die Boerekanonne buite aksie gestel. Die Johannesburgse kommando is aan die linkerkant, die Hollanderkorps aan die regterkant. ’n Storm breek uit toe die Britte die Boere se linkerflank aanval. Tot die oorverdowende kanongebulder word nou die klap van donderweer en blitsende weerligstrale gevoeg. Reeds op hierdie vroeë stadium van die geveg maak van die Johannesburgers hulself skaars en ontneem so die Hollanders van flankdekking. ’n Groter Britse mag val nou die Hollanders aan, wat ná ’n kort geveg op die vlug slaan. Die Britse magte beweeg aan alle fronte vorentoe, die Devonshire regiment in die middel met die Manchester en Gordon Highlanders regimente links van hulle, soos waargeneem vanuit die Boere se stellings in die koppies. Dit is die meeste burgers se eerste ervaring van ’n volwaardige veldslag. Wat hulle aanskou, is vir baie van hulle vreesaanjaend – derduisende Britse soldate wat in oop

[26] Viljoen, *Reminiscences*, 31; Breytenbach, *Tweede Vryheidsoorlog II*, 155-156; J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando', 1 Oktober 1903.
[27] Viljoen, *Reminiscences*, 30-32; Davitt, *The Boer fight for freedom*, 128; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 116 -117.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

formasie oor die veld gedissiplineerd vorentoe beweeg, ondanks die hewige Mauser- en kanonvuur waaraan hulle onderwerp word. Die oorblywende burgers veg moedig terug teen die oormag en Jan Viljoen vrees dat sy laaste dag aangebreek het. Toe dit begin donker word, besef die manne van die Johannesburgse kommando dat die vyand besig is om hulle te omsingel. Paniek breek onder hulle uit en die meeste storm na hul perde en vlug holderstebolder. Genl. Kock en die ander burgers se stellings is nou weerloos teen flankaanvalle. Kock en Ben probeer om agter die koppies hul vlugtende manne te hergroepeer om die kanonne te red, maar dit is te laat. Kock word platgeskiet en die Britse lansiers maai onder die vlugtende en gewonde Boere. Van die burgers probeer tussen die rotse skuil om van die skerp lemme te ontsnap, terwyl ander om genade pleit.[28]

Ben vlug noordwaarts met sy perd Blesman en sy bruin agterryer Mooiroos,[29] iets wat later in sekere kringe teen hom gehou sal word.[30] Die Britse lansiers is kort op hul hakke en Ben en Mooiroos steek die Sondagsrivier inderhaas oor. In die lang gras aan die oorkantste oewer kruip hulle weg tot die lansiers uiteindelik die aftog blaas. Later die nag kom Ben by Waschbankstasie aan, waar twee Engelse spoorwegbeamptes hom probeer aankeer. Ben skiet die een beampte tromp-op, waarop die ander man hom haastig uit die voete maak. Die volgende dag kom Ben sommige van sy manne teë en hulle ry saam noord na Dannhauserstasie noord van Glencoe, waarheen genl. Joubert se hoofkwartier nou verskuif het.[31]

Ben se eerste veldslag as kommandant eindig dus in 'n volskaalse fiasko. Anders as sy held Napoleon by sy eerste veldslag, die beleg van Toulon, was hy aan

---

[28] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 118-119; Davitt, *The Boer fight for freedom*, 132-135; T. Pakenham, *The Boer War* (Kaapstad: Jonathan Ball Publishers, 1982), 135-141; J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 November 1903.

[29] R.W. Schikkerling, *Commando Courageous: A Boer's diary* (Johannesburg: Hugh Keartland Publishers, 1964), 60.

[30] P.A. Nierstrasz, 'n medewerker van die voormalige ZAR staatsekretaris dr. W.J. Leyds, het ná die ABO in opdrag van laasgenoemde 'n omvattende geskiedenis van die ABO begin skryf, wat nooit gepubliseer is nie. Hy het hiervoor onder andere sketse van die bekendste Boeregeneraals voorberei (V. Kuitenbrouwer, *War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African War (1899-1902)* (Amsterdam: Amsterdam University Press, 2012), 269-272. Nierstrasz se opinie was sekerlik beïnvloed deur Leyds, wat geen vriend van Ben was nie, en hy het in sy handgeskrewe konsepskets oor Ben se optrede by Elandslaagte geskryf, "Viljoen het meer van die vlug gesien as van die slag self" (TAB, Leyds-huisargief, vol. 3, P.A. Nierstrasz, 'Generaal Ben Viljoen', c.1904-1906. Uit Nederlands vertaal). 'n Tydgenoot, Frederik Rompel, het egter berig dat "de verhalen als zou hij [Ben] de andere burgers in den steek hebben gelaten, lasterlijk waren" (*Bataviaasch Nieuwsblad*, 2 Oktober 1900). J.W. Meijer was van mening dat eersgenoemde lewenskets deur Leyds self geskryf is (Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 119.) Vergelyking van Leyds en Nierstrasz se handgeskrewe briewe in die Leyds-huisargief toon egter duidelik dat die skets deur laasgenoemde geskryf is.

[31] Viljoen, *Reminiscences*, 34-40.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die verloorkant. Alhoewel hy moedig geveg het en eers gevlug het toe dit duidelik was dat die Boere verslaan is, was hy net bewus van wat in sy onmiddellike omgewing aan die gang was en het hy sy manskappe nie behoorlik gelei nie. Sy vriend asst.-kmdt. Bodenstein het gesneuwel, so ook meer as 40 ander offisiere en burgers, terwyl genl. Kock noodlottig gewond is en 'n paar dae later sterf. As selfstandige gevegseenhede is die Duitse en Hollanderkorps so te sê uitgewis.[32] Verder is byna 300 Boere, Hollanders en Duitsers gewond of gevange geneem. Ook die Duitsers se bevelvoerder, kapt. Adolf Schiel, is gevange geneem. Altesaam is dus meer as 'n derde van die Boeremagte by Elandslaagte buite aksie gestel. Om die vernedering erger te maak, het die Imperial Light Horse, 'n Uitlandereenheid waarin talle Britse Johannesburgers dien wat Ben goed ken, 'n prominente rol in hul nederlaag gespeel.[33] Kmdt.-genl. Joubert laat weet vir pres. Kruger: "Het is een totale nederlaag zoo groot als nog nooit door het Afrikaansche volk geleden is."[34]

## In onguns

Die volgende oggend word Ben kil deur kmdt.-genl. Joubert ontvang, wat hom mooi laat verstaan wat hy van die Johannesburgse kommando dink. Ben protesteer vergeefs dat hy maar net genl. Kock se bevele uitgevoer het en dat sy manne dapper geveg het. Joubert stel nie belang in Ben se stories nie en beveel hom om sy kommando in Newcastle te gaan reorganiseer. Ben kry nou te doen met 'n klomp manne wat nie meer lus is vir veg nie. Hy stuur hulle dus huis toe met passe wat lees: "Verlof aan... naar Johannesburg, wegens lafhartigheid, vrij op Regeeringskosten." Hy kry dit egter tog reg om weer 485 berede manskappe bymekaar te kry.[35]

'n Paar dae later kry Ben opdrag van Joubert om met sy kommando polisiediens in Dundee te gaan doen en die kommandant-generaal voeg sarkasties by dat hulle moet pasop om nie 'n tweede keer aangeval te word nie. Vir die trotse Ben is dit 'n byna ondraaglike belediging, en hy voel die smaad diep. Vir sy vriend Joe van Gelder by *Standard & Diggers' News* laat weet hy hoe gekrenk hy is oor die gerugte wat oor die

[32] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 119; M. Bossenbroek, *Die Boereoorlog* (Johannesburg: Jacana Media, 2014), 159-160. Nierstrasz was daarenteen van mening dat "Viljoen op die kritieke oomblik van die slag nie saam met sy kommando was nie en dus niks kon doen om die algemene vlug aan sy vleuel te voorkom nie" (Nierstrasz, 'Generaal Ben Viljoen').
[33] Pakenham, *Boer War*, 134, 141.
[34] Breytenbach, *Tweede Vryheidsoorlog II*, 215.
[35] Viljoen, *Reminiscences*, 45.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Johannesburgse kommando in omloop is.[36] Aweregs soos altyd, ignoreer Ben vir Joubert se bevel en lei sy kommando na laasgenoemde se nuwe hoofkwartier net noord van Ladysmith, waar die Boere die Britse magte omsingel het.



*Kmdt.-genl. Piet Joubert.*
( TAB-fotoversameling)

Weereens gaan sien Ben vir Joubert en dring aan dat sy kommando in 'n gevegshoedanigheid aangewend word. Joubert dreig eers om Ben te laat skiet omdat hy sy bevele verontagsaam, maar mettertyd kalmeer hy en beveel Ben om met sy kommando by genl. Schalk Burger se magte buite Ladysmith aan te sluit. Die bevelvoerders en burgers van die ander kommando's kyk nou egter neer op Ben en sy manne – "lafhartig" is die woord wat vrylik gebruik word. Ben besef die Johannesburgse kommando sal moet uithaal en wys wanneer daar weer geveg word indien hulle hul reputasie in Joubert en die ander Boere se oë wil herstel.[37]

Ben brand dus vir 'n geveg waar die Johannesburgers hulself kan bewys. Vir die volgende ses weke doen niks noemenswaardigs hom egter voor nie.[38] Chris en Wynand het ook intussen by die Johannesburgse kommando aangesluit en al vier die Viljoen-broers is nou saam.[39] Aan die ander fronte gaan dit goed met die Boeremagte. Aan die suidelike front by Stormberg in die Kaapkolonie dien die Boere op Sondag 10 Desember 1899 die Britse troepe van genl. Gatacre 'n gevoelige nederlaag toe. Die volgende dag is dit aan die westelike front die beurt van luit.-genl. Methuen se magte wat by Magersfontein deur genl. Piet Cronjé se burgers verslaan word.[40]

---

[36] Ibid., 40-45; *The Standard & Diggers' News,* 28 Oktober 1899; Nierstrasz, 'Generaal Ben Viljoen'.
[37] Viljoen, *Reminiscences*, 46-47.
[38] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 122-124; Viljoen, *Reminiscences*, 51.
[39] J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Desember 1903; W.J. Viljoen, 'Oorlogsherinneringe', 4. Wynand Viljoen het hierin gemeld dat hy die Zoutpansberg kommando verlaat het, "natuurlik sonder vra of permisie van my ou offisiere".
[40] F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad: Struik, 1998), 17, 20-21.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

’n Paar dae later lyk dit vir Ben of hy die geleentheid gaan kry om die Johannesburgse kommando se naam in ere te herstel.[41] Genl. Louis Botha vermoed dat genl. Buller, die Britse bevelvoerder wat opdrag het om Ladysmith te bevry, binnekort ’n aanslag op Colenso, omtrent 25 km suid van Ladysmith, gaan loods. Ben word gelas om met 200 burgers by die magte op Botha se regterflank aan te sluit. Die Johannesburgse kommando word egter doelbewus ver van die waarskynlike gevegsarea geplaas, want Botha vermoed dat Buller ’n aanval op die middel van sy stellings gaan loods, wat toe op 15 Desember die geval blyk te wees. Die slag van Colenso eindig in ’n swaar nederlaag vir Buller, wat 1 139 verliese ly teenoor slegs 38 aan Boerekant, maar weereens het die Johannesburgse kommando geen aksie gesien nie.[42]

Joubert kapitaliseer nie op sy oorwinning by Colenso deur Natal dieper binne te val nie. En nou is die grootste deel van die Boeremagte vasgevang in die beleg van onderskeidelik Kimberley, Mafeking en Ladysmith, terwyl derduisende Britse soldate onophoudelik by die kusstede aan wal kom. Ten spyte van sy eie gebrek aan militêre sukses, weerhou Ben hom nie van kritiek teen Joubert en die ander ouer Boereleiers se oorlogstrategie nie. Hy glo dat as jonger bevelvoerders soos hy meer gesag het en minder na arrogante en dom ou mans hoef te luister, die Boeremagte maklik na Durban en Kaapstad sal kan deurdring.[43]

Ben en sy manne het nou laer opgeslaan by Porritsdrif, by die samevloeiing van die Klein Tugela- en Tugelarivier, ongeveer 16 km wes van Colenso en 24 km suidwes van Ladysmith.[44] Nog ’n paar weke verloop hierna sonder dat die Johannesburgse kommando aan enige noemenswaardige geveg deelneem. Op 23 Januarie 1900 wend genl. Buller ’n tweede poging aan om deur die Boerelinies te breek en Ladysmith te bevry. Die volgende dag ly die Britse magte hulle grootste nederlaag van die oorlog in ’n bloedige geveg op Spioenkop, ongeveer 40 km noordwes van Colenso. Toe die Britte in die nag terugtrek, is ongeveer 2 600 van hul aanvalsmag dood, gewond of

---

[41] Viljoen, *Reminiscences*, 51. Ben Viljoen het hieroor gemeld dat, “At last came the welcome order summoning us to action.”

[42] Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog,* 17; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 124-127; Viljoen, *Reminiscences*, 31, 51-52.

[43] Viljoen, *Reminiscences*. 49-50, 52. Nierstrasz was hieroor van mening dat “Aan die begin van die oorlog was hy [Viljoen] as kommandant beslis ’n mislukking; hy het hom laat ken as ’n man wat uitgemunt het om kritiek te lewer wat sowel oppervlakkig as heftig was, maar ook as iemand wie se eie doen en late veel te wense oorgelaat het.” (Nierstrasz, ‘Generaal Ben Viljoen’).

[44] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 128. Porritsdrif is geleë aan die oostekant van waar die N3 snelweg tussen Durban en Harrismith vandag die Tugelarivier oorsteek, aan die noordekant van die brug.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gevange geneem. Aan die Boerekant is die verlies minder as 200 man.[45] Weereens was Ben se kommando egter slegs onregstreeks by die geveg betrokke.[46] Drie maande het nou al verloop sedert hul nederlaag by Elandslaagte en nog steeds het die hulle nie die geleentheid gehad om hul naam in ere te herstel nie. Die militêre glorie waarna Ben so smag, wag egter net om die draai.



*Ben (staande tweede van regs) en ander Boereoffisiere by Kliprivier in Noord-Natal.*
(TAB-fotoversameling)

[45] Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog*, 17.
[46] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 128.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Held van Vaalkrans**[47]

Teen die begin van Februarie 1900 het genl. Buller 'n leër van sowat 24 500 man teenoor die Boere se ongeveer 3 600 man aan die Tugelarivier versamel. Ná sy nederlae by Colenso en Spioenkop probeer hy op Maandagoggend, 5 Februarie 'n derde keer om na Ladysmith deur te breek, hierdie keer by 'n punt tussen Spioenkop en Colenso. Sy doelwit is twee koppies, Vaalkrans en Groenkop, sowat 20 km suidwes van Ladysmith en 25 km noordwes van Colenso, want tussen hierdie koppies loop 'n pad na Ladysmith, met Vaalkrans aan die westekant en Groenkop aan die oostekant.[48] Die Boerebevelvoerders weet egter op hierdie tydstip nog nie presies waar Buller beoog om aan te val nie.

Die Johannesburgse kommando se laer by Porritsdrif is slegs sowat 10 km suid van Vaalkrans en Groenkop en Ben, met sowat 'n honderd man, word beveel om die suidelike hang van Vaalkrans te bewaak, terwyl die res van sy kommando die noordelike hang en Groenkop moet verdedig. Altesaam het Ben net sowat 400 manne om 'n strook van ongeveer twee kilometer te verdedig. Hy het in die voorafgaande dae vir kmdt.-genl. Joubert gevra om vir hom versterkings te stuur, maar Joubert het geweier. Pleks daarvan het hy genl. Lukas Meyer na Ben gestuur om hom moed in te praat, want dit het vir Joubert gelyk of Ben lafhartig is.[49] Aan Meyer het Ben gesê al sou hy genoegsaam geloof hê om die berg by Majuba te versit, dit hom niks sou help as hy nie genoeg manne vir die geveg het nie.

Buller skop sy aanslag af met skynaanvalle wes van Vaalkrans en oos van Groenkop. Sy artillerie op Swartkop oorkant die Tugelarivier begin egter van die oggend nege-uur af op Vaalkrans lostrek, 'n onbeduidende koppie met niks om hom te onderskei van die ander heuwels in die omgewing nie. Naderhand neem 72 Britse


---

[47] Tensy anders aangetoon, is inligting oor die slag van Vaalkrans ontleen aan Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 128-137; W.J. Viljoen, 'Oorlogsherinneringe', 4; J.H.Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902: Deel III* (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1973), 288-330; Viljoen, *Reminiscences*, 57-63; G. Torlage and S. Watt, *A guide to the Anglo-Boer War sites of Kwazulu-Natal* (Pinetown: 30 South Publishers (Pty) Ltd, 2014).
[48] Vandag is Vaalkrans en Groenkop geskei deur die N3-snelweg tussen Durban en Harrismith. Die oorspronklike grondpad bestaan ook nog steeds en loop aan die westekant van die N3 tot waar dit die snelweg 'n paar kilometer noord van Vaalkrans in 'n noordoostelike rigting na Ladysmith oorsteek.
[49] Dr. A. van Dyk-versameling, Prof. Barnard dokumente, lêer nr. 30, brief, Viljoen – Botha, 8 Februarie 1900.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

kanonne op Swartkop en by ander Britse stellings aan die bombardement deel. Vyf ure lank loop Ben en sy manne onder die hewigste bombardement van die oorlog deur. Vaalkrans word ’n hel van barstende bomme, rook en stof, maar Ben en sy manne bly in hul stellings. Om hulle word groot rotse versplinter en bome ontwortel of platgeskiet. Die Johannesburgers is nou van sterker staal gemaak as by Elandslaagte ’n paar maande tevore en bly in hul stellings. Twee-uur die middag bestorm meer as 2 000 Britse soldate vir Ben en sy honderd burgers. Die klein Boeremag veg moedig. Drie keer stuit hulle die geweldige aanslag in die volgende twee uur, tot die helfte van Ben se manskappe naderhand dood of gewond is. Skielik bars ’n liddietbom naby Ben, wat hom bewusteloos en vier burgers om hom dood laat. Toe hy bykom, is die vyand naby. Sy broer Wynand vind hom in ’n verwarde toestand en Ben beveel hom om versterkings te gaan kry. Wynand word nou self in die hand gewond en Ben beveel die burgers om terug te val.

**VAALKRANS (5 – 7 FEB 1900)**




Ten spyte van sy bomskok is Ben nog helder genoeg van gees om sy Pom-pom[50] te gaan red. Onder hewige Britse kanon- en geweervuur dryf hy self die muilspan wat die kanon trek na Groenkop, iets wat selfs by die Britte bewondering afdwing. Kort voor lank het hy die Pom-pom weer in posisie in ’n sloot naby Groenkop, waarvandaan

[50] 37 mm Nordenfelt-Maxim-kanon.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die Boere die Britse soldate, wat nou die suidelike kruin van Vaalkrans bereik het, kan bombardeer. Ook rig ander Boerekanonne uiteindelik hul vuur op Vaalkrans. Die son sak en die Britse aanvalsmag verskans hulself vir die nag op die suidelike hang van Vaalkrans. Gedurende die nag daag versterkings vir Ben-hulle uiteindelik op. Die burgers hier is nou ’n duisend meer as die vorige dag, en boonop het hulle drie kanonne bygekry. Die volgende dag sit die Boeremagte hul bombardement van Vaalkop voort. Deur die loop van die dag is daar sporadiese gevegte, maar die Britse en Boerestellings bly onveranderd. Op Woensdag duur die gevegte tot laatmiddag voort. Teen hierdie tyd het die Britse bevelvoerders egter genoeg gehad en onder dekking van die nag trek hulle hul troepe oor die Tugelarivier terug.[51]

Nieteenstaande sy skedelfraktuur en ’n geweldige hoofpyn bly Ben by sy manne, maar nege-uur die Woensdagaand verloor hy weer sy bewussyn en ’n ambulanswa vervoer hom na die hospitaal op Colenso. Die smaad van Elandslaagte is egter nou uitgewis, want oor die Johannesburgse kommando se dapperheid kan daar nie meer twyfel wees nie. Ook oor Ben se persoonlike moed kan daar nie meer vrae wees nie. As hy en sy klein groepie manne hulle dié Maandag op die suidelike hang van Vaalkrans nie so verbete teëgesit het nie, sou Buller se magte waarskynlik deur die Boerelinies gebreek en Ladysmith ontset het.

Ná Ben die volgende dag sy bewussyn herwin het, skryf hy aan Botha om te kla oor die gebrek aan versterkings die Maandag by Vaalkrans. “Aangezien ik nog altoos met den meesten spoed en bereidwilligheid, waar en wanneer hulp gevraagd werd, die verleende, is de behandeling die ik op Maandag den 5den ontvang, mij onverklaarbaar, en ook onuithoudbaar.”[52] Joubert besoek Ben in die hospitaal om hom geluk te wens met sy heldhaftige verdediging van Vaalkop. Ook in Botha se oë het Ben se aansien gestyg, en hy skryf aan sy Ierse vrou Annie dat “Commandant Ben Viljoen had a fearful heavy day on Monday…This ‘klompje’ burghers stood gallantly in defence, until quite some two-thirds of them were killed and wounded.”[53] Joe van Gelder, Ben se joernalisvriend by *Standard & Diggers’ News* wat as oorlogskorrespondent saam met die Johannesburgse kommando is, sorg dat Ben se dade nie ongerapporteer verbygaan nie. Vir sy koerant laat weet hy dat die “Johannesburg Commando, under Commandant

---

[51] Tensy anders aangetoon, is inligting oor die slag van Vaalkrans ontleen aan Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 128-137; W.J. Viljoen, ‘Oorlogsherinneringe’, 4; Breytenbach, *Die Tweede Vryheidsoorlog, Deel III* , 288-330; Viljoen, *Reminiscences*, 57-63; Torlage, *Anglo-Boer War sites*.

[52] Dr. A. van Dyk-versameling, Prof. Barnard dokumente, lêer nr. 30, brief, Viljoen – Botha, 8 Februarie 1900.

[53] *Standard & Diggers’ News*, 12 Februarie 1900.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Viljoen, deserve the highest praise."[54] Van Gelder sal vir die res van die oorlog, asook 'n ruk daarna, sy rol as Ben se beeldpoetser met toewyding vervul.[55] Met sy eie persagent wat sy beuel blaas is Ben sy tyd ver vooruit.

## Siekverlof en tussenpose in die Biggarsberg

Ná 'n paar dae in die hospitaal op Colenso vertrek Ben op doktorsadvies na Roodepoort, waar Lenie en sy kinders nou by sy ouers bly.[56] Sy broers Chris, Wynand en Jan vertrek saam met hom en dit is die laaste keer dat meeste van die Viljoen-familie tydens die ABO saam sal wees.[57] Ná sy optrede by Vaalkrans is Ben 'n held in die Goudstad. Tien dae ná sy aankoms uit Natal het hy voldoende herstel om 'n funksie by te woon wat sy vriende op Saterdagmiddag, 24 Februarie by Frascati's kroeg in Johannesburg ter ere van hom hou. Sy voormalige ZARP bevelvoerder Frederick de Witt Tossel is een van die gaste, so ook Ramsay Macnab, wat 'n duur horlosie en horlosieketting aan hom oorhandig as blyk van almal se waardering.[58] Ben se ander Uitlandervriend Douglas Blackburn merk sinies hieroor op dat die ophef oor Ben gemaak word deur burgers wat sake so bewimpel het dat hulle nie hoef te veg nie.[59]

Tydens Ben se afwesigheid verloop sake minder voorspoedig vir die Boeremagte. Hul linies by die Tugelarivier word verswak toe van die kommando's dringend na die Vrystaat gestuur word om te help om lord Roberts en sy enorme leër se opmars uit die Kaapkolonie te probeer keer. Buller laat nie op hom wag nie en 'n week ná sy terugslag by Vaalkrans loods hy 'n hernude aanslag op die Boerelinies, hierdie keer oos van Colenso. Hy beset Hlangwaneheuwel suid van die Tugelarivier, wat die Boeremagte dwing om terug te val na Pietershoogte, net suid van Ladysmith.

---

[54] Ibid.

[55] *Nieuwe Rotterdamsche Courant,* 31 Julie 1903. Hierin is in 'n ander konteks gemeld dat Ben en Van Gelder se verhouding al 'n lang pad gekom het. "Voor en in den eersten tijd van den oorlog was van Gelder aan de *Standard & Diggers' News* verbonden. Hij vergezelde o.a. generaal Ben Viljoen op commando en seinde dan over de heldendaden van zijn vriend aan het Johannesburgsche blad. Een groot deel van zijn roem heeft generaal Ben Viljoen inderdaad te danken aan de vaardige pen en onverschrokken verbeelding van dezen Van Gelder." Die *Nieuwe Rotterdamsche Courant* het berigte wat op Suid-Afrika betrekking het gekry van die nuusagentskap van P.A. Nierstrasz (Kuitenbrouwer, *War of words,* 161).

[56] Viljoen, *Reminiscences*, 100-101; *Standard & Diggers' News*, 12 Februarie 1900.

[57] W.J. Viljoen, 'Oorlogsherinneringe', 4.

[58] *Standard & Diggers' News*, 26 Februarie 1900.

[59] Blackburn, *Burgher Quixote*, 33. Blackburn het hierdie woorde in die mond van sy hoofkarakter Sarel Erasmus gelê.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die dag ná Buller se nuwe offensief bevry Roberts se magte Kimberley en keer kort hierna vir genl. Cronjé en sowat 4 000 van sy burgers by Paardeberg vas.[60]



*Wynand, Ben en Jan (v.l.n.r.) in Roodepoort, met vyf van hul ses susters c.1900.*
(TAB-fotoversameling)

Die Sondagaand ná die funksie die vorige dag by Frascati's kry Ben per telegram opdrag van pres. Kruger om na Natal terug te keer. Die Boeremagte se situasie aan die Tugelafront is nou benard, en hulle loop die gevaar om Pietershoogte en sodoende Ladysmith te verloor. Ben en sy broers Wynand en Chris reis die Maandagmiddag per trein na Natal terug, terwyl Jan weer by Johannesburg se speurpolisie aansluit. Dit is nie 'n goeie week vir die Boere nie, want genl. Cronjé en sy burgers gee by Paardeberg aan Roberts oor, iets wat die res van die Boeremagte se moreel geweldig knou. Ben en sy twee broers kom eers Woensdagoggend, 28 Februarie by die Johannesburgse kommando se laer by Porritsdrif by die Tugelarivier aan. Hier hoor Ben dat die Boeremagte die vorige dag Pietershoogte moes prysgee, wat die pad na Ladysmith vir die Britse magte oop los. Boonop het sy kommando nog 42 man by Pietershoogte

[60] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 139; Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog*, 21-22.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verloor, wat sy verlies aan manne die afgelope paar weke op sowat 100 te staan bring. Op dieselfde dag marsjeer Buller se troepe Ladysmith binne en beëindig die Boere se beleg van 118 dae.[61] Die oorlogsgety het nou gedraai en die Boeremagte het die inisiatief verloor. Hulle het maande verspil met die vrugtelose beleg van Ladysmith, Kimberley en Mafeking; vir die res van die oorlog sal hulle op die agtervoet wees.

Ben kry nou opdrag van Joubert om die Boeremagte se hoofkwartier by Modderspruit, sowat 12 km noordoos van Ladysmith, te gaan beskerm. Ben kan egter sien dat die Boeremagte nou vlug, en ignoreer Joubert se bevel. Hy en sy kommando trek dieselfde dag nog in swaar reën wes van Ladysmith verby en kom die volgende oggend by Elandslaagte aan, waar hulle vier maande tevore so verneder is. 'n Bevel word uitgereik dat die burgers wat nou hier is die suidelike randjies van die Sondagsrivier 'n entjie verder noord moet bewaak om die terugvallende Boeremagte se agterhoede te beskerm en dat niemand die rivier mag oorsteek nie. Ben steur hom weereens nie hieraan nie en oortuig die wagte wat die brug bewaak om hom en sy manne oor te laat.[62]

Die Johannesburgse kommando trek nou deur die Biggarsberg na die omgewing van Glencoe, waar hulle op Sondag, 4 Maart aankom. Van Gelder stuur van hier af 'n berig aan die *Standard & Diggers' News* oor hoe goed Ben se offisiere die terugval hanteer het, en voeg sommer by dat die Johannesburgers die agtervolgende Britse magte by Modderspruit ná 'n uur lange geveg verdryf het,[63] iets wat in werklikheid nooit gebeur het nie.

Die volgende dag woon Ben 'n krygsraadvergadering onder leiding van Joubert in Glencoe by. Vyftig Boereoffisiere is teenwoordig, onder andere 11 veggeneraals en kommandante. Joubert is siek en melancholies, want hy het las van inwendige beserings wat hy opgedoen het toe hy 'n paar maande tevore van sy perd afgegooi is. Ben kritiseer die wanordelike terugval vanaf die Tugelarivier en stel voor dat al die generaals gevra

[61] Viljoen, *Reminiscences*, 64-66; Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog*, 21-22; *Standard & Diggers' News*, 26 Februarie 1900; W.J. Viljoen, 'Oorlogsherinneringe', 4; J.C. 'Johannesburg-Commando', 1 Januarie 1904.

[62] Viljoen, *Reminiscences*, 66-67, 70-75. Nierstrasz het Ben se optrede by die Sondagsrivier "laakbaar" genoem, en opgemerk dat Ben in sy oorlogsherinneringe spot met "Kommandant-Generaal Joubert wat oorsig oor die stand van sake verloor het, maar hyself was een van die vernaamste oorsake van die ordelose toestand wat hy veroordeel" (Nierstrasz, 'Generaal Ben Viljoen').

[63] *Standard & Diggers' News*, 9 Maart 1900. Van Gelder se vals beriggewing verleen geloofwaardigheid aan 'n stelling in die *Nieuwe Rotterdamsche Courant* dat 'n groot deel van Ben se roem "te danken [is] aan de vaardige pen en onverschrokken verbeelding van dezen van Gelder" (*Nieuwe Rotterdamsche Courant*, 31 Julie 1903).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word om te bedank, behalwe een assistent-kommandant-generaal en 'n veggeneraal, maar nie een van die ander offisiere steun sy mosie nie. Louis Botha word egter deur Joubert as sy opvolger aangedui toe Ben hom pols oor wie tweede in bevel van die Boeremagte in Natal is. Aan elke kommando word nou 'n stelling in die Biggarsberg toegeken. Die Johannesburgse kommando word onder die bevel van genl. Lukas Meyer geplaas en vertrek na Vantondersnek, omtrent 30 kilometer suid-oos van Glencoe.[64]

Op 13 Maart neem lord Roberts se troepe Bloemfontein ongehinderd in. Die Britse veldmaarskalk besluit om vir 'n wyle hier te vertoef en sy aanvalsmag verder op te bou vir wat hy as die laaste fase van die oorlog beskou, naamlik die opmars na Pretoria. Hy beveel genl. Buller om voorlopig op die defensief in Natal te bly. Die Boere het nou ongeveer 13 000 manskappe in noord-Natal, meeste van hulle noord van Ladysmith, soos dié in die Biggarsberg. Intussen sterf kmdt.-genl. Piet Joubert aan die einde van Maart aan maagvliesontsteking en Botha word in sy plek as kommandant-generaal aangestel.[65]

Die Johannesburgse kommando bring die res van Maart asook April in relatiewe vrede by Vantondersnek deur, met nie veel meer te doen nie as om te slaap, eet en drink. Die ledigheid demoraliseer die manskappe en Ben word oorval met versoeke vir verlof, iets wat hom groot kopseer besorg. Twee keer word die Johannesburgse kommando beveel om by ander kommando's aan te sluit om die Britse kamp by Elandslaagte aan te val. Albei pogings faal egter en die Boere moet vinniger terugval as wat hulle opgeruk het.[66] Teen einde April word die nagte bitterlik koud. Die burgers se seiltente bied nie veel beskerming nie en weiding vir hul perde raak skaars.[67] 'n Storie doen nou die rondte dat Ben die telegraaflyne so oorval met verheerlikende berigte oor homself en sy kommando dat die ZAR telegraafamptenare opdrag kry om nie meer sy telegramme te versend nie.[68]

---

[64] Viljoen, *Reminiscences*, 75-77; Van der Merwe, *Donker stroom*, 180.
[65] Pakenham, *Boer War*, 379.
[66] Viljoen, *Reminiscences*, 78-80.
[67] Inligting verkry uit briewe van Ben aan Van Gelder op 25 en 28 April 1900 (TAB, LAJ 1, L10), asook berigte op 17 April en 5 Mei 1900 in *Standard & Diggers' News.*
[68] *Nieuwe Rotterdamsche Courant*, 31 Julie 1903. Soos voorheen gemeld, het hierdie storie waarskynlik dr. W.J. Leyds se ore bereik, wat dit toe aan P.A. Nierstrasz oorgedra het. Soos ook gemeld het Nierstrasz die *Nieuwe Rotterdamsche Courant* van berigte oor die oorlog in Suid-Afrika voorsien.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Terugtog na die ou Transvaal**

Op 5 Mei 1900 vertrek Ben per trein van Glencoe na Pretoria om 'n gesamentlike sitting van die Eerste en Tweede Volksraad by te woon – die laaste in die ZAR se bestaan, soos dit sal blyk. Die atmosfeer by die Volksraadsitting van 7 Mei is somber: die volksraadlede is geklee in swart pakke en pluiskuile, soos by 'n begrafnis. Die bejaarde pres. Paul Kruger spreek vir die laaste keer die versamelde mans toe. Hy eindig sy toespraak op 'n uitdagende noot. "Ek staan alleen! Joubert is dood, Kock is dood, Wolmarans is dood. Ek staan alleen. Maar God is met ons. Sal ons moed verloor? Nooit! Nooit! Nooit!" Terwyl hy hierdie woorde sê, hamer hy op die tafelblad voor hom met sy vuis, en die slae weergalm deur die saal.[69] Maar nog voor die einde van die maand sal Kruger inderhaas voor die Britse magte moet uitvlug uit Pretoria.

Intussen het Roberts 'n reusemag van meer as 100 000 man versamel, met kolonnes wat strek van Kimberley in die weste tot Ladysmith in die ooste. Nou gee hy die bevel om op te ruk – die doelwit is Pretoria. Genl. Buller se magte in noord-Natal kom ook knarsend in rat.[70] In Roodepoort by sy familie kry Ben die dag ná die volksraadvergadering die boodskap van sy broer Wynand, nou waarnemende kommandant van die Johannesburgse kommando, dat die Britse magte hul laer by Vantondersnek nader. Onverwyld keer hy met 'n spesiale trein na Dundee terug en neem weer bevel van die Johannesburgse kommando oor.[71]

Op die oggend van 13 Mei val Buller se magte die Piet Retief-kommando by Helpmekaar aan, sowat 7 km suid van Ben se laer by Vantondersnek. Die burgers verdedig hul stellings moedig, maar gedurende die nag besluit hulle om die Biggarsberg te ontruim en noordwaarts terug te val.[72] Buller dryf nou die Boere soos skape voor hom uit, eers na Dundee, wat hy op 15 Mei inneem. Weereens is Ben bitterlik teleurgesteld in die swak leierskap van sy bevelvoerder, genl. Lukas Meyer. Hy laat nie op hom wag nie en telegrafeer pres. Kruger die volgende dag om te versoek dat hy Meyer afdank.[73] Die Boeremagte val nou na Laingsnek op die Natalse grens terug. Hier en daar verset die burgers hulle, maar sonder veel sukses. Intussen ontset lord Roberts se magte Mafeking op 17 Mei ná 'n beleg van 217 dae.[74]

[69] Davitt, *The Boer fight for freedom*, 422-425; *Standard & Diggers' News*, 5 en 9 Mei 1900.
[70] Pakenham, *Boer War*, 422; Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog*, 25.
[71] W.J. Viljoen, 'Oorlogsherinneringe', 5-6; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 145.
[72] Torlage, *Anglo-Boer War Sites*, 24-25.
[73] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 144.
[74] Van der Merwe, *Donker stroom*, 181.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Twee dae later kry Ben bevel om per trein met sy kommando na die Transvaal terug te val om Johannesburg te verdedig.[75] Daar aangekom dring meeste van Ben se 450 kommandolede aan op verlof; hulle is nou naby hulle huise en gesinne en wil gaan groet. Ben gee maar skiet, want hy weet as hy weier sal die manne dros. Nou moet hy egter die oggend van Dinsdag 29 Mei met slegs 65 man by die Kliprivierlinie ongeveer 10 km suid van Johannesburg aanmeld, waar kmdt.-genl. Botha en die Boeremagte stelling ingeneem het.[76]

Ben verwag die ergste en het reeds voorsorgmaatreëls vir homself en sy gesin begin tref. Twee dae tevore het hy sy broer Jan, op hierdie tydstip nog ’n lid van die Johannesburgse speurpolisie, versoek om sy fondse by die bank in Pretoria te gaan onttrek en na hom toe te bring.[77] Ook het hy Lenie laat weet dat sy en hul twee seuns, die 8-jarige Wynand Eugène en 3-jarige Silvanus, Pretoria moet verlaat en na die relatiewe veiligheid van die Oos-Transvaal moet vlug. Lenie is ook nou swanger met nog ’n kind. Sy en haar seuntjies vertrek in ’n kapkar, vergesel van haar jonger suster Rykie Els, terwyl hul voorraadwa aangevoer word deur Sam, ’n Zoeloebediende.[78]

Ook onder die vlugtelinge uit Pretoria is honderde Kaapse rebelle en hul gesinne wat die voorafgaande klompie maande hier aangekom het. Saam met een van hulle sal Ben drie jaar later ’n ambisieuse projek in Mexiko aanpak. Dit is die 42-jarige Willem Snyman, afkomstig van Dordrecht in die Noord-Kaap.[79] In Dordrecht het Snyman jare lank as reisende verkoopsverteenwoordiger geneesmiddels vir lewende hawe aan boere verkwansel.[80] Kort voor die oorlog het hy ook ’n klein hotel met ’n kroeg op dié dorp bedryf.[81] Die Snymans en Viljoens ken mekaar uit hul Oos-Kaap dae, waar hulle saam

---

[75] Viljoen, *Reminiscences*, 82, 86.
[76] Ibid., 91-92.
[77] J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando' , 1 April 1904.
[78] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota M.
[79] H.A. Shearing, ‘The Cape rebel of the South African War’ (DPhil-tesis, Universiteit Stellenbosch, 2004), 89.
[80] *Frontier Guardian*, 12 en 19 Augustus 1898.
[81] Ibid., 27 Januarie 1899.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die NG kerk in Macleantown bygewoon het toe Snyman nog in dié omgewing gewoon het.[82] Snyman en Ben se vroue is ook niggies.[83]

Ná die Boeremagte Dordrecht in Desember 1900 ingeneem het, het hulle die distrik as deel van die Vrystaat geproklameer en koloniale Afrikaners soos Snyman begin opkommandeer.[84] Snyman is hierna aangestel as kwartiermeester en laerkommandant van die opgekommandeerde burgers van Dordrecht Wyk 1.[85] Hy was vir enkele weke ook veldkornet van die Dordrecht rebelle, maar het nie lank in hierdie pos gedien nie.[86] Drie maande tevore is die Boeremagte in hierdie deel van die Kaapkolonie oor die Vrystaatse grens teruggedryf, met Snyman en sy 14-jarige seun Hardus onder hulle. Hierna was Snyman 'n tyd lank as laerkommandant en bewaarder van Britse gevangenes aan genl. De Wet se magte verbonde.[87] Snyman het egter 'n paar weke tevore saam met Boeremagte oor die Vaalrivier teruggeval en by die res van sy familie in Pretoria aangesluit.[88] Die ZAR-regering het die rebelle en hul gesinne nou gratis skeepskaartjies na Europa aangebied, asook geld vir hul onkostes, 'n aanbod wat Snyman aangryp.[89]

---

[82] NGKSA, Maclean (later Komga) lederegister 1860-1890. Hierin verskyn die name van lede van die Snyman en Viljoen families. Volgens Jeanine Viljoen, kleindogter van Ben, het die Viljoens en Snymans mekaar in die Oos-Kaap geken. Sy het hierdie inligting by haar pa Eugène, Ben se seun, asook by ander familielede gekry. (JV-versameling, notas van Jeanine Viljoen.) Ook het Snyman in Desember 1902 in Mexiko gemeld dat hy na New York gaan "to confer with his friend Gen. Benjamin Viljoen and other prominent Boers", wat op 'n vroeëre kennismaking dui (*Los Angeles Times*, 29 Desember 1902).

[83] BF-versameling, ongedateerde brief van Ben se broer Jan aan Rosalind Viljoen, weduwee van Ben se seun Silvanus (c.1944-1955). Volgens Jan Viljoen was Willem Snyman se skoonma 'n suster van Lenie Viljoen se ma.

[84] Shearing, 'Cape rebel', 66.

[85] Cd 261, Further correspondence relating to affairs in South Africa, Julie 1900, Sub-enclosure 15, brief, waarnemende veldkornet P.F. Anderson aan kwartiermeester W.D. Snyman, 5 Desember 1899. Kort hierna is Anderson as waarnemende landdros aangestel en het Snyman veldkornet van Dordrecht Wyk 1 geword.

[86] Ibid., Sub-enclosure 8, brief, landdros A.M.V. de Villiers – veldkornet W.D. Snyman van Wyk 1, 12 Januarie 1900. Teen Februarie 1900 was Anderson weer veldkornet van Dordrecht Wyk 1. (Ibid., Sub-enclosure 7, kommandeerbrief geskryf deur veldkornet P.F. Anderson van Wyk 1, 12 Februarie 1900.)

[87] Inligting verkry uit 'n artikel deur 'n Britse joernalis wat ses weke deur die Boere gevange gehou is (*The Bristol Mercury,* 4 Julie 1900).

[88] *Pittston Gazette*, 1 Desember 1900. Hardus Snyman het hiervolgens verklaar dat hy sy pa in Junie 1900 in Pretoria ontmoet het nadat hy [Hardus] 'n gevaarlike sending vir genl. De Wet uitgevoer het.

[89] Snyman se vrou en kinders (behalwe Hardus) was reeds op 14 Augustus 1900 in Brussel, want op hierdie datum is 243 frank deur dr. W.J. Leyds aan hulle uitbetaal (TAB, Leyds-argief, vol. 434, Ondersteuning personen uit de Republieken, inskrywing 14 Augustus 1900). Hierdie bron meld slegs dat die familie Snyman vir hul verblyfkostes in Brussel vergoed is. Dat hierdie wel familie van W.D. Snyman was, word bevestig deurdat hierdie uitgawe ook aangeteken is onder die inskrywing insake W.D. Snyman toe hy in November 1900 by die ZAR gesantskap

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Op Dinsdag, 29 Mei poog genl. Botha om met slegs 'n paar honderd burgers lord Roberts se derduisende troepe by die Kliprivierberg net suid van Johannesburg te stuit. Die geveg duur tot sonsondergang, wanneer die Boere teen die Britse oormag moet bes gee en terugval. Roberts gee die volgende oggend toe aan die versoek van kmdt. F.E.T. Krause, waarnemende spesiale kommandant van Johannesburg, om 'n 24-uur skietstilstand te handhaaf, op voorwaarde dat geen Boeremagte Johannesburg binnegaan nie en dat Krause die stad en sy myne die volgende dag ongeskonde aan hom sal oorhandig. Krause wil met die skietstilstand vir genl. Botha tyd wen om sy magte en oorlogstoerusting na Pretoria terug te trek.[90] Intussen het pres. Kruger en die lede van sy Uitvoerende Raad per trein na Machadodorp in die Oos-Transvaal gevlug.[91]

In weerwil van die ooreenkoms met Roberts, ry Ben en sy manne Woensdagoggend deur Johannesburg. By die ZAR krygskommissariaat se stoorplek versoek hulle kosvoorrade, maar die amptenaar in bevel weier, want dit sal 'n verbreking van die ooreenkoms met Roberts wees. Ben se eer is gekrenk, en hy is woedend. As kommandant van Johannesburg voel hy dat Krause hom ten minste moes geraadpleeg het voor hy enigiets met Roberts ooreengekom het. En hoekom mag hulle nie van die voorrade kry nie – die stad is tog immers nog nie in die Britse magte se hande nie? Hy ignoreer die amptenaar en laat sy manne toe om hulself na hartelus te help.[92] Toe Krause hieroor by Ben kom kla, word hy met beledigings weggestuur.[93]

## <u>Die val van Pretoria en die slag van Donkerhoek</u>

Die Johannesburgse kommando vat later dieselfde dag die pad na Pretoria toe saam met die res van die terugvallende Boeremagte. Wynand is nou die laerkommandant en verantwoordelik vir die ongeveer 100 waens en 300 perde van die kommando.[94] Die paaie is gepak met allerlei waens, kapkarre, veekuddes en vlugtende burgers, en op almal se gesigte is wanhoop en moedeloosheid te bespeur. In Pretoria breek die

in Brussel vir reisgeld na die VSA aansoek gedoen het (TAB, Leyds-argief, vol. 389, Hulpfonds, Register van aanvrae, nr. 65).

[90] Pakenham, *Boer War*, 424-425; Viljoen, *Reminiscences*, 91-92; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 145-147. Nierstrasz was van mening dat Ben se kommando by Johannesburg byna heeltemal uitmekaar geval het, en dat dit een van die mees ongeorganiseerdes was (Nierstrasz, 'Generaal Ben Viljoen').

[91] Davitt, *The Boer fight for freedom*, 435.

[92] Viljoen, *Reminiscences*, 92-93.

[93] Krause, *Memoirs*, 114.

[94] W.J. Viljoen, 'Oorlogsherinneringe', 6.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vlugtende kommando's en inwoners by die ZAR-regering se provianddepots in en plunder na hartelus, met die Johannesburgse kommando wat ywerig deelneem. Ben skop self een van die pakhuisdeure af. [95]

Om 11:00 op Donderdag, 31 Mei oorhandig Krause Johannesburg aan Roberts. Die Boere se moreel bereik nou 'n laagtepunt. Die volgende dag versoek genl. Botha en staatsprokureur Jan Smuts namens die senior Transvaalse Boereoffisiere vir pres. Kruger per telegram om tog nou oorgawe te oorweeg. Pres. Steyn is woedend toe hy hiervan in kennis gestel word. Hy laat weet hy is verbaas dat die Transvalers 'n vergadering voorstel om op 'n "lafhartige wijze den strijd die wij in den naam des Heren hebben begonnen op te geve". Na hierdie berisping besluit die Transvalers om tog maar die geveg voort te sit.[96]

Die vier Viljoen-broers ontmoet mekaar nou weer in die rante oos van Pretoria. Wynand word deur Ben gelas om die Johannesburgse kommando se ekstra perde en waens na die Middelburg-omgewing te neem en in die omgewing van die Delagoabaaispoorlyn vir die kommando te wag. Op sy beurt besluit Chris om die kommando te verlaat, want hy wil eerder gaan saai op sy plaas naby Pietersburg. Jan sluit by hom aan, asook hul swaer, Johnny van Wyk, laasgenoemde wat volgens hom aan nierprobleme ly en nie meer perd kan ry nie.[97]

Die Boereleiers besluit om Pretoria nie te verdedig nie, en op 5 Junie neem die Britse magte die stad ongehinderd in. Roberts glo nou dat die oorlog verby is – die Vrystaters en Transvalers se hoofstede het immers geval. Die Boere stem egter nie saam nie. Pretoria en Bloemfontein is eintlik maar net groot dorpe; die Boererepublieke behels veel meer as dit. Die Britse veldmaarskalk stuur nou twee vooraanstaande Pretorianers na Botha om uit te vind hoekom laasgenoemde aandring op nog onnodige bloedvergieting – hoekom maak hulle nie maar vrede nie? Botha en Ben is onbeskof met die vredesgesante. As iemand wat sy pad na bo moes oopveg, het Ben boonop 'n wrewel in die sogenaamde Boere-aristokrasie, manne wie se familiename en lang vestiging in die Transvaal vir hulle 'n plek in Kruger se binnekring en baantjies-vir-

---

[95] Schikkerling, *Commando*, 20; J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Mei 1904. Al wat Ben egter hieroor in sy oorlogsherinneringe gemeld het is "Some of my own men were engaged in these predatory operations" (Viljoen, *Reminiscences*, 148).

[96] Van der Merwe, *Donker stroom*, 182; Pakenham, *Boer War*, 431-432.

[97] J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Mei 1904. Johnny van Wyk was getroud met Hendrina, Ben se tweede oudste suster (H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister* (Franschhoek: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, 2012), 1553).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

boeties-aanstellings verseker het. Beide Ben en Botha jaag die drie mans druipstert weg.[98]

Botha ontplooi nou sy magte in ’n 40 km lange verdedigingslinie 30 km oos van Pretoria. Ben en sy kommando vorm deel van die linkerflank by Donkerpoort onder bevel van Botha, terwyl genl. De la Rey vir die regterflank verantwoordelik is. Roberts stuur 16 000 troepe in die veld om Botha se mag van sowat 5 000 man aan te val. Met skemer op Maandag 11 Junie open Roberts sy aanslag met ’n artilleriebombardement. Die Boere betaal in gelyke munt terug. Die geveg word die volgende dag voortgesit. Die Boere verdedig hardnekkig en eers teen die middag kry die Britse magte dit reg om ’n bres in die Boerelinie te slaan. Botha stuur Ben en sy manne om die gaping te gaan help toestop. Hulle veg verbete en weer verskeie Britse aanslae af. Teen sonsondergang sien Botha egter dat die Boere se stellings onhoudbaar geraak het en hy gee die bevel om terug te val. Alhoewel die Boere die aftog moet blaas, retireer hulle ordelik en is hul veggees tot ’n mate herstel.[99]

[98] Viljoen, *Reminiscences*, 98-100; Grundlingh, *“Hendsoppers” en “Joiners”*, 82-83.
[99] Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog*, 28; Viljoen, *Reminiscences*, 97, 101-102; Pakenham, *Boer War*, 434; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 151-153.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 5

# VEGGENERAAL

## (Jul 1900–Feb 1901)

### Bevordering

Ná die slag van Donkerhoek halt lord Roberts vir eers sy magte se opmars vanaf Pretoria ooswaarts langs die Delagoabaaispoorlyn, want in die Vrystaat maak genl. Christiaan de Wet in sy agterhoede amok. Die Britse veldmaarskalk reik nou 'n proklamasie uit wat die inwoners van die Boererepublieke waarsku dat alle huise in die omgewing waar die Boeremagte spoor- en telegraafverbindings beskadig, afgebrand sal word. Dit is die begin van die Britse verskroeideaardebeleid.[1]

Kmdt.-genl. Louis Botha gebruik hierdie blaaskans om sy magte te herorganiseer deur ouer, onbekwame bevelvoerders af te dank en deur jonger en geesdriftiger manne te vervang.[2] Intussen het die Johannesburgse kommando teruggeval na Balmoral, 'n stasie op die Delagoabaaispoorlyn tussen Bronkhorstspruit en Witbank, sowat 80 km oos van Pretoria. Net soos Ben in 1896 'n petisie laat reël het toe hy vir die veldkornetskap van Krugersdorp aansoek gedoen het, skryf die veldkornette van Johannesburg, Fordsburg en Jeppestown, die drie wyke waaruit die Johannesburgse kommando bestaan, ses dae ná die slag van Donkerhoek 'n brief aan Botha namens die 350 burgers in dié kommando. Vermoedelik sit Ben se hand hieragter. Hulle versoek dat Botha Ben nou na veggeneraal bevorder, aangesien hy sy kommando baie bekwaam gelei en onder moeilike omstandighede bymekaar gehou het. Volgens hulle is weinig ander bevelvoerders wat soveel gedoen het nog nie bevorder nie.[3]

---

[1] F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad: Struik, 1998), 27-28.
[2] J.W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen, 1868-1917* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2000), 156; B.J. Viljoen, *My reminiscences of the Anglo-Boer War* (Cape Town: C. Struik (Pty) Ltd, 1973), 105.
[3] TAB, Leyds-argief, vol. 754 (deel III), 681-682, Veldkornette van Johannesburg kommando – Botha, 18 Junie 1900.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Botha gee die volgende dag aan hul versoek gehoor, iets wat in sommige kringe die wenkbroue laat lig, want Ben en sy manne het maar gemengde welslae tot dusver behaal.[4] Botha het Ben egter by Vaalkrans en Donkerhoek in aksie gesien en bo alles het hy nou dapper bevelvoerders nodig. Daarby is die manne in die Johannesburgse kommando 'n rowwe klomp en dit verg 'n sekere tipe persoonlikheid om hulle te beheer. Die ZAR Krygswet erken nie die rang van generaal as sulks nie en maak slegs voorsiening vir veldkornette, kommandante en 'n kommandant-generaal. 'n Veggeneraal is 'n tydelike aanstelling, wat gewoonlik net gedoen word tydens veldtogte waar meer as een kommando betrokke is en wanneer dit nodig is om 'n persoon anders as die kommandant-generaal in bevel te hê.[5] Ben sal hierdie ere-titel egter die res van sy lewe met vrug gebruik.

Onder Ben se bevel is nou die kommando's van Johannesburg, Krugersdorp, Germiston, Boksburg en die ZARP, 'n gesamentlike mag van ongeveer 1 200 burgers wat weldra as die Rand kommando bekend sal staan. Hy besoek nou sy onderskeie kommando's om hulle toe te spreek. By die Krugersdorpse kommando word hy deur een van die burgers versoek om 'n gebed te doen, iets wat vrees by hom inboesem. Hy is nou nie juis godsdienstig nie en gebede doen voor 'n klomp mense is nie iets waaraan hy gewoond is nie. In sy oorlogsherinneringe skryf hy later: "I felt as if I would gladly have welcomed the earth opening below me…I felt like a stranger in Jerusalem." Met 'n gesukkel kry hy dit tog reg.[6]

Op 16 Julie kry Ben sy eerste kans om as generaal op te tree toe Botha hom beveel om Britse magte naby Bapsfontein aan te val. Ben se manne kwyt hulle goed van hulle taak, maar slaag nie daarin om die veel groter Britse mag te verdryf nie. Hulle neem egter 45 Britse soldate gevange en buit 20 perde, vir 'n geringe verlies van manne aan Boerekant.[7] 'n Week ná die slag van Bapsfontein sit Roberts uiteindelik sy lang verwagte opmars ooswaarts langs die Delagoabaaispoorlyn voort. Gedurende die volgende 18 maande van die oorlog sal Ben hoofsaaklik betrokke wees by gevegte langs hierdie spoorlyn, tot waar dit die grens met Portugees Oos-Afrika (hedendaagse Mosambiek) 400 km oos van Pretoria oorsteek. Die Boeremagte val nou terug, en op

[4] Nierstrasz het byvoorbeeld in sy latere lewenskets van Ben geskryf dat "[w]at Botha daartoe beweeg het om die kommandant wat homself so min bewys het in so 'n belangrike pos aan te stel en hom uit die skaars burgerstryders die bevel oor nie minder nie as 1 200 man aan hom toe te vertrou, is moeilik om te sê" (TAB, Leyds-huisargief, vol. 3, P.A. Nierstrasz, 'Generaal Ben Viljoen'. Uit Nederlands vertaal).
[5] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 155.
[6] Viljoen, *Reminiscences*, 105-107.
[7] Viljoen, *Reminiscences*; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 157-158.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

27 Julie 1900 neem die Britse magte Middelburg in. Voorlopig halt Roberts sy opmars hier. Die eerste dryfjag op De Wet is onderweg en Roberts wil ook vir genl. Buller se magte kans gee om hul greep op die suidooste van Transvaal te versterk.[8]

Ben en die res van die Boeremagte in die Oos-Transvaal bevind hulself nou by Dalmanuthastasie, net duskant Belfast, 70 km oos van Middelburg. Jan en Wynand Viljoen sluit weer by die Johannesburgse kommando aan, terwyl Chris Viljoen en hul swaer Johnny van Wyk in Lydenburg is, waarheen Ben hulle vroeër met van die Rand kommando se beeste gestuur het. Wynand Viljoen word nou as kommandant van die Johannesburgse kommando aangestel. Ben sien ook weer vir Lenie en sy twee seuntjies by Dalmanutha.[9]

## **Terugval**

Op 14 Augustus 1900 ontsnap genl. De Wet by Rustenburg uit die kake van lord Roberts se eerste dryfjag. Roberts verskuif sy aandag weer na Botha se magte in die Oos-Transvaal. Intussen het Roberts se troepe uit Middelburg en Buller se troepe uit Ermelo by mekaar uitgekom en hulle ruk op na Belfast. Op 21 Augustus val 20 000 Britse troepe Botha se 5 000 Boere aan wat oor 'n front van 30 km aan beide kante van die Dalmanuthaspoorwegstasie stelling ingeneem het. Ses dae lank weerstaan die burgers die Britse aanslag op verskeie plekke, maar op 27 Augustus slaan Roberts se magte 'n bres in die Boerelinies en Botha gee die bevel om 15 km ooswaarts na Machadodorp terug te val.[10]

---


[8] T. Pakenham, *The Boer War* (Cape Town: Jonathan Ball Publishers, 1982), 444-446, 453-454; Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog*, 28-29; Viljoen, *Reminiscences*, 110-111; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 160.

[9] Viljoen, *Reminiscences*, 113; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 160; J.C. Viljoen, 'Door den Anglo-Boer Oorlog met het Johannnesburg-Commando', *De Goede Hoop*, 1 Junie en 1 Julie 1904; TAB, A1063, W.J. Viljoen, 'Oorlogsherinneringe', 7.

[10] Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog*, 28-29; Pakenham, *Boer War*, 454-456; Viljoen, *Reminiscences*, 114-116.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NOORD- EN OOS-TRANSVAAL




Ben kry opdrag van Botha om met sy manne die Boere se agterhoede te dek en die Britse opmars te probeer vertraag, om sodoende die ZAR-regering – wat nou na Nelspruit gevlug het – te beskerm. Lenie en haar seuntjies is intussen na haar suster in Lydenburg en hulle vlug na Pelgrimsrus.[11] Ben se manne talm nie lank in Machadodorp nie, want die Britse magte is warm op hul spoor. ’n Paar dae later is Ben en sy magte op Nooitgedacht, drie stasies en sowat 25 km verder oos van Machadodorp. Hier is Ben genoodsaak om byna 2 000 Britse krygsgevangenes vry te laat, want die Boere het nie meer die vermoë om hulle aan te hou nie.[12]

Ook glo Roberts dat die oorlog vir alle praktiese doeleindes verby is, en op 1 September 1900 annekseer hy die ZAR namens Brittanje.[13] In Kaapstad het sir Alfred Milner se gedagtes reeds begin gaan na hoe hy die nuwe Transvaalkolonie gaan administreer. Hy berei nou ’n lys getiteld “Names of Boers & others of the Transvaal who should not be given employment in the new Territories” voor en stuur dit aan Roberts. Oor sy keuse van name op die lys verduidelik Milner soos volg:

---

[11] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota M.
[12] Viljoen, *Reminiscences*, 117-119; R.W. Schikkerling, *Commando Courageous: A Boer’s diary* (Johannesburg: Hugh Keartland Publishers, 1964), 54-55, 58, 60.
[13] Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog*, 29.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> This list includes, not so much the old-fashioned Boers, however hostile to us, as the anti-British schemers of the much more modern type – most of the names…are those of men, who are not only politically, but morally bad. They are all reputed dangerous men, who, if caught, might not to be "paroled", but kept in custody…They are often polished men, all the more dangerous because they come forward with smiling faces and professions of friendship. But they are more essentially hostile, and likely to do harm, than hundreds of the old back-veld Boers whom we have interned at St. Helena and elsewhere.[14]

Ben se naam verskyn ook op hierdie swartlys – Milner het sy opruiende vlugskrif die vorige jaar, waarin hy die Kaapse Afrikaners aangehits het om die Boererepublieke in geval van oorlog met Brittanje by te staan, nie vergeet nie.[15]

Op 7 September, Ben se 32ste verjaardag, is hy en sy magte by Godwanrivier (hedendaagse Ngodwanarivier), die volgende stasie ná Nooitgedacht en sowat 20 km verder oos. Vier dae later kry Ben opdrag om terug te val na Nelspruit, sowat 40 km verder oos langs die Delagoabaaispoorlyn, wat nou deur genl. Buller se magte uit die noorde bedreig word. Ben besluit om 'n deel van sy magte per trein vooruit te stuur. Die Nederlandse treinbestuurder en stoker weier egter om die trein te oorhandig, waarop Ben hom vererg en summier die twee mans by die spoorwegwal afskop.[16]

Ben en die res van sy magte val nou al vegtende terug en so ver hulle gaan verwoes hulle die spoorwegbrûe agter hulle. Op 12 September tref hulle Nelspruit in algehele wanorde aan. Oral brand ammunisiewaens met koeëls wat ontplof en swartes en Boere wat goederewaens plunder wat deur die vlugtende ZAR-regering agtergelaat is. Ben herstel 'n mate van orde, maar kry opdrag om die volgende dag sowat 80 km verder oos na Hectorspruit terug te val waar Botha en die ZAR-regering hulle nou bevind. Pres. Kruger het reeds die vorige dag die Transvaalse grens by Komatipoort oorgesteek, onderweg na Lourenço Marques waar 'n oorlogskip gestuur deur koningin Wilhelmina van Nederland hom na ballingskap in Europa sal neem. Agter die toegetrekte gordyne van sy treinwa het hy gehuil. Die tonele wat Ben en sy manne aanskou by die volgende twee stasies, Krokodilpoort en Kaap Muiden (hedendaagse Kaapmuiden), is ewe chaoties as by Nelspruit. Boonop kry van die burgers en

---

[14] TAB, Lord Roberts Papers, FK 1900, pp. 183-193, Black List, Names of Boers & others of the Transvaal who should not be given employment in the new Territories, brief, Milner–Roberts, 23 Augustus 1900.

[15] Ibid.

[16] J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Augustus 1904; Viljoen, *Reminiscences*, 122-123.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

treinbestuurders drankvoorrade in die hande en twee treine bots teen mekaar, met verskeie burgers en diere wat sterf. Uit die bewegende treine skiet die burgers ook op wild langs die spoorlyn.[17]

## **Donker dae op Hectorspruit**

Op 13 September 1900 is Ben by die Rand kommando se laer in Hectorspruit. Hier word hy weer verenig met Lenie en sy twee seuntjies, wat sy adjudant Koos Nel buite die dorp ontmoet het. Ben wil hulle so gou moontlik in Lourenço Marques kry en dan per skip na Nederland stuur, en hy vra Botha of hy hulle die sowat 30 km na Komatipoort by die Mosambiekse grens kan vergesel. Botha weier, want hy het Ben nodig om die burgers te help organiseer en hul volgende bewegings te beplan. Botha stem egter wel in dat £500 (R500 000) deur die ZAR-regering se hulpkommissie in Lourenço Marques aan Lenie uitbetaal word, iets wat ook tot ’n mindere of meerdere mate vir ander Boereleiers se vroue gedoen word, op voorwaarde dat hulle geen verdere aanspraak op die staatskas sal maak nie. Ben se gesin vertrek die volgende dag op een van die laaste treine uit die ZAR.[18] In Lourenço Marques sal Lenie en sy twee seuns, asook haar suster, ’n paar dae later aan boord van die Duitse stoomskip *Herzog* gaan.[19] Ook die Kaapse rebel Willem Snyman en sy seun Hardus, sal hierdie skeepstog met hulle meemaak.[20]

---

[17] Viljoen, *Reminiscences*, 124, 128; C. van der Merwe, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 2015), 193.

[18] Ben het in sy oorlogsherinneringe geen melding van hierdie ontmoeting gemaak nie, maar Ben se broer Jan het Lenie op hierdie dag in Hectorspruit ontmoet (J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando’, 1 Augustus 1904). Ook het Ben se seun Eugène later sy dogter Jeanine van hierdie ontmoeting met sy pa in Hectorspruit vertel (BF-versameling, persoonlike notas van Jeanine Viljoen). Lenie en haar familie het dieselfde aand nog in Lourenço Marques aangekom (*Daily Mail*, 15 September 1900). Die betaling aan Lenie in opdrag van Botha is aangeteken in TAB, Leyds-argief, vol. 390, Hulpfonds: Register van aanvrae, 0.188-375, p.295, 22 September 1900.

[19] *De Telegraaf*, 27 September 1900. Hiervolgens het die *Herzog op* 24 September 1900 uit Lourenço Marques vertrek. Dit het op 3 November 1900 in Rotterdam aangekom en die Nederlandse pers het berig dat Lenie Viljoen aan boord was (*Algemeen Handelsblad*, 5 November 1900).

[20] Ben se seun Eugène het dit aan sy dogter Jeanine asook sy vrou Lillian vertel. Hy het ook aan Lillian genoem dat hy die Snymans verag het, want volgens hom was hulle lafaards wat hul land in sy uur van nood in die steek gelaat het. Op sy beurt het Hardus Snyman in 1935 vertel hoe hy Eugène en sy broer Silvanus op die *Herzog* rondgedra het (BF-versameling, persoonlike notas van Jeanine Viljoen, asook brief van haar ma Lilian aan Sam Viljoen, kleinseun van Ben, 25 November 1935). Die Snymans se vertrek op die *Herzog* word bevestig deur ’n latere persartikel waarin verwys is na “de heeren Snijman, Liebenberg en H. Viljoen

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

Intussen speel droewige tonele hulle op Hectorspruit af, waar derduisende vlugtende burgers, rebelle en buitelandse vrywilligers nou versamel het. Die omgewing is besonder onaantreklik, ’n dor en plat, beboste landskap wat lê en bak in die versengende hitte, en waar mens net die lug bo jou en die stukkie grond om jou kan sien. Talle goedere- en passasierswaens staan rond en oral pak manne hul besittings in of uit, of is hulle besig om te plunder. Die meeste dwaal egter doelloos rond: hulle weet nie wat gebeur nie, of wat hulle moet doen nie.[21] Dit is donker dae vir Botha en sy bevelvoerders. Hulle besef goed dat die vyand die Delagoabaaispoorlyn binnekort gaan beheer en sodoende die Boeremagte van die buitewêreld sal afsny. Bevoorrading van die burgers sal dan onmoontlik word, wat sal beteken dat elke kommando vir homself sal moet sorg.[22]

Ongeveer 2 000 van die manne hier het ook nie perde nie en is derhalwe ongeskik vir die komende guerrillastryd. Ben word deur Botha die onaangename taak opgelê om aan hulle te verduidelik dat hulle na Komatipoort moet reis per trein, as daar plek is, of andersins moet voetslaan. Daar kan hulle óf die grens oorsteek en hulle aan die Portugese owerheid oorgee, óf hulle kan probeer om deur Swaziland suidwaarts te ontsnap, of langs die Lebomboberge noordwaarts na Leydsdorp. Baie van hierdie manne voel dat hul leiers hulle in die steek laat en sommige bars in trane uit.[23]

## **Koorslandtrek**[24]

Ben kry nou opdrag van Botha om ongeveer 1 700 man sowat 100 km noordwes na die relatiewe veiligheid van Pelgrimsrus te lei, waar die klimaat en weiding veel beter is as die ongesonde Laeveld waar hulle hul tans bevind. Botha en die ZAR-regering trek in ’n kleiner groep vooruit, en op 16 September 1900 val Ben se manne in die pad. Die konvooi is vyf kilometer lank, ’n optog van waens, kapkarre, osse en muile, ruiters en

---

[metgeselle van Snyman], die met het stoomschip *Herzog* uit Lorenzo-Marquez waren vertrokken” (*Leeuwarder Courant*, 17 November 1900).

[21] Schikkerling, *Commando*, 63; Viljoen, *Reminiscences*, 129-130.

[22] A.N. Pelzer, ‘Generaals Louis Botha, Ben Viljoen en Christiaan Muller en die stryd in die ooste’, in J.H. Breytenbach (ed.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1949), 149.

[23] Viljoen, *Reminiscences*, 130.

[24] Tensy anders gemeld, is die inligting in hierdie deel ontleen aan die volgende bronne: Viljoen, *Reminiscences,* 132-145; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 172-177; Schikkerling, *Commando*, 70-87, W.J. Viljoen, ‘Oorlogsherinneringe’, 8-9; J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando’, 1 Augustus 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voetgangers, sover die oog kan sien. Sowat 600 van die burgers moet stap: óf hulle het nie perde nie, óf hul perde se toestand is so sleg dat hulle nie gery kan word nie. Ben reis met twee waens, een vir homself en een vir sy rapportryers. Hulle trek met ’n ou Voortrekkerpad deur die suidwestelike deel van wat vandag die Krugerwildtuin is, ’n uitgestrekte bosveldlandskap met min weiding en water en die immerteenwoordige gevaar van malaria. Weens die ondraaglike hitte moet die konvooi meestal vroegaand of vroegoggend trek. Die reëns hierdie jaar is laat en die burgers en perde en waens ploeter voort in digte stofwolke.

Agt dae later bereik hulle die voet van die Drakensberg by Kowynspas. Net duskant die pas is Graskop en die gesonder en vrugbaarder Hoëveld, maar dit is helaas te laat – genl. Buller se magte uit Spitskop is reeds besig om al langs die plato op te ruk en gaan hulle pad deur die berge versper. Botha en die ZAR-regering kan egter nog deurglip, en eersgenoemde laat weet Ben dat hy en sy manne eerder al langs die voet van die Drakensberg na Leydsdorp moet trek, ’n verdere 100 km noord.[25]

Nou wag ’n onbenydenswaardige taak op Ben, want hy gaan sy manne deur die hitte en ongesonde klimaat van die Bosveld moet lei en bymekaar hou. Hy gaan ook moet sorg dat hulle kos en water kry en uit die hande van die Britse magte bly. Weke lank gaan hy nie met ander bevelvoerders kan kontak maak of hulp van hulle verwag nie. Ben kwyt hom egter goed van sy taak en na vele ontberings bereik hulle Leydsdorp twee weke later.[26]

Hier span hulle ’n paar dae uit terwyl die siekes in die hospitaaltjie herstel. Op hierdie tydstip het lord Roberts nog nie ’n ernstige poging aangewend om sy magte van Pretoria langs die spoorlyn na die noorde te laat opruk nie en Transvaal noord van Warmbad word nog deur die Boeremagte beheer.[27] Ben hoor dat Pietersburg steeds in die Boere se hande is en hy besluit om soontoe te trek. Die laaste skof behels sowat 120 km, maar die landskap is nou groener en meer bewoond, met bewerkte landerye en kuddes skape en vee wat oral te sien is.[28]

[25] Viljoen, *Reminiscences*, 133.
[26] Ibid., 136-140.
[27] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 175-176; Viljoen, *Reminiscences*, 145.
[28] Viljoen, *Reminiscences*, 143-145.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## **Jolyt op Pietersburg**

Vyf weke ná hulle Hectorspruit verlaat het, kom Ben en die hoofdeel van sy magte uiteindelik op 19 Oktober 1900 in Pietersburg aan.[29] Ben neem vir tyd en wyl sy intrek in die Transvaal Hotel.[30] Hier kan mens vergeet dat daar 'n oorlog aan die gang is – die ZAR staatsamptenare is almal op hul pos, die Vierkleur wapper op regeringsgeboue en die trein na Warmbad loop gereeld. Ben begin onmiddellik perde en muile vir sy magte opkommandeer. Die plaaslike inwoners kla hieroor, maar Ben het min simpatie met hulle.[31] Hier is ook volop voer vir sy manne se perde en die burgers kan nuwe klere aanskaf en van hul vermoeidheid herstel.[32]

Dit gaan nou jolig op Pietersburg. Die dorp het 'n reputasie as 'n wilde plek met baie jong, ongetroude vroue, Boer én Uitlander. Van die manskappe maak hul waens op die dorpsplein staan en gereeld word partytjies gehou, met die jonger burgers wat nie genoeg van die dansery kan kry nie. Soms word daar tot dagbreek met die meisies gerinkink. By die paar drinkplekke op die dorp kan hulle ook hul dors les, iets wat talle doen. 'n Paar burgers ontdek vaatjies bier in 'n brouery en dié word sommer na hul blyplekke gerol en daar uitgedrink. Sommige aande skiet besope burgers kanonne oor die dorp af.[33]

Dit duur nie lank nie of Ben se manne maak weer moeilikheid. Een aand word 'n groep van hulle deur die oorlogkommissaris van Pietersburg, Lodi Krause, op heterdaad betrap waar hulle by een van die regering se proviandpakhuise inbreek. Toe Krause hulle konfronteer, gooi hulle hom op die grond neer en rand hom aan. Die volgende oggend gaan kla Krause by Ben, wat belowe om hulle te straf. Tot Krause se ontsteltenis doen Ben egter niks hieraan nie. Sy houding is om Gods water oor Gods akker te laat loop; ná hul uitmergelende tog is sy manne sekerlik daarop geregtig om bietjie stoom af te blaas.

Enkele dae na hierdie insident breek van die burgers by 'n paar winkels in. Hulle neem eenvoudig wat hulle nodig het, sonder enige vergoeding aan die eienaars – veral wanneer hulle Britse burgers is. Krause gaan kla herhaaldelik by Ben, weereens sonder

---

[29] Ibid., 145.
[30] L.E. Krause, *The war memoirs of Commandant Ludwig Krause, 1899-1900*, 2nd ser., no. 26 (Cape Town: Van Riebeeck Society, 1996), 114.
[31] Viljoen, *Reminiscences*, 145-147.
[32] Pelzer, *Stryd in die ooste*, 150.
[33] J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Augustus 1904; W.J. Viljoen, Oorlogsherinneringe', 8-9; Schikkerling, *Commando*, 88.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sukses. Krause is naderhand so moedeloos dat hy Ben konfronteer en eis dat hy en sy magte Pietersburg verlaat en teen die vyand gaan veg. Ben se antwoord is kortaf – dit is 'n vry republiek, en Krause kan hom nie dwing om te gaan nie. In 'n stadium laat Krause van die staatsvoorrade in 'n pakhuis op 'n nabygeleë plaas wegsteek. Ben se manne kom egter hiervan te hore en gaan steel dit. Weereens val Krause se klagtes op dowe ore. Ook die eienaar van Transvaal Hotel kla oor hoe ongeskik Ben hom behandel.[34]

**Gevegte by Balmoral en Renosterkop**

Ben word aan die einde van Oktober 1900 deur kmdt.-genl. Botha gelas om bevel van Noordoos-Transvaal te neem en die Britse magte daar met guerrilla-aksies besig te hou.[35] Kort hierna verlaat Ben en sy mag Pietersburg, tot die inwoners se groot blydskap. Kmdt. Kemp, die bevelvoerder van die Krugersdorp-kommando, is teen dié tyd ook keelvol vir die Johannesburgers. In besonder is hy gegrief omdat Ben op 'n Sondagmiddag kanonskote laat afvuur het om 'n paar flerries op die dorp te vermaak. Tot Ben se misnoeë besluit Kemp nou om eerder met sy manne by genl. De La Rey se mag in die Wes-Transvaal te gaan aansluit. Ben se mag het nou tot 300 man gekrimp.[36]

Ben en hierdie burgers trek nou suidwaarts na Witnek, ongeveer 40 km noord van Bronkhorstspruit. Hier ontmoet Ben en sy broer Jan hul ouer suster Sannie, wat deesdae met haar man en kinders hier in 'n tent woon.[37] Ná 'n paar dae op Witnek trek

---

[34] Krause, *Memoirs*, 114, 116. Krause het in sy oorlogsherinneringe geskryf dat "I appealed to Viljoen time after time, but he only seemed to approve and relish the conduct of his men." In sy oorlogsherinneringe het Ben homself egter verontskuldig, en volgens hom nie vereenselwig met hierdie optrede nie. Maar hy het versuim om te meld wat hy gedoen het om hierdie optrede te verhoed of te straf. (Viljoen, *Reminiscences*, 148.)

[35] Viljoen, *Reminiscences,* 150.

[36] Krause, *Memoirs*, 116; D. van Warmelo, *On Commando* (Londen: Methuen & Co, 1902), 101; J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Augustus 1904. In sy oorlogsherinnneringe het Ben 'n ander verduideliking vir Kemp se optrede verskaf. Volgens hom wou laasgenoemde se kommandolede eerder in hul eie distrik gaan veg, en sou hy sy toestemming geweier het hulle in elk geval sou gedros het. (Viljoen, *Reminiscences*, 151.) Op sy beurt het Kemp in sy oorlogsherinneringe oor hierdie insident geswyg, en bloot verklaar dat hy na genl. de la Rey se bevel verplaas is. (J.C.G. Kemp, *Vir vryheid en vir reg* (Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1941), 340.)

[37] J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Augustus 1904. Sannie was getroud met Frederik Johannes Scholtz. (H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister* (Franschhoek: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, 2012), 1553-1554.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ben se mag verder suid na Renosterkop, ’n groot ronde koppie ongeveer 25 km noord van Bronkhorstspruit met ’n uitsig in alle rigtings.[38]



*Kmdt. Chris Muller.*
(TAB-fotoversameling)

Hier sluit kmdt. Chris Muller en sy sowat 200 Boksburgers by hulle aan. Die 35-jarige Muller is ook in die Oos-Kaap gebore, het daarna in die Vrystaat grootgeword en het dieselfde jaar as Ben saam met sy ouers na die Witwatersrand verhuis. Muller is ’n stoere en vreeslose leier, maar ook vroom en korrek en altyd in gestyfde boordjies en wit hemde geklee. Op hierdie tydstip is sy en Ben se verhouding nog goed, maar dit sal nie lank duur nie of krake sal in die verhouding tussen hierdie twee uiteenlopende persoonlikhede ontstaan.[39]

Teen hierdie tyd het Ben se gevegsmag tot ongeveer ’n duisend man aangesterk. Dit bestaan nou uit die Johannesburgse kommando onder leiding van sy broer Wynand, kmdt. Muller se Boksburgse kommando, manskappe van die Johannesburgse en Pretoriase polisie, lede van die voormalige ZAR Staatsartillerie, asook dele van die Middelburgse en Pretoriase kommando’s. Meeste van die burgers was drie maande laas by Dalmanutha in ’n geveg betrokke. Om hul veggees aan te wakker, besluit Ben en Muller om ’n aanval te loods op die

[38] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 179.
[39] C.H Muller, *Oorlogsherinneringe* (Kaapstad, Bloemfontein & Pretoria: Nasionale Pers Beperk, 1936), 12, 136, 210.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

Balmoral- en Wilgerivierstasies wat tussen Bronkhorstspruit en Middelburg op die Delagoabaaispoorlyn lê. Vroegoggend op 19 November lei Ben persoonlik die aanval op Balmoral, terwyl Muller vir Wilgerivier verantwoordelik is. Die Britte is egter vooraf deur Boerewapenneerlêers gewaarsku en goed voorbereid. Ben se manne slaag daarin om van die buiteposte te verower, maar weens die strawwe Britse verdediging en swak samewerking tussen verskillende dele van die aanvalsmag misluk hulle om by die spoorwegstasies self uit te kom. Ook word Britse versterkings inderhaas per trein uit Middelburg en Pretoria gestuur. Teen die aand besluit Ben om die aftog te blaas en sy manne na hul laer by Renosterkop te laat terugval. Alhoewel hy nie in sy doelwit geslaag het nie, het sy manne darem vir die eerste keer in maande weer aanvallend opgetree, iets wat hulle moreel 'n hupstoot gee.[40]

Lord Roberts is onthuts met hierdie aanval so naby Pretoria. Hy gee genl.-maj. A.H. Paget nou opdrag om Ben se laer by Renosterkop aan te val. Paget vertrek met ongeveer 5 000 troepe uit Pretoria, terwyl nog ongeveer 2 600 Britse soldate uit die Middelburg omgewing opruk. By Renosterkop het Ben se mag egter 'n uiters verdedigbare stelling: 'n ry koppies met smal klowe, hoë rotswande, groot klippe vir verdedigers om agter te skuil en voor dit onbeskutte terrein waaroor aanvallers moet beweeg. Ben slaap die nag van 28 November by Muller se kommando. Vroeg die volgende oggend kom die boodskap dat die Britse magte op pad is. Paget se plan is om 'n frontale aanval te loods op die Boere se stellings, wat oor 'n front van vyf kilometer versprei is.[41]

Die volgende oggend beweeg talle Britse regimente gedissiplineerd onder die dekking van artillerievuur vorentoe. Ben se hart sak in sy skoene toe hy die oormag sien. Die oop terrein voor die Boere se stellings word egter vir die Britte 'n doodsakker. Keer op keer word hulle deur die dodelik akkurate geweervuur van die Boere gestuit. Ben neem nie deel aan die geveg nie – hy het vroeg reeds in 'n oostelike rigting weggegalop en Muller beveel om 'n oog op al die kommando's te hou. Eers tweeuur die middag hoor Muller weer van hom by wyse van heliograaf. Ben is nou ses kilometer ver van die gevegstoneel, volgens hom om op die uitkyk te wees na 'n moontlike aanval van agter. Hieroor het Muller sy bedenkinge – tussen die Boere se stellings en Middelburg is die berge wat die Hel genoem word en waar niemand kan deurkom nie.[42]

[40] Viljoen, *Reminiscences*, 155-157; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 179; J.C.Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 September 1904.
[41] Viljoen, *Reminiscences*, 158-160.
[42] Viljoen, *Reminiscences*, 160, 162; Muller, *Oorlogsherinneringe*, 94-97. Ben se verduideliking vir sy afwesigheid was dat hy stelling gaan inneem het op 'n plek waarvandaan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die geveg duur vyftien uur lank tot daar naderhand tagtig Britse soldate op die slagveld lê vir die verlies van slegs twee Boere. Teen agtuur die aand staak Paget die aanval sonder dat sy manne 'n duim veld gewen het. Die Boere se ammunisievoorraad is egter byna uitgeput. Boonop het die stelling vir hulle geen strategiese waarde nie en loop hulle nou die gevaar dat Paget se ander magte hulle die volgende dag uit die ooste sal aanval. "Live to fight another day," is Ben se standpunt en hy besluit dus om sy mag dieselfde nag in 'n noordoostelike rigting terug te trek, na die Lydenburg distrik.[43] Op hierdie dag word lord Herbert Horatio Kitchener deur lord Roberts in sy plek as opperbevelvoerder van die Britse magte in Suid-Afrika aangestel. Kitchener is 'n gedugte krygsman, en hy sal Roberts se verskroeideaardebeleid tot nuwe hoogtes voer, soos die Boere weldra sal uitvind.[44]

## Lady Roberts

Vir die grootste deel van Desember 1900 beleef Ben se manne 'n relatiewe rustige tydperk noord van die Delagoabaaispoorlyn, eers by Bothasberg en daarna op die plaas Windhoek by die Steenkampsberg sowat tien kilometer wes van Dullstroom, waar hulle grotendeels vir die volgende vier maande sal vertoef. Botha stel Ben nou as assistent-kommandant-generaal aan, met alleenverantwoordelikheid vir sy bevelsgebied in die Oos-Transvaal noord van die Delagoabaaispoorlyn. Hy kry ook bevel oor die Lydenburg- en Middelburg-kommando's. Op sy beurt stel Ben vir kmdt. Muller as 'n assistent-veggeneraal aan. Ben en Muller besluit nou om weer tot die aanval oor te gaan. Die teiken is die Britse garnisoen by Helvetia sowat veertig kilometer suidwes van Windhoek en vyf kilometer noord van Machadodorp, een van die Britse stellings wat die pad tussen Machadodorp en Lydenburg beskerm.[45] Hul plan is om Helvetia om halfvier Saterdagoggend op 29 Desember aan te val, met 200 Johannesburgers onder Wynand Viljoen vanaf die westekant, en 150 Boksburgers en Johannesburgse Polisie onder Muller vanaf die oostekant. Terselfdertyd sal party van die burgers 'n skynaanval

---

hy die hele gevegsfront kon dophou, aangesien hy verwag het dat genl. Paget 'n flankaanval sou loods ná sy frontale aanvalle misluk het.

[43] Muller, *Oorlogsherinneringe*, 98-99; Viljoen, *Reminiscences*, 35, 164. In sy oorlogsherinneringe het Ben gemeld dat hy by Elandslaagte gevlug het "to live to fight another day". Dit was deurgaans Ben en ander Boerebevelvoerders se taktiek in die guerrilla-oorlogfase van die ABO.

[44] Van der Merwe, *Donker stroom*, 210.

[45] Viljoen, *Reminiscences*, 169-173; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 184-185.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

loods by Swartkoppies, die volgende Britse garnisoen op die pad na Lydenburg, terwyl genl. Tobias Smuts die Dalmanuthastasie sowat 20 km suidwes van Helvetia sal aanval en die Delagoabaaispoorlyn daar afsny om te verhoed dat die Britte versterkings per trein kan stuur.[46]

Ben lei sy aanvalsmag die aand van 28 Desember van hul laer by Windhoek, om Dullstroom en in ’n suidwestelike rigting verby. Die 600 man van die aanvalsmag moet dié nag stadig en twee-twee agtermekaar op hul perde ry, en die burgers moet worstel teen die slaap wat hulle wil oorval.[47] Noordwes van Helvetia slaan die verskillende aanvalsgroepe hul onderskeie rigtings in. Tweeuur die oggend kry Ben die boodskap dat genl. Smuts Dalmanutha nie meer sal kan aanval nie. Hy kry ook nou bevel van Botha om die aanval af te las. Botha beplan reeds om binnekort die Delagoabaaispoorlyn op verskeie plekke aan te val en Ben se aanval kan sy groter plan nadelig beïnvloed deur die Britse magte meer waaksaam te maak. Maar nie vir die eerste keer nie ignoreer Ben ’n bevelvoerder. Sy manne is reeds in posisie en dit is te laat vir omdraai – die aanval gaan voort.[48]

Kort hierna val Ben se mag Helvetia aan. Die skynaanval op die volgende garnisoen by Swartkoppies gebeur egter nie, omrede die burgers op pad soontoe in ’n digte mis verdwaal het. Op hul beurt stuit die aanval van Wynand Viljoen se Johannesburgers teen die teenstand van die Britse soldate in die westelike forte van Helvetia. Aan die oostekant storm Muller se manne egter met alle geweld vorentoe en neem die een na die ander buitepos in. Die geveg is bloedig, met Boer en Brit wat soms handgemeen raak. Maar die Boere seëvier en na die tyd lê 60 Britte dood en 250 word gevange geneem. Muller se manne is egter die blyste oor die buitmaking van die Lady Roberts, ’n groot 4.7-duimskeepskanon van 20 voet lank wat etlike kilometers ver kan skiet. Ben se manne kry ook ’n groot hoeveelheid drank in die Britte se proviandstoor in die hande en ’n paar burgers vergryp hulle weereens hieraan.[49]

---

[46] Viljoen, *Reminiscences*, 173-174; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 186.

[47] W.J. Viljoen, ‘Oorlogsherinneringe’, 10. Wynand Viljoen het in sy herinneringe hieroor gemeld dat dit “vat ’n sterk wil om wakker te bly…glo my die kleindood vang die beste van ons”.

[48] Viljoen, *Reminiscences*, 173-174, 187; M.E. Rothmann, *Oorlogsdagboek van ’n Transvaalse burger te velde 1900-1901* (Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1947), 102; J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando’, 1 Oktober 1904. Beide Jan Viljoen en F.L. Rothmann het aan die aanval op Helvetia deelgeneem en albei het gemeld dat Ben hierdie bevel van Botha ontvang het. Ook Nierstrasz het hom skerp oor Ben se verontagsaming van Botha se bevel uitgespreek (Nierstrasz, ‘Generaal Ben Viljoen’).

[49] W.J. Viljoen, ‘Oorlogsherinneringe’, 10; Muller, *Oorlogsherinneringe*, 102-106; Rothmann, *Oorlogsdagboek*, 102-104; Viljoen, *Reminiscences*, 175-176; J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando’, 1 Oktober 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Lady Roberts het groot simboliese waarde en oor die buitmaking daarvan word wêreldwyd berig. Ben se naam word hieraan gekoppel, alhoewel dit eintlik Muller se trofee was. F.W. Reitz, die staatsekretaris van die ZAR, skryf ook kort hierna ’n hekelgedig hieroor met die aanhef “Hier staat de Lady Roberts! Hoera vir Ben Viljoen! Hoera vir generaal Muller!” wat Ben verder in die kollektiewe bewussyn as die veroweraar van die Lady Roberts sal inprent. Die slag van Vaalkrans – waar hy wel die leidende rol gespeel het – en die buitmaking van die Lady Roberts – waar hy slegs indirek betrokke was – is nou grotendeels waarop Ben se latere militêre reputasie sal berus.[50]

Ben hou daarvan om homself as ’n krygsman te beskou wat aan ’n outydse “gentleman’s war” deelneem. Die volgende dag skryf hy ’n brief aan genl.-maj. Smith-Dorrien, die Britse bevelvoerder in die area, wat hy humoristies afsluit met “Ik was verplicht om ‘Lady Roberts’ weg te nemen zijnde zij een ongewenschte inwoner van Helvetia. Zij is in goede toestand en heel tevreden met haar lot.”[51] Smith-Dorrien speel saam deur te antwoord: “The ‘Lady Roberts’ has a great dislike to being out of doors at night, especially in wet weather, and I trust that, if she remains any time visiting you, that you will provide suitable warm wraps for her. I would recommend flannel next to the skin.”[52]

Enkele dae later ry ’n groepie van Muller se manne by ’n klompie vroue verby wat plase aan die gang hou terwyl hul mans op kommando is. Hulle vertel die vroue van die buitneming van Lady Roberts.

“Hoera vir generaal Muller!” roep hulle uit, “en waar is sy nou?”

“By Ben Viljoen,” kom die antwoord.

Selfs in hierdie geweste het Ben se reputasie as ’n haan onder die henne hom vooruitgeloop, want een van die vroue lag en verklaar: “Dis net wat ’n mens van hom kan verwag!”[53]

’n Paar dae later is dit Oujaarsaand in Ben se manne se laer by Windhoek. Hierdie jaar is dit ’n somber geleentheid, met geen van die vrolikheid en oorvloed kos wat die vorige feestelike Oujaarsaand in hul laer by Porritsdrif aan die Tugelarivier in Natal gekenmerk het nie. Aandete is ’n stuk vleis, mieliepap en bitter koffie.[54]

---

[50] Rothmann, *Oorlogsdagboek*, 104.
[51] TAB, A787, Gustav Preller-aanwins, vol. 36, brief, Viljoen – Smith-Dorrien, 30 Desember 1900.
[52] Ibid., brief, Smith-Dorrien – Viljoen, 30 Desember 1900.
[53] Muller, *Oorlogsherinneringe*, 94-97.
[54] Viljoen, *Reminiscences*, 53, 183-185; J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando’, 1 Desember 1903 en 1 November 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Derduisende van die burgers se kamerade is dood of na oorsese krygsgevangekampe weggevoer, terwyl baie van hul vroue, kinders, ma's en susters in konsentrasiekampe krepeer. Ook begin Kitchener se verskroeideaardebeleid nou seer byt. Vir Ben eindig die jaar egter op 'n hoë noot. Die arm trekboerseun van die Oos-Kaap en polisieman van Krugersdorp is nou 'n wêreldberoemde generaal ná die slag van Vaalkrans en die verowering van Lady Roberts. In enige lewe gaan die hoogtepunt egter soms by mens verby sonder dat jy dit besef, en so ook in Ben se geval. Wat hy ook nog nie weet nie, is dat hy 'n kind ryker is – in Amsterdam het Lenie op hierdie dag geboorte gegee aan 'n dogter. [55]

**Die oorlog sleep voort**

Kmdt.-genl. Botha beplan om sy aanval op die Delagoabaaispoorlyn die nag van 7 Januarie 1901 te loods. Die teikens is Panstasie, Wonderfonteinstasie, Belfast, Belfaststasie, Dalmanutha en Machadodorp, teikens wat oor 35 km verspreid is. Ben en Muller se taak is om Belfast van die noordekant aan te val, terwyl genls. Chris Botha en Tobias Smuts terselfdertyd van die suidekant sal aanval. 'n Snerpende oostewind waai toe Ben se manne in hul laer by Windhoek opsaal om die sowat 30 km suid na Belfast af te lê. Boonop deurdrenk 'n harde reënbui hulle later. Toe dit ophou reën kom 'n digte mis op, wat verhinder dat hulle verder as 'n paar treë voor hulle kan sien.[56]

Die aanslag begin om middernag. Die aanvalle uit die suide val vas en die Boere misluk by Pan, Wonderfontein, Dalmanutha en Machadodorp. Muller se aanvalsmag, wat Wynand Viljoen se Johannesburgse kommando insluit, beset egter die forte op Monumenthoogte aan die noordooste van Belfast ná 'n hewige geveg, terwyl maj. J.F. Wolmarans en sy artilleriste die forte by die steenkoolmyn noordwes van Belfast inneem. Die weg is nou gebaan vir Ben en sy reserwemag om Belfast self aan te val. Maar by Belfast veg genl.-maj. Smith-Dorrien se garnisoen van 1 300 man verbete terug. In die stikdonker skiet die Boere ook soms per ongeluk op mekaar. Ben weet dat sy manne die volgende oggend 'n artilleriebombardement van die

[55] WW-versameling, afskrif van 'Uittreksel uit het Geboortenregister sertifikaat', Gemeente Amsterdam, Wilhelmina Helena Paulina Maria Viljoen, gebore 31 Desember 1900'.
[56] Viljoen, *Reminiscences*, 187-189.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.7-duimskeepskanon in Belfast te wagte kan wees, en teen dagbreek gee hy die bevel om die aanval te staak en terug te val.[57]

Die Boere neem egter hier ongeveer 120 Britse soldate gevange, asook twee offisiere. Weens hul onvermoë om in hierdie stadium groot getalle krygsgevangenes te bewaak, laat Ben ’n paar dae later almal behalwe die offisiere vry. Ben speel weereens die galante krygsman en behandel die offisiere baie hoflik. Hulle word selfs toegelaat om drank en briewe uit Belfast te kry. Muller is ongelukkig hieroor, ook oor ’n paar ander dinge, maar hou sy besware vir homself. Ben is sy bevelvoerder en as ondergeskikte voel hy magteloos. Teen hierdie tyd het hy egter bedenkinge oor Ben begin ontwikkel.[58]

Ben se mag keer nou terug na hul laer by Windhoek en die res van Januarie verloop relatief rustig. Op 22 Januarie neem Ben se manne Meyer de Kock, ’n advokaat van Belfast, in hegtenis. De Kock het die vorige maand op die dorp ’n byeenkoms van hendsoppers gereël wat ’n proklamasie uitgevaardig het om die ware toedrag van sake aan hul strydende volksgenote te verduidelik, en aan hulle duidelik te maak dat hulle nie ingryping van Europa of elders moet verwag nie. Meyer was nou op pad na die vegtende Boere om vlugskrifte met hierdie strekking aan hulle te kom uitdeel.

De Kock word kort hierna deur ’n krygshof aan hoogverraad skuldig bevind en ter dood veroordeel.[59] Op 28 Januarie spreek Ben sy manskappe toe. Op hierdie tydstip is hy nog in ’n veglustige bui. Hy vra hulle of hulle ooit tot ’n oneervolle vrede sal instem. “Nooit!” kom die antwoord soos uit een mond. Hierop verklaar hy dat die uitwissing van ’n volk te aaklig is om eens aan te dink. Die Boeresaak is nie hopeloos nie, verseker hy sy manne, en sake in die Kaapkolonie beweeg in hul guns.[60]

Ben kry op 11 Februarie opdrag van waarnemende pres. Schalk Burger om Meyer de Kock se doodsvonnis binne 24 uur te voltrek. Dieselfde dag ruk lord Kitchener se broer, genl. Walter Kitchener, met 2 000 troepe uit Belfast op om Ben se laer by Windhoek aan te val. Die volgende oggend negeuur begin die Britse aanslag. Die geveg woed sewe uur lank, totdat Ben en Muller se manne uiteindelik daarin slaag om die vyand met ’n stormloop terug te dryf na Belfast. Intussen word De Kock onder

---

[57] Ibid., 190-192; Muller, *Oorlogsherinneringe*, 109-110; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 193.
[58] Viljoen, *Reminiscences*, 193; Muller, *Oorlogsherinneringe*, 111; J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando’, 1 November 1904.
[59] Van der Merwe, *Donker stroom*, 211, 218;
[60] Schikkerling, *Commando*, 140.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

begeleiding van die gedreun van kanon- en geweervuur deur ’n vuurpeleton van Ben se manskappe langs ’n oop graf gefusilleer.[61]



*Kmdt.-genl. Botha (sittende 2de van links) en lord Kitchener (links van Botha) by Middelburg.* (TAB-fotoversameling)

Aan die einde van Februarie vertrek kmdt.-genl. Botha op lord Kitchener se uitnodiging na Middelburg om voorwaardes met hom te bespreek waarop vrede gesluit kan word. Ben en sy manne hoop van harte op ’n suksesvolle uitkoms. Hulle is nou al langer as ’n jaar weg van hul vriende en familie en weet in baie gevalle nie eens wat van hulle geword het nie. Hulle is ook moeg vir hul eentonige dieet van mieliepap en mieliekoffie. Hul klere is vodde en nuwe broeke moet uit komberse geprakseer word. Verder is daar slegs enkele tente vir sowat 600 manne. Dan hoor hulle ook daagliks van burgers wat oorgee en hoe hul vroue en kinders in die konsentrasiekampe sterf.[62] By Middelburg is daar raakpunte tussen Botha en Kitchener, maar die voortgesette onafhanklikheid van die Boererepublieke is vir Botha ononderhandelbaar, alhoewel

[61] Viljoen, *Reminiscences*, 197-200, 204; Muller, *Oorlogsherinneringe*, 114-115; J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando’, 1 November 1904.
[62] J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando', 1 Desember 1904.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

Kitchener hom vooraf gewaarsku het dat daar geen sprake daarvan kan wees nie. Kitchener lig hierna die Britse regering oor die gesprek in, maar hulle is nie bereid om op hierdie punt bes te gee nie. Die oorlog gaan dus voort.[63]

[63] Van der Merwe, *Donker stroom*, 229, 231.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 6

# STRYDMOEG

**(Mar 1901–Jan 1902)**

## ’n Noue ontkoming

Ná genl. Walter Kitchener se mislukte aanval in Februarie 1901 beleef Ben se manne ’n relatief vreedsame twee maande. Elke nou en dan verlaat hulle hul laer by Windhoek om ’n trein aan te val, maar raak nie in grootskaalse skermutselings met die vyand betrokke nie. Ben bring sy tyd ook op ander maniere deur. Op ’n aand kuier een van sy manne by ’n mooi jong vrou wat op ’n plaas in die Machadodorp omgewing woon. Groot is sy verbasing toe die voordeur skielik oopgaan en sy bevelvoerder inloop sonder om eens te klop. Dit word gou vir hom duidelik dat dit nie Ben se eerste besoek is nie. Vir ’n wyle kuier die twee mans ongemaklik saam, totdat Ben ’n skryfblad optel en begin skryf. Toe hy klaar is, gee hy die “rapport” aan sy ondergeskikte en beveel hom om dit dadelik iewers te gaan besorg. Die burger gehoorsaam maar, ietwat gebelgd oor hierdie onderduimse taktiek van sy medevryer.[1]

Gedurende hierdie ledige maande reën dit voortdurend, ’n ligte motreëntjie wat soms dae lank aanhou. Dit is ook ongewoon koud. Omrede hierdie ’n hoogliggende gebied is, hang ’n swaar mis oor die gebied wanneer dit ’n slag ophou reën. Die burgers moet nou met nat klere in modderige toestande leef. Hul eentonige en uitputtende bestaan eis sy tol op die burgers se moreel, hul bevelvoerder s’n inkluis.[2]


---

[1] Generaal Ben Viljoen se spore’, *Die Huisgenoot*, 2 Februarie 1951. Hierdie burger se naam was Jim Vosloo van Sabie in die Oos-Transvaal. Hy is in 1950 oorlede, maar het dié storie aan ’n ene “J.H.S” van Westonaria vertel, wat dit ’n paar maande ná Vosloo se dood aan *Die Huisgenoot* in ’n lesersbrief meegedeel het.

[2] B.J. Viljoen, *My reminiscences of the Anglo-Boer War* (Cape Town: C. Struik (Pty) Ltd, 1973), 208; M.E. Rothmann, *Oorlogsdagboek van ’n Transvaalse burger te velde 1900-1901* (Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1947), 143-162. Rothmann het in Februarie en Maart 1901 telkemale ietwat moedeloos in sy dagboek na hul eentonige bestaan en die voortdurende reën en mis verwys. Byvoorbeeld, op 2 Maart lees sy inskrywing net “Sondag. Reën, mis, nat, modder”; op 7 Maart “Die heel dag mis en reën”; op 8 Maart ’n enkele woord, “Dieselfde.”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**OOS-TRANSVAAL BEVELSAREA**




In April word die burgers se rus en vrede in hul nuwe laer in Mapochsberg skielik versteur. Lord Kitchener het nou besluit om vir eens en altyd met die Boeremagte noord van die Delagoabaaispoorlyn in die Oos-Transvaal klaar te speel. Onder bevel van lt.-genl. sir Bindon Blood ruk 11 000 Britse soldate met 31 kanonne uit alle windrigtings op na Ben se gevegsarea om sy mag te omsingel. Kmdt.-genl. Botha en die ZAR-regering slaag egter daarin om betyds uit hul stelling by Tautesberg suidwaarts oor die Delagoabaaispoorlyn te ontsnap voor die net begin styf span.[3]

Ben is nou moeg vir hierdie soort oorlogvoering waar hy die heeltyd op die verdediging is en voor die vyand moet vlug. Toe hy hoor van die Britse opmars, gaan sien hy genl. Muller en vra hom wat hy beoog om te doen. Die verbaasde Muller antwoord dat hy gaan aanhou veg tot die bitter einde, wat dan anders? Ben verklaar hierop dat hy sy oorlog hier gaan klaarmaak – hy gaan al sy ammunisie wegskiet en sy wapens neerlê soos genl. Piet Cronjé die vorige jaar by Paardeberg gedoen het. Muller antwoord dat hy gaan veg tot hy dood is, of tot daar ’n behoorlike vrede gesluit word.

[3] J.W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen, 1868-1917* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2000), 201-202; C.H. Muller, *Oorlogsherinneringe* (Kaapstad, Bloemfontein & Pretoria: Nasionale Pers Beperk, 1936), 117; Viljoen, *Reminiscences*, 207-208.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ben vererg hom, terwyl Muller op sy beurt baie teleurgesteld is in sy bevelvoerder se houding. Die twee gaan uitmekaar sonder om weer oor die saak te praat.[4]

Ben het nou bykans te lank getalm om daadwerklik op te tree, want die Britse kordon het intussen nouer getrek en die moontlikheid van ontvlugting al hoe skraler gemaak. Die aand van 20 April gee Ben sy mag die bevel om op te saal. Sy bevele in die loop van die nag en die volgende dag is egter teenstrydig en sy manne word van bakboord na stuurboord gestuur. Die uitgeputte burgers mor oor die optrede van ’n bevelvoerder wat hulle maar min te sien kry. Hulle is nou van alle kante omsingel en baie van hulle raak wanhopig. Openlike verwyte word nou teen Ben geslinger oor sy besluiteloosheid en van die burgers meen dat hy eintlik wil oorgee.

Die middag kom Ben met sy twee waens by hulle aan. By hom het hy nog lekkernye en drank, onder andere ’n kas sjampanje, en aan die manne in sy onmiddellike omgewing bied hy iets te drinke aan. Hy reik egter geen duidelike bevele uit nie en vertrek weer. Muller neem nou die leiding en beveel die kommando’s om oor Tautesberg te trek. Beweeglikheid is nou van die allergrootste belang en die manne verbrand hul waens en kapkarre. Die oorblywende kanonne blaas hulle met dinamiet op. Eers elfuur die aand kom hulle by die ou standplaas van die ZAR-regering op Tautesberg aan.[5]

Half-vier die volgende oggend kom die opdrag om weer op te saal. ’n Paar uur later stop hulle verder op in Tautesberg vir ontbyt, waar Ben nou weer by hulle aansluit. Hy is ontsteld – wie het hulle beveel om hiernatoe te kom? Al die offisiere swyg. Ben dring aan dat Muller hom antwoord. Muller, wat die vorige dag gewond is, trek hom regop teen die boom waarteen daar vir hom lêplek gemaak is en verklaar ietwat bitter: “Offisiere en burgers, ons is almal jammer dat ons sonder order van die Generaal hierheen gekom het, maar dit is die skuld van genl. Piet Cronjé; ons was bang dat ons ook soos hy met sy burgers sal moet wapens neerlê.”[6]

Die verontwaardigde Ben roep nou al sy manne bymekaar en spreek hulle toe. Hy is erg ontsteld oor die beskuldigings teen hom. Hy is nou klaar met hulle, verklaar hy, en is nie meer bereid om as hul generaal te dien nie. Eers toe die offisiere wat hom

---

[4] Muller, *Oorlogsherinneringe*, 117. Gustav Preller, ’n tydgenoot van Ben, het hieroor verklaar dat Ben op dié tydstip sy generaalskap moes neergelê het en dat sy moedeloosheid demoraliserend vir sy manskappe was (G. Preller, ‘Met God en die Mauser’, *Die Brandwag*, 20 Januarie 1917).
[5] Muller, *Oorlogsherinneringe*, 118-119, J.C. Viljoen, ‘Door den Anglo-Boer Oorlog met het Johannnesburg-Commando’, *De Goede Hoop*, 1 Januarie 1905; Viljoen, *Reminiscences*, 208-210; Muller, *Oorlogsherinneringe*, 121.
[6] Muller, *Oorlogsherinneringe*, 122.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beledig het hom beleefd om verskoning vra en hom versoek om hulle nie in hierdie moeilike tyd in die steek te laat nie, verander hy van besluit.[7]

Die Britse optog uit Pietersburg is nou vinnig besig om die burgers se stelling te nader. Ben se oorblywende mag is ongeveer 500 man sterk, met 1 200 ry- en pakdiere. Daar is nie tyd om te verspil nie en die manskappe saal weer haastig op. Gelukkig sluit lt.-kol. Fanie Trichard nou by hulle aan. Trichard ken die omgewing goed en weet hoe om die Olifantsrivier, wat verder wes lê, ongemerk te bereik en by ’n relatief onbekende plek oor te steek. Onder Trichard se leiding steek Ben se mag ná ’n moordende nagtog teen sonsopkoms die volgende dag die Olifantsrivier in enkelgelid oor en breek sodoende deur die Britse kordon. Ben neem nou weer die leierskap oor en ná ’n flousbeweging noordwaarts later die dag, lei hy sy mag suidwaarts. Die volgende dag slaan hulle laer op by Blackwoodkamp, omtrent 15 km noord van Balmoralstasie op die Delagoabaaispoorlyn. Uiteindelik kan die manskappe ’n paar dae rus.[8]

**Moedeloos**

Ben het nou genoeg gehad. Op 25 April 1901 skryf hy uit sy laer by Blackwoodkamp aan kmdt.-genl. Botha en dring daarop aan dat die oorlog tot ’n einde gebring moet word.[9] Botha laat hom drie dae later weet dat dit buite die kwessie is terwyl pres. Steyn en genl. De Wet weier om oor te gee. Botha deel hom mee dat volgens Steyn en De Wet die Vrystaatse burgers sal aanhou veg al gee hul leiers oor, en dat hulle ander bevelvoerders in hul plek sal verkies. Ten slotte beveel Botha Ben om hom en die ZAR-regering so spoedig moontlik te kom sien.[10]

Op 10 Mei woon Ben die belangrike krygsraadvergadering op die plaas De Emigratie in die Ermelo-distrik by. Ook teenwoordig is kmdt.-genl. Louis Botha, sy broer genl. Chris Botha, asook staatsprokureur Jan Smuts. Ben skets nou ’n donker

[7] J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando’, 1 Januarie 1905; Viljoen, *Reminiscences*, 211-212.
[8] J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando’, 1 Januarie 1905; Viljoen, *Reminiscences*, 212-213.
[9] TNA, WO 33/8047, Translations of Commandant-General Louis Botha letter books and other documents captured by British troops, brief, Botha – pres. Steyn, 28 April 1901. Botha het aan Steyn geskryf dat “General Ben Viljoen emphatically urges that the war must now be brought to an end.” Die brief is in Nederlands geskryf en hierdie is ’n vertaling wat deur die Britse magte gemaak is ná Botha se brieweboek in hul hande geval het. Die datum van Ben se brief is afgelei uit ’n brief wat Botha ook op 28 April 1901 aan hom geskryf het (sien volgende voetnota).
[10] Ibid., brief, Botha – Viljoen, 28 April 1901. Botha het in sy brief na Ben se brief van 25 April 1901 verwys.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

prentjie oor die toestand waarin sy mag hulle bevind. Kos en ammunisie is skaars, al hoe meer manne gee oor, en die land is besig om onder te gaan. Hy stel dus voor dat stappe gedoen word om 'n eerbare vrede moontlik te maak.[11] Ben se siening stem ooreen met dit wat talle wapenneerlêers onder die Boere al voor hom verklaar het.[12] Die vergadering besluit hierna om lord Kitchener se toestemming te versoek dat die Transvaalse regering met pres. Kruger in Holland in verbinding mag tree om sy mening in te win, asook om Kitchener vir 'n wapenstilstand te vra om met die Vrystaters te kan beraadslaag.[13]

Ben keer hierna na sy manne terug, wat nou laer opgeslaan het op die plaas Kromdraai, suid van Balmoralstasie op die Delagoabaaispoorlyn. Hy het skaars daar aangekom of hulle moet weer vir 'n Britse mag vlug.[14] Hierdie eensydige manier van oorlogvoering is te veel vir Ben. Die vyand het alles wat hy nie het nie: 'n oormag manne wat voortdurend aangevul word, beter bewapende en uitgeruste soldate, volop kos en 'n gereelde voorraad vars perde. 'n Paar dae later bring hy sy manne op hoogte met wat by die krygsraadvergadering gebeur het. Hy draai nie doekies om nie. Hy is ten gunste van 'n eerbare vrede, verklaar hy, en het dit op die onlangse krygsraadvergadering duidelik gemaak, net soos hy ook die vorige jaar in Pretoria gedoen het. Die land is nog nie heeltemal vernietig nie, sê hy, en hy het die krygsraadvergadering daarop gewys dat as die Boere as 'n volk wil voortbestaan, dit nou die tyd is om op die beste moontlike voorwaardes vrede te maak. Die alternatief is dat hulle heeltemal uitgeroei word met alles wat hulle het. Die krygsraadvergadering het nie ag geslaan op sy waarskuwing nie, vertel hy. Hy belowe egter om aan te hou om sy stem ten gunste van vrede uit te bring. In die tussentyd moet hulle nie gaan lê nie, maar uit die hande van die vyand bly en nie veg tensy hulle daartoe gedwing word of geleentheid kry om voorrade te buit nie. Voortaan sal dit sy strategie wees.[15]

Ben se mag swerf vir die res van Mei in die Transvaalse Hoëveld rond in die gebied tussen Ermelo en Standerton, suid van die Delagoabaaispoorlyn. Hulle bly sover moontlik buite bereik van die vyand en raak in geen noemenswaardige skermutselinge betrokke nie. Intussen het pres. Kruger getelegrafeer dat die stryd voorgesit moet word,

---

[11] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 210-211; Viljoen, *Reminiscences*, 219-220. Ben het in sy oorlogsherinneringe hierdie vergadering genoem, maar nie sy pleidooie vir vrede nie.
[12] A. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en "Joiners": Die rasionaal en verskynsel van verraad* (Protea: Protea Boekhuis, 1999), 37-39.
[13] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 210-211; Viljoen, *Reminiscences*, 219-220.
[14] Viljoen, *Reminiscences*, 220, 224.
[15] J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Maart 1905.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

terwyl die Vrystaters weereens met die weifelende Transvalers ontevrede is.[16] Aan die einde van Mei spreek Ben 'n groepie van sy manne toe. Weereens verklaar hy dat die Boere nou 'n eerbare vrede moet probeer sluit, want anders gaan hulle soos klein bendes voortvlugtende Sjangaans gejag en uitgewis word. Nie al sy manne deel sy opinie nie. Een van hulle teken in sy dagboek aan dat hulle vir geen bevelvoerder veg nie, maar vir hul land, en sou enige offisier wou oorgee, hy dit alleen sal moet doen, of saam met een of twee van sy parasiete. Tussen hulle sal hulle ander, miskien beter, offisiere kry, voel hierdie burger.[17]

Op 19 en 20 Junie ontmoet die twee Boereregerings op die plaas Waterval in die Standerton-distrik om die Transvalers se vredesgeluide te bespreek. Onder diegene teenwoordig is Ben, Botha, presidente Burger en Steyn, asook genls. Muller, Beyers, Smuts, De la Rey, De Wet en Hertzog. Botha en Ben argumenteer ten gunste van vrede, maar die Vrystaters skop weereens vas – die stryd moet voortgaan, tot die bitter einde. Die meerderheid teenwoordig besluit hierna om tog die oorlog voort te sit. Ben kry gevolglik opdrag om met sy mag terug te keer na sy ou gevegsgebied in die Middelburg- en Lydenburg-distrik, noord van die Delagoabaaispoorlyn, waar hulle twee maande tevore so 'n noue ontkoming gehad het. Dit is 'n vooruitsig wat hom nie met vreugde vervul nie.[18]

Gedurende die volgende paar weke moet Ben se mag herhaaldelik voor Britse aanvalle uitwyk in die gebied noord van die Delagoabaaispoorlyn tussen die Olifantsrivier in die weste en Witpoort in die ooste. Die Britse leër het teen hierdie tyd groot verwoesting hier aangerig. Oral sien die manskappe afgebrande plaasopstalle en verwoeste landerye, met die vroue en kinders wat na konsentrasiekampe weggevoer is. In sy dagboek skryf 'n burger verbitterd: "God slaap. Ja, vas ook."[19] Ben se manne is gedemoraliseer. Hulle vlug nou al maande voor die vyand en hul perde is in 'n swak toestand. Hul klere is gehawend en hulle dra enigiets wat hulle in die hande kan kry, van komberse en aandpakbaadjies tot vrouekouse en kledingstukke uit dierevelle geprakseer.[20]

---

[16] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 212; 225.
[17] R.W. Schikkerling, *Commando Courageous: A Boer's diary* (Johannesburg: Hugh Keartland Publishers, 1964), 213.
[18] C. van der Merwe, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 2015), 239; Viljoen, *Reminiscences*, 229; TAB, A787, Gustav Preller-aanwins, vol. 2, Viljoen – Botha, 19 Februarie 1902.
[19] J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Mei en 1 Junie 1905; Schikkerling, *Commando*, 249; Rothmann, *Oorlogsdagboek*, 193-194.
[20] Viljoen, *Reminiscences*, 236, 243; Schikkerling, *Commando*, 250.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ben vertrek op 20 Julie na Lydenburg met ’n paar rapportryers om die verdeelde Boeremagte daar te gaan organiseer, en stel Muller as waarnemende bevelvoerder van die manskappe by die Olifantsrivier aan. Ben maak al die regte geluide, maar sy hart is nie meer in die stryd nie en sy manskappe kom dit agter. Van inspirerende leierskap is daar nie meer sprake nie.[21] In sy afwesigheid kry Ben se broer Wynand en genl. Muller stry. Wynand bedank as kommandant van die Johannesburgse kommando en vertrek saam met sy broer Jan.[22]

## Ben en die Britse generaals

Op hierdie tydstip is daar ’n afdeling van die gehate Steinaecker’s Horse op Mpisaanfort oos van Pelgrimsrus gestasioneer. Alhoewel Steinaecker’s Horse in naam deel van die Britse leër is, is dit in werklikheid ’n veelrassige vrybuitersbende bestaande uit wit jagters, delwers, handelaars en smokkelaars uit die Oos- en Noord-Transvaal, asook Pedi’s, Swazi’s en Sjangaans. Hierdie eenheid voer ’n skrikbewind noord van Lydenburg en beroof en vermoor al maande lank Boerefamilies in die omgewing. Ben besluit om hulle ’n les te leer en stuur sowat honderd manne uit om hulle aan te val. Vroegoggend op 6 Augustus 1901 bestorm die burgers hul vesting. Een van die kommandante, P.D. Moll, word swaar verwond, maar kapt. Herklaas Malan neem die bevel oor. Ses burgers sterf in die aanval, terwyl dertien gewond word. Die Boere wond en dood egter talle lede van Steinaecker’s Horse, en neem ongeveer 24 wittes en 50 swartes gevange.[23]

Ben skryf kort hierna aan Kitchener vir bevestiging dat hierdie klomp manne wel Britse soldate is. Hy teken ook sterk protes aan teen die Britte se gebruik van gewapende swartes – hierdie is mos ’n witmansoorlog. Kitchener antwoord Ben per brief op 20 Augustus en bevestig dat Steinaecker’s Horse wel deel van die Britse magte is. Hy ontken egter dat die Britte swartes in ’n gevegshoedanigheid gebruik – hulle word slegs as verkenners aangewend, asook vir polisiëring in swart gebiede. Kitchener meld dat hy voorheen vir Botha hiervan in kennis gestel het. Hy skryf ook dat dit eerder Boere soos genl. Beyers is wat van gewapende swartes gebruik maak. Verder verklaar

[21] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 218-220.
[22] J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando’, 1 Julie 1905.
[23] Viljoen, *Reminiscences*, 246-249; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 221-222; J. Malan, *Die Malan-Gedenkboek* (Pretoria: Voortrekkerpers, 1951), 66.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kitchener dat dit Ben se kommando was wat wapens aan swartes verkoop het toe hulle die vorige jaar van Hectorspruit na Pietersburg teruggeval het. In elk geval glo Kitchener as dit nie vir sy streng bevele hieroor was nie, daar reeds ’n grootskaalse swart opstand sou gewees het weens die Boere se slagting onder ongewapende swartmense tot dusver in die oorlog.[24]

Ben reageer heftig op Kitchener se stellings. Hy deel hom mee dat hy nie daarvan bewus was dat hy vir Botha in kennis gestel het dat die Britse magte swartes as verkenners en polisie aanwend nie, en dat hy niks daarvan weet dat die Boere swartmense op groot skaal uitgemoor het nie. Verder weet hy van geen geval waar die Boeremagte van gewapende swartes gebruik gemaak het nie en die bewering dat Boere wapens aan swartes verkoop het, is benede sy kommentaar. Ben laat nou die wit gevangenes vry, maar die swart gevangenes word voor die voet deur die Boere tereggestel.[25]

Luit.-genl. sir Bindon Blood, die bevelvoerder van die Britse mag in die Oos-Transvaal, nooi Ben nou na Lydenburg om verskeie aangeleenthede, onder meer die twispunt oor gewapende swartes, te bespreek.[26] Ben aanvaar die uitnodiging en tree sodoende heeltemal buite sy magte op, want hierdie is ’n aangeleentheid wat deur Botha hanteer moet word, nie deur ’n ondergeskikte nie. Ben vertrek na Lydenburg vergesel van sy sekretaris, luit. Jack Malan, en twee adjudante.[27] Malan is dieselfde ouderdom as Ben en soos hy ’n voormalige Kaapse koloniale burger. Voor hy met die uitbreek van die oorlog by die Staatsartillerie aangesluit het, was hy onderbestuurder van ’n myn in die ZAR.[28] Hy en Ben sal ná die oorlog nog lang paaie saam loop in Brittanje, Mexiko en die VSA.

---

[24] TAB, A787, Gustav Preller-aanwins, vol. 37, brief, bevelvoerder Lydenburg – Viljoen, 20 Augustus 1901. Hierin is die brief van Kitchener getranskribeer.

[25] Ibid., vol. 36, brief, Viljoen – bevelvoerder Lydenburg, 22 Augustus 1901; B.J. Viljoen, *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-oorlog* (Amsterdam: W. Versluys, 1902), 261. Dit is interessant dat Ben in die Nederlandse weergawe van sy oorlogsherinnering dit reguit gestel het dat die “gevangen kaffers [sic] werden terechtgesteld”, maar dat dit in die Engelse weergawe vir meer sensitiewe Britse lesers versag is na “[t]he captured kaffirs [sic] were tried by court martial and each punished to his deserts” (Viljoen, *Reminiscences*, 250).

[26] B. Blood, *Four score years and ten: Sir Bindon Blood’s reminiscences* (Londen: G. Bell and Sons Ltd, 1933), 332.

[27] Viljoen, *Reminiscences*, 254.

[28] J. Malan, *Die Boere-Offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (Pretoria: J.P. van der Walt, 1990), 207-208.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Luit.-genl. sir Bindon Blood.*
(Blood, *Reminiscences*)

'n Britse erewag wag die vier Boere die oggend van Sondag, 25 Augustus by Lydenburg in. Langs die strate verneem nuuskierige toeskouers watter een van die ruiters die beroemde genl. Viljoen is – iets wat die eersugtige Ben baie geniet.[29] Blood trakteer hulle eers op ontbyt. Ben en Blood vind onmiddellik by mekaar aanklank. Die Britse bevelvoerder beskou Ben as "a very good fellow" en sy metgeselle as "well-educated, well-mannered and soldier-like young fellows".[30] Ná hulle ontbyt geniet en 'n paar ondergeskikte sake bespreek het, kom die kwessie van gewapende swartes ter sprake. Blood herhaal Kitchener se standpunt en belowe dat hy 'n spesifieke insident wat Ben aan hom genoem het, sal ondersoek. Ter wille van 'n gemoedelike gesprek swyg Blood maar eerder daaroor dat hy besig is om 'n saak teen Ben en sy manne voor te berei oor hul teregstelling van die swartes van Steinaecker's Horse vroeër die maand by Mpisaanfort.[31]

Blood reël sake so dat hy en Ben voor middagete alleen gelaat word. Sonder om gepols te word, verklaar Ben aan Blood dat hy siek en sat vir oorlog is en lankal so voel. Hy deel Blood verder mee dat meeste van die burgers sy sentimente deel. Hy voeg egter by dat hy ondanks hierdie gevoel onder die Boere nie kan oorgee alvorens 'n algemene vrede verklaar word nie. Hy is wel bereid om alles in sy vermoë te doen om so 'n vrede te bewerkstellig. Hy verseker Blood dat in die geval van vrede die Boere onderdanig sal wees en Brittanje geen verdere moeilikheid sal gee nie. Hy gee Blood ook die indruk dat hy nie meer omgee of die Boererepublieke hul onafhanklikheid behou of nie. Toe Ben-hulle ná middagete wil vertrek, begin dit reën en Blood gee Ben 'n reënjas as geskenk. Ná die vergadering laat Blood vir Kitchener weet Ben is "very anxious for

[29] Viljoen, *Reminiscences*, 255.
[30] Blood, *Reminiscences*, 332.
[31] TNA, WO 32/8027, Interview between Lt. Gen. Blood & Gen. Viljoen, 30 Augustus 1901.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

peace, but determined to be thoroughly loyal to his superiors as to those under his command, and to stand by them to the end".[32]

Ben het nou toestemming van Kitchener gekry om briewe aan Lenie in Nederland deur die Britse bevelvoerder in Lydenburg te stuur. Kitchener telegrafeer selfs die Britse vise-konsul om vir Lenie te laat weet dat alles nog wel met Ben is.[33] Mens kan jou kwalik voorstel wat Botha se reaksie sou wees indien hy moes uitvind van hierdie vriendelike verstandhouding tussen een van sy ondergeskikte offisiere en die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika. En vermoedelik sien Kitchener nou in Ben 'n prominente Boereleier wat hy mettertyd sal kan oortuig om oor te gee.

## Berispings deur kmdt.-genl Botha

Aan die begin van September 1901 keer Ben terug na sy mag by die Olifantsrivier. Sy manskappe het in sy afwesigheid 'n moeilike Augustus gehad, met herhaalde aanvalle deur Britse magte op hul verspreide laers.[34] Op 7 September, sy 33ste verjaarsdag, ontbied Ben sy kommando's na sy stelling in Steenkampsberg naby sy ou Windhoeklaer. Hy het egter nie meer beheer oor sy manne nie.[35] Terwyl die Johannesburgse kommando aan sy bevel gehoor gee, weier die Boksburgse kommando en Johannesburgse polisie om te kom. Genl. Muller daag wel op, en na 'n lang

[32] Ibid.; Blood, *Reminiscences*, 332. In sy oorlogsherinneringe het Ben wel die vergadering tussen hom en Blood genoem, maar gemeld dat dit slegs 'n uur geduur het, asook dat luit. Jack Malan deurentyd teenwoordig was. Vanselfsprekend het hy nie daarin gemeld wat hy vir Blood oor sy en sy burgers se vredesentimente gesê het nie (Viljoen, *Reminiscences*, 423-4).
[33] TAB, Colonial Office Records, FK 998, pp. 469-477, Permits to land for wife of Genl. Ben Viljoen, 3 children and her sister, brief, Howard – Sanderson, 19 Julie 1902. In hierdie brief het Henry Howard, die Britse konsul in Den Haag, aan 'n ander Britse amptenaar die volgende geskryf: "He [Viljoen] was evidently on the best of terms with Lord Kitchener, for during the 'pourparlers' [gesprekke voor formele onderhandelinge] which took place a year ago his Lordship telegraphed himself to our Vice Consul here asking Mr. Brits to inform Madame Viljoen that her husband was well, and subsequently two letters for her from General sent through the lines were received by me from the British Military Authorities in South Africa to be delivered to her." Dat Ben hierdie briewe deur die Britse bevelvoerder in Lydenburg gestuur het, word afgelei uit 'n latere brief van hom aan sy broer Wynand kort nadat hy gevang is, waarin hy gemeld het "if you write through Colonel Parke, Lydenburg, I think I will get the letter (Morten Kriek-versameling, Nederland, brief, Ben Viljoen – Wynand Viljoen, 3 Februarie 1902. Kriek is 'n privaatversamelaar van ABO memorabilia in Nederland. Met dank aan dr. Arnold van Dyk wat my op hierdie brief gewys het).
[34] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 226.
[35] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, vol. V* (Londen: Sampson Low, Marston & Company Ltd, 1907), 462-463.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bespreking word Wynand Malan weer as kommandant van die Johannesburgse kommando verkies.[36]

Ben besluit nou dat dit maar beter is dat sy en Muller se paaie skei. Muller en die Boksburgse en Middelburgse kommando kry nou die verantwoordelikheid vir die gebied wes van Lydenburg tot by Olifantsrivier, en Ben en die Johannesburgse en Lydenburgse kommando vir die gebied oos van Lydenburg in die omgewing van Pelgrimsrus.[37] Muller het 'n moeiliker taak as Ben, want met minder manne het hy met meer Britse soldate te kampe. In teenstelling met die Pelgrimsrusgebied is sy bevelsarea boonop van lewensmiddele gestroop. Ook moet hy voortdurend waak teen die vyandige Pedi's in die noorde van sy bevelsarea.[38]



*Kmdt.-genl. Louis Botha.*
(TAB-fotoversameling)

Voor sy vertrek na die Pelgrimsrusgebied word Ben per brief deur kmdt.-genl. Botha berispe omdat hy op eie houtjie met Blood en Kitchener gekorrespondeer het. Botha beveel Ben ook om die Delagoabaaispoorlyn aan te val. Ben skryf terug dat die sake waaroor hy met die Britse bevelvoerders gekorrespondeer het, plaaslik van aard was, en omdat hy so ver van Botha is en dit so lank neem om van hom te hoor, hy maar daarmee voortgegaan het. Hy verseker Botha dat hy sy gesag aanvaar en dat hy aan Kitchener en Blood uitgewys het dat enige onderhandelinge aan Botha se finale goedkeuring onderhewig is. Hy meld ook dat die burgers weier om na die Delagoabaaispoorlyn te gaan en dat hy slegs met groot moeite sowat 200 man kon oorreed om dit te doen.[39]

'n Paar dae later skryf Botha weer aan Ben dat geen offisier van hom onderhandelinge van enige belang sonder sy goedkeuring mag voer nie. Hy wys Ben daarop dat hy dit al voorheen in 'n omsendbrief uitdruklik verbied het. Hy betreur ook

[36] J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Julie 1905.
[37] Viljoen, *Reminiscences*, 256.
[38] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 226.
[39] TNA, WO 33/8047, Translations of Commandant-General Louis Botha's letter books and other documents captured by British troops, brief, Viljoen – Botha, 9 September 1901.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die feit dat Ben aan Kitchener ontken het dat hy geweet het laasgenoemde het aan Botha geskryf oor die gebruik van swartes as verkenners en polisiebeamptes – dit terwyl hy reeds in Februarie 1901 vir Ben hiervan laat weet het. Dit plaas hom in ’n slegte lig, want dit laat dit voorkom of hy sy offisiere in die duister hou. Hy was ook op die punt om vir Kitchener oor die Britte se gebruik van gewapende swartes te skryf, maar Ben se korrespondensie hieroor met Kitchener het sy posisie verswak. Ten slotte meld hy dat hy beoog om Natal binnekort binne te val en versoek hy dat Ben en sy mag alles in hul vermoë sal doen om hom hierin by te staan deur soveel as moontlik van die Britse magte elders besig te hou.[40]

**Rus op Pelgrimsrus**


Op 17 September 1901 poog Botha om Natal met 2 000 man binne te val. Op die grens wag 16 000 Britse soldate met 40 kanonne hom egter in en versper alle toegangsroetes na Natal. Hy behaal wel suksesse in aanvalle op die Britse magte en forte, maar slaag nie daarin om die grens oor te steek nie.[41] Ben doen intussen niks in sy gebied om Botha by te staan, soos hy versoek is nie – pleks daarvan vertrek hy en sowat 2 000 van sy manne na Pelgrimsrus. Dié dorp is die vorige jaar kortliks deur genl. Buller beset, maar sedertdien beskou Kitchener dit as van geen militêre belang nie. Hy weet ook dat Ben nie meer ’n effektiewe gevegsmag het nie.[42]

Vir Ben en sy manne is Pelgrimsrus ’n oase, want tot dusver het die oorlog dit ongeskonde gelaat. Die eerste goudvelde in die Transvaal is 28 jaar tevore hier ontdek, en daarna het ’n dorp met ’n paar 100 huise tot stand gekom. Veertig gesinne woon nou nog hier en hul kinders gaan steeds onder die Vierkleur skool. Die dorp lê in ’n bergagtige omgewing met maklik verdedigbare toegangsroetes. Boonop ken die manne van die Lydenburgse kommando die omgewing baie goed. Kos is nog volop, veral in die nabygeleë Ohrigstadvallei. Beperkte mynbedrywighede gaan ook steeds onder beskerming van die Boere voort en die dorp het selfs telefoonverbinding met plekke

[40] Ibid, brief, Botha –Viljoen, 12 September 1901. Botha het baie sterk hieroor gevoel en Ben op 14 Oktober 1901 weer gemaan om nie oor sake van algemene belang met Britse bevelvoerders te korrespondeer nie.
[41] J. Meintjes, *General Louis Botha: A biography* (Londen: Cassel & Company Ltd, 1970), 87-88; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad: Struik, 1998), 34.
[42] Amery, *Times History V*, 463.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

soos Sabie, waar Jan Viljoen nou in die telefoonkantoor werk. Ook Ben se oudste suster Marie en Chris Viljoen se vrou Lena, asook haar kinders, woon nou in Sabie.[43]



*Ben (middelste ry, tweede van links) en offisiere in Pelgrimsrus. Sy broer Wynand sit links van hom. Agter Ben (tweede van links) staan sy sekretaris luit. Jack Malan. Reg voor Ben sit sy adjudant Koos Nel, wat met Ben se gevangeneming in Januarie 1902 doodgeskiet is.* (Nicol Stassen-versameling).

Soos in Pietersburg 'n jaar tevore, kan mens jou hier ook amper verbeel dat daar nie 'n oorlog aan die gang is nie. Ben en sy manne maak gou die lewe vir hulself gemaklik. Die gewone burgers bou vir hulself hutte buite die dorp met sinkplate wat hulle op die delwerye kry, terwyl Ben en sy offisiere hul intrek neem in die mynmaatskappye se onbewoonde huise in die dorp en by die Clewer-myn 'n paar kilometer verder op die pad na Lydenburg.[44] By die Clewer-mynhuise word soms rof

[43] Viljoen, *Reminiscences*, 261; J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Julie en 1 Augustus 1905.
[44] Viljoen, *Reminiscences*, 257; Rothmann, *Oorlogsdagboek*, 22; J.O. Mason, *Pilgrim's Rest and the Anglo-Boer War 1899-1902* (Pelgrimsrus: Selfpublikasie, 2014), 45.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

partytjie gehou, met sorghumbier en witblits wat met oorgawe gebruik word.[45] Ander sosiale aktiwiteite word ook nie agterweë gelaat nie. Aan die einde van September word 'n toneelstuk in Pelgrimsrus opgevoer waarin Ben een van die hoofrolle met welslae vertolk.[46] Die jonger burgers speel tennis met die meisies op die dorp en partytjies is aan die orde van die dag.[47] Die liefde bly ook nie agter nie en Ben word van tyd tot tyd deur van sy burgers gevra om huwelike met hul nuwe vriendinne te voltrek.[48]

Ben is die alleenheerser in hierdie geslote klein wêreld en hy en sy manne markeer die pas. Nou en dan wend hulle halfhartige pogings aan om Britse buiteposte of konvooie aan te val, of om treine op te blaas.[49] In Oktober versoek Botha dat Ben hom by sy laer naby Ermelo suid van die Delagoabaaispoorlyn kom sien, 'n versoek wat Ben ignoreer.[50] Die Britse bevelvoerder in Lydenburg probeer in November om Pelgrimsrus met 1 500 man aan te val, maar sonder veel moeite weer Ben se mag die aanval af. Die burgers verwoes hierna 'n brug oor die Spekboomrivier, wat verdere grootskaalse Britse aanvalle op Pelgrimsrus onmoontlik maak. Ben besoek Muller wel elke paar weke, maar van gesamentlike optrede is daar nie meer sprake nie.[51]

In weerwil van Botha se opdrag aan hom om nie met Kitchener te korrespondeer nie, hou Ben aan om by die Britse bevelvoerder oor sy magte se gebruik van gewapende swartes te kla.[52] Botha kom hiervan te hore, en op 21 November berispe hy weereens sy ongehoorsame ondergeskikte per brief: "Ik kan niet gelooven dat U in deze heeft gehandeld om onze positie te verzwakken doch in oprechtheid moet ik zeggen dat ik Uwe handelswijze in deze tegenover my niet kan verstaan."[53] Ben is vinnig om Botha

[45] Mason, *Pilgrims' Rest*, 60; Schikkerling, *Commando*, 325. Schikkerling het in sy dagboek oor hierdie partytjies opgemerk, "it was a sad spectacle to see some of our officers making fools of themselves".
[46] Rothmann, *Oorlogsdagboek*, 224.
[47] Ibid., 223; Schikkerling, *Commando*, 328. Schikkerling het in sy dagboek hieroor opgemerk: "Truly, our leaders of men have now become followers of women."
[48] Viljoen, *Reminiscences*, 264.
[49] Aan die begin van Desember 1901 het Schikkerling aangeteken, "[t]his life of luxury is spoiling us, and we are forgetting our duty…Our brethren are being pursued and run to earth…while we, alone, are passing our days in loitering idleness" (Schikkerling, *Commando*, 333).
[50] TAB, Aanwins W2, Adv. De Wet-versameling, vol. 4, brief, Botha – Viljoen, 19 Oktober 1901.
[51] Viljoen, *Reminiscences*, 256-260; Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 226-228.
[52] B.J. Viljoen, *An exiled general* (St. Louis: A. Noble Printing Company, 1906), 532-538. Briewe hierin oorgedruk: Viljoen – Kitchener, 8 Oktober 1901; Kitchener – Viljoen, 26 Oktober 1901; Viljoen – Kitchener, 6 November 1901.
[53] TAB, Aanwins W2, Adv. De Wet-versameling, vol. 4, brief, Botha – Viljoen, 21 November 1901.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verseker dat dit altyd sy begeerte is om laasgenoemde se bevele te gehoorsaam. Hy onderneem om in die vervolg enige voorval waar gewapende swartes deur die Britte gebruik is na Botha te verwys, ”al is het ook een plaaslijke voorval”.[54]

Intussen gaan die lewe op Pelgrimsrus rustig voort. Op 17 Desember hou Ben se manne Boeresport en op Kerfeesdag is die verrigtinge feestelik. Ben en van sy offisiere word deur een van die mynbestuurders op ’n groot Kersmaal getrakteer, terwyl sy manne deur die dorpsinwoners onthaal word.[55] Die middag word daar perderesies gehou en die aand sing die burgers en die inwoners lustig saam liedere om ’n kersboom in die dorp se klein sinkkerkie, waarna ’n skyfievertoning vir sowat 90 kinders aangebied word. Ondanks hul relatief beskutte lewe, is Ben en sy manne nou gretig vir vrede en hulle wag ongeduldig vir die dag wanneer Botha en die ZAR-regering hulle sal beveel om die wapen neer te lê. [56] Party van die burgers, soos Ben se broer Jan, glo vas dat Brittanje kort voor lank verplig sal wees om vrede te maak, met behoud van die Boererepublieke se onafhanklikheid.[57] In hierdie tyd skryf Ben ook aan pres. Kruger om hom aan te moedig om ’n einde aan die oorlog te maak, wat die wenkbroue in Nederland laat lig oor hoe sy brief hoegenaamd daar uitgekom het.[58]

**Laaste dae in die veld**

Ben loods sy laaste offensiewe aksie van die oorlog die nag van 6 Januarie 1902. Die teiken is Lydenburg. Eers moet sy manne twee blokhuise buite dié dorp uitskakel, maar die burgers sukkel om deur die doringdraad om die blokhuise te knip. Vroeg die volgende oggend las Ben eerder die aanval af en keer onverrigter sake met sy manne na Pelgrimsrus terug.[59] Kmdt.-genl. Louis Botha is teen hierdie tyd baie ongelukkig oor Ben se halfhartige optrede die afgelope klompie maande in sy bevelsarea, asook Ben se gebrek aan steun aan hom suid van die Delagoabaaispoorlyn, ondanks sy herhaalde

[54] TAB, A787, Gustav Preller-aanwins, vol. 2, brief, Viljoen – Botha, 1 Desember 1901.
[55] Schikkerling, *Commando*, 338, 343; Mason, *Pilgrim’s Rest*, 60.
[56] Viljoen, *Reminiscences*, 262-265.
[57] J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando', 1 Augustus 1905.
[58] Leyds het later aan ’n korrespondent hieroor geskryf, “ik sal den brief niet vergeten dien hij [Ben] lang voor het eind van den oorlog, doch kort vóór zijn gevangenisneming, aan President Kruger schreef en die toen wonderbaarlijkerwijze (door de post?) getrouwelijk aan President K. is bezorgd” (Nationaal Archief, Den Haag, Collectie 097, W.J. Leyds, vol. 40, brief, Leyds – A.A. Humme, 27 Maart 1903).
[59] Schikkerling, *Commando*, 344; Viljoen, *Reminiscences*, 268-269.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

versoeke.[60] Op 9 Januarie skryf Botha aan waarnemende pres. Schalk Burger dat hy Ben so gou moontlik gaan besoek om sy mag meer veggereed te kry.[61] Wat Botha nie aan Burger meld nie, is dat hy beoog om Ben in hegtenis te neem vir sy eiesinnige optrede en ongemagtigde korrespondensie met die Britte.[62]

Kort hierna ontbied pres. Burger vir Ben na sy laer in Mapochsberg naby Roossenekal. Ben stel sy broer Wynand as waarnemende bevelvoerder aan en vertrek op 15 Januarie met vier adjudante uit Pelgrimsrus.[63] Vermoedelik het Burger nog nie Botha se skrywe ontvang nie, want toe Ben en sy manne 'n paar dae later by hom aankom, kuier almal hartlik saam om die kampvure tot laat in die nag. Hier kry Ben egter ook die onstellende nuus dat sy ouer suster Sannie, haar man en vier van hul kinders, wat hy in November 1900 laas by Bronkhorstspruit gesien het, in die laeveld aan koors gesterf het.[64]

Dit is nie lank nie of twee Britse afdelings val Burger se laer aan. Die Boere verdryf hulle, maar besluit hierna om hul laer maar verder oos, na Oshoek, te verskuif. Ben oortuig nou vir Burger en die ander regeringslede om eerder saam met hom na die rustiger Pelgrimsrus te kom, want daar sal dit veiliger wees as hier waar die Britse

---

[60] Ná die gevangeneming van 'n paar van Botha se manne in Januarie 1902 het sommige van hulle teenoor 'n Britse verslaggewer hul misnoeë uitgespreek oor Ben se gebrek aan ondersteuning aan Botha (*The Times*, 21 Januarie 1902). Ook in 'n ander berig is daar gemeld dat "[m]any of the prisoners express their disgust at the conduct of Ben Viljoen, who refused to come to help Botha, notwithstanding frequent appeals to him to do so" (*Manchester Guardian*, 21 Januarie 1902).

[61] TAB, Aanwins W2, Adv. De Wet-versameling, vol. 5, brief, Botha – Burger, 9 Januarie, 1902.

[62] Nationaal Archief, Den Haag, Collectie 097, W.J. Leyds, vol. 39, brief, Leyds – A.A. Humme, 2 Oktober 1902. Hierin het dr. W.J. Leyds uit Brussel geskryf dat "Botha vertelde mij dat hij juist van plan was Viljoen in hechtenis te laten nemen, toen Viljoen zoogenaamd in handen der Engelschen viel". Kmdt.-genl. Louis Botha was op hierdie tydstip in Europa op 'n fondsinsamelingsbesoek saam met genls. De la Rey en De Wet, en het Leyds kort voor hierdie brief ontmoet.

[63] Viljoen, *Reminiscences*, 270-271; J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Augustus 1905.

[64] Viljoen, *Reminiscences*, 271. Ben het egter in sy oorlogsherinneringe gemeld dat Sannie en drie van haar kinders in die Pietersburg- konsentrasiekamp gesterf het. In werklikheid was Sannie net vier dae in die Pietersburg- konsentrasiekamp en het sy en 'n seuntjie van haar aan malaria gesterf wat hulle reeds voor hul aankoms daar opgedoen het. Haar man, Frederik (Frits) Scholtz, en hul ander kinders het reeds vroeër in "Malatotsstad" aan malaria beswyk. Hierdie inligting is ontleen uit dr. Elizabeth van Heyningen se aanlyndatabasis van Britse konsentrasiekamprekords (http://www2.lib.uct.ac.za/mss/bccd. Geraadpleeg op 20 Februarie 2017). Ook Jan Viljoen het gemeld dat Ben hom en Wynand ná sy gevangeneming uit Machadodorp laat weet het "onze zwager Frits Scholtz met vrouw en vier kinderen, alle gestorven waren aan de koorts in 't lage veld, oos van Pietersburg" (J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Augustus 1905). Ben was dus terdeë bewus van die ware toedrag van sake, in teenstelling met wat hy in sy herinneringe gemeld het, 'n verdigsel wat vermoedelik daarop gemik was om simpatie by sy leser te ontlok.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

magte baie aktief is.[65] Op Saterdag 25 Januarie staan Burger en die ander regeringslede op die punt om saam met Ben na Pelgrimsrus te vertrek toe genl. Muller se broer Hermanus en 'n paar ander burgers 'n stokkie daarvoor steek. Volgens hulle is dit te gevaarlik en sal hulle vir Burger en die regeringslede eerder na 'n ander veilige plek neem. Ben vererg hom en vertrek summier met sy vier adjudante.[66]

## **Lokval by Lydenburg**

Laatmiddag op Saterdag, 25 Januarie 1902 kom Ben-hulle by Swaershoek noordwes van Lydenburg aan. Twee ander burgers wat ook onderweg na Pelgrimsrus is, het intussen by hulle aangesluit en saam met Mooiroos, Ben se agterryer, is daar nou agt in die geselskap.[67] By Swaershoek skryf Ben 'n brief aan Botha waarin hy hom laat weet dat Burger en die ZAR-regering saam met hom na Pelgrimsrus sou gekom het, maar nou eers gaan wag om te sien wat die vyand doen. Ben is blykbaar onbewus van sy bevelvoerder se gevoel jeens hom, want hy sluit sy brief op 'n hartlike noot af. "Ik hoop spoedig van u Ed te hooren, en dat u Ed veilig door gekomen is. Met minzame groete."[68]

Wat Ben nie weet nie, is dat 'n swart agterryer die vorige nag uit die laer by Oshoek gedros en vroeër die dag aan lt. Walsh, 'n Britse intelligensie-offisier by Witklip, vertel het dat Ben-hulle met pres. Burger en die ZAR-regeringslede na Pelgrimsrus gaan reis, en nog daardie of die volgende nag net noord van Lydenburg verby gaan beweeg. Walsh het onmiddellik per telegram vir kapt. Russell, sy bevelvoerder in Lydenburg, hiervan in kennis gestel en die Britte het besluit om 'n lokval te stel. Laatmiddag beweeg 'n afdeling van die Royal Irish regiment onder bevel van maj. Orr en vergesel van lt. Walsh en kapt. Russell na Schoemansdrift naby die Marambanspruit, vier kilometer noordwes van Lydenburg op die Burgersfort-pad. Ongeveer 150 Britse troepe versteek hulself in die ruigtes aan beide kante van die spruit.[69]

---

[65] Viljoen, *Reminiscences*, 272; Muller, *Oorlogsherinneringe*, 159.
[66] Muller, *Oorlogsherinneringe*, 159-160.
[67] Viljoen, *Reminiscences*, 272.
[68] TAB, A787, Preller-versameling, brief, Viljoen – Botha, 25 Januarie 1902.
[69] TNA, WO 108/132, Summary of intelligence for the week ending 26 January 1902, 31 Januarie 1902; Dr. A. van Dyk-versameling, brief, Walsh – Militêre Intelligensie bevelvoerder Lydenburg, 25 Januarie 1902; *Daily Mail*, 28 Januarie 1902; *Irish Times*, 30 Januarie 1902. Vandag is daar 'n brug oor Schoemansspruit op die R37 tussen Lydenburg en Burgersfort. 'n Klipgedenkteken is aan die westekant van die R37 net voor die brug opgerig wat aandui dat Ben daar naby gevang is. J.W. Meijer dui die plek van Ben se gevangeneming dus verkeerdelik

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die maan skyn helder toe Ben se geselskap Swaershoek verlaat. Tienuur die aand en omtrent vier km wes van Lydenburg gewaar hulle twee bewegende figure in die verte en sit hulle agterna. Soos dit sal blyk is dit swart Britse spioene wat plat val in die gras toe Ben se geselskap hulle begin inhaal. Skielik brand ’n twintigtal swartes op hulle los. Ben-hulle ruk hul perde om en jaag terug na die pad waarop hulle was, met die swartes wat hulle ’n ent ver al skietend agtervolg.[70]


By die randjie aan die westekant van Schoemansdrift aangekom, lei Ben se geselskap hul perde per hand by die steil wal af. Skielik word hulle deur twee rye Britse soldate gekonfronteer. Een van die soldate skree “Hands up”, maar die ander begin skiet. Ben se perd slaan dood langs hom neer en hy bevind hom half verbysterd op die grond. Toe hy tot verhaal kom skree hy dat hy oorgee, maar die skote is so oorverdowend dat niemand hom hoor nie. ’n Britse soldaat druk sy geweer se loop teen sy bors asof hy wil skiet, maar Ben druk die loop weg. Eers toe hy om sy lewe pleit, trek die soldaat hom op en oorhandig hom aan lt. Walsh. Kapt. A.J. Bester, een van Ben se adjudante, is ook nou by hulle. By Walsh hoor Ben dat sy ander twee adjudante doodgeskiet is, onder andere Koos Nel. Hy sien ook dat die sakboekie in sy baadjie ’n koeël gekeer het en so sy lewe gered het. Hy en Bester word hierna deur die soldate na Lydenburg begelei, waar hulle vroeg die volgende oggend aankom.[71]

aan as synde in die vallei van die Spekboomrivier, wat ongeveer 12 km noordoos van Lydenburg is (Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 231, 234).

[70] Viljoen, *Herinneringen*, 288-289. Eienaardig genoeg verskil die weergawe van hierdie gebeure in die Engelse uitgawe van Ben se oorlogsherinneringe van die weergawe in die Nederlandse uitgawe. In eersgenoemde word gemeld dat Ben-hulle nie die swart spioene kon inhaal nie, en dat laasgenoemde toe aan die Britte gaan rapporteer het dat Ben-hulle op pad is (Viljoen, *Reminiscences*, 455).

[71] Ibid., 292. Op die oog af lyk dit eienaardig dat die Britte geweet het presies waar Ben-hulle die spruit sou oorsteek. Die swart spioen was egter baie duidelik in sy verslag aan lt. Walsh: Volgens hom sou Ben en pres. Burger se geselskap van die plaas Boschhoek suidwes van Lydenburg na Krugerspos noord van Lydenburg reis (TNA, WO 108/132, Summary of intelligence for the week ending 26 January 1902). As mens op ’n kaart ’n reguit lyn tussen hierdie twee punte trek, is Ben-hulle presies halfpad op hierdie lyn gevange geneem. Verder het Ben in sy oorlogsherinneringe gemeld dat dit in hierdie tyd swaar gereën het en die riviere baie vol was. Vermoedelik was hierdie drif dus een van die min begaanbare oorsteekplekke. Dat dit ’n redelik algemene roete was vir Boere om te gebruik om van die Steenkampsberge na Pelgrimsrus te reis, word bevestig daardeur dat genl. Muller ’n paar weke later by presies dieselfde plek die spruit onderweg na Pelgrimsrus oorgesteek het (Muller, *Oorlogsherinneringe*, 164).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Ben en kapt. A.J. Bester kort ná hul gevangeneming.* (Pinterest)

Dieselfde dag nog skryf Ben uit Lydenburg ’n brief aan sy broer Wynand om hom van sy gevangeneming in kennis te stel en dat hy goed deur die Britte behandel word. Moontlik skryf hy weer uit Pretoria, of miskien uit Indië, verklaar hy. “Ik ben zoo bevreesd voor de zeeziekte”, meld hy.[72] Wynand en Jan Viljoen is by ’n vrolike verjaarsdagparty in Pelgrimsrus toe ’n boodskapper twee dae later Ben se brief aflewer.

[72] J.C. Viljoen, ‘Johannesburg-Commando’, 1 Augustus 1905. In sy oorlogsherinneringe het Ben gemeld dat hy in hierdie brief ook sy manskappe aangemoedig het om nie moed te verloor nie en met die stryd vol te hou (Viljoen, *Reminiscences*, 277). Weereens blyk dit egter een van Ben se latere verdigsels te wees, want in Jan Viljoen se getranskribeerde weergawe van Ben se brief in hierdie artikel verskyn geen so ’n aanmoediging nie. Dit is in elk geval onwaarskynlik dat die Britte so ’n stelling ongesensureer sou deurgelaat het in ’n brief wat deur hul toedoen aan Wynand besorg is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Almal is verbysterd toe die brief hardop gelees word; hier en daar is daar selfs 'n traan of twee toe die nuus aan die kommando bekend gemaak word.[73] Een van die burgers skryf in sy dagboek:

> I can think of no man among us qualified to take General Ben Viljoen's place. He was a forceful and in many respects lovable man, and had a fine sense of humour and fair play. He inspired assurance and respect, and seemed to hold a world of resource in his steel grey eyes. He could hold his own with the roughest, and used his fists freely when there was disorder.[74]

In Lydenburg ontmoet Ben vir ene kapt. Milner, wat hy die vorige jaar by Belfast gevange geneem het, maar kort daarna weer vrygelaat het. Milner en die offisiere van die Royal Irish regiment behandel Ben en Bester die volgende paar dae baie hartlik.[75] Op 30 Januarie word Ben en Bester saam met 'n afdeling Britse soldate na Machadodorp gestuur, waar hulle vier dae later aankom.[76]

**<u>Gevang – of oorgegee?</u>**

Ná sy gevangeneming besing Ben se vriend Joe van Gelder sy lof in die *Daily Mail.* Hy skryf onder meer aan Ben die suksesvolle aanval by Wilmansrust die vorige Junie toe, wat inderwaarheid deur genl. Muller beplan en uitgevoer is.[77] Volgens hom is Ben "an antagonist who has earned our respect during the war…a man of almost as high standing in the Boer army as General Botha". Hy meld ook hoe die duisende Britse krygsgevangenes by Nooitgedacht Ben in September 1901 toegejuig het toe hy hulle met die Boeremagte se terugval na Hectorspruit vrygelaat het, en beskryf hom as "a chivalrous foe". [78]

Intussen verskyn daar egter ook berigte in die Britse pers dat Ben al geruime tyd gretig was om op 'n eervolle manier gevang te word, aangesien hy oortuig was dat

---

[73] J.C. Viljoen, 'Johannesburg-Commando', 1 Augustus 1905.
[74] Schikkerling, *Commando*, 348.
[75] Viljoen, *Reminiscences*, 271-276.
[76] Ibid., 277-278.
[77] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 214.
[78] *Daily Mail*, 26, 27 en 28 Januarie 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die Boere se stryd nou hopeloos is.[79] Vermoedelik kom Ben hiervan te hore, want uit Machadodorp skryf hy aan Wynand: "I am naturally anxious to know what sort of version you got of our capture, and if you write through Colonel Parke, Lydenburg, I think I will get the letter." Ben versoek ook dat Wynand sy sekretaris, luit. Jack Malan, vra "to destroy all private letters he may have of mine".[80] Vermoedelik verwys Ben na sy korrespondensie met Lenie wat Kitchener toegelaat het dat hy met die hulp van die Britse militêre owerheid voer. Dit is beslis nie iets wat Ben sou wou gehad het iemand soos kmdt.-genl. Botha moet te siene kry nie.

In die lig van latere beskuldigings dat Ben wou oorgee en ook moontlik die ZAR-regering saam met hom wou laat vang (vermoedelik om die oorlog vinniger te beëindig), moet die moontlikheid egter ook ondersoek word dat Ben oor sy moontlike oorgawe met die Britte gekorrespondeer het, en dat hy dus na briewe hieroor verwys. Botha was byvoorbeeld een van dié (volgens dr. Leyds) wat geglo het Ben het eenvoudig oorgegee. Ook P.A. Nierstrasz, 'n medewerker van Leyds, het geglo die omstandighede van Ben gevangeneming kon daarop dui dat die Britse magte deur verraad oor sy bewegings ingelig is.[81] So iets sou impliseer dat Ben die swart agterryer gestuur het om die Britte oor sy en die ZAR-regering se beoogde roete na Pelgrimsrus in te lig. Wat in die guns van hierdie teorie tel, is dat Ben al sedert die vorige jaar wou vrede maak. Wat egter daarteen tel, is die hoë risiko verbonde aan so 'n plan. Daarvan getuig die dood van twee van sy adjudante in die hinderlaag. Sou hy regtig die kans gewaag het om in 'n nagtelike lokval per ongeluk doodgeskiet te word? En soos hierna aangetoon, het Kitchener in sy vertroulike korrespondensie hieroor met die Britse oorlogsminister geen aanduiding gegee dat Ben oorgegee het nie. Ook die Britse militêre intelligensieverslae van dié tyd maak geen melding van so iets nie. Ben se versoek aan lt. Jack Malan om sy private briewe te vernietig, kan beskou word as verdere ondersteuning hiervan: As hy geweet het hy gaan "gevange" geneem word, sou hy tog voor sy skyn-gevangeneming self van verdagte briewe ontslae geraak het. En terwyl sy verhaal van sy sakboekie wat 'n koeël gestuit het moontlik aan iets uit talle fiksieverhale herinner, bestaan dié sakboekie vandag nog en is die gat wat die koeël

[79] Sien byvoorbeeld die *Daily Mail* van 27 Januarie 1902. Hierin is berig dat "If report can be trusted, he [Ben] has for some time been eager to be gracefully captured, and has been convinced of the hopelessness of further struggle."
[80] Morten Kriek-versameling, Nederland, brief, Ben Viljoen – Wynand Viljoen, 3 Februarie 1902. My dank aan dr. Arnold van Dyk wat my hierop gewys het.
[81] TAB, Leyds-huisargief, vol. 3, P.A. Nierstrasz, 'Generaal Ben Viljoen', c.1904-1906. Uit Nederlands vertaal.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemaak het duidelik sigbaar.[82] Dit lyk dus hoogs onwaarskynlik dat Ben enigsins by sy eie gevangeneming betrokke was.



*Ben se sakboekie met koeëlgat bo regs.*
(WW-versameling)

[82] WW-versameling. Sakboekie deur die skrywer op 29 April 2017 in Oos-Londen afgeneem tydens 'n besoek aan Wesley Wiseman, agterkleinseun van Ben.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 7

# KRYGSGEVANGENE

**(Feb 1902–Jun 1902)**

## Dislojale praatjies met Kitchener

Ben en Bester word nou per trein van Machadodorp na Pretoria gestuur, waar hulle op 4 Februarie 1902 aankom en in die krygsgevangekamp by die perderesiesbaan aangehou word. Ben word hoflik behandel en toegelaat om sy ouers en van sy vriende onder toesig van 'n Britse offisier te besoek.[1] Twee dae later word Ben na lord Kitchener geneem vir 'n persoonlike onderhoud. Soos Ben is Kitchener ook 'n Vrymesselaar.[2] Of dit 'n rol speel in Ben se openhartige gesprek met die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika is onbekend, maar wat hy nou vir Kitchener vertel is op die minste dislojaal aan die Boeresaak, indien nie verraad nie. Hy sê aan Kitchener dat van die Boereleiers, onder meer waarnemende pres. Schalk Burger en kmdt.-genl. Louis Botha, gretig is om vrede te maak, maar dat Burger baie weifel en onder die invloed van pres. Steyn en genl. De Wet is, wat onverbiddelik bly oor die voortsetting van die oorlog. Volgens hom gaan Burger binnekort na die Vrystaat om te praat oor vrede maak. Verder vertel hy vir Kitchener dat Steyn en De Wet so geïmpliseer is in die dood van Johannes Morgendaal,[3] 'n Boerehendsopper wat De Wet 'n jaar tevore laat skiet het, dat hulle eerder die "useless struggle" sal voortsit as om in die hande van die gereg te beland.

Ben volstaan ook nie hiermee nie. Hy vertel verder vir Kitchener dat Botha deurentyd met pres. Kruger en die ander ZAR-regeringsverteenwoordigers in Europa

[1] B.J. Viljoen,, *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-oorlog* (Amsterdam: W. Versluys, 1902), 294-295.
[2] J.W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen, 1868-1917* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2000), 241.
[3] Johannes Morgendaal was 'n vooraanstaande Boer en vredesgesant wat genl. De Wet op 9 Januarie 1901 laat skiet het toe hy 'n bevel verontagsaam het. Morgendaal het tien dae later aan sy skietwond beswyk (C. van der Merwe, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 2015), 217).

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

korrespondeer en dat briewe deur Duits Suidwes-Afrika versend word. Hy verklap ook aan Kitchener die naam van die Boere-agent wat in dié land as tussenganger optree.[4]



*Lord Kitchener.*
(Amery, *Times History*)

Ná die vergadering laat Kitchener nie op hom wag nie. Hy lig die Britse oorlogsminister in oor die inhoud van sy gesprek met Ben en voeg by dat laasgenoemde "until the date of his capture near Lydenburg, showed no disposition to move south, or to reach out a hand to General Botha in his difficulties".[5] Hy versoek ook die Duitse konsul in Kaapstad dat die owerheid in Duits Suidwes-Afrika van die Boere-agent ontslae raak. Ben se opmerkings oor die verdeeldheid in Boeregeledere het vermoedelik ook nou 'n saadjie by hom geplant. Op dieselfde dag as wat Ben gevange geneem is, het dr. Abraham Kuyper, die Nederlandse premier, 'n memorandum aan lord Lansdowne, die Britse minister van buitelandse sake, laat oorhandig waarin hy sy dienste as bemiddelaar aangebied het om 'n vredesooreenkoms tussen die Boere en Britte te probeer bewerkstellig. Landsdowne het 'n paar dae later geantwoord dat die Britse regering pres. Steyn en waarnemende pres. Burger as die Boere se hoogste gesaghebbers beskou en al persone is wat hulle in sulke onderhandelinge sal erken. As die Boere dus wil onderhandel, moet hulle met lord Kitchener in Suid-Afrika in aanraking kom.[6] 'n Paar weke ná sy vergadering met Ben

[4] Die inligting oor die vergadering tussen Ben en Kitchener is ontleen aan 'n brief wat Kitchener kort daarna aan die Britse oorlogsminister gestuur het (TNA, PRO 30/57/22/125, brief, Kitchener – Broderick, 7 Februarie 1902). Op sy beurt is al wat Ben in sy oorlogsherinneringe later die jaar oor dié vergadering gemeld het is dat dit 'n halfuur geduur het en hy hoflik behandel is. Veertien jaar later, toe Kitchener reeds dood was, het Ben egter 'n geromantiseerde verdigsel van hierdie vergadering uitgedink (BF-versameling, B.J. Viljoen, 'On Napoleon's Rock: Experiences of a Boer general on St. Helena', c1916). Hiervolgens het hy onder andere saam met Kitchener 'n sigaar en koppie tee geniet, en het hulle gemoedelik gesels oor die keer toe Ben byna vir Kitchener se broer Walter gevange geneem het.
[5] TNA, WO 108/380, brief, Kitchener – Broderick, 8 Februarie 1902.
[6] M. Bossenbroek, *Die Boereoorlog* (Johannesburg: Jacana Media, 2014), 418.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

stuur Kitchener hierdie twee briewe met 'n kort nota aan pres. Burger, maar nie aan pres. Steyn nie. Sekerlik het Ben se kommentaar oor die meer inskiklike Burger teenoor die onversetlike Steyn 'n rol in sy strategie gespeel. Op 10 Maart 1902 antwoord Burger vir Kitchener dat hy "verlangend en bereid" is om vredesvoorstelle te maak. Die pad was nou gebaan vir die formele vredesonderhandelinge wat daarna sou plaasvind. [7]

**Skeepsreise en briewe**

Ná sy vergadering met Kitchener weet Ben nog nie wat sy uiteindelike bestemming sal wees nie. Sy vrou Lenie stuur egter nou 'n telegram aan Kitchener waarin sy pleit dat hy nie na Ceylon gestuur word nie weens die eiland se ongesonde klimaat. Kitchener laat weet haar dat hy Ben in daardie geval na St. Helena gaan stuur.[8] Die dag ná sy vergadering met Kitchener word Ben en Bester per trein na Durban gestuur, waar hulle die volgende oggend aankom.[9] Eers hier hoor Ben dat hy na St. Helena verban word. Dieselfde middag nog vertrek hy en Bester en 'n groep ander Boereoffisiere op die stoomskip *Brittanic* na Kaapstad. Op 17 Februarie kom die skip in Kaapstad aan, waar dit twee dae in die hawe lê om steenkool te laai.[10]

Die gerugte in die pers van sy beweerde oorgawe lê swaar op Ben. Hy gebruik die tyd in Kaapstad om aan Botha 'n brief hieroor te skryf, waarin hy kla oor 'n koerantberig asook praatjies onder die bittereinders waarvan hy te hore gekom het dat hy vrywillig en op lafhartige wyse oorgegee het, en hoe pynlik dit vir hom is om dit te verneem ná alles wat hy in die oorlog moes deurmaak. Hy vermoed een van die redes is omdat hy voorheen sonder skroom sy mening uitgespreek het dat die Boere 'n eerbare vrede moet sluit. Hy wys Botha ook daarop dat hy en Botha albei by die Waterval-krygsraadvergadering ses maande tevore aangedring het dat in volksbelang vrede gemaak moet word, en dat hy dit steeds glo. Ten slotte rig hy 'n versoek aan Botha: "Ik hoop beste Louis gij zult mij niet onverdiend laten belasteren waar ik geen kans heeft

[7] Ibid., 420.
[8] WW-versameling, brief, Minnie Viljoen – Eugène Viljoen, 14 Desember 1959. Die geloofwaardigheid van hierdie inligting wat Ben se dogter aan haar broer verskaf het, word gesteun deur 'n stelling later in 1902 deur die Britse konsul in Den Haag dat "[e]ven after General Viljoen's capture Lord Kitchener and Madame Viljoen exchanged telegrams in regard to her husband's welfare" (TAB, Colonial Office Records, FK 998, pp.469-477, Permits to land for wife of Genl. Ben Viljoen, 3 children and her sister, brief, Howard – Sanderson, 19 Julie 1902).
[9] *The Times,* 8 Februarie 1905.
[10] Viljoen, *Herinneringen*, 297-298.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om mij te verdedigen."[11] Wat hy nie weet nie, is dat Botha juis een van diegene is wat dink hy het eenvoudig oorgegee.

Op die skeepsreis is Ben meeste van die tyd seesiek.[12] Op 24 Februarie, toe die kus van St. Helena in sig is, skryf hy aan Lenie 'n brief wat sy houding oor die voortsetting van die oorlog duidelik uiteensit:

> Dear wife, the reason I write this is greatly to tell you to see Piet Grobler[13] or President Krüger and to tell them that it is time to wake up and tell President Steijn to end the slaughter of our poor people, more especially of women and children who are dying to the score in the concentration camps, and Steijn is the one who runs Schalk Burger and they always say that President Krüger and the deputation are working and getting help in Europe. Well, if that is not so, then for humanity sake let them tell the people in the field so. After I did my best for 2 ½ years, going through all the hardships and risking my life hundreds of times, I am captured and banished to this Godforsaken island, without a penny and without any hope of freedom, and the way the war is going now that will be the end of all those who survive and are in the field.
>
> You must ask them to consider this seriously. I have been trying to get the war ended since September 1900, before the country was devastated and our people ruined, although I never slackened in doing my duty and I think I did more than those who preach war so easily…I do not wish to think them [sic] that because I am a captive I want peace etc. No I asked for no mercy and ask for no favour now. If they will not believe me, let them send for Botha and find out the true state of things. But they can see by the mortality in the socalled [sic] Refugeee Camps and by the manner which we are obliged to fight how we are faring, and I maintain that we are giving the English the best weapon possible to exterminate the Afrikander as a race, by continuing this war.[14]

Toe Lenie sy brief 'n paar weke later kry, gee sy dit vir A.D.W. Wolmarans, een van die drie lede van die Boeredeputasie in Europa en voormalige lid van die ZAR Uitvoerende Raad. Op sy beurt stuur hy dit vir Leyds, wat hom hierna versoek om Ben deur Lenie te waarsku om nie sulke briewe te stuur nie, want die Britte mag dit misbruik

[11] TAB, A787, Gustav Preller-versameling, vol. 2, brief, Viljoen – Botha, 19 Februarie 1902.
[12] B.J. Viljoen, *My reminiscences of the Anglo-Boer War* (Kaapstad: C. Struik (Pty) Ltd, 1973), 280.
[13] Assistent-sekretaris van pres. Paul Kruger (*Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (Pretoria: Raad vir Geestewetenskaplike Navorsing, 1968), III, 367).
[14] W.J. Leyds, *Vierde Verzameling (Correspondentie 1900-1902)* ('s Gravenhage: Geuze, 1934), 674-675, brief, Ben Viljoen – Lenie Viljoen, c.24 Februarie 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om die vegtende Boere se moreel af te takel. Leyds waarsku ook dat enige geldelike bystand aan Ben in St. Helena sal afhang wat hy van sy verdere doen en late verneem.[15]

**St. Helena**

Op Dinsdag, 25 Februarie gooi die *Brittanic* anker in die hawe van St. Helena, sowat 2 700 km van Kaapstad en een van die mees afgeleë plekke in die wêreld.[16] Van waar hy op die dek van die skip staan, is Ben se eerste indrukke nie gunstig nie. Dié vulkaniese eiland, wat hoog bo die see uitsteek, herinner hom aan 'n reuse okkerneut en lyk asof dit grotendeels uit kaal rots bestaan. Die enigste tekens van plantlewe wat hy gewaar is yl dennebome, gehawende sipresse en kaalblaar-turksvybome wat hier en daar groei. Die hawe self lyk vir hom soos 'n groot skeur in die rotse. Jamestown, die enigste noemenswaardige nedersetting en naby waar hulle nou geanker het, is nie veel meer as 'n lang straat met huise wat in 'n smal kloof ingedruk is nie. Agter die huise is groot keermure wat lyk of dit moet keer dat die kranse op die dorp intuimel. Daar is darem een gedagte wat Ben troos, en dit is dat sy groot held Napoleon sy laaste jare op hierdie eiland deurgebring het.[17]


Ben en die 38 ander Boereoffisiere hoor nou dat hulle nie in Jamestown aan wal mag gaan nie, maar 'n paar kilometer verder na Lemon Valley geneem sal word, waar hulle ses dae in kwarantyn moet deurbring. Hul eerste indrukke van St. Helena verbeter nie toe een van die bote waarin hulle na Lemon Valley geroei word in die golwe omslaan en agt van hulle in die water beland nie.[18] Ná 'n ongemaklike verblyf by Lemon Valley (waar daar toe geen suurlemoene of enigiets groens te siene is nie) word Ben en Bester op 1 Maart na Broadbottom-kamp geneem, en die ander offisiere na Deadwood, die ander groot krygsgevangekamp op die eiland. Op hierdie tydstip is daar sowat 5 800 Boerekrygsgevangenes wat op die eiland aangehou word, sommige van hulle al byna twee jaar lank. Vergesel van hul Britse wagte klim Ben en Bester die 699 trappe wat byna loodreg van Jamestown na die plato bo op die berg strek en loop verby Plantation House, die woning van die Britse goewerneur van St. Helena. Teen sononder bereik hulle Broadbottom-kamp, waar sowat 2 000 Boere in ongeveer

[15] Ibid., 673-674, brief, Leyds – Wolmarans, 2 April 1902.
[16] *St. Helena Guardian,* 27 Februarie 1902.
[17] Viljoen, 'On Napoleon's Rock'.
[18] *St. Helena Guardian,* 27 Februarie 1902; Viljoen, *Herinneringen*, 300-301.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

400 tente en 300 sinkhuisies aangehou word.[19] Die kamp is geleë in 'n breë, vlak vallei sowat 488 m bo seespieël, in 'n baie vogtige gebied. Nêrens is daar 'n boom te sien nie; in die dag is die krygsgevangenes aan die son blootgestel wanneer hulle uit hul woonplekke beweeg.[20]

**ST HELENA**





In Broadbottom word Ben deur die kampbevelvoerder, luit.-kol. Wright, ingelig dat alhoewel hy 'n offisier is, hy nie anders as enige ander gevangene behandel gaan word nie. 'n Tent word aan hom toegeken en hy kry twee komberse, 'n waterdigte grondseil en eetgerei. Ben vind die eerste nag in Broadbottom hoogs onaangenaam. Sy matras is hard, soekligte tas onophoudelik teen die tente op en af, elke kwartier roep die wagte hardop "all's well" uit, oral raas naftaleenlampe, en nou en dan blaas 'n soldaat buite sy tent op 'n beuel.[21] Om alles te kroon, word hy die volgende oggend deur 'n onaardse

[19] Viljoen, *Herinneringen*, 301-303.
[20] E. Wessels, *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Centurion: Kraal Uitgewers, 2010), 97, 105.
[21] Viljoen, *Herinneringen*, 304-305; Viljoen, 'On Napoleon's Rock'.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kakofonie uit sy onrustige slaap geruk toe die duisende krygsgevangenes almal tegelyk psalms en gesange begin sing. Hieroor skryf hy jare later:

> Depression had made religious maniacs of hundreds of these former soldiers. The rest sang and shouted to relieve their feelings as much as anything else… There was absolutely no harmony from start to finish. Agreeable voices, of which there were any number to be distinguished in the awful volume of noise, were lost in the hideous discord. I thought of huge droves of sheep and lambs all bleating together and of the drives of wild cattle in the African forests with Kaffirs [sic] shrieking and bulls bellowing, but the comparisons did not seem to fit.[22]



*Broadbottom-kamp. Ben het bo aan geskryf "P. of war Camp No. 2 St. Helena where I was incarcerated."* (BJV-versameling)

Later die oggend word Ben na kol. Price, die bevelvoerder van die Britse magte op St. Helena, se kantoor ontbied. Die hooghartige Brit behandel hom baie ongeskik, met geen erkenning vir sy rang nie, iets wat Ben erg ontstel. Price weier ook om aan hom parool toe te staan of 'n pas uit te reik om Broadbottom-kamp te verlaat, vergunnings wat van die ander gevangenes geniet.[23] Hierdie situasie sal egter nie lank

[22] Viljoen, 'On Napoleon's Rock'.
[23] Viljoen, *Reminiscences*, 285.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

duur nie. Soos Ben is die kampbevelvoerder, luit.-kol. Wright, ook ’n Vrymesselaar en teen hierdie tyd het die twee mekaar waarskynlik as sodanig geïdentifiseer, want dieselfde dag nog begin Wright om vir Ben parool en verblyf buite die kamp te probeer reël.[24]

Uit Broadbottom-kamp skryf Ben ’n brief aan Joe van Gelder, sy vriend wat nou die *Daily Mail* se korrespondent in Nederland is. Hy bekla sy lot en spreek weereens sy misnoeë uit oor die Boere in Europa wat hul volksgenote in Suid-Afrika aanmoedig om aan te hou veg terwyl hulle self in gemak lewe:

> I cannot say what I will do after the war. Time, I suppose, will tell. I am entirely ruined financially; my house and everything is burnt and destroyed. I hope you will tell _____(one of the Boer leaders in Holland) that they must remember this, and I trust they will understand and act like men towards us….You know my opinion about the whisky ‘patriotten’ (in Holland), so I will say no more about them.[25]

## **<u>Myrtle Grove</u>**

Vermoedelik het luit.-kol. Wright Ben se situasie onder hul mede-Vrymesselaar lord Kitchener se aandag gebring, want laasgenoemde gryp nou namens hom in.[26] Ná twee en ’n half weke in Broadbottom word Ben na Wright se kantoor ontbied om met kol. Price oor die telefoon te praat. Die voorheen onvriendelike militêre bevelvoerder van St. Helena het nou sy houding verander. Price verneem na Ben se gesondheid en deel hom mee dat hy opdrag gekry het om parool aan hom te verleen. Verder het hy ook

---

[24] C.A. Hollenbach, *Briewe uit die Boereoorlog* (Johannesburg: Driefontein Publikasies, 1999), 124, 129. Reeds op 2 Maart 1902 het het Ben aan Wright geskryf, “I hope, however, that by that time you will have arranged for our parole, to shift to the cottage.” Ben het ook in ’n latere artikel gemeld, “To my Masonic brethren at St. Helena I am under many obligations, for the latitude given me after my unnecessary severe confinement and for many privileges extended to me and my men” (B.J. Viljoen, ‘Old Rock Lodge No. 912: St. Helena and Napoleon’, *El Paso Morning Times*, 18 Julie 1909). Ander Boerevrymesselaars op St. Helena het ook spesiale behandeling van hul Britse mede-Vrymesselaars ontvang (A.A. Cooper, *The Freemasons of South Africa* (Cape Town: Human & Rousseau, 1986), 77-78).

[25] *Daily Mail*, 2 Mei 1902. Hierdie brief is woordeliks in dié koerant weergegee, maar die berig het slegs gemeld dat Ben dit aan “a friend in Holland” gestuur het. Die skrywer van die berig is egter aangedui as die *Daily Mail* se Nederlandse korrespondent, wat op hierdie tydstip Joe van Gelder was. Dit is dus hoogs waarskynlik dat Ben hierdie brief aan laasgenoemde gestuur het.

[26] Ben het in ’n latere, ongepubliseerde skrywe gemeld, “I learned from one of the censors at Jamestown that Price received his instructions from General Kitchener and, at the same time, received a rebuke for the ill treatment I was subject to” (Viljoen, ‘On Napoleon’s Rock’).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

opdrag gekry om Ben van ’n privaatwoonkwartier en bediendes te voorsien, en het hy vir hierdie doel vir hom ’n huis in die hande gekry. Ben se parool sal hom ook toelaat om elke aand tot 21:30 vrylik op die eiland rond te beweeg sonder wagte.[27] Ben kry nou dieselfde behandeling as ander prominente Boereoffisiere soos genl. Piet Cronjé, wat met sy vrou en personeel ook ’n huis op die eiland bewoon.[28] Uit Nederland sal Ben ook nou geld ontvang van A.D.W. Wolmarans, lid van die Boeredeputasie in Europa, wat hom ook oor Ben se vrou en kinders ontferm. Op sy beurt word Wolmarans vergoed uit die ZAR-fondse wat onder Leyds se beheer is. [29]

Ben en kapt. Bester neem nou hul intrek in Myrtle Grove, ’n klein kliphuisie ongeveer 400 treë van Broadbottom. Kort hierna neem kmdt. Vaal Piet Uys en landdros T. Kelly ook hul intrek hier.[30] In die weke hierna verken die vier inwoners van Myrtle Grove die eiland. St. Helena strek oor ongeveer sestien kilometer in die lengte en ongeveer tien kilometer in die breedte, met ’n hoë sentrale rif en diep ravyne wat die topografie kenmerk. Alhoewel die eiland in die trope geleë is, het dit ’n gesonde en gematigde klimaat vanweë die koel Suid-Atlantiese seestrome en suidoos-passaatwinde.[31] Van besondere belang vir Ben is Longwood, die huis waar sy held Napoleon gewoon het, naby die woning van sir Robert Sterndale, die Britse goewerneur van die eiland. Sterndale en sy vrou ontvang Ben en Bester hoflik, en wys hulle ’n paar meubelstukke wat aan Napoleon behoort het. Hierna besoek hulle Napoleon se eenvoudige huis. Ben staan in vervoering voor ’n marmerbeeld van die man wat hy al sedert sy kinderjare bewonder. Dit voel vir hom asof Napoleon se gees by hom is, asof sy oë hom rondvolg en sy lippe woorde van simpatie vir sy kameraad in ellende uitspreek.[32]

---

[27] Viljoen, ‘On Napoleon’s Rock; Viljoen, *Reminiscences*, 285; Krugersdorp biblioteek, Ben Viljoen- pamfletversameling, afskrif van pas aan Ben Viljoen uitgereik, 18 Maart 1902.
[28] Wessels, *Bannelinge,* 108-110.
[29] Nationaal Archief, Den Haag, Collectie 097, W.J. Leyds, vol. 40, Diverse bedragen, direct uitbetaald door Dr W.J. Leyds, 23 Julie 1900 tot 23 Desember 1902. Byvoorbeeld op 11 April en 20 Junie 1902 het Leyds onderskeidelik 100 gulden (R8 000) en 4 936 gulden (R394 000) uitbetaal, met die beskrywing “Betaald aan Wolmarans voor Ben Viljoen”.
[30] Viljoen, *Reminiscences*, 288.
[31] Wessels, *Bannelinge*, 93.
[32] B.J. Viljoen, ‘A Paroled Boer general on St. Helena: In Napoleon’s Prison’, *Los Angeles Times Illustrated Weekly,* 26 Februarie 1916; Viljoen, *Reminiscences*, 285-286.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Ben (sittende tweede ry in middel) en metgeselle by Myrtle Grove. Sy adjudant kapt. A.J. Bester staan agter hom, derde van regs.* (TAB fotoversameling)

Ben verduidelik deurentyd aan ander krygsgevangenes met wie hy in aanraking kom wat (volgens hom) die ware situasie in Suid-Afrika is.[33] Hy loop ook vir kapt. Adolf Schiel raak, wat hy laas in Oktober 1899 kort voor laasgenoemde se gevangeneming by Elandslaagte gesien het. Ben vertel hom dat die Boere in Suid-Afrika nie meer lank teen die Britse oormag sal kan uithou nie, veral nie in die lig van Kitchener se grootskaalse voorbereidings vir sy beplande winterveldtog nie. Ben deel hom ook mee dat al hoe meer Boere aan die Britte se kant veg.[34]

Ben het teen hierdie tyd ’n baie goeie verhouding met sy mede-Vrymesselaar luit.-kol. Wright opgebou, tot so ’n mate dat laasgenoemde en sy vrou gereeld by Myrtle Grove kom besoek aflê, asook Ben en sy mede-huisbewoners by die Wrights se woning.[35] Wright voorsien Ben ook van ’n paar meubelstukke vir Myrtle Grove. In die loop van hul gesprekke verseker Ben vir Wright dat die meeste krygsgevangenes hulle

[33] *Daily Mail*, 30 April 1902.
[34] A. Schiel, *23 Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika* (Leipzig: F.A. Brockhaus, 1902), 581-582.
[35] Viljoen, *Herinneringen*, 312; Hollenbach, *Boereoorlog briewe*, 130. (Laasgenoemde bevat briewe gedateer 7 April en 20 Julie 1902 van Ben aan kol. Wright en sy vrou oor hierdie wedersydse besoeke.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nou daarby berus dat die Boererepublieke hul onafhanklikheid gaan verloor, en dat hulle vrede gemaak het met die onvermydelike feit dat hulle hul lewens onder Britse bewind sal moet voortsit. Hy glo ook dat solank die krygsgevangenes weet hulle sal na hul families kan terugkeer en ’n redelike kans gegun word om weer ’n bestaan te kan maak, hulle in die meeste gevalle die verpligte getrouheidseed aan Brittanje sal aflê, en dit sal eerbiedig.[36] Ben se vriendskapskring groei deurentyd, want kol. Theodore Brinckman, bevelvoerder van die 3rd East Kent Regiment, wat op Middelburg in die Oos-Transvaal gestasioneer was toe Ben in die omgewing aktief was, kom nou met sy manne op die eiland aan om die krygsgevangenes te help bewaak. As vegtende soldate wat aktiewe diens verrig het, behandel hy en sy offisiere vir Ben en sy mede-inwoners van Myrtle Grove met baie meer agting as die lessenaaroffisier, kol. Price. Gou onstaan ’n warm vriendskap tussen hulle en die Boere en Britte kuier vele aande saam.[37]

## **<u>Oorlogsherinneringe</u>**

In die rustiger atmosfeer van Myrtle Grove begin Ben nou om sy oorlogsherinneringe in Nederlands op te teken.[38] Hy neem ’n bewustelike besluit – sekerlik met die oog op ook ’n Britse lesersmark – om so objektief moontlik oor beide kante se suksesse en flaters te skryf. In die voorwoord verseker hy skyn-nederig sy lesers dat hy “een heel gewoon mensch ben” en dat hy “veel menschen aangetroffen [heb] die beter krijgsman waren dan ik”, asook dat dit hom walg om soveel oor homself te moet praat, maar dat hy op aandrang van sy vriende verplig voel om sy herinneringe neer te skryf.[39]

---

36 TAB, HC 91, Report of Lieutenant-Colonel H.O.P. Wright to Colonel A.J. Price, 1 Mei 1902.
37 Viljoen, *Herinneringen*, 314.
38 Of Ben sy oorlogsherinneringe in Engels of Nederlands geskryf het, was in 1974 die onderwerp van ’n briewewisseling in *Die Huisgenoot* tussen profs. H.C. Viljoen en D.W. Krüger. Laasgenoemde was van mening dat hy dit Engels geskryf het en dat die Nederlandse uitgawe ’n vertaling daarvan was. H.C. Viljoen was egter van mening dat hy dit in Nederlands geskryf het omrede sy Nederlandse boek in 1902 verskyn het, terwyl die Engelse uitgawe eers in 1903 verskyn het (*Die Huisgenoot*, 22 Februarie en 1 Maart 1974). In werklikheid het die Nederlandse uitgawe van Ben se oorlogsherinneringe in Oktober 1902 verskyn (*Leeuwaarder Courant*, 17 Oktober 1902) en die Engelse weergawe reeds in November 1902 (*The Times*, 1 Desember 1902). Die voorgemelde berig in *The Times* het verder genoem dat die Engelse weergawe ’n vertaling uit Nederlandse is en die koerant se resensent het die Britse uitgewer vir die swak vertaalwerk kwalik geneem. Die *Daily Mail* het ook ’n paar maande vroeër berig dat die Nederlandse manuskrip uit St. Helena in Engeland aangekom het (*Daily Mail*, 21 Julie 1902).
39 Viljoen, *Herinneringen,* 11-13.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ben skryf eerlik oor die fiasko by Elandslaagte, die ander Boerekommando's se aanvanklike minagting van die Johannesburgers, sy optrede by Vaalkrans, die Boeremagte se wanordelike vlug uit Natal, die veldslae by Johannesburg, Pretoria en Bergendal, die terugval na Hectorspruit en sy tog na Pietersburg, asook die gevegte by Renosterkop en Helvetia. Deurentyd maak hy geen geheim van sy minagting van kmdt.-genl. Piet Joubert en ander ouer Boeregeneraals se oorlogstrategie nie.

Dit is eers as hy by April 1901 kom dat hy inligting weglaat wat hom negatief kan uitbeeld. Hy swyg oor sy besluitloosheid toe hy deur genl. Bindon Blood se mag aangeval is en dat hy dit in daardie stadium ernstig oorweeg het om oor te gee. Hy swyg ook oor sy pleidooie vir vrede by die krygsraadvergaderings by Emigratie en Waterval in Mei en Junie 1901, asook sy verklarings aan sy manne dat hy ten gunste van vrede is. Terwyl hy wel sy ontmoeting met Blood in Lydenburg in Augustus 1901 noem, meld hy glad nie hul private gesprek of dat hy aan die Britse bevelvoerder genoem het dat hy en sy burgers siek en sat vir oorlog is en hy alles in sy vermoë sal doen om vrede te bewerkstellig nie.

Hy swyg ook oor sy korrespondensie met Lenie deur die bemiddeling van lord Kitchener. Oor die tweespalt tussen sy en Muller se mag rep hy geen woord nie, ook nie oor sy versuim om Botha suid van die Delagoabaaispoorlyn by te staan nie. En natuurlik meld hy nie dat hy vir Kitchener ná sy gevangeneming 'n baie akkurate uiteensetting van die onderskeie Boereleiers se houding en hul magte se moreel gegee het nie, of dat hy die naam van die Boere-agent in Duits Suidwes-Afrika deur wie die Boere rapporte na die Boereregerings se verteenwoordigers in Europa gestuur en van hulle ontvang het, verklap het nie. Al wat hy oor hierdie vergadering skryf, is dat dit 'n halfuur geduur het en hy hoflik behandel is. Sekerlik met die oog op sy toekoms in Suid-Afrika ná die oorlog voeg hy by dat "The Commander-in-Chief of the British Army impressed me as being a real soldier, a man possessed of a strong will not marred by arrogance."[40]

[40] Viljoen, *Reminiscences*, 278.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za




*Ben en metgeselle op St. Helena.*
(TAB-fotoversameling)

Ben was nog altyd vaardig met die pen, en sy lewensverhaal lees vlot. Die algemene indruk wat hy as persoon op die leser maak, is goed. Hy kom voor as iemand sonder pretensie wat homself nie te ernstig opneem nie; sy aanslag is self-geringskattend en humoristies. Hy spreek sy voorkeure en afkere sonder omhaal uit en is op die oog af heeltemal bereid om sy eie en sy mede-offisiere se foute uit te wys en aan die pogings van sy ondergeskiktes en vyande erkenning te gee. Sy verhaal eindig in Mei 1902, kort voor die einde van die oorlog.[41]

[41] Viljoen, *Herinneringen*, 13. Ben se inleiding is gedateer Mei 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ná Ben die manuskrip voltooi het, stem sy vriend kol. Brinckman in om ’n voorwoord te skryf, asook om die manuskrip vir Joe van Gelder in Holland te stuur wanneer hy in Engeland aankom. Brinckman het ’n hoë dunk van Ben en in sy voorwoord tot die latere Engelse uitgawe sal hy Ben beskryf as eerlik, intelligent, ’n reguit prater sonder aanstellerigheid, en iemand met ’n goeie humorsin.[42] Ben het intussen met Van Gelder ooreengekom dat hy die manuskrip in Engels sal vertaal met die oog op publikasie in Brittanje.[43] Ben se vaardigheid in formele Nederlands laat veel te wense oor en Frederik Rompel, ’n Nederlandse joernalisvriend van hom wat voor die oorlog vir *De Volksstem* in Pretoria gewerk het en nou in Nederland woon, stem in om sy manuskrip vir taalfoute na te gaan.[44] Ben is besig met die pen, want hy voltooi ook nou die manuskrip van ’n oorlogsroman, *Under the Vierkleur*, wat twee jaar later in die VSA uitgegee sal word.[45]

## <u>**Vrede**</u>

In Suid-Afrika vind vredesamesprekinge tussen die Boere en Britte in Mei 1902 plaas. Ná bitter wroeging laat die Vrystaters hulle uiteindelik deur die Transvalers oortuig om die vredesverdag te teken. Omstreeks elfuur die aand van 31 Mei 1902 teken tien verteenwoordigers van die twee Boererepublieke die vredesverdrag by Melrosehuis in Pretoria. Die oorlog is verby. Lord Kitchener verklaar hierop, “We are good friends now!” Die Boereverteenwoordigers kyk hom stilswyend aan.[46] Op St. Helena word die nuus van die vredesluiting aanvanklik met groot vreugde deur die krygsgevangenes

[42] Hierdie voorwoord en die inligting dat Brinckman die manuskrip na Europa geneem het, het slegs in die eerste Engelse uitgawe van Ben se oorlogsherinneringe verskyn (B.J. Viljoen, *My reminiscences of the Anglo-Boer War* (London: Hood, Douglas & Howard, 1902), 5-6. Alle ander verwysings in hierdie proefskrif na die Engelse vertaling is egter na die 1973 uitgawe wat in die bronnelys aangedui word). Die Nederlandse manuskrip het in Julie 1902 in Engeland aangekom (*Daily Mail,* 21 Julie 1902).

[43] Die afleiding dat Van Gelder Ben se Nederlandse manuskrip in Engels vertaal het, is gebaseer daarop dat Van Gelder voor die publikasie van die Engelse uitgawe uit Amsterdam ’n berig aan die *Daily Mail* gestuur het met Engelse uittreksels wat net so in die latere boek verskyn het (*Daily Mail*, 10 September 1902).

[44] G. Preller, ‘Met God en die Mauser’, *Die Brandwag*, 20 Januarie 1917. Gustav Preller het hierin gemeld dat Rompel ’n medewerker aan Ben se herinneringe was, aangesien laasgenoemde ’n “manke taalkennis” van Nederlands gehad het.

[45] Harold Strange Library of African Studies, Johannesburg, *South African Boer War Exhibition. Anglo-Boer War, an Historical Libretto: Official Program* (St. Louis: Jensen Print. Co, 1904). In hierdie program (waaraan Ben meegewerk het) se skets van Ben is gemeld dat hy *Under the Vierkleur* op St. Helena geskryf het.

[46] Van der Merwe, *Donker stroom*, 300, 304.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ontvang. Daar word gelag en geëet en gedrink en volksliedere, psalms en gesange gesing.[47]

Ben het intussen by kol. Price gekla dat alhoewel hy dieselfde rang as genl. Cronjé in die oorlog beklee het, hy wat rantsoene en verblyf op St. Helena betref slegter as Cronjé behandel word. Price skryf hieroor aan die Britse militêre owerheid in Suid-Afrika en kry toestemming om Ben ter wille te wees.[48] Ná 'n verblyf van sowat twee en 'n half maande in Myrtle Grove trek Ben nou na die heelwat luukser Rose Cottage, 'n groot herehuis gebou in 'n 16de-eeuse Nederlandse styl, met sestien kamers en groot stoepe, geleë in 'n woud tussen twee klowe teen 'n berghang naby Sandy Bay aan die suidkus van die eiland.[49]


Sewe dae ná die vredesluiting telegrafeer Ben vir Botha om te hoor presies wat die vredesterme is en wat die gevangenes moet doen aangaande die getrouheidseed aan Brittanje.[50] Botha antwoord dat hy hom binnekort sal laat weet.[51] Kort hierna vind die krygsgevangenes by die kampowerheid uit dat die vredesterme nie die behoud van die Boererepublieke se onafhanklikheid insluit nie. Hul ontnugtering is groot en talle van hulle huil by die aanhoor van dié nuus.[52]

Twee weke later skryf Ben aan die Britse konsul in Den Haag en versoek dat hy permitte aan Lenie en sy drie kinders uitreik om na Suid-Afrika te mag terugkeer.[53] Hierop reageer die Britse ministerie van kolonies positief. Sir Robert Sterndale, die goewerneur van St. Helena, het reeds laat weet Ben "has behaved well". Chamberlain keur onmiddellik Ben se vroeë vrylating goed en gee opdrag dat permitte sonder versuim aan sy gesin uitgereik moet word.[54]

---

[47] Wessels, *Bannelinge*, 158.
[48] TAB, PMO 53/PM3650/02, telegram, General Officer Commanding. St. Helena – Director of Military Intelligence, Pretoria, 31 Mei 1902.
[49] Viljoen, 'On Napoleon's Rock'.
[50] TAB, A787, Gustav Preller-versameling, vol. 2, telegram, Viljoen – Botha, 7 Junie 1902.
[51] TAB, HC 68, telegram, Genl. Settle – Milner, 2 Julie 1902.
[52] Wessels, *Bannelinge,* 159.
[53] TAB, Colonial Office Records, FK 998, vol. 3, pp. 473-474, brief, Howard – Sanderson, 19 Julie 1902. In hierdie brief het Henry Howard, die Britse konsul in Den Haag, na Ben se versoek van 20 Junie 1902 verwys.
[54] Ibid., 469, 475, Permits to land for wife of genl. Ben Viljoen, 3 children and her sister, dokumente gedateer 30 Julie en 5 Augustus 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za




*Ben en metgeselle by Rose Cottage. Ben het bo aan geskryf "Rose Cottage where I lived while prisoner of war on Parole St Helena".* (BJV-versameling)

Ten minste gebeur daar nou iets om Ben se eentonige bestaan op te kikker, want hy kry 'n uitnodiging van sy Britse offisiersvriende om die jaarlikse dinee van die St. Helena Vrymesselaarslosie op 24 Junie by te woon. Dit is 'n heuglike aand met talle heildronke, en benewens Boere en Britte is daar ook Hollanders, Franse, Duitsers, Italianers, Portugese en Spanjaarde teenwoordig.[55] Ben stel ook 'n heildronk in en verklaar dat vrymesselary baie kan doen om vrede tussen Boer en Brit en voorspoed in Suid Afrika te bevorder.[56] Oor hierdie aand sal Ben sewe jaar later in die VSA 'n liriese artikel skryf waarvan die volgende uittreksel 'n goeie aanduiding gee van sy gemoedstemming dié aand:

> The atmosphere seemed fragrant with brotherly devotion, the glad smile on every face whispered brotherly love, the music, odes we sang, joined our voices and hearts in unison, and as in illuminating letters the truth of our great and noble order seemed exemplified before us. Charity and toleration caused our hearts to meet before the

[55] *St. Helena Guardian,* 26 Junie 1902.
[56] Cooper, *Freemasons*, 78.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> mighty steps of Masonic love, as it swept away, if only while between these sacred walls, every vestige of hatred and enmity.[57]

Ben stuur kort hierna 'n kabelgram aan Lenie in Nederland om A.D.W. Wolmarans te versoek om aan hom £150 (R150 000) te bewillig uit die ZAR-fondse wat deur Leyds behartig word, sodat hy haar en sy kinders kan kom haal sodra hy vrygelaat word. In die Boerekringe in Nederland is Ben egter onder verdenking en Leyds wil nie goedsmoeds vir hom geld gee nie. Hy en Wolmarans kan egter nie 'n Boeregeneraal se versoek vir finansiële hulp bloot weier nie. Hulle kom gevolglik met 'n skema vorendag. Wolmarans sal in sy persoonlike hoedanigheid die geld by 'n Nederlandse bank leen en dit op sy beurt aan Ben leen. Ben moet dan onderneem om die geld en die rente daarop binne ses maande aan Wolmarans terug te betaal. Daar is egter 'n geheime verstandhouding tussen Leyds en Wolmarans dat laasgenoemde uit die ZAR-fondse vergoed sal word indien Ben hom nie sou terugbetaal nie.[58] Ben stem tot hierdie reëling in en Lenie teken namens hom 'n skulderkenning ten gunste van Wolmarans.[59] Leyds se weiering om geld uit die ZAR-staatsfondse aan hom te bewillig, sal egter aan Ben bly krap.

## **Die eed van getrouheid**


'n Maand ná die vredesluiting is Ben erg ongeduldig. Van Botha het hy nog niks gehoor nie en hy versoek die owerheid op St. Helena om dié weereens te vra om die krygsgevangenes te laat weet of hulle die getrouheidseed moet aflê of nie.[60] Intussen het genls. Botha, De Wet en De la Rey met Milner ooreengekom dat die krygsgevangenes pleks van die getrouheidseed eerder 'n verklaring kan aflê waarin hulle aanvaar dat hulle onderdane van koning Eduard VII is, met die regte en verpligtinge wat daarmee saamgaan. Die generaals het Milner oortuig dat die Boere

---

[57] B.J. Viljoen, 'Old Rock Lodge No. 912: St. Helena and Napoleon', *El Paso Morning Times*, 18 Julie 1909.
[58] TAB, A371, S.P. Engelbrecht aanwins, vol. 43, p.375, brief, Wolmarans – Leyds, 27 Junie 1902.
[59] Ibid., 415, Skulderkenning geteken deur Lenie Viljoen namens Ben, 17 Julie 1902.
[60] TAB, HC 68, telegram, Genl. Settle – Milner, 2 Julie 1902.

so ’n verklaring as ewe bindend as ’n eed sou beskou. Kort ná Ben se versoek bereik hierdie nuus St. Helena.[61]

Die wiele van die burokrasie draai egter stadig; die amptelike verklaringsvorm moet nog eers opgestel en na St. Helena gestuur word. Die krygsgevangenes wat intussen na Suid-Afrika wil terugkeer moet dus steeds die getrouheidseed aflê.[62] Ben is nie bereid om langer te wag nie. Op 12 Julie lê hy die getrouheidseed in Jamestown af, een van die eerste krygsgevangenes op St. Helena wat dit doen.[63] Die verbasing onder baie van Ben se mede-krygsgevangenes is groot, want tot dusver het hy hulle vermaan om nie hul eer weg te gooi deur die getrouheidseed af te lê nie. Ben het egter geen gewetenswroeginge oor sy besluit nie. Of hy nou die getrouheidseed of die verklaring aflê “is een half dozijn van het eene en 6 van het andere”, verklaar hy.[64]


BOOK VI
No. 546 T. E. R.

WHEREAS, at the time of the outbreak of hostilities between the Government of Her late Majesty Queen Victoria and the Governments of the late South African Republic and the late Orange Free State, I, the undersigned Benjamin Johannes Viljoen

of * Krugersdorp (Town)

now residing at St. Helena

was a burgher of the South African Republic; and

WHEREAS the said South African Republic has been annexed to, and become part of, the dominions of His Majesty KING EDWARD THE SEVENTH; and

WHEREAS, I am desirous of formally claiming and securing all and sundry the rights and privileges of a British subject, which by reason of the fact of annexation as aforesaid, I am now justly entitled to do;

NOW THEREFORE, I hereby formally declare that I acknowledge myself to be a subject of His Majesty KING EDWARD THE SEVENTH, and I do sincerely promise and swear that I will be faithful and bear true allegiance to His Most Gracious Majesty KING EDWARD THE SEVENTH, His Heirs and Successors according to law.

B Viljoen

Sworn and declared before me at Jamestown

this 12 day of July 1902

John Potter Capt.

Special Commissioner.

* Fill in name of farm or town, ward and district. [T.O.

*Ben se getrouheidseed.*
(TAB, CS 1231, Book VI)

[61] *The Times*, 11 September 1902. Hierdie berig het ’n transkripsie bevat van ’n gesprek wat tussen Chamberlain en Botha, De la Rey en De Wet in Londen op 5 September 1902 plaasgevind het. By hierdie vergadering het hulle die agtergrond van die verklaringsvorm bespreek, wat volgens Chamberlain op 2 Julie 1902 deur die Britse regering goedgekeur is.
[62] Wessels, *Bannelinge*, 160.
[63] TAB, CS 1231, Book VI, no. 546, B.J. Viljoen oath of allegiance, 12 Julie 1902. Ben was onder die eerste 20% van die krygsgevangenes wat die eed afgelê het (Wessels, *Bannelinge,* 160).
[64] Meijer, *Genl. Ben Viljoen*, 244.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die pad is nou gebaan vir Ben en sy mede-inwoners van Rose Cottage om na Suid-Afrika terug te keer. Soos hy vroeër vir sy vriend Joe van Gelder geskryf het, wag ’n onsekere toekoms egter op hom. Pres. Paul Kruger se Zuid-Afrikaansche Republiek is nou lord Alfred Milner se Transvaal Colony, en ’n volksraadlid sal hy nooit weer kan wees nie. In die vredesverdrag het Brittanje egter selfregering aan die Transvaalkolonie belowe, so ’n politieke rol is nie buite die kwessie nie, maar dit sal eers in die toekoms wees. Noemenswaardige bates het hy ook nie – sy huis (wat ’n verband op het) en twee onbeboude erwe in Krugersdorp is omtrent die somtotaal van sy aardse besittings.[65] Wat gaan hy doen om ’n bestaan te maak? Oorlewing is nou sy eerste prioriteit en vir trots is daar nie plek nie. Hy skryf dus aan A.D.W. Wolmarans en pres. Kruger in Holland en vra om finansiële hulp. Noudat die “oorlog beeindigd is met noodlottig gevolg voor ons volk en ellende en armoed ook my in de aangezicht staart gevoel ik verplicht om een beroep te doen op u, om my tegemoed te komen voor de toekoms,” skryf hy.[66] Lenie se pa is tydens die oorlog oorlede, verklaar hy, en sy skoonma en haar sewe kinders is nou van hom afhanklik; ook so sy swaer, vir wie se vrou en kinders hy moet sorg. Hy het alles opgeoffer vir land en volk en derhalwe voel hy daarop geregtig om op hul hulp aanspraak te maak. Kan hulle hom £2 000 (R2 miljoen) leen sodat hy ’n plaas kan koop waarop hy ’n bestaan kan maak?[67] Hy skryf ook aan lord Milner om te hoor of daar nie ’n pos vir hom is nie in die South African Constabulary, Milner se nuwe polisiediens in die Transvaalkolonie wat die funksie van die voormalige ZARP oorgeneem het.[68]

Op 22 Julie vertrek Ben en sy vriende op die passasierskip *Guelph* wat van Brittanje na Suid-Afrika onderweg is en laat hy die grys rotsmassa van St. Helena vir ewig agter.[69] Wat in Suid-Afrika op hom wag is op hierdie tydstip nog onduidelik, maar hy het reeds ’n paar planne beraam.

---

[65] TAB, CT 277, B1443.03, Minutes re B.J. Viljoen, 27 Maart 1905.
[66] TAB, A371, S.P. Engelbrecht aanwins, vol. 47A, 59-60, brief, Viljoen – Wolmarans, 17 Julie 1902.
[67] Ibid.
[68] Hierdie inligting is ontleen aan ’n brief wat ’n dr. Emil Schulz op 23 Augustus 1902 uit Lourenço Marques aan dr. W.J. Leyds geskryf het (Van der Merwe, *Donker stroom*, 315). Schulz het van Ben se werksaansoek te hore gekom by Leo Amery, skrywer van die *The Times History of the War,* wat Milner etlike weke tevore gesien en Schulz op ’n skip onderweg na Lourenço Marques ontmoet het (Nationaal Archief, Den Haag, Collectie 097, W.J. Leyds, vol. 40, Leyds – Humme, 27 Maart 1903). Soos sal blyk, was Ben se eerste ontmoeting met Milner eers ná Schulz se brief aan Leyds. In die lig van voorgenoemde datums moes Ben dus van St. Helena af aan Milner geskryf het.
[69] TAB, Colonial Office Records, FK 998, vol. 3, p. 476, Colonial Office notule, 5 Augustus 1902; *Cape Times*, 30 Julie 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 8

# LOJALE VYAND

## (Jul 1902–Nov 1902)

### ’n Bitter pil

Ben en sy metgeselle kom die oggend van Dinsdag, 29 Julie 1902 in Kaapstad aan. Genls. Botha, De Wet en De la Rey is ook nou hier, onderweg na Europa op ’n fondsinsamelingsbesoek. Ook op dié dag trou De la Rey se dogter in die Groote Kerk in Adderleystraat.[1] Ben haas hom na die troue en kry ook ’n spreekbeurt by die onthaal. Hy slaan ’n nederige houding in en verklaar dat hy onwaardig voel om die verhoog met Botha, De Wet en De la Rey te deel – nie almal kan Napoleon wees nie. Soos gewoonlik kan Ben egter nie ’n wag voor sy mond hou nie. Hy verklaar aan die huweliksgaste dat die nuus van die vrede soos ’n donderslag vir die krygsgevangenes op St. Helena gekom het en dat hulle baie teleurgesteld was oor die vredesvoorwaardes. Dit is egter nie sy bedoeling om dié drie dapper generaals te kritiseer nie – omstandighede het hulle sekerlik gedwing om sulke ongunstige voorwaardes te aanvaar. Hy wens hulle dus alle voorspoed met hul reis toe. Hyself sal maar agterbly, voeg hy laastens droogweg by.[2]

Die volgende dag vertrek die drie Boeregeneraals na Europa.[3] Vir Ben is dit ’n bitter pil om te sluk. In sy eie oë het hy nie ’n mindere posisie as De Wet en De la Rey in die oorlog beklee nie – hoekom is hy dan nie saamgenooi nie?[4] Boonop weet Botha goed dat Ben se vrou Lenie nog in Nederland is, soos Botha se vrou, met wie sy

---

[1] *Cape Times*, 30 Julie 1902.
[2] *De Zuid-Afrikaan*, 31 Julie 1902.
[3] *Cape Times*, 30 Julie 1902.
[4] Ben se houding word afgelei uit ’n artikel ses maande later deur A. Schowalter, die Duitse vertaler van sy oorlogsherinneringe. Schowalter was ten tye van die verskyning van dié artikel in gereelde korrespondensie met Ben (A. Schowalter, ‘General Ben Viljoen’, *Tägliche Rundschau*, 4 Maart 1903. Uit Duits vertaal).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bevriend is; dit sou mos net gepas gewees het om hom saam te nooi.[5] Wat Ben nie weet nie, is dat Botha lankal vertroue in hom verloor het. Sonder dat hy daarvan bewus is, is Ben nou in die onbenydenswaardige posisie dat hy by die leiers van die Boere én Britte in die Transvaal in onguns is.

Ben gaan lê nou kort besoeke aan Stellenbosch, Paarl en Robertson af.[6] In laasgenoemde dorp, waar hy 'n gedeelte van sy jeug deurgebring het, kry hy darem die helde-ontvangs waarna hy sekerlik gesmag het. *De Zuid-Afrikaan* publiseer hieroor 'n lang gedig onder die opskrif, "De ontvangst van generaal Ben Viljoen in Robertson", waarvan die inleidende strofes soos volg lui:

Kom, Afrikaners, hoor nou aan
Wat ons op Maandag het gedaan!
Mijn pen kan 't ni beschrijwe,
Ons dorp was glad in rep en roer
Og! Kon hij langer blijwe!
Hij werd toen uit di trein gedraag,
Naar harte lus en welbehaag,
Van 'n tamaai skare
Voor d' rijtuig, waarop hij moes zit,
Stond ses-en-vijftig in gelid,
Of ag-en-twintig pare,
Gereed om hom tog te vereer
En deur di strate, meer en meer,
Hoor jij zijn lof beprate![7]

[5] Sien byvoorbeeld vriendskaplike brief van Annie Botha – Lenie Viljoen, 14 Augustus 1901 (WW-versameling).
[6] Groepfoto van Ben saam met onder andere J.S. Marais, parlementslid vir Stellenbosch (TAB, fotoversameling, foto nr. 30218); Groepfoto van Ben saam met voormalige ZAR tesourier-generaal De Villiers en andere gedateer ongeveer Julie 1902, Paarl (JV-versameling).
[7] *De Zuid-Afrikaan*, 21 Augustus 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za




*Ben in Stellenbosch. Links agter staan Jannie Marais, parlementslid vir Stellenbosch.*
(TAB- fotoversameling)

**Politieke ambisies**

Die laaste paar maande het Ben voortdurend geworstel met die probleem van hoe hy ná die oorlog 'n bestaan gaan maak, want hy het nie soos baie van die ander Boereleiers 'n plaas wat hom van 'n onafhanklike inkomste kan voorsien nie. Sy onlangse pleidooi aan A.D.W. Wolmarans en pres. Kruger vir finansiële bystand het tot dusver ook op dowe ore geval. Voor die oorlog was sy oplossing hiervoor 'n betalende staatsaanstelling of 'n politieke amp. Vir 'n aanstelling in die South African Constabulary het hy reeds aansoek gedoen, maar nog niks van Milner gehoor nie. Wat die politiek betref, gaan die Transvaalkolonie minstens vir die volgende paar jaar onder direkte Britse bestuur wees. Maar met die oog op 'n toekomstige verkiesing vir selfregering, waarin alle volwasse mans – Afrikaners en Engelse – sal kan stem, moet hy homself begin posisioneer vir 'n politieke rol. Met sy roem as oorlogsgeneraal geniet hy tog sekerlik reeds hoë aansien onder 'n groot deel van die kieserspubliek, en dus is so iets 'n definitiewe moontlikheid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voor die oorlog het sy politieke steun grotendeels van Afrikaanse en Britse inkommers in die ZAR, soos hy, gekom. Sy platform toe was dat hy na hul belange sou omsien. Nou is daardie era verby. Hy moet ’n nuwe platform kies, een wat hom die wydste moontlike steun sal besorg en een waar hy nie van die gunste en gawes van die ander Boereleiers afhanklik sal wees nie. En Ben het die laaste paar maande reeds een geformuleer, naamlik ’n beleid van versoening tussen Boer en Brit en die aanvaarding van Britse koloniale beheer tot tyd en wyl selfregering aan die Transvaalkolonie toegestaan word.[8] Reeds op die dag van sy aankoms uit St. Helena het hy juis verklaar as hy nou ’n Britse onderdaan moet wees, sal hy hom by sy lot berus en gehoorsaam wees aan die regering wat oor hom gestel is.[9] Só skryf sy vriend Joe van Gelder toe in die *Daily Mail*, terwyl die drie Boeregeneraals nog per skip onderweg na Europa is, dat hul besoek verdeling gaan saai, maar dat “General Ben Viljoen, who will arrive here next month, will strengthen the party of conciliation.”[10]

Vir sy politieke aspirasies het Ben egter sy eie koerant nodig. Sy betrokkenheid by die koerantwese het hom destyds gehelp om ondanks die teenstand van ouer en meer gevestigde Transvalers as volksraadslid verkies te word, ’n goed betaalde pos waarvan hy maar net drie maande lank die vrugte geproe het voor die oorlog uitgebreek het. Die koerantwese as politieke springplank is dus ’n beproefde resep wat voorheen gewerk het – hoekom nie weer nie? Sy plan is dus nou om met die hulp van sy vriend Joe van Gelder ’n nuwe koerant op die been te bring wat versoening sal preek.[11] Die probleem is egter dat omtrent elke Transvaalse koerant voor die oorlog vir oorlewing afhanklik

---

[8] Schowalter, ‘General Ben Viljoen’. Die stellings in hierdie gedeelte oor Ben se politieke aspirasies word afgelei uit voorgemelde artikel van August Schowalter, die Duitse vertaler van Ben se oorlogsherinneringe, wat met Ben en die drie Boeregeneraals in hierdie tyd in verbinding was. Hierin het Schowalter onder meer gemeld dat Ben ’n “besondere lewendige behoefte het om sy deel te doen, eerstens omdat hy hom daartoe geroepe voel, maar dan ook ter wille van homself. Hy is in ’n baie moeiliker posisie as sy mede-generaals. Hulle besit grond en hulle kan te eniger tyd, na hulle goeddunke, uit die politieke masjien terugtrek, sonder dat hulle daarmee hulle posisie in die openbare lewe inboet. Hulle is vry en onafhanklik. Viljoen, daarenteen, kan slegs deur deelname aan die politieke lewe aanspraak maak op sy posisie in die openbare lewe... hy weet hoe om hom na die omstandighede te skik en sal ook nog in die toekoms ’n rol in die geskiedenis van Suid-Afrika speel. Hierdie trotse, vir die Boere ietwat ‘moderne’ man moet nie onderskat word nie…sonder Viljoen sal Botha, De Wet en Delarey ’n magtige party, die ‘Party van Vooruitgang’, moet beveg naas die Engelse jingo’s en die hendsoppers”. (Uit Duits vertaal.)

[9] *De Zuid-Afrikaan*, 31 Julie 1902. Hy het hierdie stellings op 17 Augustus 1902 in Johannesburg aan ’n verslaggewer van die *Transvaal Leader* herhaal. (*Transvaal Leader*, 18 Augustus 1902.)

[10] *Daily Mail*, 23 Augustus 1902.

[11] Van Gelder se betrokkenheid word afgelei uit ’n berig in die *Nieuwe Rotterdamsche Courant* wat op 27 Julie 1903 berig het dat “De Star meldt, dat generaal Ben Viljoen samen met J. van Gelder in Transvaal een ‘loyal Dutch’ blad gaan uitgeven.”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

was van finansiële ondersteuning van die staat (bv. *De Volksstem*), of van mynhuise (bv. die *Star* en *Land en Volk*).[12] Die antwoord is voor die handliggend – sy platform is dieselfde as lord Alfred Milner se Transvaalkolonieregering s'n; dit is dus na wie hy hom vir finansiële ondersteuning moet wend. Hy besluit ook om sommer sy eie fondinsamelingstoer in Europa te onderneem – sekerlik sal dit sy aansien onder die Boere versterk.

Die drie Boeregeneraals het intussen in Southampton aangekom waar hulle deur Chamberlain, Kitchener en Roberts verwelkom word. Hulle word ook genooi om die jaarlikse verbyvaart van die Britse vloot by te woon. Maar hulle wys die uitnodiging van die hand, iets wat deur die Britse pers as 'n klap in die gesig van die Britse regering beskou word.[13]

## Terug in die nuwe Transvaal

Ben is so gretig om sy koerantplanne verder te voer dat hy onmiddellik na die Transvaalkolonie reis pleks daarvan om eers sy gesin in Europa te gaan haal. Op 17 Augustus 1902 is hy terug by sy ouers in Roodepoort.[14] Nege dae later kry hy 'n afspraak met lord Milner.[15] Hy doen navraag oor sy vroeëre aansoek vir 'n staatspos, maar Milner deel hom mee dat hy op die oomblik niks geskiks vir hom het nie. Milner het natuurlik ook geen sinnigheid om Ben ooit in 'n staatspos aan te stel nie, al sou daar 'n geskikte pos gewees het. Ben vertel Milner nou van sy en Joe van Gelder se voorneme om 'n tweetalige koerant te begin wat op liberale beginsels geskoei is. Volgens hom sal dié koerant nie die belange van 'n spesifieke deel van die bevolking bevorder nie, maar "will advocate conciliatory and moderate views and will be animated by a spirit of single minded loyalty to the existing Government".[16] Milner

[12] C. van der Merwe, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 2015), 31, 132, 146.
[13] *The Times*, 18 Augustus 1902; *Daily Mail*, 23 Augustus 1902.
[14] *Transvaal Leader*, 18 Augustus 1902.
[15] University of Oxford, Bodleian Library, Milner Papers, MS 73, Milner dagboek, 26 Augustus 1902.
[16] Die inligting oor die onderwerpe van Ben se gesprek met Milner word afgelei uit 'n onderhoud wat Ben kort daarna met 'n verslaggewer gevoer het (*Transvaal Leader*, 28 Augustus 1902). Terwyl Ben wel sy voorstel aan Milner van 'n nuwe koerant aan die verslaggewer genoem het, het hy geen melding van sy werksaansoek gemaak nie. Dat hy dit wel met Milner bespreek is, kan afgelei word uit sy stelling aan die verslaggewer dat sy gesprek met Milner "also had reference to some of the ex-Boer officials whose claims to employment Mr. Viljoen says might be in the interest of both races be advantageously considered by the

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

luister, maar gee geen onderneming van regeringskant af nie. Vir Ben vertrou hy nie en boonop het hy reeds 'n perd in die resies – 'n gesant van hom het Ben se voormalige vriend Eugène Marais drie dae tevore in Lourenço Marques gaan ontmoet en daar met Marais ooreengekom dat hy so gou moontlik weer sy vooroorlogse koerant *Land en Volk* in Pretoria sal uitgee, met dieselfde redaksionele beleid as Ben se voorgenome koerant.[17]

Ben voer hierna 'n onderhoud met 'n verslaggewer van die Britsgesinde *Transvaal Leader.* Hy meld sekere van die sake wat hy met Milner bespreek het en dat hy tevrede met die onderhoud was. Hy laat egter ook deurskemer dat hy die onlangse optrede van genls. Botha, De la Rey en De Wet in Brittanje betreurenswaardig vind. Volgens hom sal dit nie versoening tussen Britte en Boere in Suid-Afrika bevorder nie, wat nou die doelwit van elke goeie Suid-Afrikaner behoort te wees. Hy wat Ben is gaan daarenteen binnekort na Europa om geld in te samel vir die burgers wat in die oorlog gewond en vermink is, en met wie dit nou baie swaar gaan. Met sy terugkeer gaan hy 'n nuwe koerant stig met die uitgangspunt wat hy aan Milner genoem het. In sy artikel meld die verslaggewer ten slotte dat Ben verklaar het, "'I am now a Britisher." Die verslaggewer voeg by dat "his visit to Britain should confirm and strenghten those admirable intentions to which he has given such unequivocal expression."[18]

Aan die begin van September kom Ben in Kaapstad aan. Saam met hom is sy getroue oorlogsekretaris luit. Jack Malan en sy Amerikaans-Ierse oorlogskameraad kol. John Blake wat saam met hom na Europa op pad is. Hier vier hy nou sy 34ste verjaardag. En Joe van Gelder het goeie nuus vir hom – sy oorlogsherinneringe is deur 'n Nederlandse asook 'n Britse uitgewer vir publikasie aanvaar.[19]

---

new Government". Dat Ben se werksaansoek afgekeur is, kan afgelei word uit 'n latere onderhoud waarin hy meld dat alhoewel Milner hom by hul vergadering bereid verklaar het om voormalige ZAR-ampenare weer aan te stel, "de eerste dien ambtenaren werden geweigerd ofschoon zy bewyzen leverden wel bekend te zyn en alle ondervinding te hebben" (*De Zuid-Afrikaan*, 6 September 1902).

[17] Van der Merwe, *Donker stroom*, 318-319.

[18] *Transvaal Leader*, 28 Augustus 1902.

[19] *Tillburgsche Courant*, 4 September 1902. Kort daarna het die *Daily Mail*, waar Van Gelder gewerk het, oor die Engelse uitgawe gemeld dat "General Ben Viljoen will be first in the field with a book of reminiscences of the war" (*Daily Mail*, 10 September 1902).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**"Kommandant" Willem Snyman**

Kort voor sy en sy metgeselle se vertrek op Dinsdag, 9 September 1902[20] noem Ben aan 'n verslaggewer van *De Zuid-Afrikaan* hy "zal waarschijnlijk ook Zuid Amerika een bezoek brengen", sonder om verder hieroor uit te wei.[21] Agter hierdie kriptiese opmerking lê egter veel meer, naamlik die verhaal van Willem Snyman, die Kaapse rebel wat Ben laas twee jaar tevore by Hectorspruit in die Oos-Transvaal gesien het, kort voor Snyman en sy seun Hardus saam met Ben se familie uit Lourenço Marques na Nederland vertrek het. Snyman en sy seun het van daar af verder na die VSA gereis, waar hulle in Desember 1900 aangekom het. Aanvanklik was hul verklaarde oogmerk om as veehandelaars in Chicago te gaan werk.[22] Snyman het egter gou besef daar is 'n makliker manier om geld te maak, want in die VSA was daar op hierdie tydstip onder 'n beduidende deel van die Amerikaanse publiek groot bewondering vir die klein Boererepublieke se stryd teen die magtige Britse ryk.[23] Hierdie vooroorlogse reisende verkoopsman van dieremedisyne, wat slegs enkele maande lank deur die Vrystaatse magte as opgekommandeerde laerkommandant en bewaarder van Britse krygsgevangenes aangewend is, het homself toe sommer na 'n vegtende kommandant bevorder wat 'n heldhaftige rol in 17 veldslae gespeel het. Aan verslaggewers het hy ook vertel dat hy voor die oorlog kwansuis 'n groot plaas met derduisende skape en beeste daarop naby Dordrecht besit het, asook 'n kandidaat vir die Kaapse parlement was.[24]


Snyman was op daardie tydstip 'n fors donkerkopman in sy vroeë veertigs, ses voet lank en breedgeskouerd, met 'n bruingebrande gesig en 'n netjiese snor. [25] Vir Amerikaners is hy die toonbeeld van die geharde Boerekryger. Hy is ook 'n goeie

---

[20] *Aberdeen Journal*, 30 Augustus 1902.
[21] *De Zuid-Afrikaan*, 6 September 1902.
[22] *Leeuwarder Courant*, 17 November 1900.
[23] Sien L. Changuion, *Uncle Sam, Oom Paul en John Bull: Amerika en die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2001), 96-100 vir 'n bespreking van Amerikaanse openbare simpatie op hierdie tydstip.
[24] *New York Times*, 27 November 1900; *Pittston Gazette*, 1 Desember 1900; *St. Louis Republic,* 23 Desember 1900.
[25] Pres. Teddy Roosevelt het hierdie beskrywing van Snyman in 'n brief aan sy seun gegee. (M. Bond, *Gold Hunter* (Albuquerque: The University of New Mexico Press, 1969), 80-81. Bond het die teks van die brief ontleen van E. Morison (ed.), *The letters of Theodore Roosevelt, Vol. II,* "The Square Deal", Cambridge: Harvard University Press, 1951).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

spreker en het kort ná sy aankoms in die VSA lesings oor sy oorlogservarings begin lewer om volgens hom geld vir Boereweduwees- en wese in te samel.[26]


(*The Congregationalist & Christian World*, 2 Des 1905)

Deur 'n Amerikaanse pro-Boer-organisasie het hy vroeg in 1901 'n ene Edward Reeve Merritt ontmoet, wat getroud is met 'n niggie van Teddy Roosevelt, die Amerikaanse vise-president. Kol. Roosevelt was self drie jaar tevore die aanvoerder van die "Rough Riders", 'n berede vrywilligerregiment wat tydens die Spaans-Amerikaanse oorlog in Kuba geveg het.[27] In April 1901 het Merritt vir Snyman aan Roosevelt voorgestel, wat beïndruk was deur hierdie indrukwekkende Boerekommandant en sy kwansuise heldedade. In hierdie "most interesting man" wat omtrent net so oud soos hy was, het Roosevelt klaarblyklik 'n mede-kryger en geesgenoot raakgesien.[28] Die twee het hierna vriende geword, iets wat later tot Snyman se groot voordeel gewerk het.[29]

Snyman het ná hierdie ontmoeting lesings gegee en geld ingevorder onder die vaandel van die Boer Relief Fund, 'n organisasie wat die vorige jaar tydens die Boeredeputasie se besoek aan die VSA gestig is om beheer oor die pro-Boere-bewegings in die land uit te oefen en die insameling van geld vir die Boereweduwees en -wese te koördineer. Die idee was dat alle fondse wat ingesamel word aan hierdie

[26] *New York Times*, 20 Desember 1900 en 22 Februarie 1901; *The Brooklyn Daily Eagle*, 9 Januarie 1901; *The Sandusky Star Journal*, 9 Februarie 1901; *Boston Evening Transcript*, 1 Maart 1901.
[27] 'Rough Riders', Wikipedia (geraadpleeg op 1 September 2015).
[28] Bond, *Gold Hunter*, 80-81.
[29] Snyman het vele kere hierna vir Roosevelt ontmoet en met hom gekorrespondeer. Hy het die volgende jaar selfs oornag by Roosevelt se vakansiewoning in Oyster Bay, Long Island, en hier 'n skietkompetisie teen Roosevelt verloor (*Chicago Daily Tribune*, 3 Augustus 1902; *The Montrose Democrat*, 18 September 1902; *The Congregationalist and Christian World*, 2 Desember 1905).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

komitee oorbetaal sou word, wat dit op sy beurt aan dr. Leyds in Brussel sou stuur.[30] Die Boer Relief Fund se geldsake is egter onder die beheer geplaas van Charles Pierce, 'n skelm Amerikaner wat die Vrystaatse konsul in New York was.[31] Die Boer Relief Fund het toe in 'n bedrogspul ontaard, met 'n sindikaat uitgeweke Boere wat kruis en dwars deur Amerika lesings gegee en geld ingesamel het.[32] Die onderlinge reëling was dat fondsinsamelaars soos Snyman die helfte van wat hulle ingesamel het vir hulself kon hou, en Pierce die res.[33] Geen geld is na Leyds in Brussel gestuur nie.[34] Reeds in September 1901 het prominente Amerikaners hieroor begin kla. Die tesourier van die American Transvaal League het in hierdie maand aan Montagu White, dr. Leyds se persoonlike gesant in die VSA, geskryf "What bothers us most are the independent and semi-official Boer carpetbaggers in this country…They are all so interested in the widows and orphans confidence game that they will each one of them care more for the success of one meeting at which they collect the funds than for the entire Boer Nation."[35] White self het vir Snyman as 'n "fakir and humbug with a plausible tongue" bestempel.[36]

Voor Leyds en White kon ingryp is die Amerikaanse president, William McKinley, ook in September 1901 deur 'n sluipmoordenaar noodlottig gewond en het Teddy Roosevelt die nuwe president geword. Onder die Boere en hul simpatiseerders

---

[30] Changuion, *Uncle Sam,* 61, 99, 102, 129, 138, 146. Die Boeredeputasie het bestaan uit A.D.W. Wolmarans, lid van die Uitvoerende Raad van die ZAR, C.H. Wessels, voorsitter van die Vrystaatse Volksraad, en adv. Abraham Fischer, lid van die Uitvoerende Raad van die Vrystaatse Volksraad. Hulle is deur pres. Kruger en pres. Steyn na Europa gestuur om bemiddeling tussen Brittanje en die Boererepublieke deur die Europese moondhede te probeer bewerkstellig. Hulle het in Mei 1900 'n besoek aan die VSA afgelê waartydens die Boer Relief Fund gestig is.

[31] Ibid., 185, 189. Die Boeredeputasie was skynbaar ook onbewus dat Pierce 'n ongerehabiliteerde insolvent was toe hulle hom aangestel het (TAB, Leyds-argief, vol. 514 deel I, p.203, nota op brief, M. White – P. van Vlissingen, 12 Februarie 1902).

[32] Ibid., 103.

[33] Die lede van hierdie sindikaat was onder meer Willem Snyman, Herklaas Viljoen, A.J. Liebenberg (al drie Kaapse rebelle), asook Louter Wessels, die broer van C.H. Wessels, een van die drie lede van die Boeredeputasie. Die werkinge van die skema het op die lappe gekom toe Liebenberg by 'n ene H.H. de Vos, 'n prominente Amerikaanse pro-Boer, gekla het dat hy nie sy regmatige deel by Pierce gekry het nie. De Vos het toe vir Montagu White, dr. Leyds se persoonlike gesant in die VSA hiervan in kennis gestel (TAB, Leyds-argief, vol. 513, deel 1, p. 186, brief, De Vos – White, 4 September 1901).

[34] Reeds in Mei 1901 het dit Montagu White begin kwel dat geen van die fondse wat in VSA ingesamel is Leyds bereik het nie (TAB, Leyds-argief, vol. 515 deel 1, White – Fischer, 15 Mei 1901). Hy het probeer om onder andere Snyman hieroor vas te pen, maar dié het hom telkemale ontduik (sien bv. W.J. Leyds, *Vierde Verzameling (Correspondentie 1900-1902)* ('s Gravenhage: Geuze, 1934), 491-492, brief 535, White – Leyds, 6 Desember 1901.)

[35] TAB, Leyds-argief, vol. 514, deel 1, p.30, brief, Van Vlissingen – White, 3 September 1901.

[36] Leyds, *Vierde Verzameling*, 428, Bylae 2 (B) tot brief nr. 465, White – Van Vlissingen, 10 Oktober 1901.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in Amerika was daar hernude hoop op Amerikaanse bemiddeling, want Roosevelt se simpatie met die Boere het sedert die aanvang van die oorlog stelselmatig gegroei, soos hy ses maande tevore aan sy seun geskryf het ná Snyman se besoek aan hom.[37] ’n Paar weke ná sy inhuldiging het Roosevelt selfs geld na Snyman se vrou laat stuur, wat nou terug in die Kaapkolonie was.[38] Snyman het dus die oor gehad van hierdie magtige land se president, wat die Boere gehoop het in hul stryd met Brittanje sal bemiddel – iets wat Snyman in ’n baie sterk posisie geplaas het. Dit sou die Boere se saak groot skade berokken het as Snyman en die ander Boere wat as fondsinsamelaars gewerk het in die openbaar gediskrediteer sou word. White was dus magteloos om hul bedrywighede stop te sit.[39] Die klagtes van Amerikaners het eger aanhou instroom. ’n Oud-senator het hierna aan White geskryf, “Messrs. Snyman and Viljoen, sailing under various military titles are now scouring the country for more funds to be sent to Mr. Pierce.”[40] Snyman het egter tot aan die einde van die oorlog met sy fondsinsameling voortgegaan.

Ná die vredesluiting was Snyman gretig om hom permanent in Noord-Amerika te vestig, aangesien hy as Kaapse rebel moontlik tronkstraf in die gesig sou staar as hy na Suid-Afrika terugkeer. Hy het aan Mexiko as ’n moontlike bestemming gedink, ’n idee wat waarskynlik gespruit het uit ’n voorstel wat sir Hiram Maxim, uitvinder van die gelyknamige masjiengeweer, in Augustus die vorige jaar aan pres. Kruger gemaak het. Maxim het Kruger verseker dat hy die grootskaalse emigrasie van Boere na Noord-Mexiko kan organiseer en dat hy die fondse het om so ’n skema te laat werk. Die klimaat en grond hier was volgens hom soortgelyk as in die Transvaal en baie geskik vir beesboerdery.[41] Niks het egter van Maxim se voorstel gekom nie. Snyman het Nederland egter kort hierna besoek, waar hy met sy en Ben se gemeenskaplike kennis A.D.W. Wolmarans ontmoet het en vermoedelik by hom van Maxim se voorstel verneem het.[42] Op Snyman se versoek het dr. H.P.N. Muller, konsul-generaal van die

---

[37] Bond, *Gold Hunter*, 80-81. Bond het die teks van die brief ontleen van E. Morison (ed.). *The Letters of Theodore Roosevelt, Vol. II,* “The Square Deal”, Cambridge: Harvard University Press, 1951. Roosevelt het hierin geskryf: “When the war broke out, while I felt a warm sympathy with the Boers, yet I believed the war to be inevitable and felt that civilization demanded the triumph of the English. But I confess that what has gone on has shaken my conviction a good deal…[I] feel that the English had no right whatsoever to go into this task as they did, for their capacity and the justice of their cause taken together did not warrant their position.”

[38] Changuion, *Uncle Sam*, 173.

[39] Ibid., 189.

[40] TAB, Leyds-argief, vol. 513, deel 1, p. 197, brief, Wesselius – White, 16 Oktober 1901.

[41] L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: ’n Biografie van Dr. W.J. Leyds* (Pretoria: J.L. van Schaik, 1985), 233.

[42] Snyman het 31 Oktober 1901 na Nederland vertrek (TAB, Leyds-argief, vol. 511, brief, Pruyn – White, 8 November 1901). Teen 1 Desember 1901 was hy terug in New York, met ’n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vrystaat in Nederland, wat saam met hom in April 1902 'n lesing in Kalifornië gelewer het[43] en toevallig kort ná die vredesluiting in Mexiko was, met dié land se president, Porfirio Díaz, oor die moontlike vestiging van Boere in Mexiko gepraat.[44] Hieroor was Díaz baie entoesiasties en hy het sy ondersteuning belowe.[45]

Uit Ben se kommentaar aan die *De Zuid-Afrikaan* se verslaggewer lyk dit of Snyman hom van die moontlikheid van hervestiging in Mexiko laat weet het. Ben het dus 'n alternatief in gedagte as sy ander planne nie uitwerk nie. Terwyl Ben na Europa onderweg is, ontmoet Snyman op 15 September 1902 weereens vir pres. Roosevelt by sy woning in Oyster Bay, Long Island.[46] Die moontlike vestiging van Boere in Mexiko word nou bespreek. Amptelik kan die Amerikaanse president nie bekostig om Brittanje te ontstel deur hierdie inisiatief van die Boere openlik te ondersteun nie, maar Roosevelt stel voor dat Edward Reeve Merritt vir Snyman na Mexiko vergesel om pres. Díaz van Mexiko te gaan sien. Die teenwoordigheid van so 'n hooggeplaaste Amerikaner en aangetroude familielid van die Amerikaanse president sal immers Snyman se pad vergemaklik.[47]

brief van A.D.W. Wolmarans, wat hy aan Montagu White gestuur het (Leyds, *Vierde Verzameling*, 491, brief, Snijman – White, 1 Desember 1901).

[43] *San Francisco Chronicle*, 11 April 1902.

[44] Die afleiding dat Muller namens Snyman opgetree het, word na aanleiding van verskeie bronne gemaak. Soos aangetoon het Muller in April 1902 saam met Snyman in Kalifornië 'n lesing gegee. Muller het oor sy ontmoeting met pres. Díaz twee maande later geskryf: "Aan het einde van den oorlog behandelde ik nog op verzoek van Boeren, die naar de Vereenigde Staten waren uitgeweken, met den Mexikaanschen Staatspresident Don Porfirio Díaz hun vestiging in diens staat, die op kleine schaal inderdaad is tot stand gekomen" (F.J. du T., Spies, *'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat: Uit die nagelate papiere van Dr. Hendrik P.N. Muller, oud-Konsul-generaal van die Oranje Vrystaat* (Amsterdam: Swets & Zeitlinger, 1946), 295-296). Snyman se Boere-vestiging was inderdaad al een wat in Mexiko tot stand gekom het. Verder het Snyman in Oktober 1902 aan 'n verslaggewer gemeld dat "he was going to Mexiko at the suggestion of Dr. Muller, envoy of the Orange Free State, who visited Mexico about five months ago" (*New York Tribune*, 17 Oktober 1902).

[45] In sy reisherinneringe het Muller gemeld dat Díaz by hul vergadering vol bewondering vir die Boere was en verklaar het dat "Diegenen hunner, die in hul land niet meer zullen kunnen terecht komen, wil hij helpen en mij tegemoet komen zooveel hij kan" (H.P.N. Muller, *Door het land van Columbus* (Haarlem: De Erven F. Bohn, 1905), 135, 212-213).

[46] *New York Tribune*, 16 September 1902; *The Montrose Democrat*, 18 September 1902.

[47] Bond, *Gold Hunter*, 82.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**<u>Breuk met die Boeregeneraals</u>**

Ben en sy metgeselle kom op 27 September 1902 in Southampton aan ná ’n skeepreis van 18 dae en gaan aanvanklik in Morley’s Hotel langs Trafalgar Square tuis.[48] Op hierdie tydstip is genls. Botha, De la Rey en De Wet in Nederland, waar Ben se vrou Lenie en sy drie kinders, Eugène, Silvanus en Minnie, al byna twee jaar lank op die koste van die ZAR-regering woon. Die drie Boeregeneraals het ’n paar weke tevore met Chamberlain in Londen ontmoet en gepoog om van die vredesterme te wysig, onder meer wat betref die toestaan van amnestie aan die rebelle, gelyke behandeling van Nederlands en Engels in skole en die howe, pensioene vir weduwees, verdere vergoeding vir oorlogsverliese en die aanstelling van voormalige staatsamptenare. Chamberlain het hulle egter onverrigter sake na Nederland teruggestuur.[49] Van hulle kom nou nogmaals geen uitnodiging aan Ben om by hulle aan te sluit nie, iets wat hom weereens diep krenk.[50] Aan verslaggewers verklaar hy dat hy binnekort na Nederland gaan om sy familie te gaan haal, maar nie van plan is om sy voormalige kamerade te ontmoet nie. Hy spreek die mening uit dat hulle “acted unwisely in discarding the outstretched hand of friendship that was offered them by the English people”. [51]Volgens hom is die Boere moeg vir baklei en wil hulle net die geleentheid gegun word om in rus en vrede te leef en hulself weer op te hef. In die *Daily Mail* maak Joe van Gelder nou sterk voorbrand vir sy vriend se boek wat binnekort gaan verskyn. “[It] is likely to excite considerable interest, since the author has endeavoured to treat events from a strictly impartial point of view.”[52]

Twee dae ná hulle aankoms in Engeland vertrek Ben, Blake en Malan na Den Haag. Toevallig is genls. Botha, De la Rey en De Wet ook nou in dié stad.[53] Ben probeer om deur A.D.W. Wolmarans ’n uitnodiging te kry om by die drie generaals se toer aan te sluit. As rede gebruik hy twee uitnodigings wat hy van mense in Holland gekry het

---

[48] *Daily Mail.*, 29 September 1902. Suid-Afrika Huis staan vandag op die perseel waar hierdie hotel was (‘Morley’s Hotel’, Wikipedia (geraadpleeg op 4 April 2017)).
[49] *The Times*, 11 September 1902; *Daily Mail*, 11 September 1902.
[50] Ben het hierdie sentimente ’n paar dae later in Holland aan A.D.W. Wolmarans uitgespreek (TAB, A371, S.P. Engelbrecht aanwins, vol. 47A, 96, brief, Viljoen – Wolmarans, 4 Oktober 1902).
[51] *Daily Mail*, 29 September 1902.
[52] Ibid.
[53] *The Times,* 4 Oktober 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om lesings te gee.[54] Toe die Boereverteenwoordigers in Holland hiervan hoor is hulle bitter ongelukkig, want dit sal inmeng met die drie Boeregeneraals se eie fondsinsamelingspogings. Boonop het dr. Leyds ’n persoonlike appeltjie met Ben te skil, want Joe van Gelder het juis ’n paar weke tevore in die *Daily Mail* geskryf dat Ben verklaar het, “if he ever laid hands on Dr. Leyds he would wring his neck”.[55] Ook in Johannesburg het Ben aan ’n verslaggewer van die *Transvaal Leader* met ’n “indescribable expression of scorn” verklaar dat “he and I were never in the same boat”.[56] Leyds steek dus onmiddellik ’n stokkie voor Ben se planne deur te skryf aan een van die persone wat Ben genooi het, ene mnr. Humme in Rotterdam:

> Nu Ben Viljoen in het land is en misschien als held wil gaan optreden, mag ik niet nalaten U op uwe hoede te stellen. Generaal Viljoen is niet vertrouwbaar. Aan zijn gevangenneming is een luchtje; Generaal Botha meent dat hij zich eenvoudig heeft overgegeven…Botha verteld mij dat hij juist van plan was Viljoen in hechtenis te laten nemen, toen Viljoen zoogenaamd in handen der Engelschen viel. U weet dus wat van dezen man te denken.[57]



*Dr. W.J. Leyds.* (TAB-fotoversameling)

Geen uitnodiging word steeds ook deur die drie generaals aan Ben gerig om by hulle aan te sluit nie. Hieroor braak Ben gal teenoor sy metgeselle. ’n Britse geheime agent wat hul geselskap geïnfiltreer het, rapporteer op 2 Oktober aan sy base dat “Ben Viljoen openly discusses his hatred and disgust of Leyds, and does not want to have anything to do with either Leyds or the Generals.”[58] Ben gaan sien Wolmarans om sy misnoeë uit te spreek oor die optrede van die Boeregeneraals, kwansuis namens sy metgeselle, wat “groote bezwaar” het dat hy wat Ben is nie

[54] TAB, A371, S.P. Engelbrecht aanwins, vol. 47A, 97, brief, Viljoen – Wolmarans. Hierdie brief is ongedateer, maar uit die konteks kan afgelei word dat Ben dit op hierdie tydstip aan Wolmarans gestuur het.
[55] *Daily Mail*, 23 Augustus 1902.
[56] *Transvaal Leader*, 18 Augustus 1902.
[57] Nationaal Archief, Den Haag, Collectie 097, W.J. Leyds, vol. 39, brief, Leyds – A.A. Humme, 2 Oktober 1902.
[58] TAB, HC 98, Report of Agent D/233, 2 Oktober 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

genooi word om by hulle aan te sluit nie. Hy vra Wolmarans om maar te swyg hieroor, en verklaar dat hy op sy eenvoudige manier sal poog om sy bes vir sy volk te doen.[59] Die breuk tussen Ben en sy mede-generaals is egter na dese nie meer ’n geheim nie en tydens sy kort verblyf in Den Haag sal hy hulle nie ontmoet nie.[60]

Vermoedelik het Snyman nou vir Ben oor sy positiewe vergadering met Roosevelt laat weet. Ben en Lenie besluit dat sy en die kinders vir tyd en wyl na Suid-Afrika sal terugkeer, terwyl hy ná sy fondsinsamelingspogings in Europa na Mexiko sal reis om die moontlikheid van hervestiging daar te ondersoek.[61] Ben sluk nou maar sy trots en rig ’n versoek aan Leyds om aan hom £110 (R110 000) uit die ZAR-fondse te bewillig om vir Lenie, haar suster en sy drie kinders se eersteklaskaartjies na Suid-Afrika te betaal. Seker om van Ben ontslae te raak, stem Leyds hiertoe in, maar voeg by dat hy nou ’n uitsondering maak, want die normale praktyk is om slegs vir tweedeklaskaartjies te betaal vir Boerevroue en -kinders wat na Suid-Afrika terugkeer.[62]

---

[59] TAB, A371, S.P. Engelbrecht aanwins, vol. 47A, 96, brief, Viljoen – Wolmarans, 4 Oktober 1902.

[60] Kort ná sy besoek aan Holland het Ben in ’n brief aan die *Daily Mail* verklaar dat “I am not in communication with the other Boer generals, and that I saw neither them, nor Mr. Kruger, nor Dr. Leyds, during my short stay in the Hague” (*Daily Mail*, 7 Oktober 1902).

[61] Dit word afgelei uit ’n brief wat ene Esther Gordon vroeg in 1903 uit Europa aan Lenie in Suid-Afrika geskryf het, in antwoord op ’n brief van haar. Ongelukkig het net die laaste paar bladsye van Gordon se brief behoue gebly, met geen aanduiding van die datum daarvan nie. In haar brief het Gordon egter verwys na die onlangse terugkeer van A.D.W. Wolmarans en sy gesin na Suid-Afrika, wat in Januarie 1903 plaasgevind het (*Het Nieuws van den dag,* 27 Januarie 1903.). Gordon het in haar brief geskryf: “I saw in the newspaper that your husband had gone to America. How you must miss him! And fancy only seeing him for a fortnight after such a long separation. I suppose he will soon return now as you have decided not to go to Mexico” (WW-versameling, brief, Esther Gordon – Lenie Viljoen, c.1903). Hieruit is dit duidelik dat Lenie eers ná haar terugkeer na Suid-Afrika teen vestiging in Mexiko besluit het, want sou sy reeds in Europa daarteen besluit het, sou dit nie sin vir Ben gemaak het om in die eerste plek Mexiko te besoek nie. Dit is ook hoogs onwaarskynlik dat Ben sy gesin nou al na Mexiko sou wou geneem het, aangesien daar op hierdie tydstip nog niks tasbaars was nie en selfs Snyman nog nie eens Mexiko besoek het nie.

[62] TAB, A371, S.P. Engelbrecht aanwins, vol. 46, p.129, brief, Wolmarans – Viljoen, 14 Oktober 1902. Wolmarans het in hierdie brief verwys na Ben se brief aan Leyds, asook laasgenoemde se kommentaar.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Lesingtoer**

Op 6 Oktober 1902 is Ben in Londen met sy gesin. Met verwysing na die Boeregeneraals se Europese besoek skryf hy onmiddellik aan die *Daily Mail*: "My mission in England is quite independent of, and perhaps foreign to, any similar Continental mission." Hy wat Ben is wil inderdaad geld insamel vir verminkte Boere wat nie in staat is om hul ou beroepe voort te sit nie, en moontlik vir 'n tipe hospitaal of inrigting waar hulle gehuisves kan word en nuttige werk sal kan doen.[63] Ben bring nou die volgende tien of so dae deur om die Engelse weergawe van sy oorlogsherinneringe persklaar te kry; nou en dan woon hy 'n toneelopvoering by.[64] Hy sluit ook 'n kontrak met 'n Britse impresario om reëlings vir hom te tref om 'n reeks lesings in Brittanje oor die oorlog te gee.[65]

Die middag van Donderdag, 16 Oktober lewer Ben sy eerste praatjie by Queen's Hall in Londen. Ben word voorgestel deur ene Ben Nathan, wat sarkasties verklaar dat hierdie Boeregeneraal op geen politieke sending in Brittanje is nie en ook nie soos sommige ander gaan probeer om die vredesterme te wysig nie. Die gehoor laat hul goedkeuring luidkeels hoor. Ben kom nou aan die beurt, en sy voorkoms en aanslag word soos volg deur verslaggewers beskryf:


> General Viljoen, who is an erect, soldiery-looking man in the prime of his life, presents a great contrast to the Boer type as the illustrated papers have made it familiar to people at home. He wore a suit of black clothes resembling undress military uniform, and in appearance is more like a French officer than a typical Boer commandant. He speaks perfect English, and his lecture, which was brightened by frequent touches of humour, partook more of the nature of a causeric than a formal set address.[66] …General Viljoen spoke frankly…but he always put his point with admirable restraint and quiet humour which disarmed all hostile criticism.[67]

Ben lewer 'n sowat uur lange toespraak, wat hy in die loop van die volgende paar weke 'n dosyn of wat keer in dieselfde trant elders in Brittanje sal herhaal. Hy begin deur te verklaar dat hy nog nooit 'n gehoor in Engels toegespreek het nie, wat natuurlik

[63] *Daily Mail*, 7 Oktober 1902; *Land en Volk*, 10 Oktober 1902.
[64] *Dundee Evening Telegraph*, 15 Oktober 1902.
[65] *Algemeen Handelsblad*, 18 Oktober 1902. Hierdie impresario was ene Harry Lundy, die eienaar van 'n teater in Londen.
[66] *The Times*, 17 Oktober 1902.
[67] *Daily Mail*, 17 Oktober 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onwaar is. Tot die aanwesiges se groot vermaak skerts hy dat hy al voorheen deur Britse magte omsingel is, maar nog nooit so onseker oor sy toekoms gevoel het soos nou nie – hy het vooraf die saal se uitgange noukeurig ondersoek ingeval hy vinnig moet ontsnap. Toe die gelag bedaar, skets hy kortliks die geskiedenis van die Boere en spreek die mening uit dat die Jameson-inval die hoofoorsaak van die oorlog was, met die mynmagnate se opstokery in Johannesburg ’n kortkop daaragter.




A BOER GENERAL'S RECEPTION IN THE WEST END: COMMANDER BEN VILJOEN'S LECTURE AT QUEEN'S HALL

Ben gee hierna ’n oorsig van die veldslae waarby hy betrokke was en praat sonder voorbehoud oor wat hy van die vernaamste rolspelers in die oorlog dink.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens hom was genl. De Wet eintlik maar net 'n "newspaper general", die skepping van entoesiastiese Britse joernaliste. En sommige Boeregeneraals was meer geskik om dominees te wees, verklaar hy, terwyl ander 'n bestaan as narre kon gemaak het. Volgens hom respekteer en bewonder alle Boere lord Kitchener, 'n stelling waarmee sommige van sy eertydse kamerade sekerlik sou verskil het.[68] Wat die gewone Britse voetsoldate betref, beskou hy hulle as ongeëwenaard wat betref hul patriotisme en bereidwilligheid om te veg, maar hy meen hulle is hulpeloos sonder die leiding van offisiere. Op hul beurt was die Boere nie net helde nie: in hul geledere was daar ook ongedissiplineerde en lafhartige burgers wat nou en dan met die sambok afgeransel moes word. Ten slotte verklaar hy dat die Boere moeg is vir veg en dat die geringste teken van Britse vriendskap veel sal doen om versoening te bewerkstellig. Na sy mening is daar geen kans op 'n opstand onder sy volksgenote nie – hy voorspel dat Boer en Brit in die toekoms in vrede gaan saamleef. Sy toespraak word goed ontvang en agterna kom baie mense na die verhoog om sy hand te skud.[69]

Ben se oorlogsherinneringe verskyn ook in hierdie week in Nederland en die koerantresensies is gunstig. Een resensent meen dit "doet aangenaam aan om de eerlijkheid waarmee het geschreven is",[70] terwyl 'n ander skryf "een waarheidslievend, geestig, boeiend verteller is aan het woord".[71] Die resensent van die invloedryke *Algemeen Handelsblad* beskryf dit as 'n goeie boek en bestempel Ben as 'n uitstekende waarnemer en eerlike verteller.[72] Minder gunstige menings is daar egter ook. In Utrecht voel 'n jong D.F. Malan, toekomstige eerste minister van Suid-Afrika en nou 'n teologiestudent, dat hoewel dit boeiend geskryf is, Ben se persoonlikheid soos dit in die boek weerspieël word hom glad nie geval nie. Hy voel dat Ben homself heeltyd op die voorgrond plaas en veral geneig is om episodes weer te gee waarin mense se bewondering vir hom uitgebeeld word. Wat hom veral teen die bors stuit, is hoe Ben met die Boere se godsdienstigheid spot.[73] Op sy beurt het P.A. Nierstrasz later die opinie uitgespreek dat Ben se oorlogsherinneringe min geskiedkundige waarde het. Volgens hom het Ben oppervlakkige en dikwels hoogs onbillike kritiek gelewer om feite oor homself te verdoesel. Verder het hy opgemerk dat Ben dikwels in goedgekose

[68] *The Times*, 17 Oktober 1902; *Daily Mail*, 17 Oktober 1902.
[69] Ibid.
[70] *Het Volk*, 18 Oktober 1902.
[71] *Provinciale Overijsselsche en Zwolsche Courant*, 20 Oktober 1902.
[72] *Algemeen Handelsblad*, 30 Oktober 1902.
[73] Universiteit Stellenbosch, J.S. Gericke biblioteek, Dokumentesentrum, D.F. Malan-versameling, 1/1/205, brief, Malan – Cinie Louw, 5 November 1902 (met dank aan prof. Albert Grundlingh en Lindie Koorts wat hierdie inligting verskaf het).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

woorde die plig verkondig het om die regering en hoë offisiere te eerbiedig, maar dat hy herhaaldelik tydens die oorlog ongehoorsaam was en die regering en bestuur van die Boeremagte gekritiseer het, en só die getrouheid en gehoorsaamheid van ander ondermyn het.[74]

Twee dae ná sy toespraak by Queen's Hall vertrek Lenie en sy drie kinders uit Southampton na Suid-Afrika op die stoomskip *Galeka.*[75] Die dag ná hul vertrek woon Ben 'n dinee saam met die prominente Liberale politikus Lloyd George en ander goedgunstige Britte in Londen by.[76] Op 22 Oktober kom genls. Botha, De la Rey en De Wet weer in Londen aan ná hul besoek aan Nederland, Frankryk en Duitsland.[77] Ben vermy hulle en gaan eet die dag van hul aankoms eerder saam met 'n lid van die Britse Laerhuis. Saam met hom is die Vrystaatse generaal P.H. Kritzinger, wat 'n paar dae tevore in Engeland aangekom het, vergesel van sy mede-Vrystaters, kommandante W.D. Fouché en G.D. Joubert.[78] Kritzinger was assistent-hoofkommandant van die Vrystaatse magte in die Kaapkolonie en dele van die Vrystaat, tot hy kort voor die einde van die oorlog gewond en gevange geneem is. Fouché het onder Kritzinger en later genl. Smuts in die Kaapkolonie geveg. Op sy beurt was Joubert die bevelvoerder van die Bethulie- en Smithfield-kommando tot hy 1901 gevange geneem is.[79] Hierdie drie Vrystaters beoog ook om lesingstoere in Brittanje en die VSA te onderneem.[80]

Ben vertrek kort hierna op sy eie lesingstoer van etlike weke en gee suksesvolle toesprake in onder meer Bristol, Bournemouth, Dublin, Belfast, Birmingham,

[74] TAB, Leyds-huisargief, vol. 3, P.A. Nierstrasz, 'Generaal Ben Viljoen', c1904-1906. Uit Nederlands vertaal.
[75] *De Telegraaf*, 16 Oktober 1902; Aanlynargief: *Find my past*, http://search.findmypast.co.uk, Passenger Lists leaving UK 1890-1960 (Geraadpleeg op 26 Desember 2014). Volgens H.C. Viljoen het Ben en Lenie se paaie in Southampton geskei omrede Lenie nie saam met hom na die VSA wou gaan nie, en het Ben hier finaal van sy gesin afskeid geneem. Voorgenoemde skrywer laat dit ook voorkom of Ben nooit weer na Suid-Afrika teruggekeer het nie ('Die Viljoens in die V.S.A.' in H.C. Viljoen, *Viljoen-Gedenkboek* (Stellenbosch: Viljoen-Familiebond, 1977), 31. Soos in voetnota 61 hierbo aangedui lyk hierdie inligting egter verkeerd. Ben het verder 'n paar maande later uit New York 'n liefdevolle poskaart aan Lenie en haar familie gestuur, wat dit ook onwaarskynlik maak dat daar nou sprake van 'n egskeiding was (EM-versameling, Viljoen – O.J. Els (Lenie se pa), 3 Januarie 1903). En soos later aangetoon word het Ben wel die volgende jaar na Suid-Afrika teruggekeer en het hy eers toe besluit om van Lenie te skei (Sien hoofstuk 10).
[76] *Land en Volk*, 24 Oktober 1902.
[77] *The Times*, 23 Oktober 1902.
[78] *Land en Volk*, 31 Oktober 1902; *Lebanon Daily News* (Pennsylvania), 2 Oktober 1902.
[79] J. Malan, *Die Boere-Offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (Pretoria: J.P. van der Walt, 1990), 39, 86, 96.
[80] *The Times*, 2 Oktober 1902

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Liverpool, Leeds, Glasgow en Edinburgh.[81] Weereens kan Ben nie 'n wag voor sy mond hou nie. In Dublin noem hy aan 'n verslaggewer van *The Times*, die mees gesaghebbende koerant in Brittanje, dat dit swak diplomasie van die Britse regering is om Milner as hul vernaamste verteenwoordiger in Suid-Afrika te behou.[82] Vir iemand wat hoop op Milner se ondersteuning van sy voorgenome koerant, of om in 'n staatspos aangestel te word, is dit eweneens nie goeie diplomasie nie. Waarskynlik is Ben egter reeds van plan om Chamberlain oor sy voorgenome koerant te gaan sien, want in Birmingham, laasgenoemde se tuiste, het hy net goeie woorde oor dié Britse staatsman te sê. Die nuus is kort tevore bekend gemaak dat Chamberlain Suid-Afrika binnekort gaan besoek om hom van die situasie daar te vergewis. Aan verslaggewers verklaar Ben dat Chamberlain die bekendste Brit in Suid-Afrika is; moontlik die mees gehate een ook. Hy glo egter Chamberlain se besoek sal die Boere oortuig dat hul indrukke van hom misplaas is.[83] Hy beskou die vrees dat Chamberlain se lewe in Suid-Afrika in gevaar mag wees, as belaglik – hy wat Ben is, is bereid om homself as gyselaar in Brittanje aan te bied as waarborg vir Chamberlain se veilige terugkeer.[84]

## **<u>Die "Mad Mullah" van Somaliland</u>**

Intussen het Ben tydens sy lesingstoer 'n bevlieging gekry wat hom baie ongewild in Suid-Afrika en Nederland sal maak. In Brits-Somaliland besorg Mohammed Abdulla Hassan, deur die Britse pers die "Mad Mullah" gedoop, al verskeie jare lank vir die Britte hoofbrekens. Hassan is die fanatiese leier van 'n krygslustige Moslemsekte en het homself in 1899 as die lang verwagte Mahdi[85] aangekondig. Hy het toe 'n heilige oorlog verklaar om die Britse juk in Somaliland af te gooi. Twee ekspedisies is daarna deur die Britse regering geloods om sy opstand te onderdruk en hom te vang, sonder sukses. Tot dusver het die Britte hoofsaaklik van plaaslike en swak opgeleide Somali-vrywilligers onder leiding van Britse offisiere gebruik gemaak om sy krygers te beveg.

---

[81] *Daily* Mail, 16 Oktober 1902; *The Times*, 29 Oktober 1902; *Daily Express*, 30 Oktober 1902; *Daily Mail*, 1 November 1902; *Manchester Guardian*, 4 November 1902; *The Scotsman*, 10 November 1902.
[82] *The Times*, 29 Oktober 1902.
[83] *Daily Mail*, 1 November 1902; *Manchester Guardian*, 4 November 1902.
[84] *Edinburgh Evening News*, 31 Oktober 1902.
[85] In die Moslemgeloof word geglo dat die Mahdi 'n geestelike leier is wat voor die einde van die wêreld sal heers en geloof en geregtigheid sal herstel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die dag waarop Ben en sy familie uit Nederland in Londen aangekom het, het 'n Britse ekspedisiemag 'n terugslag gehad toe die Britte se Somalisoldate paniekbevange gevlug het ná 'n aanval deur Hassan se mag. Twee Britse offisiere het ook in die aanval gesneuwel. Die Britse regering besluit nou dat die volgende ekspedisie eerder uit behoorlik opgeleide troepe van elders uit die Britse ryk moet bestaan.[86]



*Ben Viljoen in Londen.* (BJV-versameling)

Op 1 November berig die Britse pers dat 'n groep Boere- en Britse offisiere in Suid-Afrika aangebied het om met 1 000 man (helfte Boere, helfte Britte) in Somaliland te gaan veg.[87] Ben is nou in Leeds waar hy 'n toespraak moet lewer.[88] Hy laat nie op

[86] D. Jardine, *The mad Mullah of Somaliland* (Londen: Herbert Jenkins Limited, 1923), 36, 42, 49, 75, 81-86; *The Manchester Guardian*, 20 Oktober 1902.
[87] Sien byvoorbeeld *Sheffield Daily Telegraph*, 1 November 1902.
[88] *Manchester Guardian*, 4 November 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hom wag nie en skryf die volgende dag aan lord Roberts, nou hoof van die Britse weermag.

> If it should be decided to accept the services of a commando of burghers from the Transvaal against the Somalies [sic], I would be pleased to hear from your Honour, as I may be able to place my services at your Honour's disposal. My address will be in Edinburgh this week. I have the honour to remain your Honour's obedient servant.[89]

Wat Ben egter nie weet nie, is dat sommige van die Boere-vrywilligers voormalige National Scouts is, daardie Boere wat tydens die Anglo-Boereoorlog by die Britse leër aangesluit en die wapen teen hul volksgenote opgeneem het. Waaroor hy ook blykbaar nie nadink nie, is hoe hy, 'n prominente Boere-generaal, deur meeste van sy volksgenote beskou gaan word as hy so gou ná die verwoestende oorlog vir die Britse veroweraars van sy land gaan veg. Weldra sal hy dit uitvind. Sekerlik met die oog op sy toekoms in 'n nuwe Suid-Afrika, wil Ben sy bereidwilligheid om Brittanje te help ook algemeen bekend maak. Die volgende dag verskyn sy brief aan Roberts in die *Daily Mail,* hoogs waarskynlik deur sy vriend Joe van Gelder se toedoen.[90]

Die dag ná Ben se brief bespreek die Britse kabinet die Boere se aanbod. Chamberlain is van mening dat dit nie van die hand gewys moet word nie. Hy glo hulle sal uiters geskikte soldate wees, maar "he would value their service more on account of the moral effect it would have upon the South African situation".[91] Op sy beurt laat weet lord Landsdowne, die Britse minister van buitelandse sake, vir Roberts dat die kabinet nie oor Ben se aanbod kan besluit alvorens hulle op 'n gevegsplan vir die volgende Somaliland-ekspedisie besluit het nie. Hy stel voor dat Roberts Ben moet bedank vir sy aanbod en hom laat weet dit sal oorweeg word. Hy voeg egter by, "[O]ught we to send Boers?…I fear they wouldn't know how to manage native levies without a sjambok!"[92]

In Nederland en Suid-Afrika gaan Ben se aanbod aan Roberts nie ongemerk verby nie. Drie dae ná Ben se brief aan Roberts skryf D.F. Malan aan 'n korrespondent

[89] National Army Museum Templer Study Centre, Londen, Roberts Papers, Official letters to Lord & Lady Roberts from various correspondents, 7101/23/46/108, brief, Viljoen – Roberts, 2 November 1902.
[90] *Daily Mail*, 3 November 1902.
[91] TNA, FO 2/812, East Africa Confidential, nota deur lord Landsdowne, minister van buitelandse sake, 3 November 1902.
[92] Ibid., brief, Landsdowne – Roberts, 4 November 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in Suid-Afrika "Ben Viljoen is ook in Europa maar maakt een ongunstigen indruk". [93] En in Pretoria merk Eugène Marais se koerant *Land en Volk* op: "Ben Viljoen is wat men noem een beetje excentriek. Hij is levendig, spraakzaam, ontvlambaar. Er moet veel Fransch bloed in zijn aderen zijn…Nu wil hij weer den Gekken Mullah op zijn tabernakel gaan spelen."[94]

## **Die halsstarrige skuldenaar**

Terwyl hy op sy lesingstoer in Bradford is, onvang Ben 'n brief wat A.D.W. Wolmarans die vorige maand uit Nederland aan hom gerig het. Hierin versoek Wolmarans hom om die £150 (R150 000) terug te betaal wat hy by hom geleen het, aangesien hy mos nou geld uit sy boek en lesings verdien.[95] Ben antwoord hierop dat die geld wat hy verdien so min is dat hy nie die lening kan terugbetaal nie. Hoekom kan dit nie eerder uit die ZAR se fondse afgelos word nie? Hy word nog immers sy oorlogsalaris geskuld, verklaar hy, en hy weet tog dat 'n aansienlike som geld tydens die oorlog uit die Transvaal na Nederland gestuur is.[96]

Op 13 November 1902 is Ben terug in Morley's Hotel in Londen ná die afloop van sy suksesvolle lesingstoer.[97] Genls. Botha en De la Rey is steeds in Londen, terwyl genl. De Wet intussen na Suid-Afrika teruggekeer het.[98] Weereens vermy Ben hulle. Twee dae later ontvang Ben Wolmarans se antwoord op sy laaste brief. Laasgenoemde is ontsteld oor Ben se houding. Met Ben se salaris en die ZAR-fondse in Nederland het hy niks te doen nie, verklaar hy, en die lening wat hy aan Ben op Lenie se versoek gemaak het, is 'n persoonlike saak tussen hulle. "Moet ik deze behandeling beschouwen als loon voor alles wat ik getracht hebt, voor u en uw familie te doen?", kla hy.[99] Ben antwoord hom onmiddellik. Hy wil nie ondankbaar klink nie, skryf hy, maar hy is

[93] Universiteit Stellenbosch, J.S. Gericke biblioteek, Dokumentesentrum, D.F. Malan-versameling, 1/1/205, brief, Malan – Cinie Louw, 5 November 1902.
[94] *Land en Volk*, 14 November 1902.
[95] TAB, A371, S.P. Engelbrecht aanwins, vol. 46, p.129, brief, Wolmarans – Viljoen, 14 Oktober 1902.
[96] Ibid., vol. 47A, brief, 98-99, Viljoen – Wolmarans, 11 November 1902.
[97] National Army Museum Templer Study Centre, Londen, Roberts Papers, official letters to Lord & Lady Roberts from various correspondents, 7101/23/46/109, brief, Viljoen – Roberts, 9 November 1902. Ben het in hierdie brief uit Edinburgh die datum gemeld wanneer hy weer in Londen by Morley's Hotel sou wees.
[98] *The Times,* 3 en 12 November 1902.
[99] TAB, A371, S.P. Engelbrecht aanwins, vol. 46, p.213, brief, Wolmarans – Viljoen, 14 November 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onvergenoed as hy dink aan die aansienlike fondse van die voormalige ZAR wat in Nederland is en waarvan daar tot dusver geen rekenskap gegee is nie, terwyl hy moet sukkel om ’n bestaan te maak. Verder verdien hy maar bitter min uit sy lesings ná hy vir die huur van persele en plaas van advertensies betaal het. Hy voel dus sy lening moet uit die ZAR-fondse terugbetaal word.[100] Wolmarans se antwoord is kortaf – van die sogenaamde ZAR-fondse waarna Ben verwys weet hy niks nie en nie hy of enige voormalige verteenwoordiger van die ZAR-regering kan aan Ben se versoek voldoen nie.[101] Ben verwerdig hom nie om hierop te antwoord nie en beëindig bloot sy korrespondensie met Wolmarans. Laasgenoemde se lening sal hy dan ook nooit terugbetaal nie.[102]

## Flankeerdery met Chamberlain

Met sy vroeëre komplimenterende woorde oor Joseph Chamberlain en sy aanbod aan lord Roberts om in Somaliland te gaan veg, voel Ben sekerlik nou dat die klimaat gunstig is om sy koerantplanne verder te voer. Op 16 November 1902 skryf hy dus aan Chamberlain:

> Pardon my writing to you. But the future of my race and South Africa compels me at this juncture to offer a few remarks that may serve your Honour upon your Honour’s intended visit to South Africa. That I hope your Honour will not be misled by the extreme views held by perhaps a few of our late leaders. The Boer follows his own ideas, and no one at present in England has a power to speak on behalf of the nation. Extremists there are unquestionably on both sides and neither Boer or English extremist is the friend of peace & prospertity for South Africa’s future. I trust your Hon. will agree with me that you must either pauperise & exterminate the Boer as a race, or extend the helping hand, take him into the fold of British subjects & be generous, then I can vouch that England will win the hearts of my race & make them good & true subjects. The present moment is the most opportune time to establish the desired feeling, while the Boer is poor & in a ruined state. Kindness & generosity will be

[100] Ibid., vol. 47A, 100-102, brief, Viljoen – Wolmarans, 15 November 1902.
[101] Ibid., vol. 46, p.230, brief, Wolmarans – Viljoen, 17 November 1902.
[102] Op 27 November 1902 het Leyds toe soos per hul ooreenkoms £150 uit die ZAR-fondse aan Wolmarans oorbetaal sodat hy sy lening by die Nederlandse bank kon aflos (Nationaal Archief, Den Haag, Collectie 097, W.J. Leyds, vol. 40, Diverse bedragen, direct uitbetaald door Dr W.J. Leyds).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> doubly appreciated. I and thousands with me are anxious to accept the hand of friendship, and reciprocate kindness. Confidence is what is wanted and your Honour can so easily establish that throughout South Africa during your Honour's visit. I find the vast majority of the British nation anxious to be conciliatory & the confidence which the British people have in your Honour assures me that your Honour goes to South Africa unfettered. If your Honour attaches any value to my advice then I am willing to see your Honour at any time during the week and discuss the matter, in which case kindly command me.[103]

Chamberlain stem onmiddellik tot 'n vergadering in. Drie dae later ontmoet Ben en Van Gelder hom en die ondersekretaris van kolonies, lord Onslow, in Chamberlain se parlementêre kantoor vir 'n uur lange vergadering. Ben stel voor dat die kroonkolonieregering depots in die Transvaalkolonie oprig waar die Boere boumateriaal, landboutoerusting en ander nodige voorrade kan kom afhaal – dit sal hulle beter baat as om bloot geld te kry, volgens hom. Hy vertel die Britse staatsman dat die Boere nog verbitterd is teenoor die National Scouts en dat 'n manier gevind moet word om dit te oorbrug. Verder verklaar hy dat sy volksgenote sterk voel oor die behoud van hul taal en ook dat 'n mate van amnestie aan die rebelle baie sal doen om versoening te bewerkstellig. Sekerlik met homself ook in gedagte, verklaar hy dat dit 'n uitstekende idee sal wees om 'n aantal gebore Afrikaners in staatsposte aan te stel, want daar is sommige wat uiters bekwaam, eerlik en hardwerkend is.[104] Hy kom nou by sy belangrikste agendapunt uit, naamlik sy en Joe van Gelder se plan om 'n tweetalige koerant in die Transvaalkolonie te loods wat ten doel sal hê om versoening te bevorder. Sal Chamberlain hiertoe instem en staatsondersteuning verskaf? Chamberlain verklaar dat hy eers Milner se opinie en toestemming sal moet kry voor hy enige onderneming hieroor kan gee. Hy vra egter dat Ben hom laat weet hoeveel kapitaal hiervoor benodig sal word.[105]

---

[103] University of Birmingham, Cadbury Research Library Special Collections, Joseph Chamberlain Collection, JC13/2/2/8, brief, Viljoen – Chamberlain, 16 November 1902.

[104] Die inligting oor wat by hierdie vergadering bespreek is, is ontleen aan onderhoude met verslaggewers wat Ben kort daarna gevoer het (*Daily Chronicle*, 20 November 1902; *South Africa*, 22 November 1902).

[105] Surrey History Centre, Woking, Earls of Onslow Family Records, G173/8/26, brief, Onslow – Van Gelder, 21 November 1902. Onslow het in hierdie brief verwys na wat by die vergadering bespreek is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Joseph Chamberlain.*
(Amery, *Times History*)

Chamberlain het 'n versoek van sy eie. Hy het hom onlangs vir genls. Botha, De La Rey en De Wet vervies oor hul stelling dat hulle geld in Europa insamel aangesien hul pleidooie aan die Britse regering vir bykomende finansiële hulp aan die Boere op dowe ore geval het. Hy en Botha het in 'n briefwisseling daaroor betrokke geraak en hy het Botha daarop gewys dat die Britse regering aangebied het om addisionele lenings op gunstige terme aan die Transvaalse en Oranjerivierkolonie toe te staan. Hy het ook aan Botha gemeld dat die Britse regering weet 'n enorme som geld is deur die voormalige ZAR-regering uit die land geneem en hy glo daar is 'n groot deel oor wat vir behoeftige burgers en hul families aangewend kan word. "I venture to think that in this matter your wishes will coincide with mine, and that you will give me any assistance in your power to discover the persons to whom the money was entrusted, and to obtain from them a statement of account showing the expenditure and the amount of the balance which remains over."[106] Op sy beurt het Botha geantwoord dat hy geen kennis van hierdie geld dra nie en dat hy baie verbaas sal wees as daar wel sulke geld is.[107]

Chamberlain wil nou by Ben weet of hy enigiets van hierdie geld weet. Die weiering van dr. Leyds en andere om hom tot dusver met geld uit die ZAR-fondse by te staan, veroorsaak dat persoonlike wrewel die oorhand oor Ben se goeie oordeel kry. Die moontlikheid om finansiering vir sy voorgenome nuwe koerant deur Chamberlain se toedoen in die hande te kry speel sekerlik ook 'n rol in Ben se daaropvolgende ontboeseming. Hy vertel Chamberlain nou dat C.G.S. Sandberg, voormalige militêre sekretaris en adjudant van genl. Botha, £750 000 (R750 miljoen) in goud na Europa gebring het 'n maand voor Kruger die land verlaat het en dit by die bank Labouchere, Oyens & Co in Amsterdam gedeponeer het.[108] 'n Verdere £250 000 (R250 miljoen) is

[106] *The Times*, 22 November 1902. (Transkripsie van Chamberlain se brief aan Botha op 6 November 1902 in hierdie berig vervat.)
[107] Ibid. (Transkripsie van Botha se brief aan Chamberlain op 13 November 1902 in hierdie berig vervat.)
[108] TAB, HC 98, Memorandum van Chamberlain, 19 Oktober 1902. In hierdie memorandum het Chamberlain na ene "Sonnberg (or some such name)" verwys. C.G.S. Sandberg is wel op hierdie tydstip deur die ZAR-regering op 'n vertroulike sending na dr. Leyds in Europa gestuur

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

op ’n latere tydstip deur die ZAR-regering na Europa gestuur. Hy deel Chamberlain ook mee dat die restant van hierdie geld tans deur dr. Leyds en twee voormalige amptenare van die Nerderlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij bestuur word, en dat Leyds hierdie fondse gaan aanwend om die openbare mening in Europa te gunste van die Boere te beïnvloed, asook om die gebruik van Nederlands in die voormalige Boererepublieke te bevorder.[109]

Ná die vergadering gee Ben ’n geredigeerde weergawe van die verloop daarvan aan die *Daily Chronicle*. Chamberlain merk hieroor op, “he has omitted what I thought most important viz the particulars about the money remitted from the Transvaal”.[110] ’n Paar dae later laat Van Gelder vir lord Onslow weet dat Ben £10 000 (R10 miljoen) vir sy voorgestelde nuwe koerant gaan benodig. Onslow skryf terug dat Chamberlain hom sal antwoord sodra hy met Milner hieroor beraadslaag het.[111] Vir tyd en wyl bly hierdie aangeleentheid daar.

## ***Viva Boeros***

Blake en Malan het intussen in die VSA aangekom om moontlik lesings daar te gee. Aan Amerikaanse verslaggewers verklaar hulle dat Ben binnekort by hulle gaan aansluit.[112] Ben skryf egter op 15 November 1902 aan ’n vriend in Krugersdorp, “I am uncertain yet about going out to America. I am ascertaining first whether it will pay my expenses, otherwise I stop and come out soon.”[113] Intussen het sy vriend “kommandant” Willem Snyman die vorige maand na Mexiko vertrek saam met pres. Roosevelt se aangetroude familielid Edward Reeve Merritt en ene Marshall Bond. Snyman-hulle was gewapen met ’n geloofsbrief van Roosevelt aan pres. Díaz van Mexiko en hulle het

(Van der Merwe, *Donker stroom*, 210). Die historikus D.W. Krüger het egter daarop gewys dat die ZAR se skuldeisers beslag gelê het op die geld wat na Europa gestuur is. (D.W. Krüger, *Die Krugermiljoene* (Johannesburg: Perskor-Uitgewery, 1979), 43.

[109] Ibid.

[110] Ibid., nota deur Chamberlain op uitknipsel van *Daily Chronicle* van 20 November 1902.


[111] Surrey History Centre, Woking, Earls of Onslow Family Records, G173/8/26, Onslow – Van Gelder, 21 November 1902. Die bedrag van £10 000 word afgelei uit ’n latere brief van Ben aan Chamberlain (TAB, CS 1080, Viljoen – Chamberlain, 21 Maart 1903).

[112] *New York Times*, 13 November 1902.

[113] *Krugersdorp Standard*, 24 Desember 1902. Die brief van Ben wat in hierdie uitgawe verskyn het, was 15 November 1902 gedateer. Die koerant het nie die naam van die ontvanger gemeld nie, slegs dat dit aan “a resident of Krugersdorp” gerig was. Moontlik was dit dan Ramsay MacNab of Douglas Blackburn, Ben se goeie Engelse vriende in Krugersdorp.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gereis in 'n luukse treinwa wat deur Roosevelt se toedoen aan hulle beskikbaar gemaak is.[114]



*V.l.n.r. Edward Reeve Merrit, Willem Snyman en Marshall Bond.*
(Yale University, Marshall Bond Papers*)*

Snyman het 'n goeie oomblik gekies om hervestigingsmoontlikhede in Mexiko te ondersoek, want op hierdie tydstip is dié land baie ontvanklik vir nuwe immigrante. Die Díaz-regering glo dat Mexiko se enorme natuurlike hulpbronne weens 'n tekort aan bekwame en hardwerkende mense nie na behore ontwikkel word nie. Dié gebrek word veral op landbougebied in die relatief onbewoonde en onderontwikkelde noordelike Mexikaanse deelstate gevoel. Mexiko is egter lugtig vir sy noordelike buurman, want ná die oorlog van 1846 tot 1848 tussen dié twee lande moes Mexiko meer as die helfte van sy grondgebied aan die VSA afstaan. In Mexiko word algemeen geglo dat die VSA begerig is om nog dele van Mexiko te bekom. Die vestiging van Amerikaanse immigrante sal dus nie deug nie – eerder dan immigrante uit Europa of Suid-Afrika.[115]

[114] L.D. Taylor Hansen, 'La Colonizacion Boer en Chihuahua y el Suroeste de Estados Unidos, 1903-1917', *Historia Mexicana*, 12/2 (2002), 462; Bond, *Gold Hunter*, 82.
[115] Taylor Hansen, 'La Colonizacion Boer', 449, 462-464.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In Mexikostad het Snyman-hulle José Yves Limantour, die Mexikaanse minister van finansies, wat ook pres. Díaz se regterhand is, ontmoet. Die geoefende verkoopsman Snyman het ’n goeie indruk op hom gemaak en Limantour het hulle meegedeel dat sy land Boere-immigrante sal verwelkom. Hy het dit egter ook duidelik gemaak dat daar geen staatsgrond beskikbaar is nie. Sy voorstel was dat die regering grond namens die Boere-immigrante koop, waar ook al Snyman sou besluit, en die nuwe inkomelinge dan ’n lang tydperk en gunstige terme gun om die geld terug te betaal. Hy het ook onderneem om met pres. Díaz hieroor te gaan praat.[116]

Snyman en sy metgeselle het hierna deur Mexiko getoer om ’n geskikte gebied vir Boere te identifiseer. Snyman het homself intussen na generaal bevorder, ’n onverdiende rang wat hy die res van sy lewe sou gebruik.[117] In een van die groter dorpe het hy ’n helde-ontvangs gekry, met die wagtende skare wat luidkeels “Viva Boeros!” en “Viva General!” gejuig het.[118] Ná afloop van die toer het Snyman in besonder belang gestel in die noordelike deelstaat Chihuahua, want die klimaat en topografie het hom aan Suid-Afrika herinner.[119] Snyman se twee metgeselle het hierna na die VSA vertrek, terwyl hy in Mexikostad agtergebly het om die moontlike aankoop van grond daar met die Mexikaanse regering verder te bespreek.[120] Vermoedelik het Snyman nou vir Ben laat weet van die opwindende geleenthede in Mexiko, want ’n week ná sy brief aan sy Krugersdorpse vriend verklaar Ben dat hy vir sakeredes na Amerika gaan vertrek.[121]

---

[116] Yale University, Beinecke Library, Marshall Bond Papers, WA MSS S-2358, brief, Marshall Bond – Amy Bond, 19 en 21 Oktober 1902. Hierdie en ander briewe van Marshall aan sy vrou is ook gedeeltelik weergegee in Bond, *Gold Hunter*, 84-91.

[117] Reeds onderweg na Mexiko het Snyman homself hierdie rang toegeëien in ’n onderhoud met ’n verslaggewer (*El Paso Herald*, 15 Oktober 1902). Ook Marshall Bond het in ’n brief aan sy vrou na Snyman as ’n generaal verwys (Yale University, Beinecke Library, Marshall Bond Papers, WA MSS S-2358, brief, Marshall Bond – Amy Bond, 27 Oktober 1902).

[118] Ibid, brief, Marshall Bond – Amy Bond, 27 Oktober 1902.

[119] Taylor Hansen, ‘La Colonizacion Boer’, 464. Die skrywer het hierdie gebied in Mei 2016 besoek.

[120] Bond, *Gold Hunter*, 91; *Mexican Herald*, 1 Januarie 1903.

[121] *The Times*, 22 November 1902. Reeds binne ’n week ná sy aankoms in New York het Ben ’n speurder van die Pinkerton-agentskap vertel dat “he may visit friends in Mexico and perhaps make this country his permanent abode” (TAB, GOV 586, PPS 281, Transvaal Confidential 2, verslag van Pinkerton-agent 68, 8 Desember 1902). Ook het Snyman later hierdie maand verklaar dat hy na New York gaan om hervestiging in Mexiko te bespreek “with his friend Gen. Benjamin Viljoen and other prominent Boers” (*Los Angeles Times*, 29 Desember 1902).

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

## Relletjie met genl. Botha

Genls. Botha en De la Rey het ook nou aangekondig dat hulle hul Europese fondsinsamelingstoer gaan kortknip om na Suid-Afrika terug te keer. Hulle wil Chamberlain, wat ook binnekort na Suid-Afrika gaan vertrek, in Pretoria ontmoet om die toestand daar ter plaatse aan hom te verduidelik.[122] Ben sien nou 'n gaping. Aan die vernaamste Britse koerante skryf hy dat aangesien die fonds van die drie Boeregeneraals nou gesluit is, hy sy eie fonds gaan begin om geld vir hulpbehoewende Boere in te samel.[123]

Elders in Londen is Botha nie gelukkig hieroor nie. Sy privaatsekretaris, D. van Velden, skryf aan Britse koerante en stel hulle in kennis dat Ben se stelling dat die Boeregeneraals se fonds gesluit is, onwaar is. Nie net is Ben se voorgestelde fonds verwarrend vir die publiek nie, voeg Van Velden by, maar ondermyn dit die Boeregeneraals se eie fondsinsamelingsinisiatief.[124] Botha skryf ook hierna aan Ben en versoek hom om sy stellings terug te trek.[125] Van Velden se brief verskyn in koerante op Saterdag, 22 November 1902. Ben is nou in Southampton, op die punt om na die VSA op die *St. Louis* te vertrek. Op 'n verslaggewer se versoek om sy kommentaar oor Botha se standpunt, verklaar Ben dat hy deur verskeie koerantberigte onder die indruk gebring is dat die Boeregeneraals se fonds gesluit is. Hy voeg by dat hy dink dit was baie ongeskik van Botha om sy privaatsekretaris te kry om so 'n brief te skryf.[126]

---

[122] *The Times*, 19 November 1902.
[123] Sien byvoorbeeld *The Times*, 21 November 1902.
[124] *The Times*, 22 November 1902.
[125] Nationaal Archief, Den Haag, Collectie 097, W.J. Leyds, vol. 40, brief, Botha – Leyds, 24 November 1902. Hierin het Botha vir Leyds meegedeel dat hy 'n brief in hierdie trant aan Ben gerig het.
[126] *The Times*, 22 en 24 November 1902; *Daily Mail*, 24 November 1902.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 9

## NUWE WÊRELDE

(Des 1902–Mei 1903)

**Resensies en spioene**

Ben se agt dae lange skeepsreis na die VSA is onstuimig, want die *St. Louis* moet deurgaans ’n stormsee en sterk winde trotseer. Reusebranders breek oor die dekke en die passasiers kan dit skaars waag om hul kajuite te verlaat. Op die sesde dag word ’n matroos in die yskoue Atlantiese oseaan oorboord gespoel en verdrink hy; die volgende dag breek ’n brand in die houtwerk van een van die skip se skoorstene uit, maar word gelukkig gou geblus.[1]



*Ben op een van sy vele skeepsreise in 1902 en 1903.*
(BJV-versameling)

[1] *New York Times*, 2 Desember 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Intussen het Ben se boek, *My Reminiscences of the Anglo-Boer War*, in Brittanje verskyn. Die *Daily Mail* meen dit is "[a] bright and lively narrative of the war…he writes without animosity and in the spirit of a loyal enemy now reconciled to the verdict of the war."[2] In *The Times* word die oorlogsherinneringe van genl. De Wet, *Three Years of War*, asook dié van die oorlogskapelaan J.D. Kestell, *Through Shot and Flame*, terselfdertyd as Ben se boek geresenseer. *The Times* se resensent is van mening dat Ben s'n "is in many ways the best book on Boer side that has yet appeared. It is written by a man who possesses considerable idea of style, abundant and irrepressible good humour, a sense of fairness to his opponents, and a very good military judgment... General Viljoen is to be heartily congratulated on an excellent book".[3]

Op 1 Desember 1902 meer die *St. Louis* in New York vas.[4] Ben gaan nou tuis in die Herald Square Hotel in Manhattan, dieselfde hotel as waar kol. Blake en luit. Jack Malan reeds is.[5] Genl. Kritzinger en kmdte. Fouché en Joubert is ook nou van Brittanje onderweg om 'n lesingstoer in die VSA te onderneem.[6] Die Britse regering is bekommerd oor die invloed wat die voorgenome lesings van al hierdie Boereleiers in die VSA op die Amerikaanse openbare mening oor Brittanje kan hê. Sir Percy Sanderson, die Britse konsul-generaal in New York, het nou die befaamde Pinkerton-speuragentskap aangestel om hulle dop te hou. Sanderson stuur deurentyd die agentskap se verslae deur na die Britse ministerie van buitelandse sake in Londen om hulle op die hoogte van sake te hou.[7]

Kort ná Ben se aankoms kom sien 'n Pinkerton-agent hom onder die voorwendsel dat hy 'n korrespondent van die nuusagentskap Associated Press is. Ben nooi hom na sy hotelkamer en vertel hom hoekom hy in die VSA is. Eerstens wil hy lesings gee om geld vir hulpbehoewende Boere in te samel. Verder wil hy ook 'n Amerikaanse uitgewer oortuig om sy oorlogsherinneringe uit te gee. Dan wil hy ook sy vriende in Mexiko besoek, met die doel om hom moontlik later daar te gaan vestig. Die agent rapporteer aan Sanderson dat hy Ben gevra het wanneer hy beoog om na Suid-Afrika terug te keer. "He laughed and replied: 'Maybe never.' Asked why, he replied:

---

[2] *Daily Mail*, 28 November 1902.
[3] *The Times*, 1 Desember 1902.
[4] *New York Times,* 1 Desember 1902.
[5] TAB, GOV 586, Transvaal Confidential 2, PPS 281, verslag van Pinkerton-agent 68, 6 Desember 1902.
[6] *The Times*, 28 November 1902.
[7] Verslae bevat in TAB, GOV 586, Transvaal Confidential 2, PPS 281 asook TNA, FO 2/621.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"I could never live content in my own country under a British flag."[8] Ben het dus reeds sy stories vir 'n Amerikaanse gehoor begin aanpas. Ná sy ontmoeting met Ben beskryf die Pinkerton-agent hom noukeurig, alhoewel die 34-jarige Ben vir hom heelwat ouer lyk as wat hy werklik is.

> General Viljoen is about 45 years of age, 5 ft.7 or 8.in, 160 lbs. dark brown hair, reddish moustache, rather full florid face, stern countenance, grayish eyes, erect carriage, wore a cutaway coat of dark material, dark striped trousers, black russet shoes.[9]

Op 10 Desember verskyn 'n berig deur P.A. Nierstrasz in 'n bekende Duitse koerant onder die opskrif "Viljoen ein Abrünniger" ("Viljoen is 'n verraaier"). Hierin skryf Nierstrasz dat hy 'n praatjie van Ben in Liverpool bygewoon het wat hom oortuig het dat laasgenoemde 'n verraaier is. Volgens hom het Ben geglimlag toe hy voorgestel is as iemand wat nie vergaderings in Europa byeenroep, of oudiënsies met die Duitse keiser versoek, soos genls. Botha, De la Rey en De Wet wel doen nie. Dan is daar ook die berigte wat Nierstrasz in die Britse pers gelees het en wat daarop gesinspeel het dat Ben weens omkopery of korrupsie oorgegee het.[10]

## **<u>Werkloos</u>**

Intussen het lord Roberts en die Britse ministers van oorlog en buitelandse sake met hul amptenare oor die Somaliland-kwessie vergader. Hulle het Ben se aanbod oorweeg en tot die slotsom gekom dat "on several grounds it might be advantageous to employ a small force of Boers under Viljoen".[11] Intussen het Ben egter briewe uit Suid-Afrika ontvang waarin hy verneem het dat die Boere wat aangebied het om in Somaliland te gaan veg, voormalige National Scouts is. 'n Week ná sy aankoms in die VSA skryf hy aan lord Roberts dat hy nooit manne sal kan lei wat teen hul eie volksgenote geveg het nie, en derhalwe sy vroeëre aanbod terugtrek.[12]

Ben weet op hierdie tydstip nog nie waar sy toekoms lê nie. Van Snyman weet hy dat hervestiging in Mexiko 'n moontlikheid is, maar daar is nog niks definitiefs op

---

[8] TAB, GOV 586, Transvaal Confidential 2, PPS 281, verslag van Pinkerton-agent 68, 8 Desember 1902.
[9] Ibid.
[10] *Tägliche Rundschau*, 10 Desember 1902.
[11] TNA, FO 2/813, East Africa confidential, Memorandum no.1, 3 Desember 1902. (Die vergadering waarna verwys word het op 1 Desember 1902 plaasgevind.)
[12] TNA, FO 2/814, East Africa confidential, brief, Viljoen – Roberts, 7 Desember 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die tafel nie. ’n Nuwe koerant in die Transvaalkolonie is ’n ander moontlikheid, maar Chamberlain het nog nie weer van hom laat hoor nie. Maar hoe meer aas in die water, hoe beter die kans om iets te vang. Ben skryf dus op 11 Desember ’n bedelbrief aan lord Onslow, die Britse ondersekretaris van kolonies.

> Forgive my audacity to address you. Since meeting your Lordship and Hon. Mr. Chamberlain I have been in this country trying to arrange some business affairs. And I was offered rather enticing inducements to settle in Mexico with a number of my people. I am so much bound to South Africa that I fear my heart is there. I write your Lordship these confidential lines to ask whether you could ascertain by cable from Mr. Chamberlain whether I can be of service in the future Government in the Transvaal and to give me an open opportunity of refusing any offers from other sources. I am ruined by the war and unless the new Govt. is inclined to trust me (as I am willing to trust them) and assist me in some way by which I may be useful also for the pacification of South Africa then I am forced to seek the future elsewhere. Now knowing as I do what means of help I can be for the new Govt, I am assured, I am only doing my duty to tell you all this. It is extremely humiliating to me to be obliged to do so, but circumstances are against me, and I must speak plainly though confidentially.[13]

Ná twee weke in New York het Ben se Amerikaanse planne nie juis gevorder nie. Tot op hede het hy nog geen praatjie gelewer nie, want die persagent wat hy gehuur het om dit te reël, het dronk by sy hotel opgedaag en hy het hom gevolglik afgedank. Ook het geen Amerikaanse uitgewer tot dusver aan sy oorlogsherinneringe gebyt nie. Volgens hulle is dit te laat vir so ’n boek – Amerikaanse belangstelling in die Anglo-Boeroorlog het gekwyn.[14]

Ben glo steeds die Pinkerton-agent is ’n korrespondent van Associated Press en staan hom telkemale weer te woord. Ben oorweeg nou om geld in te samel en vra die agent om vir hom ’n lys van die VSA se honderd rykste mense in die hande te kry.[15] Genl. Botha het egter reeds ’n brief in Amerikaanse koerante laat verskyn waarin hy verklaar het: “I regret to see that so many of our fellow countrymen are already busy trying to raise funds in America. I wish to remark that no one there represents our people,

---

[13] TAB, Colonial Office Records, FK 1031, pp.1160-1161, brief, Viljoen – Onslow, 11 Desember 1902.

[14] Hierdie inligting word afgelei uit ’n verslag van die gesprek wat die Pinkerton-agent op 15 Desember 1902 met Ben gevoer het (TAB, GOV 586, Transvaal Confidential 2, PPS 281, verslag van Pinkerton-agent 68, 15 Desember 1902).

[15] TAB, GOV 586, Transvaal Confidential 2, PPS 281, verslag van Pinkerton-agent 68, 16 Desember 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nor is there on any mission from our people."[16] Die Pinkerton-agent vra Ben vir sy kommentaar oor Botha se woorde. Ben verklaar kortaf dat hy nie glo dit op hom van toepassing is nie.[17] Hierdie brief kelder egter die onderskeie Boere-offisiere in New York se planne om geld by wyse van lesings in te samel. 'n Geskeduleerde lesing van Kritzinger, Joubert en Fouché in New York word weens 'n gebrek aan belangstelling eers uitgestel en toe gekanselleer.[18] Die Amerikaanse pers het ook tot dusver omtrent geen belangstelling in die Boere-offisiere getoon nie.[19] Sanderson laat die Britse ministerie van buitelandse sake hierna weet dat hy nie dink dit is meer nodig om die Boere-offisiere dop te hou nie – hulle rig tog niks uit nie.[20]

Ben probeer nou om die vure dood te slaan wat ontstaan het ná sy aanbod om in Somaliland vir Brittanje te gaan veg. Op 22 Desember skryf hy soos volg aan 'n vriend in Suid-Afrika, wat die ontkenning op sy beurt aan *Land en Volk* in Pretoria aanstuur. Volgens Ben is dit "een leugenachtig en valsch rapport als zoude ik aangeboden hebben voor de Engelschen in Somaliland te gaan vechten".[21] Sy broer Jan kom ook tot sy verdediging met 'n brief aan dieselfde koerant. "Ik kan u, geachte lezers, verzekeren dat Generaal Viljoen nooit zijn diensten aan Engeland heeft aangeboden, en zoo iets ook nimmer zal doen…Ben Viljoen [kan] niet zulk een manteldraaier zijn, en dat het niet in zijn natuur steekt om zoo een daad te doen."[22] Ben stuur ook 'n kabelgram aan die *Rand Daily Mail* in Johannesburg waarin hy ontken dat hy ooit sy dienste aan Brittanje aangebied het.[23] Ook aan Amerikaanse verslaggewers ontken hy dat hy ooit so 'n aanbod gemaak het.[24]

Lord Onslow telegrafeer nou vir lord Milner in Suid-Afrika oor Ben se navraag oor 'n staatspos in die Transvaalkolonie. Onslow noem aan Milner dat Ben aanbiedinge uit Mexiko gekry het en dat Ben voel dat hy sy heil elders moet gaan soek indien die kroonkolonieregering hom nie ter wille gaan wees nie.[25] Milner draai nie doekies om

---

16 *New York Tribune*, 17 Desember 1902.
17 TNA, FO 2/621, verslag van Pinkerton-agent 68, 18 Desember 1902.
18 Ibid., 19 en 26 Desember 1902.
19 Ibid., brief, P. Sanderson – M. Herbert, 16 Desember 1902.
20 Ibid., brief, P. Sanderson – M. Herbert, 30 Desember 1902.
21 *Land en Volk*, 6 Februarie 1903. Volgens die koerant was Ben se brief 22 Desember 1902 gedateer en is dit deur 'n leser van Lydenburg met die skuilnaam "Een Burger" gestuur.
22 Ibid.
23 Ibid. Jan Viljoen het ook in sy brief verwys na Ben se kabelgram aan die *Rand Daily Mail*, wat dit op 17 Januarie 1903 gepubliseer het.
24 Sien byvoorbeeld *Chicago Daily Tribune* van 31 Desember 1902 en *New York Herald* van 1 Januarie 1903.
25 TAB, Colonial Office Records, FK 1031, p.1163, telegram, Onslow – Milner, 23 Desember 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie. "I should be delighted to be rid of him," is sy onmiddellike reaksie.[26] Onslow is ietwat meer diplomaties in sy daaropvolgende telegram aan Ben. "I think you had not decline any offers which appear to you to be advantageous on the chance of it being found possible to offer you employment in S.A. hereafter."[27] In 'n langer opvolgbrief voeg hy by "I recognise the spirit in which the offer of your services is made, but I regret to say I feel I should not be acting fairly towards you if I did not tell you that the Governments of the Transvaal and Orange River Colony are not prepared to offer you any employment".[28]

Ná die gunstige resensies van sy oorlogsherinneringe in Nederland en Brittanje, het Ben se gedagtes nou na 'n outobiografie begin draai. Teen hierdie tyd het hy klaarblyklik minstens 'n gedeelte daarvan reeds geskryf, want 'n opsomming daarvan verskyn die volgende maand in 'n koerant onder Ben se naam met die opskrif "In the Days of my Youth: Chapters of Autobiography."[29] Hierin gee hy 'n humoristiese weergawe van sy oorlogservaringe, asook van sy jeug en vooroorlogse loopbaan. Hier en daar borduur hy sy lewensverhaal en beweer byvoorbeeld dat "in 1883, at the age of fifteen, I engaged in my first battle in the In'pondomisie War, and received a certificate of efficiency from Major Elliot".[30] Soos reeds aangetoon was die Mpondomise-rebellie egter reeds teen die middel van 1881 verby, toe die 12-jarige Ben op Robertson gewoon en skoolgegaan het. Tog sê hy in hierdie artikel ook dat hy nooit skool bygewoon het nie en hy "altogether a self-taught man" was toe hy vir *Land en Volk* begin skryf het.[31] Van die Viljoens se terugvlug na Robertson rep hy ook geen woord nie – dit pas nie in by sy verhaal van 'n onverskrokke pioniersfamilie wat vir geen uitdagings teruggedeins het nie.

---

[26] TAB, HC 98, handgeskrewe nota van Milner op telegram van Onslow, 24 Desember 1902.
[27] TAB, Colonial Office Records, FK 990, p.558, telegram, Onslow – Viljoen, 31 Desember 1902.
[28] TAB, Colonial Office Records, FK 990, p.560, brief, Onslow – Viljoen, 31 Desember 1902.
[29] B.J. Viljoen, 'In the days of my youth: Chapters of an autobiography', *Otago Witness* (Dunedin), 28 Januarie 1903. Die *Otago Witness* was 'n Nieu-Seelandse koerant wat hierdie lang artikel van die persagentskap M.A.P. ontvang het. 'n Uitgebreide soektog deur koerant-internetargiewe kon slegs twee ander koerante, naamlik die *Star Gazette* (Elmira, New York) van 21 Januarie 1903 en die *Los Angeles Times* van 22 Desember 1902 oplewer waarin opsommings van hierdie artikel verskyn het, wat moontlik daarop dui dat daar op hierdie tydstip maar min belangstelling in Ben se outobiografiese aantekeninge was. 'n Aanduiding dat hierdie artikel ontleen is van 'n langer werk kan afgelei word uit 'n ander berig in hierdie tydperk waarin dit gemeld word dat "Gen. Viljoen has written his own life…but it is not yet published (*Daily Signal* (Crowley, Louisiana), 17 Januarie 1903).
[30] Ibid.
[31] Ibid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Snyman soek bondgenote**

"Generaal" Snyman het intussen op Kersfeesdag 1902 uit Mexiko in New York aangekom.[32] Tot dusver kon hy nog nie daarin geslaag om met pres. Díaz te vergader, of om die Mexikaanse regering te oorreed om grond vir die Boere in die noordelike grensstaat Chihuahua aan te koop nie.[33] As hy egter 'n wêreldberoemde generaal soos Ben en ander prominente Boere-offisiere kan oortuig om saam met hom na Mexiko te gaan, sal dit natuurlik sy aansien verhoog. Snyman vergader nou onmiddellik met Ben, genl. Kritzinger en kmdte. Fouché en Joubert in New York hieroor.[34] Enrique Creel, 'n bankier van Chihuahua en een van die rykste mans in Mexiko, sluit ook by hulle aan.[35] Creel is ook die skoonseun van Don Luis Terrazas, op hierdie tydstip die goewerneur van Chihuahua en dié staat se grootste grondeienaar, met plase wat meer as sewe miljoen akker (2.8 miljoen hektaar) beslaan.[36] By Creel kry Ben en sy makkers die versekering dat daar ondersteuning vir hul hervestiging in Chihuahua is.[37] Terrazas, as groot grondeienaar, en Creel, wie se bank talle verbande oor grond in Chihuahua hou, besef natuurlik terdeë dat suksesvolle grootskaalse immigrasie die waarde van hul onderskeie bates sal verhoog.

Vestiging in Mexiko is egter nie Ben se eerste keuse op hierdie tydstip nie. Op 3 Januarie 1903 besoek hy Sanderson by die Britse konsulaat in New York. Hy het intussen sy vroeëre terugtrekking van sy aanbod om in Somaliland te gaan veg heroorweeg. Aan Sanderson verklaar hy nou dat "he would like to have employment under the British Government in South Africa, but that probably he might have to wait for this and that in the meantime he would give up all his plans and cancel all his engagements if he received a definite offer of the command of any Boer forces that

[32] TAB, GOV 586, Transvaal Confidential 2, PPS 281, verslag van Pinkerton-agent 68, 30 Desember 1902.

[33] L.D. Taylor Hansen, 'La Colonizacion Boer en Chihuahua y el Suroeste de Estados Unidos, 1903-1917', *Historia Mexicana*, 12/2 (2002), 462, 466.

[34] TAB, GOV 587, verslag van Pinkerton-agent 68, 30 Desember 1902. Hierin het die agent gemeld dat Snyman die Boere-offisiere kom sien het "regarding their joining him in making their permanent abode in Mexico". Volgens 'n koerantberig was kmdt. W.D. Fouché 'n neef van Willem Snyman (*Mexican Herald*, 24 Januarie 1903). Fouché en Snyman het dan ook dieselfde eerste name, Willem Diederik, gedeel.

[35] 'Enrique Creel', Wikipedia (geraadpleeg op 26 April 2017); *New York Tribune*, 11 Januarie 1903.

[36] 'Creel-Terrazas Family', Wikipedia (geraadpleeg op 12 Desember 2016). Toe Terrazas op 'n slag by 'n sosiale funksie gevra is of hy van Chihuahua is, het hy geantwoord "No soy de Chihuahua; Chihuahua es mío." ("Ek is nie van Chihuahua nie; Chihuahua is myne.")

[37] *New York Tribune*, 11 Januarie 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

might be engaged in Somaliland".[38] Ben verduidelik aan Sanderson dat die rede hoekom hy aan Amerikaanse joernaliste 'n ander storie vertel het, is dat hy nie sy werklike planne met hulle wil deel nie, veral nie as dit kom by voorstelle waarby die Britse regering betrokke is nie. Hy vra Sanderson om weereens 'n navraag hieroor aan die Britse regering te stuur en 'n vinnige antwoord te versoek.[39] Ben stuur egter self ook in die loop van die volgende paar dae twee angstige telegramme aan Onslow waarin hy 'n antwoord op sy Somaliland-aanbod versoek.[40]

Op 6 Januarie telegrafeer Onslow vir Ben dat lord Roberts sy Somaliland-aanbod van die hand gewys het.[41] Roberts voel dat Ben se skrywe aan hom 'n paar weke tevore dat hy nie bereid is om voormalige National Scouts aan te voer nie, sy indiensneming ontmoontlik maak.[42] Ben skryf terug dat hy baie teleurgesteld is en sluit af deur Onslow mee te deel dat "I am indefinite about the future yet. If you have any prospects to hold out, please state definitely."[43] Hy voeg dat hy in Mexiko gaan wees tot aan die begin van Februarie 1903 en deur die kantoor van die Mexikaanse minister van finansies bereik kan word.[44] Op 10 Januarie vertrek Ben en vyf ander Boere-offisiere (genl. Krizinger, kmdte. Joubert en Fouché, kapt. O'Donnell, luit. Jack Malan) per trein saam met Snyman na Mexiko.[45]

## **<u>Reise in Mexiko</u>**

'n Paar dae later kom Ben en sy metgeselle by die dorp Jiménez in die noordelike Mexikaanse deelstaat Chihuahua aan. Met 'n oppervlakte van 233 000 km$^2$ is dié deelstaat die grootste in Mexiko, maar het dit 'n bevolking van slegs 'n paar honderdduisend mense. Wat die landskap betref kan Chihuahua nie as mooi bestempel word nie, want omtrent die hele gebied is 'n enorme plato met onindrukwekkende bergreekse. Daar is egter min gewasse wat nie hier groei nie, en koring, mielies, hawer, rog en groente word verbou. Die uitgestrekte, plat landskap en matige klimaat, tesame

[38] TAB, GOV 587, brief, Sanderson – Herbert, 3 Januarie 1903.
[39] Ibid.
[40] TNA, FO 2/814, pp.214-215, telegramme, Viljoen – Onslow, 5 en 6 Januarie 1903.
[41] Ibid., 216, telegram, Onslow – Viljoen, 6 Januarie 1903.
[42] Ibid., nota deur W. Nicholson, hoof van Militêre Intelligensie, 3 Januarie 1903.
[43] TNA, CO 291/67, brief, Viljoen – Onslow, 8 Januarie 1903.

[44] Ibid.
[45] *New York Tribune*, 11 Januarie 1903.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

met die goeie gemiddelde reënval, maak dit ook 'n uitstekende gebied vir vee, en hier wei derduisende beeste wat help om Mexiko te voed.[46] Met geleende perde gaan verken die Boere nou die omgewing by Jiménez. Die landboupotensiaal wat hulle sien beïndruk hulle en aan die Mexikaanse pers verklaar hulle dat hulle hier sou kon boer.[47]

**VSA EN MEXIKO – Plekke van belang (1902 – 1917)**





Hulle reis hierna verder suid na Mexikostad, waar hulle op 15 Januarie 1903 aankom. Ben het egter 'n swaar verkoue onder lede en moet vir tyd en wyl in sy hotelbed bly.[48] Agt dae later het hy egter sodanig herstel dat hy saam met sy metgeselle 'n groot dinee ter ere van hulle kan bywoon by die Jockey Club, die eksklusiefste klub in Mexikostad en die bymekaarkomplek van die land se sake- en regeringselite.[49] Onder die gaste is verskeie ministers, generaals, senators en buitelandse ambassadeurs. Ná ete steek Ben 'n toespraak af waarin hy verklaar dat as hulle Boere in Suid-Afrika wil woon, hulle sal moet leef onder die bewind van 'n stiefpa van wie hulle nie veel kan verwag nie. Maar in Mexiko sal hulle woon in 'n republiek met wette waarmee hulle saamstem. Of hulle en hul gesinne hier kom woon, hang nou

[46] P.F. Martin, *Mexico of the XXth century*, vol. II (Londen: Edward Arnold, 1907), 15-18.
[47] Taylor Hansen, 'La Colonizacion Boer', 456-466; *Mexican Herald*, 16 Januarie 1903.
[48] *Mexican Herald*, 16 Januarie 1903.
[49] 'Casa de los Azulejos', Wikipedia (geraadpleeg op 25 Mei 2016).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daarvan af of die Mexikaanse regering hulle sal kan bystaan, want die oorlog het hulle geruïneer. Die funksie eindig op ’n hoë noot, met al die gaste wat hul bewondering vir die Boere uitspreek.[50]



*Pres. Porfirio Díaz.* (Wikipedia)

Snyman se plan het gewerk, want aan die einde van Januarie kry hy en sy metgeselle ’n afspraak met die Mexikaanse president Porfirio Díaz. Laasgenoemde verseker hulle dat hy die moontlike vestiging van Boere in Mexiko verwelkom en dat sy regering alles in sy vermoë sal doen om hulle hiermee te help. Alhoewel hy verstaan dat die Boere nie kapitaal het nie, is die regering nie by magte om aan hulle geld te leen om grond in Chihuahua te koop nie. Hy raai hulle dus aan om eerder te gaan kyk na grond wat die regering reeds besit in die Yaquivallei in Sonora, ’n deelstaat in die weste van Mexiko.[51] Ná die koue skouer wat hy by die Britte gekry het, in teenstelling met die Mexikaanse president se warm ontvangs en alles wat hy in Mexiko ervaar en gesien het, besluit Ben skynbaar nou dat hy hiernatoe wil verhuis. Vir Lenie laat weet hy dat sy en die kinders na Mexiko moet kom.[52]

Ben, Snyman en Malan vertrek op 9 Februarie na Sonora.[53] Díaz het egter ander redes hoekom hy die Yaquivallei as ’n moontlike tuiste vir die Boere voorgestel het. Op hierdie tydstip is dié vallei die tuiste van derduisende Yaquis, ’n formidabele

[50] *Mexican Herald*, 24 Januarie 1903.
[51] Ibid., 31 Januarie 1903; *Bisbee Daily Review* (Arizona), 11 Februarie 1903; Taylor Hansen, ‘La Colonizacion Boer’, 465.
[52] Dit word afgelei uit ’n brief wat ene Esther Gordon vermoedelik in Januarie of Februarie 1903 uit Europa aan Lenie geskryf het, blykbaar in antwoord op ’n brief van haar uit Suid-Afrika. Ongelukkig het slegs die laaste paar bladsye van Gordon se brief behoue gebly en is daar geen datum op nie. In die brief verwys Gordon egter na die onlangse terugkeer van A.D.W. Wolmarans en sy gesin na Suid-Afrika, wat eers in Januarie 1903 was (*Het Nieuws van den dag,* 27 Januarie 1903). Hierin het Gordon geskryf “I suppose he [Ben] will soon return now as you have not decided to go to Mexico” (WW-versameling, brief, Esther Gordon – Lenie Viljoen, c1903). Dit dui daarop dat Ben kort tevore hieroor aan Lenie geskryf het.
[53] *El Paso Herald,* 9 Februarie 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Indiaanse stam. Die Díaz-regering het die voorafgaande twee dekades al talle veldslae teen die Yaquis gevoer om hul grond te konfiskeer, met die oogmerk om dit aan myn- en landboubeleggers beskikbaar te stel. Die Yaquis het hulself tot dusver egter verbete hierteen verset.[54] Díaz glo sekerlik nou dat die vestiging van talle Boere in hierdie gebied sy regering in staat sal stel om die Yaquis vir eens en altyd te onderwerp. Die Mexikaanse minister van binnelandse sake, wat ook die dinee van die Jockey-klub bygewoon het, beveel derhalwe die goewerneur van Sonora om alles in sy vermoë te doen om te verseker dat die Boere se besoek suksesvol is, aangesien hulle uiters geskikte setlaars sal wees. Die drie Boere word nou op ’n tien dae toer van die omgewing geneem. Die staatsgrond wat hulle sien lyk egter vir hulle te ruig en hulle is van mening dat dit te veel tyd en geld sal verg om die grond vir landbou en weiding geskik te maak. Hul eerste keuse bly dus grond in Chihuahua.[55]

Terwyl Ben in Sonora is, ontmoet Joe van Gelder weer vir lord Onslow in Londen oor sy en Ben se voorgenome tweetalige koerant. Chamberlain is op hierdie tydstip in Suid-Afrika, waar Milner baie ontevrede is met die vyandige houding wat Eugène Marais se staatsondersteunde koerant *Land en Volk* tot dusver ingeslaan het. Gustav Preller is die redakteur en hou nie by Marais se geheime onderneming aan Milner dat die koerant ’n versoenende houding sal inslaan nie.[56] Milner skuif nou sy bedenkinge oor Ben opsy en oorweeg dit om die kroonkolonie se finansiële steun eerder na ’n ander koerant te verskuif wat wel hierdie houding sal inslaan. Ná Van Gelder se vergadering met Onslow laat weet hy vir Ben dat “Mr Chamberlain after consulting M.[Milner] is favourably inclined but desire fuller consideration and personal interview here end March.”[57]

’n Paar weke later is Ben-hulle terug in Mexikostad. Aan die begin van Maart woon die twee Vrymesselaars, Ben en Snyman,[58] ’n swierige dinee by wat deur die plaaslike Vrymesselaarslosie ter ere van hulle gehou word. Ben voltooi by hierdie

[54] W.C. Holden, ‘Studies of the Yaqui Indians of Sonora, Mexico’, *Texas Technological College Bulletin*, 12/1 (1936), 9-10; ‘Yaqui’, Wikipedia (geraadpleeg op 12 Desember 2014); A. Offenburger, ‘When the West turned South: Making home lands in revolutionary Sonora’, *Western Historical Quarterly*, (2014), 308.
[55] Taylor Hansen, ‘La Colonizacion Boer’, 465.
[56] C. van der Merwe, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 2015), 339.
[57] TAB, CS 1080/3, brief, Van Gelder – Onslow, 30 April 1903. Hierin word deur Van Gelder melding gemaak van die inhoud van die telegram wat hy op 11 Februarie 1903 aan Ben gestuur het.
[58] Toe Snyman sy familie later hierdie jaar in New York ontmoet het, het hy vir ’n verslaggewer sy Vrymesselaarssertifikaat en ou Familiebybel gewys met die opmerking “that they are all he has left from the war” (*New York Tribune*, 3 Junie 1903).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geleentheid die rituele van die tweede en derde grade van Vrymesselaarskap, en die titel van Meester word aan hom toegeken.[59] Aan die Mexikaanse Vrymesselaars behoort talle prominente weermagoffisiere, staatsamptenare, sakemanne en politici, onder ander pres. Díaz.[60] Hierdie is die eerste van talle Mexikaanse en Amerikaanse Vrymesselaarslosies waarby Ben later in sy lewe sal aansluit, een van die maniere wat hy gebruik om sou gou moontlik in 'n nuwe omgewing met vooraanstaande en invloedryke mense kennis te maak.

## <u>**Ben se stories**</u>

Terwyl Ben in Mexiko rondgereis het, het die *Transvaal Leader* in Johannesburg berig dat hy met sy terugkeer na die Transvaalkolonie 'n "loyal progressive Dutch newspaper" gaan begin en waarskynlik in Milner se nuwe Wetgewende Raad vir die Transvaalkolonie gaan dien.[61] Milner het kort tevore genls. Botha, De la Rey en Smuts genooi om in hierdie liggaam te dien, maar hulle het sy aanbod van die hand gewys.[62] Ben se oorlogsherinneringe het intussen in Duits as *Die Transvaaler im Krieg mit England* verskyn.[63] August Schowalter, die Duitse vertaler hiervan, tree nou vir Ben in die bres. Na aanleiding van die berig in die *Transvaal Leader,* asook die artikel 'Viljoen is 'n verraaier' deur P.A. Nierstrasz in die Berlynse koerant *Tägliche Rundschau* enkele maande tevore, lewer Schowalter op 4 Maart 1903 'n lang repliek in laasgenoemde koerant.

Schowalter verklaar dat hy die laaste paar maande gereeld met Ben in die VSA en Mexiko gekorrespondeer het en dat die prentjie wat Nierstrasz en die *Transvaal Leader* weergee vals is. Uit Schowalter se artikel is dit egter duidelik dat Ben ook nie aan hom die ware prentjie verskaf het nie. Volgens Schowalter is dit onsin dat Ben 'n lojale koerant op die been wil bring. Trouens, Ben het aan hom geskryf dat hy volkome

---

[59] *Mexican Herald*, 3 Maart 1903.
[60] 'A History: The York Grand Lodge of Mexico', *The Craftsman*, November 2001.
[61] *Daily Telegraph*, 24 Februarie 1903. Hierin is verwys na 'n berig wat dieselfde dag in die *Transvaal Leader* met hierdie inligting verskyn het.
[62] Van der Merwe, *Donker stroom,* 194, 342, 346. Die Wetgewende Raad was die liggaam wat Milner daargestel het om die Transvaalkolonie te regeer totdat selfregering aan die land toegeken sou word. Tot op hierdie tydstip het die Wetgewende Raad net uit staatsamptenare bestaan. Milner het nou besluit om dit tot 30 lede te vergroot, waarvan hy 14 lede uit die burgerlike samelewing sou benoem.
[63] B.J. Viljoen, *Die Transvaaler im Krieg mit England* (vert. A. Schowalter, Munchen: Lehmann, 1902).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

besluiteloos oor sy toekomsplanne is. Wat betref Ben se kwansuise aanstelling in die Wetgewende Raad, sien Schowalter dit as ’n poging van Chamberlain (en by implikasie Milner) om Ben teen genls. Botha en De la Rey af te speel. Volgens hom word Ben elke keer genoem as die opkomende man vir die Transvaalkolonie wanneer Engeland probleme met die ander Boereleiers ondervind. Sover dit Ben se aanstelling in die Wetgewende Raad aangaan, was Schowalter waarskynlik in die kol, want daar is geen aanduiding dat Milner Ben ooit vir hierdie liggaam oorweeg het nie. Dit sou ook hoogs onwaarskynlik wees in die lig van sy vyandige houding teenoor Ben. Wat Ben se Somaliland-aanbod betref, verduidelik Schowalter dat Ben deur werklose lede van sy voormalige kommando gesmeek is om hulle te lei. Volgens Schowalter het Ben egter goed geweet dat sy aanbod in elk geval van die hand gewys sou word. ’n Verraaier is Ben dus beslis nie, is Schowalter se slotsom.[64] Schowalter se verdediging van Ben beïndruk dr. Leyds in Brussel geensins nie. Aan ’n korrespondent skryf hy: “Een tegenspreek van Ben Viljoen heeft voor mij geen waarde en het smart mij dat te moeten zeggen. Hij is een geheel onberekenbaar en onbetrouwbaar man…Ik ben voor dat heer op mijn hoede.”[65]

## ***“Dealers in hot air”***

In Mexikostad word die groep Boere-offisiere aan die begin van Maart 1903 deur ’n Amerikaanse grondpromotor genader om ’n Boerekolonie te vestig in Tamaulipas, ’n oostelike Mexikaanse deelstaat wat aan die Golf van Mexiko grens.[66] Kritzinger, Joubert en O’Donnell is vuur en vlam, maar Ben, Snyman, Fouché en Malan besluit om eerder steeds grond in Chihuahua te probeer verkry.[67] Kritzinger, Joubert en O’Donnell vertrek hierna op ’n lesingstoer deur suidelike deelstate van die VSA om geld in te samel.[68] Kort voor lank sal die verhouding tussen die twee groepe egter versuur omrede hulle onderskeie grondskemas gaan meeding vir Boer-immigrante. Ben se aanbod om vir Brittanje in Somaliland te gaan veg sal ook ’n rol in die vervreemding

[64] A. Schowalter, ‘General Ben Viljoen’, *Tägliche Rundschau*, 4 Maart 1903.
[65] Nationaal Archief, Den Haag, Collectie 097, W.J. Leyds, vol. 40, brief, Leyds – Humme, 27 Maart 1903.
[66] *El Paso Herald*, 22 Mei 1903. Sien ook B.M. Du Toit, ‘A Boer settlement that was never settled: Tamaulipas, Mexico’, *Historia*, 49/1 (2004) vir ’n volledige uiteensetting van hierdie skema.
[67] Du Toit, *Boer settlement*, 53; *El Paso Herald*, 20 April 1903.
[68] Sien byvoorbeeld *St. Louis Republic*, 23 Maart 1903 en *El Paso Herald*, 22 Mei 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

speel. O'Donnell sal 'n paar weke later in El Paso verklaar dat Ben is "thoroughly reconciled to the Boer defeat and that he is just as ready to help the British who control the country for which he fought so gallantly as he was to fight for the Boer cause".[69] Op sy beurt sal Snyman heftig ontken dat Ben ooit so 'n aanbod gemaak het, en verklaar dat "I am profoundly sore at heart, that this grand man and one of the truest Boers who ever lived, should have been accused of being a traitor to the cause which he holds so dear to heart."[70] Hierna sal O'Donnell later weier om enigiets met Snyman te doen te hê. Die Tamaulipas-skema sal egter nooit van die grond af kom nie.[71] Kritzinger sal binne 'n paar maande na Suid-Afrika terugkeer, terwyl Joubert en O'Donnell tot die volgende jaar met lesings sal voortgaan.[72]

Al hierdie hervestigingskemas van die Boere in Mexiko gaan nie ongemerk verby in die VSA nie. Die invloedryke *Los Angeles Times* skryf spottend hieroor:

> There are all kinds of Boer generals, colonels, captains and commandants down there at the present time, the privates probably waiting for word to come later. Big tracts of lands have been shown the visitors, honors are being heaped upon them, and they are delivering lectures to the people at the usual price of admission. But, as yet, they have not bought any land…Possibly these alleged 'embattled farmers' are merely dealers in hot air.[73]

## **Misverstande**

Intussen het Ben egter van Lenie gehoor dat sy nie na Mexiko wil verhuis nie.[74] Hy is nou weer in die VSA, waar hy met 'n groep Boere vergader het wat ook die moontlikheid van hervestiging in Mexiko wil ondersoek.[75] Hy besluit om nou maar sy koerantplanne in Suid-Afrika verder te probeer voer. Op 21 Maart 1903, eers ses weke nadat hy van Van Gelder gehoor het dat Chamberlain ten gunste van sy nuwe koerant is, skryf hy uit Boston aan laasgenoemde dat Van Gelder hom ingelig het dat die Britse

---

[69] *El Paso Herald*, 29 April 1903.
[70] Ibid., 8 Mei 1903.
[71] Du Toit, *Boer settlement*, 53, 60, 62, 69.
[72] *San Francisco Call*, 19 Junie 1904; P.H. Kritzinger en R.D. McDonald, *In die skaduwee van die dood* (Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth: Nasionale Pers Beperk, 1939), 6.
[73] *Los Angeles Times*, 22 Maart 1903.
[74] Sien voetnota 52 hierbo.
[75] *Mexican Herald,* 12 Mar 1903; *Atlanta Constitution*, 14 Maart 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

regering bereid is om £10 000 (R10 000 000) hiervoor tot sy beskikking te stel en dat hy hom in Londen hieroor wil kom sien.[76] Chamberlain antwoord egter dat daar ’n misverstand was – hy het bedoel dat sou Ben na Suid-Afrika terugkeer, hy vir Milner, "who is favourably inclined towards the project", moet gaan sien.[77] ’n Ontstelde Ben laat vir Van Gelder weet hy is uit die veld geslaan dat Chamberlain nou kwansuis niks weet van sy voorgestelde koerant nie. Van Gelder skryf hierna aan Onslow dat Chamberlain se brief hom groot persoonlike verleentheid by Ben veroorsaak het, want Onslow het hom by hul laaste vergadering onder ’n ander indruk gebring.[78] Onslow laat hierop vir Van Gelder weet dat hy (Onslow) Chamberlain se telegram uit Suid-Afrika verkeerd verstaan het; hy het naamlik aangeneem die "personal interview" waarna Chamberlain verwys het is op laasgenoemde van toepassing en nie op Milner, soos Chamberlain eintlik bedoel het nie. Hy wys Van Gelder egter regtens daarop dat Chamberlain in sy brief aan Ben nooit verklaar het dat hy niks van die voorgenome koerant weet nie.[79]

## La Hacienda Santa Rosalia

Intussen het Snyman onverpoosd na geskikte grond in Chihuahua gesoek. Enrique Creel, die invloedryke Mexikaanse bankier wat die Boere-offisiere van sy ondersteuning verseker het, asook sy skoonpa, goew. Luis Terrazas, het toe gereël dat Snyman ’n plaas van 83 000 akker (32 000 hektaar) bekend as La Hacienda ("plaas") Santa Rosalia besigtig, wat te koop was naby die dorp Julimes in Chihuahua.[80] Snyman het gehou van wat hy gesien het. Santa Rosalia is geleë op ’n wye plato, ongeveer 2 000 meter bo seevlak, met die gevolg dat die klimaat selfs in die somer gunstig is, met matige temperature smiddags en koel aande. Die Rio ("rivier") Conchos, ’n tak van die

[76] TAB, CS 1080, brief, Viljoen – Chamberlain, 21 Maart 1903. Die ses-weke tydsverloop tussen Van Gelder se telegram aan Ben, en Ben se brief aan Chamberlain, dui daarop dat Ben ernstig was oor die moontlikheid van hervestiging in Mexiko, en sy koerantplanne van minder belang beskou het tot Lenie hom laat weet het dat sy nie na Mexiko wil verhuis nie.
[77] Ibid., brief, Bretton – Viljoen, 7 April 1903. Lord Bretton was Chamberlain se privaat sekretaris, en het namens hom geskryf.
[78] Ibid., brief, Van Gelder – Onslow, 30 April 1903. Van Gelder het Ben se stellings in hierdie brief weergegee.
[79] TAB, GOV 587, brief, Macnagthen – Van Gelder, 9 Mei 1903. Macnagthen was Onslow se privaat sekretaris, en het namens hom geskryf.
[80] Taylor Hansen, 'La Colonizacion Boer', 466; *Mexican Herald*, 29 April 1903; *El Paso Herald*, 2 Mei 1903; *New York Tribune*, 1 Junie 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Rio Grande wat die grens tussen Mexiko en Texas vorm, vloei deur die plaas en vertak hier in die Rio San Pedro. Die oorvloed van water en die gunstige klimaat maak dit ideale landbougrond vir mielies, koring, katoen, groente en vrugte. Verder is dit slegs 19 km oos van die Ortiz-stasie op die spoorlyn wat die VSA met Mexikostad verbind. Dit sal Boere dus in staat stel om hul produkte geredelik na groter sentra te vervoer en daar te verkoop.[81]

Met Creel en Terrazas se hulp kom Snyman aan die einde van April 1903 in beginsel ooreen om Santa Rosalia te koop. Ingesluit in die koopprys is 2 000 stuks vee. Creel is die hoofaandeelhouer in die Banco Minero de Chihuahua en hy onderneem dat sy bank 150 000 peso's (R15 miljoen) op gunstige voorwaardes aan Snyman sal leen. 'n Voorwaarde van hierdie finansiering sal egter wees dat minstens 50 Boerefamilies hulle binne drie jaar ná die ondertekening van die finale kontrak op Santa Rosalia moet kom vestig. Alhoewel die kooptransaksie nog nie finaal afgehandel is nie, kry Snyman nou toestemming dat voornemende Boere-immigrante intussen op Santa Rosalia mag kom boer.[82] Snyman en kmdt. Fouché laat weet onmiddellik hul families in Suid-Afrika om na New York te kom. Snyman vertrek nou soontoe terwyl kmdt. Fouché en die ongetroude luit. Jack Malan agterbly om hulle solank op die plaas te vestig en koring te begin saai.[83] Ben vind ook nou sy weg na New York ná hy die goeie nuus van Snyman ontvang het. Alhoewel hy nie self van plan is om hom op Santa Rosalia te vestig nie, verklaar hy wyd en syd hy gaan binnekort na Suid-Afrika vertrek om Boerefamilies te werf om hulle op die plaas te kom vestig.[84]

Snyman en Ben sluit nou op 18 Mei in New York 'n vennootskapsooreenkoms waarvolgens hulle gelyke vennote in die Santa Rosalia-hervestigingskema sal wees. Die ooreenkoms bepaal dat Ben na Suid-Afrika moet terugkeer om 50 Boerefamilies te werf, terwyl Snyman oor die finale kontrak onderhandel en die nodige toerusting en voorrade aankoop. Die titelakte moet ook in albei se name geregistreer word. Verder bepaal die ooreenkoms dat die wins uit die skema gelykop tussen hulle verdeel sal word.[85] Soos later sal blyk, beplan hulle om grond, toerusting en saad aan voornemende

---

[81] Taylor Hansen, 'La Colonizacion Boer', 466; *The Minneapolis Journal*, 22 Julie 1905.
[82] Taylor Hansen, 'La Colonizacion Boer', 466; *Mexican Herald*, 29 April 1903; *El Paso Herald*, 2 Mei 1903; *New York Tribune*, 1 Junie 1903; *Los Angeles Times*, 7 November 1905.
[83] *El Paso Herald*, 2 en 18 Mei 1903, 26 Junie 1903; *New York Tribune*, 3 Junie 1903.
[84] Sien byvoorbeeld *Los Angeles Herald,* 13 Mei 1903; *Dundee Evening Telegraph*, 15 Mei 1903; *Sheffield Daily Telegraph*, 15 Mei 1903; *El Paso Herald*, 18 Mei 1903.
[85] Prof. A. Offenburger-versameling, Memorandum of Agreement between W.D. Snyman and B.J. Viljoen, 18 Mei 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

setlaars beskikbaar te maak, op voorwaarde dat hulle die helfte van hul oes aan Ben en Snyman afstaan.[86]

Die nuus van die hervestigingskema het Suid-Afrika intussen bereik. Die *Rand Daily Mail* berig dat Ben verklaar het hy gaan na Mexiko verhuis omrede die oorlog hom geruïneer het en hy geen toekoms vir die Boere in Suid-Afrika sien nie. ’n Verslaggewer van die koerant voer hieroor ’n onderhoud met genl. Kemp, wat hom in November 1901 vir die manewales van Ben se manne by Pietersburg vererg het en nou in Krugersdorp woon. Kemp verklaar dat Ben niks van die toestande in Suid-Afrika weet nie – hy was dan skaars in die land sedert die vredesluiting. Kemp is ook heeltemal gekant teen die emigrasie van Boere – hulle moet eerder in Suid-Afrika bly, wat hul tuiste is en waar hulle ’n groter kans op sukses sal hê as in ’n vreemde land met sy eiesoortige uitdagings.

Die verslaggewer meld verder dat sommige Krugersdorpers wonder wat Ben kwansuis in die oorlog verloor het. Volgens hulle was sy verliese beperk tot ’n gemaklike staatspos en £35 (R35 000) wat hy op sy huis in Krugersdorp bestee het. Daarbenewens besit hy ook ’n paar erwe in Krugersdorp en dié het sedert die vredesluiting in waarde gestyg. Afgesien van sy staatspos het die oorlog hom dus eerder beter as slegter af gelaat, glo hulle. Die verslaggewer se slotsom is dat “Ex-General Viljoen will have some difficulty in convincing the Krugersdorpians that his scheme is not a land settlement scheme organised for his own profit, and he will, I believe, find even greater difficulty in securing his settlers.”[87]

## **Lente in Londen**

Ben vertrek die dag ná hy die vennootskapsooreenkoms met Snyman gesluit het na Engeland.[88] Met sy aankoms op 25 Mei 1903 vertel Ben vir verslaggewers hier ’n ander storie as wat hy vir Amerikaanse verslaggewers gehad het. Nou het hy groot hoop vir die toekoms van Suid-Afrika en hy gaan hom weer in Krugersdorp vestig.[89] Hyself het geen voorneme om na Mexiko te verhuis nie en hy het slegs ’n geskikte land gaan uitsoek vir daardie onversoenbare Boere wat wel wil emigreer.[90] Hy skryf ook nou weer

[86] J.C. Viljoen, ‘Afrikaanse Amerikaners’, *Die Huisgenoot*, 25 Junie 1948.
[87] *Rand Daily Mail,* 18 Mei 1903.
[88] *New York Times*, 19 Mei 1903; *The Times*, 26 Mei 1903.
[89] *The Times*, 26 Mei 1903; *Nottingham Evening Post*, 26 Mei 1903.
[90] *The Times*, 8 Junie 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aan Chamberlain oor sy voorgestelde koerant. Chamberlain antwoord hom diplomaties: Hy onderneem om Milner te verwittig van sy "strong hope that he will be able to utilise yourself in connection with your proposal for establishing a newspaper which will cooperate with the Government in all that tends to the prosperity of the country and the reconciliation of the two races inhabiting it. If for any reason Lord Milner should be unable to encourage this project, I have asked him to consider favourably the possibility of enlisting your assistance in some other official capacity."[91] Vier dae ná sy aankoms staan Chamberlain Ben ook kortliks by sy kantoor te woord. Ná die vergadering verklaar Ben aan 'n verslaggewer dat hy baie tevrede met hul vergadering was.[92]

Ben bring twaalf dae in Londen deur voor sy vertrek na Suid-Afrika. Behalwe vir sy enkele afspraak met Chamberlain, verdwyn hy nou vir 'n wyle uit die publieke oog, 'n ongewone afwesigheid wat hom betref. Verder sou mens verwag het dat hy na sy lang afwesigheid so gou as moontlik na Lenie en sy drie kinders sal wil terugkeer, veral omdat hy hulle maar skaars drie weke die voorafgaande twee en 'n half jaar gesien het. Of hy sy vooroorlogse flirtasie met May Belfort teen hierdie tyd al hernu het, is onbekend, maar dit lyk so, want altwee gaan op Saterdagaand, 6 Junie 1903 in Southampton aan boord van die stoomskip *Walmer Castle*.[93] In die loop van die 16-daagse skeepsreis na Kaapstad blom hul liefde en Ben vra die groot vraag. May sal later oor hul verlowing verklaar: "I think it was really settled on that trip; those sea voyages, you know, have many such affairs to answer for."[94] Vir tyd en wyl moet Ben sy verlowing egter geheim hou, want in Suid-Afrika wag sy familie vir hom.

[91] Prof. A. Offenburger-versameling, brief, Chamberlain – Viljoen, 29 Mei 1903.
[92] *Daily Mail*, 30 May 1903.
[93] *The Times*, 8 Junie 1903. Hierin is Ben se vertrek gemeld. In 'n latere persberig het May verklaar dat hulle op dieselfde skip na Suid-Afrika gereis het (*Daily Express*, 9 Desember 1903).
[94] *Daily Express*, 9 Desember 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*May Belfort.* (*Washington Times*, 18 Jan 1904)

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 10

## LAASTE BESOEK

**(Jun 1903–Nov 1903)**

**Kritiek**

Ben en May kom op 23 Junie 1903 in Kaapstad aan.[1] Terwyl hy oorsee was, het nog kritiese stemme in Suid-Afrika begin opgaan teen skemas wat poog om Boere te oortuig om te emigreer, onder andere na lande soos Angola, Duits Suidwes-Afrika, Madagaskar, Argentinië en Mexiko.[2] Een van hierdie stemme is dié van R.D. McDonald, die oorlogsekretaris van genl. Kritzinger wat 'n ruk saam met laasgenoemde en kmdte. Joubert en Fouché deur Brittanje en Amerika gereis en Ben dus vermoedelik ontmoet het.[3] Volgens hom het diegene wat in Amerika deur groot grondeienaars, maatskappye en regerings gebruik word om hul mede-Afrikaners te oortuig om te emigreer net een oogmerk, naamlik om hul sakke te vul. Hy rig 'n waarskuwing aan sy volksgenote:

> Wacht voor menschen die zoo Afrikaansch zyn dat zy in Zuid-Afrika niet kunnen blyven. Laat u door hen niet vleien en bedriegen. We zyn er ten zeerste van overtuigd dat niet de welvaart van den emigrant maar wel het belang van den grondeigenaar in den vreemde, en van zyne instrumente word beoogd. Slecht in zooverre als de welvaart van den boer met hun belangen strookte zullen zy hom ondersteunen – en verder ook

---

[1] *The Guardian*, 4 Junie 1903. Die geskeduleerde aankomsdatum van die *Walmer Castle* is hierin verstrek.

[2] Sien byvoorbeeld redaksionele kommentaar asook briewe van onderskeidelik "Bedrogen Trekker" en R.D. Macdonald in *Land en Volk*, 5 Junie 1903.

[3] P.H. Kritzinger en R.D. McDonald, *In die skaduwee van die dood* (Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth: Nasionale Pers Beperk, 1939), 6. McDonald was die mede-skrywer van genl. Kritzinger se oorlogsherinneringe.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

niet. Is het dan niet veel gewaagd en uiterst gevaarlyk zich toe te vertrouwen aan de zorg en barmhartigheid van zulke wezens![4]

**Die Heidelberg-vergadering**

Ben en May vertrek kort ná hulle aankoms in Kaapstad na Johannesburg, Ben om aan sy koerantplanne en politieke ambisies aandag te gee en May om in 'n reeks vertonings by die Empire Music Hall op te tree.[5] Ben sorg nou dat hy op Donderdag, 2 Julie 1903, skaars 'n week na sy aankoms in die land, in Heidelberg 'n massabyeenkoms van Afrikaners onder leiding van genl. Botha bywoon. Veral twee kwessies het tot die reël van hierdie samekoms aanleiding gegee, naamlik weerstand teen Milner se nuwe onderwysbeleid wat poog om Afrikanerskinders te verengels, asook die koloniale regering en mynhuise se plan om Chinese kontrakarbeiders na die land te bring om in die myne te werk weens die na-oorlogse tekort aan swart arbeiders.[6] Talle Afrikaanse en Engelse Transvalers is heftig teen Chinese kontrakarbeid gekant. Hulle meen dat die Transvaalkolonie 'n witmansland moet bly en dat as die Chinese arbeiders eers hier is, hulle nie weer na hul eie land sal wil terugkeer nie.[7]

Bykans 'n jaar het nou verloop sedert Ben vir Botha laas by die huwelik van genl. De la Rey se dogter in Kaapstad gesien het. Sedertdien het hulle mekaar in Europa vermy en nie een het iets goeds oor die ander te sê gehad nie. Met die aanvang van die vergadering reageer Botha eerstens op Britse aantygings dat miljoene pond deur die ZAR-regering tydens die oorlog uit die land geneem is. Botha ontken dit ten sterkste en verseker sy gehoor dat geen pennie verduister is nie. Ben is egter nie hiermee tevrede nie en stel 'n vraag. Is dit nie so dat pres. Kruger en ander lede van die ZAR-regering 'n groot som geld uit die land geneem het waarvan daar geen rekenskap gegee is en waarvan die burgers niks weet nie? Botha vererg hom. Ben se vraag is ontydig,

---

[4] *Land en Volk*, 5 Junie 1903. Brief van R.D. Macdonald gedateer 25 Mei 1903.
[5] *Daily Express*, 9 Desember 1903. Belfort het in 'n onderhoud met 'n verslaggewer van hierdie koerant verklaar dat sy gedurende hierdie tydperk in die Transvaalkolonie opgetree het. Hierdie berig het verder gemeld dat "General Viljoen saw much of the fair singer during her tour." 'n Latere berig het gemeld dat Belfort in die Empire Music Hall in Johannesburg opgetree het (*Land en Volk*, 13 Januarie 1905).
[6] *De Volksstem*, 4 Julie 1903.
[7] C. van der Merwe, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 2015), 372; D. Denoon, *A Grand illusion: The failure of imperial policy in the Transvaal colony during the period of reconstruction 1900-1905* (Londen: Longman, 1973), 92-93; H. Giliomee, *The Afrikaners: Biography of a people* (Cape Town: Tafelberg, 2003), 264-268.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

antwoord hy, aangesien hy nou die arbeidskwessie wil bespreek, maar hy sal dit in elk geval antwoord. Ja, dit is so dat geld na Europa gestuur is, want hoe anders sou die Boere wapens en ammunisie tydens die oorlog aangeskaf het? Geen geld is egter weggesteek nie. Wat pres. Kruger betref, was hy wat Botha is persoonlik teenwoordig toe die staatspresident uit Transvaal na Europa vertrek het, en hy kan die vergadering die versekering gee dat laasgenoemde net genoeg geld by hom gehad het om sy reiskoste te dek. Enige ander insinuasies is ’n belediging vir die volk. Ben retireer nou ietwat. Hy is tevrede met Botha se antwoord, verklaar hy, wel wetende dat hy die vorige jaar ’n ander deuntjie by Chamberlain gesing het.[8]

Ná ’n lang bespreking oor die arbeidskwessie, word ’n mosie voorgestel dat Botha die Britse regering in kennis moet stel dat die invoer van Chinese kontrakarbeiders nie oorweeg moet word alvorens die Transvaalkolonie selfregering geniet nie. Voor egter daaroor gestem kan word, het Ben ook iets om te sê. Hy het met sy eie oë in Amerika gesien dat die Chinese – in teenstelling met die algemene opvatting in die Transvaalkolonie – ’n beskaafde volk is wat op alle arbeidsterreine bekwaam is, verklaar hy. Die mynbedryf probeer die Boere nou oortuig die Chinese werkers gaan slegs die swart arbeidstekort aanvul. Hy is egter van mening die Chinese sal eerder mettertyd die plek van wit werkers inneem.[9]

Twee dae ná die Heidelberg vergadering verskyn ’n lang, spottende gedig deur ’n naamlose skrywer in die *Krugersdorp Standard* wat ’n aanduiding gee van hoe sommige mense oor Ben voel. ’n Mens bespeur hierin die humoristiese literêre styl van Douglas Blackburn, Ben se romansiervriend.

> Ons Ben has been to furren parts and seen a sight of things,
> Dashing Ben!
> He’s hobnobbed with an Emperor and been lionised by Kings,
> Sparkling Ben!
> Eaten sauerkraut in Germany and humble pie in France;
> Ogled “la belle monde” in Paris, led the patriots such a dance.
> But he’s blasé with old Europe, and he’s back to tilt his lance –
> British Ben!
>
> Played Munchausen to the Irish, gave the boys a choice harangue,
> Soft-tongued Ben!
> Tried to swop his old Boer pony for a Mexican mustang,
> Broncho Ben!
> Emulated old Pizarrro on the blooming Spanish main;
> Fought to float another nation on a marshy Aztec plain,

[8] *Land en Volk*, 3 Julie 1903; *De Volksstem*, 4 Julie 1903.
[9] Ibid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Played a game of bluff with greasers, gave the Bowery red-hot Cain –
Our Ben!

Passed the plate among crowned heads in charity's sweet cause,
Noble Ben!
Volunteered for active service in Somali's little wars,
Gin'ral Ben!
Taught Boss Tammany a thing or two, and Pierpont Morgan brag,
Struck the Yukon trail for gold-dust, found it only Yankee snag –
But in spite of all temptations, he adores the old Red Rag;
British Ben![10]

## Die huweliksbootjie strand

Ná die afloop van die Heidelberg vergadering gaan dra Ben op 13 Julie 1903 die nuus aan Lenie by haar ouerhuis in Roodepoort oor dat hul paaie gaan skei.[11] Oor sy en May se verlowing rep hy nie 'n woord nie, maar gebruik 'n ander rede – naamlik dat hy glo Minnie nie sy kind is nie.[12] Volgens familieoorlewering is hierdie gedagte deur Britse propaganda by Ben geplant, wat dit wou gehad het dat Minnie deur 'n ander man verwek is terwyl hy op kommando was. As hierdie storie waar was, is onbekend by wie en wanneer Ben hierdie gerug gehoor het. Vyf maande tevore het hy nog vir Lenie gevra om by hom in Mexiko aan te sluit. Daarna was hy hoofsaaklik in Mexiko en die VSA, en was hy nou kwalik weer drie weke terug in Suid-Afrika. Uit bogenoemde tydsverloop lyk dit asof sy agterdog – as dit wel bestaan het – dan eers oor die laaste paar maande ontstaan het.

[10] *Krugersdorp Standard*, 4 Julie 1903.
[11] Lenie het die volgende jaar in haar dagvaarding vir 'n egskeiding verklaar dat "In or about the month of July 1903, the said Benjamin Viljoen maliciously deserted your Petitioner, at Roodepoort, near Johannesburg" (TAB, WLD 5/45/590/1904, Ex parte application of Helena Beatrice Viljoen, 18 Julie 1904). Volgens 'n latere berig in *Land en Volk* was dit op 13 Julie 1903 (*Land en Volk,* 10 Februarie 1905).
[12] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota K, voetnota 31 deur Jeanine Viljoen, dogter van Eugène. Hierin het sy gemeld dat die familie 'n mite geskep het om Ben en Lenie se egskeiding te verklaar. Hiervolgens wou Ben nie in Suid-Afrika onder Britse oorheersing lewe nie, terwyl Lenie nie in die VSA of Mexiko wou woon nie. "Victorian propriety covered the true story. Ben refused to accept Minnie as his child. If Ben wouldn't accept Minnie as his child, Helena would not live with him. Ben refused to accept Minnie as his child believing the British propaganda that the little girl was fathered by another man while he was away fighting."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Minnie en Lenie Viljoen in Londen afgeneem.* (EM-versameling)

Hierdie agterdog kon wel ook onstaan het, of is moontlik versterk, deur Minnie se geboortedatum: sy is op 31 Desember 1900 in Nederland gebore. ’n Normale swangerskap duur ongeveer 38 weke vanaf die oomblik van bevrugting. Vir Minnie om sy dogter te wees, moes Ben vir Lenie op ongeveer 9 April 1900 swanger gemaak het. Toe was hy egter by Vantondersnek in die Biggarsberg. Voor dit het hy Lenie ses weke laas gesien toe hy ná sy verwonding by Vaalkrans in Roodepoort herstel het. Daarna het hy haar eers weer op 8 Mei 1900 in Roodepoort gesien, ná hy die laaste Volksraadsitting van die ZAR bygewoon het. Hierdie twee datums dui op ’n langer of korter swangerskap as normaalweg, maar steeds binne perke van wat moontlik is. Net hy en Lenie sou geweet het of hulle wel op een of albei van hierdie tye intiem verkeer het. Die gebeure rondom Lenie se vriendskap met die telegraafklerk Edward Aitchenson vier jaar tevore kon sekerlik ook nou weer by Ben opgedoem het. Wat ook al egter die oorsaak van sy agterdog, hy het Minnie tot aan die einde van sy lewe nie as sy kind erken nie.[13] Minnie was in later jare hiervan bewus en dit was vanselfsprekend baie pynlik vir haar.[14]

Nie Ben of Lenie maak nou ’n egskeidingsaak aanhangig nie; dit sal eers ’n jaar later gebeur. Ben onderneem egter om vir tyd en wyl £8 (R8 000) onderhoud per maand te betaal, asook dat sy die £9 (R9 000) per maand kan kry waarvoor hul huis in Krugersdorp verhuur word.[15] Vir die res van sy verblyf in die Transvaalkolonie sal Ben

[13] Myrtle Viljoen, Ben se latere Amerikaanse vrou, het ná sy afsterwe in 1917 die Probate Court van Doña Ana County in Nieu-Mexiko in kennis gestel dat hy slegs twee oorlewende kinders het, naamlik sy seuns Eugène en Silvanus (Doña Ana County probate file no 143, County Clerk’s Office, Las Cruces, Nieu-Mexiko). Minnie is egter eers in 1960 oorlede (H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister* (Franschhoek: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, 2012), 1558).
[14] Jeanine Viljoen, dogter van Eugène Viljoen, het ’n foto van Minnie in ’n familieversameling gesien waarop laasgenoemde geskryf het, “How could he say I was not his child, when I looked more like him than any of his children?” Minnie was op hierdie tydstip in haar twintigerjare (BF-versameling, Jeanine Viljoen notas vir hoofstuk 1 van haar beplande biografie van Lenie Viljoen).
[15] TAB, WLD 5/45/590/1904, Ex parte application of Helena Beatrice Viljoen, 18 Julie 1904. Lenie het hierin die onderhoud uiteengesit wat Ben haar die vorige 12 maande betaal het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nou hoofsaaklik in die Australia Hotel in Harrisonstraat in Johannesburg tuisgaan.[16] Vermoedelik is dit dan ook waar May Belfort snags ná haar vertonings by die Empire Music Hall haar kop neerlê.

## **Milner en Ben kom tot 'n vergelyk**


Drie dae later gaan sien Ben vir Milner in Johannesburg vir die eerste van vier vergaderings in die loop van die volgende twee weke.[17] Wat hy nie weet nie, is dat sy koerantplanne reeds die doodskoot gekry het. Terwyl hy na Suid-Afrika onderweg was, het Milner en Eugène Marais se verhouding met rasse skrede verbeter. Die weerbarstige Gustav Preller, voormalige redakteur van *Land en Volk*, het in April 1903 by *De Volksstem* aangesluit en Marais het 'n meer plooibare redakteur aan die stuur van sake by sy koerant geplaas. *Land en Volk* slaan nou 'n baie meer versoenende houding teenoor Milner en die kroonkolonieregering in. Marais het selfs ingestem om artikels ter ondersteuning van Milner se nuwe onderwysbeleid te skryf. Kort voor sy ontmoeting met Ben het Milner dus besluit om die kroonkolonieregering se finansiële steun aan *Land en Volk* voort te sit en selfs te verhoog.[18] Milner het nie meer Ben se nuwe koerant nodig nie – hy het nou die gematigde Nederlandsstalige koerant wat hy in die Transvaalkolonie wil hê. Dit is onbekend watter rede Milner aanvoer om Ben in kennis te stel dat daar nie staatsondersteuning vir sy nuwe koerant gaan wees nie, maar sekerlik hoor Ben die nuus met groot teleurstelling aan – dit is 'n groot terugslag vir sy politieke ambisies en weereens het Milner ook nie 'n staatspos vir hom nie.

Ben se eerste en dringendste prioriteit is nou om geld in die hande te kry – teen hierdie tyd is die fondse wat hy uit sy lesingstoere en boek verdien het, sekerlik al aan die opdroog. Hy opper dus by Milner die moontlikheid van 'n hervestigingslening van £1 000 (R1 miljoen), waarvoor hy twee onbeboude erwe in Krugersdorp as sekuriteit kan aanbied. Vermoedelik sien Milner nou 'n geleentheid in Ben se geldelike verknorsing. Milner het steun uit Boeregeledere nodig vir sy voorgenome invoer van Chinese kontrakarbeiders. Hy het reeds stappe begin doen om Marais sover te kry om

[16] *The Transvaal Leader* het op 11 en 13 Augustus 1903 gemeld dat Ben hier tuisgaan. Hy het hierna ook verskeie briewe vanaf hierdie adres geskryf (TAB, CT 277/B.1443/03, brief, Viljoen – Leish, 20 Augustus 1903; Dr. A. van Dyk-versameling, brief, Viljoen – Aaron, 9 September 1903).
[17] University of Oxford, Bodleian Library, Milner Papers, MS 73, Milner-dagboek, 15, 16, 27 en 31 Julie 1903. Milner dui egter net aan wanneer hy Ben ontmoet het, nie wat bespreek is nie.
[18] Van der Merwe, *Donker stroom*, 351-352, 358-360, 362-365.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

*Land en Volk* se anti-Chinese houding te verander, wat wel later sou gebeur.[19] Die ondersteuning van 'n prominente Boeregeneraal soos Ben sal baie help om sy hand te versterk. Uit die latere verloop van gebeure lyk dit of Ben en Milner nou 'n verstandhouding bereik. Ben moet sy volksgenote aanmoedig om met 'n oop gemoed na die arbeidskwessie te kyk en hulle te berus by die aanbevelings van die kommissie wat Milner sopas aangestel het om die arbeidstekort in die land te ondersoek.[20] Op sy beurt sal Milner Ben se aansoek vir 'n lening ondersteun.



*Lord Milner.* (TAB-fotoversameling)

In Mexiko woeker Snyman intussen ywerig op Santa Rosalia voort. In Amerika het hy reeds stoetbeeste en plaastoerusting aangekoop. Op hierdie tydstip is dit egter nog net sy en kmdt. Fouché se families, asook die vrygesel Jack Malan, wat hulle hier gevestig het, maar aan verslaggewers vertel hy dat Ben hom per kabelgram laat weet het 50 Boeregesinne gaan teen 1 Augustus 1903 gereed wees om na Mexiko te vertrek.[21] In werklikheid het Ben nog niks gedoen om Boere-immigrante te werf nie, maar Snyman moet die Mexikaanse bankier Enrique Creel tevrede stel dat hy besig is om die voorwaarde van sy lening na te kom, naamlik dat minstens soveel gesinne hulle mettertyd op Santa Rosalia sal vestig. En op 1 Augustus het Ben buitendien 'n ander saak om aan aandag te gee.

**<u>Ben maak bollemakiesies</u>**

Die aand van 31 Julie 1903, 'n paar uur ná sy vierde en laaste vergadering met Milner,[22] is Ben in Krugersdorp om die volgende dag 'n groot byeenkoms by te woon waar die Chinese arbeidskwessie weereens bespreek sal word. Genls. Botha, Smuts, Kemp en

[19] Ibid., 372-373.
[20] Denoon, *Grand illusion*, 143.
[21] *El Paso Herald*, 30 Julie 1903.
[22] University of Oxford, Bodleian Library, Milner Papers, MS 73, Milner-dagboek, 31 Julie 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Celliers is ook reeds hier. Die onderskeie Boeregeneraals ontmoet dieselfde aand nog in ’n plaaslike hotel om te besluit op die bewoording van die mosie wat hulle die volgende dag op die byeenkoms wil voorstel. Ben veroordeel nou Botha se voortdurende openbare kritiek van alles wat die kroonkolonieregering doen. Hy kritiseer ook Botha se houding oor die arbeidskwessie en verklaar dat hy en ander wat soos hy voel, besluit het om die onvermydelike te aanvaar in die geloof dat dit toestande in die land sal verbeter. Botha gee uiteindelik effens bes en ’n kompromismosie word voorberei. Daarvolgens sal die verslag van Milner se sogenaamde Werksvolk-kommissie afgewag word voordat formeel namens Afrikaners gereageer word.[23] By die openbare vergadering die volgende dag slaan Ben ’n ander houding in as ’n maand tevore by Heidelberg. Hy verklaar dat die argumente van beide die pro- en anti-Chinese kampe meriete het. Dit is inderdaad so dat die land ’n tekort aan arbeid ondervind en dat die landboubedryf op hierdie tydstip nie in die land se behoeftes kan voorsien nie. In beginsel is hy gekant teen die invoer van kontrakarbeiders, maar as dit blyk dat die land nie voldoende arbeid het nie, sal werkers ingevoer moet word. Die vergadering aanvaar hierna die mosie wat die Boereleiers die vorige aand voorberei het.[24]

Ben doen nou sy deel om die Boeremening ten gunste van Chinese kontrakarbeid te swaai. Kort hierna oortuig hy ’n groep Lydenburgse boere by ’n vergadering in Boksburg om hom af te vaardig om vir die invoer van Chinese kontrakarbeiders voorspraak te maak.[25] Op 15 Augustus verklaar hy by ’n vergadering in Pretoria met boere van Ermelo en Rustenburg dat hy ten gunste van die onmiddellike invoer van Chinese kontrakarbeiders is.[26] En in Fordsburg ondersteun ’n byeenkoms van Afrikaners sy voorstel dat hulle op hierdie tydstip met ’n oop gemoed die Werksvolk-kommissie se aanbevelings moet afwag.[27] Onder die Boereleiers is daar groot agterdog oor Ben se motiewe. Genl. Smuts, wat al maande lank probeer om Marais se koerant *Land en Volk* te koop, se ruim aanbod word kort hierna van die hand gewys ten gunste van ’n beter aanbod deur “waarschijnllijk den vyand”, volgens Smuts.[28] Hy is nie ver van die kol af nie, want in werklikheid het die

---

[23] *Aberdeen Journal,* 21 September 1903. Hierdie koerant het oor Botha se besluit om hom te berus by die mosie gemeld dat dit aan Ben se optrede te wyte was: “Viljoen’s persuasive powers proved effective, and the resolution for the next day’s meeting was drafted.”
[24] *The Times*, 3 Augustus 1903; *De Volksstem*, 5 Augustus 1903; *Land en Volk*, 7 Augustus 1903.
[25] *The Times*, 22 Augustus 1903.
[26] *The Transvaal Leader,* 15 en 19 Augustus 1903; *Edinburgh Evening News*, 17 Augustus 1903.
[27] *The Transvaal Leader*, 24 Augustus 1903.
[28] Nationaal Archief, Den Haag, Collectie 097, W.J. Leyds, vol. 40, brief, Smuts – Leyds,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kroonkolonieregering op Milner se aanbeveling nou ’n groot lening aan *Land en Volk* toegestaan.[29] Smuts glo egter “[m]isschien zullen Ben Viljoen en Van Gelder daar iets mede te doen hebben”.[30]

Op 20 Augustus word ’n komitee van Boereleiers by ’n vergadering in Bloemfontein saamgestel om na die Afrikanervolk se belange om te sien.[31] Dit is ’n eerste stap in die latere stigting van die Het Volk-party in die Transvaalkolonie, asook die Orangia Unie-party in die Oranjerivierkolonie, wat ’n paar jaar later in die verkiesings vir selfregering in dié twee kolonies oorwinnings sal behaal.[32] Op die sogenaamde “Boeren Hoofd Komitee” word genls. Botha, De Wet, De la Rey, Smuts en Hertzog, asook oudpresidente Steyn en Burger aangestel.[33] Die boodskap aan Ben is glashelder – hulle tel hom nie onder die leiers van die Afrikaners in die voormalige Boererepublieke nie. Hierna skryf Botha ook aan *De Volksstem* en *Land en Volk*, die twee vernaamste Nederlandstalige koerante in die Transvaalkolonie, en waarsku alle Afrikaners teen agente wat “openlijk of bedekt over het land [gaan] om de stem van de boeren-bevolking voor den invoer van Chineezen aan te werven”.[34]

Milner het intussen met langverlof na Brittanje vertrek. In sy afwesigheid word Ben se leningsaansoek deur die Transvaalkolonie se rekenmeester-generaal oorweeg. Laasgenoemde se amptenare is van mening die waarde van Ben se twee onbeboude erwe in Krugersdorp bied slegs voldoende sekuriteit vir ’n lening van £500 (R500 000), nie £1 000 (R1 miljoen) soos hy versoek het nie.[35] Toe Ben hiervan verwittig word, stuur hy op 22 Augustus ’n kortaf telegram aan die rekenmeester-generaal. “I understand from Lord Milner my case would be treated [as] extraordinary”.[36] Gesprekke vind nou op hoë vlak plaas en twee dae later word Ben se oorspronklike leningsaansoek vir £1 000 goedgekeur.[37] Ben koop hierna drie spanne bulle en ’n

---

24 September 1902.

[29] Van der Merwe, *Donker stroom*, 371.

[30] Nationaal Archief, Den Haag, Collectie 097, W.J. Leyds, vol. 40, Smuts – Leyds, 24 September 1902.

[31] *De Volksstem*, 22 Augustus 1903.

[32] Van der Merwe, *Donker stroom*, 374, 404.

[33] *De Volksstem*, 22 Augustus 1903.

[34] Ibid., *Land en Volk*, 29 Augustus 1903.

[35] TAB, CT 277/B1443/03, telegram Krugersdorp plaaslike owerheid – Accountant General, 21 Augustus 1903. Hierdie twee erwe (Erf nr. 84 en Erf nr. 85) is geleë in Krugersdorp-Noord (die voormalige distriksdorp), op die hoek van onderskeidelik Derde- en Ottostraat en Derde- en Onderstestraat, en het tans woonhuise op (TAB, TPD 78/52/1906, Sale in Execution notice, 5 Oktober 1905; Persoonlike besoek van skrywer op 5 November 2016).

[36] Ibid., telegram, Viljoen – Accountant General, 22 Augustus 1903.

[37] Ibid., telegram, Accountant General – Messrs De Villiers & De Kock, 24 Augustus 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

klomp teelbeeste wat hy na die Soutpansberg-distrik stuur,[38] waarskynlik na sy broers Chris en Wynand se plaas.[39]

## **Reünie van die Rand kommando**[40]

Op Saterdagaand, 12 September 1903, vyf dae ná sy 35ste verjaarsdag, is Ben en May by die Masonic-saal in Jeppestraat. Die geleentheid is die reünie van die Rand kommando. Ben is uitgevat in ’n modieuse jas bo-oor ’n wit onderbaadjie, ’n opvallende kontras met die meeste ander mans se flenniehemde, katoenbroeke en swaar stewels. Reeds voor die oorlog het die meeste van hulle gesukkel om op die Witwatersrand werk te kry weens hul gebrekkige opleiding en nywersheidsvaardighede. In die ZAR se staatsdiens en polisie was daar darem nog voorheen ’n heenkome vir party, terwyl ander ’n bestaan uit los handwerkies en met baksteenvervaardiging, karweiwerk en kebdienste kon maak.[41] Nou is hulle egter erger as voor die oorlog daaraan toe. Die Transvaalkolonie se staatsdiens neem omtrent net Engelsprekendes in diens, terwyl die verwoesting van die oorlog en die daaropvolgende droogte nog ’n golf grootliks ongeskoolde plattelandse Afrikaners na die Witwatersrand gedryf het. Ook derduisende Engelse het ná die oorlog na Johannesburg gestroom om ’n bestaan te probeer maak. Die gevolg is dat stedelike Afrikaners soos hulle nou ook uit die ongeskoolde en mindergeskoolde handearbeidberoepe gedruk word. Op hierdie tydstip is baie van hierdie manne in die gehoor se lewensomstandighede dus haglik en woon

[38] Ben het op 23 November 1903 in Londen in ’n onderhoud met ’n verslaggewer dié inligting oor sy vee-aankope verstrek, asook dat die meeste later weens veesiekte gevrek het (‘An interview with Ben Viljoen’, *South Africa,* 28 November 1903.) Ben het ook aan Milner se Werksvolk-kommissie in September 1903 verklaar “I am at present interested in farming in Zoutpansberg” (*Transvaal Leader*, 23 September 1902).
[39] Chris en Wynand Viljoen het voor die Anglo-Boereoorlog in die Soutpansberg-distrik geboer (TAB, A1063, W.J. Viljoen oorlogsherinneringe, 1). Op sy latere aansoek vir toelating tot die Vrymesselaars in Nieu-Mexiko het Wynand ook verklaar dat hy voor sy emigrasie na die VSA in 1905 in die Pietersburg-distrik gewoon het (Aztec Lodge no 3, Las Cruces, Nieu-Mexiko, Petition for the Mysteries of Ancient Free Masonry, W.J. Viljoen, 8 Mei 1908). Die aanname word gemaak dat hulle weer na die oorlog hier gaan boer het, en Ben sy vee aan hulle toevertrou het.
[40] Tensy anders aangedui, is die beskrywing van hierdie geleentheid en Ben se toespraak ontleen aan twee lang artikels in die *Transvaal Leader* van 14 September 1903 getiteld ‘The Rand Commando’ en ‘A Woman’s Impression’. In eersgenoemde artikel is Ben se toespraak in indirekte rede weergegee, uittreksels waarvan hier in direkte rede omgeskakel is.
[41] C. van Onselen, *New Babylon New Nineveh: Everyday life on the Witwatersrand 1886-1914* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball Publishers, 2001), 312-316.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hulle in gehuurde kamers in eenvoudige sink- of rousteenhuisies in die onhigiëniese krotbuurte van gemengde woongebiede soos Vrededorp, Burgersdorp en Fordsburg.[42]

Voor die formele verrigtinge begin, trakteer May die gehoor op liedjies uit haar repertoire, onder ander ’n Afrikaanse weergawe van die liedjie ‘Maid of Athens’ wat sy by Ben geleer het.[43] Haar opvoering is ’n groot sukses onder die manne, wat keer op keer aandring dat sy nog ’n liedjie sing. Ben en genl. Muller betree hierna die verhoog. Ná sy verwelkomingsrede oorhandig die voorsitter van die reüniekomitee ’n leer-reistas aan Ben met die opmerking dat hulle gehoor het hy gaan die land binnekort permanent verlaat. Ben skud sy kop ontkennend – nee, beslis nie, sê hy.

Toe Ben opstaan en begin praat is sy stem rustig, tog trek dit tot in die verste hoeke van die saal. Hy was nog altyd ’n goeie spreker en sy vermoë om ’n gehoor soos ’n perd te stuur, is nou verder ingeoefen en verfyn ná die talle toesprake wat hy die laaste jaar oorsee moes lewer. Hy weet ook watter emosionele knoppies om te druk. “Die ideaal waarvoor ons so lank geveg het en so baie gely het, is deur die noodlot oorrompel,” begin hy sy toespraak. “Hoe het ons nie daarna gesmag dat ons ná die bitter stryd die soete vrugte sou proe nie, hoe het ons nie gehoop dat ons eendag weer onder die vlag van vryheid sou kon ontmoet nie. Maar helaas nie – Hy wat oor die lot van nasies beskik het anders beslis, en vandag kyk ons met gebroke harte terug oor die slagvelde wat met grafte besaai is.” Die joviale bui van vroeër het nou verdamp, en doodse stilte heers terwyl hy beelde van vars grafte en ’n vertrapte Vierkleur voor sy gehoor se geestesoog oproep. “Maar hoe rou ons wonde ook al nog mag wees, is daar darem een troosgedagte – ons het so lank as menslik moontlik voortgeveg, op ’n eerbare manier, maar moes uiteindelik teen ’n oorweldigende mag bes gee,” gaan hy voort. “By Vereeniging het ons die vyand se hand van vriendskap aanvaar – laat ons dus nou met onsself eerlik wees, en so ook met die nuwe regering. Die land het nou vrede nodig: laat ons ons nie onwaardig wees om die verdiende bystand te ontvang wat ons nou aangebied word nie.” Hy praat nou oor al die veldslae waarby die Rand kommando betrokke was en die ontberinge wat hulle moes verduur. Hy glo dat hierdie kommando

[42] E.L.P. Stals, *Afrikaners in die Goudstad, Deel 1, 1886-1924* (Pretoria: HAUM, 1978), 54-56, 59, 64, 73-74; S.J. Esterhuizen, ‘Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese Republikeinse burgers in die Transvaal-Kolonie 1900-1910’, (DPhil-tesis, Universiteit van Pretoria, 1965), 94, 100-101, 144, 151-152, 163; Van Onselen, *New Babylon*, 30-31.

[43] *Transvaal Leader*, 14 September 1903. Hierin is berig dat “Miss May Belfort achieved great success with her Dutch love song, which she gave twice during the evening. ’n Paar maande later het May verklaar dat Ben “taught her to sing ‘Maid of Athens’ in the Boer ‘taal’, and her rendering of it was highly popular in Johannesburg” (*Daily Express*, 9 Desember 1903).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

groter lewensverliese as enige ander in die oorlog gely het, verklaar hy – ongeveer 480 manne het gesneuwel en 550 is gewond.

Ten slotte verklaar hy dat hy nie kan glo die nuwe regering sal nie gehoor gee aan die pleidooie van diegene wat so dapper geveg het vir wat hulle as geboortereg beskou nie. "Om rond te sit en kla oor hoe onregverdig julle behandel word, gaan julle nêrens bring nie," sê hy. "Gaan eerder na die regering en lug julle griewe op 'n kalm en redelike wyse, en maak dan voorstelle oor hoe hulle julle kan help." Hy het ook 'n woord van advies vir sy gehoor. "In die toekoms moet elke Afrikaner op homself staatmaak en vir homself dink – die dae is verby wat julle na die predikant of skoolmeester vir 'n opinie hardloop. Die dag het nou aangebreek wat julle die koerante moet lees en vir julself moet dink." Maar vir die eerste keer glip sy geoefende greep op sy gehoor. "Daar is baie mense wat pres. Kruger vir hulle huidige ellende blameer," verklaar hy. In die gehoor roep iemand uit, " Nooit!" Ben beur egter voort. "Maar dan is ons almal skuldig, want ons het hom aangestel om te doen wat hy gedoen het." Die verontwaardiging raak nou luidrugtiger. Ben weet egter wanneer om te retireer. "Ek noem dit slegs as voorbeeld; ek wil nie 'n ou man beswadder wat nou in ballingskap in 'n veraf land woon nie."

Ná Ben se toespraak loop die saal vinnig leeg; lekkernye wat op die lang tafels aan die kante van saal uitgestal is, bly grootliks onaangeraak. Op baie van die manne se gesigte is wanhoop te bespeur. Bloed is gestort, vriende en geliefdes is dood, en hulle is brandarm. Waarvoor? Wie het daarby gebaat?

## Ben se dilemma

Ben het sy politieke ambisies nog nie laat vaar nie, ten spyte van die terugslag met sy koerantplanne en sy politieke uitsluiting deur die ander Boereleiers. Sedert die vredesluiting is Johannesburg se munisipale sake gehanteer deur die stadsraad, waarvan die 18 lede deur Milner aangestel is. Laasgenoemde het voor sy vertrek op langverlof besluit om die stadsraad te vergroot tot 30 lede wat deur 'n stemming van die stad se inwoners in Desember 1903 verkies moet word. Onder die inwoners is daar ongelukkigheid oor die huidige stadsraad se swak bestuur en partydigheid teenoor die mynbedryf. Die Municipal Reform Party word nou gestig, en Ben word deur verskeie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mense genader om hom as kandidaat beskikbaar te stel, waartoe hy instem.[44] Hy sit egter met 'n dilemma wat sy geldsake betref. Deelname aan die plaaslike politiek gaan hom nie ver bring nie. Met sy beesboerdery in die Soutpansberg gaan dit ook maar beroerd – sy diere is besig om weens veesiektes te vrek.[45] Boonop is sy eis om vergoeding te ontvang vir die uitgawes wat hy namens die ZAR tydens die oorlog aangegaan het, ook sopas deur die Transvaalkolonieregering afgekeur.[46] Om hom in Mexiko te gaan vestig, is geensins sy eerste keuse nie – alhoewel Snyman nou in El Paso, Nieu-Mexiko verklaar het hy verwag enige dag om nuus te kry van "the arrival of the ship load of their friends, neighbours and relatives which General Viljoen will bring over from South Africa".[47] In werklikheid het Ben nog nie veel gedoen om Boere-emigrante te werf nie.

Hy oorweeg dit nou om mynregte te bekom om minerale in die Soutpansberg en Lydenburg-distrik te probeer ontgin, en hy tree met die Kommissaris van Myne hieroor in verbinding.[48] Sy belangstelling spruit moontlik uit sy vroeëre betrokkenheid by die Magatoland Consolidated Mining and Investment Corporation Ltd, wat kort voor die oorlog in die Noord-Transvaal wou prospekteer en mynregte uitoefen.[49] Ben gaan spreek ook vir sir Arthur Lawley, luitenant-goewerneur van die Transvaalkolonie, wat sy ondersteuning belowe. Omdat Ben wil prospekteer op swart stamgrond doen die Kommissaris van Myne onmiddellik navraag by die Sekretaris van Naturellesake of daar enige besware teen Ben se aansoek sal wees, en voeg by "The Commisioner of Mines is prepared to recommend the application favourably."[50] Ten spyte van hierdie sterk aanbeveling, raak Ben se aansoek nou verstrengel in die burokratiese meule, want daar is ook ander partye wat reeds aansoeke vir prospektering in hierdie gebiede ingedien het.[51]

---

[44] J.R. Shorten, *The Johannesburg saga* (Johannesburg: John R. Shorten (Pty) Ltd, 1970), 228; *Transvaal Leader*, 21 en 23 Oktober 1903.
[45] 'An interview with Ben Viljoen', *South Africa*, 28 November 1903.
[46] TAB, CJC 808/1742, Claim No. 696, Benjamin Johannes Viljoen, 3 September 1903.
[47] *El Paso Herald*, 18 September 1903.
[48] TAB, MM 37, CM 527/04, Viljoen – Commissioner of Mines, 6 Oktober 1903.
[49] *Krugersdorp Standard*, 20 Januarie 1917. In hierdie uitgawe is in die rubriek "Glimpses of the Past" 'n artikel van 21 Januarie 1899 weergegee wat dié inligting bevat. Dit kon nie vasgestel word of hierdie maatskappy ooit met werksaamhede begin het en, indien wel, wat die uiteinde daarvan was.
[50] TAB, MM 37, CM 527/04, Viljoen – Commissioner of Mines, 6 Oktober 1903.
[51] Ibid., Secretary for Native Affairs – Commisioner of Mines, 10 Oktober 1903.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

**Die Het Transvaal Militaire Spektakel Sindikaat**

’n Ander geleentheid kom ook nou na Ben se kant toe, een wat sy lewenspad sal verander. Hy word genader deur kapt. Arthur Waldo Lewis, ’n boorling van St. Louis in die Amerikaanse deelstaat Missouri, wat gedurende die Anglo-Boereoorlog in die Rhodesian Bushveld Carbineers gedien het en ná die vredesluiting in Suid-Afrika aangebly het.[52]


*Arthur Waldo Lewis*
(Wikipedia)

Lewis is betrokke by ’n skema wat maj. Charlie Ross, bevelvoerder van die Canadian Scouts tydens die oorlog, bedink het. Ross het kort voor die vredesluiting ’n berig gelees oor die St. Louis World’s Fair[53] wat in 1904 gehou sou word.[54] In hierdie jare is die groot wêreldtentoonstellings wat gereeld gehou word, belangrike kulturele vertoonvensters vir imperialistiese lande soos Brittanje, België, Duitsland, Frankryk en die VSA.[55] Ná Ross die artikel gelees het, het hy en van sy manne om ’n kampvuur begin gesels oor die groot skouspele wat gereeld in Chicago aangebied word. Ross het toe op die idee gekom om ’n Boereoorlog-skouspel by die St. Louis World’s Fair van 1904 aan te bied. Die eenparige gevoel onder sy manne was dat dit groot byval by die Amerikaanse publiek sou vind.[56]

Ben is onmiddellik vuur en vlam oor wat Lewis hom vertel. Laasgenoemde se plan is om ’n paar honderd Boere en Britte wat in die Anglo-Boereoorlog geveg het, na St. Louis te neem en ’n paar veldslae na te boots. Ross sal bevel oor die Britse kontingent hê, terwyl Ben en ander prominente offisiere die Boere sal aanvoer.

---

[52] J. Sutton, ‘“Transvaal Spectacles”: South African visions at the 1904 St. Louis World’s Fair’, *Safundi: The Journal of South African and American Studies*, 8/3 (2007), 282-283.
[53] Dit was die algemeen gebruikte naam van die Louisiana Purchase Exposition wat gehou is om die VSA se verkryging van 2 000 000 km$^2$ grondgebied van Frankryk in 1803-1804 te herdenk. Vyftien Amerikaanse deelstate is uit hierdie grondgebied gevorm.
[54] *St. Louis Republic*, 17 Oktober 1904.
[55] J. Gilbert, *Whose fair? Experience, memory, and the history of the great St. Louis Exposition* (Chicago en Londen: The University of Chicago Press, 2009), 13-14; R.W. Rydell and N. Gwinn (reds.), *Fair representations: Worlds’ fairs and the modern world* (Amsterdam: VU University Press, 1994), 77-80.
[56] *St. Louis Republic*, 17 Oktober 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Frank Fillis.*
(Hilton, *Official Program*)

Ben en Lewis besef gou hulle gaan iemand nodig hê wat weet hoe om 'n groot skouspel aan te bied. Gelukkig is die regte man op hierdie oomblik in Pretoria – Frank Fillis, die bekende sirkusimpresiario, wat nou hier met sy geselskap optree.[57] Fillis het juis kort voor en tydens die oorlog 'n groot geslaagde skouspel genaamd "Savage South Africa" in Brittanje aangebied.[58] Fillis stem geredelik in – so iets is reg in sy kraal. Ben en Lewis nader ook nou verskeie prominente Transvalers om 'n sindikaat te vorm wat hulle sal befonds om 'n maatskappy in die VSA te gaan stig vir die insameling van geld hiervoor. Izak van Alphen, voormalige posmeester-generaal van die ZAR, stem in om as president van die Het Transvaal Militaire Spektakel Sindikaat te dien.[59] Een van die direkteure is Henry Meyer, ook 'n boorling van St. Louis wat hom in 1896 in die ZAR gevestig het om plaasmasjinerie uit die VSA in te voer. Meyer is die seun van die prominente St. Louis nyweraar Christian F.G. Meyer, die eienaar van Meyer Bros Drug Co, die VSA se grootste verspreider van farmaseutiese produkte.[60] Die stigters van die sindikaat dra nou £2 000 (R2 miljoen) in aanvangskapitaal by.[61] Op 12 Oktober 1903 word die skema aan die publiek bekend gestel en kort hierna word die prospektus van die sindikaat uitgereik. Hierin word verklaar dat Ben en Lewis binnekort na St. Louis sal vertrek om 'n Amerikaanse maatskappy te stig om fondse vir die skouspel in te samel. Sodra dit afgehandel is, sal Ben na Suid-Afrika terugkeer om verslag te doen en die finale reëlings vir die verskeping van die deelnemers aan die skouspel te tref.[62]

Genl. Piet Cronjé word ook deur Lewis genader om deel te neem. Cronjé is op hierdie tydstip 'n vereensaamde figuur, uitgestoot deur sy volksgenote weens sy

[57] *De Volksstem*, 19 September 1903.
[58] F. van der Merwe, *Die Boere-Sirkus van St. Louis (1904)* (Stellenbosch: FJG Publikasies, 2012), 3-4.
[59] *Transvaal Leader*, 22 Oktober 1903. Die ander direkteure was Ben Viljoen, A.W. Lewis, Hans Minnaar (voormalige ZAR Registrateur van Aktes), W.E. Stuart (voormalige ZAR Direkteur van Burgerlike Voorrade), ene Spranson (voormalige ZAR direkteur van Telegraafdienste), Melt Marais (broer van Eugène Marais), W.G. Gordon, Doel Zeederberg, Frank Fillis en Henry Meyer.
[60] Sutton, *Transvaal Spectacles*, 275.
[61] *De Volksstem*, 24 Oktober 1903.
[62] *Transvaal Leader*, 13 Oktober en 22 Oktober 1903, *De Volksstem*, 24 Oktober 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oorgawe by Paardeberg. Hy woon met sy sieklike vrou in ’n replika van Kent Cottage, sy woning op St. Helena, op sy verwaarloosde plaas in die Klerksdorp-distrik.[63] Die 67-jarige Boeregeneraal verkeer onder groot finansiële druk. Lewis belowe hom dat hy genoeg uit sy deelname sal verdien om sy laaste jare in gemak deur te bring.[64] Ná baie wik en weeg en sy vriend Van Alphen se raad aan hom dat roem en eerbetoon nie die honger sal weghou nie, stem Cronjé in om ’n prominente rol in die skouspel te speel.[65]

Op ’n vergadering van die Municipal Reform Party op 22 Oktober 1903 in Fordsburg sien Ben nou af van sy planne om as kandidaat van dié party in die komende stadsraadvergadering te staan. Hy gaan verskeie maande uit die land wees, verklaar hy, maar sal met sy terugkeer weer saam met hulle vir meer verteenwoordigende munisipale bestuur kom veg.[66]

## Laaste vertrek uit Suid-Afrika

Die week ná die Municipal Reform Party se vergadering maak Ben gereed om na die VSA te vertrek. Hy stel nou ’n dr. Grobbelaar aan om sy prospekteringsaansoek tot sy terugkeer te hanteer,[67] en gaan sien Joseph Proffit, die Amerikaanse konsul in Pretoria, om geloofsbriewe aan Amerikaanse senatore en kongreslede wat laasgenoemde ken te kry. Proffit hou nie terug in sy lof nie. “General Viljoen has proved one of, if not quite, the best of my newly made friends in the Transvaal and I regret exceedingly I cannot be in the United States during his visit there to return a few of the many courtesies for which I am indebted to him, and I know that you will be pleased to do General Viljoen any favour or show him any courtesy within your power.”[68]

---

[63] H.P. van Coller, ‘Generaal P.A. Cronjé. ’n Lewenskets.’ (DPhil-tesis, Universiteit van Pretoria, 1945), 306, 307, 310.

[64] *South Africa*, 26 Augustus 1905. In ’n brief aan dié koerant het Lewis gemeld dat hy aan Cronjé verklaar het, “[i]f you will come with me, I cannot give you honour, nor restore you to a proper position with your countrymen, but I can give you enough gold to relieve your future days of distress from that source.” Cronjé het ook homself in ’n Amerikaanse koerant teen kritiek verdedig en verklaar dat “there is one great truth which all the dignity, all the fame, all the notoriety and praise that may be bestowed on an individual cannot remedy: that is the discomfort of an empty purse” (*St. Louis Dispatch*, 2 Oktober 1904).

[65] Van Coller, ‘Genl. P.A. Cronjé’, 310; *Land en Volk*, 8 Julie 1904.

[66] *Transvaal Leader*, 23 Oktober 1902.

[67] TAB, MM 37, CM 527/04, Viljoen – Commissioner of Mines, 30 Oktober 1903. In hierdie brief het Ben gemeld dat “I am leaving for Europe today and will be absent several months.”

[68] BF-versameling, brief, J. Proffit – E. Northcott, 30 Oktober 1903.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

Op 30 Oktober 1903 reis Ben en Lewis – en waarskynlik ook May – per trein na Kaapstad, en die Boeregeneraal steek die laaste keer in sy lewe die Transvaalse grens oor. Maar dit weet hy nog nie – soos aangedui, is hy op hierdie tydstip van voornemens om oor ’n paar maande terug te keer. Op dieselfde dag verskyn weereens ’n kritiese hoofartikel in *Land en Volk* oor Ben die “Circus Generaal.” Nie alleen sleep Ben sy eie naam deur die modder nie, meen die koerant, maar ook die trotse naam van die Afrikanervolk. Hy maak homself belaglik en bespotlik, alles net vir geld. “Het is te hoopen dat dit belachelijk ding, in kleingeestige geldgierigheid geboren, niet verder sal gaan dan een prospectus.”[69] In *De Volksstem* verskyn ’n woedende brief van ’n leser wat meen “dat ik de gevoelens van geheel ons volk uitspreek, wanneer ik het recht betwist van Ben Viljoen om de positie die aan hem door het volk en door de Regering is toevertrouwd, te onteren en ontheiligen en ik, namens vele anderen van mijn denkwijze, protesteer tegen deze handeling”.[70]

Op die dag van Ben se vertrek kritiseer *Land en Volk* ook weer in ’n hoofartikel diegene wat poog om Afrikaners te oortuig om na lande in Suid-Amerika te emigreer. Ben word by name genoem. Die koerant wys sy lesers daarop dat verskeie Afrikaners wat na Argentinië geëmigreer het, teleurgesteld teruggekeer het. Hulle het daar gou besef dat hulle op groot skaal sou moes boer om sukses te behaal, iets waarvoor die verarmde Boere nie die nodige kapitaal gehad het nie. Daarby was die omgangstaal Spaans, wat die Boere nie verstaan het nie. Dit het hulle genoodsaak om agente te gebruik, maar wat hulle ingeloop het. Hulle het ook gevind dat die Rooms-Katolieke geloof die skoolstelsel oorheers, terwyl geen voorsiening vir Nederlandstalige kerke en skole gemaak is nie. Die koerant waarsku dat die politieke omstandighede in Suid-Amerika erg onstuimig is, met revolusies en burgeroorloë wat gereeld uitbreek. Ten slotte vermoed die koerant dat hierdie hervestigingskemas net een doel voor oë het, naamlik om die promotors daarvan te verryk.[71] Ben sit sy reis egter onverstoord voort. Op 4 November gaan hy en May in Kaapstad aan boord van die stoomskip *Norman*.[72] Voor hulle lê ’n skeepsreis van 17 dae, waarin hulle mekaar se geselskap terdeë sal kan

[69] *Land en Volk*, 30 Oktober 1903.
[70] *De Volksstem*, 11 November 1903. Hierdie brief is op 31 Oktober 1903 deur E. Granville Nicholson van die Soutpansberg-distrik ingestuur.
[71] *Land en Volk*, 30 Oktober 1903.
[72] Ibid., 6 November 1903. May Belfort se teenwoordigheid op die *Norman* word bevestig deur skeepsrekords asook ’n onderhoud wat ’n joernalis kort daarna met haar gevoer het (Ancestry.com; UK, Incoming Passenger Lists, 1878-1960 (aanlyn-argief geraadpleeg op 30 Mei 2017); *Daily Express*, 9 Desember 1903).

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

geniet. Ben het May ook nou belowe dat hy ’n egskeidingsaak teen Lenie aanhangig sal maak sodra hy in die VSA aankom.[73]

[73] *Land en Volk*, 24 Maart 1905. Hierin het ’n vertaling van ’n brief van May aan die *Rand Daily Mail* in Johannesburg verskyn waarin sy hierdie stelling gemaak het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 11

# TERUGSLAE

**(Des 1903–Mei 1904)**

## Breedsprakige Ben

Ben, May en Lewis gaan op Saterdag, 21 November 1903 in Southampton aan wal.[1] Ben gaan nou by May by haar woning in Chelsea tuis.[2] Die daaropvolgende Maandag hou hy 'n perskonferensie in die luukse sitkamer van die deftige Hotel Cecil in Londen se West End, en gestut deur satynkussings beantwoord hy hul vrae.[3] Op 'n verslaggewer se kommentaar dat sommige mense meen die voorgenome Boereoorlogskouspel in St. Louis is in swak smaak, antwoord Ben dat hulle die oorlog objektief gaan uitbeeld; nie Boer óf Brit sal voorgetrek word nie. Die manne wat gaan deelneem, het almal in die oorlog geveg – vanselfsprekend sal geeneen van hulle toelaat dat hul kant benadeel word nie, verduidelik hy.[4] Wat betref die lojale koerant wat hy in die Transvaalkolonie sou begin het, antwoord hy dat hy nie finansiering hiervoor in die hande kon kry nie. Weereens is daar ook 'n vraag oor sy aanbod wat hy die vorige jaar gemaak het om in Somaliland te gaan veg. Dit is nog 'n teer punt by Ben. Maar hy is nou in Engeland, en met sy waarskynlike gehoor in gedagte het hy ook 'n antwoord hiervoor gereed wat insinueer dat hy deur die Britse regering genader is. Toe die opstand in Somaliland die vorige jaar weer 'n brandende kwessie geraak het, verklaar hy, het vriende in Johannesburg hom daarop gewys dat dit 'n goeie idee sou wees as hy

[1] *Aberdeen Journal*, 23 November 1903.
[2] Volgens 'n brief van Ben aan May op 6 Desember 1903. Sien voetnota 10 hierna.
[3] Berigte in *Daily Mail*, 25 November 1903; *Sheffield Daily Telegraph*, 24 November 1903; 'An interview with Ben Viljoen', *South Africa*, 28 November 1903.
[4] 'An interview with Ben Viljoen', *South Africa*, 28 November 1903.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

sy dienste aanbied en sodoende die kroonkolonieregering wys dat die Boere dit goedgesind is. Hy het sy vriende destyds geantwoord dat, sou hy gevra word om sy dienste aan te bied, hy deur sy getrouheidseed eergebonde daartoe sou voel.[5]

Oor die politieke situasie in Suid-Afrika het Ben 'n sterk opinie. Volgens hom is hy een van die gematigde Boere, diegene wat ten gunste van versoening tussen Boer en Brit is, en sy groot wens is dat daar vrede en voorspoed in die land moet wees. Hy glo dat hoe gouer Brittanje selfregering aan die Transvaalkolonie toeken, hoe gouer sal dit bereik word. Hy stem glad nie saam met die meer vyandige element in Afrikanerkringe nie, waarin kerkmanne 'n groot rol speel. Op 'n stelling van 'n verslaggewer dat genl. Botha een van hierdie vyandiggesindes is, verklaar Ben "Botha was always a great minister's man", maar dat hy "would rather not say anything about Botha – if I were to do so it might make some people think that I was animated by jealousy."[6]

Ben word ook gevra hoe die vestiging van Boere in Mexiko vorder. Hy is vinnig om daarop te wys dat hy niemand aanmoedig om Suid-Afrika te verlaat nie, maar slegs diegene sal bystaan wat self besluit het om te emigreer. Hy vra dat hierdie punt beklemtoon word in artikels – duidelik is hy nou bedag op die kritiek teen hom by die huis in koerante soos *Land en Volk* en *De Volksstem.* Wat homself betref, verklaar hy, mag hy hom moontlik eendag in Mexiko vestig, maar hy het nog geen besluit hieroor geneem nie. Hy voeg by dat hy voornemende emigrante van Suid-Afrika sou saamgebring het, maar dat daar probleme met hul vervoer ontstaan het.[7] Intussen hou Snyman in Mexiko egter steeds die skyn voor dat alles volgens plan verloop – volgens hom het Ben hom kort tevore laat weet dat hy met tien Boerefamilies op pad is en in Desember by hulle sal wees.[8]

## <u>Skandaal</u>

Tydens sy perskonferensie meld Ben ook dat hy vyf dae later, d.w.s. op Saterdag, 28 November 1903, op die stoomskip *Celtic* na New York gaan vertrek.[9] Dit gebeur egter nie – eers op Saterdag, 5 Desember vertrek hy en Lewis op die stoomskip *Umbria.*

[5] Ibid.
[6] Ibid.
[7] Ibid.
[8] *Mexican Herald*, 24 November 1903.
[9] 'An interview with Ben Viljoen', *South Africa*, 28 November 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Intussen het hy by May gekuier, ’n besonder genotvolle besoek soos blyk uit die gevoelvolle brief wat hy aan boord van die *Umbria* die dag ná sy vertrek aan haar skryf.

> Ma cherie
>
> The passengers show little inclination to be sociable. I am the object of considerable scrutiny from those who, I suppose, never saw a live Boer before. Well, my own darling May, my thoughts are always of you. Your kind face is before me, and I fancy I hear you say, “My Ben.” Oh, May, my sweetheart, how I love you heaven alone can tell. I am sad and my heart is heavy. The tears rush out of my eyes when I think of the happy days I spent in your dear home. Now, my heart’s love, I must close for the night, and again I bid you au revoir for the present. Goodnight sweetheart. God bless and keep His guiding hand over you.
>
> Ever and always your own Ben.[10]

Soos met sy skeepsreis die vorige jaar na die VSA, ondervind Ben nou weereens ’n rowwe oortog. Die ysige Atlantiese oseaan is onstuimig en die *Umbria* moet sterk winde en massiewe branders trotseer. Maar op land raak die klimaat selfs nog onstuimiger. Kort ná sy vertrek maak ’n opgewonde May nou die nuus van haar en Ben se verlowing aan ’n verslaggewer van die *Daily Express* bekend. Wat maak dit in elk geval saak? Ben het mos belowe om ’n egskeidingsaak teen Lenie aanhangig te maak sodra hy in die VSA aankom.[11] Dié koerant kondig die heuglike tyding af onder die opskrif: “Boer’s Love Story: Gen. Viljoen engaged to an English singer.” Die artikel se aanhef is humoristies:

> A new alliance between Boer and Briton will shortly be made. The famous Boer general, Ben Viljoen, who fought so bravely against us, and was finally captured and sent as a prisoner of war to St. Helena, has just made another and more complete surrender to British power. He is engaged to be married to Miss May Belfort, the English music-hall singer.[12]

---

[10] *Oakland Tribune*, 4 April 1905. Ben se brief aan May was gedateer 6 Desember 1903. (Ná Ben se latere beëindiging van hul verhouding het May van sy briewe aan haar aan die pers gegee om hom in die verleentheid te stel.)
[11] *Land en Volk*, 24 Maart 1905. Hierin het ’n vertaling van ’n brief van May aan die *Rand Daily Mail* in Johannesburg verskyn waarin sy hierdie stelling gemaak het.
[12] *Daily Express*, 9 Desember 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**BOER'S LOVE STORY.**

**GEN. VILJOEN EN[illegible]GED TO AN ENGLISH SINGER.**

**THE FAIR AND THE BRAVE.**



We give the portraits of Miss May Belfort and General Ben Viljoen, the famous Boer leader, whose engagement was announced by the "Express" yesterday. General Viljoen was a brave leader in the late war. Miss May Belfort is one of the most charming of our music-hall comediennes. Like many other stage favourites, she was born in Ireland, and she has French blood in her veins. None the less, she proudly describes herself as an Englishwoman.

Her talent for the stage was discovered by accident, and must certainly have been inborn, for her early training in no wise encouraged it, her first schooling having been received at a convent in Ireland, after which her education was continued at another convent in France.

Her chief hobbies are music and painting. Her studies of flowers and birds are in much request among her friends, and many a pretty painting from her brush decorates her home in artistic Chelsea.

*Die berigte wat al die moeilikheid versoorsaak het.*
(*Daily Express,* 9 en 10 Desember 1903)

Die nuus van sy verlowing wag Ben in New York in. Aan 'n verslaggewer van die *New York Times* ontken 'n ontstelde Ben dat hy verloof is, en verklaar: "I have been married for twelve years, and do not intend to commit bigamy."[13] 'n Troebel tyd breek nou vir hom aan. Sekerlik het die nuus van sy en May se verhouding nou ook al Lenie se ore bereik. Daarbenewens is enige hoop wat hy betreffende 'n politieke rol in Suid-Afrika gekoester het, nou finaal gekelder. Die Afrikanergemeenskap is in hierdie jare grotendeels Calvinisties, en 'n groter skande as 'n buite-egtelike verhouding met 'n Ierse sanger wat uit gewaagde verhoogoptredes haar bestaan maak, kan mens jou

[13] *New York Times*, 16 Desember 1903.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kwalik indink. Dit is dan skynbaar nou dat Ben die besluit maak om nie na Suid-Afrika terug te keer nie, en so sy lewenspad verander. In teenstelling met sy onlangse woorde in Suid-Afrika en Brittanje dat hy slegs op 'n kort besoek na die VSA gaan om voorbereidings vir die Boereoorlogskouspel te tref, sê hy nou aan 'n verslaggewer dat die politieke en ekonomiese toestande in Suid-Afrika sodanig is dat dit onmoontlik is vir die Boere om daar te woon. Hy wat Ben is het dus 83 000 akker grond in Noord-Mexiko gekoop, en beplan om 'n Boerekolonie daar te vestig.[14] En in skrille kontras met die versoenende houding wat hy kort tevore in Suid-Afrika en Brittanje verkondig het, voel hy nou "[t]he government which Great Britain has given to the Transvaal and the Orange Free State is incompetent and corrupt".[15]

Ben en Lewis vertrek hierna na St. Louis. Verskeie kabelgramme tussen Ben en May vlieg nou heen en weer oor die Atlantiese oseaan, met Ben wat wil weet hoekom sy die nuus van hul verlowing aan die groot klok gehang het. Op 23 Desember skryf hy aan haar uit St. Louis.

> I received your cable last night, but what can I answer? I am sorry, yes, doubly so, that you should have been taken in by that newspaper man. I fear I am ruined. The divorce lawyers refuse to take my case unless I deny in toto that I contemplate marriage. My dear, I am unhappy and hardly know what to say. Now, May, dearest, I will write you again. At present I am in a miserable mood, so forgive.[16]

## South African Boer War Exhibition Company

In St. Louis verspil Ben en Lewis nie tyd nie. Reeds op 5 Januarie 1904 registreer hulle die South African Boer War Exhibition Company Inc (hierna "die VSA maatskappy") namens die Transvaal Spectacular Syndicate Ltd (hierna "die SA maatskappy") vir wie hulle optree. Die gemagtigde aandelekapitaal van die VSA maatskappy verdeel hulle in 5 000 gewone aandele en 5 000 voorkeuraandele. Hul plan is om die voorkeuraandele teen $25 (R5 000) elk aan beleggers in die VSA en Suid-Afrika aan te bied, en die opbrengs van $125 000 (R25 miljoen) vir die VSA maatskappy se bedryfskapitaal aan te wend. Die helfte van die voorkeuraandele se inskrywingsprys is betaalbaar op

[14] *San Francisco Call*, 20 Desember 1903.
[15] *The Sun* (New York), 16 Desember 1903.
[16] *Oakland Tribune*, 4 April 1905. (Ben se brief aan May was gedateer 23 Desember 1903.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aansoek, die res wanneer hulle toegeken word. Houers van die voorkeuraandele is geregtig op 8% rente en hul aandele sal teen die oorspronklike inskrywingsprys van $25 elk afgelos word wanneer die VSA maatskappy na afloop van die 1904 World's Fair ontbind. Die fondse wat oorbly sal dan aan die gewone aandeelhouers uitgekeer word. Op hierdie tydstip hou Ben en Lewis die gewone aandele gelykop, vermoedelik ten dele namens die SA maatskappy, hul opdraggewer.[17] In effek is hul plan dus dat die voorkeuraandeelhouers die VSA maatskappy ten volle finansier en dat Ben, Lewis en die SA maatskappy geen risiko neem nie, 'n goeie transaksie wat laasgenoemde drie betref.

Ben is die president van die VSA maatskappy en Lewis die hoofbestuurder. Op hul beurt stel hulle Frank Fillis as besturende direkteur van die skouspel self aan, C.F.G. Meyer jnr. ('n ouer broer van Henry Meyer in die Transvaalkolonie) as maatskappysekretaris en tesourier, en Jesse L. Carleton as vise-president. Meyer en Carleton is vooraanstaande lede van St. Louis se sake-elite – Meyer as lid van die familie wat Meyer Brothers Drug Co besit, en Carleton as die eienaar van Carleton Dry Goods Co, 'n groot handelsonderneming. Die VSA maatskappy huur nou kantore in die Chemical Building in die middestad van St. Louis.[18] Lewis kry ook 'n geskikte terrein van tien akker binne die feesgrond, waar die VSA maatskappy beoog om 'n amfiteater van 'n kwartmyl lank met sitplek vir ongeveer 15 000 mense op te rig.[19]


Die Buffalo Bill Wild West Show het by die 1893 Chicago World's Fair groot geld verdien, en die algemene verwagting is dat die Boereoorlogskouspel dieselfde by die 1904 St. Louis World's Fair sal doen.[20] Ben en Lewis, met die hulp van C.F.G. Meyer en Carleton, kry dus nou redelik vinnig ondernemings van ander prominente inwoners van St. Louis om 'n beduidende aantal voorkeuraandele in die VSA maatskappy op te neem. Onder hierdie beleggers tel Adolphus Busch, medestigter van

---

[17] Missouri Secretary of State, St. Louis, Corporation Division, Certificate of Fact, South African Boer War Exhibition Company (Inc), 5 Januarie 1904; *St. Louis Republic*, 5 Januarie 1904.
[18] Hierdie name en titels, asook die adres, het verskyn op 'n brief van die maatskappy kort ná die stigting daarvan (The State Historical Society of St. Louis, St. Louis, South African Boer War Exhibition Company, digital image C3235, brief, Lewis – W.P. Hall, 2 Februarie 1904). Later is ook Henry Meyer, D.J. Matteson en C.W. Wall, laasgenoemde tesourier van die Meyer Brothers Drug Co, as vise-presidente aangestel (J.F. Hilton, *Official Program Anglo-Boer War Historical Libretto* (St. Louis: Jensen Print Co, 1904).
[19] *Cape Argus,* 29 Januarie 1904.
[20] F. van der Merwe, *Die Boere-Sirkus van St. Louis (1904)* (Stellenbosch: FJG Publikasies, 2012), 2; 'Wild West Shows', Wikipedia (geraadpleeg op 10 Julie 2017).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die wêreldbekende Anheuser-Busch brouery, die vervaardiger van Budweiser bier.[21] Busch is ook 'n direkteur van die St. Louis World's Fair.[22]




*VSA visitekaartjie.*
(JV-versameling)

Ben vertrek nou na New York en ander oostelike deelstate om nog beleggers te werf.[23] Reeds teen die einde van Januarie kan Frank Fillis in Suid-Afrika aankondig dat beleggers in die VSA onderneem het om 3 000 voorkeuraandele (ter waarde van $75 000 of R15 miljoen) in die tentoonstellingsmaatskappy op te neem, en dat slegs 2 000 vir beleggers in Suid-Afrika beskikbaar is.[24] Aan die begin van Februarie voel Lewis gerus dat daar genoeg geld gaan wees en bestel 400 perde teen 'n koste van $30 000 (R6 miljoen).[25] Ben en Lewis stuur nou die opdrag na Suid-Afrika dat die SA maatskappy deelnemers vir die skouspel moet begin werf.[26]

Ben is op hierdie tydstip in Washington. Sonder meer gaan hy na die Withuis en laat sy visitekaartjie na pres. Teddy Roosevelt deurstuur. Die Amerikaanse president staan hom onmiddellik te woord en verklaar dat hy Ben se oorlogsherinneringe terdeë geniet het. Ben vertel hom dat hy binnekort ook 'n roman gaan uitgee wat tydens die Anglo-Boereoorlog afspeel, waarvan Roosevelt 'n eksemplaar versoek wanneer dit voltooi is.

Die Amerikaanse president se tyd is min, maar hy nooi Ben vir middagete saam met hom en sy gesin die volgende dag. Ná die ontmoeting hou Ben nie terug in sy kritiek teen Brittanje en die koloniale regering in Suid-Afrika nie. Die nuwe regering is baie ongewild in Suid-Afrika, verklaar hy aan belangstellende verslaggewers, en hy is van mening dat "England has sent to South Africa her worn-out military men and the cast-offs".[27] Hy insinueer ook dat die Boere deur gewapende stryd mag probeer om hul

21 Van der Merwe, *Boere-Sirkus,* 2; J. Sutton, '"Transvaal Spectacles": South African visions at the 1904 St. Louis World's Fair', *Safundi: The Journal of South African and American Studies*, 8/3 (2007), 275; *Cape Argus,* 29 Januarie 1904; St. *Louis Dispatch*, 31 Januarie 1904.
22 'Adolphus Busch', Wikipedia (geraadpleeg op 24 Junie 2017).
23 *St. Louis Republic*, 9 Februarie 1904.
24 *Cape Argus,* 29 Januarie 1904.
25 The State Historical Society of St. Louis, St. Louis, South African Boer War Exhibition Company, digital image C3235, brief, Lewis – W.P. Hall, 2 Februarie 1904.
26 Van der Merwe, *Boere-Sirkus*, 3.
27 *Washington Post*, 3 Februarie 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

republieke terug te wen.[28] Duidelik het Ben hom nou vereenselwig met die feit dat hy nooit in Suid-Afrika onder die kroonkolonieregering 'n openbare loopbaan sal hê nie.



*Pres. Teddy Roosevelt.*
(Wikipedia)

Voor sy middagete by die Roosevelts het Ben egter eers 'n ander onaangename saak om aan aandag te gee, en hy skryf nou weer aan May. Ten spyte van sy mooi woorde, is dit duidelik dat sy aanvanklike passie verflou het. En hy het reeds iemand jonger in die oog, soos later sal blyk. Sy brief is egter dubbelsinnig en sal die hoop op 'n huwelik in May se boesem lewendig hou.

My dearest May:

I am here from New York, after spending some days there getting the stock of our company taken up. I have been invited by the President to dine with him at the White House tomorrow. Are you going to Australia, sweetheart? Are you going into the world alone again? Ah, May, I will always call you sweetheart and always hope for the day that will bring us together. As things stand I cannot say, "Come, love, be patient," so or so long, for it would be wrong for me to hold out any false hopes. I am unable, according to best advice, to proceed with my divorce suit until this company is fixed up and the newspaper story has blown over. I never loved any woman before as I love you and I cannot bear the thought of your saying that you are unhappy or doubting me. I am sad, my sweetheart. Heaven alone knows how I suffer. If I live through all this I am coming to you yet. Farewell for the present, sweetheart. God bless and keep you.

Ever yours
Ben.[29]

Sy middagete saam met Roosevelt, sy vrou en sy 20-jarige dogter Alice die volgende middag verloop vlot, met die twee oudkrygers wat oorlogstories oor en weer

[28] *Lawrence Daily World* (Kansas), 3 Februarie 1904.
[29] *Oakland Tribune*, 4 April 1905.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uitruil.[30] Roosevelt verneem met belangstelling na die Boereoorlogskouspel en Ben se toekomsplanne. Ben stuur onmiddellik ná die ete vir die president ’n getekende foto van homself en bedank Roosevelt vir sy hoflikheid.[31] Ben gaan nou ’n paar dae in New York tuis by Edward Reeve Merrit, Roosevelt se aangetroude familielid en “generaal” Snyman se goeie vriend. Roosevelt antwoord hom hier in ’n brief dat “it was a real pleasure to have you at lunch”.[32]

## ***<u>Under the Vierkleur – Romance of a lost cause</u>***

Ben en Lewis het nou die taak afgehandel waarvoor hulle aanvanklik na die VSA gekom het. Maar Ben keer nie na Suid-Afrika terug om aan die aandeelhouers van die SA maatskappy verslag te doen en finale reëlings vir die verskeping van die deelnemers aan die skouspel te tref, soos hy drie maande tevore onderneem het om te doen nie.[33] Ná die skandaal met May Belfort het hy nou vermoedelik besluit om nie weer sy gesig in die Transvaalkolonie te wys nie – Frank Fillis en Henry Meyer sal maar die nodige in sy afwesigheid moet doen. Ben vermoed egter dat die Boereoorlogskouspel Amerikaanse belangstelling in die Boere se lotgevalle weer gaan aanwakker. Reeds aan die einde van Januarie 1904 staan die *St. Louis Post-Dispatch* ’n volle bladsy af aan ’n lang oorlogstorie wat hy aan Rose Marion, ’n liggelowige Amerikaanse verslaggeefster, weergegee het. Onder die opskrif “The Story of a Piebald Horse” vertel Marion die verhaal van Ben se onverskrokke perd, Blesman, “a hero who fought bravely and never faced away from the fight while there was even a chance for victory”. Volgens Ben het die Boeremagte nooit teruggeval “when they saw Blesman’s face going toward danger” nie. Die storie eindig met die verslaggeefster wat meld dat sy in trane was toe Ben vertel het hoe Blesman sy lewe vir hom opgeoffer het deur as ’n skans teen agt koeëls te dien toe hy buite Lydenburg in die hinderlaag ingery het. “Gen. Viljoen stayed with his horse until Blesman’s life was done. Then he left him there on the veldt and went on with the English soldiers – a captive.”[34]

---

[30] *Boston Daily Globe*, 4 Februarie 1904.
[31] Library of Congress Manuscript Division, Theodore Roosevelt Digital Library, Record ID 44038, Letter from Benjamin Johannes Viljoen to Theodore Roosevelt, 3 Februarie 1904.
[32] BF-versameling, brief, Roosevelt – Viljoen, 3 Februarie 1904.
[33] *Transvaal Leader*, 22 Oktober 1903.
[34] *St. Louis Post-Dispatch*, 31 Januarie 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Myrtle Dickerson.*
(BJV-versameling)

Op St. Helena het Ben ook 'n manuskrip voltooi van die oorlogsroman wat hy aan Roosevelt genoem het.[35] Hy gebruik nou sy ledige ure om dit persklaar te kry. En dit doen hy waarskynlik in die geselskap van Myrtle Dickerson, 'n mooi, geskeide Amerikaanse vrou wat tien jaar jonger as hy is en die volgende jaar sy vrou sal word.[36] Myrtle woon in Lowden, Iowa, ongeveer 480 km noord van St. Louis, maar het ook familie in laasgenoemde stad wat sy van tyd tot tyd besoek, en waar Ben haar dan vermoedelik ontmoet het.[37] In hierdie boek, *Under the Vierkleur – Romance of a Lost Cause,* wat drie maande later uitgegee sal word, bedank Ben in die voorwoord sy "dear and patient American friend who assisted me in my work, and in putting the manuscript into shape for publication".[38] Dit is verstaanbaar dat Ben in die lig van sy ongemaklike situasie wat Lenie en May betref, nou 'n ongewone skuheid aan die dag lê om die identiteit van sy spesiale vriend bekend te maak.

[35] Hilton, *Official Program*. In die amptelike Boereoorlogskouspelprogram later hierdie jaar is gemeld dat Ben *Under the Vierkleur* op St. Helena geskryf het.

[36] 'n Berig in Julie 1905 oor Ben se huwelik met Myrtle het gemeld dat sy ongeveer 18 maande tevore geskei is, en dat sy "a very beautiful woman" is (*St. Louis Republic*, 16 Julie 1905). Myrtle Dickerson is op 2 Februarie 1879 gebore, en ten tyde van haar huwelik met Ben het sy haar permanente adres aangegee as Pittsfield, Illinois, waar haar ma gewoon het (D.K. Stein, '"Out of Africa" – an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 3)', *New Mexico Genealogist*, 43/4 (2004), 242). Sy het egter op hierdie tydstip gewoon in die dorpie Lowden in Iowa, 'n Amerikaanse deelstaat wat aan Illinois grens. (Sien 'Boer war hero weds Iowa girl', *Fort Wayne Journal Gazette*, 16 Julie 1905.)

[37] *The St. Louis Republic*, 16 Julie 1905. In hierdie berig kort ná Ben en Myrtle se huwelik is gemeld dat "General Viljoen first met the lady who is his wife during the World's Fair at the home of her relatives in this city." Ben het ook ná sy huwelik ander, teenstrydige weergawes oor sy eerste ontmoeting met Myrtle aan joernaliste verskaf, onder meer dat hy haar by die eerste dag van die Boereoorlogskouspel op 17 Junie 1904 in St. Louis ontmoet het (*Jacksonville Daily Journal*, 18 Julie 1905), of by haar ma se huis in Pittsfield, Illinois, ná die afloop van die Boereoorlogskouspel in Desember 1904 (*Wichita Daily Eagle*, 19 Julie 1905). In die lig van Ben se dankwoorde aan sy ongeïdentifiseerde "dear and patient American friend" in die voorwoord van *Under the Vierkleur*, wat reeds in April 1904 verskyn het, twee maande voor die aanvang van die Boereoorlogskouspel, moet hierdie weergawes van hul eerste kennismaking egter as onbetroubaar beskou word. Ben wou dit waarskynlik laat lyk of hy Myrtle eers ontmoet het lank ná hy die verhouding met May beëindig het, en wat die laasgenoemde berig betref, ná Lenie haar egskeidingsaak in Julie 1904 aanhangig gemaak het.

[38] B.J. Viljoen, *Under the Vierkleur - Romance of a lost cause* (Boston: Small, Maynard & Company, 1904), x.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

In *Under the Vierkleur* beskryf Ben vlot en onderhoudend die oorlogswedervaringe van Danie Linde, 'n jong Boer wat tydens die oorlog 'n dapper kommandant in die Oos-Transvaal word. Dit is ook die verhaal van Danie se liefde vir sy vriendin Bettie, van wie hy deur die oorlog geskei word en wat hy eers ná die vredesluiting weer sien. Soos Ben homself ook beskou, het Danie 'n luisterryke stamboom, met "strong and rather sharp features [that] clearly indicated his Hugenot descent".[39] Die boek is 'n tipiese debuutroman, met die skrywer wat van insidente en mense uit sy eie lewe gebruik maak, soos Ben self in die voorwoord te kenne gee.[40] Hy verwerk in die karakter van Danie onder meer sy halsoorkopvlug by Elandslaagte, sy verwonding by Vaalkrans, asook sy gevangeneming by Lydenburg. Bloot op hierdie letterlike vlak gelees, gee die boek 'n goeie insig in Ben se gemoedstoestand en gewaarwordinge tydens hierdie gebeure.

Sielkundig beskou, is hierdie sentimentele verhaal wat swaar op die toeval staatmaak egter insiggewend. Soos die titel aandui, beskou Ben die moontlike herlewing van onafhanklike Boererepublieke nou as 'n verlore saak. In die boek gee hy ook Danie se oudste suster die naam van Lenie, en relegeer sodoende sy huidige vrou na 'n onromantiese rol. Dit is dan ook op hierdie tydstip dat Ben sy onderhoudsbetalings aan haar staak.[41] En May se gesig gebruik hy vir 'n illustrasie van die fiktiewe Bettie op 'n perd in die boek.[42]

## <u>Die troepe versamel</u>

Terwyl Ben sy boek in Amerika voltooi, werf Frank Fillis en Henry Meyer gedurende Februarie 1904 in die Transvaalkolonie Boere wat in die oorlog geveg het om aan die skouspel deel te neem. Op sy beurt is maj. Scott Harden, wat die vorige jaar die Transvaalse kontingent van Suid-Afrikaanse vrywilligers in die veldtog in Somaliland

---

[39] Ibid., 5.
[40] Ibid., vi.
[41] TAB, WLD5/45/590/1904, Ex parte application of Helena Beatrice Viljoen, 18 Julie 1904. Hierin het Lenie verklaar dat Ben in Februarie 1904 sy onderhoudsbetalings aan haar gestaak het.
[42] *Oakland Tribune*, 4 April 1905. Hierin het 'n afskrif van 'n ongedateerde brief verskyn wat Ben omstreeks November 1904 aan May geskryf het, soos uit die konteks afgelei kan word. Ben het hierin aan May verklaar dat "[t]he girl on horseback in my book is a reproduction of your face."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gelei het, verantwoordelik om voormalige Britse soldate in die hande te kry.[43] Advertensies word geplaas en belangstellendes uitgenooi om verteenwoordigers van die plaaslike tak van Meyer Brothers Drug Co. in Johannesburg te ontmoet. Baie van deelnemers is verarmde jong Boere wat die kans aangryp om die wêreld te sien en 'n bietjie geld te maak – groter politieke oorwegings of hoe dit by hul volksgenote sal afgaan, skeel hul min.[44] Ook Ben se jongste broer, die 25-jarige Jan, sluit nou aan.[45] Met hul latere vertrek uit Lourenço Marques sou die Amerikaanse konsul daar sy onvleiende opinie oor hulle met sy kollegas deel:

> [They] are mostly of the poorer class of Boers whose habits are notoriously uncleanly, and they are under contract to go to the United States to take part in a show similar to Buffalo Bill's Wild West Show. They are not professional actors by any means, and apart from fighting in the Boer Army, the only work that 90% of them have ever done has been the work of agricultural laborers and cattle herders.[46]

Hierdie gewone deelnemers moet 'n redelik eensydige kontrak teken in ruil vir gratis kos, verblyf, mediese sorg, vervoer na Amerika, asook 'n loon van £1 (R1 000) 'n week en 'n bonus van £5 (R5 000) aan die einde van die skouspel. Hul weeklikse loon sal hulle eers begin kry wanneer met opvoerings begin word, en tot hul kontrakte verstryk word die helfte daarvan teruggehou, wat hulle sal verbeur indien hulle hul wangedra en ontslaan word. Hulle moet ook self vir hul reiskoste terug na Suid-Afrika sorg.[47] Ten spyte van hierdie ongunstige bepalings ondervind Fillis, Meyer en Harden geen probleme om ongeveer 212 Boere en 149 Britte te werf nie, altesaam sowat 361 mans.[48] Benewens Ben en genl. Cronjé word verskeie senior offisiere ook gewerf, wat

[43] 'The St. Louis Show', *South Africa*, 16 April 1904; UZKN, Killie Campbell Africa Library, E.G. Malherbe Collection, lêer 362, 56590/2226, J.A. Malherbe, 'Die lewensgeskiedenis van Andries Frederik Geyer'; Sutton, *Transvaal Spectacles*, 271; *Rand Daily Mail*, 16 Januarie 1903.

[44] 'n Tipiese voorbeeld was die 21-jarige Andries Geyer van Potchefstroom, wat ná die oorlog baie gesukkel het om 'n behoorlike bestaan te maak "omdat ons land in 'n ellendige toestand en heeltemal verwoes was". UZKN, Killie Campbell Africa Library, E.G. Malherbe Collection, lêer 362, 56590/2227, Diary kept by Andries Geyer about his journey to U.S.A.

[45] J.C. Viljoen, 'Afrikaanse Amerikaners', *Die Huisgenoot*, 25 Junie 1948.

[46] Inligting met dank verkry van prof. Charles van Onselen (Stanford Universiteit, mikrofilms van korrespondensie van VSA konsul in Lourenço Marques, Hollis – F.B. Loomis, 9 Maart 1904).

[47] *Rand Daily Mail*, 1 Maart 1904.

[48] Teenstrydige weergawes bestaan oor die presiese getalle. Die syfer wat die betroubaarste lyk, is hierdie een wat in 'n gedetailleerde berig in 'n St. Louis-koerant gemeld word twee dae ná die deelnemers se aankoms in dié stad (*St. Louis Republic*, 10 April 1904.) C.F.G. Meyer, wat soos reeds aangetoon een van die direkteure van die South African Boer War Exhibition Co

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

natuurlik meer as die gewone voetsoldate verdien. Onder die Boere is kmdte. J.N. Boshoff, P.D. Moll, Herklaas Malan, G.M.J. van Dam en G. Maree, asook kapt. A.H. Bleksley en veldkornet Nicholas van Gass. Moll en Malan het onder Ben gedien, onder meer met die aanval op Mpisaanfort in Augustus 1901. Die Britse offisiere sluit in Maj. W. Stewart, hoof van die Britse kontingent, asook kapte. F.J. Franklin en E.W. Dix.[49]

Op 6 Maart vertrek ’n gehuurde trein vanaf Johannesburg na Lourenço Marques met ’n klomp Boere-deelnemers. In Pretoria word nog Boere opgelaai, so ook in Machadodorp ’n paar uur later. Die volgende dag is die trein in Lourenço Marques, waar genl. Cronjé by hulle aansluit. Hulle vertrek dieselfde dag nog op die stoomskip *Doune Castle* wat spesifiek vir hierdie doel gehuur is.[50] Onder die passasiers is 48 Boerevroue en -kinders van die deelnemers, asook sowat 26 swartes.[51] Op 11 Maart anker die *Doune Castle* in Kaapstad, waar Frank Fillis en die Britse deelnemers aan boord kom. Die volgende dag sit die geselskap sy reis na die VSA voort. Op die skeepsreis is die verhoudinge tussen Boere en Britte merendeels goed, met toutrekkompetisies, boksgevegte en konserte wat gereël word om die manne besig te hou.[52] Genl. Cronjé, wie se vrou vier maande tevore oorlede is,[53] begin Johanna Stertzel, ’n bejaarde weduwee, nou die hof maak. Sy was die vrou van ’n voormalige kameraad van Cronjé wat in die oorlog gesneuwel het en vergesel haar twee seuns, wat aan die Boereoorlogskouspel gaan deelneem. Vir die oomblik gooi sy egter wal – vriendskap is al waarin sy belangstel.[54] Maar anders as vier jaar tevore by Paardeberg, sal die gryse kryger nie hierdie keer die stryd gewonne gee nie.

---

was, het jare later aan sy seun geskryf dat daar 380 voormalige soldate aan boord was, wat min of meer ooreenstem met voorgenoemde berig (MHS, CFG Meyer Family Papers, Scrapbook I, Part IV, Various Business-related Papers, CFG Meyer II – CFG Meyer III, 24 September 1953).

[49] Hilton, *Official Program*.

[50] UZKN, Killie Campbell Africa Library, E.G. Malherbe Collection, lêer 362, 56950/2227, Diary kept by Andries Geyer about his journey to U.S.A

[51] *St. Louis Republic*, 10 April 1904. F. van der Merwe meld egter dat hy uit ’n ondersoek van die passasierslys slegs 24 swartes kon identifiseer (Van der Merwe, *Boere-Sirkus*, 7). Dit mag egter wees dat twee swartes vanne gehad het wat nie geredelik as “swart” identifiseerbaar was nie. Daarenteen lyk J. Sutton se syfer van 40 swartes te hoog (Sutton, *Transvaal Spectacles*, 271). ’n Groepfoto van die swart deelnemers in die feesprogram dui ook 26 swart mans aan (Hilton, *Official Program*).

[52] UZKN, Killie Campbell Africa Library, E.G. Malherbe Collection, lêer 362, 56950/2227, Diary kept by Andries Geyer about his journey to U.S.A

[53] Cronjé se vrou is op 19 November 1903 te Klerksdorp oorlede (*The Guardian,* 21 November 1903).

[54] *St. Louis Post-Dispatch*, 9 Junie 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Ben gooi jakkalsdraaie**

Kort ná die *Doune Castle* se vertrek uit Kaapstad kom daar slegte nuus vir Ben en Lewis in St. Louis. Die Britse ambassadeur in New York het amptelik by die president van die St. Louis World's Fair beswaar aangeteken oor die feit dat die Boereoorlogskouspel in die feesgrond gehou gaan word, want volgens hom is dit daarop gemik om Brittanje, wat een van die groot uitstallers is, in 'n slegte lig plaas.[55] 'n Klomp Amerikaanse beleggers weier nou om die voorkeuraandele op te neem wat hulle voorheen aangedui het hulle sal.[56] Ben sien dat hier probleme aan die kom is, en tot Lewis se ontnugtering verklaar hy dat hy nou dringend na Santa Rosalia in Mexiko moet gaan om aan sake daar aandag te gee.[57]

Op 26 Maart, toe die *Doune Castle* slegs tien dae van die Amerikaanse kus af is, kry Lewis amptelik die slegte nuus van die president van die World's Fair: die Boereoorlogskouspel mag nie meer binne die feesgrond gehou word nie.[58] Lewis soek nou naarstigtelik na nuwe beleggers, maar sonder sukses. Toe hy die *Doune Castle* op 6 April inwag op die kaai by Newport News, 'n hawedorp in die Amerikaanse deelstaat Virginia, het hy slegs $750 (R150 000) in sy sak om vir die deelnemers en hul vroue en kinders te sorg, hul vervoerkoste na St. Louis te betaal, asook om die oorblywende voorbereidings vir die Boereoorlogskouspel te tref. Lewis slaag egter daarin om die spoorwegmaatskappy te oortuig om hulle te vervoer, met die belofte dat betaling in St. Louis gemaak sal word. Met groot moeite verskaf hy ook kos aan die deelnemers gedurende die twee dae lange treinrit.[59]

In 'n sneeubedekte St. Louis aangekom, is daar nie behoorlike akkommodasie vir die deelnemers nie. Die Boeremans, -vroue en -kinders moet twee dae in 'n Duitse restaurant net buite die feesgrond vertoef, terwyl die Britse deelnemers in barakke gaan

---

[55] *San Francisco Chronicle*, 27 Maart 1904.

[56] Uit 'n latere hofsaak teen die direkteure van die South African Boer War Exhibition Company het dit geblyk dat slegs $55 000 (of 44%) van die $125 000 beskikbare voorkeuraandelekapitaal uiteindelik opgeneem is (*St. Louis Republic*, 29 November 1904).

[57] *Cape Times*, 21 Desember 1904. Hierin het 'n brief van Lewis verskyn waarin hy die geskiedenis en finansiële situasie van die South African Boer War Exhibition Company uiteengesit het. Oor Ben se verdwyning op hierdie kritieke tydstip het Lewis geskryf: "when he [Ben] saw the situation that would be created, and that it would be necessary for us to meet a shipload of men without funds, [he] immediately departed for Mexico." 'n Ander koerant het ten tyde van hierdie gebeure ook oor Ben berig dat "[h]e is now in Mexico perfecting a colonization scheme" (*San Francisco Chronicle*, 27 Maart 1904).

[58] *San Francisco Chronicle*, 27 Maart 1904.

[59] *Cape Times*, 21 Desember 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bly.[60] Daarna reël Lewis vir hulle 'n drilsaal om in te slaap, terwyl 'n behoorlike kampterrein vir hulle ingerig word.[61] Beide die Boere en Britse deelnemers dreig nou om te staak as hul nie binne 24 uur die helfte van 'n maand se salaris as 'n voorskot ontvang nie, ten spyte daarvan dat hulle kontraktueel ingestem het dat hulle eers vanaf die aanvang van die Boereoorlogskouspel betaal sal word.[62]

Terwyl Lewis rondskarrel vir geld, vertoef Ben op Santa Rosalia. Op hierdie tydstip woon net vier gesinne hier, Snyman en kmdt. Fouche s'n ingesluit.[63] Die vrygesel en Ben se oorlogsekretaris, luit. Jack Malan, is ook steeds hier en laat weet 'n Amerikaanse vriend van hom dat hulle is "[as] busy as bees, working like beavers, ploughing, sowing, planting, laying out orchards and vegetable gardens, building and repairing houses, [and] they are getting things ship-shape for the arrival of those who are on their way from South Africa".[64] Hy skilder 'n rooskleurige prentjie van hoe tevrede die Boere is en hoe goed hulle met mekaar en hul werkers en bure oor die weg kom.[65] Wat hy nie meld nie, is dat Fouché reeds vir een of ander rede besluit het om na die VSA te verhuis, wat hy wel 'n paar weke later sal doen.[66]

Henry Meyer kom nou tot die redding van die Boereoorlogskouspel. Deur sy toedoen leen die Meyer-familie en hul vriende $100 000 (R20 miljoen) aan die VSA maatskappy. Lewis kan nou die deelnemers betaal en 'n geskikte 20-akker terrein op 'n heuwel net buite die feesgrond huur. Maar die St. Louis World's Fair open aan die einde van April, en die Boereoorlogskouspel gaan nie betyds gereed wees nie. 'n Amfiteater

[60] UZKN, Killie Campbell Africa Library, E.G. Malherbe Collection, lêer 362, 56950/2227, Diary kept by Andries Geyer about his journey to U.S.A; *St. Louis Post-Dispatch*, 9 April 1904.
[61] Van der Merwe, *Boere-Sirkus*, 8.
[62] *St. Louis Republic*, 12 April 1904.
[63] James Eaton, 'n Amerikaanse sendeling, het Santa Rosalia in Oktober 1903 besoek, en gerapporteer dat op daardie tydstip slegs vier Boeregesinne daar was (Archives of the American Board of Commissioners for Foreign Missions, Microfilm Edition, Detroit: Gale Group, Reel 731, J.D. Eaton – J. Barton, 14 Oktober 1903). Bo en behalwe Snyman en kmdt. Fouché se gesinne, was daar dus ook nog twee ander gesinne op Santa Rosalia op hierdie tydstip. Dit kon egter nie vasgestel word wie hulle was nie. Met 'n daaropvolgende besoek, ongeveer ses weke voor Ben se aankoms, het Eaton berig dat nie veel verander het sedert sy vorige besoek nie, maar dat Jack Malan en nog 'n vrygesel, ene "Vokke Youngblood" (moontlik Jongbloed), ook hier was (Ibid., J.D. Eaton – J. Barton, 6 Februarie 1904). Met groot dank aan prof. Andrew Offenburger van Miami Universiteit, Oxford, Ohio, VSA wat transkripsies van hierdie briewe aan my beskikbaar gemaak het.
[64] J.A. Honeij, 'Boers in Mexico', *The Tufts College Graduate*, II/1 (1904), 1-3. Volgens hierdie artikel het James Honeij in die Anglo-Boereoorlog geveg, en was hy nou 'n student aan Tufts College, 'n kollege in die Amerikaanse deelstaat Massachusetts.
[65] Ibid.
[66] 'n Paar weke later is berig dat Fouché onlangs 'n stuk grond in Kansas aangekoop het, en nou daar woon (*The Topeka Daily Capital*, 4 Mei 1904).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vir die duisende toeskouers wat verwag word, moet nog gebou en die deelnemers en perde deur Fillis afgerig word.[67]

Eers nou keer Ben uit Mexiko na die VSA terug.[68] Hy gaan egter nie reguit St. Louis toe nie, maar eers na Myrtle in Lowden, Iowa om die kat uit die boom te kyk. Van hier stuur hy ’n telegram aan ’n gemeenskaplike vriend van hom en Lewis in St. Louis om seker te maak die reëlings vir die Boereoorlogskouspel is wel weer op dreef. Op sy beurt wys hierdie vriend die telegram aan Lewis. Om te verseker dat Ben wel terugkeer om sy deel te kom doen, kry Lewis vir Henry Meyer om na Ben te telegrafeer dat alles in orde is.[69] Eers nou vertrek Ben na St. Louis, waar die manne wat hy in die Boereoorlogskouspel moet aanvoer hom op 17 April vir die eerste keer gewaar sedert hul aankoms in die VSA elf dae tevore. Ben woon egter vir eers nie by hulle nie, maar in die American Hotel buite die feesgrond.[70]



*Tentkamp van deelnemers aan Boereoorlogskouspel.* (BJV-versameling

[67] *Cape Times,* 21 Desember 1904; J.W. Buel, *Louisiana and the Fair: An Exposition of the world its people and their achievements* (St. Louis: World’s Progress Publishing Co, 1904), 3830-3834; Van der Merwe, *Boere-Sirkus*, 9).
[68] *El Paso Herald*, 9 April 1904.
[69] Lewis het in sy latere brief aan die *Cape Times* geskryf dat ná Ben Mexiko verlaat het, hy in plaas van om na St. Louis te kom, ‘went around by way of Iowa, and wired from a small town there to one of our mutual friends’ (*Cape Times,* 21 Desember 1904). Soos voorheen aangetoon, het Myrtle op hierdie tydstip in Lowden, Iowa gewoon, en is dit sekerlik waar Ben nou vertoef het.
[70] UZKN, Killie Campbell Africa Library, E.G. Malherbe Collection, lêer 362, 56950/2227, Diary kept by Andries Geyer about his journey to U.S.A.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Drosters en besoekers**

Frank Fillis kan nou met die afrigting van die manne en perde begin, asook met die bou van ’n amfiteater en ’n pawiljoen met sitplek vir 15 000 mense. Hy laat ook ’n tipiese Boere-laer en Britse militêre kamp oprig, asook die National South African Exhibition, ’n uitstalling van Suid-Afrikaanse kuriositeite. Tussen die Boere-laer en Britse kamp word ook ’n kraal opgerig, waar die geselskap swartes gehuisves word.[71] Die 26 swartes het saamgekom as ondersteuningspersoneel vir die Boereoorlogskouspel, maar Lewis beoog ook om hulle as deel van die National South African Exhibition ten toon te stel as “representatives of all the principal tribes of savages from this wonderful country” Volgens die feesprogram sal hierdie “human curiosities” verskyn in hul “native costumes, exactly as worn by them in Darkest Africa”. [72]

Hierdie deelnemers word egter nooit deur verslaggewers gevra hoe hulle voel oor die neerbuigende manier waarop hul uitgebeeld en behandel word nie. Lede van St. Louis se groot swart gemeenskap besoek hulle in hul nagemaakte kraal, en vind tot hul onsteltenis uit dat die Suid-Afrikaanse swartes vir alle praktiese doeleindes gevangenes is, ’n teer punt by hulle in die lig van die bevryding van slawe in die VSA sowat 40 jaar tevore. Hulle belowe die Suid-Afrikaanse swartes herberg sou hulle kan ontsnap, asook dat hulle hulle sal help om werk in St. Louis te kry.[73]

Op Donderdag, 27 Mei 1904 dros tien swartes dan uit hul nagemaakte kraal en gaan bly by hul nuwe vriende, waarna sommiges werk as steenkoolkarweiers kry.[74] Hiervan hou Lewis glad nie, want hy beskou dit as kontrakbreuk aan die drosters se kant. Op sy versoek vind en arresteer St. Louis se polisie die drosters vyf dae later. Die volgende aand gaan haal Lewis en ’n groep Boere hulle by die polisiekantoor. Op die oog af is die swartes gewillig om na hul kraal terug te keer, maar ’n entjie van die polisiekantoor af verseg hulle om ’n voet verder te versit. Teen hierdie tyd het ’n paar honderd swart Amerikaners ook by die geselskap aangesluit.

Die vooraf uitgewerkte plan van die drosters se nuwe vriende is om hulle te bevry sodra hulle die polisiekantoor verlaat het. ’n Swart vrou keer Lewis buite in die

[71] Van der Merwe, *Boere-Sirkus*, 9; *Cape Argus*, 22 Augustus 1904.
[72] Hilton, *Official Program*.
[73] S. Curtis, *Colored memories: A biographer’s quest for the elusive Lester A. Walton* (Columbia: University of Missouri Press, 2008), 237.
[74] Ibid., *St. Louis Post-Dispatch*, 2 Junie 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

straat voor, en snou hom toe "You dirty, bloody Boer, you ought to be dead."[75] 'n Boereoffisier slaan haar summier met die vuis op die oog. 'n Groot straatgeveg breek nou uit, en polisieversterkings word ingeroep, terwyl vyf van die drosters ontsnap. Eers toe die polisie opdaag kan die Boere met hul oorblywende gevangenes na hul kamp terugkeer. Die ander vyf drosters word eers etlike dae later opgespoor en na hul kraal teruggestuur.[76]



*Die swartes se kraal in St. Louis.* (St. Louis Public Library-versameling)

Aan die einde van Mei ontvang die deelnemers aan die Boereoorlogskouspel besoek van Alice Roosevelt, die Amerikaanse presidentsdogter wat 'n paar maande tevore saam met haar ouers en Ben in die Wit Huis geëet het. Alhoewel die skouspel nog nie gereed is om vir die publiek opgevoer te word nie, word 'n spesiale vertoning vir haar gehou. Vir die geleentheid is Ben uitgevat in 'n spierwit vlootuniform en skoene, 'n selfontwerpte uitrusting wat nooit die slagvelde van Natal en Transvaal gesien het nie. Toe dit tyd is vir 'n groepfoto, sorg hy dat hy langs Alice sit.[77]

---

[75] *St. Louis Post-Dispatch*, 2 Junie 1904. Sien ook Sutton insake rasseverhoudinge en die ideologiese uitbeelding van ras by die St. Louis World's Fair (Sutton, *Transvaal Spectacles*, 284-286).
[76] Ibid.
[77] *St. Louis Republic*, 1 Junie 1904.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za




*Alice Roosevelt langs Ben in sy vlootuniform. Kmdt. J.N. Boshoff sit heel regs.*
(TAB-fotoversameling)

Ná ses weke se intensiewe inoefening is die Boereoorlogskouspel nou byna gereed om aan die publiek vertoon te word. Op 4 Junie 1904 neem ’n paar honderd Boere en Britte in uniform deel aan ’n drie kilometer lange optog deur die Pike, die strook net buite die feesgrond, waar allerlei konsessiehouers – soos die South Africa Boer War Exhibition Co.– besienswaardighede aan die publiek ten toon stel. Saam met die Boere in die optog is deelnemers van die Alaska and Eskimo Village, Chinese Village, German Tyrolean Alps, Japanese Village, Haunted Castle, Indian Congress and Wild West, Magic Whirlpool, Mysterious Asia, Streets of Seville en Hagenbeck’s Trained and Wild Animals.[78]

**Ben se rustelose pen**

Ben gebruik sy ledige ure om sy hand aan nog ’n publikasie te waag, hierdie keer ’n kort geskiedkundige werk met die titel *Cronjé and the Boers: Historical Review of the Boer People and Life of General Cronjé.* Soos met *Under the Vierkleur*, is sy oogmerk om hierdie publikasie by die Boereoorlogskouspel te verkoop. Hierin word ook afgedruk die foto waar hy langs Alice Roosevelt sit. Ben maak seker dat hy in verband met die Jameson-inval meld dat die Boere, “under General Cronjé and the writer”, die

[78] *St. Louis Post-Dispatch*, 5 Junie 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

invallers by Krugersdorp gestuit het.[79] *Under the Vierkleur*, waarvan 7 000 eksemplare gedruk word, verskyn ook nou met die verklaring voor in die boek dat "This special edition is issued as a souvenir of the reproduction of the battles of the Anglo-Boer war at the Louisiana Purchase Exposition, Missouri, USA, 1904. Sold only by the South African Boer War Exhibition Company."[80] Ben se uitbeelding van die Britse magte en hul behandeling van die Boerevroue en -kinders sal later tot gevolg hê dat die boek in Suid-Afrika verban word.[81] Amerikaanse resensies is egter gunstig, met die *Brooklyn Daily Eagle* wat entoesiasties verklaar:

> [I]n point of literary style it is no exaggeration to say that he compares with such foreigners as Joseph Conrad and Maeterlinck …in writing English almost better than Englishmen…It at once places him in the rank of really accomplished writers of fiction, an unusual change of profession for a soldier who has really seen and made war…It will be seen that in "Under the Vierkleur" there is very much that is as well written as it is historically and romantically interesting.[82]

Ook die resensent van die *New York Times* is vol lof.

> It is an unpretentious story of adventure, told without much attempt at literary art, but effective and direct…We see only noble and brave Boers; there are a few pleasant and humane English officers…but they are, on the whole, a malignant horde of barbarous invaders…As a picture of fighting seen through Boer eyes the story is of unusual interest.[83]

Die Boereoorlogskouspel se feesprogram word ook nou uitgegee, en Ben se hand kan hierin bespeur word. Die hele eerste bladsy van die program is gewy aan 'n advertensie van sy boek *Under the Vierkleur* onder die opskrif "The Great Historical Novel". Om verkope van sy boek te bevorder word talle aanhalings uit gunstige koerantresensies gegee. Verder word die lewensgeskiedenis van die vernaamste Britse en Boereoffisiere by die Boereoorlogskouspel hierin weergegee, met Ben s'n wat onder die hofie "Soldier and Author" verreweg die meeste spasie in beslag neem. Hiervolgens het hy onder meer

---

[79] B.J. Viljoen, *Cronjé and the Boers: Historical review of the Boer people and life of General Cronjé* (St. Louis: Con P. Curran, Printing Co., 1904), 8, 12.
[80] Viljoen, *Under the Vierkleur.*
[81] G. Preller, 'Met God en die Mauser', *Die Brandwag*, 20 Januarie 1917.
[82] *Brooklyn Daily Eagle*, 9 Junie 1904.
[83] *New York Times*, 18 Junie 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voor die Anglo-Boereoorlog 'n prominente rol in oorloë teen swart stamme gespeel, "and his very name was dreaded by the Kaffirs [sic]". Ten slotte word daar gemeld dat "Gen. Viljoen has bid farewell to his Fatherland forever. The late war has ruined his home and fortune. The scenes and memories of such disaster are too painful. He intends making his home in this Free Country."[84] Ben het hom nou duidelik finaal daartoe verbind om sy toekoms in Amerika te vind.

[84] Hilton, *Official Program*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 12

## BOERESIRKUS

**(Jun 1904–Jan 1905)**

### Die sirkus begin

Op Vrydagaand, 17 Junie 1904 open die Boereoorlogskouspel. ’n Groter skare as wat verwag is daag op en 5 000 mense moet weggewys word. Uitgestrek voor die 15 000 toeskouers wat wel op die halfmaanvormige pawiljoen en oop sitplekke plek kry, is ’n plat, oop stuk grond, met ’n groot watergevulde sloot wat as beide die Tugelarivier en Modderrivier in verskillende tonele moet dien. Links en regs van die sloot is twee blokhuise, en daaragter ’n hoë heining met geskilderde grasvlaktes, koppies en berge. In die gedrukte program word toeskouers gevra om hulle te verbeel dat hulle ’n Afrika-landskap in die oggend aanskou. Agter die heining steek die Ferriswiel en dakke van die tentoonstellingsgeboue op die amptelike feesgrond uit.[1]

Die verrigtinge skop af met kanonvuur, gevolg deur trompetgeskal en ’n perderuiter wat by die amfiteater ingalop. Dit is kapt. P.J. Visser, wat die aankondigings gaan doen. Eers stel hy die Britse deelnemers voor, wat nou op perde onder leiding van ’n Britse kaptein die amfiteater binnekom. Elke senior Britse offisier word deur Visser voorgestel, en salueer by die uitroep van sy naam. Volgende galop die Boereruiters onder leiding van Ben die amfiteater binne. Die applous is lank en aanhoudend toe die Boere op hul perde om die amfiteater trippel. In sy treffende swart uniform en met ’n skare wat hom dophou, is Ben in sy element. Elke nou en dan buig

[1] S. Curtis, *Colored memories: A biographer’s quest for the elusive Lester A. Walton* (Columbia: University of Missouri Press, 2008), 234; *St. Louis Post-Dispatch,* 18 Junie 1904; *Cape Argus,* 22 Augustus 1904; *South Africa*, 3 Desember 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hy galant na die pawiljoen. Ook die Boere-offisiere word elkeen individueel deur Visser voorgestel, met Ben en Cronjé laaste aan die beurt.[2]




*V.l.n.r. kmdt. J.N. Boshoff, genl. Piet Cronjé, Ben en kmdt. G.M. van Dam.* (BJV-versameling)

Vir 'n uur lank word die skare vermaak met tonele wat mekaar vinnig opvolg. Eerste aan die beurt is 'n swaardvertoning deur die New South Wales Lancers, dan 'n verbymars deur lede van die voormalige ZAR Staatsartillerie, gevolg deur 'n voetresies tussen swartes, asook verskeie perde- en kapkaresies tussen die Boere, Britte, Australiërs, Kanadese en Amerikaners in die toneelgeselskap. Die tweede deel van die program met sy uitbeelding van twee veldslae en 'n aksiebelaaide insident uit die Anglo-Boereoorlog is egter waarvoor die skare regtig wag. Eerste aan die beurt is die slag van Colenso, waarin daar nageboots word hoe die Boere die Britse soldate afgemaai en hul kanonne gebuit het toe hulle probeer het om die Tugelarivier oor te steek. Die rook trek nou soos kanonne en gewere loskruitammunisie afvuur. Oral val goedafgerigte manne en perde kamtig dood neer. Volgende word die slag van Paardeberg uitgebeeld. Cronjé se manne word in hul loopgrawe deur die Britse soldate aangeval, met artilleriestukke wat oor en weer skiet.

[2] J.F. Hilton, *Official Program Anglo-Boer War Historical Libretto* (St. Louis: Jensen Print Co, 1904); *Cape Argus,* 22 Augustus 1904; 'The Boer War show at St. Louis', *South Africa*, 3 Desember 1904.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za




*Geveg by Colenso tussen Boere en Britte.* (BJV-versameling)



*Genl. Cronjé gee nogmaals oor by Paardeberg.* (BJV-versameling)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*'n Boer ontsnap deur die Britse linies.* (Missouri Historical Society)

Die strydende magte raak naderhand handgemeen, en 'n ammunisiewa ontplof met 'n oorverdowende slag. Die Boere lig dan die wit vlag, en die regte genl. Cronjé gee oor aan die verhoogveldmaarskalk Roberts. Die laaste toneel beeld die ontsnapping van genl. De Wet se manne deur 'n blokhuislinie uit, en is vir baie toeskouers die hoogtepunt van die skouspel. Om die Britte te ontwyk moet een van die Boere aan die einde van die toneel van 'n agt meter hoë stellasie met sy perd in die rivier spring, 'n toertjie wat nog nooit tevore in die VSA uitgevoer is nie.[3]

Die toeskouers en verslaggewers is gaande oor die Boereoorlogskouspel. Die *St. Louis Post-Dispatch* se berig die volgende dag is tekenend van die algemene gevoel:

> The Boer War show is the biggest oudoor entertainment ever given in America, if not in the world…It is surprisingly realistic. It would make a wooden heart go pit-a-pat. The initial atmosphere of it in the first five minutes is the finest I have ever seen in any performance, out doors or in….This is no child's play, this Boer war show. It is full of the nerve and the grit of men. It is rough and wild and full of action. And to see in the re-enacted Paardeberg surrender the venerable Gen. Cronjé and others of the real actors in this mimic warfare is

[3] Ibid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> in its historical aspect perhaps the most remarkable thing in the history of showdom. Battles, riding, fighting and all-around whooping it up for 50 minutes is what we saw at the evening performace last night.[4]

Van nou af vind die skouspel gereeld plaas, aanvanklik drie keer ’n dag – Sondae uitgesluit – om 14:30, 16:30 en 20:30. En met elke vertoning moet genl. Piet Cronjé sy oorgawe by Paardeberg herbeleef. Toeskouers betaal 25 sent (R50) vir oop sitplekke, 50 sent (R100) vir pawiljoensitplekke en $1 (R200) vir losiesitplekke. Die Boerelaer, die Britse militêre kamp, die swartes se kraal, asook die National South African Exhibition, kan ook daagliks deur die algemene publiek tussen 10h00 en 22h00 besoek word.[5]

## Manewales en moeilikheid

Die bejaarde Piet Cronjé het intussen daarin geslaag om die hand van die gryse weduwee Johanna Stertzel te wen. Elfuur die oggend van 5 Julie 1904 trou hulle in ’n klein privaatseremonie in die deelnemers se kamp net buite die feesgrond. Ben en Lewis laat geen steen onaangeraak om geld te maak nie – die publiek kan na afloop van dié dag se middagvertoning teen die betaling van ’n toegangsfooi die gelukkige egpaar se onthaal in die amfiteater bywoon.[6]

Wat Ben se eie huwelik betref, het Lenie nou genoeg van sy streke gehad; die laaste strooi wat die kameel se rug breek, is sy nie-betaling van onderhoud aan haar die laaste vyf maande. Ook het die huur wat sy kry uit hul huis in Krugersdorp nou verminder weens die ekonomiese insinking. Aan die einde van Julie doen sy aansoek by die Witwatersrandse Hooggeregshof vir toestemming om Ben te dagvaar vir die herstel van haar huweliksregte, en indien dit nie gebeur nie, vir ’n egskeiding en die verdeling van hul gesamentlike bates om vir haar en haar drie minderjarige kinders se onderhoud te betaal. Volgens haar petisie aan die hof het Ben haar ’n jaar tevore “maliciously desert”. Sy vra ook dat sy alleentoesig oor die kinders kry in die geval

---

[4] *St. Louis Post-Dispatch*, 18 Junie 1904.
[5] *St. Louis Republic*, 21 Junie 1904. Vanaf September 1904, na die afloop van die Amerikaanse somervakansie, is die skouspel twee keer ’n dag op weeksdae aangebied, en drie keer op Saterdae (F. van der Merwe, *Die Boere-Sirkus van St. Louis (1904)* (Stellenbosch: FJG Publikasies, 2012), 13, voetnota 59).
[6] *St. Louis Republic*, 1 en 6 Julie 1904; *St. Louis Post-Dispatch*, 5 Julie 1904.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

van 'n egskeiding. Die hof beveel nou dat 'n dagvaarding aan Ben bestel moet word waarin hy drie maande gegee word om op Lenie se aansoek te reageer.[7]



*Genl. Piet Cronjé tree in die eg.* (TAB, A788, kmdt. G.M. van Dam)

Lenie is nie al een wat geld by Ben soek nie. Tot dusver het hy tot die ontsteltenis van die Transvaalse koloniale tesourie-amptenare ook nog geen rente op sy £1 000 (R1 miljoen) hervestigingslening betaal nie. Hulle het die laaste paar maande reeds verskeie eisbriewe aan 'n Pretoriase prokureur gestuur wat namens Ben in sy afwesigheid optree.[8] Hierdie prokureur het op sy beurt al telkemale aan Ben geskryf, wat nou uiteindelik antwoord dat hy geen fondse het nie en dat die prokureur maar moet handel

[7] TAB, WLD 5/45/590/1904, Ex parte application of Helena Beatrice Viljoen, 18 Julie 1904, Order of Court, 26 Julie 1904.
[8] Sien byvoorbeeld briewe van Accountant-General aan Ben se prokureur J.D.J. Visser op 13 Mei en 9 Junie 1904 in TAB, CT 277, B1443/03.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

soos hy goed dink. Sy prokureur, wat teen hierdie tyd 'n redelike lae dunk van sy kliënt het, lig die koloniale regering aan die begin van Augustus oor Ben se houding in.[9] Die koloniale burokratiese meule begin hierna nou stadig maar seker draai om regstappe teen Ben te doen.

Intussen gaan die Boereoorlogskouspel van krag tot krag in St. Louis. Baie dae is die vertonings uitverkoop en moet toeskouers weggewys word, al is die pawiljoen nou vergroot om sitplek aan 25 000 mense te bied.[10] Ben is 'n baie gewilde deelnemer, tydens én ná die verrigtinge.[11] Oor hom berig 'n verslaggewer dat "if Benjamin Viljoen enjoys one element more than another in which to live and move and have his wonderful being it seems to be this sort of thing. With moustachios well curled and galloping into the arena to the strains of a loud brass band, he is quite the gay dashing *sabreur*, and I am told that at local balls, in his black uniform, with elaborate silver braid all over it, the Black Brunswicker".[12]

Ben maak seker dat hy sy Brunswicker uniform dra toe pres. Roosevelt se seuns Theodore Jnr. en Kermit ook aan die begin van Augustus kom besoek aflê. Soos met Alice Roosevelt se besoek twee maande tevore, sorg Ben weereens dat hy langs die Roosevelt seuns staan toe dit tyd vir 'n groepfoto is.[13] Kort hierna woon die Amerikaanse oorlogsminister (en latere president van die VSA), William Howard Taft, ook 'n vertoning van die Boereoorlogskouspel by. Na afloop daarvan verklaar Taft aan Ben dat hy nog nooit tevore die opwinding van oorlogvoering so intens ervaar het soos dit in die vertoning uitgebeeld word nie.[14] Ben is nie traag om aandag aan hierdie nuwe en invloedryke kontak van hom te gee nie en sorg hierna dat sy uitgewers 'n eksemplaar van sy oorlogsherinneringe aan Taft stuur, wat hom dan ook skriftelik bedank.[15]

---

[9] TAB, CT 277, B1443/03, J.D.J. Visser – Accountant-General, 3 Augustus 1904. 'n Latere aantekening in dieselfde lêer oor die aangeleentheid het gemeld dat "Mr. Visser, who holds Viljoen's power of attorney has a very small opinion of his client and favours sequestration" (Minutes, Secretary to the Law Department, 13 Februarie 1905).
[10] *St. Louis Republic*, 10 September en 16 Oktober 1904.
[11] *Cape Argus*, 22 Augustus 1904.
[12] 'The Boer War Show at St. Louis', *South Africa*, 3 Desember 1904. Die Brunswickers was 'n Duitse militêre eenheid wat teen Napoleon geveg en swart uniforms met silwer epoulette gedra het.
[13] *St. Louis Republic*, 2 Augustus 1904; TAB, Fotoversameling, foto nr. 30210, Groepfoto met Theodore en Kermit Roosevelt.
[14] *St. Louis Republic*, 13 Augustus 1904.
[15] BF-versameling, brief, Taft – Viljoen, 23 Augustus 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Sirkusdeelnemers na Santa Rosalia**

Ben se jongste broer Jan, kmdt. Herklaas Malan en sy vrou, asook ene David Spohr, het intussen die Boereoorlogskouspel verlaat om hulle op Santa Rosalia in Mexiko te gaan vestig.[16] Twee ander Boerefamilies kom saam met hulle hier aan.[17] Ná die nuwelinge se aankoms is daar sowat vyf Boerefamilies bestaande uit sowat 34 persone op Santa Rosalia.[18] Die landskap waar die plaas geleë is, herinner aan dele van die Klein Karoo waardeur riviere loop, byvoorbeeld die Robertson-distrik se besproeiingsarea langs die Breërivier. Weerskante van die Conchosrivier is groen stroke, met daarna semi-woestyn sover die oog kan sien tot by ’n bergreeks aan die westekant.[19]

Die koloniste woon in eenvoudige moddersteenhuise met grondvloere en -dakke. Geeneen kan Spaans praat nie, wat dit moeilik maak om instruksies te gee aan die *peones*, die 60 Mexikaanse bywonerfamilies wat lank reeds op die eiendom woon.[20] Die plaas van 83 000 akker bestaan hoofsaaklik uit weiding, en saam met die eiendom het ook sowat 2 000 stuks vee gekom. Vir 22 km langs die Conchosrivier is ook ’n strook vrugbare alluviale grond, sowat 4 000 akker wat Snyman in 50 kleiner plasies verdeel het vir Boeregesinne om hulle op te vestig.[21] ’n Waterkanaal is reeds vir die lengte van die strook aangelê en ’n groot gedeelte van hierdie grond is met mielies en koring beplant.[22] Die nuwe koloniste moet ’n deposito op die koopprys van hul plasies betaal en word deur Snyman van gereedskap en saad voorsien. In ruil hiervoor moet hulle die helfte van hul oes afstaan en ook hul proporsionele deel van die lenings van Enrique Creel se bank en die Mexikaanse regering terugbetaal. Ook het Snyman vir

---

[16] J.C. Viljoen, ‘Afrikaanse Amerikaners’, *Die Huisgenoot*, 25 Junie 1948.

[17] Volgens die *El Paso Herald* was hulle ene Matys Spoor en Willem Greef en hul families (*El Paso Herald*, 27 Julie 1904).

[18] In Oktober 1903 was daar vier families op Santa Rosalia, asook die twee vrygeselle Jack Malan en ene Vokke Youngblood (Jongbloed?) (Sien Hoofstuk 11, voetnota 63). Snyman se familiegroep, wat die vorige jaar aangekom het, het uit nege lede bestaan (D.K. Stein, ‘“Out of Africa” – an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 1)’, *New Mexico Genealogist*, 43/1 (2004), 8-19). Jack Malan, “Youngblood”, Spohr en Herklaas Malan en sy vrou het ’n verdere vyf lede opgemaak. Met die Spoor en Greef families wat nou aangekom het, en die vertrek van die Fouché familie (sien Hoofstuk 11, voetnota 66), was daar dus nou ten minste vier ander families hier. ’n Konserwatiewe aanname van vyf lede per familie gee nog 20 setlaars, dus altesaam 34 koloniste.

[19] Persoonlike besoek van skrywer in Mei 2016.

[20] J.C. Viljoen, ‘Afrikaanse Amerikaners’; *El Paso Herald*, 31 Oktober 1905; Eaton, ‘The Boer Colony’, 807.

[21] J.D. Eaton, ‘The Boer colony in Mexico: An Interesting Christian settlement and its bearing on the future’, 90/48 (1905), 807.

[22] *Mexican Herald*, 13 Maart 1904; *El Paso Herald*, 4 Julie 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hom persoonlik 200 akker uitgehou.[23] Suiwer uit naasteliefde vir hul mede-Boere tree die twee stigters van die kolonie dus nie op nie.

Snyman het agt maande tevore die finale konsessiekontrak vir Santa Rosalia met die Mexikaanse regering gesluit terwyl Ben met die reëlings vir die Boereoorlogskouspel besig was. Hiervolgens het die Mexikaanse regering hom 50 000 peso's (R5 miljoen) geleen, bo en behalwe die 150 000 peso's (R15 miljoen) wat hy reeds by Enrique Creel se bank vir 'n tydperk van 25 jaar op gunstige terme geleen het om Santa Rosalia te koop, met 'n tweede verband as sekuriteit. Die Mexikaanse regering het ook die Boerekoloniste vir 'n periode van tien jaar van 'n aantal verpligtinge vrygestel, onder andere om persoonlike belasting of enige in- en uitvoerbelastings te betaal, of militêre diensplig te verrig, behalwe as Mexiko in 'n oorlog met 'n ander land gewikkel raak. Die koloniste hoef ook nie Mexikaanse burgers te word nie, maar as konsessiehouer moet Snyman hulle aanmoedig om dit wel te doen. 'n Belangrike voorwaarde van die lening, asook al die vrystellings, is dat Snyman teen die einde van 1906 ten minste 50 Boerefamilies bestaande uit nie minder nie as 200 mense op Santa Rosalia moet vestig.[24]

'n Paar weke na die nuwe koloniste se aankoms kuier Snyman weer by sy vriend Teddy Roosevelt in Oyster Bay. Snyman praat groot en vertel die Amerikaanse president hy verwag dat daar oor 'n paar maande 80 Boerefamilies op Santa Rosalia sal wees.[25] Intussen het Jan Viljoen se oog geval op Snyman se oudste kind, die 22-jarige Johanna, 'n aanvallige meisie en haar pa se oogappel.[26] Die liefde blom, en gou is daar troupraatjies.

Kort hierna ondervind die koloniste 'n groot terugslag. Weens die swaarste reëns in jare kom die Conchosrivier in vloed af en oorstroom hul lande. Toe die waters terugtrek, is al hul koring en mielies en 700 vrugtebome weggespoel. Die koloniste spring egter flink aan die werk en 'n span bestaande uit vier Boeremans en 55 Mexikaanse arbeiders grawe die kanaal binne 11 dae weer oop, terwyl nuwe

---

[23] J.C. Viljoen, 'Afrikaanse Amerikaners'.

[24] BF-versameling, *Anales de la Legislacion Federal* (Mexikaanse staatskoerant), 5 Januarie 1904. Hierin is die kontrak weergegee wat op 29 Desember 1903 gesluit is tussen Snyman en genl. M.G. Cosio, staatsekretaris van die Mexikaanse departement vir die bevordering van kolonisasie en nywerheid.

[25] *New York Times*, 22 Augustus 1904

[26] Stein, *Out of Africa (Part 1)*, 11-12. James Eaton, 'n Amerikaanse sendeling, het in 'n brief opgemerk dat "Johanna Snyman, daughter of the General who founded the Boer Colony, and who is very influential with her father, and highly esteemed by other colonists, called at our house" (Archives of the American Board of Commissioners for Foreign Missions, Microfilm Edition, Detroit: Gale Group, Reel 731, J.D. Eaton – J. Barton, 7 Mei, 1904).

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

vrugtebome geplant en koring- en mieliesade gesaai word.[27] Teen hierdie tyd het Jan Viljoen die jawoord by Johanna Snyman gekry, en op 13 Oktober trou die paartjie in die Congregational Church in Chihuahuastad, sekerlik die eerste huwelik ooit in Mexiko tussen twee Afrikaners.[28]

**Finansiële streke**

Intussen het Ben uiteindelik op 18 September 1904 op Lenie se dagvaarding gereageer. In sy brief aan haar maak hy ’n versluierde dreigement. Hy wil nie haar aksie beveg of enige nuwe elemente by die saak inbring nie, skryf hy, en ook nie ’n sekere “ongelukkige gebeurtenis” openbaar nie, derhalwe versoek hy toesig oor sy 13-jarige seun Eugène. Hy onderneem om Eugène na ’n Amerikaanse universiteit te stuur as sy hom oorhandig aan sy ouers, wat sy reis na Amerika sal reël. In die agt-jarige Silvanus stel hy blykbaar nie belang nie. En die driejarige Minnie beskou hy nie as sy kind nie, so van haar maak hy ook geen melding nie. Hy sluit £8 (R8 000) vir Lenie en die kinders se onderhoud in, en verklaar dis al wat hy kan bekostig. Ten slotte verklaar hy dat sy hul Krugersdorp huis kan kry, en daarmee kan doen wat sy wil.[29]

Ben is egter suinig met inligting wat betref sy finansiële situasie. Hy verdien op hierdie tydstip ten minste £100 (R100 000) per maand,[30] en soos alle ander deelnemers word sy onderhoud en verblyf in St. Louis deur die South African Boer War Exhibition Co. voorsien. Ben is ook die president van die maatskappy, en soos sal blyk kry hy waarskynlik uit hierdie bron ook geld. Wat die huis in Krugersdorp betref, het die National Bank of South Africa ’n verband daarop. Hy het in elk geval nie genoeg bates in Suid-Afrika om al sy skuldeisers te betaal nie, waarvan die koloniale regering maar

[27] Eaton, 'Boer colony’, 807; *Houston Post*, 17 Sep 1904; *Mexican Herald*, 25 September 1904; A. Offenburger, ‘A Boer colony in Mexico, 1902-1905’, *Bulletin of the National Library of South Africa*, 69/1 (2015), 45. Dit is insiggewend dat op hierdie tydstip daar slegs vier Boeremans beskikbaar was om met die oopgrawe van die kanaal te help. Op die oog af weerspreek dit Snyman se bewering in die *Mexican Herald* van 25 September 1904 dat daar nou 18 Boerefamilies op Santa Rosalia was.
[28] *Galveston Daily News*, 14 Oktober 1904.
[29] *Land en Volk*, 10 Februarie 1905. Hierdie brief van Ben aan Lenie met ’n datum van 18 September 1904 is hierin oorgedruk.
[30] Daar is op hierdie tydstip berig dat genl. Cronjé £25 per week verdien het, m.a.w. £100 per maand (*The Observer* (Adelaide), 18 Oktober 1904). In die lig daarvan dat Ben ’n ewe prominente rol as Cronjé by die Boereoorlogskouspel gehad het, en buitendien ook president van die South African Boer War Exhibition Co was, is dit hoogs onwaarskynlik dat hy minder as Cronjé sou verdien het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

net een is.[31] Sy Krugersdorp huis sal Lenie dus niks baat nie, iets wat Ben goed moet weet.

Wat die Boereoorlogskouspel self betref is dit nou op 'n maandelikse grondslag winsgewend.[32] Die maandelikse inkomste beloop ongeveer $133 000 (R26,6 miljoen),[33] terwyl die maandelikse bedryfsuitgawes (salarisse, kos en verblyf, bemarking, huur, konsessiegelde, perdevoer en so meer) ongeveer $92 000 (R18,4 miljoen) beloop,[34] wat 'n maandelikse kontantsurplus van minstens $41 000 (R8,2 miljoen) tot gevolg het. Maar $195 000 (R39 miljoen) is bestee om die skouspel op die been te kry, geld wat van voorkeuraandeelhouers en leners soos die Meyer-familie bekom is, en wat terugbetaal moet word.[35] Met Ben aan die stuur van die South African Boer War Exhibition Co. word geld egter mildelik uitgegee. Sonder twyfel sorg hy ook dat hyself nie te kort skiet nie. Lewis, daarenteen, as hoofbestuurder van die onderneming, is bekommerd oor die hoë vlak van besteding en probeer sy bes om beheer hieroor te hou. Hy wil seker maak genoeg wins word gemaak om die finansiers

[31] TAB, CT 277, B1443.03, Minutes re B.J. Viljoen, 27 Maart 1905. Op hierdie tydstip het 'n ander prokureur ook 'n sekwestrasiebevel teen Ben vir onbetaalde skulde gekry.

[32] MHS, CFG Meyer Family Papers, Scrapbook I, Part IV, various Business-related Papers, CFG Meyer II – CFG Meyer III, 24 September 1953. C.F.G. Meyer II was 'n direkteur van die South African Boer War Exhibition, en het geskryf dat "when the Show was opened, the first day's receipts was approximately $18,000 and from then on the indebtedness was being liquidated and some surplus accumulated."

[33] D.R. Francis, *The Universal Exposition of 1904* (St Louis: Louisiana Purchase Exposition Company, 1913), 588. In sy verslag het die president van die St. Louis World's Fair genoem dat die geouditeerde ontvangstes van die Boeroorlogskouspel op 31 Oktober 1904 (ná 19 weke se vertonings) $631 776 beloop het. Die maandelikse bedrag van $133 000 is hiervolgens bereken.

[34] *St. Louis Republic*, 29 November 1904. Hiervolgens het die direkteure van die South African Boer War Exhibition Company verklaar dat die totale besteding van die maatskappy tot en met 23 November 1904 ('n tydperk van 22 weke) $700 000 beloop het. Hierdie syfer het egter $195 000 (sien volgende voetnota) ingesluit wat voor die aanvang van vertonings bestee is, wat lopende uitgawes van $505 000 vir die ongeveer 22 weke tot hierdie datum impliseer, of maandelikse bedryfskostes van ongeveer $92 000. Hierdie syfer was waarskynlik te hoog, aangesien dit deur die direkteure verstrek is in verband met 'n regsaksie wat sekere aandeelhouers teen hulle ingestel het om van hul geld terug te kry. Dit sou dus in die direkteure se belang gewees het om uitgawes so hoog moontlik aan te dui en inkomste te onderskat. Dat dit skynbaar die geval was, kan gesien word uit die feit dat die direkteure in hierdie regsaksie verklaar het dat inkomste tot en met 23 November 1904 $600 000 beloop het, terwyl dit in werklikheid reeds drie weke vroeër op 31 Oktober 1904 op $631 776 gestaan het (sien vorige voetnota). Laasgenoemde geouditeerde syfers is egter eers bekend gemaak lank ná die geding aanhangig gemaak is.

[35] *Cape Times,* 21 Desember 1904. Lewis het hierdie syfer verstrek in 'n brief wat hy op 12 November 1904 uit St. Louis geskryf het.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

se aanvanklike belegging terug te betaal, asook voorkeuraandeelhouers hul beloofde 8% opbrengs te betaal.[36]


Lewis se pogings word egter gekortwiek, en hy en Ben haak vas. Uit frustrasie bedank hy op 27 September 1904 as hoofbestuurder. Hy kondig ook aan dat hy na die afloop van die vertonings aan die begin van Desember 1904 sy eie Boereoorlogskouspel met dieselfde deelnemers op toer deur die oostelike en suidelike deelstate van die VSA gaan neem.[37] Die volgende dag vergader die direkteure van die South African Boer War Exhibition Co. onder Ben se leiding. Hulle besluit nou om self die oorspronklike Boereoorlogskouspel op toer deur die VSA te neem. Hulle reik ook 'n persverklaring uit dat Lewis nie meer verbonde aan die maatskappy is nie, en dat enigiemand anders wat nog 'n Boereoorlogskouspel op die been wil probeer bring geen magtiging daarvoor het nie. Hulle voeg by dat almal wat tans optree in hul nuwe skouspel gaan wees.[38]

Lewis laat nie op hom wag nie en oorreed Cronjé, maj. W. Stewart, aanvoerder van die Britse kontingent, luit. Wolmarans van die voormalige ZAR Staatsartillerie en nog deelnemers om by sy voorgestelde nuwe skouspel aan te sluit wanneer die huidige een afgeloop het.[39] Aangehelp deur die Boereoorlogskouspel se groot sukses, oortuig hy William Brady, 'n groot Amerikaanse promotor, om ook tot die kryt toe te tree.[40] Brady en Lewis bied Cronjé nou \$1 500 (R300 000) per maand aan om vanaf 1 Desember 1904 vir 'n jaar lank by hul skouspel aan sluit. Dit is drie keer sy huidige salaris, dus aanvaar Cronjé die aanbod geredelik en sluit 'n kontrak met Brady.[41] Op hul beurt kom Ben en sy mede-direkteure van die South African Boer War Exhibition Co. nou met hul eie skuiwe vorendag. C.W. Wall, 'n direkteur van die maatskappy en tesourier van Meyer Brothers Drug Co, wat ná Lewis se bedanking die dag tot dag bestuur van die maatskappy oorgeneem het, het nou gesien dat hier geld te maak is.[42]

---

[36] Ibid. In sy brief het Lewis gemeld dat "[n]otwithstanding, however, that a great deal of money was being received, I saw that the most careful attention would be necessary in order that the initial outlay be recovered, and a profit paid thereon, and I attempted to curtail expenses in every possible way. I was hampered in every way, however, by diverse interests". 'n Nederlandse weergawe van hierdie brief het ook op 18 Januarie 1905 in *De Volksstem* verskyn.
[37] 'South Africa at St. Louis', *South Africa,* 22 Oktober 1904; St. *Louis Republic,* 30 September 1904. Eersgenoemde koerant het berig dat Lewis en Ben stry gekry het, en in laasgenoemde koerant het Lewis verklaar dat "differences in policy with other members of the board caused his withdrawal."
[38] *St. Louis Post-Dispatch*, 29 September 1904; *St. Louis Republic*, 29 September 1904.
[39] *St. Louis Post-Dispatch,* 16 Oktober 1904.
[40] Ibid., 21 Oktober 1904; *New York Tribune*, 1 September 1905.
[41] *New York Tribune*, 1 September 1905. Die inligting oor Cronjé se salaris is gemeld in 'n berig oor 'n hofsaak wat hy in 1905 vir onbetaalde salarisgeld aanhangig gemaak het.
[42] MHS, CFG Meyer Family Papers, Scrapbook I, Part IV, various Business-related Papers, Report of Marwick, Mitchell, Peat & Co Chartered Accountants, 26 April 1915, 14. In hierdie

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za




*Ben voor sy tent in die St. Louis Boerelaer.* (BJV-versameling)

Wall besluit om met Ben en Fillis se hulp sy eie maatskappy te stig wat die Boereoorlogskouspel vanaf Desember elders in die VSA sal voortsit.[43] Hulle kondig hierna af dat al die tasbare bates van die South African Boer War Exhibition Co. op 12 November op 'n veiling van die hand gesit gaan word, met die voorwaarde dat dié maatskappy dit nog tot aan die begin van Desember kan gebruik, waarna dit in terme van sy oprigtingsvoorwaardes gelikwideer sal word.[44] Wat hulle egter nie noem nie, is dat die klandisiewaarde en die regte om die Boeroorlogskouspel op te voer, nie verkoop sal word nie. Wall maak in elk geval seker dat niemand anders die skouspel met sy huidige deelnemers kan opvoer nie deur kontrakte met omtrent al die deelnemers te

verslag wat 'n ouditeursfirma voorberei het ná die latere insolvensie van Meyer Bros. Drug Co. is oor die Boereoorlogskouspel bevind dat "the wide publicity given the production and the success attained by it towards the end of the Fair season impressed Mr. C.W. Wall with its financial possibilities if placed on the road".

[43] *St. Louis Republic*, 13 November 1904; *Cape Times*, 21 Desember 1904.

[44] *St. Louis Post-Dispatch*, 2 November 1904; *St. Louis Republic,* 13 November 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sluit. Hy kondig verder af dat Cronjé ook deel van sy nuwe maatskappy se skouspel sal wees, iets wat Cronjé later ontken.[45]

Lewis sien egter deur Wall se plan. Hy weet dat niemand volle waarde vir items soos perde, osse, muile, kanonne, gewere, uniforms, waens, tente, boutoerusting en so meer sal betaal indien hulle nie die reg het om die Boereoorlogskouspel aan te bied of die deelnemers onder kontrak het nie. Volgens hom behoort die tasbare bates van die Boereoorlogskouspel tussen $75 000 (R15 miljoen) en $150 000 (R30 miljoen) op ’n veiling te behaal as dit saam met die klandisiewaarde van die maatskappy verkoop word.[46] Lewis se vrese word bewaarheid toe niemand anders behalwe Wall op die veiling ’n bod insit nie. Al die tasbare bates van die maatskappy word nou vir ’n skamele $19 000 (R3,8 miljoen) aan hom verkoop.[47] Lewis dreig hierna om ’n regsgeding aanhangig te maak om die verkoop ter syde gestel te kry, asook om die hof te vra om ’n likwidateur aan te stel om die finansiële sake van die maatskappy behoorlik te ondersoek.[48]

Vir die gewone- en voorkeuraandeelhouers van die South African Boer War Exhibition Co. het hul direkteure nou slegte nuus – die Boereoorlogskouspel was ’n finansiële mislukking, en hulle gaan niks van hul belegging terugkry nie. Volgens die direkteur het die skouspel tot en met 23 November 1904 ongeveer $600 000 verdien, maar het die aanvanklike en daaropvolgende bedryfsuitgawes ongeveer $700 000 beloop.[49] Natuurlik ontduik hulle die vanselfsprekende vraag – hoekom is hulle (en Lewis en Brady) dan so gretig om die skouspel in ’n nuwe gedaante voort te sit as dit nie by die St. Louis World’s Fair met sy miljoene besoekers geld gemaak het nie?

Inderwaarheid het die South African Boer War Exhibition Co. bo redelike twyfel ’n stewige wins gemaak. Die maatskappy se beraamde ontvangstes tot aan die einde van November 1904 was in die omgewing van $791 000[50] terwyl die uitgawes

---

[45] *St. Louis Post-Dispatch*, 29 September en 27 November 1905; *Cape Times,* 21 Desember 1904.
[46] *St. Louis Post-Dispatch*, 2 November 1904; *Cape Times*, 21 Desember 1904.
[47] *St. Louis Republic*, 29 November 1904.
[48] *Cape Times*, 21 Desember 1904.
[49] *St. Louis Republic*, 29 November 1904; *Cape Times*, 21 Desember 1904.
[50] Soos reeds aangetoon was die geouditeerde ontvangstes van die Boereoorlogskouspel vir die 18 weke tot 31 Oktober 1904 $631 776. Die Boereoorlogskouspel het vir die volgende vier weke tot aan die einde van November 1904 steeds groot gehore getrek. As dieselfde vlak van weeklikse inkomste aanvaar word, word ’n totale inkomste van $772 000 verkry. Dit strook ook met wat Lewis in sy latere brief aan die *Cape Times* verklaar het, naamlik dat die Boereoorlogskouspel in die omgewing van $750 000 verdien het (*Cape Times*, 21 Desember 1904). Dan is die fisiese bates van die maatskappy soos gemeld ook vir $19 000 aan C. Wall verkoop, wat ’n totale geskatte ontvangste van $791 000 gee.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(die aanvangskoste ingesluit) op die meeste $723 000 kon beloop het,[51] wat op ’n wins van minstens $68 000 (R13,6 miljoen) neerkom selfs al het maatskappy sy voorkeuraandeelhouers terugbetaal. Die voorkeuraandelekapitaal het sowat $55 000 (R11 miljoen) beloop.[52] Hierdie bedrag saamgetel met die beraamde wins beloop dan sowat $123 000 (R24,6 miljoen). Dit lyk dus of die direkteure en Meyer Brothers Drug Co. die oorskot in hul eie sakke gesteek het. Ben self was ’n gewone aandeelhouer, maar het geensins gekla oor die feit dat hy in hierdie hoedanigheid niks gekry het nie – sekerlik omdat hy reeds sy beloning elders gekry het. Dit is ook insiggewend dat hy, soos sal blyk, sonder noemenswaardige inkomste vir die volgende twee jaar nie net kon oorleef in die VSA en Mexiko nie, maar ook kon trou, voortdurend kon rondreis, 15 familielede[53] van SA na die VSA kon laat kom en vir hulle sorg, verskeie kere kon verhuis, asook ’n plaas in Nieu-Mexiko kon aanskaf.[54] ’n Paar weke later het ’n groep aandeelhouers, sekerlik aangevuur deur Lewis, ’n saak teen Ben en die ander direkteure van die South African Boer War Exhibition Co. in St. Louis aanhangig gemaak. Hulle het die hof versoek om die verkoop van die maatskappy se bates aan Wall ter syde te stel en te gelas dat ’n likwidateur die geldsake van die maatskappy ondersoek. Hiervan het daar egter niks gekom nie.[55]

## Liefdesprobleme

Ben het intussen sy korrespondensie met May volgehou alhoewel hy nou ’n verhouding met Myrtle Dickerson het.[56] Ná sy huweliksbeloftes aan May kon hy homself nog nie sover kry om haar finaal die trekpas te gee nie. Soos menige vurige minnaar wat later koue voete kry, probeer hy sy voormalige beminde se gevoelens spaar. In elk geval is May in Brittanje en hy in die VSA. Duisende kilometer en ’n oseaan skei hulle – hy

[51] Soos reeds aangetoon het die maatskappy se maandelikse bedryfsuitgawes ongeveer $92 000 beloop, of $23 000 per week. Die direkteure het verklaar dat tot en met 23 November 1904 die totale uitgawes $700 000 was, so aan die einde van November sou dit op ongeveer $723 000 gestaan het. Maar soos gemeld was hierdie waarskynlik ’n oorskatte bedrag, en was die werklike uitgawes minder.
[52] *St. Louis Republic*, 29 November 1904.
[53] D.K. Stein, ‘“Out of Africa” – an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 3)’, *New Mexico Genealogist*, 43/4 (2004), 242-250.
[54] Ben se broer Jan het ook in 1949 aan eersgenoemde se seun Eugène verklaar dat die 1904 St. Louis World’s Fair “paid off big” (JV-versameling, Questionnaire Gene to Oom Jan, c.1949).
[55] *St. Louis Republic*, 29 November 1904.
[56] *Land en Volk*, 24 Maart 1905. Hierin het ’n vertaling van ’n brief van May gedateer 2 Februarie 1905 aan die *Rand Daily Mail* verskyn. May het in haar brief verklaar dat sy en Ben ’n innige korrespondensie volgehou het tot sy op 22 Oktober 1904 in New York aangekom het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gaan haar nooit weer sien nie en mettertyd sal haar gevoelens verflou, redeneer hy waarskynlik. Op haar beurt het May in Engeland maar geswyg wanneer sy uitgevra word oor hoekom Ben hul verlowing ontken. Hy het haar oortuig dat hy op regsadvies dit moet doen, want ’n verlowing terwyl hy nog getroud is sou sy egskeiding vertraag.[57] Maar May het nou uitgevind dat Lenie Ben vir ’n egskeiding gedagvaar het.[58] Daar is dan mos geen rede hoekom sy en Ben nie saam kan wees nie, en sy laat hom weet dat sy na die VSA gaan kom. Tot haar onsteltenis is hy egter nie daar om haar te verwelkom toe sy op 22 Oktober 1904 in New York aankom nie. May stuur onmiddellik ’n verwytende telegram aan hom.[59] Nou het Ben nie meer ’n keuse nie – hy moet die slegte nuus aan haar oordra. Op 27 Oktober antwoord hy haar.

> Your reproachful letter received. I wrote to you several times to London. As to our relations, my dear May, the position I am in is of such a nature that I cannot look to any prospect of making you a home. I can’t afford it. And as my obligations are simply outrageous it would be folly for any sane person to make promises and drag a woman into ties which would never bring happiness. I will, of course, be glad to see you again. But, my dear girl, the day of marriage with me is past forever.[60]


May antwoord hom met ’n woedende telegram, waarna hy haar probeer paai:

> Today I received your three-line note. Well, I can’t blame you, my dear. I know how you have been neglected. But the reason, I trust you understand, from my former letter. Well, my dear, you say I am forgetting you. No, my love, such is not the case, but, alas, my hopes of having you as my wife seems to dwindle away. I fear to hold out any hopes and cannot deceive you. My love and esteem for you is too high to take you to a desolate home, where I will not be able to provide for you. Do not forget me altogether love. The girl on horseback in my book is a reproduction of your face.
>
> Your devoted,
> Ben.[61]

---

[57] Ibid. May het hierdie stelling gemaak in haar brief gedateer 2 Februarie 1905 aan die *Rand Daily Mail* wat in *Land en Volk* oorgedruk is.
[58] *Daily Mirror*, 27 Augustus 1904.
[59] *Land en Volk*, 24 Maart 1905. Alhoewel hierdie berig heelwat later as Ben se brief verskyn het, is hierdie inligting soos vroeër gemeld eers heelwat later deur May aan die *Rand Daily Mail* in ’n brief verskaf. Op sy beurt het *Land en Volk* hierdie inligting uit die eersgenoemde gekry.
[60] *Oakland Tribune*, 4 April 1905.
[61] Ibid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*May op 'n perd.* (Viljoen, *Under the Vierkleur*)

May versoek nou 'n vollediger en manliker verduideliking van Ben oor hoekom hy nie meer sy huweliksbeloftes wil nakom nie. Sy glo nie sy verskonings van armoede nie, skryf sy. Die verstandhouding tussen hulle was dan dat sy sou aanhou met haar opvoerings, iets wat haar net so 'n groot inkomste as hy sal besorg. Maar Ben beëindig nou alle kontak met May – iets wat haar geweldig onstel, soos hy weldra sal uitvind.[62]

[62] *Land en Volk*, 24 Maart 1905. May het hierdie stelling gemaak in haar brief van 2 Februarie 1905 aan die *Rand Daily Mail,* wat in *Land en Volk* oorgedruk is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wat Lenie betref, het Ben nie pleitstukke ingedien insake haar aansoek om hom te dagvaar nie. Die Witwatersrandse hooggeregshof het haar dus nou verlof toegestaan om hom te dagvaar vir die herstel van haar huweliksregte en onderhoud, en indien dit nie gebeur nie, vir 'n egskeiding en onderhoudsbetalings. Op 28 November spoor 'n St. Louis prokureur Ben in die Boereoorlogskouspel se kamp op, en bestel Lenie se dagvaarding op hom. Hiervolgens het Ben tot 1 Februarie 1905 om sy verweer by die Witwatersrandse hooggeregshof in te dien. [63]

## Chaos in Chicago

Ná 'n suksesvolle speelvak van meer as vyf maande word die Boereoorlogskouspel op Donderdag, 1 Desember 1904 vir die laaste keer by die St. Louis World's Fair opgevoer. Twee dae later vertrek Ben, Fillis en die meeste van die deelnemers en hul diere en toerusting per trein na Kansas City, waar hulle volgende in hul nuwe maatskappygedaante gaan optree, gevolg deur optredes in westelike en suidelike Amerikaanse deelstate.[64] Genl. Cronjé en Lewis bly egter in St. Louis agter. Die ou kryger het nou bevestig dat hy 'n jaar lange kontrak met Brady aangegaan het.[65]

Ná 'n suksesvolle speelvak in Kansas City, open die Boereoorlogskouspel die aand van 16 Desember in Chicago se Coliseum Arena.[66] Cronjé het intussen 'n interdik aangevra om Wall se maatskappy te verbied om sy naam of gesig op enige manier in sy bemarkingsmateriaal en advertensies te gebruik, iets wat dit wel in Kansas City gedoen het. Cronjé voel dat die publiek onder die wanindruk gebring word dat hy daarin optree. [67] Op hul beurt het Wall se maatskappy 'n hofsaak teen hom aanhangig gemaak om hom te verbied om by enige ander organisasie aan te sluit – volgens hulle het hy voorheen onderneem om by die oorspronklike skouspel betrokke te bly.[68] Die skouspel word nou in Chicago geadverteer as "Battles between Boers and British – Reproduced

[63] TAB, WLD 5/45/590/1904, Ex parte application of Helena Beatrice Viljoen, 18 Julie 1904; Order of Court, 27 Oktober 1904; Beëdigde verklaring van E.N. Tunis, St. Louis, 28 November 1904.
[64] *St. Louis Republic,* 24 November 1904.
[65] Ibid., 5 Desember 1904.
[66] Van der Merwe, *Boere-Sirkus*, 33.
[67] *St. Louis Republic*, 10 Desember 1904.
[68] Ibid., 4 Desember 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

by 600 Genuine Veterans of the Anglo-Boer War, led by GENERAL VILJOEN and Fifteen Other Officers."[69]

In Chicago begin dinge nou vir Ben lelik skeefloop. Op Oukersaand skree 'n Britse deelnemer 'n Australiese oorlogskreet in die pouse tussen twee tonele. Ben vererg hom bloediglik, want hy herken dit as iets wat die Britse soldate tydens die Anglo-Boereoorlog geskree het wanneer hulle wou wys dat hulle nie vir die Boere bang is nie. Agter die skerms dien Ben die Brit 'n opstopper toe. Sy groter opponent gooi hom egter teen die grond neer en gaan sit dan op hom. Van alle kante kom Boere en Britte nou nadergestorm om hul onderskeie volksgenote te help, en 'n vuisgeveg breek tussen hulle uit. 'n Paar dae later gaan lê die Britse deelnemer 'n klag van aanranding teen Ben, waarna hy gearresteer word. Hy word eers vrygelaat ná hy $600 borgtog betaal.[70]

Maar 'n groter vernedering wag in die nuwe jaar op Ben. May het nou in Chicago aangekom met een doel voor oë – om met hom af te reken omdat hy sy huweliksbeloftes verbreek het, en haar so sleg behandel het ná sy in New York aangekom het. Op Woensdag, 18 Januarie 1905 wag sy hom met 'n gelaaide rewolwer buite die ingang van die Coliseum in waar die Boereoorlogskouspel opgevoer word, met die voorneme om hom te skiet. Toe Ben sewe-uur die aand met sy gevolg by die trappe afkom, doem May uit die koue en donker winternag op.

Met flitsende oë snou sy hom toe: "You villian, I'll teach you to break your promises."

"Why May, where did you come from?" vra Ben in ongeloof.

"What do you mean by your scurrilous letter to me? Have you acted toward me as a man would toward a woman?"

"I know of no wrong deeds on my part -" stotter Ben.

Gelukkig vir hom verander May nou van plan, en pleks van hom te skiet, pluk sy 'n sweep uit die voue van haar rok en dien hom 'n hou op sy voorarm toe. "Take that! and that!" gil sy terwyl sy die sweepslae op hom laat neerreën. Die Boeregeneraal retireer haastig, met die jong Britse verhoogartieste agterna. Uiteindelik blaas sy nou die aftog, en verdwyn weer die nag in.[71] Agterna verklaar May aan 'n verslaggewer dat sy seker

[69] *Chicago Tribune,* 25 Desember 1904.
[70] *Sun* (New York), 8 Januarie 1905; 'Ben Viljoen as defendant', *South Africa*, 21 Januarie 1905. Uitspraak in hierdie saak sou op 12 Januarie 1905 gelewer word, maar die klaer het skynbaar sy klagte teruggetrek, want geen verdere melding hiervan kon in Chicago koerante gevind word nie. (Koerante nagegaan: *Chicago American, Chicago Chronicle, Chicago Daily News, Chicago Evening Post, Chicago Record Herald, Chicago Tribune, Inter Ocean.*)
[71] *Cumberland Evening Times*, 20 Januarie 1905; *Richmond Planet* (Virginia), 25 Februarie 1905; *Oakland Tribune*, 4 April 1905. Hierin het onderhoude met May verskyn.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is 'n Amerikaanse meisie het Ben se hart gesteel, maar dat dit haar nie sou geskeel het nie, solank hy net met haar eerlik was en nie haar briewe geïgnoreer het nie.[72]




*May ransel Ben af.*
(*Richmond Daily Planet,* 25 Feb 1905)

Die eerste berigte hieroor verskyn twee dae later in die VSA en Brittanje.[73] Ben pas onmiddellik skadebeheer toe. Deur Reuters ontken hy dat die insident ooit plaasgevind het en dreig om enige koerant te dagvaar wat anders berig.[74] Hy stuur ook sy prokureur na May met 'n aanbod van $300 (R60 000) om haar stilswye te koop. May verwerp dit met minagting.[75] Maar indien dit nie reeds die geval was nie, is Ben se reputasie nou finaal aan flarde in Suid-Afrika. Joe van Gelder, Ben se goeie vriend met wie hy agtien maande tevore 'n lojale koerant in die Transvaalkolonie wou begin, is kort tevore deur Eugène Marais as redakteur van *Land en Volk* aangestel.[76] Dit lyk of sake moontlik op 'n kol tussen Ben en Van Gelder skeefgeloop het, want *Land en Volk* verlustig hom hierna daarin om gereeld oor Ben se huweliks- en liefdesprobleme verslag te doen.[77] Die koerant is ook van mening dat "het beste was dat Generaals Viljoen en Cronjé zoo spoedig mogelijk naar hun eigen volk terugkeerden, en voor goed met al die buitelandsche en buitenstreeksche spulletjes uitscheidden".[78]

[72] *Land en Volk*, 3 Maart 1905.
[73] Sien byvoorbeeld *Cumberland Evening Times* en *Nottingham Evening Post* van 20 Januarie 1905.
[74] *Nottingham Evening Post,* 21 Januarie 1905; *Land en Volk*, 24 Maart 1905.
[75] *Land en Volk*, 24 Maart 1905. May het hierdie stellings gemaak in haar brief van 2 Februarie 1905 aan die *Rand Daily Mail*, en wat in *Land en Volk* oorgedruk is.
[76] Volgens sterfberigte oor hom in *Land en Volk*, 28 April 1905, *Rand Daily Mail*, 26 April 1905 en *Transvaal Leader*, 26 April 1905.
[77] Sien byvoorbeeld berigte in *Land en Volk* op 27 Januarie 1905, 10 Februarie 1905, asook 3 en 24 Maart 1905.
[78] *Land en Volk*, 27 Januarie 1905.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Ben vat die pad**

Dit lyk of Wall nou besluit het dat Ben se reputasie sodanig beskadig is dat sy verdere deelname aan die skouspel ongewens is. 'n Hoofspeler wat van aanranding aangekla is, en daarna boonop die hasepad gevat het voor 'n vrou met 'n sweep? 'n Bespotlike figuur, definitief nie iets waarmee hy sy skouspel wil assosieer nie. Hoe dit ook al sy, die Boereoorlogskouspel se laaste vertoning in Chicago vind plaas drie dae ná Ben se afranseling, en hierna eindig sy betrokkenheid.[79] Moontlik is Ben 'n finansiële aansporing deur Wall aangebied om sy tasse te pak, want hy verlaat die toneel sonder enige dreigemente van regsaksie of dies meer.

Die skouspel se volgende bestemming is New Orleans. Met Ben se vertrek het Wall dringend 'n nuwe hoofspeler nodig wie se naam hy as trekpleister op advertensies kan gebruik. Net een man sal deug – genl. Piet Cronjé. Dringende gesprekke vind nou plaas tussen Wall aan die een kant en Brady en Lewis aan die ander kant. Met Ben uit die pad word vrede gou gemaak, en reeds op 21 Januarie word aangekondig dat die twee ondernemings hul kragte gaan saamsnoer.[80] Cronjé stem ook in om in die volgende vertoning op 26 Januarie 1905 in New Orleans te verskyn, asook dat sy naam in advertensies gebruik kan word.[81]

Wat Ben vanselfsprekend op hierdie tydstip nie kon geweet het nie, is dat hy die toneel op 'n goeie tydstip verlaat. Hierna het die Boereoorlogskouspel die volgende paar maande in verskeie dorpe en stede in suidelike en westelike Amerikaanse deelstate soos Louisiana, Georgia, Alabama, South Carolina, North Carolina, Virginia, Indiana, Ohio, Iowa en Kentucky opgetree, en aan die einde van Mei 1905 by Brighton Beach Park naby Coney Island, New York geopen.[82] Maar die skares in hierdie plekke was baie kleiner as by die St. Louis World's Fair en boonop het die ongure winter- en hersfweer mense weggehou. Wall se firma het groot verliese gely, en in Julie 1905 het hy die skouspel aan 'n ander maatskappy verkoop. Die verliese het egter voortgeduur

[79] *Chicago Tribune*, 21 Januarie 1905.
[80] *New York Tribune,* 22 Januarie 1905; *St. Louis Post-Dispatch*, 29 Januarie 1905.
[81] *Times-Democrat,* 26 Januarie 1905.
[82] *Colfax Chronicle* (Louisiana), 18 Februarie, 1905; *Atlanta Constitution* (Georgia)*,* 13 Maart 1905; *Evening World* (Alabama)*,* 16 Maart 1905; *Wilmington Morning Star* (North Carolina)*,* 12 April 1905; *Watchman and Southron* (South Carolina), 12 April 1905; *Staunton Spectator and Vindicator* (Virginia)*,* 28 April 1905; *Indianapolis Star* (Indiana)*,* 30 April 1905; *Cincinnati Enquirer* (Ohio)*,* 30 April 1905; *Sandusky Star Journal* (Iowa), 3 Mei 1905, *Public Ledger* (Kentucky), 3 Mei 1905; *Elyria Reporter* (Ohio), 12 Mei 1905, *Brooklyn Daily Eagle* (New York)*,* 21 Mei 1905.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

en in September 1905 is die skouspel vir die laaste keer opgevoer.[83] Baie deelnemers is hierna haweloos in New York gelaat, en treurige tonele het afgespeel op Brighton Beach, waar honger Boere en Britte moes bedel vir kos en op die strand slaap.[84]

[83] *New York Times*, 5 September 1905. Wall het ná die finale vertoning van die Boereoorlogskoupsel verklaar "I am utterly sick of the show business and will never try my hand at such a venture again…I am not greatly surprised that it has closed down, as continued rains and bad weather have greatly interfered with the success of the exhibitions" (*Coffeyville Daily Journal* (Kansas), 9 September 1905).

[84] *South Africa,* 7 en 21 Oktober 1905; *Minneapolis Journal*, 30 Oktober 1905.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 13

## 'N NUWE LEWE

**(Feb 1905–Des 1905)**

### Hergroepering

Vir iemand wat so op sy reputasie en aansien gesteld is, moet Ben se openbare vernedering deur May 'n geweldige knou vir sy ego wees. Vir die eerste keer sedert sy vrylating twee en 'n half jaar tevore verdwyn hy nou 'n paar maande uit die kollig, en gaan bly vir tyd en wyl in 'n losieshuis in St. Louis.[1] Só is hy ook nou naby Myrtle Dickerson, aan wie hy teen hierdie tyd reeds verloof is.[2] Hy pendel hiervandaan gereeld na Santa Rosalia, waar hy 'n huis vir hom en sy aanstaande vrou begin bou.[3] Dit is skynbaar nou dat hy besluit aangesien hy nie sommer weer sy ouers en sibbe in Suid-Afrika sal kan besoek nie, hy soveel moontlik van hulle moet probeer oorreed om na Mexiko te verhuis. Hy slaag daarin om sy ouers, sy weduweesuster Mimmie van Dyk en haar vier kinders, sy broer Chris en sy vrou en drie kinders, sy broer Wynand en sy vrou Maria, asook sy ongetroude suster Francina, altesaam 15 van hulle, te oortuig om later hierdie jaar na Mexiko te kom.[4] Met sy jongste broer Jan en sy vrou wat reeds daar woon, sal ses van die tien Viljoen kinders asook hul ouers dan op Santa Rosalia wees.
In April 1905 besluit die Transvaalse koloniale tesourie om nou 'n geding teen hom in te stel, aangesien dit vir hulle duidelik is dat hy geen voorneme het om sy £1 000 hervestigingslening terug te betaal nie. 'n Amptenaar spreek die mening uit dat "no


---

[1] *St. Louis Republic*, 30 Maart 1905. Hierin is gemeld dat Ben "is in St. Louis for a rest, he having left the Boer War show…He is staying at No. 4216 Evans Avenue."
[2] Ibid., 16 Julie 1905. Hiervolgens het Ben verklaar dat hy en Myrtle reeds sedert die vorige jaar verloof is.
[3] J.C. Viljoen, 'Amerikaanse Afrikaners', *Die Huisgenoot*, 25 Junie 1948.
[4] D.K. Stein, '"Out of Africa" – an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 3)', *New Mexico Genealogist*, 43/4 (2004), 242-250.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

good purpose is likely to be served by further postponement…Viljoen, as you are aware, is not a man of even conventional principles".[5]

CHIHUAHUA EN NIEU-MEXIKO




[5] TAB, CT 277, B1443/03, notule, 12 April 1905.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## **Ben die bigamis**

Wat Lenie betref, het Ben nie teen 1 Februarie 1905 op haar dagvaarding gereageer soos voorheen deur die Witwatersrand Hooggeregshof gelas nie. Die hof het dus voorlopig Lenie se aansoek vir die herstel van haar huweliksregte toegestaan en haar toesig gegee oor haar en Ben se drie kinders. Die hofbevel het Ben ook verplig om intussen £17 (R17 000) per maand onderhoud aan haar te betaal, en het hom tot 1 Mei 1905 gegee om redes te verskaf hoekom die hofbevel nie finaal gemaak moet word nie. Hy kon egter nie opgespoor word sodat hierdie hofbevel op hom bedien kon word nie. Lenie doen dus op 8 Junie aansoek dat die hofbevel vir die herstel van haar huweliksregte en die betaling van onderhoud bindend gemaak word. Vir oulaas gee die hof Ben tot 22 Julie kans om hierop te reageer.[6]

Ben se familielede is nou onderweg na New York.[7] Aan die einde van Junie keer hy uit Mexiko na die VSA terug om hulle te gaan ontmoet.[8] Onderweg gaan kuier hy by Myrtle in St. Louis om sy huweliksreëlings te tref, en in die distrikshof sy voorneme om ’n Amerikaanse burger te word te verklaar.[9] Hierna vertrek hy na New York om die 17 lede van die Viljoen-groep te gaan ontmoet, wat op 9 Julie land.[10] Hy sit hulle op die trein na El Paso en haas hom terug na St. Louis, waar hy drie dae later by ’n klein seremonie in die huis van eerwaarde P.W. Fauntleroy met Myrtle trou. Ben is dus nou

---

[6] TAB, WLD 5/45/590/1904, Ex parte application of Helena Beatrice Viljoen, 18 Julie 1904, Hofbevel, 8 Junie 1905.

[7] *El Paso Herald*, 15 Julie 1905. Hierin is aangedui dat hulle Suid-Afrika op 8 Junie 1905 verlaat het.

[8] Border Crossings: From Mexico to U.S., 1895-1964, Ancestry.com (aanlyn-argief geraadpleeg op 25 Desember 2014). Op sy Junie 1905 aankomsrekord uit Mexiko het Ben aangedui dat sy finale bestemming New York is.

[9] U.S. Citizenship and Immigration Services, Washington, Genealogy Program, Citizenship records, C-100461, Facts for Petition for Naturalization, Benjamin Johannis Viljoen, 10 April 1908. Ben het die verklaring van sy voorneme om vir Amerikaanse burgerskap aansoek te doen op 30 Junie 1905 in St. Louis afgelê.

[10] Stein, ‘Out of Africa (Part 3)’, 233, 235-238, 242-250. Volgens Stein was daar ook op die passasierslys ’n B. Louw en P. Viljoen (onsekere familieverwantskap) wat deel van die Viljoen-groep was. Die 19-jarige (op daardie tydstip) Benjamin Tester Louw (ook later in VSA sensusse aangeteken as Low) van Waterboer in Suid-Afrika het later telkemale weer ’n verskyning in Ben se lewe gemaak, onder andere as inwonende bediende by hom en Myrtle in 1910 in La Mesa, Nieu-Mexiko. In die sensusse van 1910 en 1920 is hy as wit aangedui, maar in 1930 eienaardig genoeg as swart (D.K. Stein, ‘“Out of Africa” – an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 4)’, *New Mexico Genealogist*, 44/1 (2005), 48-49). Mimmie van Dyk en haar kinders was ook van Waterboer afkomstig (Stein, 'Out of Africa (Part 3*)*’, 235-237). Moontlik was Louw dan op die een of ander manier aan Mimmie verwant deur haar oorlede man, want Ben het ’n paar maande later na sy twee volwasse neefs op Santa Rosalia verwys, van wie Mimmie se enigste meerderjarige (op daardie tydstip) seun Johannes een was, en die ander een nie geïdentifiseer is nie. (*El Paso Herald*, 31 Oktober 1905).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tydelik ’n veelwywer, want eers drie weke later sal die Witwatersrandse hooggeregshof Lenie se aansoek vir ’n egskeidingsbevel toestaan.[11] So eindig Ben en Lenie se onstuimige huwelik van 14 jaar. Nooit weer sal hulle mekaar sien nie.



*Myrtle (links) en haar ma, eersgenoemde waarskynlik in haar trourok.*
(BJV-versameling)

Ben en sy nuwe bruid vertrek nou na Mexiko om by sy familie en die res van die Boere by Santa Rosalia aan te sluit.[12] Voor sy vertrek meld hy aan ’n verslaggewer dat hy net tydelik na Mexiko gaan, want hy beoog om St. Louis sy permanente tuiste te maak, vanwaar hy sy belang in Santa Rosalia sal bestuur. Hy verklaar ook dat hy talle vriende in St. Louis het en hulle hom verskeie opwindende sakegeleenthede aangebied

[11] TAB, WLD 5/45/590/1904, Ex parte application of Helena Beatrice Viljoen, 18 Julie 1904, hofbevel, 3 Augustus 1905.
[12] *El Paso Herald*, 20 Julie 1905.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het.[13] Hierdie stellings, asook sy voorneme om 'n Amerikaanse burger te word, dui nou reeds op krake in sy en Snyman se verhouding, iets wat binnekort baie duidelik sal word.

## Die Mexikaanse Boerekolonie

Ben en Myrtle kom net betyds by Santa Rosalia aan vir die geboorte van die eerste Afrikanerkind in Mexiko, want op 30 Julie 1905 word sy broer Jan en sy vrou Johanna, die dogter van Willem Snyman, 'n seuntjie ryker.[14] Snyman se bankiervriend, Enrique Creel, is die vorige jaar as goewerneur van die Chihuahua deelstaat aangestel deur pres. Porifirio Díaz.[15] Uit erkenning vir Creel se bystand met die verkryging van Santa Rosalia word Jan en Johanna Viljoen se eersteling Wynand Enrique Creel Viljoen gedoop, en is Creel en sy vrou die peetouers.[16]


Kort hierna kom ook Willem Snyman se ouer broer Gert en sy vrou Martha, asook ses van hul ongetroude kinders, uit Pietersburg op Santa Rosalia aan. Ook saam met hulle is Gert en Martha se dogter Marie, haar man John Pickard, en hul dogtertjie.[17] Gert Snyman en sy twee seuns Hardus en Hans het die wapen in Mei 1901 in die Pietersburg omgewing neergelê, en hulle is daarna met Martha en vyf ander kinders en hul tien donkies in die Pietersburg-konsentrasiekamp ingeneem.[18] Soos sy broer Willem, sal Gert egter ook later in die VSA voorgee dat hy 'n Boeregeneraal was.[19] Ná hulle aankoms is daar nou naastenby 59 Boere in die kolonie, van wie 18 minderjarige

[13] *St. Louis Republic*, 16 Julie 1905.
[14] *El Paso Herald*, 14 Augustus 1905
[15] 'Enrique Creel', Wikipedia (geraadpleeg op 13 September 2016).
[16] *El Paso Herald*, 7 Oktober 1905.
[17] D.K. Stein, '"Out of Africa" – an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 2)', *New Mexico Genealogist*, 43/3 (2004), 161, 164, 169; Stein, *Out of Africa (Part 3)*, 242-250.
[18] Hierdie inligting is ontleen aan dr. Elizabeth van Heyningen se elektroniese databasis van Britse konsentrasiekamprekords (http://www2.lib.uct.ac.za/mss/bccd). Sien inskrywings vir G.A.Z. (Gert) Snyman (47), M.S.C. (Martha) Snyman (39), M.S.M. (Marie) Snyman (16), G.C. (Hardus) Snyman (17), H.J. (Hans) Snyman (14), J.H. (Henry) Snyman (12), M.L. (Marnie) Snyman (11), I.E. (Ivy) Snyman (8), W.H.B. (William) Snyman (4). Gert Snyman se oudste seun, J.C.M. (John) Snyman (19), het skynbaar op kommando aangebly. (Volgens die geskrewe herinneringe van Marie Snyman in die besit van Bill Brookreson, 'n kleinseun van Hardus Snyman, woonagtig in Tacomo in die Amerikaanse deelstaat Washington.)
[19] Volgens sy sterfberig in *El Paso Herald*, 27 April 1936. In dieselfde koerant het ook 'n berig op 26 September 1910 verskyn waarin daar verwys word na "Gen. G.A. Snyman, another hero of the South African war".

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kinders is. Die 41volwassenes bestaan uit sowat 28 mans en 13 vroue. Uit die 59 inwoners is 20 Snymans en 17 Viljoens, en altesaam is daar 11 gesinne.[20]

LA HACIENDA SANTA ROSALIA




[20] Hierdie inligting is bepaal uit die volgende bronne: D.K. Stein, '"Out of Africa" – an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 1)', *New Mexico Genealogist*, 43/1 (2004); Stein, 'Out of Africa (Part 2)'; Stein, 'Out of Africa (Part 3), Stein, 'Out of Africa (Part 4)'; J.C. Viljoen, 'Amerikaanse Afrikaners'; *El Paso Herald*, 27 Julie 1904 en 31 Oktober 1905. Hierdie syfers word ondersteun deur 'n brief van Ben in November 1905 aan die Britse konsul in Chihuahuastad waarin hy verklaar het "the number of Boers in the colony was 30, more or less". Ben het na volwasse mans verwys (*El Paso Herald*, 8 November 1905). Die *El Paso Herald* van 14 Augustus 1905 het ook gemeld dat daar ná die aankoms van Gert Snyman se familie meer as 40 (vermoedelik volwasse) lede van die kolonie was, waarvan 32 "able-bodied men" was. Wat die aantal families betref lyk A. Offenburger se syfer van 25 families (waarvoor hy nie 'n bron vermeld nie) dus te hoog (A. Offenburger, 'A Boer Colony in Mexico, 1902-1905', *Bulletin of the National Library of South Africa*, 69/1 (2015), 4). Op sy beurt verklaar B.M. du Toit dat hy nie kon vasstel hoeveel Boere hulle op Santa Rosalia gevestig het nie, maar noem 'n bron wat 37 families aantoon (B.M. du Toit, *Boer settlers in the Southwest* (El Paso: Texas Western Press, 1995), 30). "General" Snyman het egter self op 24 Augustus 1905 aan 'n verslaggewer verklaar dat daar net 28 families op Santa Rosalia is, wat soos aangedui reeds 'n aangedikte getal was. (R.W. Vincent, 'Mexico today and tomorrow: An outline of her present earning power and future possibilities of her railroad systems', pamflet (New York: The New York News Bureau Association, 1906), 21.) Die oorskatte syfers in persberigte wat deur ander navorsers as bronne gebruik is, was weens vals inligting wat Snyman van tyd tot tyd verskaf het oor hoeveel Boerefamilies op Santa Rosalia was, omrede hy onder druk was om ingevolge sy konsessiekontrak met die Mexikaanse regering 50 families daar te vestig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Op die oog af gaan dit aanvanklik goed met die koloniste, en optimistiese berigte word deur Ben en Snyman die wêreld ingestuur. Volgens hulle word daar ywerig huise gebou vir die nuwe aankomelinge en is ’n groot mielie- en koringoes besig om van die land afgehaal te word, terwyl hul beeste, varke en perde by die dag vermeerder. Snyman verklaar verder dat daar nog talle families uit Suid-Afrika na die kolonie onderweg is.[21] Verhoudinge tussen die Boere en die sowat 60 Mexikaanse bywonerfamilies wat lank reeds hier woon, is egter nie so goed nie. Die koloniste bevind hulle nou tussen mense wie se taal, geloof en gewoontes vir hulle vreemd is en volgens hulle nie tot dieselfde maatskaplike stand behoort nie, maar vir hulle eerder soos die bruinmense in Suid-Afrika is. Boonop woon die koloniste ver van enige stad waar hul met meer gesofistikeerde Mexikane in aanraking sou kon kom.[22] Die voorafgaande jaar het hulle dus al hoe minder van die Mexikaners gebruik gemaak en hulle van die grond af begin forseer, omrede hulle die bywoners as onbetroubare arbeiders beskou.[23] Elke dan en wan kry die Boere en die bywoners stry oor die verdeling van waterregte tussen hul kanale en die Mexikaners se saailande, tot ’n gesant van goewerneur Creel moet ingryp om die situasie te beredder.[24]



*Boere aan die skoffel by Santa Rosalia.* (Prof. A. Offenburger-versameling)

[21] *Minneapolis Journal*, 22 Julie 1905; El *Paso Herald*, 14 Augustus 1905; *San Francisco Call*, 22 Augustus 1905; *Los Angeles Times*, 28 Augustus 1905.
[22] J.C. Viljoen, ‘Amerikaanse Afrikaners’.
[23] *El Paso Herald* 14 Augustus 1905; *Los Angeles Times,* 28 Augustus 1905.
[24] Offenburger, ‘Boer Colony’, 46.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Boereverneukery**

Snyman maak deurentyd 'n goeie indruk met almal met wie hy in aanraking kom, met een verslaggewer wat in Augustus 1905 verklaar "General Snyman is a magnetic and noble fellow and not only deserves success, but is certain of it."[25] Hierdie woorde is skaars koud of daar begin 'n krisis in die Boerekolonie broei.[26] Die onmin spruit uit die konsessiekontrak wat Snyman met die Mexikaanse regering gesluit het toe Ben die vorige jaar besig was om in St. Louis die Boereoorlogskouspel te reël. In dié kontrak is Snyman as die alleenkonsessiehouer aangewys. As sodanig het hy die reg gekry om stukke grond aan die voornemende setlaars toe te ken, die prys te bepaal waarteen dit gedoen word, asook bewyse van eienaarskap aan hul uit te reik. Hierdie bewyse is egter nie formele titelaktes nie, en geniet ook nie dieselfde regsbeskermings nie, want die titelakte vir Santa Rosalia as geheel is in Snyman se naam geregistreer, in weerwil van die vennootskapsooreenkoms wat hy en Ben in Mei 1903 in New York gesluit het.[27]

Daarbenewens het Ben in St. Louis wyd en syd uitgepraat oor *sy* Mexikaanse grondbelange wat hy gaan bestuur. Met sy huwelik 'n paar maande tevore is berig dat "General Viljoen will be the head of the colony, as he was of the army in the field",[28] en dat sy vrou Myrtle "will enjoy the distinction of being the first lady of the new colony".[29] Boonop is daar berig dat Ben se pa Wynand snr. die "patriarch of the colony" gaan wees.[30] Maar in Snyman loop Ben hom vas in iemand wat meer as sy gelyke is wanneer dit by jakkalsdraaie kom. Snyman het reeds die leiersmantel in die Boerekolonie vir homself toegeëien, en op Santa Rosalia het hy die mag in sy hande.

Ben het dus nie sy huiswerk behoorlik gedoen nie – hy het sy familie op sy koste laat oorkom en geld op huise en verbeteringe op Santa Rosalia uitgegee sonder om die kontrakte wat Snyman gesluit het na te gaan. Hy en die ander koloniste het gehandel op grond van Snyman se versekering dat hulle die een of ander vorm van titelakte vir hul grond sou ontvang. Nou blyk dit egter dat die hele Santa Rosalia dien as sekuriteit

---

[25] Vincent, 'Mexico today and tomorrow', 21.
[26] *El Paso Herald*, 15 September 1905. In hierdie berig is gemeld die "Boer settlement in Mexico is on the verge of a great and sensational crisis. One of the foremost government leaders forms one of the leading characters in the tragic drama."
[27] BF-versameling, *Anales de la Legislacion Federal* (Mexikaanse staatskoerant), 5 Januarie 1904. Hierin is die kontrak weergegee wat op 29 Desember 1903 gesluit is tussen Snyman en genl. M.G. Cosio, staatsekretaris van die Mexikaanse departement vir die bevordering van kolonisasie en nywerheid.
[28] *Jacksonville Daily Journal*, 18 Julie 1905.
[29] *St. Louis Republic*, 16 Julie 1905.
[30] *El Paso Herald*, 14 Augustus 1905.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


vir Snyman se lenings van die Mexikaanse regering en Enrique Creel se bank, en dat die plaas nie onderverdeel kan word nie. Snyman het Ben en die ander koloniste ook laat verstaan dat die konsessiekontrak met die Mexikaanse regering klousules bevat wat die individuele belange van die koloniste beskerm, iets wat Ben nou uitvind nie die geval is nie. Verder het Snyman ook aan die koloniste voorgehou dat die Mexikaanse regering hulle vir ewig van enige vorm van belasting vrygestel het, terwyl hulle nou hoor dat die vergunning slegs vir tien jaar geld. Laastens het Ben ook verstaan dat daar nie van hulle verwag sou word om Mexikaanse burgers te word nie, terwyl dit nou blyk dat indien hulle dit nie doen nie, hulle nie die dieselfde beskerming as Mexikaanse burgers sal geniet nie. Ben en sy familielede is ook baie ongelukkig omdat daar van hulle verwag gaan word om hul proporsionele deel van die rente en paaiemente op Snyman se lenings te betaal, maar hulle nie afdwingbare titels het nie. Hulle voel dus regtens dat hulle hul geld in ’n onsekere belegging stort, want sou Snyman die lenings nie aflos nie en die sekuriteit word opgeroep, sal hulle alles verloor wat hulle betaal het, asook die huise wat hulle gebou het en verbeteringe wat hulle aangebring het.[31]



*Hedendaagse toneel by Santa Rosalia.* (Persoonlike versameling)

[31] Ibid., 31 Oktober 1905; *Los Angeles Times*, 7 November 1905. In eersgenoemde koerant het ’n lang brief van Ben verskyn waarin hy die redes vir die koloniste se vertrek uiteengesit het. Hierin het hy ook verklaar “I have myself to blame of course to a great extent for neglecting to find out all these disabilities before embarking on the project, but like so many others placed confidence in the persons who organized and established the colony.” Hyself was natuurlik ’n medestigter van die kolonie, maar dit lyk of hy hom van blaam wou probeer onthef.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Enrique Creel* (Library of Congress, Prints and Photographs Division)

Snyman roep nou die hulp van sy bankiervriend goew. Enrique Creel in om die konflik te probeer beredder. Creel onderneem aan Ben dat hy ’n komitee bestaande uit Chihuahua se voorste burgers sal saamstel om na die koloniste se individuele belange om te sien. Maar Ben en die meeste ander koloniste wil niks minder hê as individuele titelaktes nie, wat nie moontlik is nie. Die redakteur van die koerant in Chihuahuastad is egter hieroor van mening dat Ben “has been injured by flattery from those who admired his military prowess, and that he who managed the “Boer War Exhibition” at St. Louis, wanted to be the manager of the Colony.”[32] In die lig van Ben se vroeëre stellings in St. Louis is dit sonder twyfel ook ’n oorsaak van sy ongelukkigheid, want hy het nog nooit daarvan gehou om tweede viool te speel nie.

Ben en sy familie stook nou die res van die koloniste op – hoekom hier bly, hulle kry tog niks vir hulle geld nie? Beter om maar na die VSA te gaan en daar ’n nuwe begin te maak. Dit mag so wees dat hulle daar hul identiteit as ’n Boeregemeenskap sal verloor, maar ten minste sal hulle van hierdie probleme ontslae wees.[33] Tot Willem Snyman se onsteltenis begin die koloniste nou geleidelik wegsyfer, sommige om op die spoorweë in Arizona en Nieu-Mexiko te gaan werk, ander om betrekkings in fabrieke in Texas en Colorado op te neem, of in El Paso as skrynwerkers ’n bestaan te probeer maak.[34] Ben verkoop nou sy vee en plaasimplemente aan Gert Snyman vir 3 000 peso’s (R300 000), wat laasgenoemde onderneem om in drie jaarlikse paaiemente aan hom terug te betaal.[35] Ben en Myrtle, asook sy hele familie (behalwe sy broer Jan), vertrek nou na Chihuahuastad, met sy 35 000 inwoners die hoofstad van Chihuahua[36], en sowat

[32] Archives of the American Board of Commissioners for Foreign Missions, Microfilm Edition, Detroit: Gale Group, Reel 731, J.D. Eaton – J. Barton, 28 Oktober 1905.
[33] *Los Angeles Times,* 7 November 1905. Hierin is berig dat die leiers van die anti-Snyman-groep “little by little…spread dissatisfaction through the entire colony.” Sekerlik is dit ’n verwysing na Ben en sy familielede.
[34] Ibid.
[35] NMSRCA, Collection 1959-092, Governor George Curry Papers, Letters Received December 1909 to February 1910, mikrofilm 172, Viljoen – Curry, 13 Februarie 1910. In hierdie brief het Ben vir die goewerneur van Nieu-Mexiko verduidelik hoe dit gebeur het dat die skuldbriewe wat Snyman aan hom uitgereik het in die hande van ’n skuldinvorderaar beland het.
[36] Vincent, ‘Mexico today and tomorrow’, 15.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

80 km noordoos van Santa Rosalia, waar hulle kamers in privaatwonings huur.[37] Luit. Jack Malan, Ben se getroue oorlogskameraad, slaan sy eie paadjie in en kry hierna werk as ’n myningenieur elders in Mexiko.[38]

Teen die einde van Oktober 1905 het die meeste van die Boere die kolonie op Santa Rosalia verlaat. Net Willem en Gert Snyman en hul families, asook Jan Viljoen en John Pickard, wat met twee Snyman dogters getroud is, bly agter.[39] Willem Snyman huil nou krokodiltrane by ’n Amerikaanse sendeling aan wie hy verklaar dat hy ná jare van swoeg en sweet vir sy ideale net verlies, vermoeienis en kritiek het om daarvoor te wys, en dat hy ná ’n harde dag op die lande snags nie kan slaap weens sy kommer nie.[40]

## Gestrand in Chihuahuastad

In Chihuahuastad het Ben nou ’n probleem op sy hande – wat volgende? Hy het sy familie oorreed om na Mexiko te kom, en nou het hulle nie ’n heenkome of manier om ’n bestaan te maak nie. Dan het hy ook ’n groot klomp geld aan hul reiskoste bestee, asook aan die huise en verbeteringe op Santa Rosalia.[41] Hy moet sy familielede uit sy eie fondse onderhou, wat sekerlik nie onbeperk is nie. Hy oorweeg dit nou om ’n plaas in die Amerikaanse deelstate Missouri of Illinois aan te skaf. Missouri ken hy goed aangesien hy die grootste deel van die vorige jaar in St. Louis, dié staat se hoofstad, deurgebring het. Met Illinois is hy ook bekend, want hy het Myrtle voor hul huwelik gereeld daar besoek. Maar Myrtle het nou tifus opgedoen, en Ben wil Chihuahuastad nie verlaat tot sy herstel het nie.[42] Hy is darem nie ledig nie, want op 28 Oktober 1905 sluit hy hier by die plaaslike Engelsprekende Vrymesselaarslosie aan, een van die talle Vrymesselaarslosies waarby hy in die volgende dekade sal aansluit.[43]

[37] Archives of the American Board of Commissioners for Foreign Missions, Microfilm Edition, Detroit: Gale Group, Reel 731, J.D. Eaton – J. Barton, 28 Oktober 1905.
[38] *El Paso Herald*, 27 Maart 1911.
[39] Ibid., 14 en 24 Oktober 1905; *Los Angeles Times*, 15 Oktober en 7 November 1905.
[40] Archives of the American Board of Commissioners for Foreign Missions, Microfilm Edition, Detroit: Gale Group, Reel 731, J.D. Eaton – J. Barton, 28 Oktober 1905.
[41] *El Paso Herald*, 31 Oktober 1905.
[42] Ibid., 13 Desember 1905; Archives of the American Board of Commissioners for Foreign Missions, Microfilm Edition, Detroit: Gale Group, Reel 731, J.D. Eaton – J. Barton, 28 Oktober 1905.
[43] El Paso Lodge 130, El Paso, Texas, B.J. Viljoen membership records, Memorandum Washington Hildago Lodge no 2 (Chihuahua), 28 Oktober 1905.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Britse regering het nou van die ineenstorting van die Boerekolonie verneem. Die Britse konsul in Chihuahuastad laat weet Ben dat die Britse regering bereid is om die gestrande Boere na Suid-Afrika te repatrieer. Ben reageer verontwaardig hierop in 'n brief aan die konsul: "With the United States so near offering abundant scope to energetic farmers, there need be no distressful people here, much less Boers who left Africa through the distressful condition and burdensome taxation of that country since the war; and also because we sought to be under a free republican flag again."[44] Dit is egter ook so dat die Transvaalse kroonkolonieregering die vorige maand Ben se twee Krugersdorp erwe opgeveil het om sy skuld in te vorder, maar die erwe het slegs £430 (R430 000) op die veiling behaal. Dit laat hom met skuld van £813 (R813 000), regskostes en opgehoopte rente in ag geneem[45] – ook nie iets waarna hy gretig sou wees om terug te keer nie.

In Chihuahuastad dra Ben die skuldbriewe ter waarde van 3 000 peso's wat hy van Gert Snyman gekry het, oor aan 'n handelsfirma hier aan wie hy 1 600 peso's skuld. Hy kom met die firma ooreen dat hulle die geld by Snyman sal invorder en die balans aan hom sal oorbetaal, iets wat later vir hom groot probleme sal veroorsaak.[46]

## Die Mesillavallei

Ná Myrtle later in November 1905 herstel het, reis Ben en sy pa per trein na die VSA om hervestiging in Missouri en Illinois te gaan ondersoek. Onderweg soontoe klim hulle in Suid-Texas in die grensstad El Paso af om Wynand jnr. te besoek, wat intussen by 'n melkery hier werk gekry het.[47] Wynand stel hulle voor aan J.A. Smith, die posmeester van El Paso en 'n Republikeinse leier in dié stad, en soos Ben ook 'n

[44] TAB, GOV 1180, PS89/1/9/08, Britse konsul Chihuahuastad – Britse minister van buitelandse sake, 14 Januarie 1908. Hierin het die Britse konsul aangehaal uit die brief wat Ben op 3 November 1905 geskryf het (met dank aan Nicol Stassen wat hierdie bron aan my uitgewys het).
[45] TAB, CT 277, B1443/03/07, memorandum, 5 April 1906. Die erwe is op 14 Oktober 1905 verkoop.
[46] In 1910 moes Ben vir die goewerneur van Nieu-Mexiko verduidelik hoe dit gekom het dat die skuldbriewe wat Snyman aan hom uitgereik het in die hande van 'n skuldinvorderaar beland het. Hy het op hierdie tydstip gepoog om 'n politieke aanstelling in El Paso te kry (NMSRCA, Collection 1959-092, Governor George Curry Papers, Letters Received December 1909 to February 1910, mikrofilm 172, Viljoen – Curry, 13 Februarie 1910).
[47] *El Paso Herald*, 24 November en 13 Desember 1905.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vrymesselaar.[48] Smith bied aan om hulle die Mesillavallei te gaan wys, wat ongeveer 30 km noordwes van El Paso in die Amerikaanse territoriale gebied Nieu-Mexiko begin.[49]

Op hierdie tydstip is Nieu-Mexiko nie ’n volwaardige Amerikaanse staat nie, maar onder die direkte beheer van die VSA se federale regering. Mexiko moes ná sy nederlaag in die oorlog met die VSA in 1846 tot 1848 hierdie gebied aan laasgenoemde afstaan. Vir die eerste paar dekades hierna het die klein bevolking nog hoofsaaklik uit nomadiese Indiane bestaan wat al eeue lank hier woonagtig was, asook Spaanssprekende voormalige Mexikaners wat van bestaansboerdery oorleef het. Maar in die vroeë 1880’s het spoorlyne wat stelselmatig uit die weste, noorde en ooste van die VSA aangelê is, El Paso met die res van die land begin verbind en het dié slaperige dorp ’n belangrike vervoer, mynwese, boerdery- en arbeidsentrum geword. Amerikaanse en buitelandse immigrante het toe na Nieu-Mexiko begin stroom. Van 1880 tot 1900 het dié gebied se bevolking tot ongeveer 200 000 inwoners verdubbel, en sal in die loop van die volgende dekade tot ongeveer 327 000 verder toeneem.[50]

Die Mesillavallei is van suid tot noord ongeveer 80 km lank. Soos die Santa Rosalia Boerekolonie is dit geleë in die groter Chihuahua-woestyn met sy gruiserige en sanderige terrein, waar in die afwesigheid van water net geharde woestynplante kan oorleef. Maar deur die Mesillavallei loop die Rio Grande, wat sy oorsprong verder noord in die Amerikaanse deelstaat Colorado het en 3 000 km verder suid in die Golf van Mexiko uitmond. Weens die spoelgrond wat die Rio Grande oor baie eeue hierheen gevoer het, is die grond vir ongeveer agt kilo,eter na beide kante toe van die rivier in die Mesillavallei uiters vrugbaar wanneer dit natgelei word.[51] Verder het die Amerikaanse regering vroeër die jaar die konstruksie goedgekeur van die reuse opgaardam Elephant Butte verder noord, wat bedoel is om die vloei van die Rio Grande te beheer en betroubare en standhoudende watertoevoer aan die Mesillavallei te verseker. Alhoewel die voltooiing daarvan nog etlike jare in die toekoms lê, is die verwagting dat dié dam boerdery in die Mesillavallei ’n baie veiliger proposisie vir

[48] Ibid., 27 Augustus 1921. Hierin het ’n berig oor die geskiedenis van die Scottish Rite vrymesselaarsorganisasie in El Paso verskyn, waarin J.A. Smith as ’n lid in 1905 aangetoon word. Ben het twee jaar later ’n lid hiervan geword, met Smith as een van sy voorstellers (Scottish Rite, El Paso, Membership records, Benjamin Johanis[sic] Viljoen, 11 November 1907).

[49] Ibid., 13 Desember 1905; *El Nuevo Mexicano* (Santa Fe), 18 April 1908.

[50] Du Toit, *Boer settlers*, 4-8; ‘New Mexico’, Wikipedia (geraadpleeg op 9 Desember 2014).

[51] J. Hunner, *The Mesilla valley: An oasis in the desert* (Santa Fe: Sunstone Press, 2008), 11-14; M.E. McFie, *A History of the Mesilla Valley, 1903* (Las Cruces: Yucca Tree Press, 1999), 39; ‘Rio Grande’ en ‘Chihuahuan Desert’, Wikipedia (geraadpleeg op 30 Julie 2017).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

landbou as voorheen sal maak.[52] Ben en sy pa hou van wat hulle sien: Water is volop; die droë, warm klimaat herinner hulle aan Transvaal; die grond is relatief goedkoop en geskik vir die aanplant van lusern, groente en vrugte wat in die dorpe El Paso en Las Cruces met onderskeidelik 45 000[53] en 4 500[54] inwoners, asook in die nabygeleë myndorpe van Texas en Mexiko bemark kan word.[55]



*Hedendaagse lugfoto van 'n gedeelte van die Mesillavallei. Die Rio Grande rivier loop deur die middel van die foto, en die Organberge is op die horison.* (New Mexico Farm and Ranch Heritage Museum.)

## **'n Plaas in Nieu-Mexiko**

Nie lank nie, of Ben en sy pa identifiseer met Smith se hulp 'n geskikte plaas wat in die mark is. Dit is die Morley Ranch van 750 akker (300 hektaar), naby die dorpie

[52] Sien https://www.sierracountynewmexico.info/attractions/elephant-butte-dam (geraadpleeg op 21 Augustus 2017), asook die *El Paso Herald*, 31 Oktober 1908. Op hierdie tydstip sou Elephant Butte die grootste opgaardam ter wêreld gewees het.
[53] *El Paso Herald*, 31 Desember 1907.
[54] Ibid., 31 Oktober 1908.
[55] L. West, 'Boer methods in New Mexico: How a Transvaal colony has found freedom and prosperity', *The Country Gentleman*, (1914), 1286. Larrabee West het in 1914 'n onderhoud gevoer met Ben wat hierdie as sy beweegredes gegee het vir sy besluit om grond in die Mesillavallei te koop.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Chamberino en aan die westelike oewer van die Rio Grande, ongeveer 40 km noordwes van El Paso en dieselfde afstand suid van Las Cruces.[56] Morley Ranch se koopprys is $10 000 (R2 miljoen), ’n bedrag wat na sy aansienlike uitgawes die afgelope jaar buite Ben se finansiële vermoë is.[57] Hy was egter nog nooit traag om sy roem as Boeregeneraal te gebruik om invloedryke kontakte te maak nie. Moontlik het hy ook nou gesorg dat sy kennismaking met pres. Teddy Roosevelt en dié se gesin by die regte ore uitkom, want Joshua Raynolds, die invloedryke president van die First National Bank in Albuquerque en El Paso, is een van hierdie nuwe kontakte. Met Raynolds se ondersteuning kry hy ’n lening op gunstige voorwaardes van die Rio Grande Valley Bank and Trust Company, en op 12 Desember 1905 koop hy die Morley Ranch.[58] Nou kan hy soos ’n Moses van ouds na Chihuahuastad terugkeer met die goeie nuus dat hy die beloofde land gevind het. Sonder verwyl verhuis hy en Myrtle, sy ouers, sy broer Chris en sy gesin, sy suster Mimmie van Dyk en haar kinders, sy broer Wynand en sy vrou, asook sy ongetroude suster Francina en Ben Louw, altesaam 16 van hulle, na die Morley Ranch.

Intussen moes Willem Snyman ná die vertrek van die meeste koloniste die oorgrote deel van Santa Rosalia aan die Humboldt Agricultural Corporation van Chihuahuastad verhuur om sy kostes te dek. Snyman, sy skoonseun Jan Viljoen, sy broer Gert, asook dié se skoonseun John Pickard boer nou op slegs ’n klein stukkie van die 83 000-akker (33 000 hektaar) plaas.[59] Kort ná hy die Morley Ranch gekoop het, skryf Ben aan die *El Paso Herald* en versoek dat die koerant nie meer na die nedersetting op Santa Rosalia as ’n Boerekolonie moet verwys nie, aangesien dit nou maar uit enkele Boere en hul gesinne bestaan wat op 400 akker (162 hektaar) boer – watter tipe kolonie kan op so ’n klein stukkie grond tot stand kom? Hy verklaar verder dat “in being misled and deceived into the fallen ideal of Mr. (not general) Snyman…it will be our solemn duty to see that no others of our already ruined and maligned people are taken in”.[60] Die breuk tussen hom en Snyman is nou finaal.

---

[56] *El Paso Herald*, 31 Oktober 1908.
[57] Ibid., 13 Desember 1905.
[58] Ibid., 12 en 13 Desember 1905; *Albuquerque Citizen*, 30 November 1905. In die 1907 eiendomsbelastingrekords vir hierdie area is Ben aangedui as die alleeneienaar van die Morley Ranch, wat ’n belastingwaardasie van $6 000 (R1,2 miljoen) in hierdie jaar gehad het (County Clerk’s Office, Dona Ana County, Las Cruces, Nieu-Mexiko, Tax Assesment Rolls 1907, Chamberino).
[59] *Mexican Herald*, 19 Desember 1905; *El Paso Herald*, 6 Oktober 1906.
[60] *El Paso Herald*, 22 Desember 1905.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Willem Snyman het toe 'n paar maande later Santa Rosalia aan die Humboldt Agricultural Corporation verkoop. In ruil hiervoor het dié firma sy lenings oorgeneem en hom $6 000 (R1,2 miljoen) betaal, asook 'n 1 100-akker (445 hektaar) plaas met 72 beeste daarop vir hom uit Santa Rosalia uitgekerf. Hiervan het Gert Snyman en John Pickard egter niks gesien nie – pleks daarvan het Willem Snyman weereens grond aan hulle toegeken sonder om hulle titel te gee, en boonop hul eerste oeste vir homself toegeëien.[61] Hulle en hul gesinne het hierna na Nieu-Mexiko gevlug en hulle op 'n plaas ongeveer 10 km van Ben s'n gevestig.[62] Behalwe vir Willem Snyman en sy gesin het toe net sy skoonseun (Ben se broer) Jan Viljoen, sy vrou Johanna (Snyman se dogter) en hul eenjarige seuntjie Wynand Enrique Creel in Mexiko agtergebly. Jan Viljoen en sy gesin het egter twee jaar later ook by hul ander familielede in die Mesillavallei aangesluit.[63] John Pickard het later verklaar dat Willem Snyman 'n bedrieër is en dat die hele Boerekolonie-idee net 'n set van hom en Creel was om mense te lok om die plaas te verbeter sodat hulle dit later teen 'n wins kon verkoop.[64]

[61] Ibid., 22 September 1906.
[62] *El Paso Herald*, 22 en 29 September 1906, 5 Januarie 1907.
[63] J.C. Viljoen, 'Amerikaanse Afrikaners'.
[64] TAB, GOV 1180, PS89/1/08, J. Pickard – Britse ambassade, Washington, VSA, 2 Januarie 1908 (met dank aan Nicol Stassen wat hierdie bron aan my uitgewys het).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 14

# OPGANG IN NIEU-MEXIKO

## (Jan 1906–Okt 1910)

**Ben herskryf die geskiedenis**

Ben, sy pa, sy broers Wynand en Chris, sy neef Johannes van Dyk, asook Ben Louw, spring aan die begin van 1906 aan die werk op hul nuwe plaas, wat hulle nou die Goodhope Ranch herdoop het.[1] Watervore word gegrawe en nuwe lande gesaai. Met graaf en skoffel plant hulle aanvanklik aartappels, bone, uie, beet, radyse, blaarslaai, spanspekke en waatlemoene. Die vroue kry die oeste gereed vir die mark, waarna die mans dit in El Paso en Las Cruces gaan verkoop.[2]

Ben se eersug sou hom egter nooit toelaat om net met die eentonige en voorspelbare lewe van 'n boer tevrede te wees nie. Sy ambisie was nog altyd om 'n belangrike figuur in die samelewing te wees. Voor die oorlog was sy strategie op die Witwatersrand hiervoor om homself deur sy joernalistieke werk en deelname aan plaaslike organisasies in die publieke oog te kry en invloedryke kontakte te maak, dan sy visier op groter teikens te rig. Hy sal nou in Nieu-Mexiko in die loop van die volgende paar jaar min of meer dieselfde strategie volg. Sy eerste stap is om munt te slaan uit 'n artikel wat die vorige jaar in *The Century Illustrated Monthly Magazine*, 'n groot Amerikaanse tydskrif, verskyn het.[3] Hierin is pres. Roosevelt aangehaal dat Ben se *My Reminiscences of the Anglo-Boer War* die boek oor die Anglo-Boereoorlog is

[1] *El Paso Herald*, 13 Desember 1905 en 27 Julie 1907.
[2] L. West, 'Boer Methods in New Mexico: How a Transvaal colony has found freedom and prosperity', *The Country Gentleman*, (1914), 10-12.
[3] 'The Century Magazine', Wikipedia (geraadpleeg op 26 Julie 2017).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat hy die meeste geniet het.[4] Ben besluit nou om op die rug hiervan 'n bygewerkte weergawe self uit te gee. Sy *My Reminiscences of the Anglo-Boer War* gebruik hy net so as Deel II van sy nuwe boek, *An exiled general.*[5] Daar is wel een verandering. In die oorspronklike Britse uitgawe van 1902 het hy geskryf dat hy ná sy verwonding by Vaalkrans met siekverlof na Roodepoort is, waar "thanks to the careful treatment of my kind doctor and the tender care of my wife I soon recovered my strength".[6] In hierdie weergawe lees dit egter slegs "thanks to the careful treatment of my kind doctor I soon recovered my strength."[7] Wat hom betref bestaan Lenie nie meer nie.

Deel I van *An exiled general* is egter nuwe materiaal. Sy oorspronklike boek het afgesluit waar hy nog 'n gevangene op St. Helena was. In Deel I van *An exiled general* voeg hy onder andere vyf hoofstukke by wat handel oor sy wedervaringe ná die vredesluiting en sy indrukke van die VSA, aangesien hy nie meer "the chains of captivity firmly fastened to my ankles" het soos toe hy sy oorlogsherinneringe op St. Helena geskryf het nie.[8] Hierdie hoofstukke het hy waarskynlik al begin skryf voor hy die eerste keer in 1902 in die VSA aangekom het, toe daar sprake was dat sy outobiografie binnekort gepubliseer sou word.[9] Hy begewe hom nou op die terrein van fiksie en gee sy verdere lewensverloop weer soos hy homself aan Amerikaners wil uitbeeld, nie soos dit werklik gebeur het nie. Nou het hy kwansuis geweier om die getrouheidseed op St. Helena af te lê, en kon hy slegs tydelik na Suid-Afrika terugkeer om sy sake in orde te kry voor sy permanente verbanning in werking getree het.[10] In Suid-Afrika is hy voortdurend deur speurders agtervolg wat die lewe vir hom moeilik gemaak het.[11] Hy vertel verder hoe hy in September 1902 met trane in sy oë op die dek van sy skip gestaan en vir oulaas na Tafelberg gekyk het. Volgens hom was hy al Boer tussen sy 400 Britse medepassasiers – 'n stelling wat sy metgesel, luit. Jack Malan, sekerlik sou verbaas het. Die Britse passasiers het hom maar stief behandel, vertel hy verder, en ná 'n baie kort verblyf in Londen het hy na New York gereis om die VSA sy tuiste te maak.[12] Volgens hom was sy rede hiervoor dat "every Boer knows all about George Washington, and how he whipped the English, and we always imagined that

[4] *The Century Illustrated Monthly Magazine,* April 1905, 952.
[5] B.J. Viljoen, *An exiled general* (St. Louis: A. Noble Printing Company, 1906).
[6] B.J. Viljoen, *My reminiscences of the Anglo-Boer War* (Kaapstad: C. Struik (Pty) Ltd, 1973), 64.
[7] Viljoen, *Exiled general*, 64.
[8] Ibid., 9.
[9] Sien hoofstuk 9.
[10] Viljoen, *Exiled general*, 44, 47.
[11] Ibid., 45, 48.
[12] Ibid., 49-52.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

the American people are imbued by the same spirit and love of independence, living in a Republic".[13] Hy lewer ook kommentaar oor die kontras tussen Amerika en sy inwoners teenoor Brittanje en syne, met laasgenoemde wat sleg tweede kom. Hy sorg verder deurgaans dat hy op die anti-Britse gevoelens van talle Amerikaners speel. Aan die einde van sy relaas is die leser deeglik onder die indruk dat hy hom vrywillig en entoesiasties in die VSA gevestig het, 'n vrygesel en "exiled general" wat nooit weer sy voete in Suid-Afrika mag sit nie.[14]


*An exiled general* is egter ook interessant weens als wat Ben daaruit weglaat. Van sy lesingtoer in Brittanje en aanbod om vir Brittanje in Somaliland te gaan veg, sy reise in Mexiko, sy latere terugkeer na Suid-Afrika, sy gesprekke met Chamberlain en Milner insake 'n staatspos en die stigting van 'n lojale koerant, sy betrokkenheid by die Boereoorlogskouspel, die fiasko met May Belfort en die Mexiko Boerekolonie, asook sy vrou en drie kinders wat hy in Suid-Afrika agtergelaat het, maak hy geen melding nie. Hierdie gebeure pas nie in by sy nuwe identiteit as onverskrokke Boeregeneraal wat geweier het om onder Britse heerskappy te lewe nie, en nou 'n entoesiastiese inwoner en bewonderaar van die VSA is.

Twee maande ná hul verhuising na die Mesillavallei keer Ben en Myrtle vir 'n ruk na St. Louis terug om *An exiled general* deur die A. Noble Printing Company te laat druk.[15] Hy sorg ook dat pres. Roosevelt se gunstige kommentaar prominent voor in die boek gedruk word.[16] Aan verslaggewers verklaar hy dat hy die opbrengs uit die verkope van sy boek gaan aanwend om ander Boerefamilies te help om na die VSA te verhuis. In St. Louis ontmoet hy ook weer vir kapt. A.J. Bester, sy adjudant wat saam met hom by Lydenburg gevange geneem is. Volgens Ben gaan Bester binnekort na Suid-Afrika terugkeer om 'n klomp Boerefamilies na die Mesillavallei te vergesel.[17] Hiervan sal egter op die ou end niks kom nie, net soos met sy en Snyman se praatjies oor die grootskaalse verhuising van Boere na die Mexiko-kolonie. As 'n selfgepubliseerde boek het *An exiled general* blykbaar ook nie veel aandag in die groter

[13] Ibid., 51.
[14] Ibid., 43-57.
[15] *San Francisco Chronicle,* 16 Februarie 1906, The *Sun* (Pittsburg, VSA), 7 Maart 1906. Uit ander koerantberigte in hierdie tydperk blyk dit dat die A. Noble Printing Company boeke teen betaling gedruk het.
[16] Viljoen, *Exiled general*, ongenommerde bladsy voor in die boek. Die aanhaling lees soos volg: "President Roosevelt said when asked concerning the books he had read during the past year, 'Of the various books on the Boer War, I liked Viljoen's the best.'"
[17] *El Paso Herald*, 12 Februarie 1906; *The Sun* (Pittsburg, VSA), 7 Maart 1906.

VSA getrek nie.[18] Maar Ben het sy doel bereik, want in die Mesillavallei weet almal nou van sy roemryke verlede en sy groot liefde vir die VSA en sy inwoners.

DIE MESILLAVALLEI




## <u>Vooruitgang in die Mesillavallei</u>

Ná ’n paar maande besef Ben en sy mede-Boere in die Mesillavallei dat lusern die winsgewendste gewas is om mee te boer. As die grond behoorlik natgelei word, kan lusern vier keer ’n jaar geplant en geoes word. Voorheen het die boere in die Mesillavallei eenvoudig water uit die Rio Grande oor hul lande laat stroom. Die kors van die alluviale grond is egter baie hard, en water wat so gelei word syfer bloot weg

[18] ’n Soektog deur Amerikaanse aanlynkoerantargiewe het geen resensies opgelewer nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sonder om deur te dring en die lusernsade behoorlik te ontkiem. Ben-hulle bedink nou ’n baie doeltreffender manier. Sekerlik speel sy pa ’n belangrike rol hierin in die lig van sy blootstelling aan waterleimetodes meer as twee dekades tevore in die Robertson-distrik. Die Boere kamp nou die lusernlande met grondwalle in kleiner segmente af, met sluise en vore wat die toevoer van water beheer. Die grondwalle keer dat die water wegvloei, en gevolglik dring dit die grond behoorlik binne.[19]



*Ben se ouers in die Mesillavallei.* (BJV-versameling)

Hulle los ook ’n probleem op wat die ontwikkeling van die vrugbare grond in die Mesillavallei wes van die Rio Grande-rivier tot dusver belemmer het. Die Rio Grande is hier baie vlak en maak skerp kronkels. Wanneer dit in die lente in Colorado swaar reën, oorstroom die rivier sy walle by die kronkels en spoel die bewerkte lande weg. Die beoogde Elephant Butte-dam hoër op is juis bedoel om dit te verhoed, maar die dam se voltooiing lê nog etlike jare in die toekoms. Die Boere grawe nou reguit slote oor die nekke van die kronkels. As die rivier begin voller raak, loop die water by hierdie slote in en dit laat gevolglik die watervlak weer daal. Hulle kan nou lusern plant op dele wat nooit voorheen benut is nie en sodoende hul produksie verhoog.[20]

[19] West, *Boer Methods*; B.M. du Toit, *Boer settlers in the Southwest* (El Paso: Texas Western Press, 1995), 44-45; *Rio Grande Republican*, 30 Mei 1908. In laasgenoemde bron het ’n lang voorbladartikel deur Ben oor die Boere se waterleimetodes verskyn. Sien ook hoofstuk 1 vir Wynand Viljoen snr. se blootstelling aan waterleimetodes in die Robertson-distrik.
[20] D.C. Maluy, ‘Boer Colonization in the Southwest’, *New Mexico Historical Review*, LII/2 (1977), 101.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ná ses maande in die Mesillavallei gaan dit goed met die Viljoens en hul gesinne, en in Julie 1906 skryf Ben aan die *St. Louis Post-Dispach* dat die kolonie vooruitstrewend is. "'Considering the short time that the Boers have been here', writes Gen. Viljoen, 'they have made remarkable progress'" berig dié koerant. Onder hul Amerikaanse bure staan die Boere bekend as gasvrye mense wat vreemdelinge altyd hartlik verwelkom.[21] Op 4 Julie 1906, die jaarlikse herdenking van Amerikaanse onafhanklikheid, hou Ben en Myrtle 'n groot partytjie by hul huis, met al die omliggende bure wat genooi word. In die middag word daar teiken geskiet en in die aand gedans waar die Amerikaanse Stars and Stripes en Transvaalse Vierkleur in die voorkamer gedrapeer is.[22]



*Lusernboerdery op Goodhope Ranch.* (Prof. A. Offenburger-versameling)

**<u>Plaaslike organisasies en nuwe kontakte</u>**

Noudat Ben se naam aan almal in die Mesillavallei bekend is, is hy gereed om 'n openbare rol in die plaaslike gemeenskap te begin speel. Teen hierdie tyd besef die Boere hulle sal die aanbod van lusern moet beheer en middelmanne uitsny as hulle die

[21] Anoniem, 'Viljoen and his Boers in New Mexico', *Collier's Weekly*, 45 (1910).
[22] *El Paso Herald*, 12 Julie 1906.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

prys hoog en stabiel wil hou. Onder Ben se leiding stig hulle aan die einde van 1906 die Western Mesilla Valley Farmers Association (WMVFA), die eerste boerevereniging in Nieu-Mexiko. Hulle slaag hierna daarin om die lusernprys te stabiliseer deur die gehalte en gewig daarvan te standaardiseer en die aanbod te beheer.[23] Verder is die gebied aan die westekant van die Rio Grande waar die Goodhope Ranch geleë is, relatief onderontwikkel vergeleke met die oostekant, met slegte paaie, min brûe en 'n ongereelde spoordiens, wat dit moeilik maak vir die boere om hul produkte na groter sentra te vervoer. Ben neem dit op homself om in die pers te begin betoog vir beter infrastruktuur, 'n stryd waarmee hy hom die volgende paar jaar sal besig hou.[24]



*Plaashuis op Goodhope Ranch. Ben en Myrtle sit in die skaduwee.* (BJV-versameling)

Aan die begin van 1907 word Ben as die posmeester van Chamberino aangestel.[25] 'n Koerant in Santa Fe, Nieu-Mexiko merk hieroor tong in die kies op: "What is fame?" General B.J. Viljoen, one of the noted leaders of the Boers…is now a

[23] Maluy, 'Boer Colonization', 102; *El Paso Herald*, 18 Februarie 1907.
[24] Sien byvoorbeeld *El Paso Herald*, 18 Julie 1907, asook *Rio Grande Republican*, 5 Oktober 1907 en 23 Mei 1908.
[25] *El Paso Herald*, 31 Desember 1906.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

fourth class postmaster in New Mexico".[26] Die liggeraakte Ben vererg hom en skryf aan die *El Paso Herald* dit is "intended as a sneer and unmanly attempt at abuse". Hy wys daarop dat die poskantoor reeds op die Morley Ranch was toe hy dit gekoop het, en dat hy die werk sonder betaling en as 'n guns aan sy bure doen. "Personally I accepted exile instead of subjugation to the British flag", skryf hy, en merk op dat hy dankbaar is die berig in die Santa Fe koerant "is not an echo of the American sentiment towards the persecuted of other countries". [27] Die berig laat egter sy merk op Ben, wat nie lank hierna nie as posmeester bedank en Myrtle wat die pos by hom oorneem.[28]

Ben hou hom nou besig met sy take as president van die WMVFA, wat onder meer behels dat hy die griewe van die organisasie se lede oor die verdeling van water uit die Rio Grande hanteer.[29] As gevolg van sy presidentskap van die WMVFA word Ben ook nou 'n direkteur van die Rio Grande Valley Water Users' Association en maak só kennis met Herbert Holt, die president van hierdie organisasie. Holt is 'n bekende en invloedryke Las Cruces prokureur en Republikein, en 'n kontak wat Ben ook later sal baat. In Junie 1907 stel Holt hom aan as een van die afgevaardigdes na 'n plaaslike waterleidingskonferensie in Carlsbad, Nieu-Mexiko.[30] Die bande tussen die Viljoens en Snymans versterk ook nou verder, want kort hierna trou Ben se jongste suster Francis met Hardus Snyman, 'n seun van Gert Snyman.[31]

Ben se bankiervriend Joshua Raynolds en ene John McNary besit op hierdie tydstip die Horaco Ranch aan die oostekant van die Rio Grande-rivier naby Berino, reg oorkant Ben se Goodhope Ranch aan die westekant van die rivier.[32] Die drie mans besluit nou om die twee plase saam te voeg in 'n maatskappy genaamd die Lucerne Farm Company. Raynolds is die president van die maatskappy, Ben die vise-president en McNary die sekretaris. Vir doeleindes van die uitreiking van aandele word beide plase op $30 000 (R6 miljoen) elk gewaardeer, met Ben wat 50% van die uitgereikte aandele in die Lucerne Farm Company kry, en Raynolds en McNary onderskeidelik

[26] Ibid., 4 Januarie 1907. Die koerant het hierdie berig uit die *Santa Fe New Mexican* oorgedruk.
[27] Ibid., 19 Januarie 1907.
[28] 'Post Office History', http://nmahgp.genealogyvillage.com/donaana/post_office_history (geraadpleeg op 7 September 2017). Myrtle is op 7 Julie 1907 in Ben se plek aangestel.
[29] *El Paso Herald*, 18 Februarie 1907.
[30] Ibid; G. Curry, *George Curry 1861-1947: An autobiography* (Albuquerque: University of New Mexico Press, 1965), 197.
[31] *El Paso Herald*, 25 Julie 1907.
[32] Ibid., 18 Februarie 1907.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

35% en 15%.[33] Die maatskappy se hoofkantoor is die plaashuis op Horaco Ranch, en die gekombineerde 1 700 akker (688 hektaar) is op verskeie plekke per telefoon verbind.[34] Ben se broer Wynand bestuur die ou Goodhope Ranch naby Chamberino en sy ander broer Chris die Horaco Ranch naby Berino, met Ben wat ’n toesighoudende rol speel.[35]

Kort hierna sluit twee nuwe aankomelinge hulle by die reeds gevestigde Boere in die Mesillavallei aan. Veldkornet Nicholas van Gass, wat ook in die Boereoorlogskouspel opgetree het, is deur Ben oortuig om hier te kom boer.[36] Hy en ene Ben Marais koop nou saam ’n plaas naby Chamberino.[37] Op hierdie tydstip is ongeveer 30 Boeremans, -vroue en -kinders in die Mesillavallei gevestig.[38]

## Vrymesselaarskap

Ben se volgende skuif is om sy Vrymesselaarsbande te hernu. Of hy werklik in die esoteriese rituele en filosofie van die Vrymesselaars geglo het, is onseker, maar lidmaatskap van dié organisasie kan ’n inkommer ’n handige hupstoot in sy nuwe omgewing gee. Die Vrymesselaars in die VSA bestaan in hierdie jare hoofsaaklik uit wit Protestantse middelklasmans wat tradisionele waardes en ’n gemeenskapsgevoel aanhang. Soos Ben het baie lede egter ook meer wêreldse oogmerke, naamlik om hul sake en politieke ambisies te bevorder en hul sosiale status te verhoog.[39] Op hierdie tydstip het Ben reeds die derde en hoogste graad in Vrymesselary bereik, naamlik dié van Agbare Meester. As sulks kan hy deur die Skotse Ritus vrymesselaarorganisasie verder onderrig word, tot en met die 32ste graad. Dié graad is egter nie ’n hoër rang nie, maar eerder ’n verbreding in kennis van die organisasie se beginsels, rituele en

---

[33] New Mexico Secretary of State Office, Santa Fe, Articles of Incorporation of Lucerne Farm Company, 17 Augustus 1907.
[34] *El Paso Herald*, 27 Julie 1907.
[35] *El Nuevo Mexicano*, 18 April 1908. Hierin is vermeld dat Chris Viljoen in Berino woon en die plaas van daar af saam met John McNary bestuur, terwyl Wynand by Ben en Myrtle woon.
[36] *Bisbee Daily Review* (Arizona), 14 Julie 1908.
[37] *El Paso Herald*, 5 September 1907 en 4 Maart 1910.
[38] Bestaande uit 16 lede van Ben se familie (ná die dood van Mimmie van Dyk in 1906), 9 lede van Gert Snyman se familie, 3 lede van Jan Pickard se familie, asook Ben Louw, Nicholas van Gass en Ben Marais.
[39] Sien byvoorbeeld J.S. Rubin, ‘Review of L. Dumenil, Freemasonry and American Culture, 1880-1930, Princeton: Princeton University Press, 1984’, *The American Historical Review*, 90/5 (1985), 1281.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

simboliek.[40] In die loop van 'n naweek in November 1907 word Ben by die El Paso Scottish Rite se tempel in die verdere geheime van Vrymesselary ingelyf en behaal hy die 32ste graad.[41] Kort hierna word hy ook 'n lid van die El Paso Lodge No. 130, waaraan die meeste prominente sakelui, politici, prokureurs en staatsamptenare in dié stad behoort.[42] Dit lyk asof hy hierna besluit het hoe meer, hoe beter, want in die loop van die volgende paar jaar sal hy by talle vrymesselaarslosies in Nieu-Mexiko en Texas aangesluit, onder meer die Anthony Lodge No. 48,[43] die Las Cruces Aztec Lodge No. 3,[44] die Ballut Abyad Temple in Albuquerque,[45] die Scottish Rite in Santa Fe,[46] asook die Rio Grande Council Knights of Kodash No. 3, die El Paso Consistory No. 3 en die Ancient and Eradico Temple of the Order of the Mystical Sanctuary, al drie laasgenoemde in El Paso.[47]

## **Invloedryke vriende**

Aan die begin van 1908 kan Ben sekerlik met genoegdoening terugkyk na wat hy vermag het sedert hy en sy familielede hulle twee jaar tevore in die Mesillavallei gevestig het. Dit gaan goed met hul boerderybedrywighede, hy is in besigheid met die invloedryke Joshua Raynolds en hy dien op verskeie belangrike komitees in die Mesillavallei. Verder het hy nou deur sy lidmaatskap van die Vrymesselaars toegang tot 'n wye netwerk nuwe kontakte. Dit is nou tyd vir die volgende skuif. En die tyd is geleë, want pres. Teddy Roosevelt het kort tevore vir George Curry, een van sy mede-"Rough Riders" in die Spaans-Amerikaanse oorlog, as goewerneur van Nieu-Mexiko aangestel.[48] Curry het kort daarna begin betoog dat Nieu-Mexiko as 'n volwaardige

[40] 'Scottish Rite', Wikipedia (geraadpleeg op 17 Augustus 2017).
[41] Scottish Rite, El Paso, membership records, Benjamin Johanis [sic] Viljoen, 11 November 1907.
[42] El Paso lodge No. 130, El Paso, B.J. Viljoen membership record, petition for Affiliation, B.J. Viljoen (ongedateerd); JV-versameling, El Paso lodge No. 130, brief, Secretary – Viljoen, 23 November 1907.
[43] WW-versameling, geloofsbrief van Anthony Lodge No. 48, 31 Desember 1914.
[44] El Paso lodge No. 130, B.J. Viljoen membership record, Petition for Affiliation, brief, Viljoen – Secretary El Paso Lodge No. 130, 8 Mei 1908.
[45] EM-versameling, lidmaatskapkaartjie gedateer 8 Januarie 1912.
[46] Scottish Rite, Santa Fe, B.J. Viljoen membership records, brief, Viljoen – Secretary Scottish Rite, Santa Fe, 21 Februarie 1909.
[47] *El Nuevo Mexicano* (Santa Fe), 18 April 1908.
[48] *Rio Grande Republican*, 20 April 1907.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

staat van die VSA toegelaat moet word.[49] Curry nooi nou 150 prominente Nieu-Mexikaners om saam met hom na Washington te gaan om sy saak by invloedryke senators en kongreslede te gaan bevorder. Onder hierdie afgevaardigdes is onder meer vier voormalige goewerneurs van Nieu-Mexiko, vyf voormalige afgevaardigdes na die Amerikaanse Kongres, ses hooggeregshofregters, die voorsitters van Nieu-Mexiko se Republikeinse en Demokratiese partykomitees en talle invloedryke inwoners soos Ben se vriend Herbert Holt.[50] Ook Ben kry op 13 Januarie 1908 'n uitnodiging om by die afvaardiging aan te sluit.[51] Waarskynlik het Roosevelt dan by sy voormalige Rough Rider-kameraad 'n goeie woord namens Ben gedoen. Dit is 'n groot pluimpie vir iemand wat maar skaars twee jaar in Nieu-Mexiko woon en nog nie eens 'n volwaardige Amerikaanse burger is nie. Soos dit egter later sal blyk, vertrek die afvaardiging nooit nie.[52] Maar vir Ben is dit sekerlik om't ewe, want hy is nou lid van die klub en dit is wat saak maak.

Hy gebruik ook nou sy kennis van waterleiding om 'n lang artikel hieroor te skryf wat in Mei 1908 wye blootstelling in die plaaslike pers kry.[53] Dit trek aandag in die regte plekke, want kort hierna stel goew. Curry hom aan as 'n afgevaardigde na die nasionale besproeiingskonferensie wat oor 'n paar maande in Albuquerque, Nieu-Mexiko sal plaasvind.[54] Onder die leiding van Herbert Holt organiseer die boere in die Mesillavallei hulle ook nou in die Mesilla Valley Water Users' Assocation, met Ben wat op die bestuurskomitee verkies word.[55] Ben sluit hierna by die Las Cruces vrymesselaarslosie Aztec Lodge No. 3 aan, waarvan Holt reeds 'n prominente lid is.[56] Ben se toenemende bekendheid lei nou tot 'n uitnodiging om op 4 Julie 1908, die Amerikaanse onafhanklikheidsdag, 'n toespraak in San Antonio, Texas, te lewer.[57] En

[49] Curry, *George Curry*, xi.
[50] *Bisbee Daily Review* (Arizona), 21 Januarie 1908.
[51] BF-versameling, brief, President New Mexico Statehood League – Viljoen, 13 Januarie 1908;
[52] Curry, *George Curry*, xi; *Nevada State Journal,* 26 Januarie 1908. Roosevelt het vir Curry gevra om sy versoek tot ná die 1908 Amerikaanse presidentsverkiesing uit te stel, in ruil vir 'n belofte van hom en William Howard Taft, die Republikeinse presidentskandidaat, dat hulle hom daarna sal ondersteun.
[53] Maluy, *Boer Colonization*, 101; *Rio Grande Republican*, 30 Mei 1908; *El Paso Herald*, 24 September 1908.
[54] NMSRCA, Territorial Archives of New Mexico, Santa Fe, mikrofilm 177, Governor George Curry 1907-1910, Executive appointments, 18 Julie 1908; *El Paso Herald*, 3 Oktober 1908.
[55] *El Paso Herald*, 5 Mei 1908.
[56] El Paso lodge No. 130, membership records B.J. Viljoen, brief, Viljoen – Secretary El Paso Lodge No.130, 8 Mei 1908; New Mexico State University, Las Cruces, Rio Grande Historical Collections, MS0061, Herbert B. Holt Papers, Personal, H148, Aztec Lodge No.3, Fiftieth Anniversary booklet, Executive Committee, 17 December 1917.
[57] *El Paso Herald*, 20 Junie 1908.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

later dié jaar sal Curry hom as ’n aide de camp op sy staf aanstel, met die rang van kolonel.[58] Dit is slegs ’n ere-posisie, sonder betaling of werklike pligte, maar wel ’n aanduiding van die aansien wat Ben nou by die goewerneur geniet.

## Amerikaanse burgerskap




*Getekende foto 1908.*
( El Paso Public Library)

In April 1908 het Ben sy aansoek vir Amerikaanse burgerskap in Las Cruces ingedien. Hierin het hy die datum van sy immigrasie as 1 Desember 1902 aangegee, toe hy die VSA die eerste keer besoek het, maar meer as ’n jaar voor hy besluit het om permanent soontoe te verhuis. Ten spyte van sy openbare verklarings sedertdien oor sy weiering om die getrouheidseed aan Brittanje af te lê, het hy op sy aansoekvorm aangedui dat hy op daardie tydstip ’n onderdaan van koning Eduard VII van Brittanje was.[59] Kort hierna het ’n lang lewenskets van Ben egter in ’n Spaanstalige Santa Fe koerant verskyn waarin hy dit weereens ontken het. Vir die verslaggewer van hierdie koerant het Ben verder aan sy lewensverhaal geborduur, sekerlik gerus in die wete dat niemand in Suid-Afrika ooit’n Spaanse koerant uit Nieu-Mexiko onder oë sou hê nie. Hierin het hy beweer dat hy aan die Staatsartillerieskool gestudeer het en daarna die bevelvoerder van die polisie aan die Oos-Rand was. Volgens hom was hy ook hoof van pres. Kruger se presidensiële wag en die aanvoerder van die Boeremagte wat Jameson by Krugersdorp verslaan het. Oor sy deelname aan die Anglo-Boereoorlog het hy in dieselfde trant voortgegaan, onder meer deur te sê dat hy drie dae lank by Spioenkop geveg het.[60]

---

[58] NMSRCA, Territorial Archives of New Mexico, mikrofilm 84, Records of the Adjudant General of the Territory, 1847-1911, Orders and Related Correspondence, 1851-1911, B.J. Viljoen appointment, General order no. 20, 24 Desember 1908.

[59] U.S. Citizenship and Immigration Services, Washington, Genealogy Program, Citizenship records, C-100461, Petition for Naturalization, Benjamin Johannis Viljoen, 10 April 1908. Skybaar het Ben nou weereens een van sy name verander, want hierna sal hy “Johannis” pleks van sy doopnaam “Johannes” gebruik wanneer hy sy naam in vol uitskryf.

[60] *El Nuevo Mexicano* (Santa Fe), 18 April 1908. Dit is nie duidelik hoekom Ben aan die verslaggewer vertel het dat hy by die polisie aan die Oos-Rand betrokke was nie, want Krugersdorp is aan die Wes-Rand. Dit is egter moontlik dat dit die verslaggewer se fout was.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Op sy beëdigde aansoekvorm het Ben ook aangedui dat hy geen kinders het nie.[61] In Suid-Afrika het Lenie intussen uit finansiële noodsaak weer getrou. Haar en Ben se oudste seun Eugène, nou 17 jaar oud, het 'n gespanne verhouding met sy stiefpa en hy wil onbepaald na sy regte pa, van wie hy opwindende briewe oor die lewe in Amerika gekry het. Teen Lenie se sin emigreer hy nou na die VSA.[62] Sy 12-jarige broer Silvanus en sewejarige suster Minnie bly egter by hul ma in Suid-Afrika agter – hul pa sal hulle nooit weer sien nie.

Op 9 November 1908 verkry Ben uiteindelik Amerikaanse burgerskap in die Las Cruces distrikshof.[63] Hieroor word berig dat "[w]ith tears streaming down his bronzed cheeks, Viljoen made those about him a stirring little speech, in which he declared that for seven years he had been a man without a country and that this was the proudest moment of his life."[64]

## **Nuwe ambisies**

In Desember 1908 trek Ben en Myrtle na 'n kleisteenhuis met vier slaapkamers wat op die dorpsplein van La Mesa uitkyk, 'n dorpie ongeveer 8 km van sy vorige woning op die Goodhope Ranch.[65] Dié ou huis het dik mure wat dit koel hou in die somer en waarin nog die geweergate is waardeur die eerste Mexikaanse bewoners geskiet het wanneer hulle deur Indiane aangeval is. In die groot leefvertrek is daar rye rakke vir Ben se groot boekversameling.[66] Hierdie sal sy en Myrtle se permanente tuiste – weliswaar met lang onderbrekings – vir die res van sy lewe wees. La Mesa is die mooiste dorpie in die Mesillavallei, geleë in die middel van die wye vallei met sy inheemse bome, lusernlande, vrugteboorde en die imposante pieke van die Organberge wat in die ooste verrys. Die inwoners van La Mesa is 'n mengsel van Spaanssprekende en Engelssprekende Amerikaners, en benewens die nuwe Metodistekerk is daar ook 'n ouer Katolieke kerk aan die noordekant van die plaza waaroor Ben en Myrtle se huis

[61] U.S. Citizenship and Immigration Services, Washington, Genealogy Program, Citizenship records, C-100461, Petition for Naturalization, Benjamin Johannis Viljoen, 10 April 1908.
[62] JV-versameling, hoofstuk 30 van ongepubliseerde biografie van Lenie Viljoen; H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister* (Franschhoek: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, 2012), 1551, 1555; Sterfberig van Wynand Eugène Viljoen in *Die Burger*, 27 Januarie 1979.
[63] U.S. Citizenship and Immigration Services, Washington, Genealogy Program, Citizenship records, C-100461, Naturalization record B.J. Viljoen, 9 November 1908.
[64] *Los Angeles Times,* 29 Maart 1909.
[65] *El Paso Herald,* 16 Desember 1908.
[66] JV-versameling, persoonlike dokumente van Eugène Viljoen, biografiese nota Q.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uitkyk.[67] Die Boere in die Mesillavallei woon die dienste van die Metodistekerk by, die oprigting waarvan Ben as trustee by betrokke was.[68]



*Hedendaagse uitsig oor dorpsplein en oorspronklike Katolieke kerk vanaf ligging van Ben se La Mesa huis.* (Persoonlike versameling)

Gewapen met sy nuutverworwe Amerikaanse burgerskap, sy lidmaatskap van talle plaaslike organisasies en Vrymesselaarlosies, sy algemene bekendheid, asook sy invloedryke kontakte, verskuif Ben sy visier nou na ’n goed betaalde staatspos of politieke amp in Nieu-Mexiko. In aktiewe lusernboerdery stel hy nie meer belang nie en begin dus reëlings tref om sy aandele in die Lucerne Farm Company aan sy vennote Joshua Raynolds en John McNary te verkoop.[69] Reeds nou word daar berig dat “[t]he name of General B.J. Viljoen, the former Boer leader, is mentioned in connection with a United States senatorship of the state of New Mexico. In that event a great deal of attention would be attracted to the new state by its picturesque representative.”[70] Hiervan sal egter niks kom nie. Hy doen ook aansoek vir die pos van die nuwe hoof

[67] *The Arizona Republican*, 14 Desember 1908; *Rio Grande Republican*, 2 Januarie 1909. Persoonlike besoek van skrywer in Junie 2016.
[68] *El Nuevo Mexicano* (Santa Fe), 18 April 1908.
[69] *Las Vegas Optic*, 22 April 1909. Hierin is gemeld dat Ben sy boerderybelange by Chamberino verkoop het. Met die Lucerne Farm Company se ontbinding in 1919 is Raynolds en McNary as die enigste aandeelhouers aangedui (New Mexico Secretary of State office, Santa Fe, Consent to Dissolution of Lucerne Farm Company, 9 Junie 1919).
[70] *The Arizona Republican*, 14 Desember 1908.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die federale grondagentskap in Las Cruces.[71] In Januarie 1909 word ’n ander kandidaat egter aangestel.[72] Maar so maklik gooi Ben nie tou op nie. Reeds nou is daar ’n sterk gevoel in Nieu-Mexiko dat die volgende hoof van doeane en aksyns in El Paso van dié staat moet kom, alhoewel El Paso in Texas geleë is. Maar El Paso is die deurgang tussen Mexiko en Nieu-Mexiko, en meeste van die besigheid in dié stad is as gevolg hiervan. Die pos van doeanehoof is ’n prominente politieke aanstelling, en die salaris daaraan verbonde is hoër as wat selfs goew. Curry verdien.[73] Ben het nou sy oog hierop, alhoewel dit eers aan die einde van die jaar in Washington besluit sal word wie die nuwe hoof vir die volgende vier jaar gaan wees.

Intussen gaan Ben met sy werk op plaaslike plak voort. Later in Januarie 1909 is hy een van die stigterslede van die Mesilla Valley Produce Exchange, ’n organisasie wat ten doel het om spanspekke, vrugte en groente te berg en te bemark.[74] Hy stig ook ’n eiendomsagentskap saam met Harry Hannum, ’n ander inwoner van die Mesillavallei, en Viljoen & Hannum doen hierna fluks sake in La Mesa met die verkoop van plase in die Mesillavallei.[75]

## Ben blaas sy eie beuel

Sekerlik met sy kandidaatskap vir die hoof van doeane en aksyns in El Paso in gedagte, werp Ben nou alles in die stryd om homself onder die aandag van die inwoners van El Paso te bring en te hou, dieselfde strategie as wat hy met sy koerante in Krugersdorp voor die Anglo-Boereoorlog gevolg het. In Februarie 1909 kondig die *El Paso Morning Times* aan dat dit die eksklusiewe reg verkry het om sy outobiografie *South African Reminiscences* in weeklikse aflewerings te publiseer voor dit in boekvorm uitkom.[76] Vir 55 agtereenvolgende Sondae verskyn hierdie aflewerings nou in dié koerant. Maar Ben se sogenaamde outobiografie is grotendeels ’n sameflansing van sy *My Reminiscences of the Anglo-Boer War* (1902) en sy weergawes van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in *Cronjé and the Boers* (1904) en *An exiled general* (1906).

---

[71] *El Paso Herald*, 17 Desember 1908.
[72] *Rio Grande Republican*, 9 Januarie 1909.
[73] Ibid., 19 Desember 1908.
[74] *El Paso Herald*, 20 Januarie 1909.
[75] Sien byvoorbeeld die *El Paso Herald*, 26 April 1909 en 15 Mei 1909, asook die *Rio Grande Republican*, 5 Junie 1909.
[76] *El Paso Morning Times*, 7 Februarie 1909.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die eerste vier aflewerings is egter nuwe materiaal en gee kwansuis insidente uit Ben se jeugjare weer. Hierin oortref hy homself as 'n fiksieskrywer. Nou het hy op 'n plaas in die Noordoos-Transvaal grootgeword, waar die Viljoens deur vyandige Basoetoes aangeval is nadat hulle oorlog teen die wittes verklaar het. Volgens Ben het 'n horde krygers hul plaashuis afgebrand, waarna die Viljoens moes vlug en toe by 'n groot laer Boere aangesluit het. In Ben se eie slag van Bloedrivier het derduisende Basoetoes toe 'n nagaanval op die laer geloods, met slegs 130 gewapende Boeremans om dit af te weer. Ná 'n hewige geveg het 3 400 Basoetoes met sonsopkoms buite die kring ossewaens in stapels dood gelê, teenoor slegs vyf dooie en sewe gewonde Boere. 'n Jaar lank moes die Viljoens toe kwansuis in hierdie laer woon, heeltemal afgesny van die buitewêreld, en talle ontberinge verduur.[77]

Op 4 Julie 1909 hou Las Cruces groot feesvieringe om die Amerikaanse onafhanklikheidsdag te herdenk. Ben lei 'n afdeling Boeremans op perde en "dressed in the South African national costumes" as deel van die groot optog, en is daarna een van dié wat die groot skare toespreek.[78] Soos altyd hou Ben ook aan met skryf. Alhoewel die weeklikse aflewerings van sy *South African Reminiscences* nog onverpoosd in die *El Paso Morning Times* verskyn, plaas die koerant ook later in Julie 'n lang artikel deur hom oor sy vrymesselaarsaktiwiteite op St. Helena. In 'Old Rock Lodge No. 912: St. Helena and Napoleon' vertel Ben aan lesers van die gulhartige ontvangs wat sy mede-vrymesselaars hom op die eiland gegee het ná die Britse regering hom soontoe gestuur het uit vrees dat hy in Suid-Afrika deur sy eie mense gered sal word.[79]

Die volgende maand besoek Ben goew. Curry in Santa Fe, die hoofstad van Nieu-Mexiko. Hier sorg hy ook dat hy 'n byeenkoms van al die Scottish Rite vrymesselaarslosies in Nieu-Mexiko bywoon, en bied aan om 'n praatjie te gee.[80] Kort hierna bedank hy sy lidmaatskap van die El Paso Scottish Rite en sluit aan by die Santa Fe Scottish Rite-tak, wat honderde kilometer verder as eersgenoemde van sy woning in La Mesa is. Maar Curry en ander invloedryke Nieu-Mexikaanse politici is lede van die

[77] Ibid., 7, 14, 21 en 28 Februarie 1909.
[78] *Rio Grande Republican*, 9 Julie 1909.
[79] B.J. Viljoen, 'Old Rock Lodge No. 912: St. Helena and Napoleon', *El Paso Morning Times*, 18 Julie 1909.
[80] Scottish Rite, Santa Fe, membership record no. 273, Viljoen, Benj. Johanis [sic], Viljoen – Secretary Santa Fe Scottish Rite, 4 en 20 September 1909.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Santa Fe Scottish Rite-tak, en in Nieu-Mexiko is die politieke mag in Santa Fe gesetel, nie in El Paso nie.[81]

## Die ontmoeting van die presidente

William Howard Taft, die Amerikaanse oorlogsminister wat Ben vyf jaar tevore by die St. Louis World's Fair ontmoet het en nou die nuwe president van die VSA is, het kort tevore pres. Porfirio Díaz van Mexiko genooi om in Oktober 1909 met hom in El Paso te vergader. Díaz het ingestem, en twee vergaderings word nou in El Paso en die Mexikaanse grensstad Ciudad Juárez, oorkant die Rio Grande, gereël.[82] Die stadsvaders van El Paso is vasbeslote om hierdie historiese eerste ontmoeting tussen 'n Amerikaanse en Mexikaanse president 'n luisterryke geleentheid te maak. 'n Oorhoofse reëlingskomitee word op die been gebring, wat op sy beurt verskeie subkomitees bestaande uit vooraanstaande inwoners van Nieu-Mexiko en Texas aanstel om verskillende aspekte van die geleentheid te behartig.

'n Groot eer val Ben nou te beurt, want hy word genooi om in die ontvangskomitee vir ambassadeurs te dien. Sodoende kom hy in aanraking met Felix Martinez, 'n lid van die oorhoofse reëlingskomitee en hoof van die ontvangskomitee.[83] Met sy uitsonderlike sakevermoëns en politieke vaardighede is Martinez op hierdie tydstip waarskynlik die mees prominente Spaans-Amerikaner in die VSA. In El Paso het hy uitgebreide sakebelange en besit onder meer 'n sementvervaardiger, spoorlyn, koerant en eiendomsmaatskappy. Hy dien ook in die direksies van talle organisasies, insluitend Joshua Raynolds se First National Bank.[84] In Ben se lewe sal Martinez nog 'n belangrike rol speel.

---

[81] Ibid., brief, Viljoen – Secretary Santa Fe Scottish Rite, 13 Desember 1909; Scottish Rite, El Paso, membership records, Benjamin Johanis [sic] Viljoen, Certificate of Demit, 12 November 1909.


[82] W.H. Timmons, *Handbook of Texas Online*, 'Taft-Díaz Meeting', http://www.tshaonline.org/handbook/online/articles/mgt09 (geraadpleeg op 26 Augustus 2017).

[83] BF-versameling, gedrukte uitnodiging van burgermeester van El Paso aan lede van die onderskeie komitees. Dit is moontlik dat Ben en Martinez al vroeër ontmoet het, want hulle het beide in November 1908 voor 'n presidensiële kommissie van ondersoek na toestande in die Mesillavallei getuig (*El Paso Herald*, 23 November 1908).

[84] F. Fernandez, 'Felix Martinez: Southwestern Renaissance Man', *Borderlands*, 28 (2010).

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

John Hays Hammond, een van die hooflede van die sogenaamde Johannesburg Reform Committee wat betrokke was by die mislukte Jameson-inval in die ZAR sowat 14 jaar tevore, is 'n invloedryke lid van pres. Taft se afvaardiging.[85] Tydens die beraad op 16 Oktober 1909 loop Hammond en Viljoen mekaar raak en praat oor die ou dae in die ZAR. Ben deel die Amerikaner mee dat hy gehelp het om sy lewe te red toe baie Boere wou hê pres. Kruger moet die leiers van die Reform Comitee teregstel. Volgens Ben was hy een van die jonger Volksraadslede wat geglo het dat "the raiders had paid enough in blood", en was hy "one of the first to support the idea of turning Dr. Jamieson [sic] and Mr. Hammond over to the British Government".[86] Tog word Ben se naam as pleitbesorger in geen werk oor hierdie gebeure genoem nie. Verder is hy eers drie jaar ná die Jameson-inval as 'n volksraadlid verkies. Hoe dit ook al sy, Hammond neem Ben op sy woord en uit erkentlikheid teenoor Ben vir sy optrede belowe hy om sy invloed by Taft te gebruik om Ben as die doeanehoof van El Paso aangestel te kry.[87]



*John Hays Hammond.*
(Amery, *Times History*)

[85] Vir meer oor Hammond en Taft se verhouding sien hoofstuk 25 van C. van Onselen,, *The Cowboy Capitalist: John Hays Hammond, the American West & the Jameson Raid* (Johannesburg & Kaapstad: Jonathan Ball Publishers, 2017).
[86] *Albuquerque Morning Journal*, 3 Januarie 1910.
[87] Ibid., 3 Januarie 1910.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hammond is egter nie bekend as iemand wat gunste en gawes sommerso uitdeel nie. Hy is op hierdie tydstip die hoogsbetaalde myningenieur ter wêreld en 'n kapitalis in eie reg. Hy en sy kliënte het uitgebreide grond- en sakebelange in Mexiko, veral in die Yaquivallei in die noordoostelike deelstaat Sonora. Reeds nou al is dit duidelik dat die onstuimige toestande in Mexiko in die nabye toekoms moontlik teen pres. Díaz kan draai. El Paso is 'n strategiese grenspos wat in die geval van 'n revolusie 'n belangrike versamelpunt vir inligting en 'n deurgangspunt vir wapens na Chihuahua en Sonora sal wees. 'n Goedgesinde man in hierdie strategiese pos sal handig wees wanneer dit by die beskerming van sy en sy kliente se belange kom.[88]

**<u>Die geveg vir die pos van hoof van doeane en aksyns in El Paso</u>**

Hammond verspil nie tyd nie. As hoof van die National League of Republican Clubs oortuig hy kort hierna die sentrale Republikeinse partystruktuur in Nieu-Mexiko om Ben se kandidaatskap vir doeanehoof van El Paso te ondersteun.[89] Op 19 November 1909 verklaar goew. Curry, wat sopas saam met Ben en 'n senaatskomitee belas met besproeing van 'n toer deur Nieu-Mexiko teruggekeer het, hom ook ten gunste van Ben se kandidaatskap en meld aan verslaggewers dat "he had reason to believe that president Taft would consider the El Paso office a New Mexico appointment, and name Gen. Viljoen".[90] Ben het egter strawwe mededinging vir hierdie aanstelling. Die Republikeinse politici van Texas voel sterk dat die aanstelling na iemand van hul staat moet gaan en dat daardie persoon Alfred Sharpe, die huidige bekleër van die pos, moet wees.[91]

Die geveg word in Washington voortgesit, waar Hammond in Ben se hoek is. Teenoor Hammond is Frank Hitchcock, die posmeester-generaal en magtige voorsitter van die Republikeinse Nasionale Komitee.[92] Vroeg in Desember stuur Ben sy amptelike aansoek aan pres. Taft, tesame met die aanbeveling van die voorsitter van die Nieu-Mexiko Republikeinse sentrale komitee. Vir Curry laat weet Ben "Sharpe's

[88] Van Onselen, *Cowboy Capitalist*, 392.
[89] Ibid., 393.
[90] *El Paso Herald*, 19 November 1909.
[91] Ibid., 22 November 1909.
[92] Maluy, 'Boer Colonization', 104; Van Onselen, *Cowboy Capitalist*, 393.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

friends are fighting hard in Washington”.[93] Ben se vriend Herbert Holt skryf ook aan Curry om seker te maak dat hy Ben se saak bevorder. Curry verseker hom dat dit die geval is.[94] Op sy beurt versoek Ben die hoof van die Scottish Rite in Santa Fe om die sakeorganisasies in Nieu-Mexiko te kry om sy kandidaatskap te ondersteun.[95] Ben kry nou selfs vir genl. Botha, die eerste minister van die Transvaalkolonie, om ’n getuigskrif vir hom te skryf.[96] In die lig van hul verskille in die verlede, is dit ’n grootmoedige gebaar van Botha.

Op 16 Desember kry Ben egter slegte nuus by Hammond. Laasgenoemde is deur Hitchcock in kennis gestel dat alhoewel hy Ben goedgesind is, die pos van doeanehoof van El Paso aan Texas behoort, en dat Ben vir iets anders moet aansoek doen. Vir die oomblik lyk dit of Ben se kanse op ’n einde is, en hy bedank goew. Curry vir sy moeite.[97] Maar Hammond gee nie op nie en praat met sy vriend pres. Taft. ’n Paar dae later kry Curry ’n versoek van die Amerikaanse sekretaris van finansies om Ben se volle name aan hom te verskaf. Curry laat Ben weet “[t]his looks favourable”.[98] In Washington woed die stryd tussen Hammond en Hitchcock egter voort, en Ben hoor niks verder nie. In Washington sloer Taft met sy besluit terwyl Hammond en Hitchcock die aangeleentheid uitveg. Intussen kom daar ook ander kandidate in Nieu-Mexiko na vore, omdat Ben volgens hulle inligting nie meer vir die pos oorweeg word nie, iets wat hy hewig ontken.[99] Ben se aansien by Curry bly egter hoog en Curry stel hom op 1 Februarie as majoor in die Nieu-Mexiko burgermag aan.[100] Kort hierna vertrek Ben

[93] NMSRCA, Collection 1959-092 Governor George Curry Papers, Letters received December 1909 to February 1910, mikrofilm 172, Viljoen – Curry, 8 Desember 1909.
[94] Ibid., Letters sent August 1909 to February 1910, mikrofilm 176, Curry – Holt, 10 Desember 1909.
[95] Scottish Rite, Santa Fe, membership record no. 273, Viljoen, brief, Viljoen – Stephens, 13 Desember 1909.
[96] SAB, MEM, vol. 1/1, Privaatsekretaris Genl. L. Botha, brief, Viljoen – Botha, 20 April 1910. Hierin het Ben vir Botha bedank vir die getuigskrif.
[97] NMSRCA, Collection 1959-092 Governor George Curry Papers, Letters Received December 1909 to February 1910, mikrofilm 172, Viljoen – Curry, 17 Desember 1909.
[98] Ibid., Letters sent August 1909 to February 1910, mikrofilm 176, Curry – Viljoen, 20 Desember 1909.
[99] *El Paso Herald*, 5 Februarie 1910 (volgens ’n brief van Ben aan die redakteur op dieselfde datum).
[100] Maluy, ‘Boer Colonization’, 104; NMSRCA, Santa Fe, records of the Adjudant General of the Territory, 1847-1911, orders and Related Correspondence, 1851-1911, National Guard assignments, mikrofilm 84, general Order no. 6, 24 Februarie 1910.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

se ouers na Suid-Afrika – die verlange na hul vaderland is te veel vir hulle.[101] Ook Chris Viljoen en sy gesin sal hulle die volgende jaar volg.[102]

Intussen het Ben se teenstaanders nie gerus nie. Die handelsfirma in Chihuahuastad aan wie Ben vier jaar tevore Gert Snyman se skuldbriewe oorgedra het in ruil vir sy (Ben) skuld aan hulle, kon nie daarin slaag om geld by Snyman in te vorder nie. Hulle het daarna 'n skuldinvorderaar aangestel om Ben se oorspronklike skuld van 1 600 peso's (R160 000) in te vorder. Ben het tot dusver egter geweier om te betaal en hulle telkens na Snyman verwys. Ben voel ook as die firma aandring op betaling, hulle eers die skuldbriewe aan hom moet stuur, sodat hy Snyman self kan dagvaar om die 3 000 peso's (R300 000) wat laasgenoemde hom skuld in te vorder. Ben moet sekerlik goed weet dat hy nie sy verpligting aan die handelsfirma onderhewig kan maak daaraan dat hy eers geld by iemand anders invorder nie. Sy versuim word nou egter onder die aandag van goew. Curry gebring – dit sal tog nie deug as dit bekend word dat die doeanehoof van El Paso iemand is wat nie sy skulde betaal nie. Curry skryf hieroor aan Ben, wat die situasie verduidelik en homself verontskuldig.[103] Of hierdie klad op Ben se naam Hitchock die nodige ammunisie gee om pres. Taft te oortuig om Ben buite rekening te laat, is onduidelik, maar twee weke later word Alfred Sharpe in sy pos heraangestel, kort ná Ben sy aansoek teruggetrek het.[104] Dit is sekerlik 'n groot teleurstelling vir Ben, aangesien hy langer as 'n jaar gewerk het om dié aanstelling te kry.

Ben skryf hierna aan genl. Botha om hom te bedank vir die getuigskrif wat hy gestuur het, en laat weet hom dat alhoewel hy nie die aanstelling gekry het nie, "the outcome was by no means a defeat for me." Hy verklaar dat hy steeds in 'n rol in die openbare lewe belangstel: "You know how hard it is to keep out after once having indulged in the public life and activities generally."[105] Op 1 Maart 1910 word regter William Mills as die nuwe goewerneur van Nieu-Mexiko ingesweer. Ben se vriend Herbert Holt stuur hierop aan goew. Mills 'n brief van aanbeveling van Hammond, en voeg by dat "General Viljoen is 'our kind of people', and I hope you and he will become

[101] Anoniem, 'Viljoen and his Boers', *Collier's Weekly,* 6 April 1910; J.C. Viljoen, 'Amerikaanse Afrikaners', *Die Huisgenoot*, 25 Junie 1948. Hulle het egter in 1912 weer na die VSA teruggekeer (D.K. Stein, '"Out of Africa" – an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 3)', *New Mexico Genealogist*, 43/4 (2004), 233).
[102] *El Paso Herald*, 13 Januarie 1911.
[103] NMSRCA, Collection 1959-092 Governor George Curry Papers, Letters Received December 1909 to February 1910, mikrofilm 172, Viljoen – Curry, 13 Februarie 1910.
[104] *El Paso Herald*, 28 Februarie 1910.
[105] SAB, MEM, vol. 1/1, Privaatsekretaris Genl. L. Botha, brief, Viljoen – Botha, 20 April 1910.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

fast friends".[106] Mills besoek Las Cruces 'n maand later, waar hy verwelkom word deur 'n erewag van 92 berede ruiters, waaronder 20 Boere onder begeleiding van Ben en veldkornet Van Gass.[107] Mills sal Ben hierna dan ook aanstel om vir die derde agtereenvolgende jaar as een van Nieu-Mexiko se afgevaardigdes die jaarlike nasionale besproeiingskonferensie in September 1910 by te woon, hierdie keer in die Amerikaanse deelstaat Minnesota.[108]

## **Die rebelse Republikein**

Ben en sy vennoot Harry Hannum open hierna 'n tak van hul eiendomsagentskap in El Paso om munt te slaan uit die toenemende belangstelling in grond in die Mesillavallei.[109] Ben se groot belangstelling bly egter die openbare lewe, soos hy aan Botha geskryf het. Hy verskuif nou sy aandag na die politieke arena, en die plek om te begin is die plaaslike Republikeinse partystrukture. Die eerste geleentheid doen hom gou voor. Die algemene verwagting is dat Nieu-Mexiko binnekort as 'n volwaardige staat van die VSA toegelaat sal word. Hiervoor moet die gebied 'n grondwet opstel en afgevaardigdes uit elke kiesafdeling moet verkies word om in Oktober 1910 die grondwetlike vergadering in Nieu-Mexiko se hoofstad Sante Fe by te woon. Die Dona Ana-kiesafdeling waaronder die La Mesa-wyk ressorteer, het die reg om vier Republikeinse afgevaardigdes te stuur, wat verkies moet word uit verteenwoordigers wat elke wyk moet stuur na 'n vergadering wat op 20 Augustus 1910 by die Las Cruces-hof gehou gaan word. Die La Mesa Republikeinse wyk belê nou 'n vergadering vir 17 Augustus om drie van sy lede as verteenwoordigers vir die vergadering in Las Cruces te verkies.[110]

Agt dae voor hierdie vergadering ontvang Ben kwansuis 'n telegram van genl. Botha wat hom die adjunk-ministerskap van naturellesake in Suid-Afrika aanbied teen 'n enorme jaarlikse salaris van £1 500 (R1,5 miljoen). 'n Afskrif van hierdie

---

[106] NMSRCA, Governor William J. Mills Papers, 1910-1912, Letters Received March to July 1910, mikrofilm 181, Holt – Mills, 11 Maart 1910.
[107] *Rio Grande Republican*, 1 April 1910.
[108] NMSRCA, Santa Fe, Governor William J. Mills Papers, 1910-1912, Appointments, mikrofilm 188, Executive Appointment, 9 Julie 1910.
[109] *El Paso Herald,* 22 April 1910.
[110] *Rio Grande Republican*, 5 Augustus 1910.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sogenaamde aanbod word deur 'n vriend van Ben aan die koerante beskikbaar gestel.[111] In die Suid-Afrikaanse pers is daar egter geen melding van hierdie aanbod nie. En hoekom sou Botha aan Ben, wat sewe jaar laas in Suid-Afrika was, so 'n politieke beloning gee? Dit lyk of Ben met die kwansuise aanbod van Botha homself meer begeerlik in die oë van die plaaslike Republikeinse partybase en kiesers wil maak. Die *El Paso Herald* berig hieroor dat "It is not known here whether Gen. Viljoen will accept the offer or not, but close friends of his state that he is undecided, as he has no desire to leave the Mesilla valley."[112] Ben wys kort egter kort hierna die sogenaamde aanbod van die hand, waarvoor hy deur die grootste koerant in Nieu-Mexiko geloof word: "We believe that his decision is wise and that he will find greater opportunity for usefulness in his new and adopted country. New Mexico needs more citizens like Viljoen."[113]

Alhoewel Ben steun van die Republikeine op staatsvlak geniet, is hy minder gewild by die plaaslike partystrukture. Juis vroeër die jaar het die Republikeinse politieke base van die Dona Ana-kiesafdeling nie Ben se aansoek vir die pos van die doeanehoof van El Paso ondersteun nie.[114] By die Republikeinse wyksvergadering in La Mesa op 17 Augustus verskyn Ben se naam dan ook nie op die nominasielys nie. Hy is woedend, en by die vergadering beskuldig hy die voorsitter van partydigheid.[115] Hy storm uit en gaan belê 'n vergadering wat hy met sy eie ondersteuners laai. Die uiteinde hiervan is dat La Mesa se Republikeine nou twee groepe verteenwoordigers na die Las Cruces-vergadering stuur, met Ben as een van die verteenwoordigers.[116] Maar Ben se nominasie as afgevaardigde is ongeldig, omdat sy vergadering nie behoorlik belê is nie, of deur die Las Cruces Republikeinse komitee gelas is nie.[117]

Ben slaan nou 'n ander rigting in. In die Republikeinse party het daar die vorige jaar 'n faksie ontstaan wat as die "progressive Republicans" bekend staan. Hulle is gekant teen die konserwatiewe leierskap van hul party, asook teen pres. Taft, wat hulle voel nie die progressiewe beleid van pres. Roosevelt voortsit nie. Hulle is veral gekant teen die mag van die korporatiewe sektor in die Amerikaanse openbare lewe, en ten gunste van die hou van referendums op deelstaatvlak wanneer dit by sake van belang

[111] Sien byvoorbeeld *El Paso Herald*, 13 Augustus 1910; *Los Angeles Herald*, 14 Augustus 1910 en *Boston Daily Globe*, 14 Augustus 1910.
[112] *El Paso Herald*, 13 Augustus 1910.
[113] *Albuquerque Morning Journal*, 25 Augustus 1910. Op die mashoof is die stelling gemaak dat die koerant 'n "[l]arger circulation than any other paper in New Mexico" het.
[114] *El Paso Herald*, 5 Februarie 1910.
[115] Ibid., 23 Augustus 1910.
[116] Ibid., 19 Augustus 1910.
[117] Ibid., 23 Augustus 1910.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kom. Die mag van Republikeinse partybase om aanstellings te beïnvloed grief hulle ook, en hulle wil hê kiesers moet die reg hê om verkiesings uit te roep om regters of verkose politici te herroep.[118] Ná sy verwerping as afgevaardigde deur die hoofstroom Las Cruces Republikeine wend Ben hom na hierdie faksie, wat hulself hier as die Progressive Republican Party of Dona Ana County organiseer en hom op die uitvoerende komitee aanstel. In die loop van die volgende paar maande sal dié party nou poog om hul doelstellings in die nuwe grondwet vir Nieu-Mexiko vervat te kry.[119]

[118] Sien hoofstuk 1 van J. Holt, *Congressional insurgents and the party system: 1909 - 1916* (Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press, 1967).
[119] *Rio Grande Republican*, 30 September 1910.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 15

## REVOLUSIE

**(Nov 1910–Jun 1911)**

### Die apostel van demokrasie[1]


Terwyl Ben in 1910 sy politieke ambisies in Nieu-Mexiko nagestreef het, was daar groot verwikkelinge oorkant die grens in Mexiko. Op hierdie tydstip het pres. Porfirio Díaz dié land al meer as drie dekades met 'n ysterhand regeer en dien hy sy agste ampstermyn uit. Hy is nou egter 80 jaar oud en sy greep op mag is besig om te verslap. Terwyl Mexiko ongekende ekonomiese groei onder sy bewind geniet het, het die materiële voordele slegs 'n klein elitegroep toegeval, en het die gaping tussen ryk en arm vergroot. Boonop het die inflasiekoers in die voorafgaande paar jaar die hoogte ingeskiet, sonder 'n ooreenstemmende styging in lone, wat veral gewone werkers hard getref het. Arbeidsonrus het toegeneem, wat met geweld deur die regering onderdruk is. Die konsentrasie van grondeienaarskap het ook skerp onder sy bewind gestyg, sodat 85% van die grond nou deur slegs 1% van die bevolking besit of beheer word. Hierdie grondbesitters is grotendeels die *hacendados*, die eienaars van reuseplase soos Luis Terrazas in Chihuahua met wie Ben 'n paar jaar tevore te doen gekry het. Op hierdie plase lewe die werkers, hoofsaaklik Indiane, in haglike omstandighede en word in baie gevalle soos slawe behandel. In Mexiko stel Díaz ook al die kabinetslede, generaals, regters en goewerneurs van die deelstate aan. Teen hierdie tyd is hulle egter oud, korrup en oneffektief. Die politieke toestand maak hierdie land met sy ongeveer 15 miljoen inwoners dus ryp vir 'n revolusie.

---

**Nota – Spaanse dokumente word in die voetnotas aangedui met 'n asterisk (*).**

[1] Inligting vir hierdie afdeling is verkry uit die volgende werke: C.C. Cumberland, *Mexican Revolution: Genesis under Madero* (Austin: University of Texas Press, 1952); R. Atkin,, *Revolution! Mexico 1910-1920* (New York: The John Day Company, 1970); S.R. Ross, *Francisco Madero: Apostle of Mexican democracy* (New York: Colombia University Press, 1955).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Francisco Madero.* (Wikipedia)

’n Onwaarskynlike toekomstige revolusionêre leier het nou reeds na vore getree.Hy is die sosiaal bewuste Francisco Madero, die 37-jarige hoogsopgevoede en oudste seun van een van Mexiko se rykste families. Madero staan slegs vyf voet twee duim (1,6m) in sy sokkies, het ’n onindrukwekkende liggaamsbou en ’n bokbaardjie wat sy swak ken versteek. Pres. Díaz het die vorige jaar terloops aan ’n Amerikaanse verslaggewer genoem dat Mexiko vir demokrasie gereed is en dat die volgende verkiesing in 1910 ’n vrye een sal wees waarin hy nie sal staan nie. In reaksie hierop het Madero ’n boek geskryf met die titel *La sucesión presidencial en 1910* (Die presidensiële opvolging van 1910), waarin hy verklaar het dat die konsentrasie van mag in Díaz se hande Mexiko siek gemaak het. Sy boek is goed ontvang en wyd gelees, en baie Mexikaners het hom nou die Apostel van Demokrasie gedoop. Ten spyte van sy verklaring, het Díaz egter geen werklike voorneme gehad om sy presidentskap prys te gee nie en het hom maklik laat “oortuig” om in Julie 1910 weer vir president te staan. Madero het hierop ’n anti-herverkiesingsbeweging geloods, met derduisende wat na hom kom luister het wanneer hy toesprake gelewer het. Alhoewel sy hoë stem soms in falsetto uitbreek, vergoed sy dapperheid en ooglopende opregtheid hiervoor.

Madero het hom toe ook as kandidaat vir die presidentsverkiesing beskikbaar gestel. Maar tydens die verkiesingveldtog het Díaz vir Madero op ’n belaglike klag laat arresteer en in die tronk gestop. ’n Paar weke later is Díaz toe onder verdagte omstandighede met ’n onwaarskynlike meerderheid as president herverkies. Madero is hierna op borgtog vrygelaat en het daarna besluit dat ’n gewapende opstand is al manier om van Díaz ontslae te raak. Aan die begin van Oktober 1910 het hy oor die grens na San Antonio in Texas gevlug, waar hy deur die anti-herverkiesingsbeweging as die president van die revolusionêre junta aangewys is wat die opstand moes lei. Madero het hierna aangekondig dat die gewapende stryd teen die Díaz-regime om ses-uur die aand van 20 November sal begin. Die aand van 19 November het hy en ’n paar manne dus die Rio Grande by die grens van Texas oorgesteek om Ciudad Porfirio Díaz

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

(hedendaagse Piedras Negras), ’n grensdorp in sy tuisstaat Coahuila, aan te val. Die plan was dat Madero sy oom en 400 opstandelinge hier sou ontmoet. Madero en sy manne het egter verdwaal en moes die eerste nag van hul veldtog in ’n Indiaan se hut deurbring. Die volgende middag het sy oom met slegs tien mans opgedaag, boonop sonder die wapens en ammunisie waarvoor Madero betaal het. Sonder om ’n skoot af te vuur moes Madero en sy groepie druipstert na San Antonio terugkeer, ’n treurige begin vir ’n revolusie.

## Ben bied sy dienste aan

Ná Madero se oorlogsverklaring wil talle buitelandse vrywilligers aansluit by die Maderistas, soos Madero se beweging nou bekend staan. Hierdie vrywilligers is hoofsaaklik Amerikaners, maar onder hulle is ook Europeërs, Britte, Kanadese en Australiërs, van wie sommige selfs in die Anglo-Boereoorlog geveg het. Hul motiewe verskil. Party neem die kant van diegene wat hulle glo onderdruk word, ander is beroepsoldate wat die geleentheid sien om die eentonigheid van militêre diens in vredestyd te verbreek. Dan is daar ook diegene wat hoop om as huursoldate geld te maak. Ander, verveeld met hul saai burgerlike lewens, is agter opwinding en avontuur aan.[2] Soos uit sy latere optrede sal blyk, val Ben in die laaste groep en bied ook nou sy dienste aan. In die lig van sy lewe tot dusver, is die sug na roem ook sekerlik een van sy beweegredes. Maar moontlik speel persoonlike wrewel teen die Díaz-regime ook ’n rol. Ses jaar tevore het ’n Díaz-vertroueling, goewerneur Enrique Creel van Chihuahua, met Willem Snyman saamgespan om hom en sy familie van individuele grondeienaarskap op Santa Rosalia te weerhou. Dit ná Ben baie geld uitgegee het om talle van sy familielede na Mexiko te bring, asook om verbeteringe op Santa Rosalia aan te bring, geld wat hy moes afskryf. Die Madero-familie is groot politieke vyande van Creel en sy skoonpa Luis Terrazas, die grootste grondeienaar in Chihuahua.[3]

Presies wanneer Ben sy dienste aanbied is onduidelik, maar waarskynlik is dit in November 1910, aangesien die Mexikaanse konsul in El Paso aan die begin van die volgende maand ontken dat hy opdrag van sy regering ontvang het “to find Gen. Viljoen

[2] L.D. Taylor Hansen, ‘The great adventure: Mercenaries in the Mexican revolution, 1910-1915’, *The Americas*, 43/1 (1986), 27; C.H. Harris and L.R. Sadler, *The secret war in El Paso-Mexican revolutionary intrigue, 1906-1920* (Albuquerque: University of New Mexico Press, 2009), 40.

[3] *El Paso Herald*, 19 Mei 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

and learn if he was connected with the Madero movement."[4] Uit latere korrespondensie lyk dit of Ben nou vir Abraham González, leier van die Maderistas in die noorde van Chihuahua wat op hierdie tydstip sy toevlug in El Paso geneem het, ontmoet het.[5]



*Felix Martinez.*
(El Paso Public Library)

Die ontmoeting tussen Ben en González is waarskynlik gereël deur Felix Martinez, 'n vriend en sakevennoot van Ben,[6] asook van González en die Madero-familie.[7] Ná die 55 aflewerings van Ben se oorlogsherinneringe wat hierdie en die vorige jaar in die *El Paso Morning Times* verskyn het, moet González sekerlik van hierdie beroemde Boeregeneraal se bestaan bewus wees, of is dit deur iemand soos Martinez onder sy aandag gebring. Op hierdie tydstip wys Madero en González egter nog die meeste buitelanders weg wat by die Maderistas wil aansluit, omrede hulle voel die opstand is 'n Mexikaanse aangeleentheid wat deur Mexikaners gedryf moet word.[8] Hulle maak egter 'n uitsondering vir Guiseppe Garibaldi, kleinseun van die beroemde Italiaanse patriot, beïndruk deur laasgenoemde se entoesiasme en die krygsondervinding wat hy in die Anglo-Boereoorlog aan die kant van die Britse magte

[4] Ibid., 1 Desember 1910.
[5] Francisco Madero se broer Gustavo het 'n paar maande later aan hom geskryf dat hy met Ben die vorige dag ontmoet het, en dat laasgenoemde sy wens herhaal het om hulle te help. Hierdie dui daarop dat Ben al voorheen hierdie aanbod gemaak het. Maar uit Gustavo Madero se brief kan dit ook afgelei word dat Francisco Madero hom nog nie op daardie tydstip ontmoet het nie, want Gustavo gee 'n beskrywing van Ben, en meld dat González baie van hom weet en dat hy met hul saak simpatiseer. Hierdie inligting is ontleen uit 'n latere Spaanse koerantberig waarin briewe uit hierdie tydperk van die revolusie weergegee is (J.C. Valades, 'No se Exigia la Caida de Don Porfirio'*, *La Prensa*, 14 Junie 1936, oorgedrukte brief van Gustavo Madero aan Francisco Madero op 19 Maart 1911). Met groot dank aan prof. Andrew Offenburger van Miami University, Oxford, Ohio, VSA wat hierdie bron aan my beskikbaar gemaak het.
[6] Soos aangedui in hoofstuk 14 het Ben en Martinez in 1909 saam op 'n komitee in El Paso gedien. Ben en sy broer Wynand het ook vroeg in 1911 'n plaas naby La Mesa in vennootskap met Martinez gekoop (*El Paso Herald*, 28 Februarie 1911). Die Martinez-konneksie tussen Ben en Francisco Madero word bevestig deur 'n brief wat Ben op 'n briefhoof van Felix Martinez Investments op 22 April 1911 aan Madero geskryf het, waarin hy sy verdere dienste aan laasgenoemde aangebied het (BNM, Fondo Francisco I. Madero, M/116, houer 1, brief, Viljoen – Madero, 22 April 1911).
[7] *El Paso Herald*, 3 April 1911. Hierin is berig dat Madero se pa ontmoet het met "Felix Martinez of El Paso, and other friends with whom he had business dealings in El Paso."
[8] L.D. Taylor Hansen, 'The border as a zone of conflict: Foreign volunteers in the Mexican revolution and the issue of American neutrality, 1910-1912', *Journal of Borderlands Studies*, 20/1 (2005), 92.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

opgedoen het.[9] Met die Boeregeneraal is González skynbaar minder beïndruk, want Ben word nie toegelaat om nou by die Maderistas aan te sluit nie. Ben sal dan ook ’n paar maande later met González haaks raak.[10]

**Die revolusie rol voort**

Ten spyte van die treurige afskop van sy revolusie ’n paar maande tevore het sake vir Francisco Madero teen Maart 1911 verbeter, hoofsaaklik weens die opkoms van drie militêre leiers wat in die loop van die volgende paar jaar ’n groot rol in die Mexikaanse geskiedenis sal speel.


*Pancho Villa.* (Wikipedia)

Die eerste is Pancho Villa, ’n fris 32-jarige werkersklasleier van gemengde afkoms. Villa was kort voor die afkondiging van die revolusie nog die leier van ’n bende rowers in Chihuahua, maar is toe deur Abraham González oortuig om by die Maderistas aan te sluit. Ná Madero se mislukking om Ciudad Porfirio Díaz die vorige jaar te verower, het Villa daarna welslae in ’n aantal skermutselings in Chihuahua behaal.[11] Die tweede leier is die 28-jarige Pascual Orozco, ’n lang, maer man met blou oë en sproete, en ook van gemengde afkoms. Orozco kom uit ’n middelklasfamilie, is iemand wat deur eie inspanning vooruitgekom het in die lewe en uit sy sakebedrywighede in Chihuahua redelik welvarend geword het. Soos Villa is Orozco ook deur González oorreed om by die Maderistas aan te sluit, en mettertyd sal hy een van die gedugste bevelvoerders van die revolusie word. Laastens is daar die formidabele 31-jarige Emilanio Zapata, ook van gemengde afkoms, wat in die suidelike deelstaat Morelas die opstand lei.[12]

[9] G. Garibaldi, *A toast to rebellion* (New York: The Garden City Publishing Co., Inc., 1937), 82 -92, 223.
[10] SHCP, 26727 – 26729, brief, Viljoen – Madero, 24 Junie 1911*. In hierdie brief het Ben bitterlik by Madero gekla oor González wat nie sy briewe en telegramme beantwoord nie, en hom ook nie van fondse wil voorsien nie.
[11] Cumberland, *Mexican Revolution*, 12; Atkin, *Revolution*, 53.
[12] Cumberland, *Mexican Revolution*, 125-126, 129; Atkin, *Revolution*, 53-54.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Teen hierdie tyd het die Maderistas groot gedeeltes van die noordelike Mexikaanse deelstate verower. Boonop is dit nou duidelik dat pres. Díaz se weermag ná 35 jaar se vrede oneffektief en ongedissiplineerd is. Op papier het hy 30 000 troepe tot sy beskikking, maar in werklikheid is daar net ongeveer 18 000 – baie offisiere het getalle oordryf om salarisse aan nie-bestaande soldate te verduister. Boonop bestaan 'n groot deel van die troepemag uit onwillige mans wat ná 'n geringe oortreding tot weermagdiens gevonnis is, nie juis die beste materiaal om 'n opstand mee te onderdruk nie. Talle van hierdie gedwonge soldate begin nou dros eerder as om teen hul volksgenote te veg.[13]

**Ben wil veg**

Ben brand nou om 'n rol te speel, maak nie saak of dit in die VSA of die Maderistas se diens is nie. Op 10 Maart 1911 skryf hy aan goew. Mills van Nieu-Mexiko:

> I wish to offer my services to the NM [Nieu-Mexiko] troops in case of emergency, or a call to arms at any time. Perhaps you will forgive me the statement that my 15 years of experience through numerous campaigns may be of service from a strategic as well as from a general mobilisation point of view. And it would not only be a duty but a pride for me, to place my knowledge of warfare and military ability at the disposal of my adopted country.[14]

Mills laat weet hom dat sou troepe uit Nieu-Mexiko benodig word, hy Ben se aanbod definitief in gedagte sal hou.[15] Op 18 Maart ontmoet Ben egter in El Paso vir Gustavo Madero, en bied weereens sy dienste aan die Maderistas aan. Gustavo skryf hieroor aan sy ouer broer dat Ben weens sy oorlogsondervinding goed hiervoor gekwalifiseer is, ook omrede hy 'n plaas besit. Moontlik het Ben dan sy en Martinez se plaas naby La Mesa aan die Maderistas as 'n wapenopslagplek aangebied. Gustavo voeg by dat indien sy broer bereid is om Ben in algehele bevel van die Maderista troepe te plaas, of hom sy hoofstafoffisier te maak, Ben geredelik sal aanvaar.[16] Francisco Madero het teen

[13] Atkin, *Revolution,* 55, 60.
[14] NMSRCA, Governor William J. Mills Papers, 1910-1912, Letters Received January 1911 to April 1911, mikrofilm 183, Viljoen – Mills, 10 Maart 1911.
[15] Ibid., Letters sent January 4, 1911 to January 13, 1912, mikrofilm 187, Mills – Viljoen, 13 Maart 1911.
[16] J.C. Valades, 'No se Exigia la Caida de Don Porfirio'*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie tyd sy houding oor die indiensneming van buitelandse vrywilligers verander. Hy besef nou dat sy mag nie net wapens en ammunisie nodig het nie, maar ook opgeleide soldate met bewese krygsondervinding. Sulke manne kan help om meer dissipline in sy eie mag te vestig, asook hul kennis van militêre wetenskap en gesofistikeerde moderne wapentuig deel – dinge waaraan die Maderistas erg te kort skiet.[17]

Die dag ná sy ontmoeting met Gustavo Madero skryf Ben egter ook weer aan goew. Mills. Hy bied nie net weereens aan om vir die VSA in Mexiko te gaan veg sou dit nodig word nie, maar ook sommer teen enige ander vyand. Japan se huidige vyandige houding pla hom in die besonder. Hy versoek Mills ook om hom tog nie in ’n ondersteunende rol te gebruik nie, maar eerder in die voorste linies te ontplooi, “where operations are liable, as I am afraid of garrison or commissary duty”.[18]

**<u>Madero se militêre adviseur</u>**

Pres. Díaz besef nou dat die gety besig is om teen hom te draai. Op 1 April 1911 kondig hy omvangryke hervormings aan, asook dat hy hom nie weer as president verkiesbaar sal stel nie. Ook bedank sy hele kabinet, met uitsondering van sy vise-president Ramón Corral en sy minister van finansies, José Yves Limantour. Die nuwe minister van buitelandse sake is Francisco León de la Barra en kragtens Mexikaanse wetgewing is hy ná Corral volgende in lyn vir die presidentskap sou Díaz ooit bedank. Soos met menige hervormer voor hom wat te lank getalm het, spoor Díaz se toegewings die Maderistas net aan om hul pogings te verskerp om sy bewind omver te werp. Madero se antwoord is kort en bondig – niks minder as Díaz se bedanking self sal deug nie.[19]

Twaalf dae later verower die Maderistas ná ’n skouspelagtige geveg vir Agua Prieta, ’n dorpie op die grens met die Amerikaanse deelstaat Arizona. Vir vise-pres. Corral is dit die laaste strooi en hy vlug landuit, na Parys. Die Díaz-regime is nou vinnig besig om te verkrummel. Die Maderistas se volgende doelwit is Ciudad Juárez, die belangrike Mexikaanse grensstad met sowat 8 000 inwoners wat slegs deur die Rio Grande van El Paso geskei word. Die verowering van Juárez sal aan die Maderistas

[17] Taylor, *The great adventure,* 30-31.
[18] NMSRCA, Governor William J. Mills Papers, 1910-1912, Letters Received January 1911 to April 1911, mikrofilm 183, Viljoen – Mills, 19 Maart 1911.
[19] Cumberland, *Mexican Revolution*, 136-137; Atkin, *Revolution*, 61.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

internasionale prestige verleen, sowel as direkte toegang tot wapens en voorrade uit die VSA gee. Op 18 April slaan Francisco Madero en sy bevelvoerders Orozco, Villa en Garibaldi en hul troepe laer op buite Juárez op. Die volgende dag eis Madero dat genl. Navarro, die bevelvoerder van die regeringstroepe in Juárez, onvoorwaardelik oorgee. Navarro weier, vas oortuig dat versterkings vanaf Mexikostad onderweg is.[20]

Ben is twee dae later lid van 'n vredesafvaardiging wat Felix Martinez in 'n konvooi voertuie met wit vlae oor die grens na Madero se kamp lei. In die geselskap is verteenwoordigers van die Mexikaanse regering, asook vriende van Madero. Martinez se rol is dié van neutrale vredemaker en hy wil 'n skietstilstand probeer help bewerkstellig sodat vredesamesprekings kan plaasvind.[21] Ben en Madero ontmoet nou vir die eerste keer.[22] Soos Ben is Madero ook 'n vrymesselaar.[23] Hierdie gedeelde belangstelling sou by hul eerste ontmoeting sekerlik nie skade gedoen het nie. Wat presies hulle bespreek het, is onbekend. Soos egter sal blyk, maak Ben 'n gunstige indruk op Madero en sal hy hom voortaan adviseer. Ben se getroue oorlogsekretaris luit. Jack Malan sluit ook nou op sy aanbeveling as artilleris by die Maderistas aan.[24] Ook kapt. Arthur Lewis, wat saam met Ben sewe jaar tevore die Boereoorlogskouspel by die St. Louis World's Fair gereël het, is nou 'n artillerieoffisier in Madero se mag.[25]

---

[20] Cumberland, *Mexican Revolution*, 138-139, 149; Atkin, *Revolution*, 61.
[21] *El Paso Herald*, 20 April 1911; *New York Times*, 8 April 1911.
[22] Ben se teenwoordigheid in die Martinez vredesafvaardiging en kennismaking met Madero is afgelei uit 'n brief wat hy twee dae later uit El Paso aan Madero op 'n briefhoof van Felix Martinez Investments geskryf het en waarin hy Madero in kennis gestel het dat "I am leaving for my home at La Mesa tonight as I have been away for several days, and activities seem to be coming to a point where my presence may not be essential at this time" (BNM, Fondo Francisco I. Madero, M/116, houer 1, brief, Viljoen – Madero, 22 April 1911). Dit dui daarop dat die twee mans nou eers ontmoet het, want soos voorheen aangedui toe Ben op 18 Maart 1911 sy dienste aan die Maderistas aangebied het, is dit uit Gustavo Madero se daaropvolgende korrespondensie duidelik dat Ben en Francisco Madero nog nie ontmoet het nie (Sien voetnota 5). Madero was ook tussen 18 Maart en 18 April 1911 elders in Chihuahua met revolusionêre aktiwiteite bedrywig, en Ben sou hom dus nie in hierdie tydperk kon ontmoet het nie. 'n Amerikaanse dokter wat aan die Maderistas verbonde was, het ook in sy herinneringe aangedui dat Ben in Maart 1911 nog nie Madero se adviseur was nie. (I.J. Bush, *Gringo Doctor* (Caldwell, Idaho: Caxton Printers, 1939), 191.)
[23] J. Ridley, *The Freemasons* (Londen: Constable & Robinson, 2000), 246.
[24] Malan het Ben kort tevore aan huis in La Mesa besoek (*El Paso Herald*, 27 Maart 1911). Malan het ná Ben se ontmoeting met Madero ook boodskappe van hom na Francisco Madero geneem (BNM, Fondo Francisco I. Madero, M/235, houer 2, brief, Viljoen – Madero, 6 Mei 1911). Soos aangetoon was Malan hierna ook 'n artilleris by die slag van Juárez.
[25] *El Paso Herald*, 1 Mei 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Ben en Madero buite Juárez.*
(TAB-fotoversameling)

Ná die Martinez-afvaardiging se besoek stem Madero twee dae later in tot 'n sesdaagse skietstilstand terwyl vredesamesprekings gevoer word.[26] Ben besluit nou om maar vir tyd en wyl na La Mesa terug te keer. Voor sy vertrek laat weet hy Madero dat "if you need me during your negotiations, or should the negotiations fall through, which I do not hope it will, have your representative here telephone me at La Mesa at any moment and I will be with you. My heart is with you, and my services are at your disposition."[27] Die vredesamesprekinge sleep egter voort. Op 27 April verleng Madero die skietstilstand met 'n verdere vyf dae, en op 2 Mei met nog drie. Teen hierdie tyd is Madero se bevelvoerders besig om rusteloos te raak oor sy uitstellery – hulle wil veg.[28]

Ben is ook nou weer terug in El Paso, waar hy in die Sheldon Hotel tuisgaan.[29] Van hier reis hy verskeie kere oor die grens na Madero se hoofkwartier, 'n plaashuis drie myl buite Juárez. Madero se bevelvoerders is vuur en vlam om Juárez aan te val, maar Ben waarsku Madero daarteen – hy voel die stad is te goed verdedig om sonder behoorlike artillerie aan te val, iets waaroor die Maderistas nie beskik nie. Reeds nou al is Ben 'n vertroueling van Madero, wat weens sy gebrek aan militêre ondervinding swaar op Ben steun as teenwig vir die opinies van Maderista bevelvoerders soos Villa, Orozco en Garibaldi.[30] Ben adviseer Madero ook dat sy mag 'n effektiewe verkenningseenheid benodig.[31] Ben verwag nou om binnekort aktief by die stryd betrokke te raak, want die oggend van 6 Mei, die dag ná die jongste skietstilstand verstryk het, gaan hy na La Mesa om sy testament op te dateer. Voor hy vertrek stuur

---

[26] Cumberland, *Mexican Revolution*, 139.
[27] BNM, Fondo Francisco I. Madero, M/116, houer 1, brief, Viljoen – Madero, 22 April 1911.
[28] Cumberland, *Mexican Revolution*, 139.
[29] BNM, Fondo Francisco I. Madero, M/235, houer 2, brief, Viljoen – Madero, 6 Mei 1911. Ben het hierdie brief op die briefhoof van die Sheldon Hotel geskryf.
[30] Pancho Villa het hieroor soos volg opgemerk: "In several meetings the possibility of taking Ciudad Juárez was considered. The President thought it was too risky and always deferred to Viljoen, a Boer general, who said it was impossible since the city was so strongly fortified" (M.L. Guzman, *Memoirs of Pancho Villa* (Austin: University of Texas Press, 1965), 44-45).
[31] Bush, *Gringo Doctor*, 191.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hy Jack Malan uit El Paso na Madero met ’n boodskap: “Please tell Capt. Malan[32] the plans so that he can telephone me this afternoon.”[33] By La Mesa aangekom teken sy broer Wynand, sy vriend Bismarck Dreyer,[34] asook die plaaslike dokter as getuies sy testament waarin hy al sy besittings aan Myrtle bemaak.[35]

**<u>Die slag van Juárez</u>**

Later die middag van 6 Mei kry Ben in La Mesa die oproep van Jack Malan waarop hy wag – Madero versoek sy teenwoordigheid by sy hoofkwartier buite Juárez. Omdat die vredesamesprekings ’n dooie punt bereik het, het Madero nou besluit om die stryd voort te sit. Hy beplan egter om sy mag suidwaarts te marsjeer en dorpe in die binneland eerder as Juárez te verower, aangesien hy vrees dit tot ingryping deur die VSA kan lei. Tydens die gevegte die vorige maand by Agua Prieta is 13 Amerikaners gewond, twee van hulle noodlottig, deur koeëls van die strydende magte wat oor die grens na die Amerikaanse dorpie Douglas getrek het. Die VSA regering het hierna gewaarsku dat as so iets weer gebeur hulle genoodsaak sal wees om op te tree. El Paso is veel groter as Douglas en net oorkant die Rio Grande van Juárez, en omdat hier meer soldate betrokke sal wees, is die moontlikheid van Amerikaanse burgerlike ongevalle soveel groter.[36]

Vieruur die volgende middag kom Ben en Lewis by Madero se hoofkwartier aan.[37] ’n Uur later daag die bevelvoerders Garibaldi, Orozco en Villa ook op. Hulle is bitter ongelukkig oor Madero se besluit om Juárez nie aan te val nie. Trouens, hulle voel ’n aanval moet onmiddellik geloods word. Ná ’n struweling oortuig hulle hom en die aanval word vir middernag geskeduleer. Weereens verskil Ben met die Mexikaanse bevelvoerders. Hulle wil Juárez van die suidweste aanval, maar Ben voel die aanval

---

[32] Jack Malan was ’n luitenant in die voormalige ZAR Staatsartillerie, nie ’n kaptein nie (J. Malan, *Die Boere-Offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (Pretoria: J.P. van der Walt, 1990), 207-208). Maar soos baie ander Boere in die VSA en Mexiko het hy ook skynbaar sy rang hoër gemaak as wat dit werklik in die Anglo-Boereoorlog was.
[33] BNM, Fondo Francisco I. Madero, M/235, brief, houer 2, Viljoen – Madero, 6 Mei 1911.
[34] Die 39-jarige Dreyer was ’n vrygesel wat ’n krygsgevange op Bermuda saam met Chris Viljoen was en ná sy vrylating in 1902 na die VSA geïmmigreer het. Hy het kort tevore na die Mesillavallei vanaf die Amerikaanse deelstaat Pennsylvania verhuis, waar hy ’n verkoopsman van perdehoefspykers was (D.K. Stein, ‘“Out of Africa” – an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 4)’, *New Mexico Genealogist*, 44/1 (2005), 44).
[35] County Clerk Office, Las Cruces, Dona Ana County probate file no. 143, testament gedateer 6 Mei 1911.
[36] Cumberland, *Mexican Revolution*, 138-140; Atkin, *Revolution*, 64, 66; Ross, *Madero*, 163.
[37] Hierdie inligting is ontleen aan ’n artikel deur Lewis met die opskrif ‘Vivid story of the battle of Juárez’ wat op 21 Mei 1911 in *New York Times* verskyn het (hierna Lewis, ‘Battle of Juárez’).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moet eerder van die Rio Grande aan die noordekant van die stad geloods word. Om die vrede te bewaar, laat Madero hom deur sy volksgenote oortuig. Later dieselfde aand kry Madero egter 'n boodskap dat pres. Díaz ingestem het om te bedank sodra toestande in Mexiko sodanig gekalmeer het dat hy seker is hy nie die land aan anargie sal uitlewer nie. Dit is die enigste eis van Madero waartoe Díaz nog nie voorheen ingestem het nie en Madero besluit dus nou om die aanval te laat vaar en die vredesamesprekings voort te sit.[38] Orozco en Villa het egter ander planne en neem sake in hul eie hande. Sonder om Madero of Ben te raadpleeg, besluit hulle om in die nag van hul troepe ongesiens die rivier te laat oorsteek en die volgende oggend 'n skietery met die regeringstroepe te ontlok. Dit sal hulle dan 'n rede gee om versterkings te stuur en sodoende 'n grootskaalse geveg te veroorsaak, wat hulle die verskoning sal gee om Juárez binne te val.[39]

Die volgende oggend, Maandag 8 Mei, begin informele vredesgesprekke tussen Madero en Díaz se vredesgesante. Madero stem in tot 'n informele skietstilstand tot vieruur die middag, wanneer 'n formele vergadering sal plaasvind om 'n vredesverdrag op te stel. Madero stuur Ben en Lewis nou na El Paso om die nodige reëlings vir hierdie vergadering met Díaz se vredesgesante te tref. Maar elfuur die oggend stel Villa en Orozco hul plan in werking, en 'n skietery breek uit wat 'n verbaasde Ben en Lewis aanhoor in die El Paso kantoor waar hulle met Díaz se vredegesante vergader. Lewis bel onmiddellik vir Madero, wat verklaar dat hy niks hiervan weet nie en opdrag sal gee vir die skietery om te staak. Madero het nou egter beheer oor die situasie verloor. Orozco en Villa se voorhoede weier om die bevele van die offisiere wat Madero stuur te gehoorsaam en val Juárez binne. Ben en Lewis keer na Madero se hoofkwartier terug en probeer hom oorreed om die skietstilstand te handhaaf. Hulle argumenteer dat as dit lyk of Madero nie sy troepe kan beheer nie, hy deur die wêreld beskou sal word as iemand wat onwaardig is om die president van Mexiko te wees.[40]

Laatmiddag spreek Madero die grootste deel van sy mag toe en verklaar aan hulle dat hul saak groter as Juárez is, en dat hulle die skietstilstand moet eerbiedig terwyl hy vrede probeer maak. Nieteenstaande sy troepe se luide toejuiging gaan baie van hulle egter voort om by hul kamerade in Juárez aan te sluit, en die gevegte verskerp. Negeuur die aand verklaar sy offisiere aan Madero dat hulle nie meer bereid is om die

---

[38] Ibid.; Cumberland, *Mexican Revolution*, 148.
[39] Guzman, *Pancho Villa*, 45. Villa het hieroor verklaar "We contrived to launch our attack by military logic, circumventing Sr. Madero, who was President but no military man…Sometimes a civilian chief is unable to see what is plain to the eyes of his military subordinate."
[40] Lewis, 'Battle of Juárez'.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

res van die troepe terug te hou nie – die strategiese voordeel wat hulle reeds bereik het moet nou uitgebuit word. Die nuus kom ook nou deur dat Díaz sy voorneme om te bedank teruggetrek het. Madero buig nou maar voor die onvermydelike en beveel dat ’n volskaalse aanval geloods word. Ben oortuig Madero dat hy eergebonde is om genl. Navarro in kennis te stel van sy besluit, wat Madero wel doen.[41] Alhoewel Juárez goed verdedig is met masjiengewere en mortiere, het Navarro slegs sowat 700 teenoor Madero se sowat 3 000 troepe tot sy beskikking.[42]

Tot Ben en Lewis se verbasing vertrek Madero nie saam met sy manne na die front nie, maar versoek dat hulle twee eerder die nag by hom in sy tent deurbring. Eers die volgende oggend gaan die drie van hulle na die westekant van die Rio Grande, waar hulle sowat 1,5 km van Juárez stelling inneem. Lewis neem bevel van ’n tuisgemaakte 3-duim kanon, wat ongelukkig met die derde skoot opblaas. ’n Entjie verder kwyt Jack Malan, ’n voormalige ZAR Staatsartilleris, hom gelukkig goed met die Maderistas se oorblywende kanon. Die gevegte duur die res van die dag en nag voort, met die Maderistas wat stelselmatig die stad inneem deur met tuisgemaakte dinamietbomme gate in huise se mure te blaas, en dan onder skuiling van huis tot huis vorentoe toe te beweeg.[43]

Teen laat Woensdagoggend, 10 Mei het die Maderistas die oorblywende regeringstroepe in hul barakke vasgekeer. Ben en Lewis verskyn nou vir die eerste keer self op die toneel in Juárez. Halfeen die middag stuur Navarro ’n boodskap uit na Garibaldi, die enigste senior Maderisto-offisier wat aan die voorpunt saam met die troepe geveg het. Navarro vra nou verlof om met die Mexikaanse regering se vredesgesante oorleg te pleeg voor hy moontlik oorgee. Op Ben se aanbeveling stuur Garibaldi ’n boodskap terug dat Navarro onmiddellik moet oorgee, anders gaan die geveg voort. Navarro weier om dit te doen, maar ná nog vyf minute se oor en weer skietery hys hy die wit vlag.[44]

Ben, Lewis en Garibaldi is kort op die hakke van die eerste Maderistas wat om halftwee die barakke binnegaan. Ben is die eerste Maderista offisier wat by Navarro uitkom. As ’n gebaar van sy oorgawe oorhandig Navarro sy swaard aan Ben, wat dit onmiddellik aan Garibaldi gee en hom as senior offisier versoek om beheer van die situasie te neem. ’n Opgewonde Mexikaanse offisier spring op ’n stoel en steek ’n

[41] Ibid.
[42] Atkin, *Revolution*, 68; Ross, *Madero*, 150.
[43] Lewis, ‘Battle of Juárez’; Guzman, *Pancho Villa*, 47.
[44] Lewis, ‘Battle of Juárez’.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

toespraak af waarin hy die ander Maderistas opsweep om vergelding op Navarro en sy manne te neem. Ben pluk hom egter van die stoel af en bring hom tot bedaring.[45] Ben en Lewis gaan soek nou ’n werkende telefoon in die stad om Madero in kennis te stel dat Juárez geval het. Onderweg kom hulle op ’n skietgeveg tussen ’n kroegeienaar en ’n paar Maderistas af, en ’n koeël mis Ben rakelings.[46] Ook Villa kontak Madero om hom in te lig dat Juárez verower is, ten spyte van sy adviseur Ben Viljoen se mening dat dit onmoontlik sal wees.[47]



*Na die slag van Juárez. V.l.n.r. Pascual Orozco, onbekend, Venustiano Carranza, Ben, Madero, en Abraham González.* (BF-versameling)

Die volgende dag word dit wyd in die pers berig dat Navarro aan Ben oorgegee het.[48] Dit kwel die eersugtige Garibaldi en hy reik ’n persverklaring uit dat Navarro sy swaard nie aan Ben nie, maar aan hom gegee het. Op sy beurt probeer Ben Garibaldi paai deur ’n verklaring uit te reik waarin hy verklaar “It was only by chance that I was

[45] Ibid.; Atkin, *Revolution*, 71; Garibaldi, *Rebellion*, 293-294.
[46] Lewis, ‘Battle of Juárez’; *El Paso Herald*, 11 Mei 1911.
[47] Guzman, *Pancho Villa*, 48.
[48] Sien byvoorbeeld *El Paso Herald*, 10 en 11 Mei 1911; *Chicago Examiner*, 11 Mei 1911 en *El Diaro*, 11 Mei 1911*.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

there, and happened to be first when Gen. Navarro was found. To Col. Garibaldi's excellent attack goes all the honour of the day."[49] Hierna sal Garibaldi egter nie juis ooghare vir Ben hê nie en later in sy lewe onvleiende en onakkurate opmerkings oor hom in sy memoires maak.[50]

## Verwikkelinge

In die tussentyd broei daar onmin in die geledere van die Maderistas. Orozco is woedend omdat Madero vir Venustiano Carranza, 'n ryk familievriend van die Maderos, as sy oorlogsminister in sy voorlopige kabinet aangestel het. Orozco voel egter dat dié posisie hom wat Orozco is toekom weens sy dienste aan Madero. Hy en Villa is ook erg ongelukkig dat Madero die lewens van genl. Navarro en sy offisiere gespaar het – dié het dan tydens ander veldslae in Chihuahua nie geskroom om Maderistas tereg te stel nie. Drie dae na Navarro se oorgawe bars hulle by Madero se hoofkwartier in Juárez in, waar Ben ook teenwoordig is. Orozco dreig Madero met 'n pistool en eis dat hy sy kabinet wysig en toelaat dat hulle Navarro en sy offisiere teregstel. Ben oortuig Orozco om sy wapen neer te lê, en 'n dapper Madero weier om aan sy heethoofdige offisier se eise gehoor te gee. Ná 'n ruk bedaar Orozco en herbevestig sy lojaliteit aan Madero. Die saggeaarde Madero begelei Navarro en sy offisiere hierna persoonlik na die grens en oorhandig hulle aan Amerikaanse leëroffisiere, iets wat baie van sy troepe woedend maak. Reeds nou al wys Madero dat hy moontlik nie opgewasse is vir die keiharde Mexikaanse politieke arena nie, want was die rolle omgeruil sou Navarro nie geaarsel het om hom tereg te stel nie.[51]

Ná die oorwinning by Juárez styg die rebelle se moreel dramaties, terwyl die regeringstroepe s'n wegsyfer. Oral val die hoofstede van Mexikaanse deelstate nou in die revolusionêre magte se hande. Díaz sien uiteindelik die skrif aan die muur en op

---

[49] *El Paso Herald*, 11 Mei 1911.

[50] Garibaldi, *Rebellion*, 303. Hierin het Garibaldi Ben se rol onderspeel en verkeerdelik gemeld dat hy eers ná die slag van Juárez op die toneel verskyn het. "Among the many new arrivals who attached themselves gratuitously to Madero was a General Viljoen, a Boer from the Transvaal and a veteran of the South African War. He arrived immediately after the Battle of Juárez…and afterwards he declared that he was military adviser to the President. In this imaginary capacity he gave out a number of interviews, but we regarded him as a harmless crank."

[51] Ibid., 296, 303; Cumberland, *Mexican Revolution*, 141, 144; Guzman, *Pancho Villa*, 49-50; Ross, *Madero*; 167-168; *El Paso Herald*, 13 Mei 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

17 Mei kondig hy af dat hy voor die einde van die maand as president sal bedank.[52] Ben het hom teen hierdie tyd goed by Madero ingegrawe. Toe ’n verslaggewer van die *El Paso Herald* Madero twee dae tevore by sy tydelike blyplek in Juárez besoek, het hy hom en Ben gevind waar hulle besig was om te beraadslaag oor die verskuiwing van die Maderista magte suidwaarts na Chihuahuastad.[53] Ben word ook deur Madero afgevaardig om die gewondes van die slag van Juárez in El Paso se hospitale namens hom te besoek omrede hy te besig is. By lede van die pers gaan Ben se voorliefde vir die kollig nie ongemerk verby nie. Die *El Paso Herald* berig soos volg oor ’n dinee wat vir besoekende verslaggewers in El Paso gehou word: “Correspondents eat and the insurrectos, realizing that they cannot get into print, shudder lest something might happen – this is particularly true of Gen. Viljoen and Dr. Vasquez Gomez who cannot afford to let the world miss their doings and therefore must not let anything happen tonight.”[54]

**<u>Die “komplot” teen Madero</u>**



*Dan de Villiers.* (*The Tacoma Times,* 11 Junie 1911)

’n Baie vreemde insident vind nou plaas. Dan de Villiers, wat saam met Ben in die Boereoorlogskouspel opgetree[55] en daarna met ’n Amerikaanse vrou getrou het, stuur op 17 Mei 1911 vir hom uit Mexikostad ’n telegram in Nederlands, waarin hy verklaar dat hy namens die Mexikaanse regering optree wat Ben ’n hoë pos by die Mexikaanse oorlogskollege in Mexikostad wil aanbied.[56] Of hierdie sogenaamde aanbod Madero beïnvloed het, is onbekend, maar dieselfde dag nog stel hy Ben formeel as sy persoonlike adviseur en hoof van militêre intelligensie vir die Maderistas

[52] Cumberland, *Mexican Revolution*, 144-145; Atkin, *Revolution*, 73-74.
[53] *El Paso Herald*, 16 Mei 1911.
[54] Ibid., 20 Mei 1911. Dr. Vázquez Gómez was die voormalige persoonlike geneesheer van pres. Díaz wat by Madero se beweging aangesluit het. Hy het politieke ambisies van sy eie gehad, en het met tye hewig met Madero verskil.
[55] Sien *St. Louis Republic,* 12 November 1904 oor Dan de Villiers se deelname aan die Boereoorlogskouspel. Hy was ’n Kaapse rebel wat tydens die ABO ’n lid van die Vrystaatse rapportryers was en die rang van kaptein beklee het (Malan, *Boere-Offisiere*, 181; *Washington Post*, 23 Desember 1913).
[56] *New York Times*, 18 Mei 1911; *Albuquerque Morning Journal*, 18 Mei 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aan.[57] De Villiers kontak Ben weer twee dae later om te laat weet hy gaan binnekort in El Paso wees en sal Ben graag wil sien. Hy versoek dat Ben solank 'n oog op Madero hou en Orozco bevriend – Ben se fortuin hang hiervan af.[58] Viljoen lig Madero oor hierdie kriptiese boodskap in, wat hom versoek om De Villiers te ontmoet om uit te vind wat hieragter sit.[59]

Op 21 Mei word die verdrag van Ciudad Juárez in die nag aan die buitewyke van dié stad deur Madero en regeringsverteenwoordigers onderteken. Hierin word bevestig dat Díaz sal bedank – wat hy inderdaad vier dae later doen – terwyl Madero instem dat Francisco León de la Barra, die minister van buitelandse sake, as tussentydse president sal dien tot tyd en wyl 'n nuwe presidentsverkiesing oor vyf maande gehou word.[60]

Ben ontmoet vir De Villiers drie dae later in die voorportaal van die Sheldon Hotel in El Paso. Saam met De Villiers is ene W.F. Dunn, 'n Amerikaner met sakebelange in Mexikostad, asook nog 'n Mexikaanse man. Die vier mans vergader in De Villiers se hotelkamer. Hulle deel Ben mee dat hulle die *Cientificos* verteenwoordig, 'n groep ryk Mexikane wat groot invloed op Díaz uitgeoefen het.[61] Volgens hulle is die *Cientificos* bewus van die onmin tussen Madero en Orozco, en hulle is bereid om Orozco en Ben onderskeidelik 50 000 (R5 miljoen) en 25 000 peso's (R2,5 miljoen) te betaal om Madero te verraai en sy troepe te oortuig om teen hom te draai. Ná die vergadering vertel Ben vir Madero hiervan, wat hom en Orozco vra om vir tyd en wyl saam te speel en bewyse van die komplot in te win. De Villiers betaal nou aan Ben en Orozco elkeen 'n klein voorskot en Dunn vertrek na Mexikostad om die res van die geld te gaan haal. Saam met hom reis ene Billy Smith,

---

[57] BNM, Fondo Francisco I. Madero, M380, houer 4, brief, Madero – Viljoen, 17 Mei 1911*.
[58] A. Rivero, *Hacia la Verdad.: Episodios de la Revolución* (Mexikostad: Compañia Editôra Nacional, 1911), 38*. Hierin het 'n lang onderhoud verskyn wat Antonio Rivero, 'n Mexikaanse joernalis, met Ben gevoer het en waarin hy 'n uiters vleiende beskrywing van laasgenoemde gegee het.
[59] *El Paso Herald*, 29 Mei 1911.
[60] Atkin, *Revolution*, 74.
[61] Die *Cientificos* (letterlik vertaal as "Wetenskaplikes") was 'n groep ryk manne uit die boonste laag van die Mexikaanse samelewing, wat op hierdie tydstip onder die leiding was van José Yves Limantour, minister van finansies. Hulle het geglo die vinnige industrialisasie van Mexiko onder 'n diktatorskap is die beste oplossing vir Mexiko se vooruitgang. Hulle het ook hul persoonlike fortuin gemaak uit hul ondersteuning van en verbintenis met die Díaz-regime. Hulle wou verseker dat hulle 'n hand het in wie Díaz opvolg en beheer oor hom uitoefen (Cumberland, *Mexican Revolution*, 10-12).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kwansuis ’n vertroueling van Ben, maar in werklikheid ’n privaatspeurder wat deur hom aangestel is om seker te maak dat Dunn in Mexiko gearresteer word.[62]

Die oggend van Sondag, 28 Mei, word Dunn in Monterey deur die Mexikaanse polisie op sy trein aangekeer, terwyl De Villiers later dieselfde dag by die Sheldon Hotel deur die Amerikaanse polisie gearresteer word vir “conspiracy to murder” na aanleiding van ’n klag wat deur Ben gelê is.[63] Die nuus maak die volgende dag groot opslae in die Mexikaanse en Amerikaanse pers toe Ben ’n perskonferensie hieroor hou. De Villiers en Dunn word kort hierna op borgtog vrygelaat. Van die saak teen hulle sal egter niks kom nie. In September 1911 is die saak vir ’n maand uitgestel omrede Ben volgens hom dan elders in Mexiko moes wees en nie getuienis kon lewer nie.[64] Ook met die volgende hofdatum kon hy nie die verrigtinge bywoon nie en daarna het die staat die saak teen die twee mans laat vaar.[65] De Villiers se vrou het hom hierna geskei, en hy is twee jaar later deur haar nuwe man voor sy twee jong kinders doodgeskiet toe hy hul huis in Los Angeles onwettig betree en in ’n stoeiery met hom betrokke geraak het.[66]

Die ware toedrag van sake agter die hele sogenaamde komplot bly onbekend. Garibaldi was beslis van mening dat die komplot ’n versinsel van Ben was om Madero te beïndruk,[67] maar Garibaldi was bevooroordeeld teenoor Ben. Uit die dokumente wat deur die polisie in De Villiers en Dunn se besit gevind is, lyk dit wel of hier iets aan die broei was. Dit is ook wel so dat Ben hierna nog hoër deur Madero aangeslaan is. En duidelik het Ben nie geskroom om ’n mede-Boer en voormalige oorlogskameraad vir die wolwe te gooi om sy saak te bevorder nie – hy hoef De Villiers tog nie in ’n lokval te gelei het nie.

---

[62] *El Paso Herald*, 29 Mei 1911; *New York Times*, 29 Mei 1911; *Chicago Examiner*, 29 Mei 1911; *Des Moines News*, 29 Mei 1911. Voorgenoemde berigte het gemeld dat (volgens Ben) die plan was dat ’n ene Rosendo Pinado, ’n lid van die Mexikaanse kongres en ’n prominente *Cientifico*, as president van Mexiko aangestel sou word ná Madero vermoor is. Die hoofagent van die *Cientificos* in die noorde van Mexiko was ene Andres Garza Galan, seun van die goewerneur van die Mexikaanse deelstaat Coahuila.
[63] Ibid.
[64] SHCP, 26746, brief, Viljoen – Jackson, 22 Augustus 1911. In hierdie brief het Ben die Amerikaanse spesiale aanklaer Jackson in kennis gestel dat hy nie op die hofdatum van 5 September 1911 in El Paso sal kan wees om getuienis te lewer nie, en hom gevra om die saak uit te stel, wat toe wel gebeur het. Ben het egter wel toe op 5 September 1911 in El Paso aangekom (*El Paso Herald*, 5 September 1911).
[65] *El Paso Herald*, 2 Oktober 1911; *El Diario*, 3 Oktober 1911*; Harris, *Secret War*, 55.
[66] *New York Times*, 23 Desember 1912; *Washington Post*, 23 Desember 1912.
[67] Garibaldi, *Rebellion*, 303.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**<u>Madero se vertroueling</u>**

Madero het nou ’n nuwe opdrag vir Ben in gedagte. In die westelike Mexikaanse deelstaat Sonora het van die Yaquis, ’n trotse Indiaanstam met ’n sterk onafhanklikheidsdrang, in opstand gekom en ’n dorp geplunder. Daar word nou gevrees dat ’n wydverspreide Yaqui-opstand op hande is.[68] Die Yaquis woon al vir baie eeue in die omgewing van die Yaquirivier, maar sedert koloniale tye het die regering en wit setlaars hul grond begin afneem. Sedertdien was daar voortdurend konflik tussen laasgenoemde en die Yaquis. Tydens sy presidensiële verkiesingveldtog in Sonora die vorige jaar het Madero simpatie met die Yaquis betoon, en baie van hulle het by sy beweging aangesluit in die hoop dat hulle onder ’n Madero-bewind hul grond sou terugkry.[69] Madero laat die Yaquis nou weet dat hulle geduldig moet wees en na hul blyplekke terugkeer – hul grond sal binnekort aan hulle terugbesorg word.[70]

Madero en Ben bespreek die moontlikheid om hom na Sonora te stuur om as onafhanklike gesant ’n blywende vrede tussen die Yaquis en die wit setlaars te bewerkstellig, maar vir tyd en wyl word hierdie moontlikheid nie verder gevoer nie. Madero stel egter voor dat Ben in diens van die Mexikaanse regering bly en so gou moontlik vir Mexikaanse burgerskap aansoek doen.[71] Onder Mexikaners is daar ’n sterk weersin in die betrokkenheid van buitelanders in hul interne aangeleenthede, en Madero hoop sekerlik om sodoende kritiek teen sy voorgenome indiensneming van Ben af te weer. Hiertoe stem Ben geredelik in, nieteenstaande die feit dat hy slegs drie jaar tevore Amerikaanse burgerskap verwerf het, by welke geleentheid trane van blydskap kwansuis by sy wange afgeloop het.[72] Maar Ben is nie iemand wat die gulde geleentheid om die intieme vertroueling van ’n land se waarskynlike nuwe president te wees, sommer deur sy vingers sal laat glip nie – die toekoms lyk rooskleurig.

Op Vrydag, 2 Junie 1911 vertrek Madero uit Juárez per trein na Mexikostad.[73] Ben reis egter nie saam nie. Hieroor berig die *El Paso Herald* ietwat spottend dat

---

[68] *Mexican Herald*, 12 Mei 1911.
[69] L.D. Taylor Hansen, ‘Benjamin J. Viljoen y la Pacificación de los Yaquis, 1911-12’, in Universidad de Sonora (red.), *XXI Simposia de Historia y Antropologia de Sonora: Memoria: Sonora y la región.* (Hermosillo: Universidad de Sonora, 1996), 319-320.*
[70] Ross, *Madero*, 183.
[71] Ben het in ’n brief aan Madero ’n paar weke later verwys na hul verstandhouding dat hy in Mexikaanse diens moet bly sodat hy vir Mexikaanse burgerskap kan kwalifiseer. Ben het hierin ook verwys na Madero se voorstel dat hy na Sonora moet gaan om goew. Maytorena by te staan (SHCP, 26722-26723, brief, Viljoen – Madero, 22 Junie 1911*).
[72] *Los Angeles Times,* 29 Maart 1909.
[73] *El Paso Herald*, 2 Junie 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"Viljoen – like a second Cincinnatus[74] to his cabbage patch – will return to Las Cruces and the mild life of his hay ranch." Volgens Ben is sy werk afgehandel, en sonder 'n sweempie ironie verklaar hy "I have no taste for the bandwagons."[75] Maar soos al telkemale tevore, verskil wat Ben in die openbaar verklaar met wat hy werklik beplan om te doen. Hy keer dus nie terug na La Mesa nie, maar bly vir tyd en wyl in die Sheldon Hotel in El Paso aan terwyl hy wag om van Madero 'n ander opdrag te kry wat hulle reeds bespreek het.

**Die Magonistas**

In Baja Kalifornië, die verste westelike Mexikaanse deelstaat wat aan die Amerikaanse deelstaat Kalifornië grens, het die Magonistas, 'n radikale revolusionêre groep wat met die meer gematigde Maderistas verskil, die voorafgaande paar maande die grensdorpe Mexicali en Tijuana beset. Hulle verwerp die verdrag van Ciudad Juárez, en veg nou vir 'n ware ekonomiese en sosiale revolusie in Mexiko.[76] Die Maderistas en tussentydse regering het dus nou gemene saak om die Magonistas te onderdruk. Kort ná sy vertrek na Mexikostad kom Madero en tussentydse pres. De la Barra ooreen dat Ben met 600 vrywilligers na Baja Kalifornië gestuur moet word om regeringstroepe te help. [77]

Ben spring onmiddellik aan die werk om die nodige manne in Juárez te werf. Ten spyte van Madero se ondersteuning, loop hy hom egter gou in teenstand vas. Die Maderistas in Juárez, sowel as goew. Abraham González, is maar skepties oor hierdie *gringo*, en verleen hom geen bystand met fondse of wapens nie.[78] Baie Mexikane in Chihuahua voel dat daar in hul eie geledere manne is wat net so bevoeg soos Ben is om

---

[74] Lucius Quinctius Cincinnatus was 'n Romeinse edelman wat 'n plasie bewerk het toe die oproep van sy volkgenote gekom het dat hy hulle moet lei ná Rome aangeval is. Ná sy suksesvolle militêre veldtog het hy egter geweier om enige hoë amp te aanvaar, en onmiddellik na sy plasie teruggekeer. In die Romeinse geskiedenis was hy 'n legendariese simbool van klassieke deugde soos manlikheid en onbaatsugtige openbare diens.
[75] *El Paso Herald*, 23 Mei 1911.
[76] L.D. Taylor Hansen, 'The Magonista Revolt in Baja California', *The Journal of San Diego History*, 45/1 (1999); Ross, *Madero*, 145.
[77] BNM, Archivos y Manuscritos, M/T 2020, houer 19, Madero – De la Barra, 3 Junie 1911*.
[78] Ben het verskeie briewe en telegramme aan Madero oor hierdie gebrek aan ondersteuning gestuur. Sien bv. AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 76, p.4, Viljoen – Madero, 10 Junie 1911; SHCP, 26691, Viljoen – Madero, 8 Junie 1911*; 26692, Viljoen – Madero, 11 Junie 1911*, 26693, Viljoen – Madero, 11 Junie 1911*; asook SHCP, 26703-26707, Viljoen – Madero, 15 Junie 1911. In laasgenoemde brief het Ben gemeld dat hy aan González geskryf en selfs twee keer getelegrafeer het, maar dat laasgenoemde hom ignoreer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die sending te lei – hoekom dan nou juis hy?[79] Nou wil almal ook skielik 'n direkte bevel van die nuwe oorlogsminister oor Ben se betrokkenheid hê. Maar die oorlogsminister sorg dat hy onbereikbaar is. Ben vind nou uit dat alhoewel Madero moontlik die toekomstige president van Mexiko mag wees, hy op hierdie tydstip nog geen werklike mag het nie. Ben kla op 12 Junie bitterlik in 'n brief aan hom hieroor:

> I am the only one at this end anxious to carry out your orders in regard to this Lower California expedition, and I must say I have become pretty much disgusted with conditions as I find them. I have always been accustomed to carry out orders and that orders be carried out from superiors and the condition in which I have been placed here is most discouraging.[80]

Ben neem nou die inisiatief en kontak die owerheid in Sonora, die Mexikaanse deelstaat wat aan Baja Kalifornië grens. Die nuwe tussentydse goewerneur José María Maytorena is 'n groot ondersteuner van Madero, en is bereid om ene kol. Cabral en 400 regeringstroepe aan Ben beskikbaar te maak. Die reëling nou is dat Ben die volgende week met 25 huursoldate na Sonora sal vertrek, waar hy bevel van Cabral en sy troepe sal neem. [81] Ten spyte van Madero se verdere opdragte aan die Maderistas in Juárez, kry Ben egter steeds geen hulp van González en die ander Mexikaanse bevelvoerders nie. Ook in Sonora is daar probleme, want Cabral se manne wil eers betaling hê voor hulle sal instem om na Baja Kalifornië te gaan. Teen 15 Junie is Ben moedeloos, en hy laat Madero weet dat dit miskien beter is dat hy maar sy sending laat vaar, want sy situasie "has become heartless because of the constant opposition from every source".[82] Hy glo dit sal beter wees as hy eerder met slegs 'n paar manne na Baja Kalifornië gaan en oor die situasie daar aan Madero verslag te doen. Andersins is hy bereid om na Sonora te gaan om goew. Maytorena te help om die Yaqui probleem op te los.[83]

Madero laat Ben egter op 17 Junie weet dat hy die minister van finansies versoek het om die nodige fondse aan hom en Cabral oor te betaal – Ben moet dus so

---

[79] *El Paso Herald*, 14 Junie 1911.
[80] SHCP, 26694-22696, brief, Viljoen – Madero, 12 Junie 1911.
[81] Cumberland, *Mexican Revolution*, 93; AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 76, lêer 4, telegram, Viljoen – Madero, 10 Junie 1911; SHCP, 26694-22696, brief, Viljoen – Madero, 12 Junie 1911.
[82] SHCP, 26703-26707, brief, Viljoen – Madero, 15 Junie 1911.
[83] Ibid.; SHCP, 26713, telegram, Viljoen – Madero, 15 Junie 1911*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gou moontlik vertrek.[84] Ben kry dit nou tog reg om 50 manne bymekaar te skraap, en hy beoog om in 'n konvooi motorvoertuie na Sonora te vertrek om by Cabral se mag aan te sluit.[85] Maar dieselfde dag gee die Magonistas in Mexicali oor aan 'n vredesafvaardiging wat deur Madero gestuur is.[86] Die volgende dag telegrafeer Madero vir Ben dat sy sending dus nou afgelas is.[87] En op 22 Junie word die oorblywende Magonistas in Tijuana deur regeringstroepe verslaan.[88] Die kortstondige bewind van die Magonistas kom so tot 'n einde, en so ook Ben se betrokkenheid by hierdie affêre. Maar met Baja Kalifornië sal hy weer in die toekoms te doen kry.

[84] BNM, Archivos y Manuscritos, M/T 2186, houer 20, telegram, Madero – Viljoen, 17 Junie 1911*.
[85] Ibid., M/T 2189, houer 20, telegram, Viljoen – Madero, 17 Junie 1911.
[86] Taylor Hansen, 'The Magonista Revolt'.
[87] BNM, Archivos y Manuscritos, M/T 2202, houer 20, telegram, Madero – Viljoen, 18 Junie 1911*.
[88] Taylor Hansen, 'The Magonista Revolt'.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 16

# ONDER DIE INDIANE

**(Jul 1911–Apr 1912)**

## Ruskans

Ná die Magonistas se oorgawe keer Ben aan die begin van Julie 1911 terug na sy huis in La Mesa. Hy het die vorige maand by Juárez 'n swaar verkoue opgedoen wat hy nie kan afskud nie, die begin van 'n lang afwaartse spiraal in sy gesondheid.[1] Hy beoog om nou 'n paar weke in die matiger winterklimaat van Kalifornië deur te bring. Madero nooi hom egter na Mexikostad, want hy wil van sy dienste gebruik maak, en voeg by dat die klimaat daar ook goed vir sy gesondheid sal wees.[2] Ten spyte van sy verkoue is Ben dadelik vuur en vlam. Hy maak klaarblyklik nou gereed vir 'n lang verblyf in Mexiko, aangesien hy onmiddellik as direkteur van die Elephant Butte Water Users' Association bedank.[3]

Hy en Myrtle vertrek hierna in hul motor na Mexikostad saam met Enrique Anaya, 'n Mexikaan wat na die VSA geëmigreer het en nou die adjunk- polisiehoof (*deputy US Marshal*) van die Amerikaanse deelstaat Arizona is.[4] Soos Ben is Anaya ook 'n Vrymesselaar wat die 32ste graad bereik het.[5] In Mexikostad ontmoet Ben en

**Nota – Spaanse dokumente word in die voetnotas aangedui met 'n asterisk (*).**

[1] Met Ben se aankoms in Mexikostad 'n paar weke later is berig "The general is suffering from a severe cold, which he contracted some time ago" (*Mexican Herald*, 15 Julie 1911). Die *El Paso Herald* het op 29 Julie 1911 berig dat Ben in Mexiko siek geraak het. Agt maande later, in Maart 1912, het Viljoen in 'n brief aan Madero geskryf "as you know that in May of last year I caught a cold in Juárez, which has been declared asthma" (AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 29, lêer 774-805-2, pp. 022444-022445, 20 Maart 1912*).
[2] SHCP, 26736, telegram, Madero – Viljoen, 5 Julie 1911*; SCHP, 26737, telegram Viljoen – Madero, 6 Julie 1911; SCHP, 26738, brief, Viljoen – Madero, 6 Julie 1911.
[3] *El Paso Herald*, 8 Julie 1911.
[4] Ibid., 29 Julie 1911.
[5] Ibid., 29 Junie 1914.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Madero, wat hom nou moontlik wil aanstel as die hoof van die *Rurales*, Mexiko se berede landelike polisiemag. Madero wil van sy revolusionêre troepe in die *Rurales* opneem om werk aan hulle te verskaf, en glo dat Ben die regte persoon is om dié mag te herorganiseer vanweë sy ondervinding as ’n Boeregeneraal en sy kennis van militêre taktiek.[6]

Ná ’n paar dae in Mexikostad vertrek Ben en Myrtle saam met Madero en sy vrou Sara na die bekende Mexikaanse dorp Tehuacán, waar Madero by die gesondheidsoord behandeling vir ’n kwaal wil kry.[7] Hier kuier die Maderos en Viljoens gereeld saam, en Myrtle en Sara word goeie vriendinne.[8] Ná gesprekke met verskeie rolspelers besluit Madero egter teen Ben se aanstelling as hoof van die *Rurales* – op hierdie tydstip sal ’n *gringo* in die pos nie goed afgaan nie en kan Madero se vyande dit in die opkomende presidentsverkiesing teen hom gebruik.[9]

## **Comisionado de Paz del Yaqui**[10]

Intussen prut die Yaqui-probleem in die westelike Mexikaanse deelstaat Sonora voort. Terwyl Ben en Madero in Tehuacán vertoef, staan die tussentydse pres. De la Barra op laasgenoemde se versoek ’n afvaardiging Yaquis in Mexikostad te woord. De La Barra is simpatiek teenoor hul eise dat hul grond aan hul teruggegee word en dat hul volksgenote wat deur die Díaz-regering na die Mexikaanse deelstaat Yucatán as slawearbeiders weggevoer is, na die Yaquivallei gerepatrieer word.[11] Hy kondig hierna af dat die regering 25 000 akker staatsgrond in die Yaquivallei in kleiner stukke gaan


---

[6] Ibid., 29 Julie 1911.
[7] S.R. Ross, *Francisco Madero: Apostle of Mexican democracy* (New York: Colombia University Press, 1955), 190.
[8] Volgens telegramme tussen die Maderos en Viljoens in Tehuacán gedurende hierdie tydperk, byvoorbeeld SHCP, 26739 en 26740, 22 Julie 1911*, asook berigte in *El Diaro*, 26 Julie 1911* en *El Paso Herald*, 29 Julie 1911. Die vriendskap tussen Myrtle Viljoen en Sara Madero kan afgelei word uit die talle briewe tussen hulle, sien byvoorbeeld SHCP, 26752, M. Viljoen – S. Madero, 3 Oktober 1911; SHCP, 26754, S. Madero – M. Viljoen, 4 Oktober 1911*, asook SHCP, 26769, M. Viljoen – S. Madero, 12 November 1911.
[9] Madero het hierna ’n genl. Villasenor as hoof van die *Rurales* aangestel. Enrique Anaya het na El Paso terugkeer toe Ben na Tehuacán is, en daar verklaar “it is understood in Mexico City…that Gen. Viljoen will eventually succeed to the position of commander in chief of the rural forces” (*El Paso Herald*, 29 Julie 1911). Ben het ook kort hierna aan Madero geskryf “I am willing to accept a commission in the Rurales or secret service, but if it is going to be used against you in the elections, I would not want it” (SHCP, 26743, brief, Viljoen – Madero, 14 Augustus 1911.)
[10] Spaans vir “Vredeskommissaris van die Yaquis”. Dit was Ben se amptelike titel op sy visitekaartjie (BJV-versameling).
[11] *Mexican Herald*, 1 Augustus 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

opdeel en dit aan die Yaquis gaan oordra.[12] In Sonora is goew. Maytorena ook ten gunste van ’n beter verhouding met die Yaquis en weier om toe te gee aan die eise van die groot grondeienaars dat hulle eerder uitgewis moet word. In stede daarvan stuur hy nou twee keer ’n maand spoorwegwaens met kos en ander voorrade na ’n pakhuis naby die Yaquis se gebied as ’n gebaar van die nuwe regering se welwillendheid. Hy ontmoet ook van die Yaqui leiers, en oortuig hulle om verteenwoordigers na Mexikostad te stuur om Madero te ontmoet.[13]

**SONORA**




[12] Ibid., 8 Augustus 1911.
[13] L.D. Taylor Hansen, ‘Benjamin J. Viljoen y la pacificación de los Yaquis, 1911-12’, in Universidad de Sonora (red.), *XXI Simposia de Historia y Antropologia de Sonora: Memoria: Sonora y la región* (Hermosillo: Universidad de Sonora, 1996), 3*; S.M. Deeds, ‘Jose Maria Maytorena and the Mexican revolution in Sonora (Part 1)’, *Arizona and the West*, 18/1 (1976), 35.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Intussen het die Maderos na Mexikostad teruggekeer. In Tehuacán raak Ben kriewelrig en hy laat weet vir Madero dat hy ’n salaris moet verdien aangesien hy nou al maande lank sy eiendomsagentskap verwaarloos het. Hy stel voor dat Madero hom ’n pos gee wat verswyg kan word tot laasgenoemde as president verkies is. Hy moet egter teen die begin van September terug in El Paso wees om getuies vir die De Villiers komplotsaak voor te berei, en om sy persoonlike sake so te reël dat hy onmiddellik na Mexiko kan verhuis ná Madero se verkiesing as president.[14] Ben voorsien duidelik nou ’n groot toekoms vir homself in Mexiko. Madero nooi hom hierna uit om die vergadering met die Yaqui afvaardiging uit Sonora in Mexikostad by te woon. Ná ses weke in Tehuacán vertrek Ben en Myrtle aan die einde van Augustus 1911 na Mexikostad.

Die vergadering met die Yaquis vind op 1 September plaas in Chapultepec kasteel, die presidensiële woning in Mexikostad. Agt stilswyende Yaquis sit in ’n halfmaan voor Ben en Madero terwyl laasgenoemde deur ’n Yaqui tolk, ene kapt. Pedro Garcia, aan hulle verduidelik wat hy beoog om vir hulle te doen. Dit behels onder meer dat die regering al die grond wat dit in die Yaquivallei besit aan hulle sal oordra. Die regering sal ook elke Yaqui wat die grond bewerk een peso (R100) per dag betaal, en sodra die eerste oeste van die land af is, die grond verdeel en aan individuele families asook ongetroude meerderjarige mans en vroue oordra. Indien dit blyk dat daar nie genoeg grond is nie, sal die regering addisionele grond aankoop. Verder sal die regering hulle ook van muile en toerusting voorsien en vir hulle kerke en skole bou. Laastens sal hy sorg dat die gevange Yaquis in die Mexikaanse deelstaat Yucatán na die Yaquivallei teruggestuur word.[15] Toe Madero die Yaqui verteenwoordigers vra wat hulle van sy voorstelle dink, antwoord hulle bloot dat hulle aan hul volksgenote sal gaan verslag doen oor wat hy gesê het. Madero onderteken hierna ’n ooreenkoms met hulle wat hierdie bepalings bevat.[16]


---

[14] SHCP, 26743, brief, Viljoen – Madero, 14 Augustus 1911.

[15] *Mexican Herald*, 2 September 1911; Ross, *Francisco Madero*, 183; Viljoen, ‘Tribe at War for a Century’, *Los Angeles Times*, 23 Februarie 1916.

[16] *Mexican Herald*, 18 September 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Eerste vergadering in Mexikostad met die Yaquis. Ben sit heels regs, en heel regs staan Enrique Anaya.* (TAB-fotoversameling)

Madero stel nou vir Ben as vredeskommissaris aan met die opdrag om die Yaqui-leiers te oortuig om hul onrus te staak en eerder die grond wat die regering vir hulle langs die Yaquirivier gaan gee te bewerk.[17] Dit is onduidelik wat Madero besiel het om Ben – wat nie Spaans magtig is nie en onbekend is met die eiesoortige omstandighede in Sonora – hierdie taak te gee. Moontlik het hy Ben as betroubaar en onpartydig beskou omrede hy geen belange by enige van die strydende faksies in Sonora gehad het nie. Hy kon ook beïnvloed gewees het deur die algemene siening dat die Yaquis buitelanders met minder wantroue as Mexikaanse regeringsamptenare en militêre personeel bejeën.[18]

## Vyandige terrein

Aan die begin van September 1911 keer Ben en Myrtle na La Mesa terug.[19] Ben stel hierna vir Enrique Anaya as sy Spaanse tolk en persoonlike assistent aan. Voor sy vertrek na Sonora veroorsaak Ben egter 'n politieke opskudding toe hy as een van die

[17] Ibid.
[18] Taylor Hansen, 'Pacificación de los Yaquis', 321*.
[19] *El Paso Herald*, 5 September 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

leiers van die sogenaamde Nieu-Mexiko "Progressive" Republikeine na die Demokratiese party oorloop. Ben was nog nooit een wat teen die heersende politieke winde beur nie: dit is teen hierdie tyd baie duidelik vir almal dat William C. McDonald, die Demokratiese kandidaat, die volgende maand as Nieu-Mexiko se nuwe goewerneur verkies sal word.[20] So herhaal die geskiedenis homself – 15 jaar tevore in die ZAR het Ben ook die geledere van kmdt.-genl. Piet Joubert se "Progressiewe" Boere verlaat om hom by pres. Paul Kruger se ondersteuners te skaar toe Joubert se steun na die Jameson-inval begin afneem het.

Op 23 September kom Ben en Anaya aan in Guaymas, 'n ruwe hawedorp aan die Golf van Kalifornië ongeveer 50 km noordwes van die Yaquis se gebied. Hulle kry verblyf in die hawehotel Hotel Albin, wat ook as hul hoofkwartier sal dien. Ben kom reeds op die dag van sy aankoms agter dat 'n opdraande stryd voorlê, want in die plaaslike koerant bestempel die redakteur hom as 'n bemoeisieke buitelander. Laasgenoemde onderneem om Ben se aanstelling as vredeskommissaris te beveg tot die regering hom met 'n gebore Mexikaner vervang. Ook akkordeer die drukkende tropiese klimaat van Guaymas glad nie met Ben nie. Aan Myrtle skryf hy die dag ná sy aankoms "it's hot here and nights are unbearable." [21]




*Die Hotel Albin en hawe van Guaymas.* (BJV-versameling)

[20] *Albuquerque Morning Journal*, 16 September 1911.
[21] Viljoen, 'Tribe at war for a century'; BJV-versameling, poskaart, Ben Viljoen – Myrtle Viljoen, 24 September 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nog voor hy en die Yaquis eers vergader het, hoor Ben by plaaslike inwoners dat formidabele gevestigde belange teen Madero se vredesvoorstelle gekant is. Die eerste groep is die plaaslike *hacendados,* die groot Mexikaanse grondbesitters, wat verkies dat die regering eerder ’n militêre veldtog teen die Yaquis loods – sodoende sal hulle hul hande op die Yaquis se oorblywende grond kan kry. Die *hacendados* is ook bekommerd dat as die Yaquis op groot skaal begin boer dit tot ’n ooraanbod van landbouprodukte op die plaaslike markte sal lei, wat minder wins vir hulle tot gevolg sal hê. Verder is die Yaquis betroubare werkers wanneer die nood druk – in tye van onrus moet baie van hulle noodgedwonge vir die *hacendados* gaan werk.

Die tweede groep is die handelaars in Guaymas wat baie geld uit wapen- en ammunisieverkope aan die Yaquis in oorlogstyd maak en dus ook nie ten gunste van vrede is nie. Laastens is twee prominente militêre bevelvoerders ook teen Ben se sending gekant. Kol. Luis Medina Barrón, bevelvoerder van die plaaslike *Rurales*, asook genl. José Maria Velasco, militêre hoof van hierdie gebied, het al twee sakebelange en grond in die Yaquivallei en dus ook rede om ’n veldtog teen die Yaquis aan te moedig.[22] Aan Myrtle skryf Ben dat “[t]he project of settling the Yaqui question is going to be very big and very difficult and until I meet the [Yaqui] Generals and Governors all I can’t tell what the prospects will be.”[23]

Ben vind ook nou meer oor die hierdie formidabele Indiane en hul samelewing uit. Vier eeue al veg die Yaquis vir die behoud van hul grond en onafhanklikheid, eers teen die Spaanse koloniseerders, daarna teen opeenvolgende Mexikaanse regerings. Hulle is geharde krygers wat langer en groter as gewone Mexikaners is, met breë skouers en seningrige bene. Die voorafgaande kwarteeu het Díaz se weermag oorlogsmisdade teen hulle gepleeg wat gegrens het aan volksmoord. Derduisende van hulle is ook na die suid-oostelike Mexikaanse deelstaat Yucatán weggevoer, waar hulle soos slawe behandel is en talle weens siektes, wanvoeding en oorwerk gesterf het. In hierdie periode is groot dele van hul grond deur die regering gekonfiskeer en aan myn- en eiendomsmaatskappye en groot wit boerderybelange verkoop. Talle Yaqui-kinders is ook as inboekelinge aan Mexikaanse families in Sonora uitgedeel.[24]


---

[22] Taylor Hansen, ‘Pacificación de los Yaquis’, 324-332*, Viljoen, ‘Tribe at war for a century’.
[23] BJV-versameling, poskaart, Ben Viljoen – Myrtle Viljoen, 24 September 1911.
[24] D. V. Meed, *Soldier of fortune: Adventuring in Latin America and Mexico with Emil Lewis Holmdahl* (Houston: Halcyon Press Ltd, 2003), 64-67; Viljoen, ‘Tribe at war for a Century’; W.C. Holden, ‘Studies of the Yaqui Indians of Sonora, Mexico.’, *Texas Technological College Bulletin*, XII/1 (1936), 4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In die Yaquivallei lewe hierdie stam eeue lank al in agt sogenaamde *pueblos*,[25] historiese distrikte met hul eie dorp as middelpunt en wat geleë is in 'n vrugbare strook van 80 km wat strek van oos na wes langs die Yaquiriver tot waar dit suidoos van Guaymas in die Golf van Kalifornië uitspoel. Elke *pueblo* word deur 'n goewerneur regeer wat jaarliks deur al die volwasse Yaquis van die spesifieke distrik verkies word. Die goewerneur se take is 'n kombinasie van dié van burgermeester, regter, diplomaat en godsdienstige leier. Militêre aktiwiteite word behartig deur verkose "generaals", soortgelyk aan die Boere se veldkornette. Terwyl die Yaquis in vroeër jare talryker was, is daar nou slegs ongeveer 2 000 wat in die *pueblos* woon en uit visvang en klein boerdery 'n bestaan maak.[26]

**DIE YAQUIVALLEI**




Maar noord van die Yaquirivier lê die onherbergsame Bacatete bergreeks, waarheen baie Yaquis hul toevlug neem wanneer hulle bedreig word. Daar is maar enkele, moeilik begaanbare passe die berge in, en so min soos tien verdedigers kan 'n pas teen honderde aanvallers verdedig deur rotse op hulle af te rol. Op hierdie tydstip is daar ook nagenoeg 2 000 onversoenbare Yaquis (wat as *broncos* bekend staan) wat hul toevlug hierheen geneem het en al geslagte lank uit roof en plunder 'n bestaan maak. Die vragte voorrade wat goew. Maytorena twee keer 'n maand aan die *broncos* voorsien, het tot dusver in 'n mate die vrede bewaar. Dit is egter 'n korttermynoplossing, want

[25] Hierdie *pueblos* was Belem, Huirivis, Rahum, Potam, Vicam, Torim, Bacum en Cocorit.
[26] Meed, *Soldier of fortune*, 64-67; Viljoen, 'Tribe at war for a century'; Holden, *Yaqui Indians*, 9-10, 13-18.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die staat kan nie vir ewig vir hulle sorg nie. Ben sal nou hierdie weerbarstige *broncos* moet oortuig om hul bergvestings te verlaat om die beloofde grond langs die Yaquiriver te gaan bewerk en in vrede met hul wit bure saam te leef. Om dit te doen sal hy hulle moet oortuig dat Madero opreg is, want talle vorige vredespogings oor baie jare heen het misluk weens regeringsbeloftes wat nie nagekom is nie.[27]



*Hedendaagse foto van Yaquivallei en Bacateteberge.* (Prof. A. Offenburger-versameling)

[27] Taylor Hansen, 'Pacificación de los Yaquis', 321-322*; Viljoen, 'Tribe at War for a Century'; Deeds, *Maytorena (Part 1)*, 35; Meed, *Soldier of Fortune*, 64-67.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## **Eerste pogings**

’n Week ná sy aankoms in Guaymas vergader Ben met die Yaqui *bronco* generaal Valencia en van sy volgelinge by Cruz de Piedra, ’n klein dorpie ongeveer 20 km oos van Guaymas, waar die *broncos* hul voorrade twee keer ’n maand by die regering se pakhuis kom haal. Valencia bring Ben onder die indruk dat hy entoesiasties oor Madero se voorstelle is. Ben stuur nou saam met hom ’n boodskap na die Bacateteberge waarin hy genl. Luis Espinosa, die hoofleier van die Yaquis, asook ander Yaqui generaals en goewerneurs nooi om ’n konferensie met hom by te woon. Maar kapt. Pedro Garcia, wat die Yaqui tolk was by die konferensie die vorige maand met Madero, het reeds uit Mexikostad briewe aan die *broncos* gestuur waarin hy hulle aangesê het om Ben te ignoreer tot hy terugkeer. Volgens Garcia het Madero hom aangestel as die enigste Yaqui verteenwoordiger met wie die Mexikaanse regering sal onderhandel. Garcia het geloofwaardigheid in die oë van sy volksgenote, want hy was die leier van die Yaquis wat vroeër die jaar aan die Maderistas se kant in Chihuahua geveg het.[28] Ben kom hiervan te hore en telegrafeer Madero om Garcia vir tyd en wyl in Mexikostad te hou, aangesien hy ’n baie gevaarlike individu is.[29] Ben versoek Madero ook om aan hom ’n persoonlik ondertekende brief te stuur waarin hy sy aanstelling as vredeskommissaris bevestig.[30]

Ben doen aan die begin van Oktober 1911 aan Madero en goew. Maytorena verslag oor die situasie soos hy dit sien. Na sy mening is 99% van die inwoners van Sonora teen ’n vreedsame oplossing gekant. Ook die weermagoffisiere in die gebied glo dat ’n militêre veldtog so gou moontlik teen die Yaquis geloods moet word. Veral kol. Barrón is ’n groot probleem, want die Yaquis haat hom. Barrón vertel hulle voortdurend dat Madero en Ben nie hul beloftes sal nakom nie, en verkondig ook wyd en syd dat hy van plan is om al die veediewe (lees Yaquis) te hang. Ben versoek Madero dus om Barrón uit Sonora te verplaas. Ook het genl. Velasco en nog 200 soldate nou na die Yaquivallei gekom, terwyl daar reeds meer as 2 000 regeringstroepe hier is, iets wat ’n reeds plofbare situasie net kan vererger. Ben eindig sy verslag aan Madero op ’n klaerige noot. Die drukkende klimaat is baie sleg vir sy gesondheid, verklaar hy, en die omstandighede waarin hy moet leef is primitief en walglik, om die minste te sê. Hy

[28] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 64, lêer 2769, brief, Yaqui leiers – Viljoen, 25 November 1911*.
[29] SHCP, 26748-26750, brief, Viljoen – Madero, 1 Oktober 1911*.
[30] Viljoen, ‘Tribe at War for a Century’.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onderneem egter om sy plig te doen en Madero se opdrag getrou uit te voer, mits sy gesondheid hou.[31]

Ben laat weet genl. Espinosa hierna dat hy heeltemal bereid is om hom en die ander *bronco* leiers in die berge te ontmoet as hulle nie na hom wil kom nie.[32] Die situasie lyk op hierdie tydstip maar sleg, want kort hierna vermoor ’n groep *broncos* ’n wit handelaar en steel sy donkies en perde.[33] Goew. Maytorena is ook bekommerd oor gerugte dat die Yaquis beplan om die wit setlaars in die omgewing van Vicam, een van die Yaqui *pueblos,* aan te val.[34] Madero laat weet darem dat hy Garcia beveel het om Ben nie te ondermyn nie en met hom saam te werk.[35] Maar dit is nie wat Ben versoek het nie, en hy vra weereens vir Madero om Garcia in Mexikostad te hou.[36]

Swaar reëns breek nou uit wat spoor- en telegraafverbindings wegspoel. ’n Siek en gefrustreerde Ben is vasgekeer in Guaymas, sonder enige kontak met die buitewêreld.[37] Eers op 8 Oktober kom daar ’n boodskap uit die Bacateteberge van genl. Espinosa – hy en die ander *bronco* leiers wil nie met Ben vergader totdat Garcia en die ander Yaqui leiers uit die Yucatán teruggekeer het nie. Espinosa wil ook nie hê dat Ben na hulle toe kom nie – hulle sal na hom toe kom sodra al die regeringstroepe en wit grondeienaars uit die Yaquivallei verwyder is.[38] Dit is nuwe eise wat nie by die vergadering in Mexikostad bespreek is nie. Dit is ook eise waaraan nie voldoen kan word nie, want die grondbesitters in die Yaquivallei het titel op die grond en kan nie deur die Mexikaanse regering beveel word om sonder meer hul eiendom prys te gee nie. Die regering kan ook nie sy troepe onttrek en sodoende die wit setlaars weerloos laat nie. Boonop het Ben nou vasgestel dat die grond wat die regering tot sy beskikking het, slegs ’n derde is van wat nodig is om al die Yaquis te hervestig en ook van die swakste grond in die Yaquivallei is.[39] Op hierdie noot vertrek Ben nou na sy huis in La Mesa vir ’n ruskans[40] – sy eerste paar weke as vredeskommissaris het nie juis vrugte afgewerp nie.

---

[31] SHCP, 26748-26750, brief, Viljoen – Madero, 1 Oktober 1911*; CC, José Maria Maytorena Papers, H1967.1, houer 1, TN 26062, brief, Viljoen – Maytorena, 2 Oktober 1911*.
[32] SCHP, 26756, brief, Viljoen – R. Hernandez, 8 Oktober 1911*.
[33] AGN, Fondo Manuel G. Ramirez, vol. 62, p.70, telegram, Maytorena – Viljoen, 3 Oktober 1911*.
[34] Ibid., p.77, telegram, Maytorena – Viljoen, 3 Oktober 1911*.
[35] SHCP, 26747, telegram, Madero – Viljoen, 4 Oktober 1911*.
[36] SHCP, 26753, telegram, Viljoen – Madero, 4 Oktober 1911*.
[37] CC, José Maria Maytorena Papers, H1967.1, houer 1, TN 26067, brief, Viljoen – Maytorena, 7 Oktober 1911*.
[38] SHCP, 26756, brief, Viljoen – R. Hernandez, 8 Oktober 1911*.
[39] Deeds, *Maytorena (Part 1)*, 35-36.
[40] *Sausalito News*, 11 Oktober 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Nog ’n probeerslag**

Ben het skaars by die huis aangekom of hy kry ’n boodskap van Maytorena om met Madero oor die Yaqui aangeleentheid in die noordelike Mexikaanse deelstaat Coahuila te gaan beraadslaag.[41] Madero is pas met ’n oorweldigende meerderheid as president verkies en kuier nou ’n paar dae in sy tuisdorp San Pedro voor sy formele inhuldiging as president oor ’n paar weke.[42] Hier vergader hy en Ben op 23 en 24 Oktober 1911.[43] Madero verseker Ben van sy heelhartige ondersteuning en dat hy sal sorg dat vyandige offisiere soos genl. Velasco van die *Rurales* ook soos kol. Barrón verplaas sal word. Barrón sal wel hierna verplaas word, maar Velasco sal bloot deur sy hoof beveel word om met Ben saam te werk.[44] Madero gee ook goedkeuring dat Ben sy vriend luit. Jack Malan as adjunkkommissaris van die vredeskommissie aanstel. Madero benadruk dat Ben en Maytorena hul uiterste bes moet doen om enige vyandelike aksie teen die Yaquis te voorkom. Elke keer wat die Yaquis roof of plunder moet hulle eerder ’n brief aan die hoofleier, genl. Espinosa, stuur waarin hulle hom op die insident wys en versoek om die skuldiges te straf.[45]

Aan die begin van November is Ben en Anaya terug in Guaymas, hierdie keer vergesel van Jack Malan. Ben en goew. Maytorena ontmoet kort hierna 900 Yaqui *broncos* en van hul leiers by Cruz de Piedra vir ’n vergadering wat Maytorena met hulle versoek het. Genl. Luis Espinosa is egter nie teenwoordig nie. Van die *bronco* leiers is skynbaar gewillig om die verdrag wat hul verteenwoordigers met Madero in Mexikostad gesluit het, te eerbiedig en hulle langs die Yaquiriver te kom vestig. Weereens gee hulle geen ferm onderneming nie – hulle moet eers die res van hul stam gaan raadpleeg. Daar is egter een leier by dié byeenkoms wat net swyg en ’n nors houding inslaan. Dit is genl. José Sibalaume, leier van 300 van die mees onversetlike *broncos.*[46]

---

[41] AGN, Fondo Manuel G. Ramirez, vol. 62, p.233, telegram, Maytorena – Madero, 18 Oktober 1911*. Hierin het Maytorena na sy telegram aan Ben verwys.
[42] Ross, *Madero*, 216.
[43] SHCP 26767, telegram, Viljoen – Madero, 21 Oktober 1911*; AGN, Fondo Manuel G. Ramirez, vol. 62, p.288, telegram, Viljoen – Maytorena, 24 Oktober 1911*.
[44] AHGES, t.2760, telegram, Madero – Viljoen, 13 Oktober 1911*; Taylor Hansen, ‘Pacificación de los Yaquis’*, 324.
[45] AGN, Fondo Manuel G. Ramirez, vol. 62, pp.317-319, Viljoen – Maytorena, 26 Oktober 1911*.
[46] *El Paso Herald,* 8 November 1911.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za



*Ben (voor links) en goew. Maytorena (voor regs).* (*Boletín Fideicomiso Archivos Plutarco Elias Calles y Fernando Torreblanca*, September 1998)

Vyf jaar later het Ben 'n lang artikel oor sy ervarings onder die Yaquis vir *Los Angeles Times* geskryf, waarin hy onder meer hierdie vergadering beskryf het. Hierin het hy soos gewoonlik aangedik, want nou was daar volgens hom 2 000 Yaquis teenwoordig en was dit hy wat die byeenkoms gereël het. Sy latere weergawe van sy optrede is roerend, sou dit geglo kon word:

> We called the whole tribe together in an opening, and from a wagon, through an interpreter, I addressed them. I spoke an hour and forty minutes. I told them the sad story of my own people, and how I was an exile wihout a country, my country having been stolen from us; how I was there on behalf of the President to restore them to their land, so that they did not fight in vain, and showed them how much better off they were than the Boer people. Many, especially elderly Yaquis, wept. Gov. Maytorena said after the meeting that it was the first time in his life that he had seen a Yaqui shed tears.[47]

[47] Viljoen, 'Tribe at War for a Century'.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Luit. Jack Malan.*
(Nicol Stassen-versameling)

Jack Malan neem nou beheer van die aankoop en uitdeel van voorrade aan die Yaquis by Cruz de Piedra, iets wat groot konsternasie onder die handelaars en staatsamptenare van Guaymas veroorsaak, want hy stel gou vas dat 'n klomp van die geld wat die staat bestee in werklikheid verduister word.[48] Ná die vergadering stuur Ben 'n berig aan 'n persagentskap waarin hy verklaar dat hy glo hy 'n blywende vrede sal kan bewerkstellig.[49] Sy strategie nou is om die grond wat deur die regering geoormerk is te begin toeken aan daardie *broncos* wat bereid is om hulle in die Yaquivallei te vestig, van wie hy skat daar ongeveer 200 is. Hy hoop dit sal die ander *broncos* aanspoor om uit die berge te kom. In die volgende paar weke hou hy ook verskeie vergaderings hieroor met die vreedsamer Yaquis in hul *pueblos.*[50] Volgens hulle is dit net die *bronco* generaal Sibalaume en sy volgelinge wat nog roof en moor.[51]

Op 6 November 1911 word Madero as president van Mexiko ingehuldig. Myrtle Viljoen skryf kort hierna uit La Mesa aan sy vrou Sara om haar hiermee geluk te wens. Sy gebruik ook die geleentheid om namens Ben 'n pleidooi te maak.

> Poor General Viljoen is not all well and I am afraid that he will not be able to stay in Sonora. It rains there so much that he is sick most of the time. Will you please tell Mr Madero for me that I wish he would give General another place where the climate is better. Am very much afraid he will get worse where he is. General is the kind of man that will die at his post rather than complain. But I feel it my duty to try to get him away from the damp climate of Sonora… Will be in Guaymas as I am leaving to be with my husband while he is sick.[52]

Op sy beurt stuur Ben nou 'n lang berig oor die situasie aan die *El Paso Herald.* Hierin meld hy dat "generally the outlook for a peaceful settlement is much brighter than ever

---

[48] Ibid.
[49] Sien byvoorbeeld *El Paso Herald*, 8 November 1911 en *Evening Herald* (Albuquerque), 9 November 1911.
[50] AGN Fondo Manuel G. Ramirez, vol. 63, p.287, telegram, Maytorena – Madero, 21 November 1911*.
[51] *El Paso Herald*, 1 Desember 1911.
[52] SHCP, 26769, brief, M. Viljoen – S. Madero, 12 November 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

before".[53] Hy weet egter goed die vooruitsigte is nie so rooskleurig soos hy skilder nie. Die *broncos* wil steeds niks minder hê nie as om al hul oorspronklike grond in die Yaquivallei terug te kry, nie net die stukke regeringsgrond wat Madero aan hulle aangebied het nie. Boonop het die vyandige Pedro Garcia hom nou by hul ingewurm as hul leier in die onderhandelinge met Ben.[54] Verder het die ou Díaz elemente in die weermag nou 800 troepe in die geheim gemobiliseer en beplan hulle om Huírivis, een van die Yaqui *pueblos*, aan te val. Ben kom egter hiervan te hore en laat goew. Maytorena weet, wat net betyds 'n stokkie daarvoor steek.[55] Madero laat weet Ben nou dat hy met party van die *broncos* se leiers na Mexikostad moet kom sodat hulle 'n oplossing kan probeer vind.

**<u>Na die Bacateteberge</u>**[56]

Ben stuur hierna 'n boodskap aan die *bronco* leiers in die Bacateteberge dat hy met hulle wil vergader. Hierdie keer antwoord hulle vinnig – hy kan maar kom as hy wil.[57] Die middag van Sondag, 3 Desember vertrek Ben en sy sekretaris Enrique Anaya te perd vanaf Cruz de Piedra na die *broncos* se bergvesting, vergesel van twee Yaqui gidse asook Pedro Garcia. Ben sal laasgenoemde in 'n latere *Los Angeles Times* artikel beskryf as 'n "renegade Mexican named Pedro, who had been trying to interfere with my negotiations ever since I came on the scene, under pretext that he was a recognized

[53] *El Paso Herald*, 1 Desember 1911. Hierin het 'n brief gedateer 27 November 1911 van Ben uit Guaymas oor hierdie aangeleentheid verskyn.
[54] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 64, lêer 2769, brief, Yaqui leiers – Viljoen, 25 November 1911*.
[55] AGN, Fondo Manuel G. Ramirez, vol. 64, p.28, telegram, Maytorena – Secretario de Gobernacion, 2 Desember 1911*; p.35, telegram, Viljoen – Maytorena, 3 Desember 1911*; p.32, telegram, Maytorena – Ayalam, 3 Desember 1911*.
[56] Tensy anders vermeld is die inligting in hierdie afdeling ontleen aan twee artikels, naamlik 'Indians will confer with Government', *The Arizona Republican*, 14 Desember 1911 en B.J. Viljoen, 'Tribe at war for a century', *Los Angeles Times*, 23 Februarie 1916. Die eersgenoemde korter artikel het enkele dae ná Ben se besoek aan die Yaquis verskyn; die tweede langer een eers vyf jaar later. Die inligting in die eerste artikel is deur Ben verskaf, terwyl hy self die tweede artikel geskryf het. Waar moontlik is die inligting in sy *Los Angeles Times* artikel teen *The Arizona Republican* se inligting gekontroleer, aangesien die vroeër artikel weens Ben se geneigdheid om mettertyd aan te dik meer betroubaar as die later *Los Angeles Times* artikel beskou word.
[57] CC, José Maria Maytorena Papers, H1967.1, houer 1, TN 26068, brief, Viljoen – Maytorena, 1 Desember 1911*.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

leader of the Indians".[58] Die volgende middag bereik hulle die ingang van 'n kloof waar hulle deur 200 gewapende Yaquis ingewag word.

Ná 'n onrustige nag in 'n primitiewe slaapplek vergader Ben en Anaya vroeg die volgende oggend met al die *broncos* en hul leiers. Ben open die verrigtinge met die stelling dat hy na hul vesting gekom het om te hoor op watter grond hulle meen hulle geregtig is, of watter grond hulle sal aanvaar. Hierop antwoord die *broncos* botweg dat hulle hul oorspronklike stamgrond in al agt die *pueblos* in die Yaquivallei wil terughê – Madero het dan die vorige jaar belowe dat alle grond wat in die Díaz-tydperk van Indiane afgeneem is, aan hulle teruggee sal word. Pedro Garcia het ook aan hulle verklaar dat dit sal gebeur. Dié spesifieke bepaling in Madero se manifes was egter baie vaag, en hy het eintlik bedoel die grond van Indiaanse kleinboere wat voorheen onteien is, sal waar moontlik aan hulle terugbesorg word. Madero se familie en baie ander ryk ondersteuners van sy beweging is self groot grondeienaars en hy het nooit grootskaalse onteiening van grond in privaatbesit in die vooruitsig gestel nie. Sy beleid is eerder die ordelike oordrag, aan individuele titelhouers, van staatsgrond of van grond wat die regering by die huidige eienaars kan koop. Maar die Yaquis verstaan nie die konsep van individuele eienaarskap nie – in hul samelewing behoort alle grond aan die stam in sy geheel.[59] Die *broncos* eis verder dat alle wittes uit die agt *pueblas* verwyder moet word en so ook die spoorlyn van die Southern Pacific Railroad Company wat deur die Yaquivallei loop.

Ben verduidelik dat verskeie groot dorpe in die vallei gevestig is sedert hul grond onteien is, en dat die regering nie hierdie mense of die spoorlyn kan verwyder nie. Die regering is egter bereid om, waar dit kan, grond aan hulle te gee. Die *broncos* weier egter om skiet te gee. Ná lang beraadslaging oortuig hy hulle wel om 'n afvaardiging saam met hom te stuur om weereens met pres. Madero in Mexikostad te vergader. Die *broncos* kies nou vier verteenwoordigers, onder meer die hoofleier genl. Luis Espinosa se broer Jose.[60] Hulle dring ook aan dat Pedro Garcia as tolk saamgaan, sekerlik tot Ben se misnoeë, want tot dusver het Garcia alles in sy vermoë gedoen om sy vredesinisiatief te laat skipbreuk ly.

[58] Viljoen, 'Tribe at war for a century'.
[59] C.C. Cumberland, *Mexican Revolution: Genesis Under Madero* (Austin: University of Texas Press, 1952), 208-209; Ross, *Madero*, 240-241.
[60] *El Paso Herald,* 12 Desember 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Ben (middel) en die Yaqui afvaardiging. Reg voor Ben sit sy sekretaris Enrique Anaya, en links van hom Pedro Garcia. Aan Ben se regterkant sit goew. Jose Espinosa.* (BJV-versameling)

**Madero probeer weer**

Twee dae voor Kersdag in 1911 vergader Ben, Maytorena en die Yaqui afvaardiging met Madero in Chapultepec kasteel. Madero doen nou sy bes om die Yaquis aan boord te kry deur hulle te omhels en sy bewondering vir hul dapperheid en ontembare volkswil te betuig. Hy verklaar dat dit sy hartsbegeerte is dat hulle hul in die Yaquivallei vestig en goeie burgers word.[61] Die Yaquis dring nogmaals aan op die herstel van hul oorspronklike stamgrond. Maar behalwe dat Madero nie ’n voorstaander van grootskaalse onteiening is nie, wil sy regering ook nie buitelandse beleggers afskrik nie. Slegs kort tevore het sy regering die Richardson Construction Company van New York se konsessie vir waterregte in die Yaquivallei hernu. Ingevolge die nuwe kontrak moet dié maatskappy as teenprestasie damme, kanale en hidro-elektriese aanlegte in die Yaquivallei bou wat ook tot die staat se voordeel sal wees. Die hernuwing van hierdie konsessie alleen maak dit so te sê onmoontlik vir die regering om genoeg grond vir die

[61] Viljoen, ‘Tribe at war for a century’; *Mexican Herald*, 21 en 27 Desember 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hervestiging van die Yaquis beskikbaar te maak. Daar is dus nie die politieke wil om die nodige verreikende hervormings deur te voer om die Yaqui-probleem werklik eens en vir altyd vreedsaam op te los nie.[62]

Madero probeer nou om ’n kompromisvoorstel aan die Yaqui-afvaardiging te verkoop. Ingevolge sy oorspronklike voorstel ’n paar maande tevore sou lappe staatsgrond oral langs die Yaquirivier aan die Yaquis toegeken word, wat sou beteken het die stamlede word versprei. In stede daarvan bied hy nou aan om vir hulle ’n eksklusiewe gebied van 200 000 hektaar te gee, bestaande uit groot dele van drie van hul agt *pueblos.* Families en meerderjarige Yaquis sal ook op ’n groot gedeelte van hierdie grond titel kry. Verder sal die regering probeer om ander grondeienaars in hierdie gebied uit te koop. Die Yaquis sal ook hul eie leiers kan verkies en hul eie wette in hierdie gebied kan toepas.[63]

Ná Madero talle vrae van die Yaquis beantwoord het, vra hy of hulle sy nuwe aanbod sal aanvaar en aanbeveel. Oudergewoonte antwoord hulle dat hulle eers met die res van hul stam moet beraadslaag. Ten spyte van die Yaquis se ontwykende antwoord, voel Ben en Maytorena seker genoeg van sukses om hierna ’n persverklaring uit te reik dat die Yaqui-probleem nou opgelos is.[64] Ben keer hierna na La Mesa terug, waar hy op 30 Desember aankom om ’n wyle te ontspan.[65]

## **Terugslae en Mexikaanse burgerskap**

Ben se ruskans duur egter nie lank nie. Op 5 Januarie 1912 versoek Maytorena hom om so gou moontlik na Sonora terug te keer – daar broei al weer moeilikheid met die Yaquis. Laasgenoemde se verteenwoordigers het ná hul terugkeer uit Mexikostad hul volksgenote in die Bacateteberge oor Madero se nuwe voorstel ingelig. Die *broncos* was glad nie hiervoor te vinde nie – hulle wil steeds niks minder as hul agt historiese *pueblos* terughê nie. Maytorena verklaar verder hy vermoed Pedro Garcia het ’n rol in hul verwerping van Madero se voorstel gespeel. Volgens Maytorena het die *broncos*

[62] Deeds, *Maytorena (Part 1)*, 34-36.
[63] Viljoen, ‘Tribe at war for a century’; Taylor Hansen, ‘Pacificación de los Yaquis’, 322*; *Mexican Herald*, 24 en 27 Desember 1911; *El Paso Herald,* 30 Desember 1911. Hierdie gebied het gestrek van die mond van die Yaquirivier tot in die noordelike binneland.
[64] *Mexican Herald*, 24 en 27 Desember 1911; *El Paso Herald*, 30 Desember 1911.
[65] *El Paso Herald*, 30 Desember 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ook nou weer tekens begin toon dat hulle binnekort in opstand gaan kom.[66] Ben se gebrek aan entoesiasme vir sy taak blyk daaruit dat hy eers nege dae later na Sonora terugkeer. Op hierdie tydstip is hy nog hoopvol – altans teenoor die buitewêreld – dat hy sake kan beredder. Aan 'n verslaggewer in El Paso verklaar hy op die dag van sy vertrek dat "any wavering among the Indians as to the acceptance of the treaty…is due to misinformation and will soon be peacefully adjusted".[67]

Terug in Guaymas versoek Ben deur middel van 'n boodskapper om weer met genl. Luis Espinosa en al die *broncos* te vergader om eerstehands hul formele reaksie op Madero se voorstelle aan te hoor. [68] Ben verklaar aan die pers dat hy vol vertroue is die Yaquis sal Madero se jongste aanbod aanvaar, aangesien dit baie voordelig vir hulle is.[69] Maar nie almal deel sy skynbare optimisme nie. Die Amerikaanse konsul in Hermosillo deel die Amerikaanse ministerie van buitelandse sake mee dat hy by Enrique Anaya, Ben se sekretaris, gehoor het dat baie *broncos* nooit die wapen sal neerlê of langs die Yaquirivier gaan woon nie. Hy voeg by dat "General Viljoen says he thinks they will all submit, but he is the only one who does think so."[70] En die dag ná Ben sy versoek aan genl. Espinosa stuur, vermoor 'n groep *broncos* vier spoorwegwerkers naby Cruz de Piedra.[71] Ook onderskep die *Rurales* nou 'n brief van genl. Espinosa aan genl. Valencia – wat Ben tot dusver gedink het gewillig is om hom en sy volgelinge langs die Yaqui-rivier te kom vestig – wat aandui dat laasgenoemde met die *broncos* saamsweer om teen die regering in opstand te kom. Hy hoor ook niks van genl. Espinosa oor sy versoek om weer met hom en die *broncos* te vergader nie.[72]

Ook Ben is nou ontnugter deur die Yaquis se gewoonte om een ding te sê, maar dan iets anders te doen. Op 25 Januarie doen hy verslag aan Madero oor wat gebeur het sedert hy na Guaymas teruggekeer het. Hy is nou van mening dat daar 'n deel van die Yaqui stam is want nooit vreedsaam sal wees nie. Al hoop wat hy het, verklaar hy, is

---

[66] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 79, lêer 4, pp.191-192, telegram, Maytorena – A. Gonzales, 5 Januarie 1912*. Abraham Gonzalez, die goewerneur van Chihuahua, was op hierdie tydstip ook die Mexikaanse minister van binnelandse sake. Maytorena het in sy telegram aan laasgenoemde hierdie inligting weergegee.
[67] *Galveston Daily News*, 15 Januarie 1911.
[68] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 79, lêer 4, p.533, telegram, Madero – Gonzales, 17 Januarie 1912*.
[69] *El Paso Herald*, 18 Januarie 1912.
[70] NARA, Record Group 59, dokument 812.00/2714, brief, Hostetter – US Secretary of State, 20 Januarie 1912.
[71] Viljoen, 'Tribe at war for a century'; AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 72, lêer 805-2, pp. 022441- 202442, brief, Viljoen –Madero, 25 Januarie 1912*.
[72] Telegramme tussen genl. Velasco, hoof van die *Rurales* in die Yaquivallei, en vise-goew. Gayou van Sonora. (AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 21, lêer 555-2, p.016226, 22 Januarie 1912.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om die goeie Yaquis van die slegtes te skei. Moontlik het hy nou die strategieë onthou wat die Britte gedurende die Anglo-Boereoorlog gebruik het om die sogenaamde hendsoppers en joiners van die bittereinders te skei. Sou dit nie slaag nie, verklaar Ben, is die enigste oplossing om 1 000 goed bewapende soldate met artillerie die Bactateteberge in te stuur en die onversoenbare *broncos* uit te wis op dieselfde manier as wat die Amerikaners met hul Indiane gedoen het.[73]

Daar is darem ook goeie nuus vir hom, want die ministerie van buitelandse sake staan nou Mexikaanse burgerskap aan hom toe. Om dit te verkry moes hy onderneem om sy Amerikaanse burgerskap prys te gee,[74] 'n aanduiding dat hy nog steeds 'n blink toekoms vir homself in Mexiko sien. 'n Amerikaanse koerant verklaar hieroor dat "it looks a little as if the General were inclined to be a soldier of fortune".[75] In sy lewe het Ben nou al burgerskap van vier lande gehad, naamlik Brittanje, die ZAR, die VSA en nou Mexiko. Hy kom hierna onder skoot van 'n Mexikaanse parlementslid, ene Alberto Crispo, wat verklaar dat daar in sy staat Sonora groot ontevredenheid oor Ben se rol as vredeskommissaris is. Crispo is van mening dat "although General Viljoen has recently become a citizen of Mexico, just as he was at one time a citizen of the United States, or as tomorrow, if he wishes, he may become a citizen of China, [he] should not intervene as leader in one of the most private and delicate subjects of our nation"[76].

**<u>Laaste vredespogings</u>**

Ben en Madero besluit nou in 'n laaste poging om tot 'n vergelyk met die Yaquis te kom om 'n Katolieke sendeling, vader Manuel Piñan, na die *broncos* te stuur.[77] Die Yaquis beoefen 'n eiesoortige vorm van Katolisisme,[78] en die hoop is dat Piñan hulle sal kan oortuig om die regering se hand van vriendskap te aanvaar. Verder word Pedro Garcia na Mexikostad ontbied en van hoogverraad aangekla. Hy word ook verbied om met die Yaquis te kommunikeer. Ben en Madero hoop om sodoende sy invloed oor die

---

[73] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 72, lêer 805-2, pp.022441- 202442, brief, Viljoen – Madero, 25 Januarie 1912*.
[74] *Los Angeles Times*, 23 Januarie 1912; *Rio Grande Republican*, 26 Januarie 1912.
[75] *Harrisburg Daily Independent* (Pennsylvania), 28 Januarie 1912.
[76] *Mexican Herald*, 1 en 9 Februarie 1912.
[77] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 72, lêer 805-2, pp.022441- 202442, brief, Viljoen – Madero, 25 Januarie 1912*; Viljoen, 'Tribe at war for a century'.
[78] Holden, 'Yaqui Indians', 21-24.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

*broncos* uit te skakel.[79] Aanvanklik lyk dit of Ben en vader Piñan se pogings 'n verskil maak, want genl. Espinosa en verskeie ander *bronco* leiers stem hierna in om met 800 van hul volgelinge uit hul bergvesting na 'n kampplek aan die voetheuwels van Bacateteberge te kom. Hier voorsien die regering hulle van kos en ander voorrade tot tyd en wyl grond in die Yaquivallei aan hulle oorgedra kan word. Maar genl. Sibalaume en 300 van sy volgelinge bly in die berge agter en gaan van daar af voort om in die Yaquivallei te roof en moor.[80]

Aan die einde van Februarie laat weet Ben vir Madero dat behalwe vir Sibalaume en sy krygers die Yaquis in die algemeen vreedsaam is. Genl. Espinosa het egter aan hom verklaar dat hy Sibalaume se optrede veroordeel. In die lig van die rustiger situasie versoek Ben dus dat Madero sy dienste elders gebruik waar hy van meer nut kan wees. Hy voeg by dat dit weens sy swak gesondheid vir hom onmoontlik sal wees om die komende somer in Sonora deur te bring, en dat hy in Europa mediese behandeling wil gaan kry. Hy sal dit dus op prys stel as Madero hom vir 'n pos in 'n Mexikaanse konsulaat of ambassade in 'n Europese land soos Duitsland, Rusland, Holland of Swede kan oorweeg. Hy voeg ook sommer by dat hy al daardie lande se tale kan praat, 'n onwaarskynlike stelling.[81]

Maar kort hierna word Ben weereens ontnugter. Espinosa laat weet hom dat hy en sy volgelinge hulle eers langs die Yaquirivier sal vestig wanneer al die witmense en die spoorlyn uit die vallei verwyder is, en al agt *pueblos* aan die Yaquis terugbesorg is.[82] Ben en vader Piñan word ook deur genl. Sibalaume se krygers met 'n sarsie geweerskote verjaag toe hulle probeer om hom te gaan spreek.[83] Dit dring nou uiteindelik tot Ben deur dat die *broncos* nooit van hul oorspronklike eise sal afsien nie – selfs dié wat nou kwansuis vreedsaam is, sal só bly slegs solank die regering hulle van kos en ander voorrade voorsien. Hy besef ook nou dat Espinosa en die ander *bronco* leiers met Sibalaume konkel en hom ondersteun, ten spyte van hulle versekering dat hulle met die regering wil saamwerk.[84]

---

[79] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 79, lêer 4, p.96, telegram, Maytorena – Gonzalez, 28 Januarie 1912*.
[80] *El Paso Herald,* 12 Februarie 1912; *Mexican Herald*, 3 Maart 1912.
[81] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 29, lêer 805-2, p.022439, brief, Viljoen – Madero, 28 Februarie 1912*.
[82] Ibid., p.022451, brief, Espinosa – Viljoen, 5 Maart 1912*.
[83] Ibid., p.022458, brief, Viljoen – Maytorena, 8 April 1912*.
[84] Taylor Hansen, 'Pacificación de los Yaquis', 327*; AGN, Fondo Manuel G. Ramirez, vol. 64, pp.241-242, brief, Viljoen – Madero, 10 Maart 1912*. Vader Piñan het Ben se mening gedeel en op 25 Mei 1912 dieselfde boodskap aan Maytorena oorgedra (L. Alarcón, *José María Maytorena: Una Biografía Política* (Mexikostad: Universidad Iberoamericana, 2008), 150*).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Ben bedank**

Ben gee nou moed op. Aan Madero skryf hy op 10 Maart 1912 dat die Yaqui-probleem slegs opgelos sal kan word deur die *broncos* met geweld te onderwerp. Die doel van die vredeskommissie moet nou eerder wees om die gesprekke met die *broncos* so lank moontlik uit te rek totdat die regering gereed is om 'n militêre veldtog teen hulle te loods.[85] Tien dae later laat weet hy Madero dat die verkoue wat hy die vorige jaar in Juárez opgedoen het, nou as asma gediagnoseer is. Dit en die Yaquivallei se drukkende klimaat veroorsaak dat hy snags nie kan slaap nie. Boonop moes hy sedert sy aanstelling as vredeskommissaris byna sy hele salaris op dokters en medisyne uitgee. Hierdie dokters het hom nou aangeraai om in 'n hoërliggende plek te gaan woon as hy sy lewe wil behou. Hy wil dus sy amp neerlê, en hoop om in 'n ander hoedanigheid vir Madero van nut te wees. Sy voorstel is dat 'n ander onpartydige persoon as vredeskommissaris aangestel word om die vrede te bewaar tot die regering gereed is om die *broncos* met geweld tot oorgawe te dwing.[86] Aan goew. Maytorena dra hy dieselfde sentimente 'n paar dae later oor, en voeg by dat hy in die lig van die huidige delikate situasie met die Yaquis bereid is om tot aan die einde van April as vredeskommissaris te dien. Hy stel Maytorena ook in kennis dat hy vir gesondheidsredes nou vir 'n paar dae na La Mesa gaan.[87]

Kort ná sy aankoms in La Mesa aan die begin van April vererger sy toestand egter en doen hy longontsteking op. Hy laat weet goew. Maytorena nou dat hy weens sy kritieke toestand nie weer sy pos sal kan inneem nie. Hy stel verder voor dat sy bedanking vir so lank moontlik geheim gehou word om te verhoed dat die Yaquis onrustig raak.[88] Hy gee ook nou sy finale gevolgtrekking oor die *broncos*. Volgens hom het geslagte van roof en moor alle menslike gevoelens in hulle uitgedoof. Verder voel hulle beledig deur enige voorstel dat hulle beskaafde norme moet aanvaar, want hulle is verslaaf aan hul "barbaarse" praktyke.[89] Ook vir Madero laat weet hy nou dat hy nie kan voortgaan met sy werk as vredeskommissaris nie. Hy bly egter bereid om hom in El Paso of enige ander hoërliggende plek te dien waar die klimaat beter vir sy

[85] AGN Fondo Manuel G. Ramirez, vol. 64, pp. 241-242, brief, Viljoen – Madero, 10 Maart 1912*.
[86] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 29, lêer 805-2, pp.022444-022445, Viljoen – Madero, 20 Maart 1912*.
[87] Ibid., p.022452, Viljoen – Maytorena, 22 Maart 1912*.
[88] Ibid., p.022454, brief, Viljoen – Maytorena, 8 April 1912*.
[89] Ibid., p.022458, brief, Viljoen - Maytorena, 8 April 1912*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gesondheid sal wees. Hy onderneem ook om, sodra hy beter voel, na Sonora terug te keer en goew. Maytorena te help om 'n geskikte nuwe vredeskommissaris aan te stel.[90]

Hy sal egter nooit weer terugkeer nie. Soos so baie voor hom kon hy geen verskil aan die Yaqui-kwessie maak nie. Eers sewe jaar later sal die Mexikaanse regering die Yaquis oortuigend verslaan en 2 000 van hulle in die Mexikaanse weermag opneem.[91]

[90] Ibid., p.022453, brief, Viljoen - Madero, 8 April 1912*.
[91] Taylor Hansen, 'Pacificación de los Yaquis', 328-329.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 17

# INVALIDE

## (Apr 1912–Sep 1913)

### Mexikaanse erekonsul

Ná Ben later in April 1912 ietwat herstel het, reis hy op pres. Madero se uitnodiging na Mexikostad. Madero wil sy siek vriend help en onderneem nou om vir hom ’n diplomatieke pos in Europa te reël, sodat hy die beste dokters daar kan gaan raadpleeg.[1] Terug in La Mesa verswak Ben se gesondheid weereens. Myrtle laat Sara Madero hiervandaan weet "General Viljoen is not very well am sorry to say. His asthma bothers him every night, and makes him unfit for work."[2] Benewens sy asma en brongitis, ly Ben ook nou al geruime tyd aan ’n maagkwaal, en aan die einde van Mei meld hy aan by die Mira Monte-sanatorium in Nogales, Arizona.[3]

Dié instelling bestaan uit ’n klomp huisies wat oor ’n beskutte terrein versprei is, en adverteer homself as ’n plek waar "all chronic diseases, including mild forms of mental disease are treated".[4] Om sy maagkwaal te behandel word Ben nou weke lank aan ’n strawwe dieet onderwerp, wat onder meer behels dat hy elke dag ten minste nege liter melk op sy rug moet inneem.[5] Hier hoor hy nou dat hy as erekonsul in Breslau,

---

**Nota – Spaanse dokumente word in die voetnotas aangedui met ’n asterisk (*).**

[1] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 29, lêer 805-2, p.022457, brief, Madero - Viljoen, 20 April 1912*; houer 99, lêer 22, pp.99623-22z, brief, Espinosa - Viljoen, 26 April 1912*; houer 29, lêer 805-2, p.022455, brief, Viljoen - Madero, 28 Mei 1912.
[2] SHCP, 26772, brief, M. Viljoen – S. Madero, 23 Mei 1912.
[3] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 29, lêer 805-2, p.022455, brief, Viljoen - Madero, 28 Mei 1912*. Ben het hierdie brief op die briefhoof van die Mira Monte sanatorium geskryf.
[4] *The Oasis* (Arizola, Arizona), 29 Junie 1912. In hierdie uitgawe verskyn ’n advertensie van die Mira Monte Sanatorium waaruit hierdie beskrywing ontleen is.
[5] *Rio Grande Republican*, 9 Julie 1912; *The Republic* (Columbus, Indiana), 17 Oktober 1912. In laasgenoemde het ’n onderhoud verskyn wat met Ben in Augustus 1912 in New York gevoer

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

hoofstad van die provinsie Silesië in Pruise, aangestel is.[6] Sy aanstelling is egter slegs ’n tydelike een wat ses maande vanaf sy aankoms in Breslau sal duur.[7] Ná vyf weke in die Mira Monte-sanatorium keer Ben na La Mesa terug. Vir Madero laat weet hy dat sy gesondheid nog nie noemenswaardig verbeter het nie, maar dat hy so gou moontlik na Duitsland wil vertrek waar dokters hom hopelik sal kan help. Hy voeg by dat hy ’n kenner van elke tipe wapen is en dat hy hoop Madero sal van sy dienste in hierdie verband gebruik maak, al is hy in Duitsland.[8]

## Benarde geldsake

Ben se maagkwaal het teen hierdie tyd verbeter, maar sy asmaprobleem het weer opgevlam. Vir verligting vertrek hy en Myrtle op 9 Julie 1912 na die dorpie Cloudcroft elders in Nieu-Mexiko, wat met sy ligging van 2 600 m bo seevlak een van die hoogste plekke in die VSA is.[9] Ben het nou maande laas ’n salaris verdien, en boonop het sy voortdurende besoeke aan dokters in Sonora en Nieu-Mexiko, asook sy verblyf in die sanatorium, hom ’n klomp geld uit die sak gejaag. Vanselfsprekend kon hy vir langer as ’n jaar ook nie inkomste uit sy en Harry Hannum se eiendomsagentskap verdien nie.

Verder het die Mexikaanse ministerie van buitelandse sake hom ingelig dat daar geen salaris aan sy pos as erekonsul verbonde is nie, maar dat hy wel ’n deel van die gelde wat hy van die publiek in Breslau vir sy konsulêre dienste ontvang vir homself mag hou.[10] Dit is nie wat hy in gedagte gehad het nie, want dit sal beteken dat hy aktief by konsulêre aangeleenthede betrokke moet raak, terwyl sy en Madero se verstandhouding is dat hy eintlik na Duitsland gaan om mediese behandeling te kry. Madero gryp nou in en kort hierna hoor Ben van die Mexikaanse minister van buitelandse sake dat hy ’n vaste salaris van 500 peso’s (R50 000) per maand sal

is toe hy na Duitsland onderweg was, en waarin hy na hierdie behandeling in die Mira Monte sanatorium verwys.

[6] AHGE, Fondo Revolucion Mexicana, lêer 5-19-24, p.1, telegram, Viljoen – P. Lascurain (Mexikaanse minister van buitelandse sake), 30 Junie 1912*. Breslau het ná die Tweede Wêreldoorlog deel van Pole geword, en staan vandag as Wroclaw bekend.

[7] Ibid., p.40, P. Lascurain memorandum, 1 Oktober 1912*.

[8] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 99, lêer 22, pp.99623-22zb, brief, Viljoen – Madero, 8 Julie 1912*.

[9] *Rio Grande Republican*, 9 Julie 1912.

[10] AHGE, Fondo Revolucion Mexicana, lêer 5-19-24, p.3, brief, P. Lascurain – Viljoen, 11 Julie 1912*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verdien.[11] Hierdie buitengewone behandeling wat hy as 'n erekonsul kry, lei egter tot misnoeë onder die amptenary in die Mexikaanse departement van buitelandse sake, insluitend die hoof van konsulêre dienste, A.V. Lomeli.[12]

Ná twaalf dae in Cloudcroft keer Ben en Myrtle na La Mesa terug.[13] Ben wil dadelik na Europa vertrek, maar die Mexikaanse departement van buitelandse sake sloer met sy reistoelae van 1 335 peso's (R133 500). Eers nadat hy die Mexikaanse minister van buitelandse sake laat weet sy gesondheid is so sleg dat hy onmiddellik vir mediese behandeling na Duitsland moet vertrek, word dit oorbetaal.[14] Sy kontantvloei bly egter benard en hy wend nou 'n poging aan om die Suid-Afrikaanse regering te oorreed om aan hom 'n staatspensioen te betaal. Hy reël dat 'n petisie ten behoewe van hom deur 11 Boeremans in die Mesillavallei, hoofsaaklik lede van die Viljoen en Snyman families, onderteken word. Hierin verklaar sy familie en vriende dat hulle voel die Suid-Afrikaanse regering moet sorg vir oud-Boereoffisiere soos Ben wat hul gesondheid vir hul volk in die stryd teen die Britse ryk opgeoffer het. Volgens hulle is sy senustelsel so erg deur sy verwonding by Vaalkrans beskadig dat sy gesondheid nooit herstel het nie. Hulle kan ook getuig dat Ben al 'n jaar lank 'n volslae invalide is, sonder enige hoop op herstel, en hulle voel dat "het een heilige plicht is van het volk van Zuid Afrika om voor er voor ziening temaken [sic]".[15] Hulle wys Botha ook daarop dat staatspensioene betaal word aan mense soos die Hollander dr. Willem Leyds, die voormalige ZAR staatsekretaris, wat tog nie groter dienste as Ben aan die land gelewer het nie.[16] Ben stuur hierdie petisie 'n dag voor sy vertrek na Europa aan Botha, met 'n dekbrief waarin hy die omvang van sy finansiële en gesondheidsprobleme ietwat oordryf:

> Ik ben geheel een invelied en is er geen vooruitzicht voor herstel dat is wat de beste geneesheren my zeggen, en het eenigste troost dat men my geef is dat als ik onmiddelyk naar Berlyn gaan de Duitsche specialisten door een operatie aan de maag en nieren myn leven voor een of twee jare kan verlingen, dus vertrek ik heden na alles uitverkocht te

[11] Ibid., p.11, memorandum van P. Lascurain, 19 Julie 1912*.
[12] Ibid., p.2, interne memorandum van Mexikaanse ministerie van buitelandse sake, 27 Augustus, 1912*.
[13] *El Paso Herald*, 20 Julie 1912.
[14] AHGE, Fondo Revolucion Mexicana, lêer 5-19-24, p.22 en p.24, telegramme, Viljoen – Lascurain, 26 Julie 1912*; El Paso Mexikaanse konsulêre diens – Viljoen, 27 Julie 1912*.
[15] SAB, MEM, vol. 1/2, Privaatsekretaris Genl. L. Botha, Petisie aan L. Botha, 25 Julie 1912. Hierdie petisie is onderteken deur Ben se pa Wynand, sy broers Wynand en Jan, ses Snyman familielede, asook sy vriende Bismarck Dreyer en kapt. Nicolas van Gass.
[16] Ibid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> hebben om de kosten de dekken van de reis en behandeling…mag ik U Ed Gestg verzekeren dat het voor my niet langer mogelyk is een bestaan te maken want ik niet meer zonder hulp bewegen en ik doet deze beroep door U Ed Gestg daar gy toch bekend zyn met de oorzaak van myn toestand, namelyk de verwonding te Vaalkrans aan de Tugela waarvan ik nooit heeft hersteld kunnen worden ten spyte van al myn pogingen.[17]

Van ’n maag- of nieroperasie is daar op hierdie tydstip egter geen sprake nie en Ben kan ook nog op eie stoom rondbeweeg, ten spyte van wat hy vir Botha skryf. Dit is ook die eerste woord daaroor dat sy gesondheidsprobleme aan sy harsingskudding by die slag van Vaalkrans toegeskryf kan word. In die jare daarna het hy sonder probleme voortgeveg, die wêreld vol gereis, in die Boereoorlogskouspel opgetree, asook in Mexiko en Nieu-Mexiko ’n aktiewe lewe gelei. En in teenstelling met wat hy nou aan Botha skryf, het hy pres. Madero ’n paar maande tevore vertel dat die oorsaak van sy gesondheidsprobleme ’n swaar verkoue is wat hy die vorige jaar met die beleg van Juárez opgedoen het. Dit is ook ’n wolhaarstorie dat hy al sy eiendom moes verkoop om sy reis te finansier – die Mexikaanse regering betaal sy reiskoste, en hy besit hierna nog dieselfde eiendom wat hy tans en die vorige jaar besit het, naamlik 30 akker landbougrond naby La Mesa en ’n huis op ’n erf van 2 akker in dié dorp self.[18]

## **“Ignorance Abroad”**

Op 6 Augustus 1912 vertrek Ben en Myrtle per trein uit El Paso na New York. Ben besluit om hul reiservaringe in ’n dagboek aan te teken, wat hy ná hul terugkeer die titel “Ignorance Abroad, and the retreat home” sal gee. Van New York vertrek hulle as eersteklaspassasiers op die skip *SS Amerika* na Hamburg. Dit is een van die luuksste en modernste passasierskepe ter wêreld, met ’n elektriese hyser tussen sy dekke en ’n *à* la carte-restaurant wat van vroegoggend tot laatnag ’n verskeidenheid disse aanbied.[19] Soos met sy vorige skeepsreise is Ben die eerste paar dae seesiek. Hierna verbeter sy

---

[17] Ibid., brief, Viljoen – Botha, 5 Augustus 1912. Spel- en grammatikafoute onveranderd gelaat.
[18] County Clerk’s Office, Dona Ana County, Las Cruces, Tax Assessment Rolls 1911, 1912 en 1913, Chamberino. In 1911 en 1912 was die belastingwaardasie van hierdie eiendomme $1 080 (R216 000), en in 1913 is dit op $3 651 (R730 000) herwaardeer.
[19] ‘USS *America* (ID-3006)’, Wikipedia (geraadpleeg 18 November 2017).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gesondheid en kan hy nou selfs aan dekspeletjies deelneem en saam met Myrtle opvoerings bywoon.[20]

Die aand van 25 Augustus kom hy en Myrtle by die hawedorp Cuxhaven in Noord-Duitsland aan. Van hier af moet hulle per trein na Hamburg toe reis. Eers moet hulle egter die "painful ceremony of tipping" trotseer, soos Ben dit bestempel, met die skeepsbemanning wat in 'n lang ry vir hul fooitjies staan en wag terwyl die passasiers die skip verlaat. Tydens die twee dae wat Ben en Myrtle in Hamburg deurbring, onderneem hulle verskeie besigtigingstoere en woon 'n verskeidenheidskonsert by. Hulle sien ook een van die beroemde Zeppelin-lugballone wat 'n passasiersdiens tussen Hamburg en verskeie ander Duitse stede bied. Ben sukkel egter om die Duitsers te verstaan, ten spyte van sy vroeëre versekering aan Madero dat hy Duits magtig is. Hierna reis hulle verder na Berlyn, waar hulle tuisgaan in die peperduur hotel Palast op die beroemde straat Unter den Linden. Hier besoek hulle ook besienswaardighede soos die Tiergarten, Keiser Wilhelm II se paleis en die Reichstag.[21]

Vroegmiddag op Vrydag, 30 Augustus 1912 lê Ben en Myrtle die sowat 350 km lange treinrit ooswaarts van Berlyn na Breslau af, waar hulle nog dieselfde aand aankom en by die Hotel du Nord reg oorkant die stasie inboek. Vandag staan dié stad as Wroclaw bekend nadat Duitsland die gebied waarin dit geleë is ná die Tweede Wêreldoorlog aan Pole moes afstaan. In 1912 is dit egter nog deel van die groter Duitse ryk en is die sowat 600 000 inwoners oorwegend Duitssprekend. Ben se onvermoë om Duits behoorlik te praat of te verstaan, bly egter 'n probleem en hy merk in sy dagboek op "Oh for someone to speak an American word to."[22]

## Erekonsul in Breslau

Die dag ná hul aankoms gaan soek hulle na die waarnemende Mexikaanse erekonsul, 'n Duitser genaamd Paul Phillip. Ná 'n gesukkel om aanwysings te kry by mense wat hulle nie verstaan nie, kry hulle Phillip, "a tall impressive German with shaven hair" wat ook nie 'n woord Engels kan verstaan nie, by sy woonstel. Ben handel nou die nodige skriftelike formaliteite af om die konsulskap oor te neem, 'n vereiste om sy salaris te

[20] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, inskrywings deur Ben tussen 15 en 24 Augustus 1912.
[21] Ibid., inskrywings deur Ben tussen 25 en 29 Augustus 1912.
[22] Ibid., 30 Augustus 1912.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kan ontvang.[23] Hy is egter nie van voorneme om lank hier te bly nie en merk die volgende dag in sy dagboek op dat "[w]e are still in Breslau, this is not our fault [as] we would have left long since but we are unable to control our financial welfare and must therefore abide yet awhile in Breslau."[24] Hy wag nou op sy eerste maand se salaris om die mineraalbaddens by die wêreldbekende Karlsbad te gaan besoek en dokters daar te raadpleeg, 'n voorneme wat hy reeds vroeër die maand aan 'n verslaggewer in New York uitgespreek het.[25]

Soos in Hamburg en Berlyn besoek Ben en Myrtle hier ook in die eerste paar dae die stad se besienswaardighede. Breslau het tot stand gekom op 'n plek waar die Oderrivier vertak en twaalf eilande vorm, met die verskillende dele van die stad wat met meer as honderd brûe verbind is. Van die dek van 'n toerboot lyk Breslau of dit op water gebou is, die rede hoekom dit as die Venesië van die noorde bekend staan. Maar dit is herfs, en Ben merk in sy dagboek op "It is raining again today and Breslau seems cold and gloomy and we are feeling symptoms of homesickness." Hul hotel is te duur vir hul beperkte fondse en ná 'n paar dae besluit hulle om na 'n losieshuis by Tiergartenstrasse 89 naby die dieretuin te verhuis. Hier word hul etes in hul kamer bedien, klein porsies waaroor Ben in sy dagboek kla.[26]

Hy sit ook nou sy veldtog voort om 'n pensioen van die Suid-Afrikaanse regering te kry. Twee dae ná sy aankoms in Breslau skryf hy aan genl. Christiaan Beyers, 'n voormalige oorlogskameraad wat nou die hoof van die Unieverdedigingsmag is en tans in hierdie kapasiteit op besoek aan Londen is. Ben lig Beyers oor sy gesondheidsituasie in, en versoek hom om sy saak by genl. Louis Botha te bepleit, iets wat Beyers hierna sal onderneem om te doen wanneer hy na Suid-Afrika terugkeer.[27] Hy skryf ook 'n brief met dieselfde strekking aan genl. P.R. Viljoen in Transvaal, wat ook later namens hom by Botha navraag sal doen.[28]

---

[23] Ibid., 31 Augustus 1912; AHGE, Fondo Revolucion Mexicana, lêer 5-19-24, p.39, brief, Viljoen – Ministerie van buitelandse sake, 9 September 1912*.

[24] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, 1 September 1912.

[25] *The Republic* (Columbus, Indiana), 17 Oktober 1912. Alhoewel hierdie berig eers meer as twee maande ná Ben se vertrek na Europa verskyn het, is dit 'n opsomming van 'n onderhoud wat in New York voor sy vertrek met hom gevoer is.

[26] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, inskrywings deur Ben tussen 1 en 3 September 1912.

[27] Prof. A. Offenburger-versameling, brief, Beyers – Viljoen, 21 September 1912. Beyers het in hierdie brief uit Londen na Ben se versoek van 2 September 1912 verwys. Andrew Offenburger het hierdie brief gekry by Joann Ganoe, 'n kleindogter van beide Gert Snyman en Ben se oudste suster Mimmie van Dyk.

[28] SAB, MEM 1/2, Privaatsekretaris Genl. L. Botha vol. 102, brief, P.R. Viljoen – L. Botha, 15 September 1912.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za




*Straat waar Ben en Myrtle in Breslau gewoon het. Myrtle het onder aan die foto geskryf "where we lived in Breslau".* (BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek)

Breslau se nat en koue weer vererger Ben se asma, en Myrtle moet nou vir ’n paar dae dagboek hou terwyl hy siek in die bed lê. ’n Spesialis kom sien hom ’n paar dae ná sy 44ste verjaarsdag en raai hom aan om iewers heen te gaan waar die lug gesonder is. Myrtle merk ietwat weemoedig in sy dagboek op dat die “weather [is] still gloomy and we are a little lonesome”.[29] Tien dae later het Ben sodanig herstel dat hy weereens self sy dagboek kan hou. Dit reën nou meeste van die tyd en word al hoe kouer, wat hom en Myrtle verplig om in hul losieshuiskamer te bly wanneer hulle nie doelloos kan ronddwaal nie.[30] Op 15 September is hy weer so siek dat hy weereens vier dae in sy losieshuisbed moet deurbring. Dit is die laaste strooi. Toe hy weer op die been is, besluit hy en Myrtle om “Breslau and its nasty climate” onmiddellik te verlaat.[31] Hy reël nou dat Paul Phillip in sy afwesigheid weer as konsul waarneem en versoek A.V. Lomeli, die hoof van Mexikaanse konsulêre dienste in Mexikostad, dat twee of drie

[29] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, inskrywings deur Myrtle tussen 4 en 11 September 1912 .
[30] Ibid., inskrywings deur Ben tussen 12 en 14 September 1912 .
[31] Ibid., inskrywings deur Myrtle tussen 14 en 19 September 1912 .

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maande se salaris vooruit aan hom betaal word omrede hy dringend geld nodig het. Ben maak seker dat Lomeli weet hy het vriende in hoë plekke, want hy vra Lomeli om sy brief ook aan sy vriend pres. Madero te wys.[32] Om dubbel seker te maak sy versoek kry op die hoogste vlak aandag, kry Ben ook vir Myrtle sover om aan Madero se vrou oor hul geldnood te skryf.[33] Hulle verlaat Breslau ná skaars drie weke in dié stad.

**Platsak in Karlsbad**

Ben en Myrtle kom die aand van 22 September 1912 in die skilderagtige hersteloord Karlsbad aan wat in die berge van Wes-Boheme geleë is.[34] Tans staan dié dorp as Karlovy Vary bekend en is in die Tsjeggiese Republiek, maar soos Breslau is dit in 1912 nog deel van Duitsland. Op hierdie tydstip is Karlsbad die beroemdste gesondheidsoord in Europa, en is dit die vorige jaar deur 71 000 toeriste besoek.[35] Dit is egter nou die einde van die toeristeseisoen en volgens Ben "only a few stragglers are left behind to be plundered by the Israelitish parasites which infest Carlsbad".[36] Die meeste hotelle en losieshuise het ná die toeristeseisoen gesluit en eers ná 'n gesukkel kry Ben en Myrtle 'n kamer in die gastehuis Stadt Gotha reg oorkant die Kaisersbad, 'n bekende spa.[37]

Maar hy en Myrtle vind ook Karlsbad koud en mistroostig. "The great mecca of many millions before us strikes us as uninviting" teken hy in sy dagboek aan.[38] In 'n brief aan 'n vriend in Amerika kla hy oor hoe duur Karlsbad is en hoe geldgierig almal is, die dokters inkluis. "Carlsbad is the fashionable resort of all Europe, and those who come are expected to have imaginary ailments and real pocket books, and one must be prepared to dish out the coin invisibly, frequently and ungrudgingly; that is just where I miscued. I have a real ailment and an imaginary pocket book…why the Mexicans and

[32] AHGE, Fondo Revolucion Mexicana, lêer 5-19-24, p.45, brief, Viljoen – A.V. Lomeli, 20 September 1912.
[33] SCHP, 26776, brief, M. Viljoen – S. Madero, 6 Oktober 1912. Hierin het Myrtle verwys na haar vorige brief oor hul geldnood aan mev. Madero, en haar versoek om hul dank in hierdie verband aan haar man oor te dra.
[34] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, inskrywing deur Ben op 22 September 1912.
[35] 'Karlovy Vary', Wikipedia (geraadpleeg op 20 November 2017).
[36] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, inskrywing deur Ben op 22 September 1912.
[37] Ibid.
[38] Ibid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bunco[39] men in Juarez have something to learn if they wish to get in the same street with the Karlsbad parasites."[40]




*Uitsig oor Karlsbad.* (BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek)

Weer word Ben nou deur 'n asma-aanval platgetrek en moet hy twee dae in die bed deurbring. Gedurende die vyf dae wat hy en Myrtle in Karlsbad vertoef reën dit ook onophoudelik, wat hulle soos in Breslau weereens noodsaak om meestal binnenshuis te bly. Tydens hul verblyf hier gaan sien Ben drie verskillende dokters, maar geeneen het raad nie. 'n Amerikaanse dokter wat hier op besoek is, raai hom aan om eerder na Bad Reichenhall in Beiere te gaan, waar volgens hom asma wetenskaplik behandel word.[41] Ben en Myrtle pak nou maar weer hul tasse.

---

[39] Amerikaanse slengterm vir 'n swendelaar.
[40] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, artikel, Viljoen – Corn Tassel, September 1912. Hierdie brief het as 'n artikel in 'n koerant verskyn waarvan die titel op die uitknipsel in Ben se dagboek ontbreek. Waarskynlik is "Corn Tassel" (die pluim van 'n mielie) 'n skuilnaam; Ben self het sy brief as "Ever thine Stringbean" onderteken.
[41] Ibid., inskrywings deur Ben op 22 en 27 September 1912.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## Droewige dae in Bad Reichenhall

Op 29 September 1912 bevind hy en Myrtle hulle in die dorpie Bad Reichenhall in die Beierse Alpe naby Salzburg, en wat Ben in sy dagboek beskryf as 'n kleiner weergawe van Karlsbad.[42] Derduisende asmalyers kom jaarliks hierheen om in soutbaddens te week en die kwansuis osoonryke berglug in te asem in die hoop dat dit hul gesondheid sal verbeter. Die dag ná hul aankoms gaan sien Ben ene dr. Dresdner, een van Bad Reichenhall se vele dokters en 'n bekende asma-spesialis. Die Duitse geneesheer se diagnose is onomwonde – Ben het 'n poliep, 'n groeisel in sy neusholte, wat sjirurgies verwyder moet word, want dit belemmer sy asemhaling en vererger sy asma. Dr. Dresdner voel egter ook dat in Ben se huidige toestand sy hart nie opgewasse is vir dié operasie nie en hy moet eers sy kragte opbou.[43]

Ben en Myrtle gaan nou sommer tuis by dr. Dresdner se sanatorium, die Villa Romana, 'n paar minute se stap van die stasie af.[44] In Ben se kamer word twee suurstoftenks geplaas wat hom help om asem te haal wanneer sy asma te erg raak.[45] Vir sy seun Eugène, nou 21 jaar oud en 'n telegrafiestudent in die Amerikaanse deelstaat Indiana, laat weet Ben "I am in this Sanatorium and will be operated on as soon as my heart is strong enough to stand it, am quite ill and in the room if not in bed."[46] By iemand hoor hy egter dat sy voormalige oorlogskameraad kapt. Adolf Schiel hier begrawe is, en hy skraap genoeg krag bymekaar om die verwaarloosde graf te gaan besigtig.[47] Hy en Schiel het saam by Elandslaagte geveg en het mekaar laas tydens hul krysgevangenskap op St. Helena gesien. Schiel, 'n gebore Duitser, het in die somer van 1903 'n siek pres. M.T. Steyn na Bad Reichenhall vergesel.[48] Terwyl Schiel gesond in Bad Reichenhall aangekom het, het hy egter 'n paar maande later hier aan 'n hartaanval beswyk, iets wat die reeds siek Ben sekerlik nie positief stem nie.

---

[42] Ibid., inskrywing deur Ben op 29 September 1912.
[43] Ibid., inskrywing deur Ben op 30 September 1912.
[44] Ibid., asook inskrywings deur Myrtle op 14 en 30 Oktober 1912. Die Villa Romana se ligging by Rinckstrasse 6, Bad Reichenhall, is verkry van 'Liste der Baudenkmäler in Bad Reichenhall', Wikipedia (geraadpleeg op 21 November 2017).
[45] SAB, MEM, vol. 1/2, Privaatsekretaris Genl. L. Botha, brief, Viljoen – Botha, 9 Oktober 1912.
[46] JV-versameling, poskaart, Ben Viljoen – Eugène Viljoen, 10 Oktober 1912.
[47] SAB, MEM, vol. 1/2, Privaatsekretaris Genl. L. Botha, brief, Viljoen – Botha, 9 Oktober 1912. Die inwoners van Bad Reichenhall het later vir Schiel 'n indrukwekkende grafsteen opgerig wat vandag in die kerkhof van Kirche Bad Reichenhall geleë is.
[48] L. Koorts, *DF Malan en die opkoms van Afrikaner-Nasionalisme* (Kaapstad: Tafelberg, 2014), 62.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za




*Die sanatorium in Bad Reichenhall waar Ben meer as 'n maand deurgebring het. Myrtle het onder aan die poskaart geskryf "where we are living".* (BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek)

Madero het intussen namens sy vriend ingegryp, want Ben hoor nou van A.V. Lomeli dat 'n plaaslike bank opdrag gegee is om ses maande se salaris aan hom uit te betaal.[49] Die nuus kom op 'n geleë tyd, want op 9 Oktober ontvang Ben 'n brief van genl. Louis Botha wat hom in kennis stel dat die Unieregering nie by magte is om pensioene aan voormalige Boereoorlogoffisiere toe te ken nie.[50] Ten spyte daarvan dat hy kort tevore ses maande se salaris ontvang het, skryf Ben dieselfde dag nog aan Botha dat dit hom spyt dat geen hulp aan hom verleen kan word nie, want hy moes al sy eiendomme verkoop om vir sy mediese kostes te betaal. Hy weet ook nie hoe hy sy uitgawes in Bad Reichenhall gaan dek of na die VSA sal kan terugkeer nie. Hy versoek

---

[49] SCHP, 26776, brief, Myrtle Viljoen – Sara Madero, 6 Oktober 1912. Hierin het Myrtle verwys na haar vorige brief aan mev. Madero oor hul geldnood, en haar in kennis gestel dat Ben nou sy salaris van die Mexikaanse departement van buitelandse sake ontvang het.. Sien ook briewe in AHGE, Fondo Revolucion Mexicana lêer 5-19-24, p.40, P. Lascurain – A.V. Lomeli, 1 Oktober 1912*, asook p.44, A.V. Lomeli – Viljoen, 3 Oktober 1912*. Die bedrag was 3 000 peso's (R300 000), en Ben het die ekwivalente bedrag van 6 225 Duitse mark op 10 Oktober 1912 by Bayerische Bank in Bad Reichenhall onttrek (Prof. A. Offenburger-versameling, bankwissel ten gunste van B.J. Viljoen, 10 Oktober 1912).

[50] SAB, MEM, vol. 1/2, Privaatsekretaris Genl. L. Botha, brief, Botha – Viljoen, 13 September 1912. Alhoewel Botha hierdie brief die vorige maand geskryf het, het hy dit na Breslau gestuur en hiervandaan is dit na Ben in Bad Reichenhall aangestuur, wat dit volgens sy opvolgbrief aan Botha op 9 Oktober 1912 ontvang het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Botha dus om weereens sy versoek gunstig te oorweeg, en versoek dat "ik toch verder van u hooren, het beurt my op, want ik ben zeer eenzaam en teneergeslagen." [51]

Op 14 Oktober besluit dr. Dresdner dat Ben se hart sterk genoeg is vir hom om sy neusoperasie te ondergaan. Maar omdat hy te swak is om genoeg verdowing toegedien te word, gaan staan sy hart byna tydens die operasie weens skok en swaar bloeding.[52] Vir die volgende drie weke is hy weereens bedlêend, met sy asma wat ten spyte van die operasie nie noemenswaardig verbeter nie. Myrtle hou nou weer sy dagboek en aan die einde van Oktober meld sy dat "the season is closed here, and this is the only villa open, so with the closed houses and continual bad weather and the Genl. not improving as he should we are very blue".[53] Om alles te kroon begin dit nou sneeu en gaan Villa Romana binnekort vir die winter sluit. 'n Paar dae later het Ben se toestand tog effens verbeter en hy en Myrtle besluit om nou maar na die hawestad Genoa in Italië te vertrek waar dit warmer is.[54] Ben stel Lomeli hiervan in kennis en lig hom in dat sodra hy gesond genoeg is om die skeepsreis aan te pak, hy na Amerika gaan terugkeer om spesialiste in New York en Philadelphia te raadpleeg.[55]

## **Huiswaarts**

Myrtle en 'n siek Ben vertrek op 5 November 1912 per trein uit Bad Reichenhall en kom vier dae later in Genoa aan, waar hulle in 'n hotel naby die hawe tuisgaan.[56] Ben gaan sien die volgende dag 'n Duitse dokter by die Protestantse Hospitaal aan die buitewyke van die stad. Dr. Wild se bevinding is dat Ben se hart verswak is weens die bloedverlies en senu-inspanning wat hy tydens sy neusoperasie in Bad Reichenhall ondervind het. Hy merk ook op dat sy pasiënt mismoedig en terneergedruk is. Sy advies is dat Ben so gou moontlik na sy huis en familie en vriende moet terugkeer, want slegs

[51] Ibid., Viljoen – Botha, 9 Oktober 1912.
[52] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, inskrywing deur Myrtle op 14 Oktober 1912; SHCP, 26778, brief, Myrtle Viljoen – Sara Madero, 15 November 1912.
[53] Ibid., inskrywing deur Myrtle op 30 Oktober.
[54] Ibid., inskrywings deur Myrtle 1 en 4 November 1912.
[55] AHGE, Fondo Revolucion Mexicana, lêer 5-19-24, p.50, brief, Viljoen – Lomeli, 3 November 1912.
[56] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, inskrywings deur Myrtle tussen 5 en 8 November 1912.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wanneer hy hom in omstandighede bevind waarmee hy gemaklik en vertroud is en sy gemoed en senuwees weer kalm is, kan hy hoop op ’n verbetering.[57]

Ben en Myrtle koop dieselfde dag nog eersteklaskaartjies op die passasierskip *Cincinatti* wat oor tien dae na New York vertrek.[58] Myrtle skryf hierna aan mev. Madero dat Ben se toestand nou erger as ooit tevore is – hy is bedlêend en moet homself adrenalien toedien om aan die lewe te bly.[59] Maar die Mexikaanse burokrasie is ongelukkig met Ben, wat nou op sy siekbed ’n brief ontvang van A.V. Lomeli wat hom berispe omrede hy nie amptelike toestemming gekry het om sy pos in Breslau te verlaat nie.[60] Ben antwoord Lomeli dat sy gesondheid hom geen keuse gelaat het nie, en bied ook sommer sy bedanking as konsul aan sou Lomeli dit wou hê.[61] Lomeli laat nie op hom wag nie en aanvaar Ben se bedanking. Hierna sal Lomeli sonder sukses poog om Ben se vooruitbetaalde salaris by hom terug te kry, totdat Madero weer ingryp.[62]

Op 20 November vertrek Ben en Myrtle op die *Cincinatti*.[63] Aan boord skryf Ben aan sy seun Eugène “I am sick as a dog and can just hold my head up. The asthma is trying to kill me.”[64] En in sy dagboek teken Myrtle aan dat “I am sure two more homesick people never left the harbour at Genoa.”[65] Dertien dae later gaan hulle aan wal in New York, vier maande nadat hulle hiervandaan na Europa vertrek het. Die reis was ’n mislukking, want Ben gesondheid is nou slegter as ooit. In New York raak hy weer siek en hy en Myrtle moet eers ’n paar dae hier vertoef voor hulle die treinrit huiswaarts kan aanpak. Vir Enrique Anaya, sy voormalige sekretaris in Sonora, en nou die Mexikaanse konsul in Tuscon, Arizona, laat weet hy uit New York dat hy gaan “retire from adventurous and diplomatic pursuits” om sy laaste jare in La Mesa deur te bring.[66]

[57] AHGE, Fondo Revolucion Mexicana, lêer 5-19-24, p.63, Dr. C. Wild doktersbrief, 19 November 1912. Hierin het Wild sy eerste ondersoek van Ben op 10 November 1912 uiteengesit, asook sy advies aan hom.
[58] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, inskrywing deur Myrtle op 10 November 1912, asook passasierslys van die *Cincinatti* bevat in Ben se dagboek.
[59] SHCP, 26778-26779, brief, Myrtle Viljoen – Sara Madero, 15 November 1912.
[60] AHGE, Fondo Revolucion Mexicana, lêer 5-19-24, p.46, brief, Lomeli – Viljoen, 28 Oktober 1912.
[61] Ibid., p.51, brief, Viljoen – Lomeli, 14 November 1912.
[62] Ibid., p.53, brief, Lomeli – Viljoen, 6 Desember 1912*. In Januarie 1913 het die Mexikaanse tesourie in opdrag van pres. Madero die Mexikaanse ministerie van buitelandse sake vergoed vir die 3 000 peso’s wat hulle aan Ben uitbetaal het (Ibid., p.70, J. Garcia – Ministerie van buitelandse sake, 13 Januarie 1913*).
[63] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, inskrywing deur Myrtle op 20 November 1912.
[64] JV-versameling, poskaart, Ben Viljoen – Eugène Viljoen, 20 November 1912.
[65] BJV-versameling, Ben Viljoen 1912 dagboek, inskrywing deur Myrtle op 20 November 1912.
[66] *Arizona Daily Star* (Tuscon), 7 Desember 1912.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ben gaan die jaar 1913 in sy siekbed binne by sy huis in La Mesa waar hy hom sedert sy terugkoms uit New York twee weke tevore bevind. Vroeg in die nuwe jaar skryf sy vriend en een van die eksekuteurs van sy boedel, dr. E.K. McNeil, ’n mediese verslag oor hom aan die Mexikaanse departement van buitelandse sake. Sy diagnose is dat Ben se toestand erger is as toe hy ses maande tevore na Europa vertrek het. “General Viljoen is suffering from aggravated Bronchitis and Asthma from which he suffered a nervous collapse following the violent paroxysms he has had. This condition has disturbed his digestion also bringing on some stomach complications.” [67] Volgens McNeil sal Ben maande lank konstante mediese sorg moet kry om sy gesondheid enigsins te herwin.[68] Vermoedelik om sy uitgawes te dek, verkoop Ben nou sy halwe aandeel in ’n kleinerige huis en paar erwe wat hy in La Mesa besit aan McNeil vir $250.[69]

Ben ontvang ook nou ’n antwoord van genl. Louis Botha op sy jongste versoek om ’n pensioen te ontvang. Botha verklaar dat sy hande ongelukkig vir tyd en wyl hieroor afgekap is. Hy voeg sommer by dat sy eie gesondheid ook sleg is.[70] Ben versoek hom nou om dan as “compensatie voor myn diensten aan ons Volk” sy jongste seun Silvanus, nou 16 jaar en woonagtig by Lenie in Krugersdorp, ’n behoorlike opvoeding op staatskoste te gee. Volgens hom wil sy eks-vrou Lenie nie vir Silvanus na hom laat kom nie.[71] Aan die einde van Januarie dikteer Ben uit sy siekbed ook ’n brief aan ’n ander staatshoof. Vir pres. Madero lig hy in dat hy sedert sy terugkeer longontsteking opgedoen het en hy weens sy gesondheid wat daagliks swakker word nie glo hy hom ooit weer sal sien nie. Hy bedank hom vir al sy hulp in die verlede en verklaar dat hy hom nooit sal vergeet nie.[72] Maar van Madero sal hy nooit weer hoor nie, want in Mexiko neem sake nou ’n dramatiese wending.

---

[67] AHGE, Fondo Revolucion Mexicana, lêer 5-19-24, p.64, Dr. E.K. McNeil doktersbrief, 4 Januarie 1913. McNeil het hierin ook verklaar dat Ben “is confined to his bed and has been since the day he arrived here.”

[68] Ibid.

[69] WW-versameling, sakboekie van Ben.

[70] JV-versameling, brief, Botha – Viljoen, 1 November 1912. Botha het sy brief na Bad Reichenhall gestuur, en van daar is dit na Ben in La Mesa aangestuur wat dit eers in Januarie 1913 ontvang het.

[71] SAB, MEM, vol. 1/7, Privaatsekretaris Genl. L. Botha, Viljoen – Botha, 22 Januarie 1913.

[72] AGN, Fondo Francisco I. Madero, houer 65, lêer 3045, ongenommer, 29 Januarie 1913.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## ***La decena tragica***[73]

In Mexiko moes pres. Madero die afgelope vyftien maande twee opstande onderdruk wat deur prominente ondersteuners van die voormalige president Porfirio Díaz gelei is. Die eerste was aangevoer deur genl. Bernado Reyes, ’n voormalige oorlogsminister van Mexiko. Hy is aan die einde van 1911 gevange geneem en in ’n tronk in Mexikostad gestop waar hy op hierdie tydstip steeds aangehou word. Die ander opstand vyf maande tevore was gelei deur Felix Díaz, ’n neef van pres. Díaz en die hoof van die weermag se garnisoen in Veracruz, ’n oostelike hawestad. Ook hierdie opstand is gestuit, en soos Reyes is Díaz in ’n tronk in Mexikostad gestop.[74] Die sagmoedige Madero het egter die fout gemaak om Reyes en Díaz nie vir hoogverraad tereg te stel, soos die gebruik in Mexiko is nie. In stede daarvan mag hulle besoekers in die tronk ontvang en beplan hulle teen hierdie tyd saam met anti-Madero weermagoffisiere ’n staatsgreep. Die plan is dat Reyes ná die staatsgreep as president sal waarneem totdat Díaz verkies kan word om die oorblywende vier jaar van sy afgesette oom Porfirio Díaz se ampstermyn uit te dien. Genl. Victoriano Huerta, tans ’n senior weermagoffisier maar ook ’n voormalige Díaz-ondersteuner wat kwansuis ná die revolusie aan Madero trou gesweer het, is een van die hoofsamesweerders.[75]

Die oggend van Sondag, 9 Februarie 1913 word Reyes en Díaz deur anti-Madero offisiere en soldate bevry en loods hulle in die middestad van Mexikostad ’n aanval op die Nasionale Paleis, die setel van politieke mag. Reyes word hier deur lojale regeringstroepe doodgeskiet en Díaz en die ander moet terugval na ’n beskermde stelling. Die bevelvoerder van die regeringsmag in Mexikostad word ook gewond, en daar word aan Madero voorgestel dat genl. Huerta in sy plek aangestel word, ten spyte daarvan dat sy naam op ’n lys van samesweerders is wat in Madero se broer Gustavo se hande geval het. Maar die goedgelowige president glo Huerta se betuigings van lojaliteit en stel hom aan. Sodoende teken hy sy eie doodsvonnis.[76]

Die twee samesweerders, Huerta en Díaz, voer nou dae lank ’n skyngeveg in Mexikostad. Hul onderskeie bombardemente val oral behalwe waar dit saak maak en lei tot groot lewensverlies onder burgerlikes. Op die negende dag wys Huerta sy ware

[73] “Tien tragiese dae”, soos hierdie gebeure wat tot Madero se val gelei het in Mexiko bekend staan.
[74] R. Atkin, *Revolution! Mexico 1910-1920* (New York: The John Day Company, 1970), 92-93, 100-101.
[75] Ibid., 106-107
[76] Ibid., 107-110; S.R. Ross, *Francisco Madero: Apostle of Mexican democracy* (New York: Colombia University Press, 1955), 283-285.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kleure en arresteer vir pres. Madero en sy broer Gustavo. Madero bedank die volgende dag as president nadat Huerta hom verseker het dat hy en sy familie toegelaat sal word om die land te verlaat en in ballingskap te gaan woon. Huerta word nou deur die Mexikaanse kongres as waarnemende president ingesweer en sy bewindsoorname word deur die weermag en meeste van die goewerneurs van die 27 Mexikaanse deelstate bekragtig. Dieselfde aand word Gustavo Madero egter op sy instruksie vermoor, en drie dae later word pres. Madero doodgeskiet toe hy kwansuis probeer ontsnap. So eindig die bewind van Ben se vriend op 39-jarige ouderdom.[77] Toe die nuus van Madero se moord bekend word, kom die noordelike Mexikaanse deelstate Sonora, Durango, Chihuahua, Coahuila en Sinaloa in opstand. In Sonora verklaar goew. Maytorena dat hy nie Huerta as president erken nie, terwyl Pancho Villa in Chihuahua weereens die wapen opneem. In Madero se tuisstaat Coahuila verwerp Venustiano Carranza die nuwe regering en loods ’n rebellie om weer ’n konstitusionele regering ingestel te kry.[78] Met al drie hierdie leiers van noordelike Mexikaanse deelstate sal Ben weer te doen kry.

Ben is op hierdie tydstip nog aan sy siekbed in La Mesa gekluister.[79] Maar met Madero uit die prentjie besef hy sekerlik nou dat daar nie meer vir hom ’n staatspos in Mexiko kan wees nie. Sy heil lê nou weer in die VSA, en dit sal teen hom tel as hy sy Mexikaanse burgerskap behou. Sewe weke ná Madero se moord telegrafeer hy dus die Mexikaanse departement van buitelandse sake om van sy burgerskap afstand te doen.[80] Hy sal egter die volgende jaar heftig ontken dat hy ooit vir Mexikaanse burgerskap aansoek gedoen het.[81]

## **<u>Op die herstelpad</u>**

Ten spyte van sy vrese begin Ben se gesondheid geleidelik herstel. Ses maande ná sy terugkeer uit Europa is hy in staat om weer briewe oor plaaslike aangeleenthede aan die pers te skryf, as voorsitter van ’n vergadering op te tree en selfs ’n dans in La Mesa by te woon.[82] Dit is ook nou tyd om te begin dink aan hoe om ’n bestaan te maak, want hy

---

77 Atkin, *Revolution*, 111 – 121; Ross, *Madero*, 286-316, 336.
78 Atkin, *Revolution*, 129, 131-133; Ross, *Madero*, 337.
79 Die *El Paso Herald* het op 10 Mei 1913 berig dat “Gen. Viljoen is very ill at his New Mexico valley home and hardly ever leaves his bed. He has been totally disabled for many months, and feels doubtful if he will ever regain his strength and health.”
80 *Mexican Herald*, 15 April 1913.
81 B.M. du Toit, *Boer settlers in the Southwest* (El Paso: Texas Western Press, 1995), 65.
82 *El Paso Herald*, 20 en 30 Junie 1913, asook 31 Julie 1913.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verdien nou al lank nie meer ’n inkomste nie. Aan goew. McDonald van Nieu-Mexiko skryf hy aan die einde van Junie 1913 “I am gradually though slowly improving and am now able to get about some, it has been a long siege over eighteen months of constant illness, and I assure you it has been very trying….Please remember that I am anxious to do something for the State, so if you can use me at any time please command me.”[83]

’n Maand en ’n half later het Ben ’n voorstel vir McDonald. In die lig van die gevegte in Noord-Mexiko tussen die magte van Villa en Carranza (wie se beweging as die “Constitutionalists” bekend staan) en genl. Huerta se regeringsmagte, voel hy “it would be wise to have the people in this section of the Valley know who to look to for orders and directions in the event of trouble, as my experience is that in times like what we are anticipating, men all want to protect their own homes, the consequence always being that everybody was killed, and their families outraged.”[84] Maar adj.-genl. Brookes, hoof van Nieu-Mexiko se National Guard (burgermag) het om die een of ander rede nie ooghare vir Ben nie, en hy word nie as bevelvoerder van die Mesillavallei se plaaslike burgermag aangestel nie. Oor Brookes se houding merk Ben teenoor McDonald op dat “I have my enemies just as all men have who amount to anything at all in this old world.”[85] McDonald het egter nie vergeet dat Ben twee jaar tevore van die Republikeinse party na die Demokratiese party oorgeloop het nie, en sal hom ná Brookes se aftrede die volgende jaar as ’n kaptein in die burgermag aanstel.[86]

[83] NMSRCA, Governor William C. McDonald Papers, 1912-1916, houer 17, Letters Received April 15, 1913 to September 15, 1913, Viljoen – McDonald, 26 Junie 1913. William. C. McDonald, ’n Demokraat, het die pos in 1912 by die Republikeinse territoriale goew. William J. Mills oorgeneem. McDonald was die eerste goewerneur van Nieu-Mexiko ná dit in 1912 as die 47ste staat van die VSA toegelaat is.
[84] Ibid., Viljoen – McDonald, 15 Augustus 1913.
[85] Ibid., Viljoen – McDonald, 29 September 1913.
[86] BJV-versameling, aanstellingstellingsertikaat B.J. Viljoen, 2 Mei 1914.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 18

# KOMPLOTTE IN KALIFORNIË

## (Okt 1913–Mar 1915)

**In diens van die magnate**


In Kalifornië het die magnate genl. Harrison Gray Otis en sy skoonseun Harry Chandler 'n probleem in die Mexikaanse deelstaat Baja Kalifornië. Dié twee mans is onderskeidelik president en hoofbestuurder van die invloedryke *Los Angeles Times,* waarvan hulle ook mede-eienaars is. Hul koerant is net maar een deel van hul uitgebreide sakeryk, wat ook belange in die bankwese, olie-ontginning, skeepsbou, nywerhede en die eiendomsbedryf insluit. Otis en Chandler oefen geweldige politieke mag in Kalifornië uit en afhangend van wie gevra word, is hulle óf 'n gedugte óf 'n gevreesde paar. Hulle besit ook enorme plase in Kalifornië en Mexiko. Een hiervan is die Tejon Ranch van 286 000 akker (116 000 hektaar), ongeveer 120 km noord van Los Angeles en naby die dorp Bakersfield. Die ander is 1 000 akker (404 hektaar) grond in die Imperialvallei in die suide van Kalifornië, asook 862 000 akker (349 000 hektaar) aangrensende grond in die Mexikaanse deelstaat Baja Kalifornië. Gesamentlik staan die laasgenoemde twee eiendomme as die C-M Ranch bekend, met ene Walter Bowker as plaasbestuurder.[1]

---

**Nota – Spaanse dokumente word in die voetnotas aangedui met 'n asterisk (*).**

[1] W.G. Bonelli, *Billion Dollar Blackjack* (Los Angeles: Civic Research Press, 1954), 2-7; E.K. Chamberlin, 'Mexican colonization versus American interests in Lower California', *Pacific Historical Review*, 20/1 (1951), 44; J.A. Grenier, 'Harry Chandler', *Dictionary of American Biography, Supplement 3: 1941-1944* (New York: Scribner's, 1973). Die C-M Ranch se amptelike naam was die California-Mexico Land and Cattle Company.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Harry Chandler (links) en genl. Harrison Gray Otis (regs).* (Wikimedia)

Die C-M Ranch besit derduisende waardevolle stoetbeeste en verdien aansienlike inkomste uit grond wat die onderneming op sy plaas in Baja Kalifornië aan Amerikaanse boere verhuur. Die voorafgaande paar jaar het die politieke strominge in Mexiko die twee magnate nog elke keer onkant gevang. Aanvanklik het hulle gedink die Maderistas sou maklik deur die Díaz-regering onderdruk word. Die Huerta-oorname daarna was ook onverwags. En nou lyk dit of Villa en Carranza moontlik daarin gaan slaag om genl. Huerta te verslaan. Hierdie twee revolusionêre leiers dreig om buitelandse grondeienaars uit te skop en hul eiendom aan inheemse Mexikaners oor te dra wanneer hulle aan bewind kom. Boonop is baie van die C-M Ranch se beeste onlangs weens die algemene wetteloosheid in Mexiko gesteel.[2]

Otis en Chandler wil dus nou C-M Ranch se beeste in Baja Kalifornië oor die grens na hul plaas in die Imperialvallei terugbring, asook hul eiendom in Mexiko beskerm. Maar in hul pad staan kol. Estaban Cantú, die bekwame militêre bevelvoerder van die noordelike distrik van Baja Kalifornië waar die C-M Ranch se Mexikaanse plaas geleë is. Omdat hierdie deel van Mexiko so afgesonderd van die res van die land is, het Cantú die voorafgaande jaar of wat dié gebied geregeer asof hy 'n alleenheerser is. Ook is Cantú nie daarvoor te vinde dat die C-M Ranch sy vee sommerso verwyder

[2] 'Picking a winner: Mexican insurrectionists keep the Otis Ranch crowd guessing', *The California Outlook*, vol. 17, p.155, 12 September 1914.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie. Daar is selfs sprake dat hy uitvoerbelasting op elke stuks vee wil hef, of nog erger, die uitvoer van vee heeltemal wil verbied. Otis en Chandler soek nou iemand wat ’n gewapende mag bymekaar kan kry om hul vee te gaan haal.[3] Hul plan is nie so vergesog nie – voor hulle was daar al ’n lang lys Amerikaanse vrybuiters (*filibusters)* gewees wat in die laaste halfeeu probeer het om grond in die noorde van Mexiko vir eie gewin te gryp of dele daarvan namens die VSA te annekseer. Veral Baja Kalifornië het die voorafgaande dekades onder sulke vrybuiters deurgeloop. Alhoewel die VSA neutraliteitswette het wat dit verbied, was die toepassing daarvan deur die regering tot dusver maar redelik onentoesiasties en oneffektief.[4]

Die twee magnate het juis ’n persoon in gedagte om so ’n invalsmag te lei en hul eiendom te beskerm, iemand met militêre ondervinding en persoonlike ervaring van oorlogvoering in Mexiko.[5] Iewers gedurende die laaste paar maande van 1913 word Ben dus deur Otis en Chandler genader om vir hulle te kom werk.[6] Hy het ’n jaar laas ’n salaris verdien en stem vermoedelik geredelik in. Vir die buitewêreld is hy egter die assistent-bestuurder van die C-M Ranch onder Walter Bowker, wie se hoofkantoor op die plaas by Calmexico, Kalifornië geleë is, reg oorkant die dorp Mexicali in Baja-Kalifornië.[7] Hy kry ook nou aandele in die C-M Ranch.[8]

---

[3] Ibid.

[4] A. Stout, *Schemers & Dreamers: Filibustering in Mexico, 1848-1921* (Forth Worth: Texas Christian University Press, 2002), xiii-xv, 82-102.

[5] ‘Picking a winner’, *The California Outlook.* Hierin is gemeld dat Otis en Chandler “have been trying to get Gen. Viljoen, the former Boer commander, to lead a raid across the line to rescue those cattle.”


[6] In ongeveer Mei 1914 het Ben aan ’n huursoldaat, ene Nicholas Zogg, verklaar dat “I will speak for Otis, and you know I am his adviser on Mexican affairs.” Die Bureau of Investigation (BOI), die voorganger van die FBI, het hierdie inligting van Zogg bekom (NARA, Mikrofilm publikasie 1085, Investigative Reports of the Bureau of Investigation 1908-1922, Investigative Records Relating to Mexican Neutrality Violations, 1902-1921, mikrofilm boi_mexican851-874_0006. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5710193). Na dokumente uit hierdie argief word verder in hierdie hoofstuk verwys as “BOI-argief”, met beskrywings van en aanlynverwysings na die spesifieke stukke. Ben se vroeëre betrokkenheid by die C-M Ranch word ondersteun deur die aanstelling van sy broer Chris in Februarie 1914 as plaasbestuurder van Otis en Chandler se Tejon Ranch (*Los Angeles Times*, 15 Februarie 1914). Hierdie aanstelling is deur Ben bewerkstellig, soos bevestig in ’n lewensbeskrywing van Chris Viljoen deur sy kleinseun Thomas Williams, wat gemeld het dat “this job was secured for him by his brother, General Benjamin J. Viljoen” (Prof. A. Offenburger-versameling).

[7] *Los Angeles Herald*, 11 Februarie 1915; *El Paso Herald,* 20 Februarie 1915. In hierdie artikels is Ben en Bowker se onderskeie titels gemeld.

[8] Chandler het later hierdie jaar aan Ben geskryf met verwysing na die C-M Ranch dat “since you became an owner in the company” (BOI-argief, brief, Chandler – Viljoen, 10 November 1914. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709267). Ben het ook die volgende jaar na sy aandeelhouding in ’n brief aan goew. Maytorena verwys (CC, Jose Maria Maytorena Papers, H1967.1, houer 5, TN 26075, Viljoen – Maytorena, 27 Februarie 1915).

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

BAJA KALIFORNIË EN KALIFORNIË (1913 – 1916)




## Enrique Anaya weer op die toneel

Die gedagte om 'n onafhanklike land met 'n gewapende mag binne te val, is sekerlik nie vir Ben vreemd nie – hy was immers een van die Boere wat dr. Leander Starr Jameson en sy sowat 500 manne twee dekades tevore gestuit het toe laasgenoemde die ZAR binnegeval het. Ben is egter nie gretig om self aan die hoof van 'n invalsmag oor die grens te galop nie.[9] Moontlik kom die gedagte aan Jameson se uiteindelike lot ook nou by hom op. Boonop maak sy bedenklike gesondheid so iets in elk geval nie 'n werkbare voorstel nie. Daar is egter 'n ander manier. Enrique Anaya, sy tolk en privaatsekretaris toe hy die Yaqui vredeskommissaris was, het ná genl. Huerta se oorname sy lot by Carranza en Villa se Constitutionalist beweging ingegooi.[10] Anaya is nou die Constitutionalists se verteenwoordiger in Tuscon, en help om wapens oor die

[9] Picking a winner', *The California Outlook.* Hierin is gemeld dat "Viljoen sidesteps" hierdie taak.
[10] *Arizona Daily Star*, 14 September 1915.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Amerikaanse grens na hul magte te smokkel.[11] Op sy beurt het Carranza hom intussen in die deelstaat Sonora gebaseer, waar Ben se vriend Maytorena steeds goewerneur is. Van hier af oefen die Constitutionalists militêre beheer oor die noordweste van Mexiko uit, waar genl. Huerta nou grotendeels die stryd gewonne gegee het.[12] Maar in die afgeleë noordelike distrik van Baja Kalifornië steur kol. Cantú hom nie aan wat in die res van die land aangaan nie en het hy en sy troepe hulle in Mexicali gebaseer.[13]

Ben en Anaya konkel nou. Op die een of ander manier bewerkstellig hulle dit dat Carranza vir Anaya op 4 Desember 1913 as die Constitutionalists se goewerneur van Baja Kalifornië aanstel.[14] Hul plan is dat Anaya sy aanstelling as goewerneur sal gebruik om aan te dring dat Cantú beheer van Mexicali aan hom oorhandig. Indien Cantú weier, sal Anaya dit met sy eie private weermag afdwing. Sodra hy dan die noordelike distrik van Baja Kalifonië beheer, sal Otis en Chandler hul vee na die VSA kan terugbring sonder om uitvoerbelasting te betaal.[15] Met die geld en ondersteuning van die C-M Ranch werf Anaya nou in die loop van die volgende maande 'n paar honderd huursoldate.[16] Intussen maak die Constitutionalists egter so vinnig vordering in hul stryd teen genl. Huerta se regeringsmagte dat dit lyk of kol. Cantú, wat deur laasgenoemde aangestel is, in elk geval nie meer lank in sy pos sal wees nie, en voorlopig hou Anaya sy troepe terug.[17] Teen die einde van April is die grootste gedeelte van Noord-Mexiko onder die Constitutionalists se beheer en begin hulle nou na Mexikostad opruk. Gedurende die volgende twee maande beweeg hulle stelselmatig suidwaarts en verslaan telkens die regeringsmagte wat hulle probeer stuit. Aan die begin van Julie sien genl. Huerta die skrif aan die muur en vlug landuit nadat hy 'n waarnemende president aangestel het. Op 18 Julie gee hierdie president aan Carranza oor, wat nou die *de facto* hoof van die regering word tot tyd en wyl 'n nuwe presidentsverkiesing later die jaar gehou kan word. [18]

---

[11] *Arizona Republic*, 5 Februarie 1914.
[12] S.M. Deeds, 'Jose Maria Maytorena and the Mexican revolution in Sonora (Part 2)', *Arizona and the West*, 18/2 (1976), 138.
[13] M.C. Velasco, 'Indicios par descrifar la Trayectoria Politica de Esteban Cantú', *Historia Mexicana*, 59/3 (2010), 990*.
[14] BOI-argief, verslag van agent F.P. Webster, 31 Augustus 1914. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/570773; 'Picking a winner', *The California Outlook.*
[15] 'Picking a winner', *The California Outlook.*
[16] University of California, San Diego, Baja California Government Documents Collection, ca. 1831-1939 (MS 0778), houer 1, lêer 17, goew. Vasquez – kol. Lojero, 16 April 1914*. In laasgenoemde brief waarsku die amptelike goewerneur van Baja Kalifornië een van sy offisiere dat Anaya beplan om met 250 gewapende troepe Mexicali van die Amerikaanse kant aan te val.
[17] *Arizona Daily Star*, 19 Julie 1914.
[18] R. Atkin, *Revolution! Mexico 1910-1920* (New York: The John Day Company, 1970), 203-209.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Op 13 Augustus besluit die Constitutionalists dat alle regeringsmagte in Mexiko ontbind moet word.[19] Ben en Anaya sien nou die geleentheid om van kol. Cantú ontslae te raak.[20] Anaya oortuig Harry Chandler dat Carranza hom opdrag gegee het om bevel te neem van Mexicali en die regeringstroepe daar en dat dit ook Villa se goedkeuring wegdra. Dit is egter nie die geval nie – Anaya tree op sy eie gesag op. Of Ben dit weet is onseker, maar in die lig van hul verhouding is dit sekerlik nie onwaarskynlik nie.[21] Op 24 Augustus ontmoet Anaya vir Cantú in Mexicali en stel hom in kennis dat hy die nuwe goewerneur van Baja Kalifornië is. Hy beveel Cantú nou om die dorp en die regeringstroepe onder sy bevel te plaas. As bewys van sy gesag wys hy Cantú die brief waarin Carranza hom agt maande tevore as goewerneur aangestel het. Maar toe was genl. Huerta nog die president, en die politieke situasie in Mexiko het intussen dramaties verander. Boonop is die hawedorp Ensenada die hoofstad van Baja Kalifornië, wat Cantú agterdogtig maak oor hoekom Anaya hom juis in Mexicali wil kom vestig. Cantú dring dus aan dat Anaya hom binne 'n dag 'n



*Kol. Estaban Cantú* (A.P. Aguilar, *'El Coronel Esteban Cantú*)

[19] Ibid., 215.

[20] Ben se betrokkenheid op hierdie tydstip word bevestig deur die BOI se ondersoek na hierdie gebeure. Enkele dae voor Anaya se gepoogde oorname van Mexicali was Ben volgens die redakteur van 'n plaaslike koerant in El Centro ('n dorpie naby Calmexico) en "Anaya held several consultations with him at the Oregon Hotel….Agent learned from the telegraph messenger boy there that Anaya and Valjoen [sic] had sent many telegrams" (BOI-argief, verslag van agent F.P. Webster, 1 September 1914. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5707794 en 5707801). In hierdie en ander BOI agente se verslae word die C-M Ranch se finansiële en logistieke ondersteuning van Anaya volledig uiteengesit. Ben het ook in sy sakboekie aangeteken dat hy op 11 Augustus 1914 'n telegram uit El Paso aan Anaya gestuur het, en op 16 Augustus 1914 aan Walter Bowker, die plaasbestuurder van CM-Ranch (WW-versameling).

[21] BOI-argief, brief, Chandler – Viljoen, 10 November 1914. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709272. In hierdie brief aan Ben het Chandler gekla dat "Anaya came, representing himself as having been appointed by Carranza and that his appointment had been approved by Villa". Ben het ook later aan goew. Maytorena ontken dat hy bewus was dat Anaya op eie houtjie opgetree het (BOI-argief, brief, Maytorena – Avilés, 23 September 1914. Deur die BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709007). Maytorena het na Ben se ontkenning in hierdie brief verwys.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

meer onlangse bevel van Carranza wys.[22] Cantú is egter ook bewus dat daar op hierdie tydstip onmin tussen Carranza en Villa is, want dit is onduidelik wie die nuwe president van Mexiko gaan wees. Boonop is die rebellemagte in Baja Kalifornië op hierdie tydstip onder die beheer van Villa. Cantú wil die kat dus eers mooi uit die boom kyk voor hy tot enigiets instem. In elk geval is sy bevelsarea in die noorde van Baja Kalifornië so afgesonderd van die res van Mexiko dat hy eintlik glad nie sy bevel aan enigiemand wil oorhandig nie.

Omrede Anaya die volgende dag nog nie meer onlangse instruksies aan hom kan wys nie, beveel Cantú hom om sy huursoldate te verwyder wat aan die Mexikaanse kant van die grens op die C-M Ranch se plaas kamp opgeslaan het. Kort ná middernag op dieselfde dag bars Anaya en sy manne egter met hul gewere los op die dorpie Mexicali, wat ongeveer ’n kilometer suid van hul kampplek is. Hulle hoop met hierdie magsvertoon om Cantú sover te kry om aan hulle oor te gee. Maar Cantú se troepe skiet vanuit die buitewyke van Mexicali op hulle terug en Anaya se ongedissiplineerde huursoldate vlug holderstebolder oor die grens terug na Calexico.[23] Ben was egter op hierdie tydstip vir ’n paar dae weg en kom die volgende dag eers in Calexico aan.[24]

’n Paar dae later verklaar Villa dat nie hy of Carranza vir Anaya beveel het om Mexicali te beset nie en dat die tussentydse regering ook nie vir Anaya as goewerneur van Baja Kalifornië aangestel het nie. Villa voeg by dat Anaya niks anders as ’n Amerikaanse vrybuiter is nie. Ook Carranza maak dieselfde aantygings.[25] Anaya verdwyn hierna van die toneel en sodoende misluk Ben en sy ryk werkgewers se eerste poging om beheer oor die noordelike distrik van Baja Kalifornië te kry. Vir die oomblik bly kol. Cantú dus in beheer van die noordelike distrik van Baja Kalifornië.

## **Rebel in die vreemde**

Ná die mislukking van die Anaya-inval kry Ben die geleentheid om sy aandag na ontwikkelinge in Suid-Afrika te verskuif. Die Eerste Wêreldoorlog het ’n paar weke tevore uitgebreek en in Suid-Afrika is talle Afrikaners ongelukkig oor genl. Louis

---

[22] *Los Angeles Times*, 25 Augustus 1914; BOI-argief, verslag van agent F.P. Webster, 30 Augustus 1914. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5707709.
[23] BOI-argief, verslag van agent F.P. Webster, 30 Augustus 1914. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5707709.
[24] Volgens aantekening in Ben se sakboekie (WW-versameling).
[25] *Arizona Daily Star*, 1 September 1914; *El Paso Herald*, 11 September 1914.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Botha se besluit om slegs 12 jaar ná die afloop van die Anglo-Boereoorlog Brittanje se oorlogspoging te ondersteun. Aan die begin van September 1914 stuur Ben 'n telegram aan Botha en moedig hom aan om die geleentheid te gebruik om die Britse juk nou af te gooi.[26] Hy stuur ook aan genl. Christiaan de Wet 'n telegram met dieselfde strekking. Aan een van sy mededeelnemers aan die Boereoorlogskouspel wat nou in New York woon, skryf hy hieroor en voeg by "I think it is a shame the Boers do not jump in and clean the English up now that they have such a splendid chance, and I am doing all I can to stir up the sentiment."[27]

Soos gewoonlik maak hy seker dat sy korrespondensie in die Amerikaanse pers verskyn. Hieroor beskuldig 'n Amerikaanse koerant hom dat hy in sy najaag van roem en publisiteit 'n oorlog in Suid-Afrika met sy opstokery probeer ontketen.[28] Ook Willem Snyman gooi sy stuiwer in die armbeurs. Aan 'n koerant in El Paso skryf hy 'n brief wat hy as generaal Snyman onderteken met die strekking dat Ben verkeerd is dat 'n grootskaalse rebellie in Suid-Afrika op hande is, want die Boere is tevrede en welvarend onder Britse bewind. Ben is woedend, en in sy repliek verklaar hy dat Snyman nooit eens 'n generaal was nie en maar slegs vyf maande in die Boere se geledere was voor hy na Amerika gevlug het. Hy voeg by dat "Snyman was and still is a British subject, hence his inability to think and feel as we do who suffered under the policy of England's greed, avarice and usurpation."[29]

## **Baltasar Avilés se kortstondige bewind**

Kort ná Anaya se mislukte poging om beheer van Mexicali te neem, bereik die onmin tussen Villa en Carranza breekpunt. Die twee leiers vertrou mekaar nie en Carranza het geweier dat Villa se mag saam met syne Mexikostad die vorige maand inneem. Op sy beurt glo Villa dat Carranza se voorgenome beleid nie radikaal genoeg is nie en dat hy onder geen omstandighede president van Mexiko mag word nie. Op 23 September 1914 breek Villa formeel met Carranza en in die loop van die volgende jaar sal die twee leiers se magte in 'n stryd met mekaar gewikkel wees om beheer van Mexiko te kry. Op hierdie tydstip geniet Villa groot steun in die Mexikaanse deelstate Chihuahua, Sonora

[26] *Chicago Examiner*, 9 September 1914.
[27] *El Paso Herald*, 20 September 1914.
[28] *Red Bluff News* (Kalifornië), 11 September 1914.
[29] *El Paso Herald*, 11 November 1914.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en Baja Kalifornië.[30] Goew. Maytorena ondersteun Villa, en met die goedkeuring van laasgenoemde stel hy nou ene maj. Baltasar Avilés as goewerneur van Baja Kalifornië aan.[31]

Ben laat nie op hom wag om die nuwe goewerneur te ontmoet nie. Deur die bemiddeling van sy vriend goew. Maytorena gaan sien hy op 23 September vir goew. Avilés in San Diego, Kalifornië waar hy en sy gesin woon.[32] Die vergadering verloop goed en Ben nooi Avilés na Calexico om met hom en Walter Bowker te beraadslaag.[33] Ben vertrek hierna na Bakersfield, Kalifornië, waar sy broer Chris die plaasbestuurder van Harry Chandler se Tejon Ranch is. Sy pa, wat by Chris en sy gesin woon, se gesondheid is nou baie swak.[34] ’n Paar dae later is Ben terug in Calmexico, waar hy en Walter Bowker op 6 Oktober vir goew. Avilés by die C-M Ranch se groot plaashuis onthaal.[35] Ook kol. Cantú word na die geleentheid genooi. Ondanks die onlangse onaangename gebeure met Anaya is die atmosfeer by die dinee gemoedelik. Na ete gaan die gaste op die stoep uit om sigare te rook en Ben en Bowker staan eenkant toe om privaat te kan gesels. In ’n stadium draai Ben om en kyk in Mexicali se rigting, en kom dus nie agter dat Bowker weggestap het om nog sigare te gaan haal nie. Intussen het Cantú nadergestap om met Ben te praat. Ben sien hom nie, en onder die indruk dat hy nog met Bowker agter hom gesels, verklaar hy hardop, “Very nice land, Mr Bowker, but not to make a revolution.” By die aanhoor van hierdie woorde vra Cantú, “What revolution, General?” Ben probeer onmiddellik die onderwerp verander, maar Cantú waarsku hom dat sy troepe gereed is om enige vyandige optrede die hoof te bied.[36]

---

[30] Atkin, *Revolution*, 214-220; *Arizona Daily Star*, 24 September 1914.

[31] L.L. Blaisdell, ‘Harry Chandler and Mexican border intrigue, 1914-1917’, *Pacific Historical Review*, 35/4 (1966), 386; Velasco, ‘Esteban Cantú’, 990.

[32] BOI-argief, briewe, brief, Maytorena – Avilés, 23 September 1914. Deur die BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709007. Hierdie was ’n getuigskrif namens Ben aan Avilés en is deur Maytorena geskryf uit Nogales, waar Ben volgens sy sakboekie op hierdie tydstip was (WW-versameling).

[33] BOI-argief, brief, Avilés – Maytorena, 23 September 1914. Deur die BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709012.

[34] BOI-argief, brief, Viljoen – Avilés, 30 September 1914. Deur die BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/ 5709460.

[35] BOI-argief, brief, Viljoen – Maytorena, 7 Oktober 1914. Deur die BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709007 en 5799433.

[36] A.P. Aguilar, ‘El Coronel Esteban Cantú en el Distrito Norte de Baja California, 1911-1920’* (https://sites.google.com/site/dhirebajacfa/home/personajes/esteban-Cantú/elcoronelestebanCantúeneldistritonortedebajacalifornia1911-1920. Geraadpleeg op 22 Augustus 2017).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za




*Hoofkantoor van die C-M Ranch, Calexico.* (Prof. A. Offenburger-versameling)

Avilés maak egter 'n goeie indruk en Ben en sy werkgewers is vol vertroue dat hul probleme nou op 'n einde is. Ben laat weet Maytorena dat "we are greatly pleased with his efforts and we feel that in due course Mr. Avilés will get the Government of Baja California in fine shape."[37] Avilés sal dan ook hierna toelaat dat die C-M Ranch van sy beeste oor die grens na die VSA bring sonder om die $20 (R4 000) belasting per stuks vee te betaal wat Cantú geëis het.[38] Vir tyd en wyl is daar dus geen verdere praatjies van optrede deur die C-M Ranch teen Cantú nie.


Op die persoonlike front gaan dit intussen nie so goed met Ben nie, want hy sukkel steeds met sy voortslepende asma. Alhoewel hy nou in staat is om 'n besige reisskedule vol te hou, sukkel hy om asem te haal as hy plat lê.[39] Snags moet hy dus regop in die bed sit om 'n paar uur se gebroke rus te kry.[40] Aan Maytorena skryf hy dat hy hoop die droë klimaat van Calexico sal sy gesondheid help, want sy "present

[37] BOI-argief, brief, Viljoen – Maytorena, 7 Oktober 1914. Deur die BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/ 5799433.
[38] *New York Times*, 20 Februarie 1915.
[39] Volgens die aantekeninge in Ben se sakboekie het hy in Augustus en September 1914 voortdurend tussen El Paso, Calmexico, Tuscon, Nogales en Los Angeles gereis (WW-versameling).
[40] *Los Angeles Times*, 12 Junie 1914. Hierin het Ben sy gesondheidstoestand beskryf.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

condition is unbearable".[41] Boonop is sy oorlogskameraad en vriend van baie jare luit. Jack Malan twee maande tevore op die ouderdom van 46 jaar in Texas oorlede, dieselfde ouderdom as wat hy nou is, iets wat sekerlik nie sy gemoedstoestand verbeter nie.[42] En in Bakersfield sterf sy 72-jarige pa Wynand op 21 Oktober ná 'n lewe wat wye draaie geloop het.[43]

Noudat die situasie in Baja Kalifornië oënskynlik bevredigend opgelos is, verhuis Ben en Myrtle na Los Angeles, waar hulle 'n woonstel by Albion Apartments huur.[44] Hier is Ben nader aan sy werkgewers genl. Otis en Harry Chandler se hoofkantoor en terselfdertyd kan hy ook makliker skakel met goew. Avilés in San Diego, ongeveer 190 km suid van hier. Van tyd tot tyd verskyn Ben se foto ook nou in advertensies wat die Elephant Butte Water Users Association plaas om boere na die suide van Nieu-Mexiko te lok.




*El Paso Herald,* 31 Oktober 1914.

---

[41] BOI-argief, brief, Viljoen – Maytorena, 7 Oktober 1914. Deur die BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/ 5799433.

[42] Volgens die geslagsregister van die Malan-Familiebond, aanlyn beskikbaar op http://malanbond.co.za. Sien inskrywing a1b6c3d6e7f1g4 (R1490).

[43] H.C. Viljoen, *Viljoen Familieregister* (Franschhoek: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, 2012), 1551.

[44] Volgens Ben se sakboekie was hul adres Albion Apartments, 2674 W 9th Street (WW-versameling). Die straatnaam het sedertdien verander, maar die oorspronklike tweeverdiepinggebou staan vandag nog by 2674 James M. Wood Boulevard, net wes van die middestad van Los Angeles. Meeste van Ben se korrespondensie vanaf November 1914 tot Junie 1915 was hiervandaan gerig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Uit die advertensie se bewoording is dit duidelik dat Ben nou staatmaak op die gemiddelde Amerikaner se onkunde oor Afrika se geografie om hulle te laat dink dat Suid-Afrika en die Nylvallei redelik naby aan mekaar is en dat hy – wat in werklikheid nooit 'n voet in Egipte gesit het nie – hierdie gereelde besoeke aan laasgenoemde land kon afgelê het.

Instussen skop Avilés sy bewind op 'n hoë noot af deur invoerbelasting op voedsel en staatsheffings op die plaaslike visbedryf af te skaf. Hy maak egter die fout om meeste van sy tyd by sy gesin in San Diego deur te bring. Hy versuim sodoende sy regeringspligte in Ensenada, die hoofstad van Baja Kalifornië, iets wat sy aanvanklike gewildheid by dié staat se inwoners vinnig laat afneem. Boonop het Cantú in Mexicali 500 soldate onder sy bevel, terwyl Avilés in Ensenada slegs 150 tot sy beskikking het. Cantú beheer dus vir alle praktiese doeleindes die noordelike distrik van Baja Kalifornië, wat nou vinnig besig is om die ekonomiese hart van die staat te word. Die ambisieuse Cantú geniet ook die steun van die militêre magte elders in Baja Kalifornië.[45]

Aan die begin van Desember 1914 laat Avilés 'n paar weermagoffisiere in die westelike kusdorp Tijuana arresteer wat hy vermoed onder Cantú se invloed beplan om hom omver te werp. Dit het tot gevolg dat die hele garnisoen in Tijuana rebelleer, wat Cantú die verskoning gee om met troepe van Mexicali na hulle te haas en beheer van die hele Baja Kalifornië te neem. Avilés se bewind het skaars twee maande geduur. Cantú het hom nou oënskynlik aan die kant van Carranza geskaar, alhoewel dit net vir taktiese redes is – hy buit die konflik tussen laasgenoemde en Villa uit na gelang van die heersende omstandighede om sy magsposisie te behou. En Villa is nou juis op die agtervoet in sy stryd teen Carranza.[46]

## **<u>Nog 'n keer</u>**

Wat betref die C-M Ranch se Mexikaanse belange bevind Ben en Harry Chandler hulle weer in dieselfde situasie as drie maande tevore. Enkele dae ná Cantú se bewindsoorname kom hy en Chandler met Avilés en twee metgeselle in 'n Los Angeles hotel byeen. Avilés versoek nou dat Chandler hom geld gee om wapens te koop en huursoldate te werf om Cantú omver te werp. In ruil hiervoor belowe hy om, as hy weer

[45] Blaisdell, 'Harry Chandler', 386; Aguilar, 'El Coronel Esteban Cantú'.
[46] Aguilar, 'El Coronel Esteban Cantú'; *Cincinnati Enquirer*, 10 Oktober 1914.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aan bewind kom, hul grondbelange en vee in Baja Kalifornië te beskerm, asook om die C-M Ranch van belasting kwyt te skeld.[47] Omdat Ben en Chandler voorheen hul vingers met Anaya verbrand het, telegrafeer hulle nou eers na goew. Maytorena van Sonora om sy advies te in te win. Laasgenoemde laat weet dat hy ’n vertroueling van hom na Baja Kalifornië gaan stuur om die situasie tussen Avilés en Cantú te ondersoek en hopelik te beredder. Sy advies is dat Avilés in die tussentyd niks doen wat sy posisie sal benadeel nie. Ben dra hierdie nuus op 12 Desember 1914 aan Avilés oor, en voeg by dat hy en Chandler nie wil hê dat Avilés iets onwettigs doen nie.[48] Boonop het Ben se konstante rondreisery en die dood van sy pa sy tol geëis en is hy al weer bedlêend. Hy moet ook binne enkele dae ’n operasie ondergaan.[49]

Avilés laat Ben egter hierna deur ’n handlanger weet dat hy geen vertroue in Maytorena se mediasieproses het nie, aangesien Cantú bevele ignoreer wat hom nie pas nie. Volgens hom het Pancho Villa hom ook laat weet dat hy beoog om binnekort 2 000 troepe na Baja Kalifornië te stuur om te help om Cantú omver te werp. Hy stuur ook vir Ben ’n telegram van Villa aan wat skynbaar sy bewering staaf.[50] Hierdie mededeling van Avilés is genoeg om Ben se houding oor militêre ingryping te verander in weerwil van Maytorena se advies. Hy stel Avilés die dag ná sy operasie in kennis dat hy nou geen rede sien hoekom laasgenoemde moet terughou met sy planne nie. Ben belowe ook om Chandler te ontmoet sodra laasgenoemde oor ’n paar dae uit Arizona teruggekeer het om moontlike finansiële steun van die C-M Ranch se kant af te bespreek.[51]

---

[47] BOI-argief, verklaring van Avilés aan die BOI ná sy latere arrestasie, 14 Februarie 1915. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5708668.
[48] BOI-argief, brief, Viljoen – Avilés, 12 Desember 1914. Deur die BOI uit Spaans vertaal Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709498.
[49] BOI-argief, briewe, Myrtle Viljoen – Avilés, 2 Desember 1914 en Viljoen – Sandoval, 17 Desember 1914. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709469 en 5709451. In eersgenoemde brief het Myrtle gemeld dat “My husband is too ill to respond”, en in laasgenoemde brief het Ben geskryf dat hy oor ’n paar dae na die hospitaal moet gaan vir ’n operasie.
[50] BOI-argief, briewe, Sandoval - Viljoen, 16 Desember en 17 Desember 1914. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709550 en 5709000.
[51] BOI-argief, Viljoen – Sandoval, 19 Desember 1914. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709456.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Hedendaagse foto van oorspronklike Albion Apartments gebou in Los Angeles waar Ben en Myrtle vir sowat sewe maande gewoon het.* (Persoonlike versameling)

Op Ben se advies stem Chandler nou in om Avilés te help. Op 22 Desember oorhandig Ben $5 000 (R1 miljoen) aan Avilés in Los Angeles en onderneem dat Walter Bowker, die bestuurder van die C-M Ranch, ook wapens en voorrade in Calexico aan sy mag sal verskaf. Vir die rekord laat Ben vir Avilés egter ’n skuldbewys teken waarin die betaling beskryf word as ’n rentedraende lening wat oor ses maande terugbetaalbaar is, en bestem is vir die “reorganizing and re-establishing the Government of Lower California”.[52] Avilés gaan koop hierna in San Diego gewere en ammunisie, asook ’n motorvoertuig om manskappe en voorrade te vervoer. ’n Paar dae later onmoet hy en van sy handlangers vir Bowker in El Centro, ’n dorpie naby Calexico, om die voorgenome aanval op Mexicali te bespreek en nog voorrade en ammunisie te kry. Avilés besluit nou om Mexicali op die eerste donker nag later dieselfde week aan te val, want Cantú en die meeste van sy troepe is op hierdie tydstip in Ensenada, die

[52] BOI-argief, skuldbewys ten gunste van die C-M Ranch geteken deur Avilés gedateer 22 Desember 1914 (aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709256); National Archives, Riverside, Kalifornië, Records Group 21, Records of District Courts of the US, US District Court for the Central District of California (Los Angeles), Criminal Case Files, 1907-1998, saaknr. 929, US vs Baltazar Aviles, et al.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hoofstad van Baja Kalifornië.[53] Uit sy siekbed in Los Angeles stuur Ben op 29 Desember militêre advies aan Avilés.

> [W]hen you start act quick, do not start anything and then delay, your success will depend upon the rapid way you go to work, accomplish your object before your opponents are aware of what is happening; - but be well prepared when you strike, don't forget that after you have started it will be too late to turn back…I suggest that you have some hand bombs, this you may need specially in taking the Cuartel [barrakke] or other buildings which may be occupied by the other side…Don't forget to let the wires be cut by some companeros [handlangers] between Ensenada and Tijuana, and on the night of the assau'lt at Mexicali let some one destroy the wires inside the town, so that they send no reports out, you should have friends use dynamite in Mexicali when the attack start.[54]

Maar net toe Avilés aan die einde van Desember op die punt is om Mexicali aan te val, keer Cantú en sy troepe terug na dié dorp.[55] Avilés besluit nou om eerder te wag vir die troepe wat Villa belowe het voor hy 'n inval loods, en vertrek na sy woning in San Diego.

## Omkopery in Tijuana

Aan die begin van Januarie 1915 in San Diego wag Avilés egter steeds vir die 2 000 soldate wat Pancho Villa belowe het om na Baja Kalifornië te stuur. Om sy saak by Villa te versterk, laat weet Avilés hom dat hy deur kapitalistiese vriende in die VSA ondersteun word. Hy voeg by dat Ben die persoon is wat hom die meeste bystaan en wat ten spyte daarvan dat hy siek is, onverpoosd werk om hom te help om van Cantú ontslae te raak.[56] Ben moedig Avilés ook deurentyd aan om Villa sover te kry om troepe

[53] BOI-argief, brief, Avilés – Viljoen, 27 Desember 1914. Deur die BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709244.
[54] BOI-argief, brief, Viljoen – Avilés, 29 Desember 1914. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709484.
[55] BOI-argief, telegram, Viljoen – Sandoval, 31 Desember 1914, Deur BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709538.
[56] BOI-argief, brief, Avilés – Villa, 4 Januarie 1915. Deur BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5708831.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met kanonne te stuur.[57] Maar Villa het sy hande elders in Mexiko vol in sy stryd teen Carranza, en het al sy troepe self nodig.

Avilés kom nou met ’n nuwe plan vorendag, naamlik om die bevelvoerder van die garnisoen in Tijuana om te koop om met sy manskappe oor te gee. Op 19 Januarie ontmoet verteenwoordigers van Avilés in Los Angeles vir Ben en Adolphe Danziger, ’n prokureur wat hy kort tevore aangestel het om hom by te staan en om as vertaler op te tree. Avilés se verteenwoordigers verklaar dat die bevelvoerder van die Tijuana garnisoen $8 000 (R1,6 miljoen) wil hê om met sy manne oor te gee. Ben is skepties oor die mans se *bona fides* en dring aan dat Avilés self na Los Angeles kom om die aangeleentheid met hom te bespreek, wat hy wel toe ’n paar dae later doen. Ben is hierna egter steeds nie oortuig van die meriete van Avilés se versoek vir $8 000 nie. Hy stuur Danziger nou saam met Avilés na San Diego om ’n verteenwoordiger van die Tijuana bevelvoerder te ontmoet en te verseker dat die bevelvoerder wel bereid is om oor te gee. Danziger keer egter terug met die boodskap dat “the entire matter was a ‘hold-up’, that I saw neither documents nor anything even remotely relating to a peaceful deal”.[58] Avilés vererg hom vir Ben se daaropvolgende weiering om die geld wat hy versoek het oor te betaal. Hy verklaar dat hy dan maar ’n ander plan sal maak om die geld in die hande te kry, en sal bewys dat daar geen rede was om hom te wantrou nie.[59] Ben paai hom en versoek dat hy met Villa se regsverteenwoordiger, wat nou Los Angeles is, beraadslaag oor wat om insake Cantú te doen.[60]

## Arrestasies

Van Ben se voorstel aan Avilés sal egter niks kom nie, want die BOI is nou gereed om op die samesweerders toe te slaan. Enrique Anaya se mislukte inval in Baja Kalifornië vyf maande tevore het hul aandag getrek en sedertdien het hulle die situasie fyn

[57] BOI-argief, brief, Viljoen – Avilés, 13 Januarie 1915. Deur BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/ 5709494.
[58] Superior Court of California, County of Los Angeles Archives, saak B28898, Danziger vs. Viljoen, mikrofilm 1291-C, beëdigde verklarings deur Danziger in hofstukke, asook telegramme tussen hom, Ben en Avilés tussen 17 en 21 Januarie 1914. Na hierdie hofsaak word verder in hierdie hoofstuk verwys as die “Danziger-hofrekord”, met beskrywings van die gemelde dokumente.
[59] BOI-argief, brief, Avilés – Viljoen, 24 Januarie 1915. Deur BOI uit Spaans vertaal. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5708642.
[60] BOI-argief, brief, Viljoen – Avilés, 29 Januarie 1914. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5708850.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dopgehou. Die VSA se neutraliteitswetgewing verbied die werwing van huursoldate of beplanning van militêre operasies teen buitelandse regerings op Amerikaanse bodem, en die BOI is nou oortuig dat hulle genoeg bewyse hiervan teen die samesweerders het. Aan die einde van Januarie 1915 arresteer hulle eers vier voetsoldate van Avilés, wat volledige verklarings oor sy en Walter Bowker se betrokkenheid by die komplot aflê.[61]

Op 3 Februarie arresteer die BOI vir Avilés by sy huis in San Diego, en drie dae later vir Walter Bowker in Los Angeles.[62] In Avilés se huis vind die BOI boonop al die korrespondensie tussen hom en Ben, wat hulle genoeg ammunisie gee om ’n lasbrief vir laasgenoemde se arrestasie aan te vra.[63] Laatmiddag op Woensdag, 10 Februarie daag BOI agente by Ben se woonstel in Albion Apartments op. Ben lê siek in die bed, maar stem in om saam met hulle na die hof te gaan om formeel aangekla te word solank sy geneesheer hom mag vergesel. Hy word dieselfde aand nog vrygelaat nadat Harry Chandler sy borgtog van $3 500 (R700 000) betaal het. Laasgenoemde se koerant plaas die volgende ietwat onakkurate berig oor Ben se bedrywighede die afgelope tyd:

> Gen. Viljoen expressed his entire ability to disprove the charges against him when given an opportunity in court. For some years he has been living in retirement, believing that a career so crowded with activity and embracing such hard service as was his portion when he joined the embattled Boer farmers in their uprising against royal authority, and was second in command of the Army of the Transvaal, had earned for him a season of rest and quiet.[64]

Ten spyte van sy openbare ontkennings moet Ben nou ’n bekommerde man wees. Die briewe tussen hom en Avilés wat die BOI in die hande gekry het, is taamlike verdoemende bewys dat hy die VSA se neutraliteitswette oortree het. Indien hy skuldig bevind word, staar hy twee jaar tronkstraf en ’n boete van $10 000 (R2 miljoen) in die gesig.[65]

---

[61] BOI-argief, verslae van agent F.P. Webster, 30 en 31 Januarie 1915, asook 1 Februarie 1915. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5708473, 5708479, 5708483, 5708491, 5708494, 5708499, 5708503, 5708511 en 5708518.
[62] *Santa Ana Register*, 3 Februarie 1915; *Boston Daily Globe*, 7 Februarie 1915.
[63] BOI-argief, verslag van agent F.P. Webster, 8 Februarie 1915. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5708633, 5709428 en 5708850.
[64] *Los Angeles Times*, 11 Februarie 1915.
[65] Bonelli, *Blackjack*, 184.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Harry Chandler in die visier**

Die BOI se eintlike teiken is die magnaat Harry Chandler. Hulle werp dus nou alles in die stryd om ’n saak teen hom op te bou. Die dag ná Ben se arrestasie nader ’n BOI agent vir Adolphe Danziger met ’n aanbod – die staat sal sy kliënt van tronkstraf vrywaar as hy skuldig pleit en staatsgetuie word. Danziger verklaar dat hy twyfel of Ben die aanbod sal aanvaar, want sou hy dit doen, sal hy sy aandeelhouding in die C-M Ranch verbeur. Hy onderneem wel om met hom hieroor te gaan praat.[66] Uit latere gebeure lyk dit of Ben nou vir Chandler van die BOI se aanbod vertel. Dit moet Chandler geweldig bekommer, want Ben is al direkte skakel tussen hom en Avilés en kan dus eerstehandse getuienis oor sy betrokkenheid lewer. Verder sal ’n beroemde generaal ’n geloofwaardige staatsgetuie wees. Dit lyk of Chandler nou onderneem het om Ben ruim vir sy stilswye te vergoed, want soos sal blyk het laasgenoemde se geldsake kort hierna dramaties verbeter.

Danziger gaan sien die BOI die volgende dag en deel hulle mee dat Ben hul aanbod geweier het. Maar hy het wel ’n belangrike ander samesweerder wat bereid is om staatsgetuie te word sou hy gunstige behandeling van die staat kry, verklaar Danziger. Dit is Baltazar Avilés, wat hom nou as sy prokureur aangestel het. Die staatsprokureur stem onmiddellik in dat Avilés ’n ligter vonnis sal kry as hy skuldig pleit en staatsgetuie word. Op 14 Februarie 1915 lê Avilés dus ’n volledige verklaring in San Diego se tronk af waarin hy Ben en Chandler se betrokkenheid in die fynste besonderhede uiteensit.[67]

Chandler kom hiervan te hore en gryp dadelik in. Hy betaal Avilés en twee van sy handlangers se borgtog en oortuig hulle dat sy prokureurs die hofsaak tot die volgende presidentsverkiesing sal vertraag. Chandler en sy koerant is vurige Republikeinse ondersteuners en die verwagting is dat die volgende administrasie ’n meer goedgesinde Republikeinse een as die huidige vyandige Demokratiese bestel onder pres. Woodrow Wilson sal wees. Rufus Bowden, ’n prominente Los Angeles prokureur wat op Chandler se koste vir Ben optree, word ook nou deur hom aangestel

---

[66] BOI-argief, verslag van agent E.M. Blandford, 11 Februarie 1915. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5708645.
[67] BOI-argief, verslae van agent E. M. Blandford, 12 en 14 Februarie 1915. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5708653, 5708668, 5708672, 5708676, 5708678 en 5708683.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om Avilés en sy twee makkers te verteenwoordig.[68] Vier dae ná sy aanvanklike verklaring sing Avilés nou 'n ander deuntjie. Hy trek sy vorige verklaring aan die BOI terug en verklaar dat die $5 000 wat Ben aan hom betaal het slegs 'n lening was om homself weer as goewerneur van Baja Kalifornië te vestig; dit was nie vir die aankoop van wapens en werwing van manskappe bedoel nie. Hy is dus nie meer bereid om 'n staatsgetuie te word of om skuldig te pleit nie.[69]

Ten spyte van Avilés se handomkeer, besluit die BOI om teen Chandler op te tree. Pres. Wilson is moeg vir die inmenging van Amerikaanse maatskappye en kapitaliste by die interne sake van ander lande en wil 'n voorbeeld van oortreders maak.[70] Die hoof van die BOI voel die druk. Hy laat weet sy agente dat hy hierdie as 'n baie belangrike saak beskou, en dat spesiale aandag daaraan gegee moet word.[71] Die dag ná Avilés se nuwe verklaring arresteer die BOI dus vir Chandler. Nadat die klag teen hom gelê is, word hy op borgtog vrygelaat.[72]

Aan die begin van Maart 1915 verlaat Ben nou vir tyd en wyl die onstuimige atmosfeer in Los Angeles om in Tuscon, Arizona mediese behandeling te gaan kry.[73] Ná tien dae hier keer hy en Myrtle terug na hul huis in La Mesa.[74] Maar in Los Angeles is Adolphe Danziger op die oorlogspad, want Ben het tot dusver geweier om sy rekening van $100 (R20 000) te betaal vir die dienste wat hy gelewer het. Dit is 'n kleinerige bedrag wat Ben sekerlik geredelik kan betaal, maar vermoedelik is hy deur sy prokureur gewaarsku dat die betaling daarvan later deur die staat in die Avilés-saak teen hom gebruik kan word as 'n bewys dat hy by die komplot betrokke was. Danziger gaan sien nou die BOI en verklaar dat omrede sy rekening nie betaal is nie, hy nie gebonde voel deur sy plig om kliëntevertroulikheid te handhaaf nie. Hy is dus bereid om te getuig oor alles wat tussen hom en Ben gebeur het; hy sal ook alle

[68] BOI-argief, verslag van agent F.P. Webster, 13 April 1915. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709726. Danziger het hierdie inligting aan Webster meegedeel ná Ben geweier het om sy fooi te betaal.
[69] BOI-argief, verslag van agent E.M. Blandford, 18 Februarie 1915. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709113.
[70] Blaisdell, 'Harry Chandler', 388.
[71] BOI-argief, verslag van agent E.M. Blandford, 23 Maart 1915. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709586.
[72] *Boston Daily Globe* en *Los Angeles Times*, 20 Februarie 1915.
[73] *El Paso Herald*, 10 Maart 1915.
[74] Volgens aantekeninge wat Ben in sy sakboekie gemaak het. Hy en Myrtle was op 17 Maart 1915 terug by hul La Mesa huis (WW-versameling)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

korrespondensie tussen hulle aan die BOI oorhandig. Die volgende dag voeg hy die daad by die woord en lê ’n volledige verklaring aan die BOI af.[75]

[75] BOI-argief, verslae van agent E.M. Blandford, 23 en 24 Maart 1915. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5709586 en 5709594.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 19

## LAASTE TREKKE

### (Apr 1915–Jan 1917)

**Ben kry sy beloning**

Terwyl die stadige prosesse van die regstelsel hul loop neem, vertoef Ben en Myrtle gedurende April 1915 in La Mesa. Ben was nou al maande lank siek en van aktiewe werk vir die C-M Ranch was daar nie sprake nie. Tog is hy aan die einde van hierdie maand in staat om 'n 53 akker (21 hektaar) plaas met 'n belastingwaardasie van $5 565 (R1,1 miljoen) te koop wat aan sy huidige eiendom in La Mesa grens.[1] Chandler het duidelik sy woord gestand gedoen.[2] Gedurende Mei doen Ben egter vir die soveelste keer longontsteking op.[3] Hy en Myrtle besluit om eerder maar weer na Los Angeles terug te keer, omrede hy glo dié stad se laer ligging beter vir sy gesondheid is.[4]

Hulle gaan woon egter nie weer in die Albion Apartments nie, maar koop 'n mooi huis in Sierra Madre, 'n boomryke dorpie aan die voetheuwels van die San

[1] *Belem News* (Nieu-Mexiko), 29 April 1915; County Clerk's Office, Dona Ana County, Las Cruces, Chamberino tax assesment rolls 1914-1915, Chamberino. Hierdie eiendom het nie in die vorige jaar se waardasierol onder Ben se naam verskyn nie.

[2] Volgens Ben se seun Eugène was Harry Chandler selfs ná sy pa se dood a "great benefactor" van die Viljoen familie. Eugène het sy dogter Jeanine vertel dat sy bevordering in die Amerikaanse leer, asook verskeie latere aanstellings in die privaatsektor, aan Chandler se hulp te danke was (BF-versameling, Jeanine Viljoen notas). Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, was Ben se broer Chris ook deur sy toedoen as bestuurder van Chandler se Tejon Ranch in 1914 aangestel. In 1918 was Chris egter 'n werknemer van die Ralph. J. Chandler Shipping Co. Ben en Chris se broer Wynand was ook in 1918 hier werksaam (D.K. Stein, '"Out of Africa" – an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 3)', *New Mexico Genealogist*, 43/4 (2004), 246-247, 249). Ralph Chandler was 'n neef van Harry Chandler (https://www.hollywoodreporter.com/news/chandler-house-hits-market-918843. Geraadpleeg op 14 April 2018).

[3] *El Paso Herald*, 15 Mei 1915.

[4] *Rio Grande Republican*, 18 Mei 1915.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gabriel bergreeks ongeveer 25 km oos van die middestad van Los Angeles.[5] Vermoedelik is hierdie aankoop ook deur Chandler se goedgunstigheid moontlik gemaak. In hierdie jare is Sierra Madre 'n toevlugsoord vir tering- en asmalyers vanweë sy matige klimaat en gesonde berglug,[6] en die rede hoekom Ben nou hierheen verhuis het.[7] Ben en Myrtle se smaakvol gemeubileerde enkelverdiepinghuis met twee slaapkamers is gebou uit Kaliforniese rooihout. Van die voorstoep af kyk mens oor Los Angeles en die Stille Oseaan op die horison uit, en van die agterstoep op die San Gabriel bergreeks.[8] Daar is ook 'n gereelde tremdiens na Los Angeles, wat dit vir Ben moontlik maak om maklik by sy prokureur of Chandler uit te kom sou dit nodig wees. Laasgenoemde betaal hom nog steeds 'n salaris, al kan hy weens sy swak gesondheid nie juis enige werk verrig nie.[9] Dit is natuurlik in Chandler se belang dat hy op goeie voet met Ben bly.

Ben se voormalige prokureur, Adolphe Danziger, het hom intussen gedagvaar vir sy onbetaalde fooi. Ben daag egter nie by die verhoor aan die begin van Julie 1915 op nie en die regter staan Danziger se eis met koste toe. Sekerlik is dit 'n berekende strategie van Ben se nuwe prokureur, Rufus Bowden — sou Ben die saak bestry, kan

---

[5] Hierdie huis was by 89E Alegria Avenue (Ancestry.com, Voters roll Los Angeles County, 6-0480, Index to Register of Voters, Sierra Madre City Precinct No.3. Aanlyn-argief eraadpleeg op 14 April 2017). Volgens Ben se sterfberig in die *Los Angeles Times* op 15 Januarie 1917 het hy hierdie huis besit. Chris Viljoen het Ben in Julie 1915 by hierdie adres kom besoek (*Sierra Madre News*, 16 Julie 1915). Ben se telefoonnommer en hierdie adres is ook deur die dorpskoerant in Julie 1915 verstrek as synde besonderhede wat nie betyds in die jongste telefoongids opgeneem kon word nie (*Sierra Madre News*, 23 Julie 1915). Ben het ook op 23 Julie 1915 'n brief van hier af aan 'n koerant in Suid-Afrika geskryf (*De Volkstem*, 10 September 1915).

[6] Algemene inligting hierna oor Sierra Madre in hierdie jare is ontleen aan M. Zack, *Seeking the better life in Sierra Madre* (Los Angeles: Sierra Madre Historical Preservation Society, 2009), 159-163, asook 'n fotobrosjure getiteld *Vistas of Sierra Madre California 1907* in die Sierra Madre Public Library argief in Los Angeles.

[7] Ben het in Augustus 1915 uit Sierra Madre aan goew. McDonald van Nieu-Mexiko geskryf dat hy "landed at this place recommended for bronchial asthma" (NMSRCA, Governor William C. McDonald Papers, 1912-1916, houer 22, Letters Received July 15, 1915 to November 30, 1915, brief, Viljoen – McDonald, 24 Augustus 1915).

[8] Die huis wat vandag by 89E Alegria Avenue staan, is nog die oorspronklike een wat Ben en Myrtle bewoon het, en die beskrywing is ontleen aan 'n persoonlike besoek van die skrywer in Mei 2016. Die meubilering van die huis is ontleen aan 'n foto van die binnekant wat geneem is toe Ben en Myrtle daar gewoon het (BJV-versameling).

[9] In 'n beëdigde verklaring wat Chandler op 4 September 1915 afgelê het as deel van 'n aansoek om die aanklagte teen hom geskrap te kry, het hy verklaar "W.B. Bowker and B.J. Viljoen…are and for a long time past have been, employees of said California-Mexico Land and Cattle Company" (National Archives, Riverside, Kalifornië, Records Group 21, Records of District Courts of the US, US District Court for the Central District of California (Los Angeles), Criminal Case Files, 1907-1998, saaknr. 929, US vs Baltazar Avilés, et al, Affidavit of Harry Chandler, 4 September 1915). Na hierdie hofsaak word verder in hierdie hoofstuk verwys as die "Avilés-hofrekord", met beskrywings van gemelde dokumente.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ongemaklike feite oor sy en Danziger se verhouding in kruisondervraging aan die lig kom wat die staat later in die Avilés-hofsaak teen hom mag gebruik. Bowden appelleer egter hierna teen die vonnis op grond daarvan dat Ben te siek was om te getuig. Bowden sou goed geweet het dat 'n appèlsaak in die hoër hof aangehoor moet word, waar dit baie langer duur om 'n verhoordatum te kry.[10] Sodoende verseker hy dat Ben se versuim om homself nou te verdedig ook nie deur die staat in die Avilés-saak teen hom gebruik kan word nie.



*Hedendaagse foto van Ben en Myrtle se oorspronklike huis in Sierra Madre.*
(Persoonlike versameling)

**Bekgevegte**

Ben se voortslepende asma en brongitis beperk hom nou meestal tot sy Sierra Madre huis.[11] Hy gebruik sy ledige ure om verskeie lang briewe aan koerante te skryf. 'n Paar

[10] Superior Court of California, County of Los Angeles Archives, saak B28898, Danziger vs. Viljoen, mikrofilm 1291-C, rekord van verrrigtinge, 6 Julie 1915; kennisgewing van appèl, 31 Julie 1915. Na hierdie hofsaak word verder in hierdie hoofstuk verwys as die "Danziger-hofrekord", met beskrywings van die gemelde dokumente.
[11] Ben het aan die einde van Augustus 1915 aan goew. McDonald van Nieu-Mexiko geskryf dat hy sedert sy aankoms in Sierra Madre weens sy siekte "confined to the house" was

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maande tevore het *De Volkstem* in Pretoria berig dat hy deur die VSA se militêre owerheid in verband met 'n "soort van rebellie op de meksikaanse grens" gevange geneem is.[12] Kort ná sy nie-verskyning in die hof skryf hy 'n verontwaardige brief aan dié koerant. Hy ontken dat hy in die tronk was, of dat hy moontlik tronkstraf in die gesig staar. Volgens hom sal die saak teen hom, sou dit ooit voor die hof kom, uitgegooi word. Oudergewoonte maak hy hom nou weer aan oordrywing en misleiding skuldig. Hy betreur dit dat 'n Afrikaanse koerant hom so beswadder, verklaar hy, veral omdat hy "sedert 1911 'n invalid ben, lijdende aan nerveuse bronchitis en asthma en kwalik in staat mijn bed te verlaten". Hy voeg by dat dokters in die VSA en Europa van mening is dat sy toestand te wyte is aan die liddietvergiftiging wat hy by die slag van Vaalkrans opgedoen het.[13]

In Augustus kom Harry Chandler se *Los Angeles Times* aan die beurt. Ben betwis 'n berig in dié koerant wat gemeld het dat al die Boere in Suid-Afrika bereid is om vir die Geallieerdes te veg. Volgens Ben is die bitterheid in die voormalige Boererepublieke groter as ooit, "and many thousands are preparing to leave the country, as the disgust with Botha and Smuts is monumental". Van Botha se suksesvolle veldtog in Duits-Suidwes het hy ook nie 'n hoë dunk nie – volgens hom het dit Botha sewe maande en 27 000 troepe geneem om slegs 3 000 Duitsers te verslaan.[14] 'n Paar dae later volg hy dit op met 'n lofrede in dieselfde koerant oor die dapperheid van genl. Scott, die Amerikaanse hoof van staf, wat kort tevore Pancho Villa oorreed het om nie op Amerikaanse besighede in Chihuahua beslag te lê nie. Eintlik is dit maar net nog 'n kans vir Ben om sy eie beuel te blaas. Volgens hom is nie een uit 'n duisend soldate in staat om die rol van vredemaker te vervul nie. "I know whereof I speak", verklaar hy, want op sy dag was hy self 'n vredemaker onder die wrede Yaquis in Mexiko en weerbarstige swart stamme in Suid-Afrika.[15] Nie lank hierna nie skryf hy weer aan die *Los Angeles Times* in reaksie op 'n jingoïstiese en anti-Duitse brief van die Britse skrywer Rudyard Kipling. Ben wys weereens daarop dat die Boere glad nie die Geallieerdes in Europa ondersteun nie. Hy is ook van mening dat "it will be useless to

(NMSRCA, Governor William C. McDonald, 1912-1916, houer 22, Letters received July 15, 1915 to November 30, 1915, Viljoen – McDonald, 24 Augustus 1915).
[12] *De Volkstem*, 20 April 1915.
[13] Ibid., 10 September 1915. Ben se brief was volgens *De Volkstem* 23 Julie 1915 gedateer, en is uit Sierra Madre gestuur.
[14] *Los Angeles Times*, 15 Augustus 1915.
[15] Ibid., 18 Augustus 1915.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

point to Gen Botha, CB., KC., CMG. English titles and English gold have long since transformed him into something worse than a Kipling."[16]

Ná drie maande in Sierra Madre het Ben se gesondheid nou sodanig verbeter dat hy goew. McDonald van Nieu-Mexiko versoek om hom as ’n afgevaardigde van dié staat te stuur na die jaarlikse nasionale besproeiingskonferensie wat oor ’n paar weke in Kalifornië plaasvind. Hy bied ook weerens aan om die Nieu-Mexiko burgermag by te staan sou die situasie in Mexiko dit vereis. Op hierdie tydstip glo hy skynbaar nog dat sy gesondheid volkome sal herstel, want hy verklaar dat hy as stafoffisier sal dien "until my health permits more active service". Hy noem ook dat hy en Myrtle hoop om voor die einde van die jaar permanent na La Mesa terug te keer.[17] McDonald sal hom wel kort hierna as afgevaardigde na die besproeiingskonferensie aanstel.[18] Ben sal egter eers meer as ’n jaar later na La Mesa terugkeer, want nuwe belangstellings en die voortslepende Avilés en Danziger aangeleenthede sal hom tot dan in Sierra Madre hou.

## Hollywood roep

Die verbetering in sy gesondheid laat Ben nou kans sien om betrokke te raak by ’n bedryf wat enkele jare tevore in Los Angeles tot stand gekom het. Die eerste rolprent is vyf jaar tevore hier in die voorstad Hollywood geskiet en sedertdien het dit die middelpunt van die filmbedryf in Amerika geword.[19] Aan die begin van September 1915 is Ben ’n stigterslid van die Planet Motion Picture Company. Hy en Myrtle hou saam 40% van die maatskappy se aandele, sy prokureur Rufus Bowden 20%, en ene George Clark en Daniel Nefsy 20% elk.[20] Selfs in hierdie jare kos dit baie om rolprente te maak. Vermoedelik is dit dan hoofsaaklik Harry Chandler se geld wat die nuwe onderneming rugsteun, met Bowden (wie se fooie Chandler namens Ben in die Avilés-

---

[16] Ibid., 15 September 1915.
[17] NMSRCA, Governor William C. McDonald Papers, 1912-1916, houer 22, Letters received July 15, 1915 to November 30, 1915, brief, Viljoen – McDonald, 24 Augustus 1915. Ben het McDonald in hierdie brief ook meegedeel dat "I feel somewhat stronger".
[18] Ibid., houer 11, brieweboek nr. 42, Letters sent 1915-1916, McDonald – Viljoen, 30 Augustus 1915; *Albuquerque Journal*, 1 September 1915.
[19] 'Hollywood', Wikipedia (geraadpleeg op 2 Februarie 2018).
[20] Seaver Center for Western History Research, Natural History Museum of Los Angeles County, GC1145-18643 1915, Articles of Incorporation of Planet Motion Picture Company, 1 September 1915.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en Danziger-saak betaal) wat as sy verteenwoordiger optree. Die bekende impresario Albert Kiralfy word as die besturende direkteur van die maatskappy aangestel.[21]

Die Planet Motion Picture Company se eerste projek is om ’n rolprent te maak wat op Ben se Anglo-Boereoorlog roman *Under the Vierkleur* gebaseer is. Volgens die firma se persverklaring sal die gebeure in die rolprent egter nie slegs in die oorlogsjare afspeel nie, maar ook die “struggles of Huguenots who migrated to South Africa” uitbeeld. Ben gaan as tegniese adviseur optree, asook “personally direct many of the scenes…because of his extensive and accurate knowledge of South African and military affairs”.[22] Die plan is om die verskillende tonele in die Mesillavallei te verfilm.[23] Ben en Myrtle is opgewonde oor die onderneming se finansiële vooruitsigte, en Ben is ook nou hoopvol dat hy op die herstelpad is.[24]

Hierdie rolprent sal egter nooit van die grond af kom nie, want die verbetering in Ben se gesondheid is maar net ’n tydelike opflikkering. Aan die begin van Oktober moet hy ’n toespraak kanselleer wat hy veronderstel is om by ’n dinee in Los Angeles te gee. Vir sy gasheer laat weet hy, “I have a miserable cold on deck, and can not leave my room as the attacks of asthma are more persistent and so frequent, that it would be most unwise to venture out tomorrow night”.[25] Ook word sy appèlsaak teen sy prokureur Adolphe Danziger, wat op 18 Oktober aangehoor sou word, weens sy swak gesondheid vir ’n paar maande uitgestel.[26] Op sy beurt sorg Chandler ook dat die Avilés-saak keer op keer uitgestel word deur allerlei regspunte en besware in voorverhore te opper.[27]

[21] *Los Angeles Times*, 5 September 1915; *Pittsburgh Post Gazette*, 9 April 1916.
[22] *Los Angeles Times*, 5 September 1915.
[23] M. Morris, ‘Boer general’s brave new world’, *The Argus*, 30 November 1994. Michael Morris, ’n Suid-Afrikaanse verslaggewer, was die skrywer van hierdie artikel, en het Nieu-Mexiko in 1994 besoek.
[24] Sara Madero, die weduwee van pres. Madero, het in hierdie tydperk aan Myrtle geskryf dat “I will be very glad to hear that you may have success in the business matter in which you tell me you expect to make something, so that you may be able to live contented [sic] in this respect…. I am very glad that you are there (in California) and that the lovely climate has been somewhat beneficial to your husband” (BJV-versameling, brief, Sara Madero – Myrtle Viljoen, 15 September 1915).
[25] Charles, E. Young Research Library, UCLA, Los Angeles, T. Perceval Gerson Papers, houer 2, lêer 3, brief, Viljoen – Gerson, 1 Oktober 1915.
[26] Danziger-hofrekord, rekord van hofverrigtinge, 18 Oktober 1915.
[27] *Los Angeles Times*, 12 Oktober en 9 November 1915.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Ben se besige pen**

Weereens wend Ben sy ledige ure in Sierra Madre aan om te skryf, hierdie keer vier lang artikels wat in die loop van die volgende vyf maande in die *Los Angeles Times* of sy gewilde bylae die *Los Angeles Times Illustrated Weekly Magazine* sal verskyn. Die *Los Angeles Times* is ’n prominente koerant met ’n wye leserstal, en in hierdie jare word bekende skrywers ruim vergoed vir sulke bydraes. Maar moontlik skryf Ben hierdie artikels as teenprestasie vir die salaris wat Chandler hom betaal as ’n werknemer van die California-Mexico Land and Cattle Company, al doen hy niks meer vir dié maatskappy nie.[28]



*Sierra Madre in die tyd toe Ben daar gewoon het.*
(Sierra Madre Historical Society)

Die eerste artikel, ‘Exciting events of days before the Boer War’, het in Oktober 1915 verskyn, maar kon nie opgespoor word nie.[29] Die tweede artikel, The story of a piebald horse’, het ’n paar weke later verskyn. Dit was ’n effens langer weergawe van

[28]Avilés-hofrekord, beëdigde verklaring van Harry Chandler, 4 September 1915.
[29] *Los Angeles Times*, 16 Oktober 1915. In die koerant was daar ’n verwysing na hierdie artikel deur Ben wat in die meegaande tydskrif verskyn het, maar hierdie uitgawe is nie bewaar nie, en ’n afskrif kon ook nie opgespoor word nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die verslaggeefster Rose Marion se artikel oor Ben se dapper perd Blesman wat in die *St. Louis Dispatch* verskyn het toe Ben in 1904 vir die Boereoorlogskouspel in St. Louis was.[30] Vir sy artikel gebruik Ben nou grotendeels Marion se presiese bewoording sonder erkenning aan haar, maar voeg hier en daar iets by wat gewoonlik onwaar is. Nou is hy met sy gevangeneming by Lydenburg in die linkerbors gewond, terwyl hy in werklikheid ongedeerd daarvan afgekom het. Volgens hom het hy ook mense betaal om Blesman die volgende dag te begrawe, terwyl genl. Muller egter etlike weke later Blesman se karkas hier teëgekom het.[31] Marion het in haar artikel gemeld dat "my eyes were moist when he told me of Blesman's death"; nou is dit Ben se oë wat "dim with moisture" was toe hy die artikel geskryf het.[32] Maar terwyl Ben se storie oënskynlik oor Blesman handel, vertel hy eintlik vir lesers van sy eie heldedade tydens die ABO.

Die laaste twee artikels het drie maande later verskyn. Die eerste, 'Tribe at war for a century', handel oor sy wedervaringe onder die Yaquis. Hiervolgens het pres. Madero onverwags by hom gepleit om die rol van Yaqui-vredeskommissaris te aanvaar toe hy toevallig op vakansie in Mexikostad was. In werklikheid was Ben juis toe in Mexiko om 'n staatspos te probeer verkry. Verder, volgens Ben, het goew. Maytorena en baie inwoners van Guaymas hom gesmeek om nie met die Yaquis in hul bergvesting te gaan beraadslaag nie, want hulle sou hom nooit toelaat om lewend terug te keer nie.[33] Van hierdie waarskuwings is daar egter geen aanduiding in die uitgebreide korrespondensie tussen Ben en Maytorena tydens daardie tydperk nie. Weereens gebruik Ben eintlik sy artikel om lesers te vertel hoe dapper hy in sy onderhandelinge met die Yaquis was.

'A paroled Boer general on St. Helena' kort hierna, was sy laaste artikel in die *Los Angeles Times Illustrated Weekly Magazine*.[34] Hierdie artikel handel hoofsaaklik oor sy besoeke tydens sy krygsgevangeneskap aan die plekke op St. Helena waar sy groot held Napoleon sy laaste lewensjare deurbring het, en is grotendeels 'n herhaling van die artikel vir die *El Paso Morning Times* wat hy sewe jaar tevore hieroor geskryf

[30] *St. Louis Post-Dispatch*, 31 Januarie 1904.
[31] C.H. Muller, *Oorlogsherinneringe* (Kaapstad, Bloemfontein & Pretoria: Nasionale Pers Beperk, 1936), 164.
[32] *St. Louis Post Dispatch*, 31 Januarie 1904; B.J. Viljoen, 'The story of a piebald horse', *Los Angeles Times Illustrated Weekly Magazine*, 13 November 1915 (afskrif van artikel in die Ben Viljoen-pamfletversameling in Krugersdorp se openbare biblioteek.)
[33] B.J. Viljoen, 'Tribe at war for a century', *Los Angeles Times*, 13 Februarie 1916. Sien ook hoofstuk 16 hieroor.
[34] B.J. Viljoen, 'A paroled Boer general on St. Helena', *Los Angeles Times Illustrated Weekly Magazine*, 26 Februarie 1916.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het.[35] Hy skryf roerend oor die emosies wat hierdie besoeke in hom ontwaak het. Hy meld egter nou ook dat 'n klomp Boerekrygsgevangenes uit die haglike ondergrondse tronk by Fort High Knoll op St. Helena deur sy toedoen vrygelaat is. Hiervan het hy egter in sy eie oorlogsherinneringe wat hy op St. Helena geskryf het, asook in sy artikel sewe jaar tevore, geen melding gemaak nie; ook in die geskiedskrywing oor daardie tydperk is niks hieroor nie. Die algehele indruk wat sy artikel skep is dat hy homself beskou as iemand soos Napoleon, 'n beroemde generaal wat deur die genadelose Britte na St. Helena verban is. Aan die einde van sy artikel skryf hy dan ook "I told my relentless captors, 'If St. Helena was good enough for Napoleon it is good enough for me."[36]

Ben skryf vermoedelik in hierdie tyd ook 'n romantiese maar sover bekend ongepubliseerde kortverhaal getiteld 'A gringo's romance', waarvoor hy uit sy kennis van Mexiko put.[37] Dit is 'n sentimentele liefdesverhaal wat handel oor die beeldskone dogter van die goewerneur van 'n Mexikaanse deelstaat wat kort voor die Madero-revolusie op 'n Amerikaanse myningenieur verlief raak. Hy moet egter na die VSA terugkeer, terwyl sy aan Berkeley Universiteit in Kalifornië moet gaan studeer. Hier ontmoet sy die pragtige Chandler dogters (die werklike Harry Chandler het vier dogters gehad) wat haar nooi om haar eerste universiteitsvakansie by hul ouerhuis deur te bring. Ben sorg dat hy sy werkgewer in sy verhaal vlei deur te meld dat "no more hospitable family that the Chandler's could be imagined in or out of California." Die Mexikaanse meisie se Amerikaanse vryer reël met 'n ompad dat hy haar hier weer ontmoet. Die res van die verhaal neem sy voorspelbare verloop, met die twee verliefdes wat ná vele uitdagings uiteindelik in die huwelik tree. Uit die verwysings na Chandler se dogters en gasvryheid lyk dit of Ben hierdie verhaal vir publikasie in die *Los Angeles Times Illustrated Weekly Magazine* geskryf het, iets wat vir een of ander rede nooit gebeur het nie. Gedurende hierdie tydperk kom hy ook met 'n uitgewer in Nederland ooreen om sy roman *Under the Vierkleur* te vertaal en in Nederlands uit te gee.[38]

[35] B.J. Viljoen, 'Old Rock Lodge No. 912: St. Helena and Napoleon', *El Paso Morning Times*, 18 Julie 1909. Sien ook hoofstuk 14 hieroor.
[36] Viljoen, 'A paroled Boer general'.
[37] BJV-versameling, 'A gringo's romance'. Hierdie getikte verhaal is nie gedateer nie. Die gebeure in die verhaal strek egter tot ná genl. Huerta se bewindsoorname in 1913. Die vleiende verwysing na die Chandlers in die verhaal dui daarop dat Ben dit nie vroeër as die einde van 1913 kon geskryf het nie, want hy het toe eers in Harry Chandler se diens getree. Weens sy werksverpligtinge hierna is dit ook onwaarskynlik dat hy voorheen die tyd sou gehad het om dit te skryf.
[38] *Arnhemsche Courant*, 9 Desember 1916.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Voortslepende hofsake en gesondheidsprobleme**

Ben se appèlsaak teen Adolphe Danziger kom op 29 Januarie 1916 in Los Angeles voor die hof. Sy prokureur Rufus Bowden daag daardie dag egter sonder hom by die hof op en lê Ben se beëdigde verklaring aan die regter voor. Hierin skryf Ben in die derde persoon oor homself:

> He is afflicted with asthma and is an extreme sufferer with that disease; that he has for many months past been confined to his home, and for the past several weeks has been closely confined to his home and, the greater part of the times, to his bedroom; that his illness has reduced hom very greatly in flesh and strength and he is subject to frequent violent attacks of choking from said disease, and that he is in such condition that very slight exertion, or excitement, will bring on violent attacks of his said ailment, and during these attacks he suffers extremely and is very weak for a long period of time following the same, and is in an extremely nervous condition at all times; that his condition is such that to undertake the trial of this cause at the time same is set for trial would endanger his life.[39]

Hy heg ook 'n beëdigde verklaring van sy dokter aan wat sy toestand bevestig en waarin laasgenoemde die mening uitspreek dat dit Ben se lewe in gevaar sal stel indien hy aan die eise van kruisondervraging onderwerp word.[40] Die regter staan gevolglik Bowden se versoek vir uitstel toe en gelas dat Ben nou op 4 Maart voor hom moet verskyn. Op daardie dag daag Bowden weer sonder hom op, want volgens hom is sy kliënt nog steeds te siek om te getuig. Die regter laat Danziger egter nou toe om sy pleidooi en getuienis te lewer, terwyl Ben gelas word om oor 'n week te kom getuig. Maar ook by die volgende hofsitting daag Ben nie op nie. Bowden kry dit weereens reg om nog 'n week grasie te kry vir Ben om te verskyn. Bowden is egter 'n gesoute prokureur. Na aanleiding van Danziger se getuienis dien hy 'n betoog by die hof in dat eersgenoemde nie bewys het dat hy regsdienste aan Ben verskaf het nie en dat die saak dus van die rol geskrap moet word. Sewe weke later word vonnis ten gunste van Ben gelewer, met laasgenoemde wat dus nooit self enige getuienis oor die presiese aard van sy en

[39] Danziger-hofrekord, beëdigde verklaring deur Ben, 28 Januarie 1916.
[40] Ibid., beëdigde verklaring deur dr. George W. Groth, 28 Januarie 1916.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

Danziger se verhouding hoef te gelewer het nie.[41] Ben se siekte word ook nou deur Chandler se prokureurs gebruik om die Avilés-saak tot September 1916 uit te stel. Die staatsaanklaer verklaar hieroor aan die BOI dat "he did not care to bring the defendant [Ben] into court on stretcher to try him; that he also preferred to try all the defendants in this case at the same time as in that event they would have to tell the same story should they take the stand in their own behalf, whereas if the defendants were tried seperately each could tell a story to suit his own case".[42]

Weereens is daar 'n opflikkering in Ben se gesondheid, want in Junie voel hy gesond genoeg om nogmaals sy dienste aan Nieu-Mexiko se burgermag aan te bied.[43] Twee maande later versoek hy ook goew. McDonald om hom weer as 'n afgevaardigde van Nieu-Mexiko na die jaarlikse nasionale besproeiingskonferensie aan te stel wat gedurende Oktober in El Paso gehou gaan word.[44] Vir sy bankbestuurder in laasgenoemde stad laat hy ook aan die einde van Augustus weet dat sy gesondheid verbeter het.[45] Op 12 September moet hy egter in die hof verskyn insake die Avilés-saak, en nou verswak sy gesondheid skielik dramaties. Vier dae voor die hofdatum lê hy vir die soveelste keer 'n beëdigde verklaring af waarin hy verklaar dat "he is wholly unfit and unable to enter upon the trial of this cause…and he is informed by his physicians, and verily believes the fact to be that to undertake to go through said trail and make his necessary defence therein would endanger his life".[46] Ook Chandler is kwansuis nou te siek om die verhoor by te woon, en die saak word tot November uitgestel.[47] Dit sal dan op versoek van Chandler se prokureur weereens tot die volgende jaar uitgestel word, wanneer die staat se saak op tegniese punte sal misluk sonder dat Chandler ooit geroep is om te getuig.[48] Maar dit sal Ben nooit weet nie.

---

[41] *Los Angeles Times*, 9 Mei 1916; Danziger-hofsaak, verskeie hofrekords, asook getikte uitspraak deur regter Taft op 26 Mei 1916 uitgereik.

[42] NARA, Mikrofilm publikasie 1085, Investigative Reports of the Bureau of Investigation 1908-1922, Investigative Records Relating to Mexican Neutrality Violations, 1902-1921, mikrofilm boi_mexican851-874_0006, verslag van agent E.M. Blandford, 11 April 1916. Aanlyn beskikbaar op https://www.fold3.com/image/5707188.

[43] *El Paso Herald*, 21 Junie 1916.

[44] NMSRCA, Governor William C. McDonald Papers, 1912-1916, houer 24, Letters received May 1, 1916 to October 1, 1916, Viljoen – McDonald, 17 Augustus 1916.

[45] WW-versameling, brief, Manager City National Bank – Viljoen, 5 September 1916. Hierdie brief van sy bankbestuurder was in antwoord op 'n brief van Ben gedateer 23 Augustus 1916. Hierin het die bankbestuurder gemeld hy is "very much pleased to note the improvement in your health".

[46] Avilés-hofrekord, beëdigde verklaring van Ben, 8 September 1916.

[47] *El Paso Herald*, 12 September 1916.

[48] Avilés-hofrekord, p.584, Aansoek vir uitstel, 3 November 1916; L.L. Blaisdell, 'Harry Chandler and Mexican border intrigue, 1914-1917', *Pacific Historical Review*, 35/4, 1966.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Laaste maande**

In Oktober 1916 besluit Ben en Myrtle om na La Mesa terug te keer op grond van nuwe mediese advies dat hy eerder in 'n hoër ligging as Sierra Madre moet gaan woon. Ten spyte van sy voortslepende siekte is Ben nog vol planne vir die toekoms. Met sy vertrek deel hy die *Los Angeles Times* mee dat hy vasbeslote is om weer heeltemal gesond te word. Hy verklaar ook dat hy reeds besig is om te werk aan 'n roman met die titel *The Story of a Rio Grande Farm* wat op sy ondervindinge in die Mesillavallei gebaseer sal wees.[49] In Nieu-Mexiko aangekom moet hy egter eers optree as die voorsitter van 'n komitee by die El Paso besproeiingskonferensie wat die genl. Harrison Gray Otis trofee vir die beste artikel oor besproeiing moet toeken. Op die eerste dag van dié konferensie skryf hy egter aan Chandler se skoonpa en deel hom mee dat "I am sorry to say since coming to El Paso, I have been confined the greater part of the time to my room with a recurrence of my old malady, but hope to be able to be out to attend the meetings of the Congress."[50]

Ná die konferensie keer hy en Myrtle na hul huis in La Mesa terug. Kort ná hul aankoms kry hy die tyding dat Willem Snyman, sy vennoot in die mislukte Mexikaanse Boerekolonie elf jaar tevore, weens komplikasies ná 'n blindedermoperasie op 59-jarige ouderdom gesterf het. Tot aan die einde van sy lewe het Snyman sy beeld as dapper Boeregeneraal suksesvol volgehou, en sy sterfberigte in Amerikaanse koerante beskryf hom as sodanig, nieteenstaande Ben se openbare regstelling hiervan etlike jare tevore.[51] Selfs die voormalige VSA president Teddy Roosevelt laat weet Snyman se weduwee dat "I greatly admired your gallant and distinguished husband and counted him a friend."[52] Ben woon egter nie sy begrafnis in El Paso aan die begin van November by nie.[53]

---

390-391. Laasgenoemde bron sit die redes breedvoerig uiteen waarom die regter besluit het om die saak te staak en die jurielede beveel het om Chandler en sy mede-beskuldigdes te ontslaan. Die regter het onder meer bevind dat die staat se getuies onbetroubaar was en hulself weerspreek het, asook dat die relevante bepalings in die VSA neutraliteitswetgewing nie op die spesifieke omstandighede van die Avilés-saak van toepassing was nie.

[49] *Los Angeles Times*, 12 Oktober 1916.

[50] Huntington Library, Los Angeles, *Los Angeles Times* records, houer 209, lêer 22, Harris Gray Otis Personal Papers, brief, Viljoen – Otis, 14 Oktober 1916.

[51] *El Paso Herald*, 25 Oktober 1916; *New York Times*, 27 Oktober 1916.

[52] Yale University, Beinecke Library, Marshall Bond Papers, WA MSS S-2358, brief, Roosevelt – Mev. Snyman, 10 November 1916.

[53] *El Paso Herald*, 8 November 1916. Ben se naam word nie in die lys van begrafnisgangers gemeld nie, iets wat sekerlik die geval sou gewees het indien hy wel daar was.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



*Een van die laaste fotos wat van Ben geneem is. Sy gesig is merkbaar maerder, waarskynlik weens sy aftakelende siekte.* (EM-versameling)

Ben probeer kort hierna om ’n staatsaanstelling in Nieu-Mexiko deur die toedoen van uitgaande goewerneur William McDonald te bekom. Laasgenoemde onderneem om by die nuwe goewerneur vir hom voorspraak te maak.[54] Ben skryf ook nou ’n artikel getiteld ‘Pathos and humor of war-time’ wat in Desember 1916 verskyn in *Adventure*, ’n gewilde maandelikse Amerikaanse tydskrif.[55] Hierin beskryf hy vier kwansuis ware humoristiese insidente wat hy tydens die oorlogstyd beleef het. Soos so baie vorige artikels uit sy pen is ook hierdie een egter deurspek met historiese onakkuraathede en selfverheerlikende stellings, onder meer dat hy in Februarie 1900 die aanvoerder van die Boere op Spioenkop was en persoonlik in die loopgrawe geveg

[54] NMSRCA, Governor William C. McDonald Papers, 1912-1916, houer 13, brieweboek nr. 44, Letters sent 1916-1917, McDonald – Viljoen, 29 November 1916. McDonald se brief was in antwoord op ’n skrywe van Ben gedateer 20 November 1916.
[55] ‘Adventure (magazine)’, Wikipedia (geraadpleeg op 6 Februarie 2018).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het.[56] Verder voltooi hy nou 'n tweede artikel vir dié tydskrif met die titel 'Red days in South Africa'.[57] Dit is egter slegs 'n effens verwerkte herhaling van die fantastiese fiktiewe verhaal van sy jeugjare in die Noord-Transvaal wat hy in 1909 vir lesers van die *El Paso Morning Times* opgedis het.[58] Hierdie artikel sal egter eers na sy dood verskyn, die laaste een uit sy pen wat ooit gepubliseer sal word.

## **Die einde van die verhaal**

In Desember 1916 voel Ben nog optimisties genoeg oor sy gesondheid om 'n boukontrak toe te ken om sy en Myrtle se huis in La Mesa op te knap.[59] En in Nederland verskyn die Nederlandse vertaling van sy roman *Under the Vierkleur* onder die titel *Danie.*[60] Maar kort hierna doen hy nogmaals longontsteking op. Sy toestand verswak vinnig en op Saterdag, 13 Januarie 1917 besef hy dat die einde naby is. Sy gemoedstoestand is egter kalm en gelate. Gedurende die nag daal die temperatuur skielik benede vriespunt en om middernag begin dit sneeu, ongewoon vir Nieu-Mexiko. Dit word 'n lang nag, met adrenalien wat deurentyd aan Ben toegedien moet word om sy hart aan die gang te hou. Om tien-uur die volgende oggend gee hy op 48-jarige ouderdom egter die stryd gewonne. Ná sy laaste asemteug tel Myrtle uit woede 'n bottel adrenalien op en gooi dit teen hul slaapkamermuur stukkend sonder om 'n woord te uiter. Buite lê die lusernlande wit van die sneeu.[61]

Ben sou verheug gewees het oor die prominente dekking wat die wêreld se voorste koerante in die daaropvolgende dae aan sy afsterwe gegee het. Volgens sy werkgewer Harry Chandler se *Los Angeles Times* was hy 'n "hero of the Boer War, and for the past twenty five years one of the most picturesque and noted international characters." Die

---

[56] B.J. Viljoen, 'Pathos and humor of war-time', *Adventure,* Desember 1916 (afkrif van artikel in prof. A. Offenburger-versameling).
[57] B.J. Viljoen, 'Red days in South Africa', *Adventure*, November 1917 (afskrif van artikel in BJV-versameling).
[58] *El Paso Morning Times*, 7, 14, 21 en 28 Februarie 1909. Sien ook hoofstuk 14.
[59] *Rio Grande Republican*, 8 Desember 1916.
[60] *Arnhemsche Courant*, 9 Desember 1916.
[61] *El Paso Herald*, 15 Januarie 1917; *Los Angeles Times*, 15 Januarie 1917. Die inligting oor Myrtle se reaksie op Ben se dood is ontleen aan 'n onderhoud wat die Suid-Afrikaanse joernalis Michael Morris in 1994 met 'n vrou gevoer het wat 'n tienerdogter in La Mesa was ten tyde van Ben se dood. Haar ouers was vriende van Ben en Myrtle, en het hierdie aan haar vertel (M. Morris, 'Boer general's brave new world', *The Argus,* 30 November 1994).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

*New York Times* het hom as "one of the most dangerous Boer leaders" beskryf, terwyl *The Times* van Londen gemeld het dat hy "achieved a considerable reputation as a daring and reckless fighter". Ook in Brittanje het die *Daily Mail* hom 'n "wily and resourceful fighter" genoem, en in die *Daily Telegraph* het genl. Bindon Blood, sy opponent in die Oos-Transvaal tydens die laaste fase van die ABO, hom as 'n "very capable man and a brave soldier" bestempel. Op sy beurt was die Nederlandse *Algemeen Handelsblad* van mening dat hy een van mees onverskrokke Boereleiers was.[62] Nie net die groot koerante het oor sy dood berig nie. Selfs in Sierra Madre, waar hy maar net 'n jaar of wat gewoon het, het die plaaslike koerantjie berig dat die nuus van sy afsterwe "brought sorrow to many friends in Sierra Madre who had learned to love and admire him".[63]

In Suid-Afrika was die sterfberigte ook vol lof. Dr. Frans Engelenburg, redakteur van *De Volkstem* en wat Ben geken het, het opgemerk hy "was 'n begaafd man met 'n snel en levendig verstand, vlug van geest met iets van 't franse zelfvertrouwen in zich." Volgens die *Star* het Ben hom onderskei deur "the display of remarkable military qualities and had achieved a considerable reputation by the time he was taken prisoner". Op sy beurt het die *Rand Daily Mail* insiggewende kommentaar gelewer oor hoe hy deur 'n sekere deel van die Uitlandergemeenskap op die Wes-Rand voor die ABO beskou is.

> The intelligence of the death of Commandant Ben Viljoen in New Mexico was, says our West Rand correspondent, received with widespread regret among the older residents of Krugersdorp and Roodepoort, where he was well known and highly respected before the South African War…although always an "oprechte Afrikander", he was entirely devoid of racial prejudices…He was a man of courage and marked ability in the field, and he was imbued with the most kindly feelings towards those of other nationalities who had accepted burgher rights…His virile personality was outstanding even among those rollicking pioneers who gave Krugersdorp its honoured name of the "fighting dorp" and no public activity which counted for anything lacked the influence of Ben Viljoen.[64]

[62] *Los Angeles Times*, 15 Januarie 1917; *New York Times*, 15 Januarie 1917; *The Times*, 17 Januarie 1917; *Daily Mail*, 17 Januarie 1917; *Daily Telegraph*, 17 Januarie 1917; *Algemeen Handelsblad*, 19 Januarie 1917.
[63] *Sierra Madre News*, 19 Januarie 1917.
[64] *De Volkstem*, 19 Januarie 1917; *The Star*, 18 Januarie 1917; *Rand Daily Mail*, 19 Januarie 1917.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Soos in sy lewe, was feit en fiksie in Ben se sterfberigte vermeng, sekerlik deels ’n nalatenskap van sy eie vertellings. Die *Los Angeles Times*, vir wie se eienaars Ben gewerk het en waarvoor hy artikels geskryf het, het onder andere gemeld dat hy en ’n handvol manne vroeg in 1900 ’n bergpas teen ’n aanslag van die 18th Hussars regiment moes verdedig. Toe die Britse geweervuur te hewig geraak het, het hy sy manne beveel om terug te val. Met ’n masjiengeweer het hy toe skuiling agter ’n rots geneem en “ruthlessly exterminated every single member of the Hussar regiment”. Volgens hierdie berig was baie van die offisiere in dié regiment lede van die Britse adel, en was dit hoekom die Britte hom daarna so intens gehaat het. Verder het die *Los Angeles Times* gemeld dat hy eers gevange geneem is ná ’n hewige geveg waarin hy al oorlewende aan die Boerekant was, en hyself ook gewond is. Dié koerant het hom selfs die krediet vir Madero se oorwinning tydens die slag van Juárez gegee, en dus vir pres. Diaz se val.[65] Ander sterfberigte het gemeld dat hy die Boeremagte aangevoer het wat Jameson by Krugersdorp gevange geneem het.[66] Hierdie staaltjies is natuurlik van alle waarheid ontbloot, maar is tekenend van die deels selfgeskepte aura wat aan hom gekleef en so baie Amerikaners beïndruk het.

Tog het hier en daar terloopse kommentaar in sterfberigte verskyn wat op skerper oë dui. *The Times* het Ben as “one of the lesser Boer leaders” bestempel, terwyl die Nederlandse *Algemeen Handelsblad* gemeen het dat hy soms “een roekeloos strijder” was.[67] Dr. Frans Engelenburg het in *De Volkstem* se sterfberig opgemerk dat Ben ook in die VSA en Mexiko iemand was “die in ’t volle publieke licht was”. Gustav Preller, redakteur van *Die Brandwag*, wat Ben ook geken het, het die langste en mees genuanseerde sterfberig oor hom geskryf. In sy inleiding tot die berig het hy egter ’n verskuilde waarskuwing aan lesers gerig deur te vertel van ’n insident toe hy die bejaarde tydgenoot van ’n afgestorwe Afrikanerheld herinner het aan laasgenoemde se heldedade. Ná die aanhoor van Preller se relaas het sy aanhoorder droogweg geantwoord: “Ja, mijn jonge, maar ik kan jou vertel dat hij ook kon spekskiet soos die beste.”[68]

Ben se grafsteen in die Las Cruces vrymesselaarsbegraafplaas is later opgerig. Dit is ’n heuphoogte klipkruik, ’n simbool van iemand wat ’n hoë vrymesselaarsrang

[65] *Los Angeles Times*, 15 Januarie 1917
[66] *New York Times*, 15 Januarie 1917; *St. Louis Post-Dispatch*, 15 Januarie 1917; *New York Herald*, 15 Januarie 1917.
[67] *New York Times*, 15 Januarie 1917; *Algemeen Handelsblad*, 19 Januarie 1917.
[68] G. Preller, ‘Met God en die Mauser’, *Die Brandwag*, 20 Januarie 1917.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gehad het.[69] Op die kruik self is VILJOEN in hoofletters gegraveer; op die vierkantige voetstuk daaronder GENL. B. VILJOEN 1868-1917 SOUTH AFRICA; aan die voetstuk se regter- en linkerkant onderskeidelik SOLDIER en AUTHOR. Dit was Ben alles – vrymesselaar, generaal, skrywer, maar bo alles die laaste: die outeur van sy eie rustelose lewe.

[69] A.G. Mackey, *An encyclopedia of freemasonry and its kindred sciences*, vol. II (New York en Londen: The Masonic History Company, 1916), 820.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 20

# BEN VILJOEN IN PERSPEKTIEF

*En selfs nadat ek dié dokumentasie bekom het (wat hier byeengebring is), is die vraag steeds: was dit voldoende om te weet wie Mannetjies Mentz was?* [1]

Christoffel Coetzee – *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*

Die *Daily Mail* in Brittanje het 'n raak opmerking oor Ben Viljoen in sy sterfberig gemaak: "A picturesque personality, with a strong proclivity for 'showmanship', he was more or less a foreign type in the country of his birth."[2] Dit is ongetwyfeld so dat Ben nie verteenwoordigend van die tipiese tradisionele en godvresende Transvaalse plattelandse Boer van sy era was nie. Alhoewel hy as Boerekind op verskeie plase grootgeword het, en hom in die VSA vir 'n ruk lank met lusernboerdery opgehou het, was hy eintlik 'n stedeling wat op 'n groter verhoog wou speel. Hy was ook in sekere opsigte 'n voorloper van 'n beduidende deel van die huidige generasie Afrikaners, wat 'n minder eng geloofsuitkyk het, ewe gemaklik in die geselskap van ander etniese groepe as hul eie is, en geredelik na ander lande emigreer.

[1] C. Coetzee, *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (Kaapstad: Queillerie-Uitgewers, 1998), 17.
[2] *Daily Mail*, 17 Januarie 1917.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wat het Ben voortgedryf? Hy het dit self die beste uitgedruk toe hy homself as "a man of restless spirit, with an ever-present desire to do something better" beskryf het.[3] In die wyse waarop hy sy ambisie nagestreef het, was hy egter aweregs en 'n tipiese opportunis. Die Krugersdorpse romanskrywer Douglas Blackburn het iets van sy goeie vriend Ben se persoonlikheid in sy satires vasgevang in die persoon van Sarel Erasmus, sy welsprekende, onstuitbare fiktiewe karakter wat vir sy streke in Transvaal bekend was.[4] Ben het kenmerke van die argetipiese Hermes figuur gehad, die sogenaamde truukster, 'n vabond en bekoorder wat in die mites en volksverhale van baie kulture voorkom.[5] Van die kenmerke van truuksters is hul welsprekendheid, geslepenheid, rondswerwery en amoreuse avonture.[6] Hermes het van kleins af die ambisie gehad om tot die kring van die groter Griekse gode toegelaat te word. Hy was 'n buitestaander wat van alle middele, geoorloof en ongeoorloof, gebruik gemaak het om 'n gevestigde groep binne te dring en as gelyke erken te word. In die Griekse mitologie is Odysseus die andere bekende truukster, 'n veelkantige figuur wat sy karakter na gelang van omstandighede verander het om te oorleef. Odysseus was nie aan 'n vaste identiteit gebonde nie en het met die verhale van sy avonture sy karakter in die oë van ander gevorm. Die veelkantige figuur is soos 'n verkleurmannetjie, iemand wat 'n nuwe gesig opsit vir elke persoon wat hy ontmoet, "charming, disarming, and not to be trusted".[7] Lewis Hyde se kommentaar oor veelkantige figure in sy seminale werk *Trickster makes this world* is ook iets om in gedagte te hou: "With some polytropic characters, it is possible that there is no real self behind the shifting masks, or that the real self lies exactly there, in the moving surfaces and not beneath."[8]

By uitstek was Napoleon die historiese figuur wat Ben van kleins af bewonder en mee geïdentifiseer het. Soos sy held wat van 'n onbelangrike eiland gekom en die

[3] B.J. Viljoen, 'In the days of my youth: Chapters of an autobiography', *Otago Witness* (Dunedin, Nieu-Seeland), 28 Januarie 1903.
[4] S. Gray, 'Keeping the records straight: The literary afterlife of three Boer generals', *Literator*, 35/1 (2014), 9.
[5] J.D.F. Jones, *Storyteller: The many lives of Laurens van der Post* (Londen: John Murray, 2001), 442.
[6] H.P. Van Coller, 'Diskursiewe patrone in *Brandwaterkom* van Alexander Strachan', *Tydskrif vir Letterkunde*, 53/1 (2016), 238.
[7] L. Hyde, *Trickster makes this world: Mischief, myth, and art* (New York: Farrar, Strauss and Giroux, 2010), 32-34, 53, 202-220. 'n Interessante toeval is dat Ben soos Hermes ook in 'n grot gebore is.
[8] Ibid., 54.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

binnekringe van die Franse samelewing getrotseer het, was Ben ook wat die reeds gevestigde Boere in die Zuid-Afrikaansche Republiek betref het, ’n buitestaander met ’n beskeie agtergrond wat nie een van hulle was nie. Die Boere-elite in Transvaal voor die Anglo-Boereoorlog was meestal óf Voortrekkers óf afstammelinge van Voortrekkers. Hierdie geslote kring het die staatsposte beheer en die meeste van die grond besit.

Die 18-jarige Ben het egter in 1886 op die regte tyd en plek in die ZAR aangekom. Die kosmopolitaanse en snelgroeiende Witwatersrand was ideaal geskik vir iemand met sy ambisie, energie en intelligensie. In hierdie nuwe samelewing was die aanvanklike indruk wat mens gemaak het die belangrikste, anders as in die kleiner, meer gevestigde plattelandse gemeenskappe van Transvaal, waar mense mekaar goed geken het en iemand op sy agtergrond en reputasie getakseer het. Ben se groot deurbraak het gekom toe hy in sy vroeë twintigs vir Eugène Marais se koerant *Land en Volk* begin skryf het, want hier het sy lewenslange belangstelling in die joernalistiek, politiek en skryfkuns posgevat. Hy het gou besef dat hy die pers kan gebruik om sy politieke en militêre ambisies te bevorder, ’n les wat hy nooit vergeet het nie en tot ’n mindere of meerdere mate dwarsdeur sy volwasse lewe suksesvol toegepas het. In hierdie opsig was daar iets baie moderns aan Ben wat aan ons eie era herinner, met politici, sakeleiers en glanspersoonlikhede wat die media gebruik om hul beeld te poets en hul agendas te bevorder. Hierdie vaardigheid van Ben het hom onderskei van die ander Boereleiers, wat oor die algemeen sku vir die kollig was. Soos ’n Krugersdorpse koerant tereg voor die Anglo-Boereoorlog opgemerk het: “Ben was made by the press, and the press will continue to keep him in front.”[9]

Sy intelligensie en energie, sy selfpromosie in sy eie koerante, die ondersteuning van ’n netwerk vriendskaplike joernaliste, sy lidmaatskap van talle plaaslike organisasies, asook sy gewildheid onder ander nuwelinge wat stemreg in die ZAR verwerf het, het Ben in staat gestel om ten spyte van sy buitestaanderskap en beskeie agtergrond binne 12 jaar ná sy aankoms in die ZAR van ’n doodgewone polisieman tot bevelvoerder van die Johannesburgse kommando en volksraadslid vir Johannesburg te vorder. Kort voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het hy dus reeds tot die boonste echelon van die ZAR se Boeresamelewing behoort. ’n Jaar later is hy tot veggeneraal bevorder, iets wat een van sy joernalisvriende laat opmerk het: “Van politieagent tot opperbevelhebber. Dit klink als de titel van een roman uit het

[9] *Krugersdorp Standard,* 29 Julie 1899.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

glorietydperk van Napoleon I. Het is echter een roman van een onzer tijdgenooten, het is de loopbaan van Ben Viljoen."[10] Selfs gedurende die eerste deel van die oorlog, totdat die Britse inval in die ZAR 'n einde aan Transvaalse koerante vir die res van die oorlog gemaak het, het Ben aangehou om sy reputasie te bevorder deur van goedgesinde joernaliste gebruik te maak, tot die misnoeë van sommige van sy tydgenote. Sy heldhaftige optrede met die slag van Vaalkrans en sy mag se latere buitmaking van die Britse skeepskanon "Lady Roberts" by Helvetia het sy naam ook onder die groter wêreld se aandag gebring.

Die sukses van sy lesingstoer en die entoesiastiese openbare ontvangs van sy oorlogsherinneringe in Brittanje kort ná die oorlog het hom laat besef dat sy generaalskap en welbekende oorlogsrekord die sleutel tot sy toekoms inhou. In die VSA en Mexiko was daar groot bewondering onder 'n beduidende deel van die bevolking vir die klein Boererepublieke se stryd teen die magtige Brittanje. Ben het tot aan die einde van sy lewe sy reputasie as onverskrokke Boeregeneraal, wat kwansuis geweier het om onder Britse heerskappy te lewe, gebruik om toegang tot die hoogste politieke en sakekringe te kry waar ook al hy hom bevind het. Op sy beurt het dit weer vir hom sake- en werksgeleenthede in die sak gebring. In die VSA het hy dieselfde strategie as in die vooroorlogse ZAR gebruik om opgang te maak, naamlik om sy naam in die publieke oog te hou, by plaaslike organisasies aan te sluit, homself waar moontlik vir openbare diens beskikbaar te maak, die Vrymesselaarsnetwerk te gebruik, en invloedryke kontakte te kweek. In die 13 jaar wat Ben in hierdie twee lande gewoon het, het hy kwalik iewers aangekom of iets gedoen sonder om die pers daaroor in te lig. As bedrewe eks-joernalis en koeranteienaar het hy geweet hoe om sy naam in die koerante te kry en daar te hou. Sy onderhoudende artikels en boeke was ook deel van sy beeldpoetsery. Van tyd tot tyd het sy volgehoue selfpromosie egter ook ongunstige kritiek in die Amerikaanse pers uitgelok, en met die verloop van tyd het sy stories oor homself al hoe meer aangedik geraak. In 'n era voor die internet het hy hiermee egter weggekom.

As militêre bevelvoerder tydens die Anglo-Boereoorlog het Ben 'n gemengde rekord gehad, en *The Times* se kommentaar in sy sterfberig dat hy een van die mindere Boeregeneraals was, is nie ongeregverdig nie.[11] Met die uitbreek van die oorlog het hy

[10] *Bataviaasch Nieuwblad*, 2 Oktober 1900. Die joernalis was Frederik Rompel, 'n tydgenoot van Ben wat voor die oorlog by *De Volksstem* in Pretoria gewerk het.
[11] *The Times*, 17 Januarie 1917.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

egter ’n aansienlik moeiliker taak as die meeste ander Boerekommandante gehad. Sy Johannesburgse kommando het grotendeels bestaan uit ’n mengelmoes ongedissiplineerde voormalige Kapenaars en buitelanders wat nie behoorlik kon skiet of perdry nie, en as stedelinge aan die ruwe kommandolewe ongewoond was. Reeds in die eerste weke van die oorlog is baie van hulle ná die fiasko by Elandslaagte gevange geneem, en was Ben in onguns by kmdt.-genl. Joubert en die ander Boerekommando’s. Tot sy krediet het hy egter nie toegelaat dat dit hom onderkry nie en het hy sy mag herbou, hierdie keer in ’n meer gedissiplineerde en effektiewe gevegseenheid. Vier maande later het Ben sy en sy manne se eer herstel met die slag van Vaalkrans. Oor sy persoonlike dapperheid kon daar hierna ook nie meer twyfel wees nie. Teen hierdie tyd het egter ander minder wenslike eienskappe in hom as bevelvoerder na vore gekom. Sy dapperheid het soms met ’n wilde roekeloosheid gepaard gegaan wat hom as bevelvoerder onnodig in gevaar gestel het. Hy het dikwels net op die vinnige taktiese oorwinning gekonsentreer met min oorweging aan die groter strategiese prentjie. Hy was ook vinnig om sy meerderes in die teenwoordigheid van sy ondergeskiktes te kritiseer, of om hul bevele te ignoreer wanneer dit hom nie gepas het nie.

Hy en sy manne het hulle in die laaste paar maande van die stellingfase van die oorlog oor die algemeen goed van hul taak gekwyt, en ná die Britse inname van Pretoria in Junie 1900 is hy deur kmdt.-genl. Louis Botha, die nuwe bevelvoerder van die Transvaalse magte, tot veggeneraal bevorder. Met die Boeremagte se terugval na Hectorspruit in die Oos-Transvaal, en die daaropvolgende maand lange uitmergelende trek na Pietersburg, het hy moeilike opdragte met sukses uitgevoer. Maar in Pietersburg het sy swakker eienskappe weereens na vore gekom. Hy het sy manne toegelaat om na hartelus jolyt te hou en voorrade te buit, en inwoners se pleidooie aan hom om in te gryp het op dowe ore geval. Tot en met ongeveer Februarie 1901 het Ben egter nog sy rol as veggeneraal entoesiasties vervul en sy mag het met sukses in die Oos-Transvaal geveg.

Maar toe hy ná die mislukte vredeskonferensie tussen kmtd.-genl. Louis Botha en lord Kitchener in Februarie/Maart 1901 besluit het die voorsetting van die oorlog is sinneloos, het hy slegs met die Britse magte slaags geraak wanneer daar geen ander keuse was nie, of wanneer hy voorrade kon buit. Hy het ook nie geskroom om sy mening oor die futiliteit van die oorlog se voorsetting teenoor sy meerderes, mede-offisiere en manskappe uit te spreek nie. Sy gesag oor sy ondergeskiktes het begin wegsyfer, en hy het verkies om die laaste paar maande voor sy gevangeneming in die relatiewe rustige Pelgrimsrus-distrik deur te bring. Alhoewel hy ten gunste van vrede

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

was, het hy dit duidelik gemaak dat hy nie sou oorgee totdat Botha en die ZAR-regering tot so ’n stap oorgaan nie. Hy was goed bewus van die bittereinders se renons in die sogenaamde hendsoppers en joiners, en vir iemand met naoorlogse politieke ambisies was dit waarskynlik ook ’n rede hoekom hy nie tot so ’n stap sou oorgegaan het nie. Maar in Pelgrimsrus het hy Botha se opdragte geïgnoreer om hom suid van die Delagoabaaispoorlyn te kom bystaan, asook om nie met Britse bevelvoerders op eie houtjie te korrespondeer nie. Sy optrede het hom Botha se gramskap op die hals gehaal, tot so ’n mate dat laasgenoemde van plan was om hom te laat arresteer. Ben se gevangeneming het hom van hierdie skande gered. Sy houding en optrede in die laaste paar maande was egter welbekend onder ander Boereoffisiere en het bygedra tot die agterdog oor die eienaardige omstandighede van sy gevangeneming. Hierdie agterdog het in sekere kringe tot ná sy afsterwe voortgeduur.

Sy militêre rol in die Mexikaanse revolusie was beskeie, en beperk tot enkele maande en dié van militêre adviseur. Alhoewel Francisco Madero, die revolusionêre leier, hom hoog aangeslaan het, het die vernaamste ander rebelleleiers sy advies met die beleg en inname van Juárez geïgnoreer. Omrede hy ’n buitelander was wat ook nie die vertroue van ander Mexikaanse politieke leiers en bevelvoerders geniet het nie, het niks gekom van Madero se pogings om hom hierna in ander militêre hoedanighede aan te wend nie. Ook in sy latere rol as vredeskommissaris onder die Yaqui Indiane kon hy nie hond haaraf maak nie. ’n Paar jaar later, met sy betrokkenheid by die komplotte om Baja Kalifornië in te val en leiers aan te stel wat sy Amerikaanse kapitalistiese werkgewers ter wille sou wees, het hy in sy adviserende rol ook nie veel vermag nie. Die kompleksiteite van die Mexikaanse politiek was net te duister en onvoorspelbaar vir ’n buitestaander soos Ben om suksesvol te navigeer.

Ben se politieke beginsels was vloeibaar en het na gelang van heersende omstandighede verander. Aanvanklik het hy hom by Eugène Marais en die sogenaamde progressiewe Transvaalse Boere onder leiding van adv. Ewald Esselen en kmdt.-genl. Piet Joubert geskaar. Dit was verstaanbaar, want die progressiewes was ten gunste van die vinniger toekenning van burgerskap en stemreg aan inkommers soos hy. Maar toe die progressiewes se steun ná die Jameson-inval weggekwyn het en hy volle burgerskap verkry het weens sy deelname aan die stuiting van Jameson en sy troepemag, het hy sy lojaliteit na pres. Kruger verskuif. Sommiges het hom hierna as ’n politieke manteldraaier uitgekryt, onder meer sy voormalige vriend Eugène Marais.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Alhoewel Ben tydens die oorlog tot Februarie 1901 ’n entoesiastiese bevelvoerder was, het hy ná die mislukte vredeskonferensie by Middelburg aan sy toekoms onder Britse beheer van die Transvaalkolonie begin werk. Sy dislojale gesprekke met Britse bevelvoerders voor en ná sy gevangeneming getuig hiervan, asook sy brief aan pres. Kruger waarin hy vrede bepleit het – ’n brief wat slegs met Britse medewete en samewerking by laasgenoemde in Nederland sou kon uitgekom het. Op St. Helena het hy sy oorlogsherinneringe ook met die oog op die Britse gesaghebbers en leserspubliek geskryf en daarin versoening tussen Boer en Brit bepleit. Deur sy Vrymesselaarskap het hy ook vriendskappe met verskeie Britse offisiere aangeknoop. Verder was hy een van die eerste krygsgevangenes op St. Helena wat die eed van getroudheid aan die Britse kroon afgelê en na Suid-Afrika teruggekeer het.

Ben was op hierdie tydstip in ’n moeilike situasie. Sy geldsake was benard en hy het nie soos baie ander van sy portuurgroep ’n plaas gehad om uit boerdery ’n bestaan te maak nie. Sy hoop was dus op ’n rol in die openbare lewe van die Transvaalkolonie gevestig – hy was immers ’n gerekende Boeregeneraal en was voor die oorlog ’n volksraadlid. Met sy aankoms in Kaapstad van St. Helena af ná die vredesluiting is hy egter ontnugter, want sy medegeneraals Botha, De la Rey en De Wet het na Europa op ’n fondsinsamelingstoer vertrek sonder om hom saam te nooi, iets wat hy geglo het sy goeie reg is. Skynbaar was hy onbewus van die agterdog en vyandige gevoel teenoor hom in leidende Boerekringe in Holland en Suid-Afrika. Die opinie van die Duitse vertaler van sy oorlogsherinneringe wat kort hierna met Ben en die drie Boeregeneraals in verbinding was, is insiggewend: “Ek weet wel dat hulle [genls. Botha, De la Rey en De Wet] oortuig is dat Viljoen as ‘stadsmens’ innerlik vervreem is van die unieke aard van die lewe van die Boere in sy vaderland en vrees dat hy bloot op grond van sy temperament die ‘ou burgers’ in die steek sal laat wanneer dit kom by die inagneming van die ouer kern van die volk se gewoontes, beskouings en behoeftes.”[12]

Ná hierdie afjak deur sy medegeneraals het Ben en die hoofstroom van sy volk se paaie begin skei. Hierna wou hy met Britse finansiële ondersteuning ’n tweetalige koerant op die been bring om sy politieke ambisies op ’n platform van versoening tussen Britte en Boere te bevorder. Ook lord Milner het hom egter nie vertrou nie en van ’n staatspos of finansiële ondersteuning was daar nooit werklik sprake nie. Ben het egter hoopvol gebly en in Suid-Afrika en sy daaropvolgende lesingstoer in Brittanje versoenende geluide gemaak. As deel hiervan het hy selfs aangebied om vir Brittanje

[12] A. Schowalter, ‘General Ben Viljoen’, *Tägliche Rundschau*, 4 Maart 1903 (uit Duits vertaal).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in Somaliland te gaan veg, iets wat sy reputasie onder die Boereleiers in Nederland en Suid-Afrika verder geknou het. Hy het ook geflankeer met Joseph Chamberlain, Britse minister van kolonies, en hom as meer versoenend uitgebeeld as die drie Boeregeneraals wat ook toe in Europa was. Met sy terugkeer na Suid-Afrika nege maande later het hy weereens hard probeer om Milner te oortuig om sy voorgenome koerant te ondersteun. Milner wou nie byt nie, maar op sy beurt het hy Ben oortuig om sy beleid oor die invoer van Sjinese arbeiders te ondersteun in ruil vir ’n staatslening. Ben het hiermee finaal sy brûe agter hom verbrand in sy verhouding met die ander Boereleiers, soos genl. Botha. Toe Frank Fillis die voorstel aan hom maak dat hulle ’n Boereoorlogskouspel by die 1904 World’s Fair in St. Louis moet aanbied, het hy dit met ope arms aangegryp.

Die bekendmaking kort hierna van sy sogenaamde verlowing aan die Ierse verhoogdanser May Belfort het wyd opslae gemaak en die skandaal wat dit veroorsaak het, het hom laat besluit sy toekoms moet eerder in die VSA en Mexiko as in Suid-Afrika lê. Van hierdie punt af het sy versoenende houding teenoor Brittanje verander. Hy het toe begin verklaar dat hy nooit die eed van getrouheid teenoor Brittanje afgelê het nie, omrede hy nooit bereid sou wees om onder Britse heerskappy in Suid-Afrika te lewe nie. Dit was ’n storie wat baie beter by sy nuwe identiteit gepas het, en dit het vir sy Mexikaanse en Amerikaanse aanhoorders en lesers ’n aanvaarbare verduideliking verskaf hoekom hy besluit het om eerder sy heil in hul lande te kom soek. Om sy storie geloofwaardiger te maak, het hy ook tot aan die einde van sy lewe talle male anti-Britse toesprake gelewer en deurgaans briewe en artikels in hierdie trant vir publikasie in die Amerikaanse pers geskryf.

Ook in Ben se politieke aktiwiteite in die VSA was sy opportunisme opmerklik. Aanvanklik het hy hom by die hoofstroom Republikeine in die Amerikaanse deelstaat Nieu-Mexiko geskaar. Toe hy hier die koue skouer kry, het hy by ’n wegbreekfaksie aangesluit in die hoop om vinniger opgang in die politieke lewe te maak. Toe dit egter in 1911 vir hom duidelik word dat politieke bewind in Nieu-Mexiko van ’n Republikeinse bestel na ’n Demokratiese een gaan verander, het hy na die Demokratiese party oorgeloop. ’n Plaaslike Republikeinse koerant het hieroor opgemerk dat “[t]he Boer General, who has lived under three forms of government in a little more than that many years, has truly found his level politically now that he has

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

trekked into the Democratic fold…time will tell if his prowess in Africa and in Mexico may be after all pure gold which he can cash in in the crucible of American politics."[13]

Soos sy politieke beginsels was Ben se burgerskapskeuses ook opportunisties. Hy het eers na 'n paar jaar in Transvaal sy Britse burgerskap as voormalige Kaapse Kolonialer opgesê, ook slegs toe omstandighede dit genoodsaak het. Terwyl hy daarna in 1908 oënskynlik verheug was oor sy verkryging van Amerikaanse burgerskap, het hy dit 'n paar jaar later summier vir Mexikaanse burgerskap verruil toe dit geblyk het dat dit sy vooruitsigte in daardie land onder die patronaatskap van sy vriend Francisco Madero, die nuwe Mexikaanse president, sou bevorder. Nadat Madero vermoor is en hy besef het dat daar nie meer 'n toekoms vir hom in Mexiko is nie, het hy sy Mexikaanse burgerskap net so vinnig weer prysgegee. Met nabetragting is dit duidelik dat Ben se keuses wat betref politieke uitkyk en burgerskap in die eerste plek gedryf was deur wat in sy eie beste belang sou wees, eerder as die onderskrywing van 'n groter politieke ideaal. Sy opportunisme het tot gevolg gehad dat die Boereleiers sowel as die Britse gesaghebbers hom nie vertrou het nie. Ook in die VSA het dit hom wantroue op die hals gehaal.

Ben het 'n komplekse persoonlikheid gehad. Hy was gedrewe in die navolging van sy ambisies en vir nuwe uitdagings het hy nie teruggedeins nie. Hy kon ook vinnig by nuwe situasies en omgewings aanpas. Sy dapperheid het hy telkemale bewys. Ten spyte daarvan dat hy slegs sowat ses jaar se formele skoolopvoeding gehad het, het hy wyd gelees en was hy welsprekend en vaardig met die pen. In Mexiko en die VSA het hy ook invloedryke mense oortuig om hom te ondersteun. Sy lewe is egter gekenmerk deur vlietende lojaliteite, impulsiewe besluite, bittere jaloesieë, onbestendige verhoudings, gewetenlose optrede en die pragmatiese navolging van sy eie belange bo groter ideale. En die goue draad wat deur sy lewe geloop het, was sy drang om ander se aandag en bewondering op hom te vestig. Alhoewel dit deel was van sy werkswyse om in die ZAR en VSA opgang te maak, bespeur mens by Ben 'n amper onversadigbare narsistiese eersug wat veel groter was as wat sy berekende strategie genoodsaak het.

'n Historikus of biograaf begeef hom of haar op die omstrede veld van psigogeskiedenis of psigobiografie wanneer hy of sy poog om 'n historiese figuur se persoonlikheid sielkundig te ontleed. Vir verskeie redes bevraagteken die meeste historici dit of die vakgebied van geskiedenis op 'n vrugbare en aanvaarbare wyse deur

[13] *Rio Grande Republican*, 22 September 1911.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die sosiale dissiplines, insluitend sielkunde, beïnvloed kan word.[14] Die oes van psigogeskiedkundige werke in Suid-Afrika is gevolglik maar skraal, en in die onlangse verlede het slegs enkeles verskyn.[15] Soos Albert Grundlingh egter uitwys, is die kritiek op die veld van psigogeskiedenis hoofsaaklik van toepassing "op diegene wat primêr van die uitgangspunt beweeg dat menslike gedrag in die verlede slegs verklaar kan word binne die raamwerk van psigoanalise as sodanig; dit het nie soseer betrekking op die historikus wat hom op ’n gekwalifiseerde wyse van sekere toepaslike sielkundige konsepte bedien ten einde tot ’n groter insig oor ’n bepaalde historiese verskynsel of figuur te kom nie."[16]

Met bogenoemde voorbehoude in gedagte, word dan op gekwalifiseerde wyse van die sielkundige konsep van narsisme gebruik gemaak om vas te stel of dit op Ben se persoonlikheid en handelinge lig kan werp. Psigoanalitiese teorie omskryf narsiste as mense wat hul persoonlikheid op so ’n manier organiseer dat hulle hul eiewaarde handhaaf deur bevestiging van buite hulself te kry.[17] Almal het tot ’n mindere of meerdere mate narsistiese eienskappe, maar in ’n klein persentasie van die bevolking neem dit sulke afmetings aan dat dit as ’n diepgaande persoonlikheidsversteuring bestempel kan word. Die gesaghebbende Amerikaanse *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (5de uitgawe) (*DSM-5*) sit nege gedragspatrone uiteen (hierna in vet gedruk) wat gebruik word om te bepaal of iemand se gedrag uit narsistiese persoonlikheidsversteuring spruit. Om so ’n diagnose te maak, moet hierdie gedragspatrone deurlopend in ’n persoon se volwasse lewe voorkom en afwyk van wat die heersende samelewing as normaal beskou.[18]

Onder meer het narsiste ’n **verhewe eiedunk** en is hulle geneig om hul prestasies te oordryf. In sy latere lewe in Mexiko en Amerika het hierdie eienskap duidelik by Ben na vore gekom wanneer hy oor sy jeug- en oorlogservaringe geskryf

---

[14] A. Grundlingh, ‘Sielkunde vir die historikus: Praktiese moontlikheid of idealistiese wensdenkery’, *Historia*, 27/2, 1982, 56, 61. Vir kritiek sien ook ‘Psychohistory’, Wikipedia (geraadpleeg op 25 April 2018).

[15] Sien byvoorbeeld A.J. McLeod se ‘The psychological impact of guerilla warfare on the Boer forces during the Anglo-Boer War’ (DPhil-tesis, Universiteit van Pretoria, 2004) en ‘’n Psigo-biografiese studie van Generaal J.H. de la Rey en sy ervaring van die Anglo-Boereoorlog’, *Historia,* 50/2, 2005, deur dieselfde skrywer.

[16] Grundlingh, ‘Sielkunde vir die historikus’, 56.

[17] N. McWilliams, *Psychoanalytic diagnosis: Understanding personality structure in the clinical Process* (New York: The Guilford Press, 2011), 226.

[18] American Psychiatric Association, *Diagnostic and statistical manual of mental disorders* (5th ed.) (Arlington, Virginia: American Psychiatric Publishing, 2013), 669-672. Hievolgens word die voorkoms van narsistiese persoonlikheidsversteuring op so hoog soos 6.2% in ’n verteenwoordigende deel van ’n gemeenskap geskat.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

of gepraat het. ’n Narsis kom dan vir ander ook as grootpraterig voor, iets waaroor Ben telkemale deur sy tydgenote gekritiseer is. Narsiste het verder ’n **uitermatige behoefte aan bewondering**. Ben se deurlopende behoefte aan die kollig spreek boekdele oor hierdie eienskap van hom. Sy voorliefde vir selfontwerpte uniforms was ook ’n uitvloeisel hiervan. Die teenkant hiervan is die narsis se onredelike woede oor iets wat hy as ’n aanval op sy selfbeeld beskou.[19] ’n Voorbeeld hiervan is Ben se heftige reaksie toe daar berig is dat hy ’n posmeester in La Mesa, Nieu-Mexiko geword het. Narsiste het ook **onredelike en onrealistiese verwagtinge** om op ’n sekere manier behandel te word en is buitensporig kwaad wanneer dit nie gebeur nie. Ben se teleurstelling en woede toe hy nie ná die Anglo-Boereoorlog deur die drie Boeregeneraals op hul Europese fondsinsamelingstoer saamgenooi is nie, is een van talle voorbeelde hiervan. Die insig het by hom ontbreek dat hy nie ’n redelike verwagting kon hê om saam te gaan nie, aangesien die toer gereël is toe hy nog ’n krygsgevangene was en hy in elk geval by genl. Botha onder verdenking was. Dieselfde geld sy onrealistiese verwagting dat die Transvaalse kroonkolonieregering hom ná die oorlog ’n staatspos of finansiële ondersteuning vir ’n koerant sou gee. Toe dit nie gebeur nie, was sy woede fel en het dit hom ook die regverdiging gegee om geld by die Transvaalse kroonkolonieregering te leen sonder enige voorneme om dit ooit terug te betaal.

’n Narsis is geneig om kennisse te maak en vriendskappe aan te knoop om sy of haar **eie belange te bevorder**. Ben se lidmaatskap van talle Vrymesselaarslosies en plaaslike organisasies, sy verbygaande vriendskappe met mense soos Eugène Marais en Joe van Gelder, sy flikflooiery by belangrike figure soos lord Alfred Milner in Suid-Afrika, Joseph Chamberlain in Brittanje, Francisco Madero in Mexiko, pres. Teddy Roosevelt en verskeie goewerneurs in Nieu-Mexiko, en die magnate genl. Harrison Otis Gray en Harry Chandler in Kalifornië, dui op iets meer berekend as die blote behoefte om kennisse en vriende te maak. Narsiste het ook ’n opsigtelike **gebrek aan empatie**. In Ben se geval het hy sy vrou en drie jong kinders in Suid-Afrika agtergelaat en nie teruggekyk nie. In sy gepubliseerde werke en onderhoude daarna het hy nooit weer na hulle verwys nie en die indruk by lesers gewek dat hy as ’n vrygesel met geen familiebande nie in die VSA aangekom het. Alhoewel sy oudste seun jare later by hom in die VSA aangesluit het, het hy sy ander twee kinders nooit weer gesien nie. Sy dogter het hy nie as sy eie erken nie en haar bestaan geïgnoreer, iets wat langdurige sielkundige letsels by haar gelaat het. By narsiste is ook dikwels **afguns teenoor ander** te bespeur.

[19] ‘Narcissistic rage and narcissistic injury’, Wikipedia (geraadpleeg op 1 Maart 2018).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie eienskap van Ben het by tye oop en bloot te voorskyn gekom, byvoorbeeld in sy neerhalende uitsprake ná die oorlog oor sy medegeneraals. Genl. De Wet was volgens hom 'n "newspaper general", terwyl genl. Botha kwansuis deur Britse eerbewyse en geld omgekoop is om die Geallieerdes in die Eerste Wêreldoorlog te steun, bo en behalwe dat hy volgens Ben maar 'n swak bevelvoerder in die veldtog teen die Duitsers in Duitswes-Afrika was.[20] Narsiste vertoon ook dikwels 'n **arrogante, hooghartige houding of gedrag**. Dit is dan opmerklik dat Ben se Krugersdorpse skrywersvriend Douglas Blackburn hom deur die oë van sy fiktiewe karakter Sarel Erasmus tydens die oorlog as juis so beskryf het: "Ben was a proud and haughty man, and puffed up with pride in that he had been raised from lowliness to greatness in a small space, and certain that he was better fitted to command the Boer forces that 'Slim' Piet Joubert.[21]

Om met narsistiese persoonlikheidsversteuring gediagnoseer te word, moet ten minste vyf van die nege gedragspatrone wat *DSM-5* uiteensit by 'n persoon bespeur kan word.[22] Ben se opsigtelike en deurlopende persoonlikheidskenmerke voldoen op die oog af aan sewe van dié gedragspatrone. Uiteraard is sulke waarnemings natuurlik subjektief, en soos telkemale in howe gesien word verskil selfs sielkundiges dikwels in hul diagnose van dieselfde persoon. In Ben se lewe was daar egter een voorval van moontlike narsistiese woede wat verdere kommentaar regverdig, omrede dit die koers van sy lewe verander het. Dit was toe hy om die een of ander rede ná die oorlog begin glo het dat sy dogter Minnie deur 'n ander man by Lenie verwek is. So 'n vermoede sal sekerlik vir die meeste mans 'n skok wees, maar vir 'n grandiose of grootse narsis, iets wat Ben moontlik was, is dit veel erger. Terwyl so 'n narsis dit as sy of haar reg ag om buite-egtelike verhoudings aan te knoop, soos Ben wel gedoen het, is hy of sy besonder jaloers en besitlik op sy of haar maat.[23] In die geval van 'n narsistiese man wie se vrou dan so 'n verhouding aanknoop of aandui dat sy hom wil verlaat, word sy selfbeeld as viriele en onweerstaanbare man geweldig aangetas. Reeds voor die oorlog het Ben 'n man wat hy vermoed het 'n verhouding met Lenie gehad het in 'n lokval gelei en hom erg aangerand. En toe hy ná die oorlog oortuig geraak het dat sy dogter Minnie 'n ander man se kind is, het hy summier Lenie en al sy kinders verlaat. Hy het Lenie egter nie net fisies verlaat nie, maar haar en Minnie se bestaan in alles geïgnoreer wat hy hierna

[20] *The Times,* 17 Oktober 1902; *Los Angeles Times,* 15 Augustus 1915.
[21] D. Blackburn, *A Burgher Quixote* (Edinburgh: Blackwood, 1903), 33.
[22] *DSM-5*, 669.
[23] R. Rust, *Ek! Ek! Ek! Herken en hanteer narsiste* (Pretoria: Lapa Uitgewers, 2016), 27.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oor sy lewe vertel en geskryf het – sy vernedering was net te pynlik om hulle te erken. ’n Leidende psigoanalis het hierdie tipe narsistiese woede soos volg beskryf:

> It is an attempt by the narcissist to turn from a passive sense of victimization to an active role in giving pain to others, while at the same time attempting to rebuild their own (actually false) sense of self-worth. It may also involve self-protection and preservation, with rage serving to restore a sense of safety and power by destroying that which had threatened the narcissist. [24]

Ben se daaropvolgende verhouding met die hoogs ongeskikte (uit die oogpunt van sy Suid-Afrikaanse politieke ambisies) verhoogkunstenares May Belfort was onbesonne en moontlik gedryf deur ’n narsistiese drang om sy selfbeeld as viriele man te herstel. May se bekendmaking van hul sogenaamde verlowing was waarskynlik ook die belangrikste rede hoekom hy besluit het om ’n nuwe begin in Amerika te maak en nooit weer na Suid-Afrika teruggekeer het nie. Hierdie skandaal het enige drome wat hy van ’n politieke loopbaan in Suid-Afrika gehad het, finaal gekelder. Indien hy na Suid-Afrika sou teruggekeer het, sou hy hom ook aan die onvleiende kommentaar van sy volksgenote moes blootstel, iets wat vir die uiters sensitiewe Ben ’n ondraaglike vooruitsig moes gewees het.

Volgens psigoanalitiese teorie word narsiste se innerlike lewe deur ’n gevoel van onegtheid, skaamte, afguns en leegheid gekenmerk, waarvoor hulle in die uiterlike lewe met selfregverdiging, trots, ydelheid en meerderwaardigheid kompenseer.[25] Sou mens aanvaar dat Ben ’n narsis was, en dus van die voorgenoemde innerlike gevoelens (of sekere daarvan) ervaar het, lê die oorsprong van sy narsisme waarskynlik in sy jeug. Sy beskeie en relatief arm agtergrond, sy karige formele opvoeding, die lae sosiale status van sy familie in teenstelling met die ouer en meer gevestigde Boerefamilies in die ZAR, asook die meer welgestelde professionele en kapitalistiese klasse op die Witwatersrand, kon moontlik ’n sielkundige letsel op ’n intelligente en ontvanklike jong gemoed gelaat het. ’n Diagnose van narsisme is dus nie ’n veroordeling nie; dit verdien eerder empatie. Die argument kan ook gevoer word dat talle leiers in

[24] ‘Narcissistic rage and narcissistic injury’, Wikipedia (geraadpleeg op 1 Maart 2018). Hierdie aanhaling kom volgens die Wikipedia inskrywing uit H. Kohut, *Thoughts on narcissism and narcissistic rage. In the search for the self* (New, York, International Universities Press, 1972), Vol. 2, 615–658.

[25] McWilliams, *Psychoanalytic diagnosis*, 238.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uiteenlopende velde narsiste is – dit is juis die drang na ander mense se bewondering en erkenning wat hulle dryf om die hoogste sport te bereik.

Karel Schoeman het oor Ben opgemerk dat "Die geheelindruk wat hy maak, is glad, blink, opportunisties, alhoewel mens hom miskien hiermee veronreg, want vanselfsprekend moes hy gebruik maak van die kanse wat hom gebied is".[26] Dit is inderdaad so. As 'n buitestaander in uiteenlopende gemeenskappe moes Ben oorleef – die luukse van idealistiese keuses was nie altyd vir hom beskikbaar nie. En sy lewensloop en prestasies dwing bewondering af. Sy opgang in die ZAR ná sy aankoms as 'n arm 18-jarige trekboerseun uit Temboeland was merkwaardig. Hy het sy beperkte skoolonderrig te bowe gekom deur privaatlesse te neem en wyd te lees, en het in sy twintigerjare twee suksesvolle koerante in Krugersdorp geloods. Binne 14 jaar ná sy aankoms het hy gestyg van 'n gewone polisieman tot 'n gesiene volksraadslid en veggeneraal. Ná die oorlog het talle onderhoudende boeke en artikels uit sy pen verskyn, en hy het groot projekte aangepak. Hoeveel ander Boere van sy era en met sy agtergrond sou in die VSA en Mexiko kon vermag wat hy het? In vreemde omgewings waar hy geen kontakte gehad het nie, het hy binne enkele jare die vertroue van magnate, politici, goewerneurs, revolusionêre leiers en presidente gewen. Hoeveel ander Boeregeneraals sou bereid gewees het om die werk van 'n Yaqui vredeskommissaris te onderneem, in 'n vreemde land met 'n taal wat hulle nie verstaan het nie, en dit boonop in die wurggreep van 'n aftakelende siekte? Ben het ook die meeste lede van sy groot familie na Amerika gebring en op vreemde bodem het hulle sonder enige staatshulp oorleef en vooruitgeboer. Bykans al hierdie emigrante se afstammelinge woon meer as 'n eeu later steeds in die VSA. Die aweregse Ben Viljoen het dus op die ou end sy jeugdige ambisie vervul – hy het sy merk op die geskiedenis gelaat.

[26] K. Schoeman. *Imperiale somer: Suid-Afrika tussen oorlog en unie 1902-1910* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2015), 52.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# BRONNELYS

## A. ARGIVALE VERSAMELINGS

### 1. Suid-Afrika

#### Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB)

**Aanwinste**

A371, S.P. Engelbrecht.
A787, Gustav Preller.
A788, kmdt. G.M. van Dam.
A1063, W.J. Viljoen.
W2, Adv. de Wet.

**Archives of the Central Judicial Commission, Transvaal (CJC)** (1902)

CJC Vol. 808.

**Archives of the Colonial Secretary, Transvaal (CS)** (1902-1903)

CS Vols. 1080, 1231.

**Archives of the Colonial Treasurer, Transvaal (CT)** (1903-1906)

CT Vol. 277.

**Archives of the High Commissioner for South Africa (HC)** (1902)

HC Vols. 68, 91, 98.

**Argief van die Krugersdorp Delwerye** (1898)

Vol. 85.

**Archives of the Legal Assistant to the Military Governor, Johannesburg (LAJ)** (1900)

LAJ Vol. 1.

**Archives of the Private Secretary of the Governor (GOV)** (1902-1903, 1908)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

GOV Vols. 586, 587, 1180.

**Archives of the Provost Marshal at the Army Headquarters (PMO)** (1902)

PMO Vol. 53.

**Archives of the Secretary of Mines, Transvaal (MM)** (1903)

MM Vol. 37.

**Argief van die Staatsprokureur van die Zuid-Afrikaansche Republiek (SP)** (1894, 1896, 1898)

SP Vols. 167, 190, 238.

**Argief van die Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek (SS)** (1891-1893, 1895-1896, 1898)

SS Vols. 0, 3023, 3211, 4064, 7525.

**Archives of the Witwatersrand High Court, Transvaal (WLD)** (1904-1905)

WLD vol. 5/45/590.

**Colonial Office Records (CO)** (1900-1902)

(Fotokopieë van oorspronklike dokumente, The National Archives, Londen.)
Oorspronklike reeksnommer: CO 291.
Fotokopie reeksnommer: FK Vols. 990, 998, 1031, 1900.

**Dr. W.J. Leyds-argief** (1900-1902)

Leyds-argief Vols. 389, 390, 434, 511, 513-515, 754.

**Dr. W.J. Leyds-huisargief** (1903-1906)

Leyds-huisargief Vol. 3.

**Lord Roberts Papers** (1900)

(Fotokopieë van oorspronklike dokumente, The National Archives, Londen.)
Fotokopie reeksnommer: FK Vol. 1900.

**Office of the Sheriff of the Transvaal (TPD)** (1905)

TPD Vol. 78.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Supreme Court of the Transvaal (ZTPD)** (1908)

ZTPD Vol. 8/868/695/1908..

**Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria (SAB)**

**Privaat sekretaris van genl. L. Botha (MEM)** (1910, 1912)

MEM Vols. 1/1, 1/2 en 1/7.

**Elliot openbare biblioteek**

Versameling van historiese materiaal oor Elliot en omgewing.

**Harold Strange Library of African Studies, Johannesburg**

Program van South African Boer War Exhibition. (1904)

**Krugersdorp openbare biblioteek**

Ben Viljoen-pamfletversameling. (1902, 1916)

**Mthatha Akteskantoor**

Register van aktes: Folios 45-49. (1885-1892)

**NG Kerk in SA Argief, Stellenbosch (NGKSA)**

Doopregister Lady Grey gemeente. (1854-1876)
Doopregisters Maclean (later Komga) gemeente. (1852-1939)
Lidmaatskapregisters Maclean (later Komga) gemeente. (1860-1909)
Lidmaatsregister Umtata gemeente. (Ongedateerd).

**NG Kerk Moedergemeente Robertson kerkkantoor**

Doopregisters. (1854-1876; 1876-1899)
Huweliksregisters. (1854-1864; 1878-1895)

**Robertson Museum**

Historiese kaarte-versameling. (1880)

**Universiteit van Kaapstad, Hoofbiblioteek, Spesiale versamelings (UCT)**

British Parliament Command Papers. (1899-1900)

**Universiteit van KwaZulu-Natal, Killie Campbell Africa Library (UZKN)**

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

E.G. Malherbe Collection. (1904)

**Universiteit Stellenbosch, J.S. Gericke biblioteek, Spesiale versamelings (US)**

D.F. Malan-versameling. (1902)

**Zandvliet wynlandgoed, Ashton**

Historiese uitstalling.

## 2. Brittanje

**The National Archives, Londen (TNA)**

**Colonial Office Records (CO)** (1903)

CO Vol. 291.

**Foreign Office Records (FO)** (1902-1903)

FO Vols. 2/812-814, 2/621.

**Public Records Office (PRO)** (1902)

PRO Vol. 30/57/22.

**War Office Records (WO)** (1901-1902)

WO Vols. 32-33, 108.

**National Army Museum Templer Study Centre, Londen**

Roberts Papers. (1902)

**Surrey History Centre, Woking**

Earls of Onslow Family Records. (1902)

**University of Birmingham, Cadbury Research Library Special Collections**

Joseph Chamberlain Collection. (1902)

**University of Oxford, Bodleian Library.**

Milner Papers. (1902-1903)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## 3. Nederland

### Nationaal Archief, Den Haag

**W.J. Leyds-archief** (1902-1903)

Collectie 097: Vols. 39-40.

## 4. Mexiko

### Archivo General de la Nacion, Mexikostad (AGN)
*(Nasionale argief)*

| | |
|---|---|
| Fondo Francisco I. Madero: | Houers 21, 29, 64, 65, 72, 76, 79, 99. (1911-1912) |
| Fondo Manuel G. Ramirez: | Vols. 62, 64. (1911-1912) |

### Archivo Historico del Gobierno del Estado de Sonora, Hermosillo, Mexiko (AHGES)
*(Historiese argief van die regering van Sonora staat)*

Fondo Francisco I. Madero: Telegramme. (1911)

### Archivo Historico 'Genaro Estrada', Secretaria de Relaciones Exteriores, Mexikostad (AHGE)

*(Historiese argief van sekretariaat van buitelandse sake)*

Fondo Revolucion Mexicana. (1912)

### Biblioteca Nacional de Mexico, Mexikostad (BNM)
*(Nasionale biblioteek)*

| | |
|---|---|
| Fondo Francisco I. Madero: | Versamelings M/116, M/235, M/380. (1911) |
| Archivos y Manuscritos: | Versamelings M/T 2020, M/T 2186, M/T 2202. (1911) |

### Instituto Nacional de Estudios de las Revoluciones de Mexico, Mexikostad
*(Nasionale instituut vir navorsing oor die Mexikaanse revolusie)*

Mexico-Historia-Revolucion Mexicana: Dokumentleêr 64066. (Ongedateerd)

### Secretaria de Hacienda y Credito Publico, Mexikostad (SCHP)
*(Sekretariaat van die ministerie van finansies)*

Dokumente: 26691-26696, 26703-26707, 26722-26723, 26727 – 26729, 26736-26740, 26743, 26746- 26748, 26750, 26752-26754, 26756, 26767, 26769, 26772, 26776-26779. (1911-1912).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## 5. VSA

### National Archives and Records Administration, Washington (NARA)

**Record Group 59** (1912)

Department of State Records.

**Mikrofilm publikasie M1085 (Record Group 65)**

Investigative Reports of the Bureau of Investigation 1908-1922. (1914-1917)

### National Archives, Riverside

**Record Group 21** (1915-1917)

Records of District Courts of the US. US District Court for the Central District of California (Los Angeles), Criminal Case Files, 1907-1998.

### Archives of the American Board of Commissioners for Foreign Missions, Houghton Library, Harvard

Correspondence: Mikrofilm rol 731 (1903-1905)

### Charles, E. Young Research Library, University of California, Los Angeles

T. Perceval Gerson Papers. (1915)

### The Claremont College, Honnold/Mudd Library, Special Collection, Claremont

José Maria Maytorena Papers. (1911, 1915)

### County Clerk Office, Las Cruces

Tax Assessment Rolls Chamberino. (1907, 1911-1913, 1916)
Probate Files. (1917-1918).

### El Paso County Historical Society

Photo Collection. (1900-1917).

### El Paso Public Library, Border Heritage Centre

Otis. A. Aultman Photo collection. (1900-1917)

### Huntington Library, Los Angeles

*Los Angeles Times* records: Harris Gray Otis Personal Papers. (1915)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Library of Congress Manuscript Division, Washington**

Theodore Roosevelt Digital Library. (1901, 1904)

**Missouri Historical Society, St. Louis (MHS)**

CFG Meyer Family Papers. (1915, 1953)

**Missouri Secretary of State, St. Louis**

Corporation Division records. (1904)

**New Mexico Secretary of State Office, Santa Fe**

Company Incorporation Records. (1907)

**New Mexico State Records Center & Archives, Santa Fe, Nieu-Mexiko (NMSRCA)**

**State Archives of New Mexico**

Governor William J. Mills Papers. (1910-1912)
Governor William C. McDonald Papers. (1912-1916)

**Territorial Archives of New Mexico**

Governor George Curry 1907-1910 Executive appointments. (1908)
Records of the Adjudant General of the Territory. (1908)
Governor George Curry Papers. (1909-1910)

**New Mexico State University, Rio Grande Historical Collections, Las Cruces**

**Rio Grande Historical Collections**

Herbert B. Holt Papers. (1917)
Newspaper microfilm library. (1905-1917)

**Seaver Center for Western History Research, Natural History Museum of Los Angeles County**

Company Incorporation Records. (1915)

**Sierra Madre Public Library, Los Angeles**

Sierra Madre Archive. (1907, 1915-1917)
*Sierra Madre News* microfilms. (1915-1917)

**The State Historical Society of St. Louis, St. Louis**

South African Boer War Exhibition Company. (1904)

**Superior Court of California, County of Los Angeles Archives**

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Superior Court Case B28898. (1915-1916)

**University of California, San Diego**

Baja California Government Documents Collection. (1914)

**University of Texas at El Paso**

C.L. Sonnichsen Special Collections Department, Southwest and Border Studies Collection. (1905-1915)

**U.S. Citizenship and Immigration Services, Washington**

Genealogy Program, Citizenship records. (1908)

**Vrymesselaarlosies**

Aztec Lodge no. 3, Las Cruces, membership records. (1908)
El Paso Lodge no. 130, El Paso, membership records. (1908)
Scottish Rite, El Paso, membership records. (1907-1908)
Scottish Rite, Santa Fe, membership records. (1907-1909)

**Yale University, Beinecke Library**

Marshall Bond Papers. (1902, 1916)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# B. PRIVAATVERSAMELINGS

**Barbara Fonseca-versameling (BF-Versameling)**

Ben Viljoen familiedokumente en foto's in besit van Barbara Fonseca woonagtig te Pacific Grove, Kalifornië, VSA. Fonseca is 'n kleindogter van Ben Viljoen deur sy oudste seun Wynand Eugène.

**Benjamin Johannis Viljoen III-versameling (BJV-versameling)**

Ben Viljoen familiedokumente en foto's in besit van Benjamin Johannis Viljoen III woonagtig te Fallon, Nevada, VSA. Viljoen is 'n agterkleinseun van Ben Viljoen deur sy oudste seun Wynand Eugène.

**Dr. A. van Dyk-versameling**

Dokumentasie en foto's insake Ben Viljoen in besit van die privaatversamelaar dr. Arnold van Dyk woonagtig te Bloemfontein.

**Eleanor Mego-versameling (EM-versameling)**

Ben Viljoen familiedokumente en foto's in besit van Eleanor Mego, woonagtig te Roodepoort. Mego is 'n agterkleindogter van Ben Viljoen deur sy jongste seun Silvanus.

**Jeanine Viljoen-versameling (JV-versameling)**

Ben Viljoen familiedokumente en foto's in besit van Michelle Bottaro woonagtig te Santa Rosa, Kalifornië, VSA. Bottaro is 'n agterkleindogter van Ben Viljoen deur sy oudste seun Wynand Eugène. Hierdie materiaal is bekom van haar afgestorwe moeder Jeanine, dogter van Wynand Eugène.

**Morten Kriek-versameling**

Korrespondensie van Ben Viljoen in besit van die privaatversamelaar Morten Kriek woonagtig te Nederland.

**Nicol Stassen-versameling**

Dokumentasie en foto's in besit van die uitgewer Nicol Stassen woonagtig te Pretoria.

**Prof. A. Offenburger-versameling**

Ben Viljoen en Willem Snyman familiedokumente en foto's in besit van prof. Andrew Offenburger van Miami University, Oxford, Ohio, VSA. Hierdie materiaal is grotendeels bekom van Joann Ganoe, 'n kleindogter van Mimmie van Dyk, die oudste suster van Ben Viljoen, asook 'n kleindogter van Gert Snyman, broer van Willem Snyman.

**Wesley Wiseman-versameling (WW-versameling)**

Ben Viljoen familiedokumente en foto's in besit van Wesley Wiseman woonagtig te Oos-Londen. Wiseman is 'n agterkleinseun van Ben Viljoen deur sy dogter Minnie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# C. STAATSPUBLIKASIES

## 1. Zuid-Afrikaansche Republiek

Wet no. 5, 1890, *De Locale Wetten en Volksraadbesluiten der Zuid-Afr. Republiek*, Staatsdrukkerij van de Z.A. Republiek, Pretoria, 1894.
*Staatscourant der Z.A. Republiek*, 28 Oktober 1896
*Staatscourant der Z.A. Republiek*, 2 Junie 1897.
*ZAR Groenboek*, nr. 1, 1896,
*ZAR Groenboek*, nr. 17, 1899
'Zuid-Afrikaansche Republiek 1896 Begrooting', *Staatscourant der Z.A. Republiek*, 28 Oktober 1896.
'Zuid-Afrikaansche Republiek 1899 Begrooting', *Bijvoegsel tot de Staatscourant van Woensdag, 26 April 1899*.

## 2. Brittanje

*Parliamentary Papers published by Command of the Government.*

Cd 43. *Further correspondence relating to affairs in South Africa*, Januarie 1900.
Cd 261. *Further correspondence relating to affairs in South Africa*, Julie 1900

## 3. Mexiko

*Anales de la Legislacion Federal* (Mexikaanse staatskoerant), 5 Januarie 1904.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## D. KOERANTE EN TYDGENOOTLIKE TYDSKRIFTE

*Aberdeen Journal,* 1902-1903.
*Adventure,* 1916-1917.
*Africa,* 1937.
*Albuquerque Citizen,* 1905.
*Albuquerque Morning Journal,* 1910-1911.
*Algemeen Handelsblad,* 1900, 1917.
*Arizona Daily Star,* 1912-1915.
*Arizona Republic,* 1914.
*The Arizona Republican,* 1908, 1911.
*Arnhemsche Courant,* 1916.
*Atlanta Constitution,* 1903, 1905.
*Bataviaasch Nieuwsblad,* 1900.
*Belem News* (Nieu-Mexiko), 1915.
*Bisbee Daily Review* (Arizona), 1903, 1908.
*Boston Daily Globe,* 1904, 1910, 1915.
*Boston Evening Transcript,* 1901.
*Die Brandwag,* 1917.
*The Bristol Mercury,* 1900.
*The Brooklyn Daily Eagle,* 1901-1902.
*California Outlook,* 1914.
*The Cape Times,* 1902, 1904.
*The Cape Argus,* 1904.
*The Century Illustrated Monthly Magazine,* 1905.
*Chicago American,* 1905.
*Chicago Chronicle,* 1905.
*Chicago Daily News,* 1905.
*Chicago Daily Tribune,* 1902.
*Chicago Evening Post,* 1905.
*Chicago Examiner,* 1911, 1914.
*Chicago Record Herald,* 1905.
*Chicago Tribune,* 1905.
*Cincinnati Enquirer,* 1905, 1914.
*Coffeyville Daily Journal* (Kansas), 1905.
*Colfax Chronicle* (Louisiana), 1905.
*Collier's Weekly,* 1910.
*The Craftsman*, 2001.
*The Congregationalist and Christian World,* 1905.
*The Country Gentleman,* 1914.
*Cumberland Evening Times,* 1905.
*Daily Signal* (Louisiana), 1903.
*Des Moines News,* 1911.
*El Diario* (Mexiko), 1911.
*Daily Chronicle,* 1902.
*Daily Express,* 1902-1903.
*Daily Mail,* 1899, 1900, 1902-1903, 1917.
*The Daily Telegraph,* 1903, 1917.
*Dundee Evening Telegraph,* 1903.
*Edinburgh Evening News,* 1902-1903.
*El Paso Morning Times,* 1909-1910.
*El Paso Herald,* 1902-1917, 1936.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

*Elyria Reporter* (Ohio), 1905.
*Evening Herald* (Nieu-Mexiko), 1911.
*Evening World* (Alabama), 1905.
*Galveston Daily News,* 1904, 1911.
*De Goede Hoop,* 1903-1905.
*The Guardian,* 1903.
*Harrisburg Daily Independent* (Pennsylvania), 1912.
*Houston Post,* 1904.
*Indianapolis Star,* 1905.
*Inter Ocean* (Illinois), 1905.
*Irish Times*, 1902.
*Jacksonville Daily Journal* (Florida)*,* 1905.
*Krugersdorp Standard,* 1898-1899, 1902-1903, 1917.
*Land en Volk* 1898-1899, 1902-1903, 1905.
*Las Vegas Optic* (Nieu-Mexiko), 1909.
*Lawrence Daily World* (Kansas), 1904.
*Lebanon Daily News* (Pennsylvania), 1902.
*Leeuwarder Courant,* 1900.
*Los Angeles Herald,* 1903, 1910, 1915, 1917.
*The Los Angeles Times,* 1902, 1905, 1909, 1914-1917.
*The Los Angeles Times Illustrated Weekly Magazine,* 1916-1917.
*Manchester Guardian,* 1902.
*Mexican Herald,* 1903-1905, 1911-1913.
*Minneapolis Journal,* 1905.
*The Montrose Democrat,* 1902.
*Nevada State Journal,* 1908.
*New York Herald,* 1903.
*The New York Times,* 1900-1905, 1911-1912, 1915-1917.
*New York Tribune,* 1902-1903, 1905.
*Nieuwe Rotterdamsche Courant,* 1903.
*Het Nieuws van den Dag,* 1903.
*Nottingham Evening Post,* 1903, 1905.
*El Nuevo Mexicano* (Nieu-Mexiko)*,* 1908.
*Oakland Tribune,* 1905.
*The Oasis* (Arizona), 1912.
*The Observer* (Australië), 1904.
*Otago Witness* (Nieu-Seeland), 1903.
*Pittsburgh Press,* 1903.
*Pittsburgh Post Gazette,* 1916.
*Pittston Gazette* (Pennsylvania), 1900.
*La Prensa* (Texas), 1936.
*Provinciale Overijsselsche en Zwolsche Courant*, 1902.
*Public Ledger* (Kentucky), 1905.
*Rand Daily Mail,* 1903, 1905, 1917.
*Red Bluff News* (Kalifornië), 1914.
*The Republic* (Indiana), 1912.
*Richmond Planet* (Virginia), 1905.
*Rio Grande Republican,* 1907-1910, 1912, 1915-1916.
*The Sandusky Star Journal* (Ohio)*,* 1901, 1905.
*San Francisco Call,* 1904-1905.
*San Francisco Chronicle,* 1902-1903, 1906.
*Santa Ana Register,* 1915.
*Sausalito News,* 1911.
*The Scotsman,* 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

*Sheffield Daily Telegraph,* 1903.
*Sierra Madre News,* 1915, 1917.
*South Africa,* 1902-1905.
*The Standard & Diggers' News,* 1899-1900.
*Staunton Spectator and Vindicator* (Virginia), 1905.
*St. Helena Guardian,* 1902.
*St. Louis Post-Dispatch,* 1904-1905, 1917.
*St. Louis Republic,* 1900, 1903-1905
*The Sentinel* (Krugersdorp)*,*1896.
*The Sun* (New York) 1903, 1905.
*The Sun* (Kalifornië), 1906.
*Tägliche Rundschau,* 1902-1903.
*De Telegraaf,* 1900, 1902.
*Tilburgsche Courant,* 1902.
*The Times,* 1902- 1903, 1917.
*Times-Democrat* (Louisiana), 1905.
*The Topeka Daily Capital (Kansas),* 1904.
*The Transvaal Leader,* 1902-1903, 1905.
*The Transvaal Sentinel,* 1896.
*The Tufts College Graduate* (Massachusetts), 1904.
*Het Volk* (Nederland)*,* 1902.
*De Volksstem,* 1903.
*De Volkstem,* 1915, 1917.
*De Voortrekker,* 1898.
*The Washington Post,* 1904, 1912.
*The Washington Times,* 1905.
*Watchman and Southron* (Suid-Carolina), 1905.
*Wichita Daily Eagle* (Kansas), 1905.
*Wilmington Morning Star* (Noord-Carolina), 1905.
*De Zuid-Afrikaan,* 1902.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# E. BOEKE


Ackroyd, P., *The last testament of Oscar Wilde* (London: Hamish Hamilton, 1983).

Alarcón, L., *José María Maytorena: Una Biografía Política* (Ciudad de México: Universidad Iberoamericana, 2008).

American Psychiatric Association, *Diagnostic and statistical manual of mental disorders* (5th ed.) (Arlington, Virginia: American Psychiatric Publishing, 2013).

Amery, L.S., *The Times history of the war in South Africa*, *Volume V* (London: Sampson Low, Marston and Company, Ltd, 1907).

Anoniem, *Men of the times: Pioneers of the Transvaal and glimpses of South Africa* (Johannesburg: Transvaal Publishing Company, 1905).

Anoniem, *South African Who's Who 1908* (Durban: South African Who's Who Publishing Company, 1908).

Atkin, R., *Revolution! Mexico 1910-1920* (New York: The John Day Company, 1970).

Belich, J., *Replenishing the earth: The settler revolution and the rise of the Anglo-World, 1783 - 1939* (Oxford: Oxford University Press, 2009).

Bergh, J.S. and Visagie, J.C., *The Eastern Cape frontier zone 1660-1980: A cartographic guide to historical research* (Durban: Butterworths, 1985).

Beyers, C.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* Vol IV (Durban en Pretoria: Butterworth & Kie, 1981).

Blackburn, D., *A Burgher Quixote* (Edinburgh: Blackwood, 1903).

Blood, B., *Four score years and ten: Sir Bindon Blood's reminiscences* (London: G. Bell and Sons Ltd, 1933).

Bond, M., *Gold Hunter* (Albuquerque: The University of New Mexico Press, 1969).

Bonelli, W.G., *Billion Dollar Blackjack* (Los Angeles: Civic Research Press, 1954).

Bossenbroek, M., *Die Boereoorlog* (Johannesburg: Jacana Media, 2014).

Breytenbach, J.H., *Die Tweede Vryheidsoorlog II: Ontplooing van die Boereoffensief Oktober 1899* (Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1949).

____, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902: Deel III* (Pretoria: Die Staatsdrukker, 1973).

____, (red.) *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1949).

Buel, J.W., *Louisiana and the Fair: An exposition of the world its people and their achievements.* (St. Louis: World's Progress Publishing Co, 1904).

Bush, I.J., *Gringo Doctor* (Caldwell, Idaho: Caxton Printers, 1939).

Caddell, W.W. and Blackburn, D., *Secret service in South Africa* (London: Cassel and Company Limited, 1911).

Changuion, L., *Uncle Sam, Oom Paul en John Bull: Amerika en die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2001).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Coetzee, C., *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (Kaapstad: Queillerie-Uitgewers, 1998).

Cooper, A.A., *The Freemasons of South Africa* (Cape Town: Human & Rousseau, 1986).

Cumberland, C.C., *Mexican Revolution: Genesis under Madero* (Austin: University of Texas Press, 1952).

Curry, G., *George Curry 1861-1947: An autobiography* (Albuquerque: University of New Mexico Press, 1965).

Curtis, S., *Colored memories: A biographer's quest for the elusive Lester A. Walton* (Columbia: University of Missouri Press, 2008).

Cuthbertson, G., Grundlingh, A. and Suttie, M. (eds.), *Writing a Wider War* (Athens: Ohio University Press, 2002).

Davies, W.L., *Trooper and trader: Being the reminiscences of W.l. ("Jeff") Davies of early days in the Transkei.* (Alice: Alice Times, Seymour & Peddie Gazette, 1929).

Davitt, M., *The Boer fight for freedom* (New York & London: Funk & Wagnalls Company, 1902).

De Klerk, W. en Coetzer, P., *Krugersdorp 100 Jaar/Years* (Krugersdorp: Stadsraad van Krugersdorp, 1987).

De Kock, M.H., *Selected subjects in the economic history of South Africa* (Cape Town: Juta & Co, 1924).

Denoon, D., *A Grand illusion: The failure of imperial policy in the Transvaal colony during the period of reconstruction 1900-1905* (London: Longman, 1973).

De Wet, C. en Van Heyningen, E. (reds), *Seleksies uit die briewe van President M.T. Steyn, 1904-1910* (Kaapstad: Van Riebeeck-Vereniging, 2017).

Dommisse, E., *Sir David Pieter de Villiers Graaf: die erfridder van De Grendel* (Kaapstad: Tafelberg, 2001).

Du Plessis, I., *Ned. Geref. Kerk Ashton: Kwarteeufees gedenkboek: 1949-1974* (Suid Afrika: s.n.).

Du Toit, B.M., *Boer settlers in the Southwest* (El Paso: Texas Western Press, 1995).

Dwyer, P., *Napoleon: The path to power* (Yale: Yale University Press, 2008).

Francis, D.R., *The universal Exposition of 1904* (St. Louis: Louisiana Purchase Exposition Company, 1913).

Freches, C. and J., *Toulouse-Lautrec: Painter of the night* (London: Thames & Hudson, 1994).

Frey, J., *Toulouse-Lautrec: A Life* (New York: Viking, 1994).

Froes, T., *Expelled from the Randt* (Johannesburg: W.M. Taylor, 1899).

Garibaldi, G., *A toast to rebellion* (New York: The Garden City Publishing Co., Inc., 1937).

Gilbert, J., *Whose fair? Experience, memory, and the history of the great St. Louis Exposition* (Chicago & London: The University of Chicago Press, 2009).

Giliomee, H., *The Afrikaners: Biography of a people* (Cape Town: Tafelberg, 2003).

Grenier, J.A., 'Harry Chandler', *Dictionary of American Biography, Supplement 3: 1941-1944* (New York: Scribner's, 1973).

Grundlingh, A., *Die "Hendsoppers" en "Joiners": Die rasionaal en verskynsel van verraad* (Pretoria: Protea Boekhuis, 1999).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Guzman, M.L., *Memoirs of Pancho Villa* (Austin: University of Texas Press, 1965).

Hancock, W.K.; *Smuts: The sanguine years 1870-1919* (Cambridge, England: Cambridge University Press, 1962).

Hanson, L. and Hanson, E., *The tragic life of Toulouse-Lautrec* (New York: Secker & Warburg, 1956).

Harris, C.H. and Sadler, L.R., *The secret war in El Paso - Mexican revolutionary intrigue, 1906-1920* (Albuquerque: University of New Mexico Press, 2009).

Hassell, J.A and Hiley, A.R., *The mobile Boer: Being the record of the observations of two burgher officers* (New York: The Grafton Press, 1902).

Hilton, J.F., *Official Program Anglo-Boer War Historical Libretto* (St. Louis: Jensen Print Co, 1904).

Hollenbach, C.A., *Briewe uit die Boereoorlog* (Johannesburg: Driefontein Publikasies, 1999).

Holt, J., *Congressional insurgents and the party system: 1909-1916* (Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press, 1967).

Hugo, M.J, 'Die Stemreg-Vraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek' in *Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1947* (Kaapstad: Cape Times, 1947).

Hunner, J., *The Mesilla valley: An oasis in the desert* (Santa Fe: Sunstone Press, 2008).

Hyde, L., *Trickster makes this world: Mischief, myth, and art* (New York: Farrar, Strauss and Giroux, 2010).

Hyslop, J., *J.T. Bain - a Scottish rebel in colonial South Africa* (Johannesburg: Jacana, 2004).

Jardine, D., *The mad Mullah of Somaliland* (London: Herbert Jenkins Limited, 1923).

Jeppe, C., *The kaleidoscopic Transvaal* (Cape Town: J.C. Juta and Co, 1906).

Jones, J.D.F., *Storyteller: The many lives of Laurens van der Post* (London: John Murray, 2001).

Kalley, J.A.; *The Transkei region of Southern Africa 1877-1978 – an annotated bibliography* (Boston: G.K. Hall & Co, c.1980).

Kannemeyer, J.C., *JM Coetzee: 'n geskryfde lewe* (Johannesburg: Jonathan Ball, 2012).

Keleher, W.A., *Memoirs: Episodes in New Mexico history 1892-1969* (Santa Fe: Sunstone Press, 2008).

Kemp, J.C.G., *Vir vryheid en vir reg* (Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1941).

Koorts, L., *DF Malan en die opkoms van Afrikaner-Nasionalisme* (Kaapstad: Tafelberg, 2014).

Krause, L.E., *The war memoirs of Commandant Ludwig Krause, 1899-1900*, 2nd ser., no. 26 (Cape Town: Van Riebeeck Society, 1996).

Kritzinger, P.H en R.D. McDonald, *In die skaduwee van die dood* (Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth: Nasionale Pers Beperk, 1939).

Krüger, D.W. *Die Krugermiljoene* (Johannesburg: Perskor-Uitgewery, 1979).

Kuitenbrouwer, V., *War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African War (1899-1902)* (Amsterdam: Amsterdam University Press, 2012).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lewsen, P., *John X. Merriman: Paradoxical South African statesman* (New Haven, Conn: Yale University Press, 1982).

Leyds, W.J., *Vierde Verzameling (Correspondentie 1900-1902)* ('s Gravenhage: Geuze, 1934).

Loots, S.; *Sirkusboere* (Kaapstad: Tafelberg, 2011).

Mackey, A.G., *An encyclopedia of freemasonry and its kindred sciences*, vol. II (New York & London: The Masonic History Company, 1916).

Malan, J., *Die Boere-Offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (Pretoria: J.P. van der Walt, 1990).

____, *Die Malan-Gedenkboek* (Pretoria: Voortrekkerpers, 1951).

Marais, J.S., *The fall of Kruger's republic* (Oxford: Clarendon Press, 1961).

Marks, S. and Atmore, A. (eds.), *Economy and society in pre-industrial South Africa* (London: Longman, 1980).

Martin, P.F., *Mexico of the XXth century*, vol. II (Londen: Edward Arnold, 1907).

Mason, J.O., *Pilgrim's Rest and the Anglo-Boer War 1899-1902* (Pilgrim's Rest: Self publication, 2014).

McCracken, D.P., *Macbride's Brigade: Irish commandos in the Anglo-Boer War* (Dublin: Four Courts Press, 1999).

McFie, M.E., *A History of the Mesilla valley, 1903* (Las Cruces: Yucca Tree Press, 1999).

McWilliams, N., *Psychoanalytic diagnosis: Understanding personality structure in the clinical process* (New York: The Guilford Press, 2011).

Meed, D.V., *Soldier of fortune: Adventuring in Latin America and Mexico with Emil Lewis Holmdahl.* (Houston: Halcyon Press Ltd, 2003).

Meijer, J.W., *Generaal Ben Viljoen, 1868-1917* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2000).

Meintjes, J., *General Louis Botha: A biography* (London: Cassel & Company Ltd, 1970).

Muller, C.H., *Oorlogsherinneringe* (Kaapstad, Bloemfontein & Pretoria: Nasionale Pers Beperk, 1936).

Muller, H.P.N., *Door het land van Columbus* (Haarlem: De Erven F. Bohn, 1905).

Nathan, M., *Not heaven itself: An autobiography* (Durban: The Knox Publishing Company, 1944).

Odendal, F.F. en Gouws, R.H., *HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Kaapstad: Pearson Education, 2005).

Olivier, P.L. en Geldenhuys, N., *Ons gemeentelike feesalbum: 'n Oorsig van die ontstaan en groei van gemeentes van die Gefed. Ned. Geref. Kerke met geleentheid van die Van Riebeeck-fees, 1952* (Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, 1952).

Omissi, D. and Thompson, A.S. (eds.), *The impact of the South African War* (Basingstoke: Palgrave, 2002).

Pakenham, T., *The Boer War* (Cape Town: Jonathan Ball Publishers, 1982).

Phillips, A., *Becoming Freud: The making of a psychoanalyst* (Yale: Yale University Press, 2014).

Potgieter, H.L., *The Transkei and its places* (Umtata: Transkei Publications, 1960).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Pretorius, F., *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad: Struik, 1998).

____, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad & Johannesburg: Human & Rousseau, 1991).

Renders, H. and De Haan, B. (eds.),, *Theoretical discussions of biography: Approaches from history, microhistory, and life writing* (Lewiston, New York: The Edwin Mellen Press, 2013).

Ridley, J., *The Freemasons* (Londen: Constable & Robinson, 2000).

Rivero, A., *Hacia la Verdad: Episodios de la Revolución* (Ciudad de México: Compañia Editôra Nacional, 1911).

Rompel, F., *Heroes of the Boer War* (London: Review of Reviews, 1903).

Ross, S.R., *Francisco Madero: Apostle of Mexican democracy* (New York: Colombia University Press, 1955).

Rothmann, M.E., *Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde, 1900-1901* (Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1947).

Rousseau, L., *Die groot verlange: die verhaal van Eugène N. Marais* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2005).

Rust, R., *Ek! Ek! Ek! Herken en hanteer narsiste* (Pretoria: Lapa Uitgewers, 2016).

Rydell, R.W. and Gwinn, N. (eds.), *Fair representations: Worlds' fairs and the modern world* (Amsterdam: VU University Press, 1994).

Schiel, A., *23 Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika* (Leipzig: F.A. Brockhaus, 1902).

Schikkerling, R.W., *Commando courageous: A Boer's diary* (Johannesburg: Hugh Keartland Publishers, 1964).

Schoeman, K. *Imperiale somer: Suid-Afrika tussen oorlog en unie 1902-1910* (Pretoria: Protea Boekhuis, 2015).

____, *Op reis na die Kaapkolonie 1897-98* (Ongepubliseerde manuskrip, Nicol Stassen versameling).

Shorten, J.R., *The Johannesburg saga* (Johannesburg: John R. Shorten (Pty) Ltd, 1970).

Spies, F.J. du T., *'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat: Uit die nagelate papiere van Dr. Hendrik P.N. Muller, oud-konsul-generaal van die Oranje-Vrystaat.* (Amsterdam: Swets & Zeitlinger, 1946).

Stals, E.L.P. (red.), *Afrikaners in die Goudstad, Deel 1, 1886-1924* (Pretoria: HAUM, 1978).

Stanford, W., *The reminiscences of Sir Walter Stanford, 1850-1885* (Cape Town: The Van Riebeeck Society, 1958).

Steyn, J.; *Elliot 1885-1985* (Elliot: Elliot Eeufeeskomitee, 1985).

Strydom, C.J.S., (samesteller). *Afrikaners in die vreemde* (Kaapstad: Tafelberg, 1976).

Stout, J.A., *Schemers and dreamers: Filibustering in Mexico, 1848-1921* (Fort Worth: Texas Christian University Press, 2002).

Theal, G.M., *History of South Africa since September 1795*, Vol V (London: Swan Sonneschein & Co, 1908).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Torlage, G. and Watt, S., *A guide to the Anglo-Boer War sites of Kwazulu-Natal* (Pinetown: 30 South Publishers (Pty) Ltd, 2014).

Tromp, A.H., *Robertson, 1853-1933* (Robertson: Die Eeufeeskomitee van Robertson, 1953).

Van der Merwe, C., *Donker Stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Tafelberg, 2015).

Van der Merwe, F., *Die Boere-Sirkus van St. Louis (1904)* (Stellenbosch: FJG Publikasies, 2012).

Van Niekerk, L.E., *Kruger se regterhand: 'n Biografie van Dr. W.J. Leyds* (Pretoria: J.L. van Schaik, 1985).

Van Onselen, C., *The Cowboy Capitalist: John Hays Hammond, the American West & the Jameson Raid* (Johannesburg & Cape Town: Johanathan Ball Publishers, 2017).

____, *New Babylon New Nineveh: Everyday life on the Witwatersrand 1886-1914* (Johannesburg & Cape Town: Jonathan Ball Publishers, 2001).

Van Warmelo, D., *On commando* (London: Methuen & Co, 1902).

Viljoen, B.J., *An exiled general* (St. Louis: A. Noble Printing Company, 1906).

____, *Cronje and the Boers: Historical review of the Boer people and life of General Cronje* (St. Louis: Con P. Curran Printing Co., 1904).

____, *Danie* (Amsterdam: EM. Querido, 1916)

____, *De rebellie van 1895-96 in de Z. Afrikaansche Republiek* (Krugersdorp: Ons Volk, 1896).

____, (vert. A. Schowalter), *Die Transvaaler im krieg mit England* (München: Lehmann, 1902).

____, *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-oorlog* (Amsterdam: W. Versluys, 1902).

____, *My reminiscences of the Anglo-Boer War* (Kaapstad: C. Struik (Pty) Ltd, 1973).

____, *Under the Vierkleur - Romance of a lost cause* (Boston: Small, Maynard & Company, 1904).

Viljoen, H.C., *Viljoen-Gedenkboek* (Stellenbosch: Viljoen-Familiebond, 1977).

____, *Viljoen Familieregister* (Franschhoek: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, 2012).

Wessels, E., *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Centurion: Kraal Uitgewers, 2010).

Zack, M., *Seeking the better life in Sierra Madre* (Los Angeles: Sierra Madre Historical Preservation Society, 2009).

Zinn, C., en Maeder, G.A., *Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en Leeraren* (Kaapstad: Ons Kerkalbum Maatschappij Bpkt, 1917).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# F. ARTIKELS

## Akademiese artikels


Blaisdell, L.L., 'Harry Chandler and Mexican border intrigue, 1914-1917', *Pacific Historical Review*, 35/4, 1966.

Chamberlin, E.K., 'Mexican colonization versus American interests in Lower California', *Pacific Historical Review*, 20/1, 1951.

Coghlan, M.S., 'God en die Mauser: Ben Viljoen - Die vergete Boeregeneraal', *Military History Journal*, 9/2, 1992.

Deeds, S.M., 'Jose Maria Maytorena and the Mexican revolution in Sonora (Part 1)', *Arizona and the West*, 18/1, 1976.

____, 'Jose Maria Maytorena and the Mexican revolution in Sonora (Part 2)', *Arizona and the West,* 18/2, 1976.

Du Toit, B.M., 'A Boer settlement that was never settled: Tamaulipas, Mexico', *Historia*, 49/1, 2004.

Fernandez, F., 'Felix Martinez: Southwestern renaissance man', *Borderlands*, 28, 2010.

Gon, P., 'The last frontier war', *Military History Journal*, 5/6, 1982.

Gray, S., 'Douglas Blackburn: Journalist into novelist (1857-1929)', *English in Africa*, 5/1, 1978.

____, 'Keeping the records straight: The literary afterlife of three Boer generals', *Literator*, 35/1, 2014.

Grundlingh, A., 'Sielkunde vir die historikus: Praktiese moontlikheid of idealistiese wensdenkery?', *Historia*, 27/2, 1982.

Holden, W.C., 'Studies of the Yaqui Indians of Sonora, Mexico', *Texas Technological College Bulletin*, XII/1, 1936.

Maluy, D.C., 'Boer colonization in the Southwest', *New Mexico Historical Review*, LII/2, 1977.

McLeod, A.J, ''n Psigo-biografiese studie van Generaal J.H. de la Rey en sy ervaring van die Anglo-Boereoorlog', *Historia,* 50/2, 2005.

Mouton, F.A., ' "The good, the bad and the ugly": Professional historians and the political biography of South African parliamentary politics, 1910 – 1990', *Journal for Contemporary History.* (University of the Free State, Vol. 36, No. 1, June 2011).

Offenburger, A., 'A Boer colony in Mexico, 1902-1905', *Bulletin of the National Library of South Africa*, 69/1, 2015.

____, 'Cultural imperialism and the romanticized frontier: From South Africa and Great Britain to New Mexico's Mesilla Valley', *Amerikastudien/American Studies,* 54/4, 2014).

____,'When the West turned South: Making home lands in revolutionary Sonora', *Western Historical Quarterly*, 2014.

Redding, S, 'Sorcery and sovereignity: Taxation, witchcraft, and political symbols in the 1880 Transkeian rebellion', *Journal of South African Studies*, 22/22, 1996.

Retief, J.J., 'Die ontwikkeling van die rangstruktuur van die Boerekommando's, Deel 2: 1834-1902', *Military History Journal*, 9/5, 1994.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Rubin, J.S., 'Review of Dumenil, L., Freemasonry and American culture, 1880-1930, Princeton: Princeton University Press, 1984.', *The American Historical Review*, 90/5, 1985.

Saks, D., 'The Jameson Raid: A failed dress rehearsal for the Anglo Boer War', *Military History Journal*, 12/5 (2003).

Sardica, J.M. 'The content and form of "conventional" historical biography', *Rethinking History: The Journal of Theory and Practice*, 17/3 (2013).

Stein, D.K., '"Out of Africa" - an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 1)', *New Mexico Genealogist*, 43/1, 2004.

____, '"Out of Africa" - an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 2)', *New Mexico Genealogist*, 43/3, 2004.

____, '"Out of Africa" - an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 3)', *New Mexico Genealogist*, 43/4, 2004.

____, '"Out of Africa" - an Africa to New Mexico connection: Another look at the Boers (Part 4)', *New Mexico Genealogist*, 44/1, 2005.

Sutton, J., '"Transvaal Spectacles": South African visions at the 1904 St. Louis World's Fair', *Safundi: The Journal of South African and American Studies*, 8/3, 2007.

Taylor Hansen, L.D., 'Benjamin J. Viljoen y la pacificación de Los Yaquis, 1911-12' in Universidad de Sonora (red.), *XXI Simposia de Historia y Antropologia de Sonora: Memoria: Sonora y la región,* 1996.

____, 'La colonizacion Boer en Chihuahua y el suroeste de Estados Unidos, 1903-1917', *Historia Mexicana*, 12/2, 2002.

____, 'The Magonista revolt in Baja California', *The Journal of San Diego History*, 45/1, 1999.

____, 'The great adventure: Mercenaries in the Mexican revolution, 1910-1915', *The Americas*, 43/1, 1986.

____, 'The border as a zone of conflict: Foreign volunteers in the Mexican revolution and the issue of American neutrality, 1910-1912', *Journal of Borderlands Studies*, 20/1, 2005.

____, 'The Mexican revolution and the Boer War as military struggles: Points of convergence and divergence (Ongepubliseerde artikel in lêer 64066 (klassifikasie AV/4893) in Instituto Nacional de Estudios de las Revoluciones de Mexico, Mexikostad), ongedateer.

Theron, B., 'Remembering the Anglo-Boer War', *Kleio,* 33/2001.

Van Coller, H.P., 'Diskursiewe patrone in *Brandwaterkom* van Alexander Strachan', *Tydskrif vir Letterkunde*, 53/1, 2016.

Van der Merwe, J.J., 'Vrymesselary voor die aanvang van die Suid-Afrikaanse oorlog', *Litnet* (http://www.litnet.co.za/vrymesselary-voor-die-aanvang-van-die-suid-afrikaanse-oorlog. Geraadpleeg op 8 Desember 2016).

Velasco, M.C., 'Indicios par descrifar la trayectoria politica de Esteban Cantú', *Historia Mexicana*, 59/3, 2010.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## Populêre artikels en ongepubliseerde stukke


Aguilar, A. P 'El Coronel Esteban Cantú en el Distrito Norte de Baja California, 1911-1920' (https://sites.google.com/site/dhirebajacfa/home/personajes/estebanCantú/elcoronelestebanCantúeneldistritonortedebajacalifornia1911-1920. Geraadpleeg op 22 Augustus 2017).

Anoniem, 'Boere-Viljoens tuis in Amerika', *Suid-Afrikaanse Panorama*, November 1961.

Anoniem, 'The Boer War show at St. Louis', *South Africa*, 3 Desember 1904.

Anoniem, 'South Africa at St. Louis', *South Africa*, 22 Oktober 1904.

Anoniem, 'Viljoen and his Boers in New Mexico', *Collier's Weekly*, 45, 1910.

Eaton, J.D., 'The Boer colony in Mexico: An interesting Christian settlement and its bearing on the future', *The Congregationalist and Christian World,* 90/48, 1905.

Honeij, J.A., 'Boers in Mexico', *The Tufts College Graduate,* II/1 (1904), 1-3.

Krüger, D.W.,'Boere-generaal maak revolusie in vreemde land', *Die Huisgenoot*, 25 Januarie 1974.

Lewis, A., 'Vivid story of the battle of Juárez', *New York Times*, 21 Mei 1911.

McCallum, G.L., 'A history of Newcastle – Natal – and District', 2014. (https://grahamlesliemccallum.wordpress.com/2014/04/26/newcastle-natal. Geraadpleeg op 20 November 2016.)

Morris, M., 'Boer general's brave new world', *The Argus*, 30 November 1994.

Nierstrasz, P.A., 'Generaal Ben Viljoen' (Ongepubliseerde lewenskets in TAB, Leyds huisargief, vol. 3), c.1903-1906.

____, 'Viljoen ein Abrünniger', *Tägliche Rundschau*, 10 Desember 1902.

Preller, G., 'Met God en die Mauser', *Die Brandwag*, 20 Januarie 1917.

Schowalter, A., 'General Ben Viljoen', *Tägliche Rundschau*, 4 Maart 1903.

Timmons, W.H.,'Taft-Díaz Meeting' in *Handbook of Texas Online* (http://www.tshaonline.org/handbook/online/articles/mgt09. Geraadpleeg op 26 Augustus 2017).

Tossel, F.D.W., 'Put up your hands! Stirring days in early Krugersdorp', *Africa*, September 1937.

Viljoen, B.J, 'Exciting events of days before the Boer war', *Los Angeles Times Illustrated Weekly Magazine*, 16 Oktober 1915.

____, 'A gringo's romance, c.1916' (Unpublished short story in BJV-versameling), c1916.

____, 'Indians will confer with Government', *Arizona Republican*, 14 Desember 1911.

____, 'In Memoriam, Obituary written by BJV for his father Wynand Johannes Viljoen' (Ongepubliseerde stuk in BF-versameling), c.1914.

____, 'In the days of my youth: Chapters of an autobiography', *Otago Witness* (Dunedin, Nieu-Seeland), 28 Januarie 1903.

____, 'Irrigation in the Mesilla valley', *Rio Grande Republican*, 30 Mei 1908.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

____, 'On Napoleon's Rock: Experiences of a Boer general on St. Helena' (Ongepubliseerde artikel in BF-versameling), c.1916.

____, 'A paroled Boer general on St. Helena', *Los Angeles Times Illustrated Weekly Magazine*, 26 Februarie 1916.

____, 'Old Rock Lodge No. 912: St. Helena and Napoleon', *El Paso Morning Times*, 18 Julie 1909.

____, 'Pathos and humor of war-time', *Adventure*, Desember 1916.

____, 'Red days in Africa', *Adventure*, November 1917.

____, 'South African reminiscences', *El Paso Morning Times,* 55 aflewerings vanaf 7 Februarie 1909 tot 27 Februarie 1910.)

____, 'The story of a piebald horse', *Los Angeles Times Illustrated Weekly Magazine*, 13 November 1915.

____, 'Tribe at war for a century', *Los Angeles Times Illustrated Weekly Magazine*, 13 Februarie 1916.

Viljoen, H.C., 'Die lewe en werk van Benjamin Johannes Viljoen gedurende die periode 1890-1900' (Ongepubliseerde artikel, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Aanwinsnommer 078761), 1989.

Viljoen, J.C., 'Amerikaanse Afrikaners', *Die Huisgenoot*, 25 Junie 1948.

____, 'Boereseuns in die verskillende Amerikaanse krygsmagte', *Kommando*, Augustus 1961.

____, 'Door den Anglo-Boer Oorlog met het Johannnesburg-Commando', *De Goede Hoop*, maandelikse artikels van Oktober 1903 tot Augustus 1905, met uitsondering van Maart 1904 en April 1905.

Viljoen, W.J. en Viljoen, J.C., 'Die ervarings van Kmdt. Wynand J. Viljoen, van die Johannesburg Kommando, deur die Boer Oorlog, deur homself vertel' (Ongepubliseerde stuk in TAB, A1063, W.J. Viljoen, 'Oorlogsherinneringe'), 1955.

Vincent, R.W., 'Mexico today and tomorrow: An outline of her present earning power and future possibilities of her railroad systems' (New York: The New York News Bureau Association, 1906).

Vorster, M., 'Frederick de Witt Tossel – Krugersdorp se "ingevoerde" polisiehoof'', *Servamus*, November 1986.

West, L., 'Boer methods in New Mexico: How a Transvaal colony has found freedom and prosperity', *The Country Gentleman*, 1914.

Williams, T.C. 'A brief description of the life of Christiaan Andries Viljoen' (Ongepubliseerde stuk in prof. A. Offenburger-versameling, Miami Universiteit, Oxford, Ohio, VSA), 1976.

Stellenbosch University  https://scholar.sun.ac.za

## G. TESISSE

Dugmore, C.F., 'The making of Krugersdorp, 1887-1923' (Phd-tesis, Universiteit van die Witwatersrand, 2004).

Esterhuizen, S.J., 'Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese Republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie, 1900-1910' (DPhil-tesis, Universiteit van Pretoria, 1966).

Kamffer, H.J.G., 'Om een scherpe oog in't ziel te houden: Die geheime diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek' (DPhil-tesis, Potchefstroomse Universiteit, 1999).

Korf, L., 'D.F. Malan: a political biography' (DPhil-tesis, Universiteit Stellenbosch, 2010).

McLeod, A.J., 'The psychological impact of guerilla warfare on the Boer forces during the Anglo-Boer War (DPhil-tesis, Universiteit van Pretoria, 2004).

Roos, J.C., 'Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Oktober 1899 - Mei 1900' (DLitt-tesis, Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat, 1949).

Schutte, M.A., 'Die geskiedenis van Krugersdorp, 1887-1900' (MA-tesis, Potchefstroomse Universiteit, 1976).

Shearing, H.A., 'The Cape rebel of the South African War' (DPhil-tesis, Universiteit Stellenbosch, 2004).

Van Coller, H.P., 'Generaal P.A. Cronje. 'n Lewenskets' (DPhil-tesis, Universiteit van Pretoria, 1945).

## H. INTERNETBRONNE

| | |
|---|---|
| Ancestry | https://www.ancestry.com |
| British Concentration Camps of the South African War 1900-1902 | http://www2.lib.uct.ac.za/mss/bccd |
| Find my past | https://www.findmypast.com |
| Fold3 – Historical Military Records | https://www.fold3.com |